-6 138 717 42
U.O.V.S. BIBLIOTEEK

University Free State
34300000487136
Universiteit Vrystaat

22
01
at
1

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

Die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

Margaretha Jacoba Magdalena du Plessis

Voorgelê om te voldoen aan
die vereistes vir die graad
Philosphiae Doctor
in die Fakulteit Geesteswetenskappe
(Departement Maatskaplike Werk)
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

November 2000

Promotor:
Dr S B Ferreira

opgedra aan die
mense van Philippolis

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad *Philosphiae Doctor* aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

GETEKEN: MJM. du Plessis DATUM: 12/3/2001.

DANKBETUIGINGS

Dit is vir my 'n voorreg om die volgende persone te bedank:

- My promotor, dr Sandra Ferreira, vir haar bekwame studieleiding. Die toewyding waarmee sy dié taak verrig het, was vir my tot groot inspirasie. Dit was vir my 'n voorreg om met haar saam te werk.

- Professor Daan Botha wat tot met sy aftrede as my promotor opgetree het. Hy het oor die verloop van twee dekades 'n beduidende bydrae tot my akademiese loopbaan gemaak.

- My kollegas by die werk wat op verskeie wyses ondersteuning verleen het. Hulle voortdurende aanmoediging, belangstelling en lojaliteit word hoog waardeer.

- Mev Kobie Gouws, vir kundige en keurige taalversorging. Haar belangstelling en ondersteuning word opreg waardeer.

- Mej Rina Coetzee, vir die kreatiewe wyse waarop sy die grafiese kuns gedoen het. Haar voortdurende hulp en ondersteuning met die finale druk van die proefskrif word hoog waardeer.

- Mej Martie van Graan, vir die tegniese versorging van die proefskrif.

- Al die gemeenskapslede van Philippolis wat aan die navorsing deelgeneem het en die empiriese verloop van die studie uitvoerbaar gemaak het. Hulle positiewe samewerking was motiverend en het op waardevolle wyse bygedra tot die uitvoering van die navorsing.

- My familie en vriende, vir hulle konstante belangstelling, hulp en ondersteuning.

Lof en dank aan ons Hemelse Vader vir sy onbeskryflike liefde, genade en krag waarsonder ek nie die studie sou kon voltooi nie. ***IN DEO SAPIENTAE LUX.***

Retha du Plessis
November 2000

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1

ORIËNTERENDE INLEIDING 1

1.1 KEUSE VAN DIE ONDERWERP 2

1.2 UITGANGSPUNTE WAT DIE STUDIE TEN GRONDSLAG LÊ 4

1.3 DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAE 5

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE 6
1.4.1 Doelstellings van die studie 6
1.4.2 Doelwitte vir die studie 7

1.5 NAVORSINGSMETODE EN -PROSEDURE 9
1.5.1 Literatuurstudie 9
1.5.2 Empiriese studie 9

1.6 BEGRENSING VAN DIE STUDIE 12

1.7 BEGRIPSOMSKRYWING 13
1.7.1 Bemagtiging 14
1.7.2 Gemeenskap 15
1.7.3 Gemeenskapsontwikkeling 17
1.7.4 Kultuurdiversiteit 21

1.8 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG 23

1.9 SAMEVATTING 25

Hoofstuk 2

GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA: 'N HISTORIESE OORSIG 26

2.1 DIE ONTSTAAN VAN SUID-AFRIKAANSE GEMEENSKAPPE 27
2.1.1 Die seevaarders en die volksplanting aan die Kaap 27
2.1.2 Van Verversingspos tot Landbou-kolonie 28
2.1.3 Koloniste trek die binneland in 29
2.1.4 Die Groot Trek (1834 - 1838) 31
2.1.5 Die ontdekking van goud en diamante 34
2.1.6 Die Vryheidsoorlog van 1899 - 1902 36
2.1.7 Die groot depressie van die dertigerjare 37
2.1.8 Die Tweede Wêreldoorlog 38
2.1.9 Republiekwording en die Nasionale Partybewind, 1948 - 1994 38
2.1.10 Die eerste meerderheidsregering 40

2.2 ENKELE AANTEKENINGE MET BETREKKING TOT DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN PHILIPPOLIS 41

2.3 DIE HISTORIESE VERLOOP VAN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA 43
2.3.1 Gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika: 1652 - 1899 44
2.3.2 Gemeenskapsontwikkeling sedert die Tweede Vryheidsoorlog tot Republiekwording 46
2.3.3 Gemeenskapsontwikkeling in die tydperk 1961 - 1996 48

2.4 SAMEVATTING 52

Hoofstuk 3

DIE KONSTRUKTIWISME 54

3.1 'N OMSKRYWING VAN DIE KONSTRUKTIWISME 55

3.2 TEORIEË TEN GRONDSLAG VAN DIE KONSTRUKTIWISME 56
3.2.1 Maturana se struktuurdeterminisme 57
3.2.1.1 Lewende sisteme is struktuurbepalend ("structured determined") 57
3.2.1.2 Lewende sisteme is geslote vir inligting van buite ("organizationally closed") 59
3.2.1.3 Die verhouding tussen 'n struktuurbepalende sisteem en die milieu waarin dit bestaan ("structural coupling") 60
3.2.1.4 Elke lewende sisteem dryf "doelloos" voort totdat hy disintegreer 61
3.2.1.5 Mense is waarnemende sisteme 62
3.2.1.6 Geen objektiewe heelal of wêreld word waargeneem nie 62

3.2.2 Kelly se persoonlikheidskonstrukte-teorie 63
3.2.2.1 Konstruktiewe-alternatiwisme 64
3.2.2.2 Die persoonlikheidskonstrukte-teorie 64
3.2.2.3 Implikasie van Kelly se teorie 65

3.2.3 Die radikaal-konstruktiwisme 67
3.2.3.1 Omskrywing van radikaal-konstruktiwisme 68
3.2.3.2 Kernidees van die radikaal-konstruktiwisme 69

3.2.4 Die sosiaal-konstruksionisme of sosiale konstrukteteorie 75
3.2.4.1 Die verskil tussen die konstruktiwisme en die sosiaal-konstruksionisme 75
3.2.4.2 Die konteks waarin werklikheidskepping plaasvind 76
3.2.4.3 Die wyse waarop werklikheidskepping en betekenisgewing plaasvind 78
3.2.4.4 Implikasies van die sosiale konstrukteteorie 80

3.3 DIE KONSTRUKTIWISME EN MAATSKAPLIKE WERK 81
3.3.1 Die mens konstrueer sy eie werklikhede 81
3.3.2 Daar bestaan geen objektiewe werklikheid nie 85
3.3.3 Meting en diagnose 86
3.3.4 Die hulpverlener bring nie verandering nie 88

3.4 SAMEVATTING 93

Hoofstuk 4

UITGANGSPUNTE TEN GRONDSLAG VAN DIE NARRATIEWE WERKSWYSE 95

4.1 'N OMSKRYWING VAN NARRATIEWE TERAPIE 97

4.2 DIE KONSEPTE NARRATIEF EN STORIE 99
4.2.1 'n Omskrywing van die begrippe narratief en storie 99
4.2.2 Die kenmerke en eienskappe van 'n storie 101
4.2.3 Die ontstaan of oorsprong van stories 105
4.2.4 Die funksies van stories 105

4.3 DIE BEGINSELS, UITGANGSPUNTE EN DOELSTELLINGS TEN GRONDSLAG VAN DIE NARRATIEWE BENADERING; HOOFSAAKLIK VOLGENS WHITE EN EPSTON 108
4.3.1 Uitgangspunte na aanleiding van die post-strukturalisme 108
4.3.1.1 Die soeke na die waarheid ("the will to truth") 109
4.3.1.2 Die hipotese van onderdrukking ("the repressive hypothesis") ... 110
4.3.1.3 Die bevryding van die mens ("emancipation of human nature") .. 111
4.3.1.4 Die invloed van die strukturalisme op terapeutiese praktyke 112
4.3.1.5 Kategorieë van identiteite ("categories of identities") 114
4.3.2 Kultuur 117
4.3.3 Mag 120
4.3.4 Kennis 124
4.3.5 Die verhouding tussen terapeut en kliënt 126
4.3.6 Die terapeutiese gesprek ("conversation") 129
4.3.7 Probleem 131
4.3.8 Beginsels grondliggend aan die narratiewe werkswyse 132
4.3.8.1 Die nie-kundige of nie-ken posisie ("not-knowing") 132
4.3.8.2 Deursigtigheid 133
4.3.8.3 Medewerking of samewerking ("collaboration") 134
4.3.8.4 Rekenskap/verantwoordelikheid ("accountability") 135
4.3.9 Die doel van narrariewe terapie 136

4.4 SAMEVATTING 137

Hoofstuk 5

INTERVENSIES NA AANLEIDING VAN DIE NARRATIEWE WERKSWYSE 139

5.1 DIE AANVANG VAN DIE GESPREK ("CONVERSATION") 140

5.2 DEKONSTRUKSIE VAN DIE STORIE ("STATEMENT OF POSITION MAP") 143
5.2.1 Eksternalisering 145
5.2.1.1 Die gevolge van eksternalisering 146
5.2.1.2 Die implementering van eksternalisering 147

5.3 DIE HERSKRYF VAN STORIES ("RE-AUTHORING CONVERSATIONS") 151
5.3.1 Die bepaling van 'n voorkeur of unieke uitweg/uitkoms ("unique outcome") 152
5.3.2 Maak seker dat die unieke uitweg aanvaarbaar is 154
5.3.3 Uiteensetting van die storie ten opsigte van die feitelike gebeure ("landscape of action") 155
5.3.4 Uiteensetting van die storie ten opsigte van betekenisgewing ("landscape of consciousness") 156
5.3.5 Bring insidente van die verlede in verband met die unieke uitweg/uitkoms.. 158
5.3.6 Plaas die storie van die verlede in die konteks van feitelike gebeure 158
5.3.7 Plaas die storie van die verlede in die konteks van die betekenis wat aan gebeure gegee word 159
5.3.8 Benut vrae om die verlede met die hede te koppel 159
5.3.9 Uitbreiding van die storie na die toekoms 159

5.4 SEREMONIES TER BEVESTIGING VAN 'N NUWE IDENTITEIT ("DEFINITIONAL CEREMONIES") 160
5.4.1 Die doel van die bevestigingseremonies 161
5.4.2 Die waarde en invloed van bevestigingseremonies 161
5.4.3 Vorme of wyses van bevestigingseremonies 163
5.4.3.1 Getuiegroep ("outsider-witness group") 163
5.4.3.2 Benutting van dokumentasie as "definitional ceremony" 176
5.4.3.3 Die benutting van groepe of klubs as getuie 178

5.5 HERINNERINGBESPREKINGS ("RE-MEMBERING CONVERSATIONS") 178
5.5.1 Die effek van herinneringsgesprekke ("re-membering conversation") 179
5.5.2 Die inkleding van die "re-membering" bespreking 180

5.6 DIE TERUGNEEM-AKSIE ("TAKING-IT-BACK PRACTICE") 181

5.7 DIE TOEPASBAARHEID VAN DIE NARRATIEWE WERKSWYSE IN DIE KONTEKS VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-PRAKTYK 184

5.8 SAMEVATTING 187

Hoofstuk 6

DIE STRUKTUUR EN DINAMIKA VAN 'N GEMEENSKAP 189

6.1 DIE STRUKTUUR VAN DIE GEMEENSKAP 189

6.2 DIE GEOGRAFIESE OMGEWING VAN 'N GEMEENSKAP 191

6.3 DIE SOSIALE OMGEWING 192

6.4 DIE OMSKRYWING VAN DIE DINAMIKA VAN 'N GEMEENSKAP 193

6.5 KOMPONENTE VAN DIE DINAMIKA VAN 'N GEMEENSKAP 193
6.5.1 Mag 194
6.5.2 Leierskap 198

6.5.3 Besluitneming 202
6.5.4 Konflik 205
6.5.4.1 Omskrywing van konflik 205
6.5.4.2 Faktore wat konflik in die hand werk 205
6.5.4.3 Verspreiding en verloop van konflik 207
6.5.4.4 Die gevolge en invloed van konflik 208
6.5.5 Kommunikasie 209
6.5.5.1 Omskrywing van kommunikasie 209
6.5.5.2 Wyse hoe kommunikasie in die gemeenskap kan plaasvind 213
6.5.5.3 Die rol en funksie van kommunikasie 214

6.6 SAMEVATTING 215

Hoofstuk 7

'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL WAT VOLGENS DIE NARRATIEWE WERKWYSE ONTWERP IS: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF 217

7.1 BASIESE UITGANGSPUNTE TEN GRONDSLAG VAN DIE ONTWERP VAN 'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL VOLGENS DIE NARRATIEWE WERKSWYSE 218

7.2 DIE BEGINSELS GRONDLIGGEND AAN DIE ONTWERP VAN 'N NARRATIEWE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF 224
7.2.1 Respek 224
7.2.2 Deursigtigheid 225
7.2.3 Selfbeskikking 225
7.2.4 Aanvaarding 226
7.2.5 Uniekheid 227

7.3 DOELSTELLINGS VAN DIE ONTWERP VAN 'N NARRATIEWE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL 228
7.3.1 Bemagtiging ("empowerment") 228
7.3.2 Deelname en eienaarskap 236
7.3.3 Volhoubaarheid of volhoubare ontwikkeling 240
7.3.4 Ontwikkeling van gemeenskapsdialoog 242

7.4 DIE FASES EN IMPLEMENTERING VAN DIE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL: 'N ONTWERP 244
7.4.1 Die betreding van 'n gemeenskap 244
7.4.2 Die uitdrukking van die gemeenskap se werklikheid of narratiewe 249
7.4.3 Eksternalisering van die gemeenskap se narratiewe 252
7.4.4 Die herskryf van die gemeenskap se narratiewe 256
7.4.5 Seremonies ter bevestiging van die nuwe narratiewe van die gemeenskap 259
7.4.6 Herinneringsgesprekke 261
7.4.7 Die terugneempraktyk ("taking-it-back practice") 261

7.5 PRAKTIESE ASPEKTE MET BETREKKING TOT DIE IMPLEMENTERING VAN DIE ONTWERP VAN DIÉ ONTWIKKELINGSMODEL 263

7.6 MOONTLIKE STRUIKELBLOKKE 264

7.7 SAMEVATTING 265

Hoofstuk 8

EMPIRIESE GEGEWENS MET BETREKKING TOT DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL: 'N ONTWERP 267

8.1 DIE SAMESTELLING, STRUKTUUR EN GEOGRAFIESE LIGGING VAN DIE GEMEENSKAP VAN PHILIPPOLIS 268

8.2 DIE PERSOON VAN DIE NAVORSER 277

8.3 LOGISTIEKE FAKTORE 278
8.4 DIE DOEL VAN DEELNEMENDE-AKSIENAVORSING 279
8.4.1 Integrasie tussen navorsing en intervensie 279
8.4.2 Toename in deelnemers 280
8.4.3 Integrasie van wetenskaplike en plaaslike/inheemse kennis 281
8.4.4 Ontwikkeling van nuwe teorie 281
8.4.5 Die daarstelling van 'n voortdurende proses van leer en bemagtiging 281
8.4.6 Ontwikkeling van kennis wat tot aksie lei 282

8.5 VEREISTES GRONDLIGGEND TOT DEELNEMENDE-AKSIENAVORSING 283

8.6 DIE PROSES VAN DEELNEMENDE-AKSIENAVORSING 285
8.6.1 Die betreding van die gemeenskap 287
8.6.2 Storievertelling/eksplorering van die gemeenskap se werklikheid of narratiewe 302
8.6.2.1 Eerste vergadering met gemeenskapslede van Philippolis - 17 Desember 1998 303
8.6.2.2 Werkseminaar te Bergmanshoogte - 16/4/99 305
8.6.2.3 Werkseminaar te Poding-Tse-Rolo - 29 Februarie 2000 310
8.6.2.4 Skoolsessies 314
8.6.2.5 Vergadering van professionele persone - 26 Augustus 1999 316
8.6.2.6 Werksessie met bejaardes in die blanke woongebied - 17 September 1999 318
8.6.2.7 Werksessie met werkloses van Bergmanshoogte - 11 Oktober 1999 319
8.6.2.8 Werksessie met vroue van Bergmanshoogte - 1 Mei 2000 319
8.6.2.9 Plaassessies 323
8.6.2.10 Individuele navorsingsgesprekke 336
8.6.3 Identifisering van belangegroepe 370
8.6.4 Die eksternalisering van dominante stories 372
8.6.4.1 Skoolsessies - hoër skool 372
8.6.4.2 Skoolsessie -laer skool 373

8.6.4.3 Werksessie met werkloses van Bergmanshoogte 375
8.6.5 Die herskryf van stories 376
8.6.5.1 Skoolsessie hoër skool 377
8.6.5.2 Skoolsessie van die laer skool te Bergmanshoogte 380
8.6.5.3 Werkloses..... 380
8.6.6 Aksies 382
8.6.6.1 Projekte van die jeugkomitees 382
8.6.6.2 Aksies van die bejaardes 384
8.6.6.3 Werksaamhede van die kleuterskoolkomitee 386
8.6.6.4 KANSA-groep vir die versorging van terminale siek pasiënte 386
8.6.6.5 Skakeling en bemarking 387
8.6.6.6 Werkskeppingsprojekte 388
8.6.6.7 Opleidingsaksies 392
8.6.6.8 Die aanlê van groentetuine 393
8.6.6.9 Die bouprojek 394

8.7 BEVESTIGINGSEREMONIES 395

8.8 HERINNERINGSGESPREKKE 396

8.9 TERUGNEEM AKSIES 397

8.10 BESPREKING VAN DATA 397
8.10.1 Beskrywing van die gemeenskap 398
8.10.2 Sentrale temas na aanleiding van die storievertelling wat plaasgevind het 398
8.10.2.1 Die verhaal van werkloosheid 399
8.10.2.2 Die opvoeding van kinders 399
8.10 2.3 Die daarstelling en ontwikkeling van geriewe/geriewe 400
8.10.2.4 Die verhaal van drank- en dwelmmisbruik 401
8.10.2.5 Die verhaal van miv-vigs 401
8.10.2.6 Voorkoming van misdaad en die rol van die polisie 402
8.10.2.7 Kerk en godsdiens 402
8.10.2.8 Groter samewerking tussen groepe en die uitbouing van vriendskappe 403
8.10.2.9 Leierskap 403
8.10.2.10 Die verhaal van groter visie 404
8.10.2.11 Versorging van die bejaardes 404
8.10.2.12 Verhaal van veiligheid 404

8.11 SAMEVATTING 404

Hoofstuk 9

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 406

9.1 GEVOLGTREKKINGS 407
9.1.1 Die bydrae van historiese gebeure tot die vorming en dinamika van Suid-Afrikaanse gemeenskappe 408
9.1.2 Die verrekening van historiese gebeure by die betreding van 'n gemeenskap en die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling 409
9.1.3 Historiese tendense met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika 410
9.1.4 Die implikasies van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie vir gemeenskapsontwikkeling 412
9.1.5 Die implikasies van die narratiewe werkswyse vir gemeenskapsontwikkeling 415
9.1.6 Aspekte wat in ag geneem behoort te word tydens die betreding van die gemeenskap 417
9.1.7 Die bydrae van deelnemende-aksienavorsing tot die daarstelling van volhoubare gemeenskapsontwikkeling 420
9.1.8 Die benutting van die narratiewe werkswyse by die implementering van deelnemende-aksienavorsing 421
9.1.9 Die bewerkstelliging van eienaarskap by 'n gemeenskap ten opsigte van sy ontwikkeling 422
9.1.10 Die bereiking van die doelstellings van deelnemende-aksienavorsing 424
9.1.10.1 Integrasie tussen navorsing en intervensie 424
9.1.10.2 Die toename van deelnemers 424
9.1.10.3 Integrasie van wetenskaplike en plaaslike kennis 425
9.1.10.4 Die ontwikkeling van nuwe teorie 425
9.1.10.5 Die daarstelling van 'n voortdurende proses van leer en bemagtiging 425
9.1.10.6 Ontwikkeling van kennis wat tot aksie lei 426
9.1.11 Bereiking van nagestrewe doelstellings 426

9.2 AANBEVELINGS 429
9.2.1 Teorie 429
9.2.2 Praktyk 431
9.2.3 Opleiding 433
9.2.4 Navorsing 434
9.2.5 Beleid 435

9.3 TEN SLOTTE 436

BRONNELYS 437

OPSOMMING 451

SUMMARY 453

KEYWORDS 455

LYS VAN FIGURE, FOTO'S, ILLUSTRASIES, SKETSE EN TABELLE

FIGUUR

3.1 Siklusse proses van interne selfregulerende organisasie (proses van "autopoiesis") 58

3.2 Die proses van werklikheidskepping 72

3.3 Die konteks van werklikheidskepping 77

5.1 Voorbeeld van 'n sertifikaat as 'n "definitional ceremony" 177

8.1 Bevolkingsamestelling van Philippolis 271

8.2 Ouderdomsverspreiding van Philippolis se inwoners 271

8.3 Bevolkingsamestelling van Philippolis met betrekking tot geslagsverspreiding 272

8.4 Kwalifikasies van deelnemers 337

8.5 Segmente van die gemeenskap 338

8.6 Geslagsverspreiding van deelnemers 338

8.7 Ouderdomsverspreiding van deelnemers 339

8.8 Die moedertaal van deelnemers 339

8.9 Die tydperk wat die deelnemers in Philippolis woonagtig is 340

FOTO

8.1 Geografiese omgewing van Philippolis 270

8.2-8.4 Behuising in Philippolis 274

8.5 Oorhandiging van borggelde 293

8.6-8.7 Jeugdag - 2000 383

8.8 Bejaardekomitee 384

8.9 Tradisionele dansers van toerismegroepe 391

8.10 Oorhandiging van sertifikate 392

8.11 Voorbeeld van 'n groentetuin 393

ILLUSTRASIE

8.1 Tipe boerdery 277

SKETS

8.1 Uitleg van Philippolis 269

8.2 Ligging van Philippolis 273

8.3 Ligging van die kliniek 275

8.4 Aaneenlopende skeppingsproses van kennis en aksie 283

8.5 Beroepskategorieë van deelnemers 337

TABEL

4.1a-c Uiteensetting van verskille tussen strukturalistiese en post-strukturalistiese beskrywings 114-116

6.1 Die struktuur van 'n gemeenskap 190

HOOFSTUK 1

ORIËNTERENDE INLEIDING

Alhoewel gemeenskapsontwikkeling deur die dekades heen spontaan en later meer doelgerig plaasgevind het, was dit veral in die laat tagtiger- en negentigerjare van die twintigste eeu dat begrippe soos ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe en al hulle lede, toenemend ter sprake gekom het. In Suid-Afrika het die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) en veral ook die publisering van die *Witskrif vir Maatskaplike Welsyn/White Paper for Social Welfare (1997)*, die noodsaaklikheid en dringendheid van die ontwikkeling van gemeenskappe in die Suid-Afrikaanse samelewing sterk onder die aandag gebring.

Die ANC-regering wat in 1994 aan bewind gekom het, het dit as besondere doelstelling gesien om gelykheid vir almal te skep, onder andere, deur persone in die sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe te bemagtig deur ontwikkeling en en die uitbouing van hulle vermoëns. Hierdie doelstelling vind veral vergestalting in die HOP. (Vgl. African National Congress (ANC), 1994.)

'n Deel van die strategie van die HOP is "..... creating opportunities for all South Africans to develop to their full potential" (ANC, 1994:15). Alle moontlike pogings moet aangewend word om gemeenskappe te ontwikkel en te bemagtig tot selfonderhoudendheid. Alle sektore in die gemeenskap word aangemoedig om aktief by die bemagtigings- en ontwikkelingsproses betrokke te raak, hetsy deur middel van direkte programme wat geloods word, of deur die gee van finansiële ondersteuning aan sodanige programme. Die verskillende welsynsinstansies, insluitend nie-regeringsinstansies (NRIs) en regeringsdepartemente, word redelik sentraal in die ontwikkelingsaksie gesien. Dit lei tot sterk vertoë dat daar 'n paradigmaskuif in die welsynsveld moet plaasvind van terapeuties georiënteerde dienste na ontwikkelingswerk.

Die *White Paper for Social Welfare* wat in 1997 gepubliseer is, maak veral aanspraak op maatskaplike werkers om aktief mee te doen aan die ontwikkelingstrategie. In die

voorwoord van dié beleidsdokument word gestel dat "[i]t is a negotiated policy framework and strategy, and it charts a new path for social welfare in the promotion of national social development." Benewens die breër welsynsektor, is die vakgebied van maatskaplike werk en die professie as sulks, gekonfronteer met 'n duidelike appèl dat groter klem op ontwikkelingsgeoriënteerde maatskaplikewerk-dienslewering gelê moet word. Dít het implikasies vanaf navorsing tot die samestelling van opleidingskurrikula, die skryf van welsynsprogramme en die uiteindelike praktykbeoefening van die professie.

Die groter klem wat in Suid-Afrika op ontwikkeling geplaas word, is in ooreenstemming met 'n groter internasionale tendens wat veral na die Tweede Wêreldoorlog gemanifesteer het. Daar het 'n groeiende belangstelling in ontwikkelingswerk, meestal in Derdewêreldlande, ontstaan (Midgley, 1995:7). Suid-Afrika het gaandeweg deel hiervan begin word. By die "World Summit on Social Development" wat in Mei 1995 te Kopenhagen gehou is, het Suid-Afrika hom verbind tot die bestryding van armoede (Gray, 1996:9).

Hierdie groter klem op ontwikkelingswerk skep 'n behoefte aan navorsing met die oog op die daarstel van vakliteratuur. In die redaksionele inleiding tot *Social Work Practice* se Maart 1996-uitgawe word daar gesê: "Not much has been written on developmental social welfare in South Africa" (Editorial, 1996:1). Volgens Midgley(1995:7) is literatuur ten opsigte van maatskaplike ontwikkeling gefragmenteerd en daar bestaan 'n behoefte "... to define a unique social work approach to social development" (Midgley, 1995:33).

Ten einde op wetenskaplik verantwoordelike wyse te kan deelneem aan ontwikkeling in die breë, maar ook spesifiek gemeenskapsontwikkeling, is dit nodig dat navorsing in maatskaplike werk geloods sal word om teoretiese raamwerke en voortvloeiende modelle te ontwikkel wat as riglyn kan dien vir die praktiese implementering van gemeenskapsontwikkeling.

1.1 KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Daar bestaan 'n behoefte aan teoretiese raamwerke met betrekking tot die gemeenskap en gemeenskapsdinamika in die konteks van gemeenskapsontwikkeling. Midgley(1995:67) noem dan ook dat "[u]nfortunately, social development is not theoretically well developed." Teoretiese raamwerke kan deur omvangryke navorsing ontwikkel word, of

bestaande teorieë kan op die veld van gemeenskapsontwikkeling van toepassing gemaak word. Aangesien 'n gemeenskap se funksionering hoofsaaklik bepaal word deur die optrede van elke individu wat deel vorm van die gemeenskap, behoort teorieë wat gedrag van die individu en kleiner groepe beskryf en verklaar, ter sake te wees met betrekking tot die begryping van 'n gemeenskap se funksionering. Tipiese teorieë wat menslike gedrag verklaar, sou dus op die veld van gemeenskapsontwikkeling van toepassing gemaak kon word.

Die gemeenskapsontwikkelingsmodelle wat Rothmund (1994: 60-78) beskryf, het volgens haar veral ontwikkel na aanleiding van besondere behoeftes wat in 'n bepaalde omgewing en tyd ontstaan het. Dié modelle word nie deurgaans teoreties behoorlik gerugsteun nie. Daar bestaan dus 'n leemte aan gemeenskapsontwikkelingsmodelle wat as strategie voortvloei uit 'n bepaalde paradigma en voorspruitende epistemologie.Voorts is daar ook 'n behoefte dat die strategieë wat na aanleiding van bepaalde epistemologieë ontwikkel is, volledig in praktiese detail beskryf sal word, sodat die praktisyn dit geredelik kan toepas.

Verder noem Wetmore en Theron (1998:33) dat "... "[d]evelopment theories have been dominated by positivism..." en betoog dat sodanige teorieë nie daarvoor voorsiening maak dat gemeenskapslede aktief deelneem aan hulle eie ontwikkeling nie. Strategieë wat voorsiening maak dat gemeenskapslede as die vernaamste kundiges deelneem aan die ontwikkelingsproses, is dus nodig, want "...[t]hey are the ones who create their own social reality and they are thus the ones who can identify it, and through conscientisation, make choices regarding actions to change" (Wetmore & Theron, 1998:35). Daar is dus 'n vraag na gemeenskapsontwikkelingsmodelle wat uit die meer konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie voortspruit.

Schurink (1998 a:10) meen dat gemeenskapsontwikkelingsprojekte in Suid-Afrika dikwels misluk en tot gevolg het dat "...[m]illions of Rands were spent on building structures and developing programmes that were never used by community members and thus became white elephants". Soos Wetmore en Theron (1998) hierbo, betoog sy ook vir 'n werkswyse wat gemeenskapslede aktief by die hele proses van ontwikkeling betrek.

In 'n gemeenskap met soveel kultuurdiversiteit as die Suid-Afrikaanse gemeenskap, verg gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteite 'n teoretiese onderbou wat sodanige verskeidenheid in ag neem. Met ander woorde, 'n werkswyse wat dit vir die maatskaplike werker moontlik maak om in een gemeenskap verskillende kultuurdiversiteite of -verskeidenheid op so 'n wyse te akkommodeer dat geen groepering deur 'n ander oorheers word nie.

In Suid-Afrika met sy dringende vraag na die ontwikkeling van die verskillende gemeenskappe en die hoë kostes daaraan verbonde, bestaan daar 'n behoefte aan deeglike ondersoeke na en die ontwikkeling van benutbare, toepaslike en doeltreffende ontwikkelingsmodelle.

1.2 UITGANGSPUNTE WAT DIE STUDIE TEN GRONDSLAG LÊ

As Christengelowige wat die Bybel beskou as die onfeilbare Woord van God waarin die volmaakte waarheid vervat is, word alle redenasies, denke en uitgangspunte van dié studie hieraan ondergeskik gestel. Aangesien die wêreld van die geeteswetenskappe mank gaan aan strategieë wat direk konseptueel uit Skrifbeskouinge en -denke spruit, en weens die mens se ontoereikendheid om God se Woord volmaak volgens sy heilige bedoeling te kan interpreteer, is die mens uitgelewer aan paradigmas, en voortvloeiende epistemologieë en strategieë wat dus soms selfs ernstig in stryd is met die Bybel. In die lig hiervan en hoewel Van Rensburg (2000:38) dit stel dat "... we can learn and borrow from strategies, although we must reiterate that it is not necessary to accept a conflicting parradigm in order to use its strategies", word aanvaar en erken, dat hierdie studie ook mank gaan aan 'n suiwer Bybelse paradigma, alhoewel daarna gestreef word. Daar word verder ook aanvaar dat so 'n situasie mag lei tot 'n onbevredigende pragmatisme in 'n soeke na 'n ontwikkelingsmodel wat praktiese resultate lewer ter verligting van gemeenskappe, en dus ook individue, se maatskaplike nood.

Teen die agtergrond van genoemde basiese uitgangspunt dien die volgende uitgangspunte as riglyn vir die studie:

- In 'n kultuurdiverse gemeenskap soos Suid-Afrika is die maatskaplike werker en navorser nie die alleenkundige nie, maar die persoon in die situasie en behoort as sodanig gerespekteer te word.

- Weens die kultuurdiversiteit van die gemeenskap waar die navorsing geskied, word aanvaar dat verskillende segmente van die gemeenskap verskillende interpretasies van dieselfde situasie mag nahou. Groepe mag ook verskil ten opsigte van hulle waardes in gegewe situasies en met betrekking tot verskillende aangeleenthede. Dit is dus vanselfsprekend dat die navorser se belewenisse, interpretasies en waardes sterk van dié van die gemeenskap mag verskil, of in sekere opsigte ooreenstem.
- Daar kan nie op objektiwiteit staatgemaak word nie aangesien aanvaar word dat die navorser nie anders kan as om subjektief tot die gemeenskap te staan nie. Die navorser is weens sy eie unieke konstruering van die werklikheid voortdurend besig om aan sy ervaringe in die gemeenskap betekenis te gee vanuit sy eie subjektiewe verwysingsraamwerk. Om te redeneer dat objektiwiteit nagestreef behoort te word, sou impliseer dat eie belewenisse en meegaande subjektiewe ervaringe ontken word. Dit sou die navorser verhef tot 'n volmaakte staat van distansiëring van die mensdom self.
- Tydens die betreding en bestudering van 'n gemeenskap behoort daar altyd in ag geneem te word dat historiese gebeure 'n betekenisvolle invloed op die struktuur en dinamika van die gemeenskap het.
- Die teenwoordigheid van beperkthede en leemtes in die studie word as 'n noodwendigheid aanvaar vanweë die kompleksiteit of ingewikkeldheid van gemeenskappe en gemeenskapsontwikkeling, en die mens se voortdurende soeke na 'n algemeen geldende paradigma met steeds doeltreffender strategieë. Met ander woorde, die onvolmaaktheid van die mens en sy pogings in vergelyking met die volmaaktheid van sy Skepper, laat steeds ruimte vir verdere beredenerings, navorsing en die ontwikkeling van verdere modelle ten einde die nood van gemeenskappe steeds meer bevredigend aan te spreek en sodoende aktief besig te wees met sy skeppingsopdrag om oor die aarde te heers.

1.3 DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN NAVORSINGSVRAE

Die navorsingsprobleem behels die analisering, beskrywing en toepassing van 'n konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie en voortvloeiende narratiewe strategie binne die konteks van maatskaplike werk in 'n kultuurdiverse gemeenskap met die oog op volhoubare gemeenskapsontwikkeling.

Na aanleiding van die navorsingsprobleem word die studie verder deur die volgende navorsingsvrae gerig:

- Op watter wyse het historiese gebeure bygedra tot die vorming en dinamika van Suid-Afrikaanse gemeenskappe?
- Hoe kan hierdie inligting bydra tot die betreding van 'n gemeenskap en die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling?
- Watter hoofmomente kenmerk die historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika en hoe kan dit bydra tot die verdere loodsing van volhoubare ontwikkeling?
- Wat behels die uitgangspunte en konseptuele raamwerk van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie?
- Watter implikasies hou die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie vir maatskaplike werk en spesifiek gemeenskapsontwikkeling in?
- Wat behels die uitgangspunte van die narratiewe strategie en die praktiese toepassing daarvan binne die konteks van maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling?
- Watter aspekte rakende 'n gemeenskap is belangrik om in ag te neem ten einde 'n gemeenskap te betree en gemeenskapsontwikkeling te inisieer?
- Op watter wyse kan deelnemende-aksienavorsing as metode tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling benut word?
- Hoe kan die narratiewe werkswyse benut word om deelnemende-aksienavorsing te implementeer in 'n plattelandse kultuurdiverse gemeenskap?
- Op watter wyse kan 'n plattelandse kultuurdiverse gemeenskap betree word ten einde deelnemende-aksienavorsing en gemeenskapsontwikkeling te implementeer?
- Hoe kan gemeenskapslede by gemeenskapsontwikkeling betrek word sodat hulle eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling aanvaar?

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie het ten doel die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel volgens die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie wat by wyse van die narratiewe strategie, metode of werkswyse die gemeenskap in 'n proses plaas van deelname aan en die bewerkstelliging van hulle eie volhoubare ontwikkeling op alle lewensterreine.

1.4.1 Doelstellings van die studie

Met die oog op die bereiking van bogenoemde doel, word die volgende primêre en sekondêre doelstellings nagestreef.

Primêr word gestreef na,

- die selektering en uiteensetting van konsepte na aanleiding van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie wat as basis kan dien vir 'n strategie vir gemeenskapsontwikkeling;
- 'n uiteensetting van die narratiewe metode met die oog daarop om dit as strategie te benut tydens die implementering van gemeenskapsontwikkeling;
- 'n beskrywing van gemeenskapsdinamika as basis vir die sensitiewe betreding van die gemeenskap;
- die ontwikkeling van werkswyses na aanleiding van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese kennisleer en die narratiewe strategie ten einde die gemeenskap tot aktiewe deelname aan 'n ontwikkelingsproses te stimuleer wat as ontwikkelingsmodel deur maatskaplike werkers in 'n kultuurdiverse plattelandse gemeenskap benut sou kon word;
- die bepaling van die toepasbaarheid van sodanige ontwerp van 'n ontwikkelingsmodel;
- die benutting van deelnemende-aksienavorsing as metode tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling in 'n kultuurdiverse plattelandse gemeenskap.

Op sekondêre vlak word daar gestrewe na,

- die uitbouing van die maatskaplikewerk-professie se kennissisteem ten opsigte van gemeenskapsdinamika en intervensiewyses ten einde ontwikkeling te laat plaasvind vanaf mikro- tot makrovlak;
- die bekendstelling van werkswyses aan opleidingsinstansies, welsynsorganisasies, staatsdepartemente en gemeenskapsontwikkelaars met die oog op die inisiëring van volhoubare gemeenskapsontwikkeling in kultuurdiverse gemeenskappe;
- 'n herbesinning deur dienslewerende welsynsinstansies met betrekking tot die doeltreffendheid van bestaande gemeenskapsontwikkelingsmetodes.

1.4.2 Doelwitte vir die studie

Die volgende doelwitte word deur middel van 'n literatuur- en empiriese studie nagestreef:

- 'n Literatuurstudie word gedoen om,
    - 'n aanvaarbare en bruikbare omskrywing van gemeenskapsontwikkeling te gee;

- die historiese ontwikkeling van die gemeenskapslewe in Suid-Afrika uiteen te sit;
- historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika te skets;
- die moontlike invloed van die konstruktiwisme en konstruksionisme op die maatskaplikewerk-praktyk aan te dui;
- die uitgangspunte en werkswyse van die narratiewe metode uiteen te sit;
- intervensiewyses te bepaal en te beskryf ten opsigte van spesifieke aktiwiteite en vaardighede soos dit deur die maatskaplike werker tydens gemeenskapsontwikkeling benut kan word;
- die struktuur en dinamika van die gemeenskap te beskryf en te bepaal hoe dit in ag geneem behoort te word tydens die implementering van gemeenskapsontwikkeling;
- die invloed van kultuurdiversiteite met betrekking tot gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteite te bepaal en wyses hoe dit verreken kan word, te beskryf;
- die metode van deelnemende-aksienavorsing te verduidelik.

- Empiriese werk word gedoen ten einde 'n gemeenskap aktief aan die navorsingsproses en voortspruitende aksies te laat deelneem. Die empiriese werk geskied volgens die volgende stappe, naamlik:
  - die betreding van 'n plattelandse gemeenskap ten einde soveel lede as moontlik aan die navorsingsaktiwiteite te laat deelneem volgens die proses van deelnemende-aksienavorsing;
  - die voer van gesprekke met verskillende groepe en individuele lede van die gemeenskap volgens die narratiewe metode;
  - werwing van deelnemers se samewerking met die betrokke maatskaplike werkers en gemeenskapleiers van die betrokke gemeenskap om aan gesprekke deel te neem;
  - in samewerking met gemeenskapslede word die verskillende gespreksituasies bewerkstellig;
  - bepaling van besondere behoeftes van die gemeenskap deur middel van gesprekvoering met gemeenskapslede en die fasilitering van moontlike aksies in die verband, in samewerking met die gemeenskapslede;

- dokumentering van die navorsingsproses en gepaardgaande gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteite;
- die finanlisering van die navorsingsverslag.

1.5 NAVORSINGSMETODE EN -PROSEDURE

Die studie geskied na aanleiding van die kwalitatiewe navorsingsmetode en wel volgens deelnemende-aksienavorsing. Weens die verweefdheid tussen deelnemende-aksienavorsing en gemeenskapsontwikkeling, word die intervensie van die totale inisiëring van 'n ontwikkelingsproses gevolglik in 'n mindere of meerdere mate ook beskryf. (Vgl. Schurink, 1998b:405-418.)

1.5.1 Literatuurstudie

Met die literatuurstudie word gepoog om 'n basis te bied vir die empiriese werk. Daar word veral gefokus op temas rakende gemeenskapsontwikkeling teen die agtergrond van 'n konstruktiwistiese en konstruksionistiese raamwerk met die narratiewe metode as strategie waarvolgens gemeenskapsontwikkelingsaktiwiteite gerig kan word. Die temas word sover moontlik geskets ten opsigte van die praktiese implikasies daarvan vir gemeenskapsontwikkeling. Daar word dus nie gepoog om die oorkoepelende filosofiese paradigma te analiseer en te beskryf nie, maar eerder om 'n praktiese benutbare model te ontwikkel wat die empiriese studie kan rig. Die uiteensetting van die konstruktiwisme en konstruksionisme dien dus as epistemologie ten einde die uitgangspunte en werkswyse van die narratiewe metode as ontwikkelingstrategie te begrond. Verder word die narratiewe werkswyse praktties uiteengesit soos wat dit tydens gemeenskapsontwikkeling benut sou kon word. Dit dien verder as basis vir die praktiese uitvoering van deelnemende-aksienavorsing.

1.5.2 Empiriese studie

Na aanleiding van die literatuurstudie word die empiriese studie gerig volgens kwalitatiewe werkswyses en wel volgens deelnemende-aksienavorsing. Met deelnemende-aksienavorsing word daar gepoog om soveel as moontlike gemeenskapslede aan die navorsingsproses te laat deelneem. Op dié wyse word gepoog om belangrike data te bekom met betrekking tot die verdere rig van die gemeenskapsontwikkelingsproses, aangesien deelnemende-aksienavorsing 'n metode tot gemeenskapsontwikkeling vorm. (Vgl.

Schurink, 1998a:10.) Terwyl deelnemende-aksienavorsing plaasvind, word die toepasbaarheid van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel wat op die narratiewe metode gebaseer is, terselfdertyd bepaal, aangesien dié wyse van navorsing ook volgens die narratiewe werkswyse ingeklee word. Die gevolg is dat elemente van intervensienavorsing dus ook in dié opsig na vore kom. (Vgl. De Vos, 1998:384-402.) Met ander woorde deelnemende-aksienavorsing word as't ware die intervensiewyse van gemeenskaps-ontwikkeling.

Volgens die proses van deelnemende-aksienavorsing word daar aanvanklik hoofsaaklik op die betreding van die gemeenskap gefokus (Schurink, 1998b:416). Die betreding van die gemeenskap van Philippolis waar die empiriese studie plaasvind, het alreeds begin toe gemeenskapsleiers 'n versoek tot die navorser gerig het om gemeenskapsontwikkeling in hulle gemeenskap te inisieer. Die verdere betreding van die gemeenskap word gerig op formele en informele vlak. Op formele vlak word vergaderings in samewerking met gemeenskapsleiers georganiseer, waartydens die teenwoordigers enersyds die geleentheid kry om as deelnemers aan die navorsingsproses hulle verhale rakende die gemeenskap te vertel. Andersyds neem hulle ook deel aan die identifisering en werwing van ander belangegroepe of individue in die gemeenskap wat aan die navorsing kan deelneem. Die sneeubalmetode as wyse van steekproeftrekking word benut ten einde 'n groeiende aantal deelnemers te betrek. Afhangende van die grote van die groepe, word hulle na werkseminare genooi waartydens die totale groep deelneem aan 'n interaksiegeleentheid rakende die behoeftes en omstandighede van hulle gemeenskap, asook die bespreking van moontlike aksies wat in die verband geneem kan word. Benewens die meer formele gespreksgeleenthede waaraan gemeenskapslede deelneem, word informele gesprekke met individue of kleiner groepie wat spontaan gebeur, ook benut om die gemeenskap te betree en interaksieprosesse aan die gang te sit wat tot verdere meer formele sessies, kan lei.

Die werwing van deelnemers is 'n proses wat geleidelik ontvou soos wat die verskillende gemeenskapslede daarvoor gereed word. Aanvanklik geskied dit met die hulp van die gemeenskapsleiers en word daar gepoog om so gou as moontlik deelnemers te werf van al die verskillende segmente van die gemeenskap. Deelname behoort spontaan te geskied en daarom mag dit gebeur dat geruime tyd verloop voordat alle moontlike deelnemers aktief tot die proses toe tree. Die totale plattelandse gemeenskap van Philippolis word as

teikenpopulasie gesien. Dit sluit sowel die dorpsgebied as distrik in. Alhoewel daar nie in die bestek van dié studie elke gemeenskapslid as deelnemer gewerf kan word nie vanweë die tydsbeperking, sou dit wel met 'n opvolgstudie gedoen kan word. Die totale teiken-populasie gaan nie vir die doeleindes van die studie deelnemers wees nie, maar elkeen sou volgens die natuurlike verloop van die navorsingsproses wel 'n keuse tot deelname kon hê.

Tydens al die gespreksgeleenthede word die interaksieproses deur die volgende vrae gestimuleer

- Hoe sal jy jou-/julleself aan my beskryf? of wat kan jy/julle vir my van jouself /julleself en jou/julle gemeenskap vertel?
- Wat droom jy/julle vir jou-/julleself en vir jou/julle gemeenskap?
- Hoe meen jy/julle kan die droom bereik word?
- Watter aspekte of faktore kan die bereiking van jou/julle droom voorkom?

Die gesprek wat na aanleiding van bogenoemde vrae volg, word sover moontlik woordeliks of andersins opsommenderwys op 'n blaaibord aangeteken sodat die deelnemers tydens die gesprek kan sien wat gesê is. Tydens opvolggesprekke kan die aantekeninge weer gebruik word. In gesprekke met individue word van 'n aantekeningboek gebruik gemaak om die interaksie aan te teken. In sodanige gevalle word dit van tyd tot tyd tydens die gesprek met die deelnemer gekontroleer ten einde seker te maak dat sy bedoeling korrek neergeskryf is.

In die lig daarvan dat minstens vier verskillende moedertale, naamlik Afrikaans, Engels, Sotho en Xhosa, deur gemeenskapslede gepraat word, word voorsiening gemaak vir persone wat as tolke kan optree. Twee van die vierdejaar maatskaplikewerkstudente wat saam met die navorser in die gemeenskap werksaam is, se moedertaal is onderskeidelik Sotho en Xhosa. Aangesien hulle aan die gemeenskap bekend is vanweë die dienste wat hulle daar lewer en sodoende deel is van die gemeenskapsontwikkelingsinisiatief, word hulle as geskikte tolke beskou.

In die lig daarvan dat deelnemende-aksienavorsing 'n langdurige proses vorm wat oor jare kan strek vanweë die voortspruitende aksies, word daar vir die doeleindes van die studie

gepoog om oor die bestek van twee en twintig maande die navorsing te dokumenteer. Die verdere verloop van die proses sou in 'n opvolgstudie aangeteken kon word.

Die data wat tydens die gespreksgeleenthede versamel word, word uiteengesit deur die inhoud van die gesprekke weer te gee en daarna te bespreek. Die belewenisse van die navorser word ook aangedui. Eie aan die aard van kwalitatiewe navorsing, word die navorsingsgebeure in die eerste persoon bespreek. Daar word aanvaar dat die navorser ook deel van die proses word en dus bepaalde subjektiewe ervarings het wat 'n invloed het op die verdere verloop van die navorsingsproses.

1.6 BEGRENSING VAN DIE STUDIE

Die literatuurstudie word beperk tot die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel teen die agtergrond van die konseptuele raamwerk van die konstruktiwisme, konstruksionisme en narratiewe metode. Ten opsigte van die uiteensetting van die konstruktiwisme en konstruksionisme word daar hoofsaaklik van internasionale boeke en tydskrifte gebruik gemaak wat waarskynlik in vakgebiede soos filosofie en sielkunde algemeen bekend is. Voorbeelde van sodanige bronne is, onder andere, die werke van Maturana (Efran & Lukens, 1985), Von Glasersfeld (1984 & 1995) en McNamee en Gergen (1992). Ten einde die narratiewe metode te beskryf, word daar gefokus op die werk van die grondleggers van dié werkswyse, naamlik White (1995, 1997 & 1998a, b & c) en Epston (1999). Aanvullend word daar ook sterk gesteun op die werke van Freedman en Combs (1996a), Anderson en Goolishian (1992) asook O'Hanlon (1994). Inligting wat bekom is tydens werkseminare wat deur White (1998a) en Epston (1999) te Pretoria aangebied is, word ook benut.

Met betrekking tot beskrywings van die gemeenskap, historiese ontwikkeling van gemeenskappe en gemeenskapsontwikkeling word bronne benut wat in die tipiese Suid-Afrikaanse konteks geskryf is, soos die werke van Lombard, Weyers en Schoeman (1991a & b); Rothmund (1994); Midgley (1995); Gray (1996) en Wetmore en Theron (1998). Dié boeke en tydskrifartikels word aangevul deur internasionale artikels van skrywers soos Trickett, Watts en Birman (1993), Zimmerman (1995) en St. Lawrence en Ndiaye (1997). Die Suid–Afrikaanse bronne is hoofsaaklik in die vakgebied van maatskaplike werk geskryf terwyl

die internasionale artikels in tydskrifte van sowel maatskaplike werk as sielkunde, en spesifiek gemeenskapsielkunde, gepubliseer is.

Sowel plaaslike as internasionale bronne word in die literatuurstudie benut. Daar word hoofsaaklik gefokus op die uitgangspunte en werkswyses van die narratiewe metode in die bepaling van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel. Die narratiewe metode soos deur White (1995, 1997 & 1998a) en Epston (1999) uiteengesit, word as basis gebruik. Ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling, word daar hoofsaaklik op plaaslike literatuur gefokus. Gemeenskapsontwikkeling word nie in die algemeen bestudeer nie, maar slegs in die konteks van die narratiewe metode.

Die empiriese werk word beperk tot die plattelandse gemeenskap van Philippolis in die Suid-Vrystaat. Alhoewel die gemeenskap uniek is, is dit 'n tipiese plattelandse gemeenskap met 'n ryke kultuurdiverse samestelling. Daar is, byvoorbeeld, blanke Afrikaans- en Engelsprekende, bruin en swart Afrikaans-, Sotho-, en Xhosasprekende inwoners. Aangesien die totale bevolking die teikengroep vorm, word gepoog om soveel gemeenskapslede as moontlik aan die navorsing te laat deelneem.

Met inagneming daarvan dat die navorsing en meegaande ontwikkelingsproses, na afhandeling van die navorsingsverslag voortduur, word die empiriese data slegs verreken na aanleiding van navorsingsgebeure gedurende die tydperk vanaf Desember 1998 tot aan die einde van September 2000. Dit is eie aan deelnemende-aksienavorsing dat die proses eintlik voortduur solank as wat die ontwikkelingsinisiatiewe plaasvind. Gevolglik het die navorsingsproses nie getermineer met die samestelling van die navorsingsverslag nie. Die verdere dokumentering van die navorsingsproses sou in 'n opvolgverslag kon geskied. Alhoewel dit as leemte van die navorsingsverslag beskou kan word, is dit tyds- en omvanggewys meer realisties om die totale navorsingsproses in bevatbare fases te dokumenteer. Die studie leen hom dus vir voortsetting en selfs verdere uitbreiding.

1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

Die volgende begrippe vorm kernkonsepte in die studie en word derhalwe na aanleiding van gesaghebbende bronne bespreek en omskryf.

1.7.1 Bemagtiging

Alhoewel Rothmund (1994:22) sê dat "[e]mpowerment has become a buzz word in the late 1980s" is dit 'n begrip wat oor dekades heen bestaan, maar waarskynlik volgens verskillende behoeftes in verskillende tydperke en kontekste unieke betekenisgewing aan besondere situasies gegee het. (Vgl. Zimmerman, 1995:585-586.) Reeds in 1906 het die *Nutall's Standard Dictionary of the English Language* (1906:240) die werkwoord, "empower" soos volg omskryf: "To give power or authority to; to authorize." Die doel van bemagtiging, naamlik om mag, of dan gesag, te gee, was reeds in hierdie omskrywing vervat.

In die *White Paper for Social Welfare* (1997:68) word bemagtiging omskryf as "[t]he process of increasing personal, interpersonal and political power to enable individuals or collectives to improve their life situation. It requires the full participation of people in the formulation, implementation and evaluation of decisions determining the functioning and well-being of the society." Dié omskrywing toon duidelik die invloed van 'n politieke demokratiese ideaal wat te begrype is as die konteks en tyd, naamlik die begin van die post-apartheidsera, in ag geneem word.

Na aanleiding van skrywers soos Friedman (1992:31-33), Rothmund (1994:22-24), Zimmerman (1995:581-596) en Makofane (1997:8-10) kan bemagtiging beskou word as 'n proses wat individue, groepe en gemeenskappe met vaardighede en gesag (mag) toerus ten einde hulle in staat te stel om 'n kwaliteit lewe te voer en wel op die volgende vlakke:

- *Persoonlike vlak* - Dit hou in dat die persoon oor vaardighede en mag beskik sodat hy selfhandhawend sy eie omstandighede kan verbeter en by magte is om aktief aan besluitnemingsprosesse op alle gebiede deel te neem. Makofane (1997:9) meen "[t]his involves experiencing oneself as an effective and capable person."
- *Interpersoonlike of sosiale bemagtiging* - Individue en groepe bemagtig mekaar onderling deur middel van onderlinge ondersteuning en opleiding in, byvoorbeeld, leierskapsvaardighede. Sodoende verkry sowel die individu as die groep bepaalde gesag om doeltreffend en meer onafhanklik in verskillende situasies te funksioneer.
- *Politieke bemagtiging* - Politieke bemagtiging beteken dat die individu in staat gestel word om aktief aan die totale politieke proses deel te neem. Rothmund (1994:23) sê dan ook dat polities bemagtigde persone "...become participants in the creation and imple-

mentation of policies, decisions and processes which affect them, rather than unmotivated executors of decisions made for them."

- *Ekonomiese bemagtiging* - Sowel individue as gemeenskappe behoort in staat te wees om doeltreffend op finansiële gebied te funksioneer. Dit sluit, onder andere, in dat entrepreneurskappe op verskillende vlakke aangetref word en dat individue en gesinne self-onderhoudend is.
- *Opvoedkundige vlak* - Bemagtiging geskied deur middel van opleiding, maar individue moet ook die mag hê om hulleself aan opleidingsfasiliteite bloot te stel, hulleself beter te kwalifiseer en deel te neem aan die opvoedkundige aktiwiteite in die gemeenskap.

Bemagtiging dui dus op 'n proses van groei en ontwikkeling wat die individu, gesin, groep en gemeenskap in staat stel om voldoende mag en gesag te bekom, sodat aktiewe deelname aan besluite op alle vlakke kan volg en dat effektiewe en doeltreffende funksionering van die persoon intern tot die breër sosiale gemeenskap ten opsigte van al die fasette van menswees kan plaasvind. (Vgl. 7.3.1 vir 'n vollediger uiteensetting.)

1.7.2 Gemeenskap

Die begrip *gemeenskap* word so algemeen deur verskeie mense in verskillende kontekste gebruik dat dit moeilik is om 'n omskrywing saam te stel wat volledig al die moontlike dimensies en nuanses van die begrip weergee. In die verband noem Hawtin, *et al.* (1995:33) dat "[i]t is a word that is now very difficult to define precisely; its usage has become so pervasive in our everyday language that its meaning is overlaid with a host of associations ..., and also emotions..." Die begrip word deur sowel wetenskaplikes as die man op straat gebruik.

Verskillende wetenskaplikes definieer 'n gemeenskap vanuit die betrokke vakdissipline se eie unieke raamwerk. Dit het tot gevolg dat die verskillende omskrywings spesifieke kenmerke nader toelig wat vir die betrokke vakgebied of belangegroep ter sake is. Van die vernaamste komponente waarop skrywers fokus in die omskrywing van die begrip gemeenskap is onder andere die volgende:

- *Die geografiese komponent van 'n gemeenskap.* (Vgl. Edwards & Jones, 1976:13; Swil, 1982:9; Rothmund, 1994:12; Hawtin, *et al.*, 1995:33.)

Die geografiese komponent sluit aspekte in soos die ligging, klimaat, plantegroei, plattelands of stedelik, en die grense van 'n bepaalde gemeenskap.

- *Wie die gemeenskap vorm.* (Vgl. Edwards & Jones, 1976:13; Hawtin, *et al.*, 1995:33.)
  Die gemeenskap word gevorm deur die individu en al die verskillende groeperinge waarvan hy deel uitmaak, byvoorbeeld die gesin en vriendekring. Na aanleiding van die sisteemteoretiese konsepte beskryf skrywers soos Edwards en Jones (1976:14-22) die gemeenskap as 'n sisteem en die verskillende samestellende groepe as subsisteme.
- *Wat die lede van 'n gemeenskap saambind.* (Vgl. Ferrinho,1980:1; Hawtin, *et al.*, 1995:33; Martinez-Brawley, 1995:540.)
  Verskeie faktore het 'n samebindende identiteitseffek op die lede van 'n gemeenskap en kan ook 'n belangrike rol speel in die vorming van gemeenskappe en subgroepe in groter gemeenskappe. Voorbeelde van sodanige faktore is, onder andere, kultuurelemente soos taal en waardes, etnisiteit, 'n gemeenskaplike werksomgewing, soortgelyke omstandighede of die ervaring van dieselfde problematiek soos gestremdhede, dieselfde godsdienstige oortuigings en ooreenstemmende belangstellings.

- *Die funksionering van 'n gemeenskap.* (Vgl. Edwards & Jones, 1976:14-15; Ferrinho, 1980:2-3; Warren, 1983:28; Lombard, *et al.*, 1991a:64.)
  Hier gaan dit oor die verskillende funksies van 'n gemeenskap en hoe die gemeenskap funksioneer ten einde aan die funksies uitvoering te gee. Dit kan gesien word as die dinamika van die gemeenskap of dat die funksionering daarvan deur die dinamika bepaal word.

Al bogenoemde komponente is onderling afhanklik en beïnvloed mekaar wedersyds met 'n lewende gemeenskap as resultaat. Dit blyk dat die geografiese komponent nie noodwendig 'n kwalifiserende rol het in die bepaling van 'n gemeenskap nie, maar wel die ander komponente. Wanneer daar, byvoorbeeld, na die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika verwys word, impliseer dit nie noodwendig dat al die lede van die gemeenskap in 'n spesifieke geografiese omgewing hoef te wees nie. 'n Verdere dilemma in die omskrywing van 'n gemeenskap is dat dieselfde persoon tegelykertyd aan meer as een gedefinieerde gemeenskap kan behoort. So, byvoorbeeld, kan 'n persoon aan sowel die studentegemeenskap van 'n bepaalde universiteit behoort en aan die gemeenskap van gestremdes.

Die grootte van 'n gemeenskap het 'n verdere invloed op die definiëring daarvan. Martinez-Brawley (1995:540) maak deur die benutting van die begrippe *Gemeinschaft* en *Gesellschaft* onderskeiding tussen 'n gemeenskap wat dan die kleiner eenheid vergestalt en die begrip samelewing wat die groter geheel impliseer.

Alhoewel dit dus byna onmoontlik lyk om die begrip gemeenskap volgens die verskillende gebruikers se unieke verwysingsraamwerke bevredigend te definieer, word daar met die volgende omskrywing gepoog om die meeste van genoemde komponente te akkommodeer en vir die doeleindes van die studie 'n bruikbare definisie daar te stel.

'n Gemeenskap dui op 'n groepering van mense met bepaalde samebindende faktore wat binne 'n gegewe geografiese omgewing en/of sosiale milieu in interaksie verkeer ten einde gesamentlike voortbestaan te probeer bewerkstellig.

1.7.3 Gemeenskapsontwikkeling

In die omskrywing van die begrip gemeenskapsontwikkeling, heg persone verskillende betekenisse daaraan (Lombard, *et al.*, 1991a:111). Mense se besondere omstandighede en kontekstuele raamwerke waarvandaan konstrukte gevorm word oor die werklikheid van ontwikkeling en spesifiek gemeenskapsontwikkeling, verskil. Aangesien mense uit verkeie dissiplines en sektore by ontwikkeling belang het, lei dit tot meer perspektiewe en gevolglike diversiteit, in die omskrywing van die konsep gemeenskapsontwikkeling.

Ten einde die begrip gemeenskapsontwikkeling te omskryf, is dit nodig om eers te fokus op die konsepte, ontwikkeling en sosiale ontwikkeling, aangesien dit as't ware sambreelbegrippe vir die konsep gemeenskapsontwikkeling is. Alhoewel skrywers ontwikkeling op verskillende wyses omskryf, meen Rothmund (1994:89) dat "...they all share one major connotation, namely, that of a change towards something more desirable; and more specifically, towards economic growth and the eradication of absolute poverty...". Dit gaan dus in die breë oor die beweging na omstandighede wat deur die betrokkenes, veral ekonomies gesproke, as gunstiger gedefinieer word.

Skrywers soos, Jeppe (1985:35), Dubhashi (1987:21) en Midgley (1995:2) dui aan dat ontwikkeling drie komponente impliseer, naamlik,

- ekonomiese verandering of groei
- politieke ontwikkeling en
- sosiaal- of sosio-ekonomiese verandering of ontwikkeling.

Gemeenskapsontwikkeling kan beswaarlik plaasvind sonder ekonomiese groei. Ekonomiese vooruitgang is nodig om werksgeleenthede te skep, 'n inkomste aan mense te verseker en middele beskikbaar te stel vir verdere ontwikkeling op alle terreine van die samelewing en alle fasette van die mens. Volgens Jeppe (1985:35) neem die mense self ook deel aan hierdie proses van ekonomiese groei deurdat hulle meehelp en bydraes maak tot die skep van geleenthede.

Die funksie van politieke ontwikkeling lê veral in "...the creation and strengthening of institutions and the provision of opportunities for the people to participate in the process of decision-making at the national, regional and local levels" (Jeppe, 1985:35). Ten einde die mense te laat deel in besluitneming en die uitspreek van hulle besondere behoeftes, verg bepaalde politieke stelsels. Ontwikkeling op politieke gebied moet dus tred hou met ander ontwikkelinge (Clark, 1991:26). Politieke owerhede moet ook die nodige stabiliteit en veiligheid bied vir mense om sonder die moontlikheid van ernstige risiko's aan ontwikkelingsgeleenthede te kan deelneem. "The example of Iran has shown that spectacular economic progress can come to abrupt halt due to political explosions thus reducing the glittering trappings of apparent success" (Dubhashi, 1987:21).

Midgley (1995:3-6) maan dat *distorted development* plaasvind indien ontwikkeling nie ook sosiale ontwikkeling of vooruitgang insluit nie. Dan kan die verskynsel na vore tree dat armoede te midde van groot ekonomiese vooruitgang, steeds toeneem. Geïndustrialiseerde lande soos Brittanje en die Verenigde State van Amerika sou voorbeelde hiervan wees. "In these countries, economic development has failed to eradicate poverty and raise levels of welfare for all" (Midgley, 1995:4).

Sosiale ontwikkeling dui op die verbetering van "...the quality of life of the people at the educational, cultural, spiritual and recreational levels" (Jeppe, 1985:35). Dit gaan dus oor die ontwikkeling en bemagtiging van die mens tot aktiewe deelname aan sy eie ontwikke-

ling ten opsigte van al die fasette van die lewe ten einde groter onafhanklikheid, selfstandigheid en selfonderhoudenheid te bereik.

Dit blyk dat ontwikkeling, onder andere, deur die volgende eienskappe gekenmerk word:

- Tussen die drie komponente van ontwikkeling, naamlik ekonomiese, politieke en sosiale ontwikkeling bestaan daar 'n spesifieke *interafhanklikheid*. Dubhashi (1987:22) meen dat, "[w]ithout one of the three, the other two cannot survive". Ontwikkeling kan dus slegs doeltreffend plaasvind indien al drie die komponente aangespreek en in verrekening gebring word.
- Ontwikkeling vind deur middel van 'n *proses* plaas. Die ontwikkelingsproses dui op aktiwiteite wat groei, verandering, evolusie en beweging impliseer. Aktiwiteite vind in verskillende fases oor 'n tydperk plaas. Midgley (1995:26) identifiseer drie fases, naamlik vooraf bestaande sosiale toestande, die veranderingsproses self en die stadium wanneer ontwikkelingsdoelstellings bereik is. Weens die unieke aard van elke samelewing kan aanvaar word dat die inkleding van die fases en die tydsverloop van gemeenskap tot gemeenskap sal verskil. Omdat samelewingsomstandighede voortdurend verander asook die samestelling van gemeenskappe, gaan daar waarskynlik altyd in 'n mindere of meerdere mate behoefte aan ontwikkeling wees, met die gevolg dat die proses van ontwikkeling eintlik nooit werklik sal termineer nie.
- *Mense* in die samelewing, met ander woorde persone van die verskillende gemeenskappe, is die hoofdeelnemers en rolspelers in die proses van ontwikkeling. Ontwikkeling vind deur middel van gemeenskapslede ter wille van gemeenskapslede plaas. "People are the *targets* as well as the *instruments* of development" (Jeppe, 1985:35).
- Ten diepste gaan ontwikkeling daaroor dat gemeenskapslede *self verantwoordelikheid* vir hulle eie ontwikkeling aanvaar. Hulle identifiseer hulle bepaalde behoeftes en aanvaar verantwoordelikheid om self pogings aan te wend om daarin te voorsien. Ontwikkeling "...is a process of change that enables people to take charge of their own destinies and realize their full potential" (Clark, 1991:26).
- Ontwikkeling beteken dat daar verandering, groei en beweging op *alle lewensterreine* plaasvind. Alle fasette van die mens word dus geraak. Voorbeelde van die lewensterreine is onder andere: gesondheid, maatskaplik, religieus, opvoeding, ekonomie, politiek, sport, rekreasie (vryetydsaktiwiteite), kunste, arbeid en werksituasie, behuising en infrastruktuur.

Gemeenskapsontwikkeling impliseer ontwikkeling wat op doelgerigte wyse deur kundiges in gemeenskappe geloods word. Lombard, *et al.* (1991a:118) omskryf gemeenskaps-ontwikkeling as "...a process, a method, a programme, a movement aimed at enabling and encouraging communities to become involved, with the necessary support from the private and government sectors, in improving and managing their own living conditions in all areas of development." Die metode waarvolgens die proses geïmplementeer word, behels dat kundiges uit verskeie dissiplines kragte saamsnoer ten einde elke mens in die gemeenskap aktief aan die ontwikkeling van die betrokke gemeenskap te laat deelneem. Dit is baie belangrik dat alle gemeenskapslede vanaf grondvlak deel sal word van die proses wat daarop gerig is om die gemeenskap tot sy eie ontwikkelaar te laat groei. "It is a grassroots or bottom-up approach aimed at social improvement" (Gray, 1996:11). Kundiges van buite 'n bepaalde gemeenskap behoort dus in die gemeenskap in te beweeg op so 'n wyse dat hulle ervaar word asof deel van die betrokke gemeenskap. Verder impliseer die proses dat gemeenskapslede ervaar dat hulle self vir die ontwikkeling verantwoordelik is.

Samevattend kan gemeenskapsontwikkeling soos volg omskryf word: *Die doelbewuste betrekking van die totale gemeenskap by 'n proses wat interdissiplinêr geïnisieer word, ten einde die gemeenskap te laat groei op ekonomiese, politieke, godsdienstige en sosiale vlak tot 'n situasie waar die gemeenskap vanaf grondvlak, selfstandig verantwoordelikheid uitoefen ten opsigte van sy eie ontwikkeling, deur middel van die ontwikkeling en instand-houding van volhoubare programme.*

By die omskrywing van die begrip ontwikkeling en dan spesifiek gemeenskapsontwik-keling, is dit moeilik om die waarde-element wat in die konsep vervat is, te definieer. Daar is 'n gebrek aan die definiëring van norme of kriteria wat aangelê kan word ten einde te bepaal of ontwikkeling wel plaasgevind het. Met ander woorde, watter aspekte sal nou juis daarop dui dat groei of verbetering plaasgevind het? Weens die uniekheid van elke gemeenskap ten opsigte van sy samestelling, waardes en eie werklikheidskepping met betrekking tot die betekenis wat aan ontwikkeling of verbetering geheg word, moet aanvaar word dat daar nie 'n objektiewe maatstaf bestaan nie. Elke gemeenskap sal

volgens sy eie unieke situasie en konteks teen die agtergrond van sy eie maatstawwe moet oordeel in hoe 'n mate ontwikkeling wel plaasvind of plaasgevind het.

1.6.4 Kultuurdiversiteit

Aangesien die konsep, kultuurdiversiteit die samestelling van twee selfstandige konsepte is, verg die omskrywing van die begrip dat beide begrippe eers afsonderlik omskryf sal word.

Haviland (1987:27) dui aan dat die begrip, kultuur, reeds teen die einde van die negentiende eeu omskryf is. Hy haal dan ook die eerste duidelik geformuleerde omskrywing wat Tylor in 1871 geformuleer het aan, naamlik dat kultuur verwys na "... 'that complex whole which includes knowledge, belief, art, law, morals, custom and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society.'"

Sedertdien het verskeie omskrywings deur verskillende vakwetenskaplikes die lig gesien. Dit het dan ook gou geblyk dat dit 'n moeilike begrip is om te definieer en dat verskillende dissiplines eiesoortige omskrywings en interpretasies vorm na aanleiding van hulle unieke perspektiewe en heersende ideologieë. Tans is daar nie 'n omskrywing wat universeel deur alle wetenskaplikes aanvaar word nie (Hughes, Seidman & Williams, 1993:688). Dit is dus 'n lewende begrip met die potensiaal tot evolusie. Dit is waarskynlik waarom White (1975:5) reeds geruime tyd gelede tot die volgende gevolgtrekking gekom het wanneer hy sê: "Therefore, it is unjustifiable to say that such and such is culture; we can only say 'this is the way I use the word.'"

Volgens Haviland (1987:27) onderskei latere definisies tussen gedrag en die waardes en persepsies wat die gedrag ten grondslag lê. Sy omskrywing van die konsep kultuur lui soos volg: "Culture is a set of rules or standards that, when acted upon by the members of society, produce behavior that falls within a range of variance the members consider proper and acceptable" (Haviland, 1987:27). Odetola, Oloruntimehin en Aweda (1983:1) noem dat kultuur "material and non-material" kan wees. Die konkrete of materiële kultuur sluit, onder andere, klere, kunswerke en werktuie in, terwyl die abstrakte komponent van kultuur op idees, taal, norme, sedes en oortuigings dui.

Dit is tog insiggewend dat wanneer Haviland (1987), 'n antropoloog en Hughes, *et al.* (1993) vanuit die gemeenskapspsigologie, elemente of kenmerke van kultuur aanstip, daar betekenisvolle ooreenkomste is. Die volgende kenmerke of elemente van kultuur word deur hulle (Haviland, 1987:27-48 & Hughes, *et al.*, 1993:688-689) aangedui, naamlik:

- Kultuur bestaan nie in isolasie nie, want daar vind voortdurende skakeling en wedersydse beïnvloeding tussen verskillende kulture plaas.
- Die aanleer of internalisering van kultuur vind plaas deur 'n oordragproses oor geslagte heen, met ander woorde "...culturally based values, norms, and behaviors are transmitted from one generation to the next via overt and covert processes of socialization and are functionally adaptive to the demands of the local environment" (Hughes, *et al.*, 1993:689). Haviland (1987:31) noem hierdie proses "enculturation". 'n Kind groei dus op in 'n bepaalde kultuuromgewing en leer aldus al die gebruike, waardes en simbole van die kultuur aan waarbinne hy dan ook sy identiteit vind.
- Die verskillende elemente van kultuur integreer en funksioneer as 'n interafhanklike geheel.
- Kultuur verkeer in 'n voortdurende proses van verandering wat aanpassings van die individu verg. Hierdie verandering is gewoonlik die gevolg van omgewingsfaktore en verandering van gedrag en waardes binne die kultuur.
- Alle mense bestaan en ontwikkel binne 'n kulturele konteks .

'n Verdere belangrike eienskap of kenmerk van kultuur is dat, "[c]ulture determines the nature of the interpersonal and group relations involved in every form of social organisation" (Odetola, *et al.*, 1983:3). Die mens se interpersoonlike lewe word dus grootliks deur die kultuur bepaal waartoe hy behoort.

Kultuur verwys dus na materiële en geestesgoedere, naamlik kunswerke, werktuie, waardes, gebruike, kuns, simbole en taal wat uiting vind in die gedrag van individue en word deur middel van 'n voortdurende proses, van geslag tot geslag oorgedra, terwyl daar onderling 'n eiesoortige identiteitsvorming plaasvind met bepalende invloed op die individu se interpersoonlike lewe in die verskeie lewenskontekste.

Die HAT (1992:160) verklaar divers met die terme "[v]erskillend" en "verskeie." Diversiteit sou kon verwys na 'n verskeidenheid en verskillendheid van aspekte op sowel interne

as eksterne vlak van 'n bepaalde fenomeen. Met die toenemende gebruik van die konsep binne die menswetenskappe word uitgebreide interpretasies aan die begrip geheg, veral as gevolg van die dikwels subjektiewe betekenisgewing wat plaasvind. (Vgl. Trickett, *et al.*, 1993:264.)

Wanneer diversiteit in die konteks van kultuur en die gemeenskap gebruik word, meen Trikectt (1994:584) dat "[i]t draws attention to lives lived in different cultures, coalescing around different issues, and oriented toward different goals." Die begrip diversiteit behoort voorsiening te maak vir verskille binne 'n bepaalde kultuurgroep maar veral ook verskille tussen verskillende groepe. Om die verskille tussen groepe te verstaan, is dit nodig om ook op die ooreenkomste te let. Sodoende kan stereotipering van groepe voorkom word. (Vgl. Serrano-García & Bond, 1994:436.)

Kultuurdiversiteit verwys na die fenomeen van verskeie kultuurgroepe met 'n eie unieke identiteit en interne en eksterne verskille en ooreenkomste.

1.8 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word soos volg ingedeel:
In hoofstuk een word 'n algemene oriëntering en inleiding tot die studie gegee ten einde die doel van die studie, die navorsingsmetodiek wat gevolg word en begripsomskrywings, aan te dui. Dit behoort 'n raamwerk te bied om die gang van die studie te kan volg.

Ten einde 'n beter begrip te ontwikkel van gemeenskappe in Suid-Afrika, veral met betrekking tot hulle samestelling en gemeenskapslewe in die algemeen, is dit nodig om alreeds in hoofstuk twee te let op die historiese ontwikkeling daarvan. Ten einde 'n agtergrond te skets vir die besondere dinamika van die gemeenskap van Philippolis, is dit nodig om enkele tersaaklike historiese gebeure wat daar afgespeel het, aan te dui. Ter agtergrond vir die klem wat tans op die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling geplaas word, word die hoofmomente van die historiese verloop van ontwikkelingsinisiatiewe in Suid-Afrikaanse gemeenskappe, kortliks aangedui.

Voordat die narratiewe metode bespreek word, word daar in hoofstuk drie gepoog om die oorkoepelende epistemologie wat deels 'n basis vir dié metode bied, kortliks uiteen te sit.

Drie van die vernaamste bydraes tot die konstruktiswisme word aangedui, naamlik die struktuur-determinisme, radikale konstruktiwisme en Kelly se persoonlikheidskonstrukteteorie. Dan volg 'n uiteensetting van die konstruksionisme en 'n bespreking oor die implikasie wat hierdie benaderings vir die maatskaplikewerk-praktyk mag inhou.

Hoofstuk vier word ingeklee met 'n uiteensetting van die basiese uitgangspunte van die narratiewe werkswyse. Daar word veral gelet op die beginsels van die metode. Dit dien as basis vir hoofstuk vyf waar die werkswyses van die narratiewe metode in meer detail bespreek word.

Die struktuur en dinamika van 'n gemeenskap word in hoofstuk ses bespreek. Sodoende word gepoog om aan te dui watter aspekte verreken behoort te word tydens die betreding van 'n gemeenskap asook met die loodsing en implementering van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe. Die noodsaak waarom hierdie aspekte in ag geneem behoort te word, kom ook na vore in die bespreking.

Hoofstuk sewe word gewy aan die beskrywing van hoe intervensiewyses volgens die narratiewe metode tydens gemeenskapsontwikkeling benut sou kon word. Die inligting van die vorige hoofstukke word geïntegreer en van toepassing gemaak in die konteks van gemeenskapsontwikkeling. 'n Gemeenskapsontwikkelingsmodel word dus voorgestel en wel hoe dit veral deur maatskaplike werkers benut sou kon word.

Die empiriese werk van die studie word in hoofstuk agt bespreek. Daar word gepoog om aan te dui hoe die voorgestelde gemeenskapsontwikkelingsmodel in die praktyk realiseer aan die hand van deelnemende-aksienavorsing. Die verskillende aksies wat plaasvind, word aangedui en die inhoudelike van die gesprekke wat plaasvind, word soms opsommenderwys en andersins woordeliks weergegee.

Ten slotte word die verslag afgesluit met 'n bespreking oor die gebeure tydens die empiriese werk en die aanduiding van aanbevelings soos afgelei uit die verloop van die navorsing en die navorser se betekenisgewing daaraan.

1.9 SAMEVATTING

Gemeenskapsontwikkeling staan sentraal tot die taak van die maatskaplike werker in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die huidige regering beskou dit as 'n voorkeurtaak waaraan tans en in die toekoms dringend aandag gegee behoort te word. Alhoewel daar al veel tyd en geld bestee is aan ontwikkelingsinisiatiewe is daar nog nie bevredigende sukses behaal nie. Daar word inteendeel beweer dat projekte misluk en sodoende baie fondse verlore gaan. Gevolglik is daar dus 'n dringende behoefte aan aksies op die veld van gemeenskapsontwikkeling wat wel vrugte gaan afwerp. Verder bestaan daar ook 'n behoefte aan wetenskaplik teoreties gefundeerde gemeenskapsontwikkelingsmodelle. Hopelik sal die ontwikkeling van sodanige modelle bydra tot die inisiëring van suksesvolle programme waarby gemeenskappe kan baat. Voorts word die implementering van gemeenskapsontwikkeling bemoeilik deur die kultuurdiverse gemeenskappe in Suid-Afrika wat besondere kundigheid en sensitiwiteit verg.

Ten einde 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel daar te stel wat die kompleksiteite van die Suid-Afrikaanse gemeenskap behoorlik verreken, word van deelnemende-aksienavorsing gebruik gemaak. Sodoende word die ontwikkelingsaksies terselfdertyd gefasiliteer en word die gemeenskap self deelnemers aan die navorsing en meegaande ontwikkelingsaksies.Weens die subjektiewe aard van die navorsingmetodologie wat gevolg word, is die navorser as mede-deelnemer subjektief deel van die navorsingsproses.

Enkele begrippe word uiteengesit ten einde groter duidelikheid te verskaf vir die begryp van die besprekings in die navorsingsverslag.

Na aanleiding van die strategieë en epistemologie wat geraadpleeg en benut word, word beweer dat daar nie 'n objektiewe waarheid bestaan nie. Daar word aanvaar dat mense vanweë hulle uniekheid situasies verskillend gaan interpreteer en betekenisse daaraan heg. Tog beskik die Woord van God oor die volmaakte waarheid wat nie deur mense daargestel word nie en kan nie ondergeskik aan dié redenasie geplaas word nie. Gemeenskappe mag dus weens hulle uniekheid verskillende betekenisse aan situasies gee en as sulks verskillende werklikhede konstrueer, maar is in totaliteit nog steeds skepsels van God en aldus van Hom afhanklik.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA: 'N HISTORIESE OORSIG

In 'n poging om 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel te ontwikkel, is dit nodig om op die vorming van gemeenskappe oor tydperke heen te let. Sodoende kan die eie unieke aard van gemeenskappe in 'n bepaalde gebied of land beter begryp word. Dié begrip is weer van belang ten einde die aard van die historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling te bepaal en te begryp. Met die oog op die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelings-model(le) vir gebruik in Suid-Afrika, is dit dus nodig om 'n beeld te vorm van die ontstaan en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse gemeenskappe asook die vorme en metodes van gemeenskapsontwikkeling wat plaasgevind het.

Aangesien geskiedskrywers die Suid-Afrikaanse geskiedenis eers sedert die ontdek-kingsreise van Dias en Da Gama, en veral na die sogenaamde volksplanting deur Jan van Riebeeck behoorlik begin boekstaaf het, is dit moeilik om gebeure voor daardie tyd met betrekking tot die vorming van gemeenskappe in Suid-Afrika, te bepaal. 'n Verdere knel-punt is dat die dokumentering van gebeure aanvanklik deur Westerlinge gedoen is, met die gevolg dat gebeure waarskynlik teen die agtergrond van 'n Westerse perspektief geïnter-preteer en gedokumenteer is.

Na aanleiding van die dilemma met betrekking tot verskillende perspektiewe wat die boekstawing van feite mag kleur volgens die konstrukte van 'n bepaalde perspektief, moet aanvaar word dat dit 'n onafwendbare subjektiwiteit aan die studie kan verleen. Dit skep 'n mate van relatiwiteit, veral ten opsigte van die beoordeling en interpretering van gebeure rondom die konsep van ontwikkeling. Met die wete dat verskillende mense en groepe dieselfde gebeure verskillend kan interpreteer in terme van die konsep ontwikkeling en spesifiek dan gemeenskapsontwikkeling, word daar tog gepoog om die historiese wortels van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika oor die afgelope drie eeue oorsigtelik aan te dui.

2.1 DIE ONTSTAAN VAN SUID-AFRIKAANSE GEMEENSKAPPE

Alhoewel aanvaar word dat Suid-Afrika, lank voor die aankoms van Dias op Suid-Afrikaanse bodem, oor eie unieke gemeenskappe en vorme van gemeenskapslewe beskik het, blyk dit tog dat die koms van die Europeërs 'n betekenisvolle invloed op die gemeenskapslewe gehad het en in 'n groot mate 'n tydvak van die vorming van nuwe gemeenskappe tot gevolg gehad het. Die vorming van dié gemeenskappe word na aanleiding van enkele belangrike geskiedkundige gebeure en tydperke beskryf.

2.1.1 Die seevaarders en die volksplanting aan die Kaap

Voordat die eerste Europeër sy voet op Suid-Afrikaanse bodem gesit het, is die grondgebied van die huidige Suid-Afrika deur inheemse bevolkingsgroepe soos die Boesmans, Hottentotte en verskillende swart volke bewoon . (Vgl. Van Jaarsveld, 1976:18-32 en 63-75.) Dit wil voorkom asof die Boesmans hulleself in nomadiese gemeenskappe georden het, terwyl die Hottentotte en veral die swart volke op meer permanente basis in bepaalde geografiese gebiede eie gemeenskappe gevorm het. Dit is opvallend dat die verskillende bevolkingsgroepe hulleself redelik afsonderlik in eie gemeenskappe gevestig het. Dit kan waarskynlik aan die taal- en kultuurverskille tussen die groepe toegeskryf word, asook die konflik wat tussen die groepe plaasgevind het.

Die inheemse bevolkingsgroep waarmee die eerste Europeër wat by Suid-Afrika voet aan wal gesit het, kennis gemaak het, was die Hottentotte toe Dias in 1488 by die huidige Mosselbaai vasgemeer het. Hierdie eerste kontak is ongelukkig deur geweld gekenmerk. Toe Dias en sy geselskap besig was om vars water in te neem, het die Hottentotte, wat aanvanklik vir die wit mense gevlug het, hulle water met geweld probeer beskerm. Dias se manne het hulleself verdedig en een van die Hottentotte is noodlottig gewond. In 1497 met Da Gama se landing in St. Helenabaai en later by Mosselbaai het sy geselskap ook in konflik met die Hottentotte beland (De Kock, 1969:5, 9 & Wiid, s.a.:6, 9).

Die werklike koms en vestiging van die Europeërs of dan die wit mense in Suid-Afrika, vind plaas wanneer Jan van Riebeeck in opdrag van die Here XVII, in 1652 begin om 'n verversingspos aan die Kaap te stig. Van Jaarsveld (1976:14) noem dat dit die begin was van die ontmoeting van mense uit drie kontinente om dan 'n "mosaïek van nasies" te vorm. Benewens die Nederlanders het daar ook ander groepe, soos Duitsers en Franse na die

Kaap gekom. Verder is daar ook Maleiers wat as slawe vanaf die Ooste aan die Kaap gevestig is. Reeds vanaf die sogenaamde volksplanting in 1652 is gemeenskappe in Suid-Afrika deur 'n verskeidenheid van volkere en kultuurgroepe gevorm.

Die bewoning van die Kaap deur verskillende groepe en die vestiging van gemeenskappe bestaande uit verskillende bevolkingsgroepe, het tot onderlinge bedreiging gelei. Van Riebeeck se eerste opdrag was dan ook om 'n fort te bou ten einde beskutting te bied teen moontlike invalle deur mededingers soos die Portugese en die bedreiging wat die inboorlinge ingehou het (Böeseken, s.a.:37). Alhoewel die konflik tussen die inheemse bevolking en die amptenare van die kompanje gedreig het, was daar 'n groot mate van interafhanklikheid wat hulle tot samewerking genoop het. Daar is aan Van Riebeeck opgedra om "...in vrede met die Hottentotte te lewe, omdat die Kompanje van hulle langhoringbeeste en vet-stertskape afhanklik was vir vleis vir sy handelsvlote" (Van Jaarsveld, 1976:18).

Alhoewel die Kaap maar net as 'n verversingspos vir die Verenigde Nederlandse Geoktrooieerde Oos-Indiese Kompanje beskou is, was dit die begin van 'n veelvolkige samelewing met 'n patroon van onderlinge interafhanklikheid, en gereelde insidente van wedersydse bedreiging en konflik.

2.1.2 Van Verversingspos tot Landbou-kolonie

Weens toenemende tekorte aan vars groente en vrugte vir verbygaande skepe, was Van Riebeeck genoop om boere te werf om hulle aan die Kaap te vestig ten einde te help met die verbouing van vars voedsel. Dit het daartoe gelei dat die bemanning van die verversingspos uitgebrei het en vryburgers aan die Kaap gevestig is.

Gaandeweg het die vryburgers al verder die land ingetrek. Simon van der Stel wat Van Riebeeck as kommandeur opgevolg het, het na 'n reis die binneland in, Stellenbosch gestig. Voor die end van 1679 het die eertse boer hom in Stellenbosch gevestig en is die volgende jaar deur nog agt gesinne gevolg (Van der Merwe, s.a.:67). Hierdie verwikkelinge het algaande daartoe gelei dat die Kaap nie meer net 'n verversingspos was nie. In toenemende mate het 'n volwaardige landbou-kolonie begin vorm aanneem. Die vryburgers het die land verder en verder verken en dit hulle permanente vesting gemaak en algaande 'n nuwe volk aan die suidpunt van Afrika gevestig.

2.1.3 Koloniste trek die binneland in

Veeboerdery het toenemend aan die Kaap gewild geword. Dit het daartoe gelei dat die koloniste al verder die binneland ingetrek het. Weens die klimaatstoestande en gebrek aan standhoudende water en kaalheid van weiding vir die diere, het die veeboere hulleself al meer verspreid gevestig (Van der Walt, s.a.:89).

Gaandeweg het die vestiging van veeboere in die binneland gelei tot die stigting van ditrikte soos Swellendam (1748) en Graaff-Reinet (1786). Geleidelik het unieke gemeenskappe tot stand gekom. Op die dorpe soos Swellendam en Graaff-Reinet is bestuurstrukture geskep by wyse van distriksbesture. Verder is daar 'n drosdy op elke dorp ingerig met 'n landdros en heemrade om hom behulpsaam te wees.

Tydens kommissarisse Van Imhoff en later ook Cloppenburg se besoeke aan die veeboere, het hulle bewus geword van die gemeenskappe se behoefte aan godsdienstige en opvoedkundige strukture. In hulle verslae aan die Kompanjie beveel hulle dan ook aan dat sodanige strukture daargestel sal word. Alhoewel sendelinge na die Kaap gekom het en deels in dié behoefte voorsien het, het die koms van Nederlandse predikante eers werklik tot die totstandkoming van kerke en skole gelei. (Vgl. Van der Walt, s.a.:94-98.)

Gemeenskappe het hoofsaaklik uit plase en enkele dorpsgebiede bestaan. Op die dorpe is die vernaamste bestuurs-, godsdienstige-, en opvoedkundigestrukture aangetref. Dorpsgebiede is hoofsaaklik deur amptenare en hulle slawe bewoon. Geleidelik het al meer Hottentotte as arbeiders by die Kompanje se amptenare en veeboere begin werk.

Op die plase het daar as't ware mini-gemeenskappe tot stand gekom. Die veeboer en sy groepie slawe en Hottentotarbeiders het saamgewoon. Hulle was interafhanklik van mekaar en dus op mekaar aangewese vir oorlewing. Die veeboere het na die Hottentotte omgesien en hulle ook by godsdiensoefeninge betrek.

Weens die uitgestrektheid van die plase en swak vervoermiddele het boere die dorpe selde besoek. Boere op nabygeleë plase het soms byeengekom vir godsdiensbeoefening en die onderrig van kinders. Dit sou later tot die stigting van plaasskole lei.

Met die veeboere se vestiging aan die Oosgrens in die Graaff-Reinetdistrik, is daar met die eerste swart bevolkingsgroep, naamlik die Xhosas kennis gemaak. Hulle was landbouers en veeboere. Hulle grond was vir hulle baie belangrik en hulle het 'n bedreiging in die veeboere (koloniste) se koms gesien (Van der Walt, s.a.:99). Hierdie situasie lei dan ook later tot bloedige botsings tussen die grensboere en die Xhosas.

Met die Britse oorname van die Kaap aan die begin van die agtiende eeu, was die verversingspos van Van Riebeeck 'n gevestigde kolonie met die Visrivier as Oosgrens en byna onbeperkte uitbreidingsmoontlikhede na die noorde. "Die Britse besetting van die Kaap in 1806 het 'n blywende uitwerking op die lotgevalle van die kolonie en van Suid-Afrika in die algemeen ingelui" (Van der Walt, s.a.:156).

Die Britse owerhede was spoedig gekonfronteer met die veeboere se probleme aan die Oosgrens. Hulle het gemeen dat 'n digter bevolking aan die Oosgrens sou meehelp tot beter verdediging van die grens. Die pas afgelope Napoleontiese oorloë het gelei tot groot armoede en werkloosheid in Europa en spesifiek Engeland. Sodanige werkloses en verarmdes sou as immigrante gewerf kon word vir vestiging aan die Oosgrens. So word die Britse Setlaars in 1820 aan die Oosgrens gevestig (Walker, 1965:157 en Lacour-Gayet, 1977:55-58). Die koms van die setlaars het die veeboer-bevolking aan die Oosgrens vergroot. Alhoewel die Britte die boere se griewe met betrekking tot die owerhede se beleid jeens die Xhosas gedeel het, het hulle koms egter bygedra tot die verengelsing van die kolonie en die boere se vervreemding van die Britse owerheid.

Sendelinge van die Duitse en Londense Sendinggenootskappe het in die Kaapkolonie en suide van die huidige Vrystaat, sendingstasies gestig en gepoog om, onder andere, die Hottentotte en Griekwas te kersten. Sendelinge soos die bekende dr John Philip het met sy sterk filantropiese beskouings hom beywer vir die bevryding van die slawe en 'n meer genaakbare houding jeens die inboorlingbevolkings.(Vgl. Van Jaarsveld, 1976:91-92 en Lacour-Gayet, 1977:59.) Alhoewel 'n groot filantroop in sy tyd, beveel dr Philip aan dat die blanke en nie-blanke gemeenskappe geskei moet wees. Lacour-Gayet (1977:59) verwys heel humoristies daarna, naamlik: "Dr Philip can be regarded (may his ghost forgive us!) as a forerunner of *apartheid:* it was his opinion that Whites and non-Whites

should be seperated, for he considered this the only means of ensuring the latter's development".

Hoe dit ookal sy, die veeboere aan die Oosgrens het al meer gegrief gevoel oor die wyse waarop die Britse owerheid na hulle belange omgesien het. Die boere was veral gebelgd omdat:

- Engels as enigste amptelike taal erken is;
- hulle slawe vrygestel is en sodoende is leeglêery en veediefstal in die hand gewerk, en
- die boere nie meer deel aan die regering gehad het nie. (Vgl. Venter, 1985:16 –23.)

Hierdie negatiewe ervarings op die Oosgrens lei daartoe dat die boere 'n steeds groter eenheidsgevoel ervaar en besluit om verder noord te trek waar hulle hulleself sou kon regeer (Venter, 1985:16-23).

Die Groot Trek is 'n belangrike gebeurlikheid in die verkenning van Afrika deur die witman. Dit sou ook lei tot die vorming van nuwe gemeenskappe en ontwikkeling in die sentrale en noordelike gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.

2.1.4 Die Groot Trek (1834 - 1838)

Met die aanvang van die Groot Trek, het die Difaqane-tydperk (1815-1830) pas ten einde geloop. Tydens die Difaqane-tydperk het die verskillende swart stamme noord van die Oranjerivier sodanige uitdelgingsoorloë gevoer dat dit tot die herverspreiding van die vestigingspatrone van hierdie bevolkingsgroepe gelei het. Die verskillende swart bevolkingsgroepe was teen 1836 in die vorm van 'n halwe maan oor Suid-Afrika versprei. (Vgl. Ziervogel, 1969:450 en Venter, 1985:24.)

Soos die Trekkers noordwaarts getrek het, het hulle dan ook kennis gemaak met die swart bevolkingsgroepe en hulle opperhoofde. Hierdie kennismaking tussen die Trekkers en inboorlingstamme het soms tot bloedige gevegte gelei. Die moord by Bloukrans waartydens ongeveer 350 Trekkers vermoor is, asook die Slag by Bloedrivier toe die Zoeloes verslaan is, was van die ernstigste konfliksituasies tussen die Trekkers en die inboorlingstamme. (Vgl. Venter, 1985:48-49.)

Ongeag die moeilike omstandighede waaronder die Trekkers verkeer het, naamlik onbegane roetes, siektes en die gevare van aanvalle deur die inboorlingstamme, het hulle hulle nie laat stuit nie, maar die huidige KwaZulu-Natal, Vrystaat, Gauteng, Noordelike Provinsie, Mpumalanga en die Noordwes Provinsie binnegetrek. Hulle groot motivering was om sover as moontlik van enige Britse gesag of oorheersing te ontvlug. Hulle wou hulleself regeer.

Die Trekkers was onverskrokke pioniers. Volgens Venter (1985:35) was hulle individualistiese, konserwatiewe mense "...met 'n oordrewe gevoel van persoonlike vryheid, selfstandigheid, vindingrykheid, gelykwaardigheid, eiesinnigheid en hardkoppigheid". Lacour-Gayet (1977:86) was veral getref deur die durf van die Voortrekkervrou en beskryf haar soos volg: ".... [T]hey were healthy, strong and courageous, and they also possessed a will of iron". Volgens dieselfde skrywer sou 'n Franse reisiger die volgende opmerking oor die Trekkervrou maak, naamlik: "'The Dutch African women have their say in things' ... 'it is they who make their husbands do whatever they do'" (Lacour-Gayet, 1977:86). Die indruk word verkry dat die vrou dus 'n belangrike rol gespeel het in die blootlegging van die Suid-Afrikaanse binneland. Sy het die man ondersteun en bygedra tot die finaliteit van die vestiging van die witman in die huidige Suid-Afrika. Op dié wyse het sy 'n onskatbare bydrae gelewer tot die latere ontwikkeling van die unieke Suid-Afrikaanse gemeenskappe soos dit vandag bestaan.

Eerwaarde Erasmus Smit was die enigste leraar onder die Voortrekkers en het saam met enkele sendelinge soos die Amerikaner, Lindley, na die geestelike bearbeiding van die Trekkers omgesien (Venter, 1985:25). Die onderrig van kinders is hoofsaaklik deur hulle moeders en enkele manne en vroue wat hulle op die onderwys toegelê het, waargeneem. Vir die Trekkers was dit belangrik dat die kinders kon lees en skryf, veral met die oog daarop dat hulle die Bybel kan lees. Venter (1985:35) som die onderrigsituasie soos volg op: "In hulle [Trekkers] afsondering en isolasie, verstoke van die voorregte van voortdurende kerk en skool, het die huisgodsdiens rondom die Bybel vergoed vir 'n gebrek aan ontwikkeling." Alhoewel die onderwysmoontlikhede dus baie beperk was, het die Voortrekkers tog 'n bepaalde ontwikkelingspeil die binneland ingedra.

Eie aan die Voortrekkers, was hulle sterk demokratiese inslag (Venter, 1985:35). Die behoefte om oor hulleself te regeer was dan hulle hoofmotief om uit die Oos-Kaap weg te trek. Na al die ontberings om tot in die huidige Kwazulu-Natal te vorder en dit blyk dat Natal as Britse kolonie geproklameer sou word, was die Trekkers in opstand. Baie het dan ook Natal verlaat. Hulle strewe na vryheid en selfregering word duidelik geïllustreer in die woorde van eerwaarde Smit se vrou, Susanna. Lacour-Gayet (1977:86) beskryf die situasie soos volg: "The wife of a pastor must have expressed their unanimous feelings when, in the depths of distress, she uttered this poignant cry: 'We are footsore and weary with wandering and suffering, but we should march once more across the mountains to liberty or death'." Hierdie strewe na vryheid en selfregering vind later verder vergestalting in die totstandkoming van die Boere Republieke in 1852 en 1854.

Die Trekkers het hulle stelselmatig op plase begin vestig. Verskillende distrikte en klein dorpies het ontstaan. Nuwe gemeenskappe soortgelyk aan die in die destydse Kaapkolonie het tot stand gekom. Gaandeweg is kerke en skole gebou. In die Oranje-Vrystaat is die bekende Greykollege in 1855 gestig. 'n Onderwyser uit Nederland, dr. J.Brill is as hoof van die nuutgestigte skool aangestel en dr John Brebner, 'n Skot word hoof van onderwyssake in die Vrystaat (Van Schoor, 1969:216). In die Transvaal is daar ook baie moeite gedoen om die onderwys te bevorder. Die eerste Onderwyswet in Transvaal word onder leiding van President Burgers in 1874 deur die Volksraad goedgekeur (Du Plessis, 1969:231).

Volgens die geskiedskrywer Walker (1938:8) was die Groot Trek een van die mees ingrypende gebeure in die geskiedenis van Suid-Afrika. "The Great Trek was great not so much in comparison with the little treks that had gone on from time immemorial in the Cape Colony... It was great because it was, it still is, the central event in that history of European man in South Africa. The results that flowed from it can be traced far north of the equater and beyond" (Walker, 1938:8).

Die Goort Trek het daartoe gelei dat die huidige grondgebied van die Republiek van Suid-Afrika noord van die Gariep-/Oranjerivier deur die blanke Suid-Afrikaners betree is. Alhoewel daar in die proses botsings tussen die Trekkers en swart volke, wat in die gebied woonagtig was, plaasgevind het, het daar ook 'n interafhanklikheid ontwikkel waaruit

samewerking gespruit het wat tot bepaalde ontwikkeling aanleiding gegee het. Verskillende bedrywe soos, onder andere, die boerderybedryf, mynbou en industrieë is gevestig. Die Groot Trek het ook gelei tot die vestiging van onderwys- en opleidingsentra wat 'n verdere bydrae tot die ontwikkeling van gemeenskappe gelewer het. Dit blyk duidelik dat die Groot Trek direk en indirek 'n besondere gebeurtenis was in terme van die ontwikkeling van gemeenskappe in Suid-Afrika.

2.1.5 Die ontdekking van goud en diamante

Die "blink klippie" wat Bezuidenhout op 'n somersdag gedurende 1867 in die Hopetown-omgewing opgetel het, het nie alleen gelei tot die vestiging van diamantdelwerye as 'n vinnig groeiende bedryf nie, maar het die heersende ekonomiese depressie spoedig met algehele welvaart vervang. Die ontdekking van goud gedurende 1873 in die Lydenburg-omgewing sou verder bydra tot ekonomiese welvaart in veral die Boere Republieke. (Vgl. Kruger, [s.a.]a:275 en Engelbrecht, Bosman & Bosman, s.a.:284.)

Die ontdekking van diamante en goud het 'n tydperk van omwentelinge op vele terreine meegebring wat sowel positief as negatief van aard was. Walker (1965:341) laat hom soos volg hieroor uit: "Economically, and in the long run politically, the gold and diamond discoveries brought good as well as evil".

Op ekonomiese gebied het die ontdekking van diamante en goud bygedra tot nuwe werksgeleenthede vir mense op die delwerye en later op die myne. Die delwerye en latere mynbou het ook tot die voordeel en ontwikkeling van ander sektore gestrek. So, byvoorbeeld, het die boere byna oornag 'n groeiende mark vir hulle produkte gehad. Op die lang termyn sou dit ook lei tot die totstandkoming van nywerhede.

'n Verder gevolg van die ontdekking van goud en diamante was die instroming van buitelanders en fortuinsoekers na die Suid-Afrikaanse binneland. Sowel blanke as swart inwoners van Suid-Afrika het na die delwerskampe, wat soos paddastoele opgeskiet het, verskuif. Spoedig het dorpe en stede op die diamant- en goudvelde ontstaan.

Saam met die ontwikkeling van nuwe dorpe en stede is daar ook spoorlyne gebou ten einde die binnelandse stede met die kus te verbind met die oog op in- en uitvoer. Binne enkele

jare is 'n stewige infrastruktuur in die eertydse ongerepte Suid-Afrikaanse binneland geskep. (Vgl. Engelbrecht, *et al.*, s.a.:275 en Van Jaarsveld, 1976:182.)

Die delwersgemeenskappe en latere dorpe en stede is gekenmerk deur 'n kosmopolitiese bevolkingsamestelling. In die stede was daar later hoofsaaklik die volgende groeperinge:

- Vermoënde mynbase en kapitaliste;
- werkers van verskillende bevolkingsgroepe wat in diens van die mynmaatskappye was, en
- nyweraars.

Die rustige landelike atmosfeer in 'n uitsluitlik landbou-georiënteerde Suid-Afrika, is op die diamant- en goudvelde deur 'n gejaagde wedywer na ekonomiese vooruitgang vervang. Die stede het voorsiening gemaak vir allerhande nuwighede wat meegehelp het tot die skep van 'n andersoortige atmosfeer. "Ten years after its foundation Johannesburg had become an American-style city with straight, intersecting streets, parks, gardens, a residential district away from the city centre and a business quarter with Stock Exchanges, clubs and offices that emptied every evening" (Lacour-Gayet 1977:159). Gedurende 1896, tien jaar na die stigting van Johannesburg en 58 jaar na die Groot Trek, was daar dus alreeds sprake van 'n moderne Afri-Amerikaanse stad in Suid-Afrika.

Afgesien van die ekonomiese voordele wat uit die ontdekking van diamante en goud gespruit het, het dit ook ernstige politieke implikasies tot gevolg gehad. Die Boerevolk van die twee Boere Republieke en veral die Transvalers, het meer en meer bedreig gevoel as gevolg van die toenemende volksvreemde uitlanders wat hulle gebied binnegestroom het. Hulle vryheid is verder bedreig deur die geldmag van die uitlanders - meestal Britse onderdane - en die toenemende bemoeienis en belangstelling van die Britse owerheid in die bedrywighede op die diamant- en goudvelde. Davenport (1978:134) verduidelik dat "[t]he discovery of gold on the Witwatersrand in 1886 tended in the first instance to cause a polarisation of interests on territorial rather than ethnic lines; but in the longer term it led to a resurgence of Anglo-Boer conflict". Hierdie situasie het dus later so plofbaar geword dat dit in 'n volskaalse oorlog uitgeloop het.

2.1.6 Die Vryheidsoorlog van 1899-1902

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 sou lei tot drastiese ingrype in die gesins- en gemeenskapslewe van veral die twee Boere Republieke. 'n Belangrike gevolg van die oorlog was nie net alleen die ontwikkeling van 'n groeiende patriotisme nie, maar ook die begin van die organisering van welsynsdienste in die gemeenskap. Dit is veral die boeregemeenskappe wat drasties deur die vyand geraak is. Plaaswonings is afgebrand en die vroue en kinders is weggevoer na konsentrasiekampe. Toestande in die kampe was so haglik dat dit tot die sterftes van baie vroue en kinders gelei het. Volgens Raath en Louw (1991:20) het daar 26 370 vrouens en kinders en 1676 mans (meestal bejaardes), in konsentrasiekampe oor die hele Suid-Afrika gesterf.

Inligting oor die swak toestande wat in die konsentrasiekampe geheers het, het geleidelik die Europese lande en veral Engeland bereik. Dit het tot groot verset by sekere groepe in Engeland aanleiding gegee. Selfs die Franse Kantoor van Buitelandse Sake het volgens Lacour-Gayet (1977:222) die volgende nota vroeg in 1902 uitgereik: " ' 4 January. Political Department. The "Sou des Boers' ["Boers Pence"] Committee has been informed by its correspondents in Southern Africa that it is now useless to send baby clothes. Infant mortality in the concentration camps has been such that these garments would remain unused."

In Engeland het die komitee van die "South African Women and Children's Distress Fund" 'n poging aangewend om iets omtrent die swak omstandighede wat in die konsentrasie-kampe geheers het, te doen. Hulle het Emily Hobhouse (39 jaar oud) "... [who] found her vocation in social work...", na Suid-Afrika gestuur om die kampe te besoek (Lacour-Gayet 1977:221).

Emily Hobhouse se besoeke aan die Boere Republieke het tot die verbetering van omstandighede in die konsentrasiekampe gelei. Dit was ongelukkig eers teen die einde van die oorlog. Emily Hobhouse sou ook 'n verdere belangrike bydrae lewer tot werkverskaffing en die opheffing van die boeregemeenskappe na die oorlog. In 1905 stig sy die eerste spin- en weefskool te Philippolis (Van Reenen, 1984:5). Spoedig het spin- en weefskole in ander gebiede tot stand gekom, want dit was Emily Hobhouse se leuse: "'Plant uit! plant uit!'" (Van Reenen, 1999:98).

Die swak ekonomiese en maatskaplike omstandighede wat na die oorlog in veral die eerstydse Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaanse Republiek geheers het, het, onder andere, gelei tot die stigting van welsynsorganisaies, soos die Kindersorg- en vier Vrouevereenigings. (Vgl. 2.3.2.) Dié organisasies het 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die heropbou van die Afrikanervolk na die oorlog. Gemeenskappe het stelselmatig weer normaal begin funksioneer. Skoolopleiding waarvan daar tydens die oorlog nie veel tereggekom het nie, het geleidelik weer begin vorm aanneem.

Die totale infrastruktuur van Suid-Afrika moes na die oorlog herstel word. Met Uniewording in 1910 het die oorloggeteisterde gemeenskappe grootliks herstel en tot meer normale funksionering teruggekeer.

2.1.7 Die groot depressie van die dertigerjare

Die induiestorting van die Wall Street se aandelemark gedurende Oktober 1929, het vèrreikende gevolge vir Suid-Afrika ingehou. Suid-Afrika se belangrikste uitvoergoedere soos goud, diamante en wol se pryse het noodlottig gedaal. Dit het gelei tot werkloosheid en toenemende armoede. Die toestand is verder vererger deur 'n groot droogte wat in die vroeë dertigerjare begin het. Die boerderygemeenskappe is veral nadelig hierdeur getref. Dit het daartoe gelei dat baie boere hulle plase verlaat het en in die stede gaan werk soek het. (Vgl. Kruger, [s.a].b:523.)

Armoede het in die blanke gemeenskappe sulke afmetings aangeneem dat die Carnegiekommissie in 1932 aangewys is om die Armblankevraagstuk te ondersoek. Dit het gelei tot 'n Volkskongres wat van 2 - 5 Oktober 1934 in Kimberley gehou is. Die kongres sou, onder andere, lei tot:

- die instelling van 'n afdeling Volkswelsyn binne die Departement van Arbeid,
- die stigting van armsorgkommissies,
- die uitvaardiging van die Kinderwet van 1937 en die Werkloosheid-bystandswet van 1937. (Vgl. Potgieter, 1973:35-36.)

Die depressie en gepaardgaande werkloosheid en armoede, het daartoe gelei dat gemeenskappe hulleself op sowel plaaslike as nasionale vlak begin organiseer het om op meer formele en ge-organiseerde wyse na die welsyn, van veral die blanke gemeenskap, om te sien.

2.1.8 Die Tweede Wêreldoorlog

Met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die destydse eerste minister van Suid-Afrika, generaal Jan Smuts, besluit dat Suid-Afrika as lid van die Statebond by die Geallieerde Magte moet aansluit in die stryd teen die Duitsers en Italianers. Hierdie besluit het tot groot stryd in veral Afrikanergeledere gelei. Die Afrikanervolk was in twee groepe verdeel, naamlik, diegene wat Suid-Afrika se oorlogspoging gesteun het en diegene wat daarteen gekant was (Liebenberg, 1969:382).

In die na-oorlogse jare, 1945-1948, het daar 'n toenemende stryd rondom rassekwessies in Suid-Afrika begin ontwikkel. "Die Bantoe het gedurende die proses van industrialisasie onder die Smutsbewind in groot getalle na die stede getrek" (Van Jaarsveld, 1976:294). Die gemeenskappe in Suid-Afrika het algaande in twee kategorieë begin ontwikkel, naamlik, die stedelike en plattelandse gemeenskappe. Beide gemeenskappe was deur verskillende rassegroepe saamgestel. Hierdie situasie het 'n steeds groter behoefte aan beleidmaatreëls meegebring met betrekking tot die ordening van die gemeenskappe in terme van woonregte en veral politieke regte van die verskillende groepe.

Veral die blanke groep en spesifek die Afrikanervolk, het al meer bedreig gevoel deur die groeiende swart bevolking in veral dorps- en meegaande stedelike gebiede, en die gepaardgaande opbloei in swart nasionalisme. Die Smutsregering se onvermoë om duidelike beleidmaatreëls in dié verband aan te kondig, het die Afrikaners nie net onrustig gestem nie, maar hulle saamgesnoer met 'n groeiende nasionalisme. Dit is dan ook van die hoofredes waarom die Nasionale Party onder leiding van dr DF Malan in 1948 aan bewind gekom het. (Vgl. Kruger, [s.a.] c:558-559.)

2.1.9 Republiekwording en die Nasionale Partybewind, 1948-1994

Die Nasionale Partyregering onder leiding van Malan het ten opsigte van die rassekwessie in Suid-Afrika, 'n sterk en duidelik geformuleerde beleid van segregrasie voorgestel. In die manifes waarin die beleid uitgespel is, is die latere veel berugte term "apartheid" gebruik. Die apartheidsbeleid sou vir 'n aantal dekades 'n onuitwisbare invloed uitoefen op die gemeenskapslewe in Suid-Afrika.

Die Afrikanernasionalisme en die Nasionale Partyaanhang het 'n besondere hoogtepunt bereik met Republiekwording in 1961. Onder leiding van dr HF Verwoerd is daar 'n stabiele regering in Suid-Afrika gevestig. Saam met die ekonomiese opbloei na die Tweede Wêreldoorlog, het die inisiatiewe van die Suid-Afrikaanse regering met betrekking tot, onder andere, die uitbreiding van die ontginning van goud en die daarstelling van nywerhede, soos SASOL, bygedra tot verdere finansiële voorspoed. (Vgl. Liebenberg, 1969:399-400.)

Onder leiding van Verwoerd is die apartheidsbeleid verder uitgebou. Weens die implikasies van dié beleid en veral die interpretasie daarvan deur die buiteland, maar veral ook die nie-blanke bevolkingsgroepe, het dit al meer tot groeiende swart nasionalisme, rasseopstand en veroordeling deur die buiteland gelei.

Volgens Kruger ([s.a.]c:563-564) het die apartheidsbeleid hoofsaaklik die volgende geïmpliseer:

- Die verskillende etniese groepe van die swartbevolking moes afsonderlik in eie gebiede hulleself vestig en tot selfgenoegsame eenhede ontwikkel. "Die [Nasionale] Party het verder onderneem om die blanke karakter van die stedelike gebiede te verseker met aparte woongebiede vir die Bantoes wat as trekarbeiders beskou word..." (Kruger, [s.a.]c:563).
- Die Kleurlinge het as't ware 'n posisie halfpad tussen die swart- en witmense beklee."Ook in hul geval is die Nasionale Party ten gunste van die totale apartheid - sosiaal, residensieel, industrieel en politiek - sowel tussen Kleurlinge en ander nieblanke rasse" (Kruger, [s.a.]c:563).
- Ten opsigte van die Indiërs het die Nasionale Party die mening gehuldig dat hulle 'n vreemde onassimileerde element sou wees. Die Party was ook bereid om finansiële hulp beskikbaar te stel vir 'n poging om hulle te repatrieer. Hulle sou ook van ander groepe in die land gesegregreer word.

In die praktyk het die apartheidsbeleid oor die jare heen veral die volgende invloed op die ontwikkeling van gemeenskappe in Suid-Afrika gehad:

- Geografies is gepoog om die swart volke volgens hulle etniese groepering in bepaalde areas van die land (tuislande) te vestig waar hulle tradisioneel woonagtig was.

- Verder is deur middel van instromingsbeheer gepoog om die vestiging van nie-blankes in stedelike- en dorpsgebiede te beperk. Die nie-blankes wat wel hier gevestig was, het in afsonderlike woonbuurtes gewoon. Blankes en nie-blankes het dus in aparte woonbuurtes gebly.
- Op die platteland (tuislande uitgesonder) en spesifiek op plase het boere vir hulle arbeiders behuising voorsien. Die arbeiders se wonings is gewoonlik binne loopafstand van die plaasopstal.
- Groot werkgewers soos die verskillende mynmaatskappye en groter nywerhede het by wyse van "hostels" in die woonbehoeftes van die nie-blanke trekarbeider voorsien.
- Alhoewel 'n groot aantal van die nie-blanke bevolkingsgroepe in woonbuurtes naby stede en dorpe gewoon het, het hulle dikwels ure spandeer om werk toe en terug te pendel. Hulle kon egter op 'n gereelde basis saam met hulle gesinne tyd spandeer en was deel van 'n eie gemeenskap. Trekarbeiders vanaf die platteland en veral vanaf die tuislande wat vir lang periodes van die huis afwesig was om in die groter metropolitaanse gebiede te gaan werk, was vir lang tye van hulle gesinne, families en gemeenskappe verwyder.
- Die toepassing van die apartheidsbeleid het in die proses om die Suid-Afrikaanse samelewing te dwing om volgens etniese groepering afsonderlik te woon en gemeenskappe te vorm, dikwels daartoe meegehelp dat familielede vir lang tye geskei is en dat veral die nie-blanke bevolking ervaar het dat hulle ernstig benadeel word. Alhoewel die beleid tot sodanige negatiewe ervarings gelei het, is daar tog ernstig gepoog om aan almal die geleentheid te gee om veral in stedelike- en dorpsgebiede volgens bepaalde standaarde te leef in terme van, byvoorbeeld, behuisingsvereistes. Plakkery is, onder andere, nie toegelaat nie. (Vgl. Davenport, 1978:331-352.)

2.1.10 Die eerste meerderheidsregering

Met die bewindsaanvaarding van die eerste meerderheidsregering in Suid-Afrika in April 1994, word 'n besondere keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis bereik wat algaande 'n duidelike stempel op die Suid-Afrikaanse gemeenskap afdruk.

Segregrasie word dadelik deur 'n beleid van integrasie vervang. As meerderheidsparty in die tussentydse regering het die ANC homself begin beywer om nie net alleen aan alle Suid-Afrikaanse inwoners gelyke regte te gee nie, maar poog ook deur middel van die

sogenaamde regstellende aksies om veral die swartbevolking spesiale toegang tot werksgeleenthede te bied.

Alhoewel alle mense vry is om hulle volgens eie keuse te vestig, bly daar tog steeds 'n tendens dat verskillende soortgelyke groepe hulleself in eie gemeenskappe vestig.

Weens die groot behoefte aan skoolgeriewe vir die agtergeblewe gemeenskappe en die verskillende bevolkingsgroepe om hulle nog steeds in 'n mate afsonderlik te groepeer, word 'n bepaalde tendens waargeneem. Die plattelandse skole word toenemend net deur die swartbevolking benut, terwyl die blankes na die stedelike gebiede gaan vir hulle skolastiese opleiding.

Die ANC het dit as ideaal om 'n reënboognasie en 'n reënbooggemeenskap te bou. Die werklikhede van die praktyk sal mettertyd moet uitwys of dit 'n praktiese moontlikheid is, of slegs 'n idealistiese ideologie.

2.2 ENKELE AANTEKENINGE MET BETREKKING TOT DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN PHILIPPOLIS

Philippolis is as die oudste nedersetting in die Vrystaat in 1823 aangelê toe die Londense Sendinggenootskap onder leiding van dr John Philip daar 'n sendingstasie vir die Boesmans gestig het. Aanvanklik was ds Abraham Faure verantwoordelik vir die bediening op die sendingstasie. Hy het Jan Goeyman as hulpsendeling aangestel en in 1825 het James Clark hom as voltydse sendeling opgevolg (Raath,1997:1-2).

Sedert 1826 het die Griekwas onder Adam Kok II hulle geleidelik in Philippolis gevestig nadat Kok met eerwaarde Wright ooreengekom het dat hy en sy volgelinge die Boesmans sou beskerm. Die Griekwas het hulle nie by die ooreenkoms gehou nie en spoedig het hulle begin om die Boesmans te verdryf. Na die stigting van Philippolis het boere uit die Kaapkolonie hulle stelselmatig in die omgewing van die nedersetting gevestig. Hulle het plase aangelê en boerderye gevestig. Die trekboere het twee groepe gevorm, naamlik die onder leiding van Michiel Oberholzer wat Britsgesind was en in Philippolis se omgewing goeie weiveld vir hulle vee gevind het. Dan was daar die boere wat onder leiding van Jan Kock en Jan Mocke getrek het weens hulle weersin in die Britse bewind (Raath, 1997:8 & 16).

Gaandeweg het daar konflik tussen die boere en die Griekwas ontstaan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Griekwas hulle grond aan die boere verkoop het en weggetrek het na die omgewing waar die huidige Kokstad later gestig is (Raath, 1997:24-25).

Philippolis het as nedersetting sodanig uitgebrei en ontwikkel in 'n dorpsgebied wat met plase omring is dat die gebied in 1862 as aparte distrik afgebaken is met sy eie grenslyne. Aan die einde van dieselfde jaar is die eerste munisipale konsepregulasies tydens 'n vergadering van die grondbesitters in Philippolis, aanvaar (Bosch, 1962:24-25). Die vroeëre nedersetting het dus nou tot 'n selfstandige distrik en dorpsgebied met 'n eie munisipalitiet ontwikkel.

Vanaf 1863 tot 1907 het die bekende ds Colin Fraser as leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die gemeenskap van Philippolis gearbei. In dié tydperk waartydens die Tweede Vryheidsoorlog plaasgevind het, het hy 'n besondere bydrae gelewer tot die vorming van die gemeenskap (Bosch, 1962:38, 49 & 50.).

Soos dit in die meeste distrikte van die twee Boererepublieke die geval was, het die gemeenskap van Philippolis ook ernstig verarm as gevolg van die oorlogsgebeure. Die meeste van die mans het op kommando gegaan en hulle gesinne is na konsentrasiekampe weggevoer. Verder is plase en selfs dorpshuise afgebrand. Na die oorlog het die inwoners van Philippolis hulleself in groot armoede bevind. Emily Hobhouse het dan ook in haar pogings om die armoede van die Boere te verlig en die gemeenskappe weer op te hef, die eerste spin-en-weefskool te Philippolis gestig. (Vgl. Bosch, 1962:52 & 53 & 2.1.6.) Alhoewel die Boesmans deur die Griekwas verdryf is en hulle self later weggetrek het, het daar tog van beide se nasate oorgebly wat deur die boere later in diens geneem is. Tans is daar steeds lede van dié twee groepe se nageslag woonagtig in Philippolis.

Volgens die inwoners van Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo (vgl. 8.6.2) het die bruin- en swartmense saam in die lokasie gewoon wat vandag as Poding-Tse-Rolo bekend staan. Gedurende 1975 is die bruinmense in 'n afsonderlike woonbuurt, wat vandag as Bergmanshoogte bekend staan, gevestig. Na 1994 het enkele gesinne van dié twee woonbuurtes hulle in die dorpsgebied van Philippolis gevestig. (Vgl. 8.1.)

Dit is insiggewend dat Bosch (1962:17 & 19) meld dat James Backhouse tydens sy reise deur Philippolis gedurende 1839 opgemerk het dat die gemeenskap met 'n drankprobleem te kampe het. Na aanleiding van die verhale van gemeenskapslede blyk dit dat dieselfde probleem tans ervaar word. (Vgl. 8.6.2.)

James Backhouse het verder opgemerk dat daar redelike vordering met die onderwys in Philippolis gemaak is, want "[e]erwaarde Schreiner het vir ongeveer negentig van die groter leerlinge in die kerkgebou skoolgehou, terwyl 'n Kleurlingonderwyseres sestig kleiner leerlinge in 'n oue woonhuisie onderrig het" (Bosch, 1962:19). Dit is insiggewend dat daar reeds tydens die vroeë bestaanjare van Philippolis voorsiening gemaak is vir die onderrig van Kleurlingkinders. Wanneer Bosch (1962:117) meld dat die stand van onderwys aan die begin van 1865 geensins gunstig was nie, verwys hy waarskynlik na die onderrig van veral die blanke kinders. Die situasie het egter drasties verbeter toe daar in 1872 'n lokaal op die dorp as skool ingerig is. Dit het geleidelik die privaat plaasskole vervang. Hierna het die onderwyssituasie egter geleidelik sodanig verbeter dat Philippolis-leerlinge steeds beter presteer het. Twee leerlinge het dan ook in 1879 beurse ontvang omdat hulle die hoogste punte in die Vrystaat behaal het (Bosch, 1962:121).

Die geskiedkundige gegewens met betrekking tot die wording en verdere ontwikkeling van Philippolis dui daarop dat dit 'n soortgelyke verloop as die res van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe gehad het. Aanvanklik is die gebied slegs deur inboorlinge bewoon en later het die boere die gebied binnegetrek en plase aangelê waar hulle die boerderybedryf gevestig het. Terselfdertyd het daar ook 'n dorpsgebied ontwikkel met die nodige infra-struktuur soos kerke, skole, winkels en 'n landdroskantoor. Die verdere tendens was dat die verskillende rassegroepe hulle in afsonderlike woongebiede gevestig het.

2.3 DIE HISTORIESE VERLOOP VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

Ten einde 'n historiese perspektief oor gemeenskapsontwikkeling te kan vorm, is dit nodig dat die begrip gemeenskapsontwikkeling, nader toegelig sal word, veral omdat daar vanuit verskillende kontekstuele raamwerke eiesoortige betekenisse aan die konsep geheg word.

In die vorming van 'n historiese perspektief van gemeenskapsontwikkeling, is dit belangrik om in ag te neem dat verskeie faktore 'n invloed op die ontstaan en verloop van sodanige ontwikkeling gehad het en nog steeds het. In Suid-Afrika sou die volgende faktore in dié verband identifiseer kon word:

- Politieke verwikkelinge
- volkere en kulturele verskeidenheid
- ekonomiese gebeure
- opvoedkundige en godsdienstige verwikkelinge
- media
- krisissituasies, soos oorloë en rampe soos droogtes
- wetenskaplike ontwikkelings
- ekologiese faktore, byvoorbeeld ligging en klimaatsomstandighede.

2.3.1 Gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika: 1652-1899

Alhoewel daar ten tyde van die Westerlinge se verkenning en latere vestiging aan die Kaap nie doelbewus gepoog is om 'n proses van gemeenskapsontwikkeling van stapel te stuur nie, het daar tog pertinente ontwikkeling plaasgevind. In die lig daarvan dat ontwikkeling ook as 'n natuurlike proses van evolusie gesien kan word, kan aanvaar word dat daar voor die koms van Van Riebeeck wel spontane ontwikkeling in Suid-Afrika plaasgevind het. Die koms van die Europeërs het egter 'n baie duidelike nuwe tendens en tempo aan die ontwikkelingsproses in Suidelike Afrika tot gevolg gehad. Andersoortige kultuur, religieuse, ekonomiese, politieke en arbeidspraktyke is gevestig. Suid-Afrika is ook by 'n nuwe wêreld-kommunikasiestelsel ingeskakel. Die seevaarders het mense, gebruike en gebruiksartikels van die destydse wêreld na Suid-Afrika gebring. Hierdie gebeure moes noodwendig die gang van sake beduidend beïnvloed en tot 'n proses van ontwikkeling aanleiding gee.

Van die belangrikste ontwikkelingsgebeure in hierdie tydperk was, onder andere, die volgende:

- Stelselmatig is 'n omvangryke *infrastruktuur* in Suid-Afrika geskep. Die land is al dieper en dieper verken. Plase is aangelê en dorpe het tot stand gekom. Veral na die ontdekking van diamante en goud het groot uitbreidings in terme van die land se vervoerstelsel plaasgevind. Benewens paaie is daar ook spoorlyne gebou. Die posdiens het

grootliks gebaat by die verbeterde vervoerstelsels wat ontwikkel het. (Vgl. 2.1.1, 2.1.2 & 2.1.3.)

- Van die Europeërs wat na Suid-Afrika gekom het, was ervare landbouers. Aanvanklik was die opdrag aan Van Riebeeck juis om 'n verversingspos aan die Kaap te stig. Die koloniste moes dus voedsel produseer vir die verbygaande skeepslui. Algaande is daar doeltreffende *boerderymetodes* aan die Kaap en later ook in die res van Suid-Afrika gevestig. Dit het meegehelp tot voedselvoorsiening, maar ook die skep van werksgeleenthede. (Vgl. 2.1.2.)
- Die vestiging van 'n verversingspos aan die Kaap in die sewentiende eeu het gelei tot nuwe *handelsmoontlikhede*. Suid-Afrika was nou verbind met die res van die wêreld en sou algaande deel word van die wêreldhandel. Die koloniste het die eerste geldstelsel die land ingebring en gaandeweg is die ruilhandel met die inboorlinge met 'n Westerse wyse van koop en verkoop vervang. Dit is veral die ontdekking van diamante en goud wat bygedra het tot groot ekonomiese vooruitgang en uitbreiding van die handelsmoontlikhede in Suid-Afrika, byvoorbeeld die ontwikkeling van banke en marke vir verskillende produkte. (Vgl. 2.1.1.)
- Soos reeds genoem, het die vestiging van die boerderybedryf gelei tot *werksgeleenthede*. Aanvanklik is slawe in diens geneem, maar na die vrystelling van slawe was die werksgeleenthede steeds beskikbaar en het algaande uitgebrei. Die ontdekking van diamante en goud, die gepaardgaande nywerheidsontwikkeling en vinnig groeiende stede het veel werksgeleenthede geskep. (Vgl. 2.1.2 & 2.1.3.)
- Die koloniste en veral die Franse Hugenote, het baie moeite gedoen om onderwysers en predikante na Suid-Afrika te laat kom. Die koms van die onderwysers, predikante en ook sendelinge het tot bepaalde *opvoedkundige ontwikkeling* aanleiding gegee. Skole het ontstaan om veral om te sien na die opvoedkundige behoeftes van die koloniste en die latere groeiende Afrikanervolk. Die sendelinge het ook verskeie pogings aangewend om geletterdheid onder die inboorlinge te bevorder. (Vgl. Van der Merwe, s.a.:67.)
- Sedert die volksplanting aan die Kaap het daar voortdurende *politieke ontwikkeling* in Suid-Afrika na vore getree. Van onderdane van die Oos-Indiese Kompanje, oorheersing deur die magtige Britse Empire het die Afrikaners se groeiende strewe na vryheid en demokrasie gelei tot die stigting van die Boere Republieke in die tweede helfte van die negentiende eeu.

- Net soos daar onderwysers en predikante vanaf Brittanje en Europa "ingevoer" is, het daar ook mediese dokters na Suid-Afrika gekom. Dit het meegehelp tot die ontwikkeling van *mediese dienste*. Die tradisionele wyses van genesing waarvan veral die destydse inboorlinge gebruik gemaak het, is dus gaandeweg aangevul met Westers-wetenskaplike mediese behandelingswyses.
- Die koms van sendelinge en predikante na Suid-Afrika het bygedra tot ontwikkeling op *godsdienstige* vlak. Benewens die geestelike versorging van die koloniste is vele pogings aangewend om die inboorlinge te kersten. Die Franse Hugenote wat weens hulle Protestantisme na Suid-Afrika uitgewyk het, sou ook 'n besondere bydrae lewer tot die vestiging van die Christelike geloof. (Vgl. 2.1.1-2.1.5.)

2.3.2 Gemeenskapsontwikkeling sedert die Tweede Vryheidsoorlog tot Republiekwording

Die einde van die Tweede Vryheidsoorlog het 'n tydperk ingelui waartydens betekenisvolle ontwikkeling op verskeie terreine, maar veral die welsynsterrein plaasgevind het. Onder leiding van Emily Hobhouse is spesifiek gepoog om die situasie van die Boeregesinne en veral vroue te verbeter. Met haar stigting van spin-en weefskole het sy as't ware die eerste doelbewuste pogings aangewend tot gemeenskapsontwikkeling. In daardie sin sou Emily Hobhouse dus as die eerste gemeenskapsontwikkelaar in Suid-Afrika beskou kon word.

Tydens die na-oorlogsjare het die nood van die volk en pogings om hulp te verleen, tot die stigting van 'n aantal vrywillige welsynsorganisaies gelei. So, byvoorbeeld, is die volgende welsynorganisasies gestig, naamlik die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) en die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) in 1904, die Oranje-Vrouevereniging (OVV) in 1911 en die Natalse Chritelike Vrouevereniging (NCVV) in 1915. Gedurende die twintigerjare het verskeie Nasionale Rade tot stand gekom, byvoorbeeld vir Geestesgesondheid (1920), vir Kindersorg (1924), vir Dowes en Blindes (1929). (Vgl. Potgieter, 1973:31-34.) Hierdie welsynsorganisasies het toenemend op georganiseerde vlak pogings aangewend om gesinne in veral finansiële nood en kinders sonder sorg, te help. Dié pogings het die ontwikkeling van die verskillende gemeenskappe, waar hulle aktief was, geïmpliseer. Die lede van die verskillende organisasies was self lede van die gemeenskappe waar die ontwikkelingspogings plaasgevind het. Dit kom dus daarop neer

dat die gemeenskap self betrokke was en verantwoordelikheid vir sy eie ontwikkeling aanvaar het. As gelet word op die grondwette van die verskillende organisasies op daardie staduim, sal gemerk word dat dienslewering veral op die blanke Afrikaner gerig was - dié deel van die gemeenskap wat die swaarste deur die oorlog getref is.

Die depressie van die dertigerjare en die gepaardgaande armoede het tot gebeure wat op gemeenskapsontwikkeling dui, gelei. Die Carnegie-ondersoek na die Armblankevraagstuk lei tot die hou van 'n Volkskongres gedurende Oktober 1934. Aanbevelings wat tydens die kongres gemaak is, sou direk en indirek tot gemeenskapsontwikkelingsgebeure lei. Voorbeelde van sodanige aanbevelings is, onder andere, die oprigting van gemeenskapsentra, koördinering van welsynsaktiwiteite, vakansiekursusse vir vrywillige werkers, die opleiding van maatskaplike werkers aan universiteite en die stigting van 'n Departement van Volkswelsyn. (Vgl. Pieterse, 1975:43-44.)

Verdere gebeure op die welsynsveld wat voorbeelde was van gemeenskapsontwikkeling of wat dit in die hand gewerk het, is, onder andere, die volgende:

- Die departemente van Arbeid en Volkswelsyn het verskeie werkverskaffingsmaatreëls getref, soos die skepping van bosbounedersettings waar gesinne kon werk en hulleself kon vestig. Verder is daar ook in 1933 die Spesiale Diensbataljon in samewerking met die armsorgkomitees ingestel, met die oog op die opleiding en latere indiensplasing van jong mans. Soortgelyk hieraan is die sogenaamde "Kappie Kommando" vir dogters tot stand gebring waar hulle onderrig is in huishoudkunde, gesondheidsleer en liggaamsoefening. Soos die landsekonomie verbeter het, het die behoefte aan die skemas verval en is dit gestaak (Pieterse, 1975:46-47).
- Behuisingsmaatreëls is ingestel in die vorm van die "Plattelandse Rehabilitasie- en Behuisingskemas" wat in 1935 gerealiseer het, met werkverskaffing, behuising en rehabilitasie as doel.
- Verskeie wette ter bevordering van die welsyn van die gemeenskap het in hierdie tyd die lig gesien. Van die belangrikste wette was, onder andere, die volgende:
  - Die Wet ter Bescherming van Kinderen van 1913
  - Die Wet op Geestesgebreken van 1916
  - Die Volksgesondheidswet (1919)
  - Die Slumswet (1934)

- Die Wet op Blindes (1935)
- Die Kinderwet van 1937
- Die Werkloosheid-bystandswet (1937)
- Die Wet op Behuising (1949)
- Die Wet op Welsynsorganisasies (1947) (Potgieter, 1973:32,36 & 38).

Op die opvoedkundige terrein het daar noemenswaardige ontwikkeling plaasgevind. Die plaasskole is gaandeweg vervang met laer- en hoër skole op byna elke dorp. 'n Aantal universiteite en kolleges het ook tot stand gekom. Aanvanklik het die opvoedkundige inrigtings vir blankes voorsiening gemaak, maar geleidelik is daar soortgelyke geriewe tot die beskikking van ander bevolkingsgroepe opgerig.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die ekonomie algaande verbeter en wel in so 'n mate dat daar veral as gevolg van die hoë goudprys, die sestigerjare as die goue jare in die Suid-Afrikaanse ekonomie beskryf is. Die ekonomiese opbloei het in die na-oorlogse jare tot uitbreiding van werksgeleenthede en gepaardgaande ontwikkeling en voorspoed op vele lewensterreine gelei. Mense het hulle toenemend in stedelike gebiede gevestig waar verskeie industrieë tot stand gekom het. (Vgl. Van Jaarsveld, 1982:340-358.) Dit blyk dat die armoedevraagstuk waarmee die blanke Afrikaner gedurende die dertigerjare te kampe gehad het, geleidelik opgeklaar het weens die ekonomiese opbloei wat beleef is. Waarskynlik het dit daartoe bygedra dat gemeenskappe op alle vlakke gebaat het.

2.3.3 Gemeenskapsontwikkeling in die tydperk 1961-1996

Gemeenskapsontwikkeling is in hierdie tydperk beïnvloed en gerig deur verskeie faktore, waarvan die volgende as die mees betekenisvolle aangedui kan word.

- Die ekonomiese opbloei van die sestigerjare het geleidelik oor die volgende dertig jaar so afgeplat dat armoede in die tagtiger- en negentigerjare as een van die vernaamste probleme aangedui is waaraan persone en instansies op die welsynsveld aandag behoort te gee. Vier belangrike nasionale konferensies oor armoede word gehou, naamlik op 21 Februarie 1992 te Bloemfontein; op 23 September 1992 te Wellington; op 7 Mei 1993 by die Universiteit van Pretoria en op 7 Julie 1993 te Verwoerdburg. In opvolg van die

konferensies het politici, soos Naidoo, dit duidelik gestel dat die probleem beveg moet word deur die betrekking van die gewone mense op voetsoolvlak (Olivier, 1994:2-3).

In Olivier (1994:249-259) se riglyne met betrekking tot die bekamping van armoede word 'n duidelike appél tot die welsynsektor gerig om dienslewering meer op gemeenskapsontwikkeling te rig. Volgens haar impliseer dit "... a paradigm shift from clinical social work and hand-outs to developmental social services" (Olivier, 1994:249). Die ontwikkelingstaak spesifiseer sy dan as " ... mobilising the creative energy of the poor to become self-sufficient, improving their skills pertaining to problemsolving, organisation building, fund-raising, bookkeeping, leadership and decision-making" (Olivier, 1994:250). In die welsynsektor se stryd teen armoede blyk die uitbreiding van ontwikkelingsaktiwiteite as onontbeerlik te wees.

- Die politieke stelsel het van 'n minderheidsregering tot 'n meerderheidsregering in 1994 verander. Tydens die minderheidsregering het die apartheidsbeleid tot gevolg gehad dat gemeenskappe gesegmenteerd by welsynsdienste en veral ook gemeenskapsontwikkeling betrek is. Tans word daar na 'n meer holistiese werkswyse beweeg deurdat die totale gemeenskap by ontwikkeling betrek word. (Vgl. African National Congress, 1994.)
- Gemeenskappe het algaande meer bewus geword van 'n behoefte aan doelgerigte en doelbewuste pogings om ontwikkeling te laat plaasvind. "In the report of the South African Tomlinson Commission in the early fifties it was emphasised that a broad social development of the people was most urgently" (Jeppe, 1985:9). Die kommissie het die strategie voorgestel wat tans as gemeenskapsontwikkeling bekend staan, en spel ook prakties uit hoe dit geïmplimenteer behoort te word. Aldus lewer die kommissie 'n betekenisvolle bydrae tot die latere inisiëring van doelgerigte gemeenskapsontwikkelingspogings. (Vgl. Rothmund, 1994:96.)
- 'n Verdere belangrike mylpaal in die historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling was die konferensie wat deur die destydse Departement van Samewerking en Ontwikkeling gedurende Junie 1979 te Pretoria gehou is. "This conference was the starting point of serious study and the resulting implementation of community development in the National States" (Lombard, *et al.*, 1991a:111).
- Die ontstaan en werksaamhede van die nie-regeringsinstansies of te wel die NRIs het 'n betekenisvolle bydrae tot gemeenskapsontwikkeling gelewer oor die laaste drie dekades.

As daar op die mees uitstaande kenmerke van die NRIs gelet word, blyk dit duidelik waarom hulle 'n prominente rol in ontwikkeling speel. Jeppe (1992:23-24) dui die volgende kenmerke aan, naamlik

- "NGOs [NRIs] is 'n georganiseerde groep mense wat 'n spesifieke of algemene ontwikkelingsdoel nastreef en sodanige organisasie het sy ontstaan en funksionering te danke aan hierdie ontwikkelingdoel of die hulpverleningsdoel."
- "Hoewel NGOs gewoonlik onafhanklik van regerings bestaan, kan sodanige organisasies in sekere gevalle ontstaan op eie inisiatief van regeringsagentskappe..."
- Alhoewel daar 'n element van vrywilligheid is, word lede vanweë hulle lidmaatskap van 'n bepaalde gemeenskap onvermydelik deel van 'n NRI.
- 'n Verdere belangrike kenmerk is die oogmerk van gemeenskaplike belang. (Vgl. Jeppe, 1992:23-24.)

Alhoewel NRIs nie altyd oor 'n sterk gevestigde finansiële komponent beskik nie en deur politieke partye ingespan of uitgebuit word, het hulle 'n besondere dimensie aan die poging tot gemeenskapsontwikkeling gegee, veral omdat hulle alle mense vanaf voetsoolvlak betrek by ontwikkelingsaktiwiteite, byvoorbeeld bemagtiging van agtergeblewendes en die ontwikkeling van entrepreneurskap.

- Tydens 'n konferensie oor maatskaplike welsyn en ontwikkeling gedurende 1991 in Johannesburg, is daar sterk vertoë gerig vir 'n paradigmaskuif in die lewering van maatskaplikewerkdienste. Groter klem moes in die toekoms op primêre dienslewering val. Dit impliseer dat meer op die gemeenskapsontwikkelingsveld gedoen behoort te word. (Vgl. Olivier,. 1994:294 & Rothmund, 1994:97.) Die ANC se beleidsdokument waarin die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) uiteengesit is en wat in 1994 verskyn het, het 'n duidelike voorkeurbeklemtoning op die noodsaaklikheid van gemeenskapsontwikkelingsprogramme geplaas. Die volgende word as sleutelprogramme geïdentifiseer;
  - "meeting basic needs;
  - developing our human resources;
  - building the economy;
  - democratising the state and society, and
  - implementing the RDP" (ANC, 1994:7).

Tans word die beleidsrigting soos in die HOP-dokument uiteengesit, grootliks deur staatsinstansies nagestreef en geïmplementeer. Benewens staatsinstansies is die privaat sektor ook sterk deur dié dokument geraak. Gaandeweg het privaat maatskappye en finansiële instellings toenemend 'n simpatieke houding jeens gemeenskapsontwikkeling ge-openbaar. Sodanige instansies gee op gereelde grondslag groot finansiële steun aan HOP- en verwante projekte. Buitelandse maatskappye, soos die Kellogg's en Ford Stigting bied betekenisvolle finansiële steun aan gemeenskapsontwikkelingsprogramme.

- Die *Konsepwitskrif vir Maatskaplike Welsyn* wat in 1995 verskyn het, het verder bygedra tot die uitbouing van gemeenskapsontwikkeling. Die Konsepwitskrif dui nie alleen aan dat gemeenskapsontwikkeling 'n hoë prioriteit moet geniet nie, maar spel ook redelik spesifiek uit wat die fokus van gemeenskapsontwikkelingsprogramme behoort te wees, naamlik:

  "(a) Die fasilitering van die gemeenskapsontwikkelingsproses.

  (b) Die ontwikkeling van gesinsgesentreerde en gemeenskapsgebaseerde programme.

  (c) Die fasilitering van kapasiteitsuitbouing en ekonomiesbemagtigingsprogramme.

  (d) Die bevordering van ontwikkelingsgerigte maatskaplike noodlenings- en ramphulpverleningsprogramme.

  (e) Die fasilitering van voedselhulpprogramme om gedurende noodsituasies as gevolg van rampe, soos oorstromings, brande, burgerlike onrus, droogte of akute honger teen te werk. Voedselhulp van hierdie aard sal 'n tydelike maatreël wees totdat individue en huishoudings by ander maatskaplikeontwikkelingsprogramme ingesluit kan word.

  (f) Vrywillige deelname aan maatskaplike en gemeenskapsprogramme sal aktief aangemoedig en gefasiliteer word.

  (g) Selfhelpgroepe en wedersydse hulpprogramme sal, waar nodig, gefasiliteer word.

  (h) Voorspraakprogramme sal bevorder word.

  (i) Die Staat sal institusionele ontwikkeling fasiliteer gerig op die skepping en/of versterking van bestaande Staatsinrigtings en organisasies van die burgerlike samelewing.

  (j) Geskikte openbare onderwys en nie-formele onderwysprogramme sal gefasiliteer word.

i 152 969 69

(k) Waar nodig sal 'n aanvang gemaak word met die bevordering van programme vir die beslegting van geskille en vir bemiddeling in die gemeenskap. Opleidingsprogramme sal voorsien word.

(l) Die toegang van plaaslike gemeenskappe tot Staats- en nie-regeringshulpbronne om behoeftes te hanteer sal gefasiliteer word.

(m) Intersektorale samewerking sal bevorder word, terwyl die afsonderlike funksies van die verskillende sektore en Staatsdepartemente erken sal word." (Suid-Afrika (Republiek), 1995: 25).

Volgens die Konsepwitskrif word die indruk geskep dat alhoewel die bestryding van armoede sterk beklemtoon word, gemeenskapsontwikkelingsprogramme as't ware alle maatskaplike dienste insluit. Dit behels die harmonisering van verhoudings en die betrekking van die totale gemeenskap om deur middel van bemagtigings- en kapasiteitsbouprogramme eie verantwoordelikheid vir ontwikkeling te aanvaar.

2.4 SAMEVATTING

Aanvanklik is gemeenskapsvorming in Suid-Afrika beduidend deur klimaatstoestande en verskeie oorloë tussen verskillende inboorlingstamme, beïnvloed. Met die koms van die eerste Europeërs is 'n tydvak ingelui waartydens die aard en funksionering van gemeenskappe gaandeweg drasties geraak is. Die verversingspos aan die Kaap het spoedig gegroei tot 'n volwaardige kolonie en die koloniste het geleidelik die binneland ingetrek totdat hulle hulle politieke vryheid in die stigting van die Boere Republieke gevind het. In hierdie proses het die Afrikaner inisiatiewe geneem in die vestiging van 'n infrastruktuur in die binneland. Die ontdekking van goud en diamante het veral 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die verdere uitbreiding daarvan.

Stelselmatig het die Europeërs tot 'n eie volk, naamlik die Afrikanervolk gegroei. Veral as gevolg van 'n unieke interafhanklikheid het die Afrikanervolk saam met die verskillende inboorlingbevolkingsgroepe eie gemeenskappe gevorm. Sodanige gemeenskappe was gevoelig vir kultuur- en etniese verskille met die gevolg dat hulle hulleself meestal in afsonderlike woongebiede gevestig het met elk 'n eie gemeenskapslewe veral ten opsigte van kultuur, opvoedkundige en godsdienstige aktiwiteite.

In die vorming van gemeenskappe oor die jare heen, het gemeenskapsontwikkeling dikwels spontaan plaasgevind. Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het die ontstaan van welsynsorganisasies 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van gemeenskappe gelewer. Later het die professie Maatskaplike Werk meer prominent na vore getree en 'n belangrike rol ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling begin speel. Die spontane wyse waarop gemeenskapsontwikkeling plaasgevind het, is geleidelik deur professionele persone begelei tot 'n meer wetenskaplike beoefening daarvan. In die negentigerjare van die vorige eeu het die ontstaan van die NRIs en die HOP-beleidsdokument doelgerigte momentum aan gemeenskapsontwikkeling gegee met spesifieke fokus op die sogenaamde agtergeblewenes en polities-onderdrukte groepe. Te oordeel aan die toename van gemeenskapsontwikkelingsprogramme en die bewilliging van finansiële steun daarvoor, blyk dit dat daar tans 'n gees van groeiende welwillendheid ontwikkel by alle groepe en sektore in die gemeenskap ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling. Die vraag is egter of daar genoeg kennis en kundigheid beskikbaar is om hierdie programme doeltreffend te rig.

DIE KONSTRUKTIWISME

Die konstruktiwisme word algemeen beskou as 'n onkonvensionele denkwyse wat radikaal staan teenoor tradisionele denkskole soos die positiwisme (Von Glasersfeld, 1984:17; Avis,1990:80 & Hawkins, 1994:9). "Constructivism in its pure, radical sense is incompatible with traditional thinking" (Watzlawick, 1984a:15) en vorm deel van die postmodernisme. Tog meen Hawkins (1994:9) dat "[c]onstructivist theory, as we understand it here, is as old as our traditions." 'n Mens kry die indruk dat oor verskeie tydperke verskillende filosowe en ander wetenskaplikes soos Plato, Socrates, Kant en Piaget in 'n mindere of meerdere mate beginsels grondliggend aan die konstruktiwisme uitgewys het. (Vgl. Von Glasersfeld, 1995.)

Dit is insiggewend dat 'n professor in biologie, Humberto Maturana, waardevolle bydraes gelewer het wat betref die uitbouing van konstruktiwistiese idees met die oog op die toepassing daarvan in die hulpverleningsprofessies. Die Mei-uitgawe (1985) van *The Family Networker* is in geheel gewy aan Maturana se sienings betreffende die implikasies van die beginsels van sy uiteensetting van die konstruktiwistiese denke, vir gesinsterapie. (Vgl. Efran & Lukens, 1985.)

Volgens Feixas (1990:1) het Kelly met sy "Personal Construct Theory" 'n belangrike bydrae gelewer om 'n geïntegreerde raamwerk daar te stel "...that include both systemic and individual phenomena." Neimeyer (1993:224) sluit hierby aan en sê: "The first systemic attempt to articulate a constructivist theory of clinical practice was made by George Kelly..." In die bespreking van die konstruktiwisme in die konteks van hulpverlening en spesifiek dan maatskaplikewerk-hulpverlening, is dit belangrik om aandag te gee aan die bydraes van Kelly.

Alhoewel die sosiale-konstrukteteorie of konstruksionisme in sekere opsigte van die konstruktiwisme verskil, stem die vernaamste uitgangspunt met betrekking tot realiteitskepping ooreen, en dien die konstruksionisme as 'n verdere uitbreiding van die konstruktiwistiese denke. (Vgl. Shaw, 1996:177.)

Met 'n uiteensetting van die belangrikste beginsels en uitgangspunte wat die konstruktiwisme ten grondslag lê, word gepoog om 'n denkraamwerk daar te stel wat die res van die studie in 'n groot mate behoort te rig. Getrou aan die basiese beginsel van die konstruktiwisme dat werklikheid na aanleiding van unieke prosesse geskep word, staan die beredenerings van die studie gevolglik ook in die lig van 'n eie werklikheidskepping met die noodwendige meegaande subjektiwiteit.

3.1 'N OMSKRYWING VAN DIE KONSTRUKTIWISME

Die kernbetekenis van die verskillende skrywers soos Boyd (1991:775), Held (1990:180), Kitchener (1986:102), Von Glasersfeld (1984:24 & 1995:1) en Watts (1994:51) se omskrywings van konstruktiwisme en Shaw (1996:177) se omskrywing van die konstruksionisme, kom daarop neer dat die werklikheid gekonstrueer en nie ontdek word nie. Die mens gebruik veral kognitiewe prosesse om die wêreld te konstrueer. Held (1990:180) meen dat "...all knowledge of the world is the result of our own constructing, ordering, inventing, languaging, constituting, creating (and so forth) processes, and not the result of our discovery of how the world really is." Vanuit die Opvoedkunde sluit Watts (1994:51) hierby aan wanneer hy sê: "...constructivist learning is always an interpretative process involving individual's constructions of meaning relating to specific occurrences and phenomena."

Von Glasersfeld (1984:24) lê klem op die rol wat ervaring speel in die skep van kennis met ander woorde in die skep van die werklikheid. Op die vraag wat konstruktiwisme is? antwoord Von Glasersfeld (1995:1) soos volg: "It is an unconventional approach to the problems of knowledge and knowing ..." en gaan later voort deur te sê dat die konstruktiwisme "...[h]as nothing to say about what may or may not exist. It is intended as a theory of knowing, not as a theory of being" (Von Glasersfeld, 1995:113). Die klem val dus op die beskrywing van die proses wat die daarstelling en ontwikkeling van kennis tot gevolg het.

Met die klem op navorsing omskryf Boyd (1991:775) konstruktiwisme soos volg: "The view that the matter of scientific research is wholly or partly constructed by the background theoretical assumptions of the scientific community and thus is not, as realists claim, largely independent of our thoughts and theoretical commitments." Selfs die navor-

ser wat veronderstel is om objektief te staan teenoor die onderwerp wat hy bestudeer, vorm gevolgtrekkings en ontwikkel raamwerke wat beïnvloed of selfs bepaal word deur sy eie denkprosesse en teoretiese verbintenisse. Die moontlikheid van objektiwiteit word weer eens bevraagteken.

Shaw (1996:177) sien *"social constructionism"* as deel van die konstruktiwistiese denkrigting wat tot verdere uitbreiding van dié denke lei wanneer hy sê dat "[s]ocial constructionism extends the constructionist view by explicitly including as constructions the social relations and social activities that become shared outcomes and artifacts at work in the developmental cycle." Om die werklikheid in 'n bepaalde situasie te konstrueer sluit dus meer as net kognitiewe prosesse in. Die sosiale interaksie of wisselwerking tussen mense speel ook 'n rol in die vorming van konstrukte en meegaande werklikheidskepping.

Uit bogenoemde omskrywings kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat *die konstruktiwisme 'n epistemologie impliseer, wat werklikheidskonstruering as 'n proses sien waartydens unieke kognitiewe aktiwiteite, gerig deur ervaring en bestaande kennisraamwerke, in 'n sosiale milieu van interaksie, 'n subjektiewe werklikheid daarstel.*

3.2 TEORIEË TEN GRONDSLAG VAN DIE KONSTRUKTIWISME

Vir die doeleindes van die studie word teoretiese strominge binne die konstruktiwisme bespreek wat veral in die raamwerk van hulpverlening geïnterpreteer kan word. Die vier teoretiese raamwerke wat bespreek gaan word, naamlik, Maturana se struktuurdeterminisme, die persoonlikheidskonstrukte-teorie van Kelly, Von Glasersfeld se radikaal konstruktiwisme en die sosiaal-konstruksionisme fokus op faktore wat werklikheidskonstruering beïnvloed vanaf 'n interne tot eksterne vlak. Maturana (Efran & Lukens, 1985:23-25) en Kelly (Hjelle & Ziegler, 1983:321-357 & Van der Watt, 1993:20-24) fokus op die invloed wat interne komponente soos die strukturele samestelling en kognitiewe konstrukte van die individu op sy werklikheidskepping het, terwyl Von Glasersfeld (1984:17-39 & 1995) met sy beskrywing van die radikaal konstruktiwisme hoofsaaklik fokus op die rol van ervaring en meegaande kognitiewe prosesse in die bepaling van kennis en die konstruering van die realiteit. Die sosiaal-konstruksionisme let weer op die bydrae van eksterne faktore soos die rol wat interaksie speel in 'n sosiale milieu in die daarstelling van 'n werklikheid.

3.2.1 Maturana se struktuurdeterminisme

Die kern van Maturana se teorie, wat impliseer dat enige organisme of sisteem (stelsel) se optrede bepaal word deur sy interne strukturele samestelling, word deur Efran en Lukens (1985:24) by wyse van die volgende ses uitgangspunte verduidelik:

3.2.1.1 Lewende sisteme is struktuurbepalend ("structured determined")

Enige lewende organisme of sisteem se optrede of gedrag word bepaal deur sy interne strukturele samestelling, of soos Efran en Lukens (1985:24) dit stel "...their operation is a function of how they are built, arrayed, put together". Lewende sisteme en dus ook die mens se reaksies en optredes, word gerig deur sy unieke totale interne "bou". Dit sou onder andere die senustelsel, maar ook kognisie kon insluit.

Hierdie uitgangspunt impliseer onder andere dat verskillende lewende organismes vanweë hulle unieke samestelling verskillend in dieselfde situasie mag reageer. Alhoewel soortgelyke spesies meer ooreenstemmende reaksies mag toon, is daar tog steeds individuele verskille. Die meeste voëls mag op gevaar reageer deur weg te vlieg, maar dan verskil die spoed en wyse waarop hulle van die bron van gevaar wegvlug. Vier individue wat saam buite in die son staan sal nie op dieselfde tyd ewe warm kry nie, nie op dieselfde plekke begin sweet nie, nie op dieselfde plekke en in dieselfde mate begin rooi wys op die vel nie, en waarskynlik ook nie op dieselfde tydstip besluit om uit die son te beweeg nie. Hierdie verskille binne dieselfde spesie bevestig verder die uniekheid van die samestelling van ellke afsonderlike lewende organisme en gevolglike unieke reaksie en gedrag.

'n Verdere implikasie is dat eksterne stimuli nie die bepalende faktor in die reaksie of gedrag van lewende sisteme is nie. Volgens Leyland (1988:359) het Maturana tot die gevolgtrekking gekom dat "...the nervous system respond to the environment in a manner determined by its own self-referring organization and structure, and not in a way determined by external stimuli." Alhoewel die omgewing eksterne stimuli kan verskaf wat reaksie by lewende sisteme soos die mens ontlok, word die aard van die reaksie steeds deur die interne samestelling en prosesse van die sisteem bepaal.

Die interne bepalende reaksie op stimuli uit die omgewing vind plaas deur middel van 'n interne organisasieproses. Die proses verwys na 'n "circular self-referring organization" wat deur Maturana met die konsep "autopoiesis" beskryf word (Leyland, 1988:359). Dit

dui op 'n selfregulerende skeppende proses wat die individu aan die gang sit. Die individu besluit dus self hoe hy op verskillende stimuli uit sy omgewing gaan reageer. Dit hou dus in dat kognitiewe aktiwiteite deel vorm van die proses van "autopoiesis". Dié proses kan soos volg voorgestel word:



Figuur 3.1 *Siklusse proses van interne selfregulerende organisasie (proses van "autopoiesis")*

Dit blyk dus dat die sisteem se gewaarwording van stimuli uit die omgewing, 'n proses aan die gang sit wat by waarneming begin en met gedragsuiting eindig. Waarneming geskied deur die verskillende sintuie en word deur middel van 'n senustelsel aan die brein bekendgestel wat met 'n kognitiewe proses van vertolking, persepsievorming en verwerking, 'n reaksie prosesseer wat in 'n bepaalde optrede of gedrag tot uiting kom. Die interne komponente van die mens reageer dus binne die konteks van onderlinge verhoudings tot mekaar in 'n unieke interaksieproses as reaksie op eksterne stimuli. Hierdie interaksieproses het dan as resultaat die betrokke individu se werklikheidskepping in die betrokke situasie met 'n gepaardgaande gedragsreaksie. Wanneer mense in 'n soortgelyke situasie verskillend reageer, kan dus aanvaar word dat hulle interne interaksieproses op die gegewe stimuli verskillend is.

Tydens die uitbreek van 'n brand sou sekere mense kon reageer deur die brand te probeer blus, ander mag dalk weer hardloop om hulp te gaan soek en 'n derde groep mag moontlik so vinnig as moontlik probeer vlug. Daar kan na aanleiding van die verskynsel van "auto-poiesis" geredeneer word dat die verskillende optredes van die groepe mense toe te skryf is aan hulle unieke interne interaksieprosesse wat tot gevolg het dat hulle moontlik sekere ooreenkomste mag toon in werklikheidskepping ten opsigte van 'n brand, maar ook prominente verskille handhaaf. Die mense wat die brand probeer blus, is waarskynlik die mening toegedaan dat die brand so spoedig moontlik geblus moet word en dat hulle die verantwoordelikheid en vermoë het om dit te doen, terwyl die groep wat gaan hulp soek het, waarskynlik weer redeneer daar is ander mense wat beter in staat is om die vuur te blus. Omdat die waarnemer van hierdie mense ook oor 'n eie unieke interne reaksieproses beskik, is die gevolgtrekkings oor die mense se reaksie op die brand, maar net nog 'n subjektiewe werklikheid wat deur die waarnemer geskep is.

3.2.1.2 Lewende sisteme is geslote vir inligting van buite ("organizationally closed")

Die interne organisasie van 'n sisteem word nie bepaal deur magte of invloede van buite nie. Gevolglik het inligting van buite nie 'n bepalende uitwerking op die reaksie van die sisteem nie, want "[i]t is the system that specifies how it will behave, not the 'information'" (Leyland, 1988:361). Inligting het geen betekenis nie behalwe vir die betekenis wat die sisteem daaraan gee. Dit verklaar verder waarom individue verskillend reageer op dieselfde inligting, met ander woorde in dieselfde situasie. Die situasies waaraan individue blootgestel word, is meestal in die sosiale milieu van ander mense wat dan deel vorm van die inligting en bron van inligting, waarop gereageer word vanuit 'n eie interne struktuur en inherente prosesse. (Vgl. Efran & Lukens, 1985:25.)

Aangesien hierdie gedagtegang bedoel dat een mens nie 'n ander mens se optredes kan bepaal nie, impliseer dit onder andere ook dat die mens nie werklik ander mense vir sy optredes verantwoordelik kan hou nie. Verder sou dit ook kon impliseer dat 'n hulpverlener byvoorbeeld 'n maatskaplike werker dus nie 'n persoon se optrede/gedrag kan verander nie. Verandering kan dus slegs plaasvind as die individu by wyse van sy interne prosesse andersoortige betekenis aan bepaalde inligting gee wat weer tot 'n andersoortige reaksie kan lei.

3.2.1.3 Die verhouding tussen 'n struktuurbepalende sisteem en die milieu waarin dit bestaan ("structural coupling")

Alhoewel Maturana so sterk klem lê op die rol van die interne prosesse van die mens in die bepaling van sy werklikheid en gepaardgaande gedragsuitinge, beklemtoon hy die koppeling of verwantskap ("coupling") wat tussen verskillende lewende komponente lei tot die vorming van sisteme. Sodanige sisteme verwys na alle menslike en dierlike interaksionele sisteme. Met ander woorde die individu bestaan nie in 'n vakuum nie, maar wel in komplekse interaksionele sisteme wat as't ware outomaties gevorm word. Voorbeelde van sulke sisteme is, onder andere, die gesin, die skool en 'n sosiale klub. Hierdie koppelinge/verwantskappe is nodig vir voortbestaan, dit is eintlik waarom lewe gaan –"life is a succession of 'structural couplings'" (Efran & Lukens, 1985:25).

Verhoudings tussen mense kan dan eintlik gesien word as dit waarom die lewe gaan en taal die fundamentele element in die ontwikkeling daarvan, soos dit uiting vind in verskillende verbintenisse tussen mense. Dit is by wyse van interaksie dat mense dus met mekaar in verhouding tree en verskeie verbintenisse tussen verskillende individue laat plaasvind. Deur middel van interaksie tree individue met hulle eie unieke interne strukturele prosesse met mekaar in 'n verhouding en vorm eie unieke verwantskappe ("couplings"), eenhede of groepe.

Dit is insiggewend dat Leyland (1988:362) meld dat die interne struktuur van die sisteem, met ander woorde ook van die mens, sy reaksies bepaal, maar "...that interaction ... leads to structural change which will alter the future behaviour of the system". Die indruk word dus gekry dat die argument dat gedrag slegs bepaal word deur die interne strukturele samestelling en voortspruitende prosesse van die sisteem, veral in die geval van die mens, nie water hou nie, aangesien interpersoonlike interaksie tussen verskillende individue, 'n invloed op die reaksie of gedragsuiting van die individu het. Lewende sisteme is blykbaar dan nie werklik so geslote vir inligting van buite as wat in paragraaf 3.2.1.2 aangedui word nie. Met die bespreking van die volgende uitgangspunt van Maturana se teorie word die saak verder toegelig.

3.2.1.4 Elke lewende sisteem dryf "doelloos" voort totdat hy disintegreer

Efran en Lukens (1985:24) verduidelik dat "[t]he career of a living system consists entirely of a purposeless 'drift' in a medium". Die mens dryf "doelloos" voort totdat hy uiteindelik disintegreer, met ander woorde tot hy doodgaan. Indien dié stelling as die waarheid gesien word, skep dit maar 'n mistroostige prentjie van die sin en betekenis van die lewe, so asof die mens se lewe net gaan om 'n doellose bestaan. Alhoewel voorafgaande uit hierdie siening van Maturana afgelei kán word, word aanvaar dat hy veel meer daarmee probeer sê.

Volgens Efran en Lukens (1985:24) hou Maturana se verdere uitbreiding op hierdie gedagte in dat daar voortdurende responsveranderings plaasvind na aanleiding van veranderings in die eksterne omgewing en interne versteurings. Hierdie proses van voortbeweeg deur die lewe met voortdurende responsaanpassings na aanleiding van interne en eksterne stimuli, duur voort totdat die dood intree, en dit kan enige dag gebeur. Die mens bevind hom dus in 'n situasie van wisselwerking tussen die omgewing en sy interne interaksieprosesse. Gevolglik staan sy gedragsreaksies in noue verband met die totale omgewing waarin hy leef.

Indien die siening, naamlik, dat alle lewende organismes doelloos voortdryf in 'n medium, waarin hulle voortdurend slegs reageer op veranderinge in die omgewing en dat dit voortduur tot hulle dood, sondermeer op die mens van toepassing gemaak word, kan dit die indruk skep, dat die mens 'n doellose vaart op aarde het wat met die dood beëindig word. Die vraag is of dit ook kon impliseer dat die mens by die dood ophou om te bestaan. Sodanige siening sou in die lig van 'n religieuse perspektief en dan veral die Christelike geloof, nie opgaan nie. Dit is juis die lewe na die dood wat sin gee aan die lewe voor die dood. Die Skepper het juis die mens gemaak om Hom te soek en te dien en na die dood vir ewig by Hom te wees. (Vgl. Handelinge. 17:27.) In die lig hiervan sou verdere argumente kon plaasvind met betrekking tot die rol wat religie speel in die mens se interne interaksieprosesse na aanleiding van veranderings of bewegings in die omgewing waarin hy hom bevind.

3.2.1.5 Mense is waarnemende sisteme

Die mens is 'n waarnemende sisteem wat sy waarnemings beskryf, onderskei en uitbeeld met woorde en simbole. Hy gebruik dus taal om sy waarnemings te beskryf (Efran & Lukens, 1985:24). Dit is dus by wyse van waarneming en die uitdrukking daarvan deur taal, dat die mens vir hom 'n werklikheid konstrueer waarin hy voortbestaan. Konstruering van werklikhede is dus van waarnemers se teenwoordigheid en reaksies afhanklik. Alhoewel die mens deur die benutting van taal die illusie skep dat daar 'n werklikheid buite homself is, is dit net 'n illusie, want daar is geen werklikheid buite die waarnemer nie, omdat dit wat waargeneem word, tot werklikheid gekonstrueer kan word.

Dit kom dus daarop neer dat elke individu die omgewing rondom hom waarneem, bepaalde betekenis daaraan heg na aanleiding van sy eie unieke interne kognitiewe prosesse, en waaraan hy by wyse van taal uitdrukking gee. Die mens kan ook nie die domein van sy eie interaksie of taalgebruik verlaat nie, met ander woorde hy kan nie sy eie werklikheidskepping verlaat nie. Dit het tot gevolg dat daar nie 'n objektiewe "onafhanklike" is wat as norm of kriteria vir die ideale werklikheid kan dien nie. Wanneer 'n maatskaplike werker, byvoorbeeld, 'n gesin of gemeenskap beskryf, is dit maar net nog 'n werklikheidskepping oor die bepaalde gesin of gemeenskap. Dit beteken dat soveel persone as wat die gesin of gemeenskap waarneem, soveel gesinne en gemeenskappe is daar. Daar bestaan dus nie 'n objektiewe beskrywing van enige gesin of gemeenskap deur iemand nie, maar slegs subjektiewe konstruerings wat bepaal word deur die uniekheid van die betrokkenes wat deel vorm of waarnemers is van die besondere gesin of gemeenskap.

3.2.1.6 Geen objektiewe heelal of wêreld word waargeneem nie

Wanneer die die mens voorwerpe bestudeer en meen dat objektiewe kennis daaroor bestaan of ontwikkel kan word, word uit die oog verloor dat dié kennis slegs produkte is van sy senustelsel en kognitiewe werkinge. Daar is geen objektiwiteit nie slegs "objectivity in parentheses" (Efran & Lukens, 1985:24). Die werklikheid word dus deur elke individu geskep en volgens Simon (1985:32) besluit 'n groep waarnemers wat die werklikheid is. Mense gee betekenis aan hulle waarneming van die wêreld deur dit taalkundig te verwoord en besluit dan saam wat die werklikheid is. Verskillende groepe mense se werklikheidskepping van dieselfde voorwerp sal dan verskil. In 'n Westerse gemeenskap sal mense ooreenkom dat 'n bepaalde houtvoorwerp 'n stoel is, met die funksie dat daarop gesit kan

word. Indien dieselfde voorwerp aan 'n groepie KhoiSans (Boesmans) getoon word, is die waarskynlikheid goed dat hulle met mekaar ooreen sal kom dat die voorwerp vuurmaakhout is en aldus gebruik kan word. Sou dieselfde voorwerp aan 'n groepie afgeleë Eskimo's gewys word, mag hulle dalk meen dat indien jy dit in 'n sekere posisie gebruik, dit as slee kan dien. Die vraag is nou wie van die groepe se werklikheidskepping is korrek en objektief? 'n Moontlike oplossing vir die probleem is om te aanvaar dat elke groep mense 'n eie unieke werklikheid "skep" en dat die een groep daarom nie meer korrek as die ander is nie.

Maturana se sieninge kan soos volg saamgevat word, naamlik, "...no knowledge about an objective reality is possible, because reality is 'observer dependent'" (Colapinto, 1985:29), en die waarnemer se waarnemings word bepaal deur sy unieke samestelling en interne interaksieprosesse. Al sou daar 'n objektiewe realiteit bestaan, is die vraag dus wie sou daarvan bewus kon wees, want geen werklikheid kan geken word anders as volgens die waarnemer se unieke subjektiewe konstruering daarvan nie.

3.2.2 Kelly se persoonlikheidskonstrukte-teorie

George Kelly wat aanvanklik as ingenieur opgelei is en later hom ook as sielkundige bekwaam het, het in die vyftigerjare van die 20ste eeu 'n kognitiewe teorie oor persoonlikheid geformuleer. Dié teorie wat bekend staan as die "Personal Construct Theory" is vanuit 'n konstruktiwistiese standpunt ontwikkel en het as sulks 'n belangrike bydrae gelewer tot die konstruktiwistiese denkskool en voortvloeiende terapeutiese werkswyses. (Vgl. Hjelle & Ziegler, 1983:321-323 en Feixas, 1990:2-3.)

Volgens Hjelle en Ziegler (1983:324) ontwikkel Kelly die persoonlikheidskonstrukteteorie op grond van 'n enkele filosofiese veronderstelling, naamlik, die konstrukte-alternatiwisme ("constructive alternativism"). Ten einde die persoonlikheidskonstrukteteorie in perspektief te kan plaas, is dit nodig om eers te let op die belangrikste uitgangspunte van die konstrukte-alternatiwisme, met die uiteindelike doel om dié teorie se implikasies in die breër raamwerk van die konstruktiwisme te beredeneer.

3.2.2.1 Konstrukte-alternatiwisme

Die basiese uitgangspunt van die konstrukte-alternatiwisme is dat "...all present interpretations of the universe are subject to revision or replacement" (Hjelle & Ziegler, 1983:324). Daar bestaan dus nie 'n objektiewe werklikheid nie, want elke mens skep die realiteit of waarheid volgens sy eie interpretasie; verskillende mense konstrueer volgens eie interpretasies 'n werklikheid. Verder kan en word hierdie interpretasies voortdurend hersien en aangepas. Behalwe dat individue uniek is wat betref hulle interpretasies van die werklikheid en daar soveel moontlike werklikhede is as wat daar individue is; kan elke individu ook verskillende alternatiewe interpretasies nahou oor die werklikheid. Enige aangeleentheid of gebeurlikheid kan dus vanuit 'n verskeidenheid van perspektiewe beskou word.

Verdere implikasies van dié uitgangspunt is onder andere die volgende:

- Interpretasies van 'n bepaalde gebeurlikheid of aangeleentheid kan altyd weer verander of aangepas word. Nadat 'n bepaalde interpretasie oor 'n situasie gevorm is, kan ander perspektiewe daaroor ontwikkel word, wat tot 'n andersoortige interpretasie lei, met 'n volgende werklikheidskepping oor dieselfde aangeleentheid.
- Die mens vorm voortdurend hipoteses oor die werklikheid waarmee gepoog word om lewensgebeure te antisipeer en te kontroleer. Persepsies en interpretasies oor huidige gebeure word benut om toekomstige gebeure te voorspel en sodoende in beheer te wees van komende situasies. Die mens word as't ware deur die toekoms uitgedaag en gevolglik probeer hy voortdurend, om soos 'n wetenskaplike die toekoms te antisipeer.
- Aangesien menslike gedrag ook deel van die werklikheid is, geld dieselfde argument dat dié gedrag volgens verskillende alternatiewes geïnterpreteer kan word. Daar bestaan dus nie net een verklaring vir spesifieke menslike gedrag nie. Verskillende persone kan menslike gedrag verskillend interpreteer, maar dieselfde persoon kan ook uit verskeie alternatiewes 'n moontlike konstruering van die spesifieke gedrag daarstel. (Vgl. Hjelle & Ziegler, 1983:325.)

3.2.2.2 Die persoonlikheidskonstrukte-teorie

Met die persoonlikheidskonstrukte-teorie fokus Kelly op die psigologiese prosesse wat 'n mens in staat stel om sy lewensgebeurlikhede te orden en te verstaan. Volgens hom vorm die mens konstrukte waarmee hy gebeure in sy lewe beskryf en begryp. 'n Konstruk

verwys na "...a category of thought by which the individual construes or interprets, his or her personal world of experience. It represents a consistent way for the person to make sense of some aspects of reality in terms of similarities and contrasts" (Hjelle & Ziegler, 1983:327). Elke mens vorm dan sy eie konstrukte of denkraamwerke wat ooreenstemmende en kontrasterende elemente bevat. Voorbeelde van konstrukte is onder andere om 'n gemoedstoestand as opgewonde of kalm te beskryf; te besluit persone A en B is intelligent, maar persoon C is dom. Dit is dan juis as gevolg van die aanduiding van die kontraste dat betekenisgewing in 'n bepaalde situasie plaasvind (Feixas, 1990:2-3).

'n Bepaalde konstruk is net vir sekere gebeure relevant en is nie sondermeer op enige situasie van toepassing nie (Hjelle & Ziegler, 1983:329). Die gevolg is dat 'n groot verskeidenheid konstrukte nodig is om gebeure te interpreteer en te antisipeer. Vir die beskrywing van 'n rubyspeler se spel en 'n pianis se klavieruitvoering kan sekere konstrukte soos entoesiastiese of dooierige spel algemeen gebruik word, maar slegs die konstruk van gevoelvolle en onsensitiewe vertolking van die komponis se werk, is op die pianis van toepassing en vuil of skoon spel op dié van die rugbyspeler.

Konstrukte kan ook rigied of meer soepel wees (om dan die konstruk van buigsaam of onbuigsaam te gebruik), wat beteken dat 'n konstruk net vir een moontlikheid voorsiening maak of so buigsaam is dat uitbreidings of veranderings in die betekenisgewing toegelaat word. 'n Meer rigiede konstruk word gewoonlik meer algemeen deur rigiede persone gebruik, persone wat redeneer iets is of net reg of verkeerd en dus die sogenaamde "wit-swart" denke openbaar. Persone wat oor meer buigsame konstrukte beskik, sou dus meer dimensies in hulle realiteit oor 'n bepaalde situasie of aangeleentheid kon hê. Daar sal, byvoorbeeld, nie net geredeneer word 'n persoon is verantwoordelik of onverantwoordelik nie, maar dat hy soms minder verantwoordelik is of dat slegs sekere van sy optredes minder verantwoordelik is. Sodanige soepel konstrukte maak dus voorsiening vir die sogenaamde "grys" gebiede in 'n mens se interpretasies.

3.2.2.3 Implikasies van Kelly se teorie

Die mens funksioneer ooreenkomstig sy verwagtings en voorspellings van gebeure. Gedrag word dus bepaal deur 'n individu se konstrukte wat aangewend word in die antisipering van toekomstige gebeure (Hjelle & Ziegler, 1983:332-333). Indien 'n persoon,

byvoorbeeld, antisipeer dat die vakansie baie eensaam gaan wees, kan verwag word dat gedrag dienooreenkomstig gerig gaan word. So 'n persoon sal waarskynlik vakansiereëlings probeer tref om nie alleen te wees nie.

Elke individu se konstrukte waarmee hy die werklikheid konstrueer en toekomstige gebeure antisipeer, is uniek en verskil gevolglik dikwels van die konstrukte en konstrueringsprosesse van ander mense. "Each person construes reality through his or her unique personal construct 'goggles'" (Hjelle & Ziegler, 1983:333). Dit kan tot gevolg hê dat individue, maar ook groepe van mekaar kan verskil in hulle werklikheidskepping oor bepaalde aangeleenthede. Daar kan bereken word dat dit dikwels besluitnemingsprosesse in groepe of gemeenskappe kan bemoeilik en selfs tot konflik kan lei. Persone wie se konstrukte en dus gepaardgaande werklikhede verskil, kan beleef dat daar nie onderlinge begrip vir mekaar is nie. Interpersoonlike interaksie en verhoudings gaan uiteraard spesifiek hierdeur beïnvloed word. Hjelle & Ziegler (1983:338) noem dan ook dat "...social interaction consists primarily of one person trying to understand how another person perceives and interprets his or her environment". Wanneer 'n bepaalde groep in 'n gemeenskap meen dat daar voorkeur aan die bou van sportgronde gegee moet word, terwyl 'n ander groep weer antisipeer dat dit vir die gemeenskap voordeliger sal wees om 'n teater met die beskikbare geld te bou, kan konflik ontwikkel omdat daar 'n verskil in die groepe se konstruering van die werklikheid is en die gevolglike ervaring van gebrek aan onderlinge begrip. Hoe meer rigied die konstrukte is waaroor die groepe beskik, hoe moeiliker gaan dit waarskynlik wees om onderlinge begrip vir mekaar se werklikhede te ontwikkel.

Wanneer Hjelle & Ziegler (1983:338) sê dat Kelly "...believed that people who belong to the same culture group construe their experiences in much the same way", kan verwag word dat verskillende kultuurgroepe sal verskil in die vorming van die werklikheid. Waarskynlik sal groepe met 'n groot mate van eenstemmigheid in hulle konstruering van gebeure geneig wees tot groter samehorigheid (kohesie) as in groepe waar daar groot verskille is. Die teenoorgestelde is waarskynlik ook waar, naamlik dat 'n bepaalde groep met 'n sterk samehorigheid geneig sal wees tot groter eenstemmigheid in hulle konstruering van die werklikheid. In gemeenskappe waar daar dus verskeie kultuurgroeperings teenwoordig is, kan dieselfde situasie wat by verskillende individue

met betrekking tot besluitneming en konflik gebeur, tussen die verskillende kultuurgroepe plaasvind. Wanneer die groepe oor 'n sterk groepsamehorigheid beskik, kan verwag word dat die situasie meer gekompliseerd en selfs gepolariseerd kan word. Die situasie kan ontwikkel dat groepe dus gedrewe voel om hulle werklikhede te verdedig met die motief om eintlik die groep en groepsbelange te beskerm.

3.2.3 Die radikaal-konstruktiwisme

Alhoewel Von Glasersfeld (1995:54), Piaget as die pioneer van die konstruktiwistiese benadering in die twintigste eeu beskou, meen Hawkins (1994:10) dat Ernst von Glasersfeld die grootste hedendaagse voorstaander van die radikaal-konstruktiwisme is. In Watzlawick (1984 a & b) se werk *The invented reality* bespreek Von Glasersfeld die belang-rikste argumente en uitgangspunte wat die radikaal-konstruktiwisme ten grondslag lê. In sy boek *Radical Constructivism: A Way of Knowing and Learning* bespreek Von Glasersfeld (1995) die oorsprong van sy sieninge en betekenis van die radikaal-konstruktiwisme onder andere in die konteks van die opvoedkunde. Die indruk word gekry dat Von Glasersfeld veral deur die werk van Piaget beïnvloed is. Later het persone soos Ceccato en Berkerley verder bygedra tot die ontwikkeling van sy radikaal-konstruktiwistiese redenasies of "a theory of knowing" (Von Glasersfeld, 1995:1-20).

Die radikaal-konstruktiwiste fokus op 'n epistemologie wat veral klem lê op die rol van kognitiewe prosesse na aanleiding van eie ervaring in die daarstelling van kennis oor die werklikheid. "It starts from the assumption that knowledge, no matter how it be defined, is in the heads of persons, and that the thinking subject has no alternative but to construct what he or she knows on the basis of his or her own experience" (Von Glasersfeld, 1995:1). Dit sluit aan by Kelly se persoonlikheidskonstrukte-teorie, maar is net baie meer radikaal. Volgens Kenny (1988:37) maak Von Glasersfeld 'n onderskeid tussen die "trivial" en "radical" konstruktiwiste. Kelly wat as 'n onbeduidende ("trivial") konstruktiwis bekend staan, verskil van die radikale konstruktiwiste daarin dat hy wel glo in 'n objektiewe ontologiese werklikheid. In teenstelling hiermee meen Von Glasersfeld dat daar slegs 'n wêreld is wat deur die mens se eie ervarings en meegaande kognitiewe prosesse geskep word, dus 'n subjektiewe werklikheid. (Vgl. Von Glasersfeld, 1995:25-27 & 119.)

3.2.3.1 Omskrywing van radikaal-konstruktiwisme

Ten einde die radikaal-konstruktiwisme te omskryf, is dit nodig om uit te brei, oor waarom dit juis *radikaal* is. Von Glasersfeld (1984:24) verduidelik dit soos volg: "Radical constructivism, thus, is radical because it breaks with convention and develops a theory of knowledge in which knowledge does not reflect an 'objective' ontological reality, but exclusively an ordering and organization of a world constituted by our experience." In teenstelling hiermee, hang filosowe en ander wetenskaplikes van voor Plato tot vandag, die uitgangspunt aan dat kennis weerspieël slegs die waarheid as dit ooreenstem met 'n onafhanklike objektiewe werklikheid. Dit impliseer dus dat kennis objektief aan die bestaande werklikheid getoets kan word en dat die wêreld met al sy wetmatighede, ontdek moet word. Die subjektiewe aktiwiteite van die mens in die bepaling van hierdie kennis word nie erken nie. Hierdie denkwyse wat as die tradisionele denke bekend staan, word deur die konstruktiwiste en veral Von Glasersfeld (1984:16-39 & 1995) ernstig bevraagteken en weerlê.

Von Glasersfeld (1984:39) kom na 'n beredenering oor die ontwikkeling van kennis oor die werklikheid, tot die gevolgtrekking dat "...it will be obvious that radical constructivism itself must not be interpreted as a picture or description of any absolute reality, but as a possible model of knowing and the acquisition of knowledge in cognitive organisms that are capable of constructing for themselves, on the basis of their own experience, a more or less reliable world." Elke individu beskik dus oor kognitiewe kwaliteite wat sy ervarings van die werklikheid tot 'n eie betroubare wêreld kan konstrueer. Weens die uniekheid van elke individu se kognitiewe reaksie op ervarings kan dus aanvaar word dat sy werklikheidskepping ook uniek sal wees en gevolglik ook subjektief. Daar word egter aanvaar dat ooreenkomste tussen die werklikhede van verskillende individue mag voorkom. Wanneer dit sneeu is die waarskynlikheid, byvoorbeeld, groot dat tien en selfs meer mense die klimaatsomstandighede as koud en onguur sal beskryf, maar dat daar verskille mag wees in hulle ervaring van die intensiteit van die koue. Alhoewel die indruk verkry word dat verskillende mense een objektiewe werklikheid geskep het, is daar te midde van die eendersheid nog steeds kleiner verskille en aldus subjektiewe werklikhede wat in afhanklikheid van spesifieke mense se ervarings en meegaande kognitiewe aktiwiteite geskep is. Ten einde die argument verder toe te lig, is dit nodig om op die breër uiteensetting van Von Glasersfeld (1984 & 1995) se idees te let.

3.2.3.2 Kernidees van die radikaal-konstruktiwisme

Ten einde die konstruktiwistiese argumente te begryp en binne die breë raamwerk van denkskole te plaas, is dit nodig om op 'n basiese epistemologiese probleem te let. Dit gaan oor die kwessie van die daarstelling van kennis oor die werklikheid en hoeveel waarheids-momente daar in die kennis is, met ander woorde wat is die waarheid? Net soos Plato, worstel hedendaagse filosowe nog steeds met dieselfde vraag (Von Glasersfeld, 1984:19). Alhoewel sovele argumente vanuit verskillende denkskole aangevoer is om die ontstaan en vestiging van kennis en die waarheidsmomente daarin, te verduidelik en te bevestig, blyk dit dat hierdie argumentasie tot die einde van die tye sal voortduur. Dit is amper asof elke geslag in sy unieke lewensomstandighede nuwe antwoorde in die verband soek en aanvoer. 'n Mens sou byna kon sê: kennisontwikkeling en die daarmee gepaardgaande werklikheid-skepping en waarheidsbepaling is 'n dinamiese proses wat in verskillende tydsituasies verskillende dimensies kan aanneem. Kennis, die werklikheid en die waarheid is dus dinamies van aard en vatbaar vir uitbreiding, verandering en aanpassing. 'n Verdere vraag wat nou gevra kan word, is waaraan kan hierdie dinamika te danke wees? Is dit die skepper van kennis of die situasie waarin dit plaasvind, of beide?

Dit wil voorkom asof filosowe in 'n poging om bogenoemde epistemologiese dilemma op te klaar, by twee denkpole uitgekom het, naamlik, dat daar kennis aangaande 'n objektiewe werklikheid bestaan wat dan die waarheid sou impliseer. Daarteenoor bestaan die konstruktiwistiese siening dat die realiteit op subjektiewe wyse deur ervaring geskep word. Filosowe soos Pyrrhon en Sextus Empiricus wat onderskeidelik 400 jaar vC en 100 jaar nC geleef het, het alreeds konstruktiwistiese beginsels neergelê deur verskeie voorbeelde te gee wat daarop dui dat "...perceptions and the judgements based on them [human senses] were influenced by context and human attitudes and therefore could not be trusted to provide a true picture of the real world" (Von Glasersfeld, 1995:26). Selfs nadat Kant later jare dit duidelik gestel het dat die mens nie natuurwette deur middel van sy kognisie ontdek nie, maar dit self indra, beskou die meeste wetenskaplikes hulle vandag nog as die ontdekkers van onbekende natuurgeheimenisse (Von Glasersfeld, 1984:20). Dit is byna asof hierdie toutrekkery die dilemma net verder aksentueer en in 'n sekere sin die konstruktiwistiese idee dat daar nie net een werklikheid en een absolute waarheid is nie, beklemtoon.

Die belangrikste uitgangspunte en implikasies van die radikaal-konstruktiwisme is, onder andere, die volgende:

- Een van die mees fundamentele uitgangspunte van die radikaal-konstruktiwisme is "...that the world which is constructed is an experiential world that consists of experiences and makes no claim whatsoever about 'truth' in the sense of correspondence with an ontological reality" (Von Glasersfeld, 1984:29). Die mens se ervaring of belewenis van sy wêreld is bepalend in die skepping van hierdie wêreld. Vanaf die mens se geboorte bevind hy hom voortdurend in 'n ervaringsituasie waaruit hy sy werklikheid skep. Hierdie ervaringselemente sluit sy totale omgewing in, vanaf klimaatstoestande tot sosiale verkeer met ander mense. Die konstruering van sy wêreld of dan die skeppingsproses vind outomaties plaas, met ander woorde hy besluit nie of hy aan die skeppingsproses wil deelneem of nie, dit is deel van sy menslike bestaan. Die inhoud en betekenis wat hy aan sy ervaringswêreld gee, vind egter nie so outomaties plaas nie. Hy benut sy eie unieke kognitiewe prosesse om die ervaringswêreld tot 'n eie werklikheid te skep.
- Die siening dat die mens sy kognisie gebruik om werklikheidskepping te laat plaasvind, is volgens Von Glasersfeld (1995:18 & 51) 'n kernbeginsel van die radikaal-konstruktiwisme en verduidelik dat "...the function of cognition is adaptive, in the biological sense of the term, tendering towards fit or viability; cognition serves the subject's organization of the experiential world, not the discovery of ontological reality." Na aanleiding van dié beginsel kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die interne organisasie van die ervarings van 'n individu nie sonder kognisie kan plaasvind nie. Werklikheidskepping is dus afhanklik van veral twee komponente, naamlik, die individu se belewing van sy omgewing en die kognitiewe prosesse wat op hierdie belewenisse of ervarings reageer met prosesse wat die konstruering van 'n eie unieke werklikheid tot gevolg het.
- 'n Tweede fundamentele beginsel van die radikaal-konstruktiwisme handel oor die ontwikkeling van kennis en word deur Von Glasersfeld (1995:51) soos volg uiteengesit: "Knowledge is not passively received either through the senses or by way of communication; knowledge is actively built up by the cognizing subject." Kennis word dus nie ekstern bekom nie, maar deur interne kognitiewe aktiwiteite ontwikkel. Na aanleiding van die mens se ervaringswêreld wat alle interne en eksterne blootstelling insluit, met ander woorde van die waarneming van die reuk van 'n blom

tot die lees van 'n boek, word deur die mens se kognitiewe prosesse verwerk tot 'n werklikheid en gepaardgaande kennis.

Von Glasersfeld (1984:27-28) redeneer verder dat 'n mens alleen kennis kan hê van iets wat hy self gemaak het. Hy kan dus net kennis hê van 'n werklikheid wat hyself gekonstrueer het. Vico het al in 1710 hierdie epistemologiese idee gehuldig en volgens hom is "...the only way of 'knowing' a thing is to have made it, for only then do we know what its components are and how they were put together" (Von Glasersfeld, 1984:27-28). Die wêreld wat die individu dus beleef of ervaar en aldus kennis van het, is soos wat dit is omdat die individu self tot so 'n samestelling gekom het. Dus is die mens se kennis beperk tot dit wat hyself gekonstrueer het en daar kan vir hom nie ander werklikhede bestaan as wat hy self tot stand gebring het nie.

- Die mens gee uitdrukking aan sy werklikheid en kennis deur middel van kommunikasie en die benutting van taal. Kommunikasie sou hier dui op verbale en nie-verbale uitdrukking. Daar is nie een universele verbale taal wat deur alle mense gebruik word nie en taalgebruikers van dieselfde taal mag ook verskillende betekenisse heg aan dieselfde konsepte. So kan verskillende persone verskillende begrippe gebruik om dieselfde situasie te beskryf. Dié verskynsel beklemtoon verder die uniekheid van werklikheidskepping. Dan het die gebruik van 'n moedertaal of tweede taal ook 'n effek op die betekenisgewing aan die situasie en uitdrukking van kennis in die verband. Von Glasersfeld (1995:3) ondersteun die Sapir-Whorf hipotese wat beweer dat "...how people see and speak of their world is to a large extent determined by their mother tongue." Al sou die persoon 'n tweede taal gebruik, is sy konstrukturering en konseptualisering grootliks gebaseer op die konsepte en betekenisse soos te vinde in sy moedertaal. Daar kan dus verwag word dat 'n persoon homself gemakliker en vollediger in sy moedertaal kan uitdruk en aldus sy werklikheid skets en meegaande kennis verwoord. Dit kan ook aanvaar word dat 'n persoon se ervaring van en reaksie op 'n moedertaalgenoot se kommunikasie sal verskil van die van 'n gebruiker van 'n ander taal.

Wanneer 'n Sotho-sprekende persoon sy werklikheid in sy moedertaal uitdruk, sal dit waarskynlik verskil van sy beskrywing van dieselfde situasie in 'n tweede taal, byvoorbeeld, Engels. Benewens die verskille in die konseptualisering van die

werklikheid in verskillende tale, ervaar taalgebruikers gewoonlik, weens verskeie redes, bepaalde emosionele ervaringe ten opsigte van die onderskeie tale. Hierdie verskynsel dra verder by tot die unieke en subjektiewe werklikheidskonstruerings wat plaasvind. (Vgl. Von Glasersfeld, 1995:1-20 & 129-143.) Die individu is blootgestel aan 'n ervaringswêreld met die ervaring van bepaalde belewenisse wat deur interne kognitiewe prosesse geprosesseer word, met 'n werklikheidskepping en gepaardgaande kennisontwikkeling as resultaat en die uitdrukking daarvan deur middel van taal en verdere nie-verbale kommunikasie, wat in 'n wyer sin as gedragsuitinge gesien sou kon word. Hierdie werklikheidskepping en daargestelde kennis sou waarskynlik as hoofdeterminante dien ten opsigte van die voortspruitende gedrag wat mag volg. Figuur 3.2 gee 'n aanduiding van die proses van werklikheidskepping.

Figuur 3.2*: Die proses van werklikheidskepping*

A - Vrou sien haar man intiem verkeer met 'n ander vrou.

B - Vrae soos waarom doen hy dit? Het hy my nog lief? word gevra.

C - Gevolgtrekkings wat gemaak kan word, is byvoorbeeld, my man het my nie meer lief nie; ons huwelik is op die rotse; ek is alleen.

D - Sê aan ander dat man ontrou is en dat die huwelik nie meer kan voortgaan nie. Openbaar hartseer en woede deur te huil en man vir 'n egskeiding te dagvaar.

- Die wyse hoe ervarings gekonstrueer word, word noodwendig beïnvloed en bepaal deur tyd, ruimte en ander elemente voortspruitend hieruit. Huidige ervarings word gewoonlik met voriges vergelyk ten opsigte van die mate van verskil of ooreenstemming wat daar mag wees. Daar kan aanvaar word dat die konstruering van werklikhede na aanleiding van die mens se ervaringe en belewenisse, 'n dinamiese proses is wat tot die einde van sy lewe voortduur. Daagliks is hy aan nuwe ervarings blootgestel wat tot werklikheidskeppings lei.
- 'n Belangrike uitvloeisel van die radikaal-konstruktiwistiese argumentasie is dat daar nie 'n objektiewe werklikheid bestaan nie en gevolglik nie objektiewe kennis of objektiwiteit as sulks nie. Die skeptici beklemtoon baie duidelik die feit dat menslike oordeel beïnvloed word deur die konteks en menslike houdings, met die gevolg dat objektiwiteit eintlik nie moontlik is nie. Een van die klassieke voorbeelde hiervan is wanneer 'n persoon sy hand van 'n houer met koue water na een met warmer water beweeg, sal hy rapporteer dat die tweede houer se water warm is. Indien hy egter eers sy hand in 'n houer met warm water plaas en dan in die tweede houer met lou water, sal hy weer te kenne gee dat die water van die tweede houer koud is. Die vraag is nou watter van die twee kere was sy oordeel korrek (Von Glasersfeld, 1995:26). Dieselfde geld ook vir die voorbeeld van die stoel en die Boesmans (KoiSans). (Vgl. par. 3.2.1.)

Waarneming van die wêreld en die interpretasie daarvan bly nog steeds 'n menslike beskouing ("human view"). Die vraag bly hoe kan bepaal word of 'n individu se persepsie van die wêreld korrek is, want waarmee kan dit vergelyk word om sodanige bepaling te doen? Daar is maar net die persepsies van ander mense beskikbaar waarmee so 'n individu sy eie kan vergelyk en daar word aanvaar dat hulle presies dieselfde dilemma ervaar. Dit blyk dus dat daar verskeie persepsies oor die wêreld gevorm kan word en dat dit onmoontlik is om die grade van korrektheid van almal te bepaal. Daar is dus nie een objektiewe persepsie of werklikheid waaraan ander werklikhede gemeet kan word nie. Objektiwiteit is dus nie moontlik nie aangesien daar slegs subjektiewe persepsies bestaan en gevolglik word die waarheid baie relatief,

want niemand kan 'n suiwer objektiewe werklikheid buite homself konstrueer nie. (Vgl. Von Glasersfeld, 1995:25 & 119.)

Dit is insiggewend dat Von Glasersfeld (1995:5) noem dat Berkeley wat 'n gelowige Christen was, by hierdie argumentasie bygevoeg het dat "...because God perceives all things all the time, their permanence is assured." Hy suggereer dus dat in die lig van God se alomteenwoordigheid alles nie relatief is nie, maar dat daar wel 'n vaste waarheid bestaan. Volgens Skrifgedeeltes soos Johannes 1:14 & 14:6 & 17, word God as die God van die waarheid beskryf. Daar sou verder aanvaar kan word dat slegs God die vaste waarheid ken en dat die mens weens sy beperktheid nooit dié waarheid volledig sal begryp nie, maar dit slegs volgens sy uniekheid en beperkte kennis met subjektiewe en onvolledige konstruksies van die waarheid te make sal hê. God openbaar Hom deur die Heilige Gees op unieke wyse aan elke individu volgens sy besondere behoeftes en omstandighede. Dit blyk onder andere uit die unieke wyse waarop Jesus teenoor die verskillende dissipels gereageer het. Alhoewel geloofsgroepe eenstemmigheid met betrekking tot Skrifbeginsels mag hê, kom daar steeds nuwe interpretasies na vore. Verder kan aanvaar word dat individue op verskillende omstandighede aan dieselfde Skrifgedeeltes verskillende betekenis sal heg. Alhoewel die betekenisse waarskynlik nie kontrasterend tot mekaar is nie, maar aanvullend, bly dit dus nie konstant dieselfde nie. Al sou die mens in sy werklikheidskepping dus mank gaan aan 'n objektiewe waarheid, hou die almagtige Skepper van die mens wel die waarheid in sy Hand.

- Die voorafgaande argumentasies impliseer ten slotte dat die mens alleen verantwoordelik is vir sy denke, sy kennis en wat hy doen - dit wil sê die mens se wyse hoe hy bepaalde situasies ervaar, dit interpreteer tot bepaalde kennis en gevolglike werklikheidskeppings kom, is uniek aan hom gekoppel en onder sy beheer. Die mens is dus ook verantwoordelik en in beheer van die uitdrukking van sy werklikheid en kennis, asook die gevolglike reaksies en gedragsuitinge. Hy kan dus nie die omgewing, ander mense en/of gebeure blameer vir sy optredes nie. (Vgl. Von Glasersfeld, 1995:18.)

3.2.4 Die sosiaal-konstruksionisme of sosiale konstrukteteorie

Dit blyk dat die konstruksionisme voortbou op die teorieë van Jean Piaget wat, onder andere, meen dat kennis deur kognisie gevorm word. In die opvoedkunde het die werk van veral Papert gelei tot die vestiging van konstruksionistiese beginsels met betrekking tot die begrip van die leerproses. (Vgl. Kafai & Resnick,1996:1-2.) Gergen het weer 'n waardevolle bydrae gelewer om die idees en beginsels van die konstruksionisme in die sielkunde en gesinsterapieveld van toepassing te maak. (Vgl. Sheinberg, 1992:201 & Hoffman, 1992:8.)

Alhoewel die *konstruksionisme* en die *konstruktiwisme* beide deel vorm van die postmodernisme en verskil van die modernisme se siening met betrekking tot die bestaan van 'n objektiewe werklikheid, bestaan daar bepaalde verskille tussen die twee denkrigtings met betrekking tot die wyse hoe die werklikheid geskep word.

3.2.4.1 Die verskil tussen die konstruktiwisme en die sosiaal-konstruksionisme

Die vernaamste verskille tussen die konstruktiwisme en die sosiaal-konstruksionisme behels onder andere die volgende:

- Volgens die konstruktiwisme vind die ontwikkeling van kennis en werklikheidskepping intern plaas. Die mens konstrueer met ander woorde die werklikheid by wyse van interne kognitiewe prosesse na aanleiding van blootstelling of ervarings van hulle omgewing. In teenstelling hiermee konstateer die konstruksionisme dat kennis ekstern ontwikkel word en die werklikheid aldus ook op eksterne vlak gekonstrueer word. Die individu ontwikkel kennis en die daarmee gepaardgaande werklikheid by wyse van voortdurende interaksie met ander (Shaw, 1996:177). Die vraag ontstaan of hier werklik 'n verskil ter sprake is en of die konstruksionisme nie in die opsig slegs 'n uitbreiding van die konstruktiwisme is nie?

  Die werklikheid wat volgens Maturana, Von Glasersfeld en Kelly (vgl. 3.1-3.3) deur middel van interne prosesse plaasvind, kan verder vervorm, aangepas en herskep word tydens interaksie met ander mense. Daar sou ook geredeneer kon word dat die interaksieproses tussen individue nuwe ervarings skep wat interne sensoriese en kognitiewe prosesse laat ontstaan wat tot die konstruering en/of herkonstruering van die

werklikheid kan lei. Dit is amper asof beide interne en eksterne prosesse nodig is om die sirkel, maar ook spiraal van werklikheidskepping te voltooi.

- Die konstuktiwistiese sienings lê daarop klem dat die individu volgens sy unieke samestelling en kognitiewe prosesse 'n werklikheid en meegaande kennis skep, terwyl die konstruksionisme dit as 'n groepsaktiwiteit beskryf (Shaw,1996:177). "All knowledge, the social constructionists hold, evolves in the space between people, in the realm of the 'common world' or the 'comman dance'" (Hoffman, 1992:8). Ten einde interpersoonlike interaksie te laat plaasvind, word minstens twee persone vereis, maar dit kan ook tussen veel meer mense geskied. Deur middel van gesamentlike onderlinge interaksie word konstrukte geskep, gedeel en vervorm tot die ontwikkeling van kennis en konstruering van werklikhede. Elke gespreksituasie eindig dus met 'n nuwe werklikheid of ten minste die uitbreiding van die werklikheid wat ter sprake was tydens die begin van die gesprek. Tydens gesprekke met individue, groepe en gemeenskappe vind die ontwikkeling van werklikheidskonstruksies op 'n deurlopende wyse plaas.

3.2.4.2 Die konteks waarin werklikheidskepping plaasvind

Volgens die sosial konstruksionisme vind die sosiale aktiwiteite waardeur nuwe werklikhede gekonstrueer word, binne sosiale omgewings plaas. In die ontwikkeling van konstrukte vorm dié sosiale omgewings nie 'n statiese neutrale agtergrond waarteen al die prosesse plaasvind nie, "...but they are seen instead as intimately involved with the process and outcome of that development" (Shaw , 1996:180). Hierdie sosiale omgewings bied 'n konteks waarbinne nuwe kennis ontwikkel word, deurdat konstrukte deur die skeppers daarvan gedeel word, in 'n voortdurende interaksieproses tussen verskillende individue. Dié konteks bestaan uit drie elemente, naamlik,

- sosiale verhoudings en kulturele goedere;
- sosio-kulturele aktiwiteite en prosesse;
- ge-internaliseerde en ge-eksternaliseerde konstrukte.

Die sosiale verhoudings en kultuurgoedere bied as't ware 'n platform vir sosiaal-kulturele aktiwiteite en prosesse om plaas te vind, met die vorming van interne en eksterne konstrukte as resultaat (Shaw, 1996:181).



Figuur 3.3: *Die konteks van werklikheidskepping*

Die drie elemente wat die konteks van werklikheidskepping vorm, staan in 'n dinamiese relasie tot mekaar en vorm 'n proses van wisselwerking en onderlinge beïnvloeding. (Vgl. Figuur 3.3.) Die sosiale omgewing waarbinne die prosesse plaasvind kan ook deur dié drie elemente beïnvloed word. Shaw (1996:181) verduidelik dit soos volg: "As individuals in the social setting develop, constructs are produced, relationships and activities are affected, and the setting evolves."

Wanneer individue veral as gevolg van dieselfde kulturele belange in verhouding tot mekaar tree en gesamentlike doelstellings ontwikkel, gebeur dit dat bepaalde sosio-kulturele aktiwiteite en prosesse plaasvind waardeur nuwe interne en eksterne konstrukte gevorm word wat sodoende nuwe werklikhede tot gevolg het en as sulks die sosiale omgewing waarbinne dit plaasvind, beïnvloed.

Dié proses kan met die volgende voorbeeld geïllustreer word. 'n Groep Afrikaanssprekende persone (sosiale verhoudings) kom byeen om die dilemma dat Afrikaans nie meer in skole as voertaal gebruik gaan word nie (sosio-kulturele aktiwiteite en prosesse), te bespreek. Tydens die byeenkoms vorm hulle nuwe idees (geïnternaliseerde en geëksternaliseerde konstrukte) oor die effek daarvan op hulle kinders, die voortbestaan

van Afrikaans en die Afrikanerkultuur as geheel. Uit gesamentlike onderhandelinge kom hulle tot die werklikheid dat Afrikaans alleen in skole kan voortbestaan indien privaat skole gestig word. Dit word dan hulle gesamentlike doel waarvoor hulle hulle begin beywer (gesamentlike doelstellings).

3.2.4.3 Die wyse waarop werklikheidskepping en betekenisgewing plaasvind

Werklikheidskepping en die daarmee gepaardgaande betekenisgewing geskied op verskillende wyses. Hierdie aksie manifesteer in die volgende komponente:

- *Interaksie* tussen verskillende individue en groepe is 'n onontbeerlike aktiwiteit in die betekenisgewing aan verskillende ervarings en voorwerpe en die daaruit voortvloeiende werklikheidskepping. Greene, *et al.* (1996b:225) noem dan ook dat "...a person's sense of reality is 'socially constructed' through interactions with others." Na aanleiding van die interaksies verkry of ontwikkel die individu bepaalde betekenis, interpretasies en aannames oor homself, ander mense en die wêreld. 'n Groep gedragswetenskaplikes sou, byvoorbeeld, na aanleiding van hulle waarneming van bepaalde gedrag by 'n individu of individue deur middel van 'n interaksieproses op 'n simposium of navorsingsvergadering, bepaalde betekenis aan die gedrag kon gee en selfs later bepaalde terminologie ontwikkel om die "nuwe werklikheid" te beskryf. Sodanige interaksie sou verskillende vorme kon aanneem, naamlik, baie informeel soos tydens 'n teedrinkery, of meer formeel in die vorm van referate en selfs so onpersoonlik soos by wyse van die openbare media, byvoorbeeld die televisie of tydskrifte. Interaksie is ook 'n dinamiese aktiwiteit, met ander woorde daar is voortdurende beweging, in die sin dat verskillende deelnemers in die interaksieproses voortgaan om wedersyds op mekaar se reaksies te reageer met verdere uitbouing en ontwikkeling in die betekenisse en interpretasies wat aan 'n bepaalde onderwerp of aangeleentheid geheg word.
- Ten einde met mekaar in interaksie te tree, is dit nodig om *taal* te gebruik. Hoffman (1992:8) sê dan ook dat "...the social construction theorists see ideas, concepts and memories arising from social interchange and mediated through language." Interaksie tussen groepe en individue vind uitdrukking deur middel van taal, met ander woorde "[i]t is in language that we are able to maintain meaningful human contact with each other and through which we share a reality" (Anderson & Goolishan, 1988:377). Taal verskaf simbole om waarnemings te beskryf en betekenis aan situasies te gee. Deur

middel van taal gee die mens uitdrukking aan die betekenis wat hy aan bepaalde voorwerpe of gebeure gegee het. Taal is as' t ware die verf waarmee die werklikheid geteken word. McNamee en Gergen (1992:4-5) stel dit soos volg "...our constructions of the world and ourselves are limited by our languages ..." Die mens se werklikheidskepping en kennis is dus beperk tot sy taalvermoë. Hy sou egter sy taal kon aanvul met nuwe simbole en begrippe ten einde werklikhede in meer dimensies te beskryf. In die tyd van Jan van Riebeeck was daar tog nie begrippe soos televisie, rekenaar, ensovoorts nie. Deur middel van onderlinge interaksie is hierdie nuwe konsepte ontwikkel ten einde uitdrukking te kan gee aan nuwe werklikhede.

- Die betekenisse wat tydens die interaksieprosesse tussen mense na vore kom, vorm vertellings of *narratiewe*, wat voortdurend onderling aangepas en uitgeruil word. Selfs probleme wat mense ervaar is stories waaroor mense ooreenstem en onderling met mekaar deel (Hoffman, 1990:3).
- Werklikheidskepping vind dus plaas deur die voortdurende *gesprekke* of besprekings wat tussen mense in verskillende kontekste en situasies plaasvind. Hoffman (1990:3) meen dan ook "[a]s we move through the world, we build our ideas about it in conversation with other people." Werklikheidskepping is dus nie 'n eenmalige proses nie, maar 'n voortdurende proses van onderhandeling, uitruiling van idees en onderlinge beïnvloeding.
- Interaksie tussen mense het noodwendig tot gevolg dat fasette van *interpersoonlike verhoudings* na vore tree. McNamee en Gergen (1992:5) meld dan ook dat die konstruksionisme veral fokus op die verhoudingsnetwerke in plaas van net die individu. Berlin (1996:327) sluit by hierdie gedagte aan, deur te noem dat werklikheidskepping binne 'n kulturele milieu plaasvind, in die sin, dat die gesinne en gemeenskappe waarbinne die individu opgroei deur 'n aktiewe interaksieproses aan hom uitwys wat verskillende dinge en simbole beteken. Kultuur sou seker dan ook as 'n werklikheid beskou kon word wat deur mense geskep is.

Greene, Jensen en Jones (1996a:172) meen dat etnisiteit 'n verdere kritiese faktor is wanneer interpersoonlike interaksie tot die ontwikkeling van 'n werklikheid lei. Verskillende etniese groepe het verskillende waardes, gelowe, rituele en tradisies en verskil gewoonlik ook wat hulle moedertaal betref. Die genoemde skrywers verduidelik verder dat "[j]ust as the family is the context for one's construction of self,

one's ethnic and cultural heritage provides the larger context for the family's construction of its reality" (Greene, *et al.*, 1996a:173). Alhoewel elke interaksie-geleentheid tussen individue 'n unieke werklikheid tot gevolg het, is dit belangrik om in gedagte te hou dat faktore soos taal, kultuur, etnisiteit en interpersoonlike verhoudings 'n unieke effek op interaksieprosesse het en dus ook die skepping van werklikhede.

3.2.4.4 Implikasies van die sosiale konstrukteteorie

Na aanleiding van die sosiale konstrukteteorie of dan die konstruksionisme se uitgangspunte met betrekking tot die skepping van die werklikheid, kan daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word aangaande moontlike implikasies van die teorie.

- Omdat die werklikheid by wyse van interpersoonlike interaksie geskep word en dus van groep tot groep, situasie tot situasie en van tyd tot tyd kan verander, kan aanvaar word dat daar nie werklik 'n objektiewe werklikheid bestaan nie. Werklikhede wat, byvoorbeeld, in die psigologie met betrekking tot menslike gedrag geskep is en in diagnostiese kategorieë soos die DSM III(R) & IV verwerk is, sou dan as net nog 'n werklikheid wat deur mense geskep is, beskou kon word - met ander woorde 'n werklikheid wat nie objektief is nie. Die implikasie hiervan is dat daar dus nie sonder meer diagnoses oor mense se gedrag gemaak kan word nie. 'n Sekere groep mense sal bepaalde gedrag moontlik as 'n angsversteuring beskryf, terwyl 'n ander groep vanuit 'n ander konteks daarna kyk en dit as duiwelbesetenheid mag beskryf. (Vgl. Hoffman, 1992:9.)
- Aangesien 'n diagnose maar net nog 'n werklikheidskepping is en dus nie universeel objektief toegepas kan word nie, sou diagnostiese opmerkings in verband met die mens se ontwikkelingstadiums dus ook nie algemeen toegepas kan word nie. Die idee van ontwikkelingsfases word in geheel deur die konstruksioniste bevraagteken. Hoffman (1992:11) verwys in die verband na Gergen wat sterk argumente teen die ontwikkelingsteorieë aanvoer en "...speaks of the danger of assuming that there is any universal standard by which humans can measure their functioning, and states that the whole idea of the normal lifespan trajectory is seriously deficient..." Daar kan verwag word dat hierdie argumentasie ingrypende invloed sal hê op die gedragswetenskappe en hulpverleningprofessies wat in hulle werkswyses sterk steun op die maak van

diagnoses of waardebepalings aangaande menslike gedrag en die daarop volgende terapeutiese intervensies.

- Volgens Hoffman (1992:12) beskou die sosiaal-konstruksioniste emosie nie so seer as 'n interne komponent van die mens nie, maar dat dit deel is van die komplekse netwerk van interpersoonlike interaksie. Die bestaan van emosie of dan die individu se ervaring daarvan word nie misken nie, maar dit setel in die interpersoonlike interaksie en dus ook interpersoonlike verhoudingsnetwerke. Daar kan dus gestel word dat emosie tussen mense ontstaan, hanteer en gereguleer word – dit vorm deel van die totale interaksieproses. Emosies ontwikkel dus as integrale deel van enige interaksieproses en dra by tot die ontwikkeling van werklikheidskonstruksies.

3.3 DIE KONSTRUKTIWISME EN MAATSKAPLIKE WERK

Die konstruktiwistiese benadering hou bepaalde implikasies vir die maatskaplike werk as professie en as vakdissipline in. Aangesien daar met dié studie hoofsaaklik op die hulpverleningskomponent van maatskaplike werk gefokus word en veral in die veld van ontwikkeling of hulpverlening aan totale gemeenskappe, word die implikasies van die konstruktiwisme in dié konteks bespreek. Na aanleiding van die onderstaande uitgangspunte van die konstruktiwisme sou die volgende implikasies daarvan vir die maatskaplike werk geïdentifiseer kon word.

3.3.1 Die mens konstrueer sy eie werklikhede

Die uitgangspunt dat die mens sy eie werklikheid skep, impliseer dat die maatskaplike werker dus ook sy[1] eie realiteit skep, onder andere, wanneer hy in 'n hulpverleningsituasie, binne 'n individuele, gesins- en gemeenskapskonteks, is. Na aanleiding van Maturana (vgl. 3.2.1) se siening dat elke individu vanweë sy unieke interne samestelling 'n eie unieke werklikheid skep; Kelly (vgl. 3.2.2) se teorie waarvolgens bepaalde konstrukte van die individu benut word om die werklikheid te skep en te antisipeer en Von Glasersfeld (3.2.3) se uitgangspunt dat unieke kognitiewe prosesse van die individu lei tot sy unieke werklikhede, kan aanvaar word dat daar tydens 'n hulpverleningsituasie soveel werklikhede geskep word as wat daar individue betrokke is. Volgens die sosiale konstrukteteorie skep die mens werklikhede by wyse van 'n voortdurende interaksieproses en

[1]Die vroulike en manlike vorm word alternatiewelik gebruik.

as sulks sou hulpverlening ook as so 'n proses gesien kon word. Anderson en Goolishian (1992:27) verduidelik dat "[a]ll human systems are linguistic systems..." en verwys verder daarna dat "[t]he therapeutic system is such a linguistic system." Maatskaplikewerk-hulpverlening sou dan beteken dat daar deur middel van gesprekvoering tussen die maatskaplike werker en kliënt nuwe werklikhede geskep word, wat probleemoplossing mag impliseer.

Na aanleiding van 'n gesprek tussen Maturana en Simon (1985:36), het eersgenoemde genoem dat daar tydens hulpverlening aan gesinne in ag geneem moet word dat die verskillende gesinslede nie net verskillende sieninge van hulle gesin het nie, maar daar bestaan 'n afsonderlike gesin vir elke gesinslid. Dit kom daarop neer dat elke gesinslid 'n eie unieke werklikheidskepping oor die gesin het waarvan hy 'n lid is. Daar kan aanvaar word dat dieselfde gebeur met 'n gemeenskap en sy lede, wat dan beteken dat daar soveel gemeenskappe is as wat daar gemeenskaplede is. Elke gemeenskapslid skep dus 'n eie werklikheid oor die gemeenskap waarvan hy lid is. In aansluiting by die vorige paragraaf kan gestel word dat die maatskaplike werker wat aan 'n bepaalde gemeenskap dienste lewer, dus ook 'n eie unieke werklikheidskepping oor die betrokke gemeenskap daarop gaan nahou.

Dit sou vir die maatskaplike werker belangrik wees om altyd in ag te neem dat daar nie net een werklikheid van 'n bepaalde gemeenskap bestaan nie. Faktore wat die uniekheid van die verskillende gemeenskapslede se werklikheidskepping beïnvloed, is onder andere kultuur en heel waarskynlik daarmee saam ook historiese oorleweringe wat in 'n bepaalde gemeenskap teenwoordig mag wees. Berlin (1996:327) beklemtoon dat veral kultuur 'n betekenisvolle invloed op die mens se werklikheidskepping het en noem dat "...the families, communities and opportunity structures into which we are born tell us and show us what things mean and in the process shape our frameworks for understanding."

In 'n omgewing soos Suid-Afrika met sy verskeidenheid van kultuurgroeperings sal die uniekheid in werklikhede wat geskep word waarskynlik baie prominent wees. Wanneer die maatskaplike werker van 'n ander kulturele groep is as die gemeenskap waar sy werksaam is, kan 'n betekenisvolle verskil tussen haar werklikheid en dié van die gemeenskapslede verwag word; 'n situasie wat veel verg ten opsigte van onderlinge begrip. Die feit dat 'n

individu deur middel van taal uitdrukking aan sy werklikheid gee, sal onderlinge begrip in 'n gemeenskap waar verskillende moedertale gebesig word, waarskynlik verder bemoeilik (Efran & Lukens, 1985:27). Suid-Afrika met sy elf inheemse moedertale bied 'n interessante verskeidenheid van gemeenskappe wat noodwendig vir hulle oorlewing en voortbestaan met mekaar moet skakel en dus voortdurend besig is om werklikhede intern en ekstern wedersyds van mekaar te skep.

As in ag geneem word dat werklikheidskepping deur middel van gesprekvoering onderling plaasvind (vgl. 3.2.4.3) kan aanvaar word dat die teenwoordigheid van verskillende tale in dieselfde konteks van werklikheidskepping interessante gevolge op die totale proses daarvan sal hê. Wanneer 'n maatskaplike werker met Afrikaans as moedertaal in 'n oorwegend Sotho-sprekende gemeenskap werksaam is, sou werklikheidskepping alleen by wyse van gesprekvoering kan plaasvind indien beide groepe 'n gesamentlike tweede taal soos Engels gebruik, of daar sal van 'n tolk gebruik gemaak kon word wat die situasie nog meer kan kompliseer. Die teenwoordigheid van 'n tolk het tot gevolg dat 'n derde party deel vorm van die proses van werklikheidskepping, met ander woorde alhoewel die tolk veronderstel is om net 'n medium te wees waardeur boodskappe uitgeruil word, is hy weens sy mensheid ook in hierdie situasie 'n werklikheidskepper. Die inligting wat hy onderling uitruil is onderhewig aan sy unieke benutting van die tale wat ter sprake is asook sy betekenisgewing daaraan.

Aangesien die maatskaplike werker nie objektief die verskillende werklikhede kan waarneem en aan 'n objektiewe werklikheid kan meet nie, maar slegs subjektief betrokke is met 'n eie unieke werklikheidskepping oor die situasie, kan hy homself dus nie as die alleenkundige sien nie. Eintlik is die kliënt die deskundige (*"expert"*) en nie die maatskaplike werker nie. Dit is waarom Anderson en Goolishian (1992:27-29) meen dat die maatskaplike werker uit 'n "not-knowing position" te werk behoort te gaan wat onder andere die volgende impliseer:

- Die maatskaplike werker en kliënt neem saam deel aan die ontwikkeling van nuwe idees, werklikhede en betekenisgewing. Dit beteken dat die maatskaplike werker dus nie vanuit 'n gesagsposisie aan die proses deelneem nie, maar op gelyke vlak met die kliënt. In die konteks van gemeenskapswerk en -ontwikkeling sou dit beteken dat die gemeenskap dan die kliënt is, en by wyse van verskillende gemeenskapslede verteen-

woordig kan word in die proses van gesamentlike en gelyke deelname in die ontwikkeling van nuwe werklikhede.

- Daar word met hierdie gesamentlike poging tussen die maatskaplike werker en die kliënt nie soseer beoog om verandering te bewerkstellig nie, maar wel nuwe werklikhede of narratiewe te ontwikkel. Alhoewel die gevolg hiervan as verandering geïnterpreteer kan word, behoort die kliënt nie die maatskaplike werker as die inisieerder van verandering te ervaar nie. Die skynbaar tradisionele rol van die maatskaplike werker as veranderaar word vervang met die rol van vennoot wat saam op soek is na nuwe inligting, idees en werklikhede. Vanuit die nie-ken ("not-knowing") posisie beïnvloed die maatskaplike werker die kliënt, gesin of gemeenskap om eie betekennise aan hulle probleme te gee en nuwe werklikhede in die verband te skep wat die opklaring van probleme kan inhou of impliseer. (Vgl. Larner, 1996:426.)
- Ten einde die proses van die ontwikkeling van nuwe betekenisgewing te begin, is dit vir die maatskaplike werker nodig om 'n gemaklike atmosfeer of konteks te skep waarbinne die kliënt hom vry voel om onbevange aan 'n gespreksgeleentheid deel te neem. Die dialoog behoort in te hou dat die betrokkenes "...talk 'with' one another and not 'to' one another" (Anderson & Goolishian, 1992:29). Die maatskaplike werker is dus nie 'n kundige wat die probleem kan oplos of verandering bewerkstellig nie, maar een wat 'n gespreksgeleentheid skep waaraan almal gemaklik kan deelneem. Die kliënt ervaar dus nie dat dit vir hom nodig is om homself te beskerm of versigtig te wees met wat hy sê nie, maar kan sonder teenstand vrylik aan die gesprek deelneem.
- Die rol van die maatskaplike werker tydens die gespreksgeleentheid kan soos volg uiteengesit word:
  - Dit is belangrik dat die maatskaplike werker tot die gespreksituasie sal toetree sonder vooropgestelde idees, hipoteses of verklarings rakende die kliënt se optrede of die sogenaamde probleem. Dié siening herinner sterk aan die tradisionele beginsels van maatskaplike werk om die leefwêreld van die kliënt te betree en die nodige respek teenoor hom te toon. Die maatskaplike werker behoort dus in ag te neem dat sowel hy as die kliënt oor bepaalde subjektiewe werklikheidskennis beskik en dat die proses van herkonstruering en uitbreiding van kennis tot 'n oplossing vir probleemsituasies mag lei. Dit is egter 'n gesamentlike proses en die gesprek gaan dus nie net lei tot herstrukturering van die kliënt se betekenis wat hy

aan die situasie heg nie, maar die maatskaplike werker gaan ook nuwe betekenisse en gepaardgaande werklikheidskonstruerings ontwikkel.

- Die maatskaplike werker behoort 'n opregte belangstelling te toon en te poog om meer en meer deur die kliënt ingelig te word oor die situasie wat ter sprake is. 'n Houding van belangstelling in die kliënt en die totale situasie behoort kenmerkend van die maatskaplike werker se kommunikasie en optrede te wees. Sodoende sal die ontwikkelingsproses in die konstruering van nuwe werklikheidsmomente gefasiliteer kan word. Dit impliseer dus die benutting van 'n gesprek wat plaasvind om nuwe idees, betekenisse en werklikhede tot voordeel van die kliënt en die oplossing van sy probleme te laat ontwikkel. (Vgl. Anderson & Goolishian, 1992:29-32.)

3.3.2 Daar bestaan geen objektiewe werklikheid nie

Die feit dat daar nie 'n objektiewe werklikheid bestaan nie impliseer baie duidelik dat daar dus ook nie iets soos objektiwiteit bestaan nie. (Vgl. 3.2.1, 3.2.3.2 & 3.2.4.4.) Daar is dus nie objektiewe verklarings vir gedrag of bepaalde situasies nie. Die maatskaplike werker kan daarom ook nie 'n neutrale objektiewe posisie buite die dienslewerings veld of omstandighede van kliënte of gemeenskappe inneem nie. Tydens dienslewering is hy 'n deelnemer aan die totale proses van die ontwikkeling van nuwe werklikhede wat verandering in die omstandighede van kliënte of gemeenskappe mag impliseer. Omdat daar nie in situasies aangedui kan word watter aspekte of sienings meer of minder geldig of waar is nie, kan daar ook nie besluit word wat is meer of minder korrek nie. In elke situasie is daar dus meer as een siening en die een is nie meer waar of korrek as die ander nie. Individue sou egter bepaalde optredes en argumente as meer korrek of aanvaarbaar binne hulle subjektiewe konstruksies van die werklikheid kan sien, maar dit beteken nie dat hulle van 'n ander persoon kan verwag om dieselfde beskouing te huldig nie. In die proses van gesprekvoering kan onderlinge beïnvloeding egter wel plaasvind wat dan die ontwikkeling van nuwe beskouings of waardes tot gevolg kan hê. Die konstruktiwistiese denke sou egter nie voorsiening maak dat een persoon met die veronderstelling dat sy idees en waardes meer korrek is, hom die reg gee om dit op 'n ander persoon of groep af te dwing nie.

Maturana meld in 'n gesprek met Simon (1985:43) dat die mens verantwoordelikheid vir sy eie optredes moet aanvaar. Indien objektiwiteit, soos hy dit stel uit, die hakies ("parentheses") gehaal word, sou 'n individu sy vyandige optrede teenoor 'n ander persoon kon

regverdig omdat hy dan sou kon beweer dat die waarheid in die situasie beteken dat die ander persoon onbillik teenoor hom opgetree het en dus sy vyandige reaksie verdien het. Von Glasersfeld (1984:18) huldig dieselfde siening en sê dat "...man - and man alone - is responsible for his thinking, his knowledge, and therefore also for what he does." Die kliënte en/of gemeenskappe sal dus nie ander mense of stelsels verantwoordelik kan hou vir die omstandighede waarin hulle hulle bevind of vir die gedrag wat hulle openbaar nie. Dieselfde sou ook vir die maatskaplike werker geld, met ander woorde hy is alleen verantwoordelik vir sy optredes, maar is nie verantwoordelik vir die optrede en omstandighede van die kliënt of gemeenskap aan wie hy dienste lewer nie.

3.3.3 Meting en diagnose

Aangesien daar nie 'n objektiewe werklikheid bestaan nie is dit nie werklik moontlik om te bepaal watter inligting of kennis geldig is nie. Daar is dus nie objektiewe kriteria waaraan die inligting gemeet kan word nie en die persone wat die oordeel in so 'n meting sou moes maak, word beperk deur hulle eie subjektiewe werklikheidskepping. Die gevolg is dat objektiewe meting en diagnoses oor, byvoorbeeld, menslike gedrag en sosiale omstandighede daarom nie gemaak kan word nie. Indien diagnoses wel gemaak word, is dit maar net nog 'n werklikheidskepping van bepaalde individue. Ander persone kon in dieselfde situasie moontlik andersoortige diagnoses gemaak het.

Ten einde hierdie verskynsel te illustreer, verwys Rosenhan (1984:118-135) na 'n eksperiment wat gedoen is om aan te dui dat psigiatriese diagnoses "...are in the minds of the observers and are not valid summaries of characteristics displayed by the observed" (Rosenhan, 1984:118). Tydens die eksperiment het agt sogenaamde normale mense, met ander woorde mense wat nie enige psigiese probleme ervaar het nie, in die geheim toegang tot verskillende psigiatriese hospitale verkry. Ten einde toegelaat te word, het hulle van erkende simptome gekla en is sodoende sonder enige navraag of weiering opgeneem. Alhoewel al die proefpersone daarna maar net hulle ou self was, by die hospitaalroetine ingeval het en in sekere gevalle selfs openlik aantekeninge neergeskryf het van hulle waarnemings en ervarings, is bepaalde diagnoses aan die mense toegedig sonder enige wysigings tydens hulle verblyf in die hospitaal. Hierna is 'n psigiatriese hospitaal in kennis gestel dat daar tydens die volgende drie maande normale mense tot die hospitaal toegang gaan probeer verkry. Na enkele weke, nog voordat enige proefpersoon toegelaat is, het

hospitaalpersoneel 'n beduidende getal van die nuwe toelatings beskryf as normaal en dat hulle deel vorm van die groep proefpersone. Indien die hospitaal dus nie vooraf gewaarsku was dat "normale" mense tot die hospitaal toegelaat gaan word nie, sou die pasiënte wat werklik om psigiatriese hulp aangeklop het, waarskynlik as psigiatriese pasiënte met bepaalde geestessiektes gediagnoseer gewees het.

Die DSM IV wat vir psigiatriese diagnoses benut word, sou as 'n werklik-heidskepping beskou kan word wat dus ook mank gaan aan werklike objektiwiteit. Die beoordelaars van gedrag wat die DSM IV benut verleen nog verdere geleentheid tot unieke interpretasies sodat dit later moeilik is om te besluit wat is nou geldig. (Vgl. 3.2.4.4.) Diagnoses kan in die lig hiervan al meer relatief word en selfs gevaarlik wees in die sin dat mense soms tot hulle eie nadeel geëtiketteer word, of die diagnose kan selfs vir die individu as 'n "self-fulfilling prophecy" dien. Hy leef dan op na die diagnoses en openbaar al hoe meer simptome wat met die betrokke diagnose ge-assosieer word. (Vgl. Hoffman, 1992:7 & Watzlawick, 1984b:95-114.)

Weens die afwesigheid van 'n objektiewe werklikheid wat as kriterium kan dien om te bepaal wat waar en geldig is, is dit nie vir 'n maatskaplike werker moontlik om 'n objektiewe assessering van 'n kliënt, gesin of gemeenskap te doen nie. Dit hou verreikende implikasies vir die maatskaplikewerk-praktyk in, waarvan die volgende enkele voorbeelde is: Indien die maatskaplike werker beperk is tot sy eie werklikheidskepping in terme van 'n kliënt se optredes en omstandighede, kan die vraag gevra word hoe sou die opstelling van 'n geldige objektiewe hofverslag dus moontlik wees. Daar sal aangevoer kan word dat dit maar net 'n betrokke maatskaplike werker of groep maatskaplike werkers se eie skepping van 'n werklikheid oor die betrokke kliënt is. Die bepaling of 'n kind in sorgbehoewende omstandighede verkeer sou ook onderhewig wees aan die relatiwiteit van die maatskaplike werker se unieke subjektiewe werklikheidskepping in die verband.

Hulpverleningsmodelle wat sterk gefundeer is op konseptuele raamwerke wat menslike gedrag beskryf en sodoende assesseringskriteria daarstel, sal dus ook onvanpas wees in die konstruktiwistiese epistemologie, want daar sou geredeneer kon word dat dit maar net nog 'n teorie is wat (om Maturana se uitdrukking te gebruik) in 'n konteks van "objectivity in parenthesis" geskep is. Indien 'n maatskaplike werker, byvoorbeeld, gesinsterapiemodelle

wat op die sisteemteorie gebaseer is, gebruik, sou geredeneer kon word dat die maatskaplike werker se bepaling van, byvoorbeeld, die gesinsgrense en funksie van die simptoom, onderhewig is aan sy subjektiewe werklikheid wat hy oor die gesin huldig. Dit blyk dat die konstruktiwistiese denke die geldigheid van die maak van assesserings met betrekking tot menslike gedrag of die funksionering van sisteme baie sterk bevraagteken en eintlik verwerp. Hierdie argument dui aan hoe ingrypend en radikaal die gevolge daarvan vir 'n professie soos maatskaplike werk kan wees, maar beklemtoon weer eens dat die hulpverlener dus nie 'n keuse het anders as om uit 'n nie-kundige (nie-ken) posisie te handel nie.

Tipiese konsepte wat algemeen in 'n hulpverleningsprofessie benut word soos *probleem,* kom nou ook onder die soeklig, want wanneer is iets nou 'n probleem of kan gedrag as problematies beskryf word? Volgens Efran en Lukens (1985:28) sê Maturana dat "...all problems are in language." 'n Probleem is dus 'n vertelling, met ander woorde 'n narratief of storie wat die verteller volgens sy ervaring en betekenisgewing, inklee. Tydens gesprekvoering tussen die maatskaplike werker en die kliënt sou daar verdere betekenisse aan die probleem gegee kon word, wat dan tot 'n nuwe omskrywing en werklikheidskepping aangaande die probleem kan lei. 'n Probleem het dus in elke unieke konteks 'n unieke betekenis en gevolglike effek op die betrokkenes.

'n Mens sou kon verwag dat dieselfde werklikheidskepping kan gebeur met betrekking tot konsepte wat vandag algemeen in die konteks van gemeenskapsontwikkeling gebruik word. Konsepte soos bemagtiging, kapasiteitsbou en volhoubaarheid is wat betref die betekenisse wat daaraan geheg kan word, dus onderhewig aan die werklikheidskepping van elke individuele gebruiker daarvan. Hoe meer divers die gemeenskapsamestelling is hoe meer uiteenlopend sou die betekenisgewing aan die konsepte kon wees. In die Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word deur kulturele diversiteit en 'n verskeidenheid van moedertale, sou verwag kon word dat die betekenisgewing van die genoemde konsepte beduidend uiteen sou loop.

3.3.4 Die hulpverlener bring nie verandering nie

In die lig van die konstruktiwistiese argumente dat die maatskaplike werker nie vir die kliënt verantwoordelikheid kan aanvaar nie, en in elk geval nie sy werklikheid dié van die

kliënt maak nie, huldig Maturana volgens Efran en Lukens (1985:23 & 72) die mening dat niemand so arrogant mag wees om te dink dat hy ander mense se lewe kan kontroleer nie. Daar kan slegs 'n konteks van verandering geskep word waarbinne die individu dan self veranderinge kan bewerkstellig. Die maatskaplike werker kan dus nie self mense, gesinne of gemeenskappe verander nie, maar kan slegs 'n konteks skep waarbinne veranderinge deur die betrokkenes self gemaak word. Verandering word nie deur iemand buite die kliëntesisteem aangebring nie, maar intern deur die sisteem self en wel deur middel van eie interne organisatoriese prosesse (Greene, *et al.*, 1996b:225).

'n Konteks van verandering kan onder andere op die volgende wyses geskep word:

- Volgens die sosiaal-konstruksionisme vind verandering plaas deur 'n interaksieproses tussen individue waartydens nuwe werklikhede geskep word. Die maatskaplike werker skep 'n konteks van verandering deur 'n gespreksgeleentheid met die kliënt daar te stel waartydens nuwe idees en betekenisgewing kan ontwikkel. Tydens die gespreksvoeringsgeleentheid word daar gewoonlik nuwe inligting aangaande die tersaaklike aspekte ingedra wat die betrokkenes stimuleer tot die uitbreiding en ontwikkeling van nuwe werklikhede. Die verandering vind dan plaas omdat die kliënt nuwe betekenisse aan sy situasie begin heg, wat andersoortige ervaringe en optrede by hom laat ontstaan. (Vgl. Held, 1990:182 en Anderson & Goolishian, 1992:29-30 & Berlin, 1996:327.)

  Indien daar tydens maatskaplikewerk-hulpverlening volgens die konstruksionisme te werk gegaan word, sal die maatskaplike werker dus nie verantwoordelik voel of verantwoordelikheid aanvaar vir verandering wat by die kliënt, gesin of gemeenskap behoort plaas te vind nie. Daar sal saam met die genoemde kliëntsisteme verskeie gespreksgeleenthede benut word, ten einde sodanige nuwe werklikhede te skep waarmee verandering geïmpliseer word.

  Tydens die gespreksgeleenthede beweeg die maatskaplike werker uit 'n nie-kundige ("not-knowing") posisie en poog om die bestaande werklikhede breër omskryf te kry. Vrae word benut om, byvoorbeeld, op verskille te fokus, verskillende beskrywings van gebeurlikhede te stimuleer, nuwe wyses om gedrag en gebeurlikhede met mekaar in verband te bring te ondersoek en besprekings te reflekteer (Fruggeri, 1992:48-49).

McNamee (1992:195) meen dat sirkulêre vraagstelling met groot vrug tydens die terapeutiese gespreksgeleenthede gebruik kan word, want "[c]ircular questions make it possible for a person to contemplate how another might describe or characterize or justify a particular action or relationship." Deur middel van sirkulêre vrae kry die deelnemers aan die gesprek die geleentheid om gebeurlikhede, bestaande verhoudings en ervarings vanuit verskillende gesigshoeke en op meer dimensionele vlakke te bekyk en uit dié ervarings nuwe betekenisse en werklikhede te skep. Daar word amper 'n sneeubal-effek ten opsigte van werklikheidskepping bereik.

Wanneer die gespreksgeleentheid tussen die maatskaplike werker en 'n gemeenskap plaasvind, sou dit kon beteken dat gesprekke met individuele gemeenskapslede, kleiner groepe in die gemeenskap en die groter gemeenskap, tydens gemeenskapsvergaderings, gevoer kon word. Daar kan ge-antisipeer word dat gesprekvoering in die groter groepe so kan ontwikkel dat die verskillende lede later die grootste rol speel in die daarstelling van 'n konteks waarbinne nuwe werklikhede ontwikkel word en verandering plaasvind. Alhoewel die verskillende individuele lede nog steeds hulle eie unieke betekenis aan gesamentlike werklikhede kan heg, kan daar tog groeiende ooreenstemming ontwikkel in hulle betekenisgewing aan realiteite wat die indruk van 'n gesamentlike nuwe werklikheid tot gevolg kan hê.

Aangesien ervaring, volgens Von Glasersfeld (1984:29), een van die belangrike komponente in die skep van 'n werklikheid is, sou ge-argumenteer kon word dat dit 'n moontlike veranderlike kan wees wat tydens hulpverlening gemanipuleer kan word ten einde verandering te bewerkstellig. Met ander woorde deur 'n persoon of gemeenskap aan andersoortige of nuwe ervarings bloot te stel, behoort dan noodwendig 'n kognitiewe aktiwiteit by die betrokkenes geaktiveer te word met 'n wysiging in bestaande werklikhede of die skep van 'n totaal nuwe werklikheid met gepaardgaande veranderde houdings en gedragsuitinge. Die vraag is nou hoe sou 'n maatskaplike werker 'n kliënt, gesin of gemeenskap aan nuwe ervaringe kon blootstel?

'n Terapeutiese konteks waar die kliënt 'n hoë mate van respek en aanvaarding beleef, mag alreeds die belewing van 'n andersoortige ervaring impliseer. Blootstelling aan nuwe inligting en soms net deur sy eie stem, argumente en narratief te hoor in die teenwoordigheid van 'n belangstellende, begrypende luisteraar, behoort 'n

ervaringsgeleentheid aan die kliënt te bied, wat die skep van nuwe betekenisse en daarmee gepaardgaande nuwe realiteite tot gevolg te kan hê. Die volgende voorbeeld sou die proses verder kon illustreer: 'n Kliënt nader 'n maatskaplike werker om hulp aangesien familielede en vriende aan hom te kenne gegee het dat hy abnormaal optree omdat hy ses maande na sy vrou se dood nog steeds baie huil en daagliks grafbesoeke bring. In die terapeutiese konteks ervaar hy aanvaarding en begrip en bekom die inligting dat sy optrede normaal is, dat hy die reg het om oor sy vrou te treur en dat dit eintlik aan te beveel is dat hy aktief sal rou. Dié ervaring en kennis behoort by hom tot nuwe werklikheidskepping oor sy situasie te lei, wat weer die afname van angs tot gevolg mag hê. Hy sal dit ook waarskynlik makliker vind om hom in situasies te handhaaf waar familielede en vriende opmerkings maak oor sy wyse van rou.

Wanneer 'n maatskaplike werker aan 'n totale gemeenskap hulp verleen, sou dieselfde beginsel kon geld, veral as daar net met individuele lede van die gemeenskap in gesprek getree word. In groter groepe en selfs in die geval van 'n gemeenskapsvergadering, is die blootstelling aan ervaringsituasies wat tot die skep van nuwe idees en werklikhede kan lei, waarskynlik omvangryker en minder gekontroleerd, omdat daar soveel meer mense is wat onderling wedersyds 'n invloed op mekaar kan uitoefen. Na aanleiding van besprekings op sowel formele as informele vlak deur groepe in 'n gemeenskap, word soveel nuwe ervaringsgeleenthede aan die deelnemers gebied, dat aanvaar kan word dat dit tot 'n veelvoud van kognitiewe prosesse by die individue afsonderlik sal lei, met 'n verskeidenheid van nuwe idees en werklikhede as resultaat. Die verskaffing van inligting deur, byvoorbeeld, die aanbieding van kursusse en seminare kan waarskynlik 'n meer gekontroleerde wyse wees waarop die maatskaplike werker kan poog om nuwe ervaringsgeleenthede daar te stel, wat uiteindelik tot 'n verandering in optrede mag lei. Die verskaffing en illustreer van mediese inligting met betrekking tot VIGS, mag moontlik nuwe idees oor seksuele gedrag tot gevolg hê met moontlike verandering in die seksuele gedrag van 'n gemeenskap, as verdere resultaat.

- Indien 'n persoon sy persoonlike konstrukte waarmee hy werklikhede konstrueer aanpas en uitbrei, behoort nuwe werklikhede te volg met gevolglike andersoortige reaksie in die optrede van die persoon. (Vgl. Feixas, 1990:11-15 & Waring, 1990:401-402.) Die bewuswording van eie konstrukte en blootstelling aan alle vorme van kennis

en ervaring het die potensiaal om nuwe konstrukte of ten minste die uitbreiding van bestaande konstrukte by die kliënt of gemeenskap tot gevolg te hê. Wanneer 'n persoon sy beskrywing van 'n voorwerp in terme van swart of wit kan uitbrei na 'n siening dat die voorwerp moontlik ook grys mag wees, dui dit op 'n uitbreiding van sy konstruk dat die voorwerp slegs swart of wit kan wees. Dié uitbreiding van sy konstruk van swart of wit sal heel waarskynlik 'n verandering in sy gebruik van die voorwerp tot gevolg hê. In 'n huwelik-situasie mag die vrou, byvoorbeeld, meen dat haar man nie werklik vir haar omgee nie omdat hy baie suinig is, van haar verwag om baie spaarsaam te wees en slegs met haar verjaarsdag 'n goedkoop geskenkie vir haar koop. Na aanleiding van hierdie konstruk skep sy meer en meer die werklikheid dat haar man nie vir haar omgee nie en dat die situasie versleg. Telkens wanneer hulle inkopies doen en hy die pryse van items vergelyk ten einde die voordeligste kopie te doen, interpreteer sy die situasie vanuit haar konstruk, naamlik, dat mans wat nie op vroue wil spandeer nie, selfsugtig is en nie hulle vrouens lief het nie, en dat haar man haar dus nie lief het nie. Die gevolg is dat sy dan volgens hierdie werklikheidskepping afsydig teenoor haar man optree, met verdere negatiewe reaksie van hom. Die man mag weer die konstruk handhaaf dat 'n deugsame man juis streng moet omsien na die gesin se finansies. Ten einde die optrede van die egpaar te verander sal verg dat hulle hulle konstrukte in die verband sal moet wysig. Dit sou moontlik bewerkstellig kon word, indien die hulpverlener aan hulle die geleentheid gee om hulle konstrukte te verwoord en dit na aanleiding van verdere inligting, uit te brei. Moontlike inligting wat tot verandering kan lei, is byvoorbeeld: dat mans juis dikwels spaarsaam is uit vrees dat hulle nie behoorlik na hulle gesinne sal kan omsien nie, of dat 'n verswakking in die gesin se finansiële omstandighede daartoe kan aanleiding gee dat sy vrou voltyds buitenshuis sal moet begin werk; en verder dat 'n vrou dikwels hoë waardering vir 'n man het wat aan die vrou groter finansiële vryheid gun.

In Suid-Afrika is die volgende gebeurlikheid 'n voorbeeld van konstrukte wat in die post-apartheidsituasie moontlik mag bestaan en tot bepaalde optredes in gemeenskappe mag aanleiding gee. Tydens 'n skole-atletiekbyeenkoms word van alle atlete verwag om hulle geboortesertifikate te toon voordat hulle aan 'n wedloop mag deelneem en indien dit nie gedoen word nie, word sodanige atleet nie toegelaat om deel te neem nie. By 'n bepaalde byeenkoms was daar 'n aantal swart atlete wat as gevolg van hierdie reëling nie toegelaat

is om deel te neem nie. Die ouers van die swart leerlinge het die konstruk gehad, dat daar in Suid-Afrika altyd teen swartes gediskrimineer word en gevolglik het hulle die toepassing van hierdie reëling in die lig van dié konstruk geïnterpreteer en dienooreenkomstig, 'n werklikheid van diskriminasie gekonstrueer met 'n aggresiewe protesoptrede die gevolg. Ten einde die situasie te ontlont, sou beteken dat die betrokkenes hulle werklikheidskepping aangaande die situasie sal moet verander. Iemand soos 'n gemeenskapswerker kan hier 'n belangrike bydrae lewer, deur aan die betrokke gemeenskapslede die geleentheid te gee om hulle konstruk te eksploreer en dan inligting aan hulle te verskaf met die oog op die ontwikkeling van ander konstrukte. Indien die gemeenskapslede, byvoorbeeld, ingelig kon word dat die betrokke reëling geïmplementeer is ten einde regverdigheid te laat seëvier, ook ten opsigte van die swart atlete en sorg te dra dat wit atlete nie ten koste van swart atlete bevoordeel word nie, sou verwag kon word dat hulle 'n nuwe konstruk ontwikkel met 'n nuwe werklikheid en gepaardgaande optrede. Die veranderde werklikheid sou dan tot gevolg kon hê dat ouers van swart atlete die betrokke reëling verwelkom en aandring op die toepassing daarvan in plaas van om dit teen te staan.

Na aanleiding van die konstruktiwistiese argumente blyk dit dus dat 'n maatskaplike werker 'n konteks van verandering kan stel, deur die betrokke kliëntesisteem bloot te stel aan nuwe inligting en ervarings wat tydens gespreksgeleenthede verwerk kan word tot nuwe konstrukte, idees, betekenisse en werklikhede wat verandering in optredes tot gevolg kan hê. Dit vorm 'n dinamiese proses wat voortduur solank die effek van die konteks van verandering ervaar word. Die bestaan van die konteks van verandering is egter nie net afhanklik van die maatskaplike werker se insette nie, maar kan spontaan ontwikkel as gevolg van ander dinamiese prosesse in die gemeenskap. Tog sou die maatskaplike werker die konteks doelbewus kon rig en inklee ten einde bepaalde doelwitte van die professie en gemeenskap te bereik, byvoorbeeld die bemagtiging van individue, gesinne en gemeenskappe tot groter selfstandigheid en selfonderhoudendheid.

3.4 SAMEVATTING

Die konstruktiwisme is 'n denkrigting eie aan die post-modernisme en aldus in skerpe kontras met die positiwistiese idees en metodes. Van die vernaamste bydraes tot die ontwikkeling en uitspel van die essensie van die konstruktiwistiese beginsels vir praktyksituasies, is deur Maturana, Kelly, Von Glasersfeld en sosiaal konstruksioniste soos Gergen

gelewer. Hulle fundeer hulle beskouinge vanuit verskillende vertrekpunte, naamlik die struktuur-determinisme, persoonlikheidskonstrukte-teorie, die radikaal-konstruktiwisme en die sosiale-konstrukteteorie, maar kom tot aanvullende en ooreenstemmende sienings.

'n Basiese uitgangspunt van die konstruktiwisme is dat die werklikheid geskep en nie ontdek word nie. Daar is dus nie een objektiewe werklikheid nie, maar 'n verskeidenheid van werklikhede wat voortdurend onderhewig is aan aanpassing, uitbreiding en vernuwing. Aangesien daar nie 'n onafhanklike werklikheid is waaraan kennis getoets kan word nie, is dit onmoontlik om die geldigheid van sake te bepaal. 'n Verdere gevolg hiervan is dat daar ook nie iets soos objektiwiteit in wetenskapsbeoefening, en in die beoefening van 'n professie soos maatskaplike werk is nie.

Vir die professie, maatskaplike werk, hou die konstruktiwisme verreikende en ingrypende implikasies in, soos dat geen assessering of diagnoses oor menslike gedrag werklik geldig kan wees nie en dus liefs nie gemaak behoort te word nie. Die maatskaplike werker is soos alle ander individue ook die skepper van eie unieke subjektiewe werklikhede en kan dus nie as die kundige na vore tree nie, maar kan slegs uit 'n "not-knowing" posisie beweeg. Daar kan dus net sáám met die kliëntesisteem na nuwe werklikhede met nuwe moontlikhede beweeg word en hopelik in die proses werklikhede skep wat deur die kliënt as die oplossing vir sy knelpunte ervaar word. Ten laaste is sowel die kliënt as die maatskaplike werker alleen vir hulle optredes en werklikhede verantwoordelik en kan niemand anders blameer word vir hulle omstandighede nie.

Werklikheid vind gestalte deur middel van taal, met ander woorde, die individu gee uitdrukking aan sy werklikheid by wyse van 'n vertelling. Verskillende vertellings of narratiewe verteenwoordig dus eintlik verskillende werklikhede. Ten einde aan die kliënt geleentheid te kan gee om sy werklikheid bekend te stel, behoort die maatskaplike werker dus aan hom die geleentheid te gee om sy storie te vertel.

UITGANGSPUNTE TEN GRONDSLAG VAN DIE NARRATIEWE WERKSWYSE

Narratiewe terapie het 'n nuwe beweging in die terapieveld vir die geesteswetenskappe ingelui en word deur O'Hanlon (1994:22) beskryf as "...a fundamentally new direction in the therapeutic world ..." Dié terapie spruit voort uit die konstruktiwistiese denke en spesifiek uit die sosiaal-konstruksionisme (Dickerson & Zimmerman, 1996:80). As sulks opereer die narratiewe werkswyse vanuit die beginsel dat daar geen objektiewe posisie bestaan waarvandaan terapie gedoen kan word nie en kliënte kan slegs 'n eie subjektiewe werklikheid skep en beskryf (Parry, 1991:39). Daar is dus nie 'n objektiewe werklikheid waaraan die maatskaplike werker en kliënt, laasgenoemde se besondere werklikheid kan meet nie.

Na aanleiding van die sosiaal-konstruksionisme word daar sterk op taal gefokus en wel op die interaksie wat tussen mense plaasvind tydens die vorming van hulle werklikheidskonstruksies. (Vgl. 3.2.4.) Daar word dus nie op die waarneming van die funksionering van sisteme of stelsels gefokus nie, maar eerder gelet op die interaksionele prosesse en die moontlikhede wat daaruit voortspruit met die oog op verdere diskoerse wat gevoer kan word. Deur die ontginning van verdere gesprekke, word wêrelde in nog meer dimensies gekonstrueer, met die gevolg dat die individu daarom in 'n voortdurende proses van die vorming van nuwe lewenstories verkeer. Sy lewe en omstandighede stagneer nie, maar vernuwe en vervorm voortdurend. Die maatskaplike werker sou 'n belangrike rol as fasiliteerder van hierdie proses kon speel. (Vgl. McNamee, 1992:191.)

O'Hanlon (1994:22) beskryf narratiewe terapie as die "Third Wave" in psigoterapie. Die eerste golf dui op die tydperk toe terapeute hoofsaaklik werkswyses gevolg het wat gegrond was op Freud se idees dat gedrag hoofsaaklik deur psigo-dinamiese prosesse bepaal word. Daar is sterk gesteun op psigodinamiese teorieë met 'n prominente fokus op patologieë en meegaande diagnoses. Hierdie fase is in die 1950's opgevolg met probleemgesentreerde terapieë wat sterker op die hier-en-nou gefokus het. Voorbeelde van sodanige terapieë is onder andere gedragsterapie, kognitiewe benaderings en gesinsterapie.

Een van die belangrikste kenmerke van die derde golf, wat na 1980 al sterker na vore gekom het, is die beskouing dat die terapeut nie die bron van die oplossing van die kliënt se probleem is nie, maar dat dit in die kliënt en sy sosiale netwerke teenwoordig is. Terwyl benaderings tydens die eerste en tweede golwe onderskeidelik op die individu en kleiner sisteme, soos die gesin gefokus het, met betrekking tot die lokaliteit van probleemveroorsakende faktore, word daar tydens die derde golf op veel groter sisteme gelet soos, "...the daunting cultural sea we swim in - the messages from television advertisements, schools, newspaper 'experts,' bosses, grandmothers and friends - that tell us how to think and who to be" (O'Hanlon, 1994:23). Elke individu word dus vanaf geboorte grootliks gevorm deur die nalatenskap van sy gesin en kultuur, met betrekking tot die wyse hoe hy homself sien en oor homself praat.

Michael White en David Epston word as die vernaamste grondleggers van narratiewe terapie beskou. White is aan die *Dulwich Centre* te Adelaide, Suid-Australië, verbonde, waar hy hoofsaaklik sy navorsing gedoen het en vanwaar verskeie publikasies oor narratiewe terapie, verskyn het. Hy begin sy loopbaan in die menswetenskappe gedurende 1967 met sy studies in maatskaplike werk (White, 1998a). Volgens White (1995:11-12 & 65-66) het die werke van veral Bateson en Foucault 'n betekenisvolle invloed op die vorming van sy denke gehad, wat later tot die ontwikkeling van narratiewe werkswyses sou lei. Epston wat in die buurstaat, Nieu-Seeland en wel by die *Family Therapy Centre* te Auckland, werksaam is, het aanvanklik 'n loopbaan as antropoloog gevolg. Dit het hom in die besonder toegerus vir aktiwiteite in die veld van storievertelling (White & Epston, 1990:xvi). Beide White en Epston word onder andere deur Tomm (1990:vii) as besondere talentvolle terapeute beskryf en volgens O'Hanlon (1994:22) het hulle werkswyses die afgelope vyf jaar wêreldwyd byval gevind. In Omaha, VSA, byvoorbeeld, was skeptici verbaas toe die "Nebraska Department of Social Services", die narratiewe benadering as deel van hulle werkswyse aanvaar het, aangesien staatsdepartemente gewoonlik moeilik nuwe idees akkommodeer.

Volgens Hart (1995:182-183) het White se idees en navorsing deur drie fases beweeg. Aanvanklik is sy werk deur strategiese terapieë beïnvloed en het hy sterk gefokus op die *eksternalisering van probleme.* (Vgl. 5.2.1.) Later, veral na 1987 het die invloed van die post-strukturalisme en sosiaal-konstruksionisme al duideliker in sy werk neerslag gevind

en begin hy fokus op die *"re-authoring of lives"*. (Vgl. 5.3.) Sedert 1990 begin White om die kennis wat kliënte oor hulleself geskep het en die mag wat hierdeur verteenwoordig word, te *dekonstrueer*. In die historiese verloop van narratiewe terapie, word 'n dinamika opgemerk wat lei tot die verruiming en waarskynlik ook verryking in die implementering daarvan. O'Hanlon (1994:24) meen verder dat "[n]arrative approaches seem to get therapists out of unproductive struggles and enable them to avoid one of this profession's great occupational hazards - being captured by our clients' despair." Narratiewe terapie verteenwoordig 'n soepelheid en beweeglikheid wat waarskynlik binne verskillende hulpverleningsituasies aangepas kan word en die verantwoordelikheid van die terapeut sodanig na die kliënt en sy milieu verskuif, dat die terapeut[2] eerder as fasiliteerder, in plaas van hulpverlener, na vore tree.

Ten einde narratiewe terapie vollediger te fundeer, word daar eerstens gepoog om dit te omskryf en daarna die uitgangspunte ten grondslag van dié werkswyse, toe te lig. Op grond hiervan kan die proses waarvolgens die terapie verloop, aangedui word en algaande bepaal word in hoe 'n mate dit in die konteks van maatskaplikewerk-hulpverlening, met verwysing na gemeenskappe en gemeenskapsontwikkeling, geïmplementeer kan word.

4.1 'N OMSKRYWING VAN NARRATIEWE TERAPIE

In 'n poging om narratiewe terapie te omskryf, blyk dit dat outeurs nie klinkklare en eenvormige omskrywings daarstel nie. Skrywers soos Parry (1991:40) en Dill (1996:86) verwys na 'n narratiewe paradigma en sien dan narratiewe terapie as deel daarvan. White en Epston (1990:14) noem dat hulle nie voorkeur aan die term "terapie" gee nie, aangesien dit gedefinieer word as die behandeling van 'n siekte, en hulle nie in hulle werk probleme sien as 'n siekte wat genees moet word nie. Hulle werk behels eerder dat probleme deur middel van 'n gesprek ("conversation") hanteer word.

Freeman & Lobovits (1993:188) beskryf narratiewe terapie as 'n benadering wat "... seeks to empower a person or family to re-author a liberating or alternative story to the dominant problem-saturated story." Wanneer Donald Bubenzer met Michael White 'n onderhoud voer en na narratiewe terapie as 'n "approach" verwys, meld White (1995:37) dat daar

---

[2] Die begrip terapeut word sinoniem en afwisselend met die begrip maatskaplike werker gebruik.

eerder van 'n "world-view" gepraat kan word. Hy gaan dan voort en sê: "Perhaps, but even that is not enough. Perhaps it's an epistomology, a philosophy, a personal commitment, a politics, an ethics, a practice, a life, and so on" (White, 1995:37). Dit is asof White geen beperkings op sy werk wil lê deur 'n te enge omskrywing te gee nie en skep die moontlikheid vir meervoudige interpretasies.

Die volgende omskrywing van narratiewe terapie, naamlik dat dit beskryf kan word "... as a liberatory approach that assists persons to challenge and overturn the forces of repression so that they can become free to be 'who they really are' - so that they can identify their 'authenticity' and give true expression to this", verteenwoordig volgens White (1997:217) sommige skrywers se strukturalistiese interpretasies. Volgens hom is dit kontrasterend tot die werklike oorsprong van die post-strukturalistiese denke wat narratiewe terapie ten grondslag lê. Tydens die bespreking van dié denke soos deur White en sy medewerkers geinterpreteer word (vgl. 4.3), blyk die verskil tussen die strukturalisme en poststrukturalisme duidelik en is dit moeilik om te begryp dat skrywers narratiewe terapie ook vanuit die strukturalisme definieer. Moontlik kan dit daaraan toegeskryf word dat dit vir aanhangers van die strukturalisme te radikaal is, om die kontrasterende denke te akkommodeer en gevolglik word gepoog om die narratiewe werkswyse binne hulle denkraamwerk toe te pas. Omdat alle terapeutiese werkswyses die vertelling van bepaalde situasies of gebeure insluit, sou 'n aanvanklike en moontlik oppervlakkige kennismaking met die idees van narratiewe terapie, dus maklik byval kon vind. Tydens 'n werkseminaar te Pretoria, tussen 27-31 Julie 1998[3], het White dit duidelik gestel dat sy werk binne die kader van die post-strukturalisme val en verwys hy daarna as 'n terapie wat gaan oor die "creation of life" en om mense te help om hulle ware self te word (White, 1998a). Na aanleiding van White (1998a) se stelling dat dit in narratiewe terapie, onder andere, gaan om situasies of probleme waarmee mense worstel "more richly" te beskryf, word die indruk gekry dat hy narratiewe terapie soms "thin" en soms meer "richly", omskryf. Hy verbind hom nie noodwendig tot 'n enkele omskrywing nie, maar vul dit aan na aanleiding van die spesifieke konteks waarbinne die gesprek plaasvind.

[3] Die seminaar is deur die navorser persoonlik bygewoon.

Die breër omskrywing van narratiewe terapie sou kon impliseer dat dit op 'n werkswyse dui, wat voortspruit uit 'n bepaalde filosofiese denkstroom en voortspruitende paradigma wat in die praktyk daarop neerkom, dat gepoog word om mense tot bemagtiging te laat beweeg, wat inhou dat hulle, hulle ware self kan word deur die ontwikkeling van nuwe alternatiewe stories waaraan hulle vrylik uitdrukking kan gee. Ten einde die terapeutiese werkswyse wat op die narratiewe strategie gegrond is, te begryp en verder te kan bespreek, is dit nodig om die uitgangspunte, beginsels en denkwyses wat die strategie ten grondslag lê, nader toe te lig. Aangesien die konsep narratief en storie so sentraal in die konteks van hierdie denkwyse staan, is dit eintlik vanselfsprekend dat die konsepte eerstens meer omvattend beskryf behoort te word.

4.2 DIE KONSEPTE NARRATIEF EN STORIE

In 'n poging om die konsepte narratief en storie wyer te beskryf, word daar onder andere gepoog om die konsepte te omskryf, hulle besondere eienskappe te bespreek, te let op die oorsprong en samestelling daarvan en die funksie van stories in die bestaan van die mens.

4.2.1 'n Omskrywing van die begrippe: narratief en storie

Daar word aanvaar dat beide die begrippe, narratief en storie, in verskillende kontekste andersoortig ingeklee kan word. Vir die doeleindes van dié studie word daar op dié konsepte gefokus in die konteks van die sosiale wetenskappe en spesifiek in terme van menslike gedrag en hulpverlening.

Alhoewel skrywers soos Sluzki (1992:218) en Dean (1995:291) die begrippe narratief en storie sinoniem gebruik en Saleebey (1994:353) aandui dat dit moeilik is om tussen die konsepte te onderskei, word daar tog omskrywings aangetref wat die begrippe onderskei met klemverskille in beide se betekenis.

Die kosep *narratief* sou met die volgende omskrywings nader toegelig kon word:
Neal (1996:66) verduidelik 'n narratief in die volgende woorde: "A 'narrative' can be understood as the 'frame of intelligibility' persons use to interpret reality." By wyse van 'n narratief kan die individu dus sy werklikheid verstaanbaar interpreteer. 'n Narratief is ook nooit neutraal nie, maar word deur die betrokke kultuuromgewing en taal beïnvloed en is gevolglik ook subjektief in terme van die effek daarvan op ander mense. Terselfdertyd kan

sommige mense deur 'n bepaalde narratief bemagtig word terwyl ander ontmagtig word (Neal, 1996:66).

Die kulturele verbondenheid van die begrip narratief word verder deur Saleebey (1994:353) beklemtoon, wat meen dat "... narratives are grounded in the culture, are widespread, are more attentive to form and style, and essential to the culture." 'n Narratief ontstaan dus in 'n kulturele milieu waarbinne dit diensbaar tot die individu se beskikking is. Deur middel van 'n narratief gee die mens betekenis aan sy lewe, alhoewel dit nooit die volle omvang van die rykdom van menslike ervarings kan weergee nie (Nicholson, 1995:23). Die mens gee binne die konteks van 'n narratief betekenis aan sy ervarings, maar gee ook via 'n narratief uitdrukking aan hierdie ervarings. 'n Narratief is as't ware die medium waardeur die mens in taal, sy interpretasie van lewensgebeure en ervarings aan die sosiale omgewing bekend maak. Hierdie gedagte word deur Lichtenstein en Baruch (1996:90) sterk beklemtoon, asook die rol van die heuristiese of ontdekkende prosesse wanneer hulle sê dat "[n]arrative thinking, a heuristic process toward fostering understanding, makes a story out of experience so that the outcome consists of a plausible and coherent account of what happened." 'n Narratief kan as 'n vertelling beskryf word wat uitdrukking gee aan lewensgebeure, wat binne 'n tydsdimensie plaasvind en tot bepaalde ervarings lei, waaraan die individu 'n unieke betekenis gee.

In sy siening van die begrip narratief, gee Gergen (1994:188) 'n verdere dimensie van interaksie daaraan as vormende faktor tot 'n narratief wat in voortdurende proses van verandering, vervorming en aanpassing verkeer. Hy stel dat "... narratives are conversational resources, constructions open to continuous alteration as interaction progresses" (Gergen, 1994:188). Die lewe bestaan as't ware uit interaksieprosesse waardeur mense in gesprek met mekaar verkeer oor lewensgebeure en in die proses bepaalde betekenisse daaraan gee om in verdere narratiewe daaraan uitdrukking te gee. Die onderlinge vertellings wat tussen mense plaasvind, vorm dus 'n aaneenlopende proses van die ontwikkeling van narratiewe wat weer volgendes tot gevolg het.

Die volgende omskrywings behoort die begrip *storie* breër te beskryf:
In die redaksionele kommentaar van die April-uitgawe 1997 van die *Social Work in Education* (Editoral comments, 1997:67) word stories gedefinieer "... as people's expressions of their ideas, feelings, lived experiences, and meanings as well as events and people of significance." Epston, White en Murray (1992:97) sluit hierby aan en noem dat 'n storie "a frame for lived experience" bied. Mense gebruik dus storievertelling om uitdrukking te gee aan die betekenis wat hulle aan hulle ervarings gee, asook hulle idees en dit waarin hulle glo - hulle gee uitdrukking aan die betekenis van hulle lewe. Parry (1991:43) voeg verder by dat 'n storie nie gelyk aan 'n lewe is nie, maar "...only a selection of events about a life as influenced by that person's beliefs about herself and others".

'n Storie is dus 'n vertelling waarmee die individu uiting gee aan lewenservarings, idees en dit waarin hy glo, soos wat hy daaraan op unieke wyse betekenis gegee het. Alhoewel 'n storie die weergawe van feitelike gebeure is, gebind aan tyd en plek, bly dit egter 'n subjektiewe vertelling wat onderhewig is aan elke individu se unieke betekenisgewing.

Alhoewel Saleebey (1994:353) meen dat stories "... may be more restrained, more loosely organized, and more idiosyncratic", blyk dit na aanleiding van bogenoemde omskrywings van 'n narratief en 'n storie, dat daar nie 'n wesenlike verskil tussen die twee begrippe bestaan nie. Dit is dan ook waarskynlik waarom die begrippe dikwels as sinonieme gebruik word. Lichtenstein en Baruch (1996:90) praat selfs van "[t]he narrative story." Dit wil voorkom asof die begrip narratief veral gebruik word wanneer daar oorkoepelend na die breër denke en gedagtegange van die narratiewe benadering verwys word en dat die begrip storie meer spesifiek gebruik word, wanneer daar na die vertellings van mense se lewenservaringe verwys word. Die volgende bespreking van die eienskappe van 'n storie behoort daartoe te lei dat die begrip meer omvattend beskryf word.

4.2.2 Die kenmerke en eienskappe van 'n storie

Ten einde duideliker te begryp wat 'n storie behels, is dit nodig om op enkele kenmerke of eienskappe van stories te let. Een van die vernaamste kenmerke daarvan is dat dit twee dimensies het, wat deur White (1993:36-37) as die "landscape of action" en die

"landscape of consciousness" beskryf word. Die "landscape of action" verwys na die volgende elemente wat 'n storie saamstel, naamlik,

- bepaalde gebeure,
- wat opeenvolgend in 'n volgorde ("sequence"),
- oor 'n tydperk (verlede, hede en toekoms) saamgevoeg word,
- tot 'n intrige ("plot") of tema.

Dit sou ook gesien kan word as die weergawe van die kronologiese-historiese verloop van gebeure.

Die "landscape of consciousness" behels die interpretasies wat deur die karakters in die storie aan gebeure geheg word, asook die betekenis wat die aanhoorder of leser van die storie vorm na aanleiding van die verteller of skrywer van die storie, se interpretasies of vertolkings. Hierdie dimensie van 'n storie word gedomineer deur persepsies, denke, spekulasies en gevolgtrekkings wat oor die gebeure en karakters daarop nagehou word. Sodanige persepsies en gevolgtrekkings kan beïnvloed word deur

- die begeertes en voorkeure van die karakters;
- die kenmerke en kwaliteit van hulle persoonlike verhoudings;
- hulle motiewe en oogmerke;
- die waardes en dit wat die karakters glo. (Vgl. White, 1993:37.)

Die interpretasie van die feitelike gebeure ("landscape of action") lei tot betekenisgewing wat in die "landscape of consciousness" weergegee word. Aan die hand van die volgende storie kan dié twee dimensies van 'n storie nader geïllustreer word. (Die kursief gedrukte gedeeltes weerspieël die betekenis wat aan gebeure gegee word ["landscape of consciousness"] en die res is 'n weergawe van die feitelike gebeure.)

Tydens 'n gemeenskapsvergadering ter bevordering van onderlinge verhoudinge tussen die verskillende groepe in die gemeenskap, vertel 'n lid van die gemeenskap die volgende: "Ek is 'n swart vrou van Suid-Afrika, 'n professionele persoon. So drie weke gelede was ek en my vier kinders met my motor op pad tussen Klerksdorp en Johannesburg. Ek het probleme met my motor gekry en het langs die pad gaan staan. Ek kon nie die motor aan die gang kry nie en het nie geweet wat om te doen nie. Ek het toe

probeer om 'n kar te stop wat my kan help, maar niemand wou by my stop nie. Daar het baie witmense by my verbygery, maar hulle wou nie stop nie. *Ek het geweet hulle is bang hulle word "gehijack".* Dit het al later die middag geword en ek het nie meer geweet wat om te doen nie. *Dit het gevoel of niemand my gaan help nie* en ek het nie geweet wat gaan van my en die kinders word as dit eers donker is nie. Later het daar 'n kar gestop. *Ek kon dit nie glo nie. Toe ek sien dat dit 'n witvrou is wat uitklim, was ek baie verbaas. Ek meen sy stop dan by 'n swartvrou. Dit kan mos gevaarlik wees.* Sy vra toe wat fout is. Ek sê toe vir haar my kar is stukkend en ek weet nie hoe om hom reg te kry nie. Sy sê toe sy weet ook nie hoe om die kar reg te maak nie, maar sy sal kyk wat sy kan doen. Sy haal toe brood, koue vleis, kaas en tamaties uit haar kar en gee dit vir my. Sy sê toe dit is al wat sy by haar het en ek moet dit vir die kinders gee, *want hulle is seker al baie honger. Ek kon nie glo dat 'n witvrou so goed vir my kon wees nie.* Sy sê toe sy sal by die volgende dorp vir die mense van die garage sê om my te kom help. *Ek was so baie bly,* ek het sommer begin huil. Toe sy wegry en my kinders begin eet van die kos wat sy vir ons gegee het, *het ek geweet daardie witvrou sal sorg dat ons nie die hele nag hier in die koue en donker bly sit nie. Ek het geweet ek is baie lief vir daardie witvrou wat my gehelp het, al is ek 'n swartvrou en al is dit gevaarlik om langs die pad te stop. Hierdie witvrou het my sommer laat dink ons sal regkom in dié land. Ons sal mekaar verstaan en ons sal vir mekaar sorg.* Een ding weet ek - ek sal in die toekoms ook by witmense stop as hulle 'n probleem met hulle kar het."

Stories gee nie so seer die feite van die saak weer nie, maar is net 'n uitdrukking van 'n individu se interpretasie van bepaalde gebeure wat deur die betrokke persoon uniek gekonstrueer en tot 'n storie ge-orden word.

'n Belangrike konstrueringselement van 'n storie is die tydsdimensie. 'n Storie verteenwoordig altyd 'n vertelling wat 'n begin het, met ander woorde 'n verlede of geskiedenis, 'n hede of huidige en dan 'n toekoms. Daar sou ook gesê kon word dat 'n storie 'n begin, middel en end het. Dit verloop dus oor drie tydsdimensies, naamlik 'n verlede, hede en toekoms. Tydens die begin en einde van 'n storie is daar dus 'n tydsverloop (Gergen, 1994:186 & White en Epston, 1990:10, 80-81). Die gebeure, ervarings en betekenis wat daaraan gegee word, word dus altyd aan een of meer van die tydsdimensies gekoppel.

'n Storie verteenwoordig nie die individu se totale lewe nie. Tydens storievertelling sensor die verteller die verhaal en vertel net van gebeure en karakters wat op daardie stadium oorheers of dominant is. White en Epston (1990:12) meen dan ook dat "...over time and of necessity, much of our stock of lived experience goes unstoried and is never 'told' or expressed. It remains amorphous..." Elke storie is ook uniek en outentiek aan die verteller. Verder vorm die vertelling of oorvertelling van 'n storie telkens 'n nuwe storie wat gewoonlik 'n uitbreiding op die aanvanklike een is (White & Epston, 1990:13). 'n Storie is dus nie identies herhaalbaar nie, maar vervorm en groei met elke hervertelling. Gebeure word, byvoorbeeld, vollediger bespreek, karakters se rol word uitgebrei of nuwe karakters word ingebring en die betekenis wat aan die verskillende insidente of ervarings geheg word, vervorm in terme van omvang en intensiteit.

Verder vorm verskillende karakters in verskillende gebeure en tyd, 'n belangrike deel van elke storie. 'n Storie is nie 'n storie as daar nie karakters in is nie. Die verskillende karakters verskil ook ten opsigte van hulle dominansie in die verloop van die storie en die betekenis wat die verteller aan elkeen binne die verskillende situasies gee. Karakters behou hulle identiteit, met ander woorde dieselfde persoon is nie vir 'n deel van die storie die boef en later weer die held nie. (Vgl. Parry, 1991:52 & Gergen, 1994:191.)

Stories weerspiëel ook dikwels teenstrydighede en White (1995:15) sê dan ook "...there isn't any single story of life that is free of ambiguity and contradiction ..." Omdat stories teenstrydighede bevat en geen enkele storie al die gebeure in 'n individu se lewe weergee nie, benut die storieverteller 'n netwerk van stories, om uitdrukking aan sy lewe of fasette daarvan te gee.

'n Storie word nooit identies herhaal en/of geïnterpreteer nie (Epston, *et al.*, 1992:100). Alhoewel 'n storie deur dieselfde verteller herhaal word, is die herhaling nie 'n identiese weergawe van die eerste vertelling nie, maar 'n hervertelling ("re-telling") van die eerste storie. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word, dat die verteller tydens die eerste vertelling tot bepaalde nuwe interpretasies gekom het wat 'n invloed op die tweede vertelling het. Stories is dus in 'n voortdurende proses van vervorming, al sou die verskil tussen 'n eerste en tweede vertelling ook baie gering wees. Wanneer 'n storie deur 'n

volgende persoon herhaal word, kan verwag word dat die verskille nog meer sal wees. Die verandering van die konteks en mense aan wie die storie vertel word, het nog 'n verdere invloed op die inkleding daarvan en dra dus by tot die vervormingsproses.

4.2.3 Die ontstaan of oorsprong van stories

Ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van 'n storie sê White (1993:37) die volgende: "Our culturally available and appropriate stories about personhood and about relationship have been historically constructed and negotiated in communities of persons and within the context of social structures and institutions." 'n Storie gaan dus oor die betekenisgewing aan gebeure in 'n bepaalde kulturele konteks. Die interaksie, onderhandelinge en gebeure tussen mense, dra verder by tot die vorming van stories. Stories word dus saamgestel uit lewenservaringe en verhoudings, en taal word gebruik om die betekenisse wat daaraan gegee is, te beskryf. Die lewe is as't ware 'n opvoering of uitbeelding ("performance") van stories in die teenwoordigheid van ander ("audience") (White & Epston, 1990:27 & Epston, *et al.*, 1992:98).

Stories word dus nie in 'n lugleegte gevorm nie, maar wel tussen mense binne 'n bepaalde kulturele konteks. Soos reeds genoem, verkeer 'n storie altyd in 'n proses van vervorming as gevolg van verdere gebeure en die invloed van die interaksie wat in 'n sosiale milieu, tussen mense plaasvind.

4.2.4 Die funksies van stories

Primêr het 'n storie ten doel om uitdrukking te gee aan lewenservaringe en sodoende die individu die geleentheid te bied, om homself aan ander bekend te stel en deur die opvolgende interaksie, in verhouding tot ander te tree, 'n proses wat tot nuwe ervaringe en stories lei. Dit is dan ook juis deur middel van stories dat ervaringe geïnterpreteer word, want "[s]tories provide the frames that make it possible for us to interpret our experience, and these acts of interpretation are achievements that we take an active part in" (White, 1995:15). 'n Belangrike funksie van 'n storie is dus om die individu die geleentheid te gee om sy lewenservaringe te interpreteer en dan met ander te deel. Die raamwerk wat 'n storie bied vir die interpretasie of vertolking van gebeure, kan ook as 'n "frame of intelligibility" beskryf word, met ander woorde dit voorsien 'n konteks waar-

binne daar betekenisgewing en interpretasie plaasvind op so 'n wyse dat dit duidelik en verstaanbaar is (White, 1993:36 & White, 1995:13).

In stories vind 'n keuring of seleksie plaas ten opsigte van watter ervaringe meegedeel gaan word. Deur die logiese samevoeging van gebeure en gepaardgaande ervaringe voorsien stories 'n rede of verklaring vir die ontplooiing en ontknoping daarvan. Die uiteinde van 'n storie tree gevolglik verklaarbaar en logies na vore. Dit het tot gevolg dat die individu sin maak uit sy ervaringe. (Vgl. Gergen, 1994:192 & White, 1995:13.)

Volgens White (1993:36) gee stories struktuur aan ons lewe, "...persons live their lives by stories."Aansluitend hierby meen Larner (1996:428), uit sy werk met kinders in 'n narratiewe konteks, dat "[t]hrough stories, children develop a personal voice, expressing their unique way of thinking and feeling about themselves in the world." Die mens gee dus deur middel van stories uitdrukking aan sy lewe. Dit is 'n manier waarop die individu homself verstaanbaar maak en met ander mense in verhouding tree. Mense gee betekenis aan hulle lewe en verhoudings deur aan hulle ervaringe uitdrukking te gee, by wyse van storievertelling. In hierdie proses van onderlinge storievertelling, word nuwe stories ontwikkel. Dié proses het ook tot gevolg dat mense onderling 'n vormende effek op mekaar se lewe het. Daar sou byna gesê kon word dat sonder stories daar geen "lewe" is nie. Verder word daar deur middel van storievertelling, 'n stem aan 'n mens se lewe gegee. (Vgl. Parry, 1991:53; Gergen, 1994:186 & 192 & White, 1995:12,13 & 79.)

Aansluitend by die gedagte dat die mens se stories as't ware sy lewe is, meld Gergen (1994:187) in verband met die mens se identiteit dat "[o]ur present identity is thus not a sudden and mysterious event but a sensible result of a life story." Die samevoeging van gebeure soos wat dit kronologies gemanifesteer het, die unieke ervaringe wat daarmee saamgegaan het en die betekenisgewing wat plaasgevind het, gee 'n aanduiding van die storieverteller se identiteit. Soos die storie van die individu omvorm word, sal sy identiteit ook noodwendig moet aanpas. 'n Mens met die enge identiteit dat hy 'n verloorder is, sal met die bewuswording van ander vaardighede en kennis waaroor hy beskik, 'n nuwe storie kan ontwikkel, wat kan impliseer dat hy 'n wenner is.

Binne die groter kulturele konteks, het stories die funksie om inligting en bepaalde perspektiewe aan individue te voorsien met betrekking tot hulle omstandighede. Stories bied ook voorskrifte van hoe om in bepaalde situasies te oorleef. 'n Volk se gedagtes en hoop lê ook in stories (Saleebey, 1994:353-354). Stories is in 'n sekere sin 'n volk se lewensaar. In die Suid-Afrikaanse samelewing sou die verskeie stories van geweld- en misdaadpleging en die wyse waarop individue in sulke situasies oorleef het, 'n voorbeeld wees van hoe stories die individu inlig oor sy omstandighede en moontlike oorlewingstrategieë wat aangewend kan word.

'n Bepaalde situasie of omstandigheid word relevant of van belang, sodra dit by wyse van vertellings, met ander woorde by wyse van stories, weergegee word. So gebeur dit dat die situasie met betrekking tot, byvoorbeeld, vroueregte, eers relevant word wanneer daar stories in die verband oorvertel word (Saleebey, 1994:354). Indien daar dus nie oor bepaalde aangeleenthede stories oorvertel word nie, bly die saak onbekend en irrelevant tot die breër samelewing, en gevolglik word daar ook nie juis aan knelpunte in die verband, aandag gegee nie. Eers nadat daar oor 'n tydperk verskillende stories oor die miskenning van vroue se regte oorvertel is op vergaderings en tydens informele gesprekke, het pogings gevolg om iets aan die situasie te doen.

Gemeenskapsleiers gebruik storievertelling om die omstandighede in hulle betrokke gemeenskappe onder die aandag te bring en moontlike aksies in die verband van stapel te stuur. Stories dien ook die doel om mense saam te snoer en sowel die individu as die gemeenskap te bemagtig. (Vgl. Saleebey, 1994:354.)

In Suid-Afrika het die Waarheids-en-Versoeningkommissie in 'n groot mate geleentheid geskep waar verskillende stories deur verskeie individue en groepe, oor hulle besondere omstandighede oorvertel kon word. Dit het inderdaad sekere aangeleenthede rakende verskillende politieke optredes in die land, tot nuwe betekenis en relevansie uitgelig. Die werklike gevolge van hierdie storievertellings in die lewens van verskillende individue en groeperinge in die breër samelewing, is moeilik bepaalbaar. Waarskynlik het sommige groepe toenemend onder die indruk gekom dat hulle oor dekades heen onderdruk en onregverdig behandel is, terwyl ander wat vroeër as helde beskou is, nou as misdadigers in die vertellings voorgehou word.

Die praktykbeoefening van Maatskaplike Werk staan middel in die meedeling van verskillende narratiewe in verskeie situasies, wat wissel van die stories wat individue in 'n terapeutiese gesprek vertel, tot die vertellings van gemeenskapslede op 'n gemeenskapsvergadering. In 'n sekere sin kan gesê word dat maatskaplikewerk-hulpverlening nie kan plaasvind, sonder dat storievertelling deel daarvan is nie.

In die bespreking van die uitgangspunte wat narratiewe terapie ten grondslag lê, sal die plek van die storie in narratiewe terapie breër toegelig word en in verband met ander belangrike beginsels, eie aan dié denke, gestel word.

4.3 DIE BEGINSELS, UITGANGSPUNTE EN DOELSTELLINGS TEN GRONDSLAG VAN DIE NARRATIEWE BENADERING; HOOFSAAKLIK VOLGENS WHITE EN EPSTON

Ten einde die uitgangspunte waarop narratiewe terapie berus, te bespreek, is dit nodig om in ag te neem dat dié werkswyse binne die kader van die post-modernisme en spesifiek die sosiaal-konstruksionisme val. Volgens White (1998a) sien hy homself nie as 'n konstruktiwis of 'n konstruksionis nie, maar wel as deel van die post-strukturalisme. Die indruk word gekry dat White sterker fokus op die praktiese implementering van die post-strukturalistiese gedagtes en hom nie soseer bemoei met tipiese akademiese beredenerings oor die breër filosofie waarbinne skrywers soos Parry (1991:39), Zimmerman en Dickerson (1994:236) en Dill (1996:203-206), sy werk plaas nie. Met die oog op die latere bespreking van die praktiese toepassing van narratiewe terapie, is dit dus noodsaaklik om White (1997:220-234 & 1998a) se vertolking van die post-strukturalisme uit te wys.

4.3.1 Uitgangspunte na aanleiding van die post-strukturalisme

White (1997:220-234) skets die post-strukturalisme deur dit teen die gedagtegange van die strukturalisme te kontrasteer. Die volgende drie vrae wat binne die Westerse kultuur deur sowel leke as professionele mense gevra word, vorm die hoofmomente na aanleiding waarvan die strukturalisme nader toegelig kan word. Die vrae is:

- Wat is die waarheid met betrekking tot wie die mens werklik is?
- Wat staan in die individu se pad dat hy nie kan wees of word wat hy werklik is nie?

- Hoe kan die individu homself bevry ten einde homself van belang te maak of te aktualiseer en te verwesenlik?

Die aktiwiteite wat ontlok word in 'n poging om antwoorde op dié vrae te vind, asook die resultaat daarvan, skep riglyne waarvolgens mense aan hulleself en ander, binne 'n kulturele konteks, identiteite toesê, met gevolglike verdere reaksies en optredes teenoor mekaar, waarvan professionele terapeutiese handelinge ook deel sou kon uitmaak. Ten einde dié situasie beter te kan begryp, is dit nodig om die bogenoemde vrae se invloed, binne die kulturele konteks van die mens, verder te bespreek.

4.3.1.1 Die soeke na die waarheid ("the will to truth")

Sowel leke as professionele mense, wil dolgraag antwoorde vind op die vraag: wie is ek? Die mens wil die waarheid oor homself te wete kom. Hy wil inligting hê oor sy aard en die wese en essensie van sy bestaan, met ander woorde van sy totale menswees. In hierdie soeke na wie hy is, ontstaan die volgende vraag, naamlik, wat verhoed my dat ek nie kan wees wie ek is nie, met ander woorde wat staan in my pad tot selfverwesenliking? Hierteenoor sou die vraag vanuit die post-strukturalisme eerder gaan oor "...what we are today" (White, 1997:222). Dié vraag staan in die lig van die aktualiteit van die huidige en is nie geïnteresseer in wat die waarheid is nie. Dit gaan nie daaroor dat die waarheid ontdek moet word nie, maar "... to develop some understanding of how it is that we are produced as subjects" (White, 1997:223). Die post-struktualisme behoort ons verder te help om te verstaan hoe kulturele kennis en praktyke bygedra het tot bepaalde identiteite en verhoudings. Binne 'n bepaalde kultuurmilieu sou 'n seun wat nie gaan boer nie as 'n "sissy" en swakkeling beskou kon word. Vanuit die opvatting binne die sosiale omgewing word daar dus 'n identiteit aan die betrokkene toegeken. Dit is juis die ontwikkeling en instandhouding van sodanige waarhede of kennis van die betrokke gemeenskap, wat deur die post-struktualisme bevraagteken word, en as't ware aan die kaak gestel word ten opsigte van die effek daarvan op die samestelling van 'n individu se lewe. Die post-struktualisme skep dus vir die individu die moontlikheid om toegekende identiteite te ontbloot ten opsigte van die wyse hoe 'n bepaalde groep se kennis bygedra het tot die toekenning van sodanige identiteit. 'n Persoon sou dus in die lig hiervan sy toegekende identiteit kon ontsnap, want die persepsie wat 'n sekere groep oor hom het, word nie noodwendig deur alle mense of groepe gehandhaaf nie.

4.3.1.2 Die hipotese van onderdrukking ("the repressive hypothesis")

Om te kan bepaal wat veroorsaak dat selfverwesenliking en selfaktualisering nie kan plaasvind nie, word daar volgens strukturalistiese denke, gebruik gemaak van die "repressive hypothesis". Daar word onder andere gevra: " ' How Comes It that we all start Originals and end up Copies?' " (White, 1997:220). Hierdie hipotese huldig die aanname dat daar faktore of elemente is wat die individu blokkeer en frustreer sodat hy nie uiting kan gee aan sy ware self nie. 'n Verdere uitvloeisel van dié aannames is dat die frustrasies en blokkasies wat die individu verhoed om uiting te gee aan sy unieke behoeftes en diepste begeertes, aanleiding gee tot verskeie siektetoestande (afwykings). In 'n poging om hierdie benouende situasie te ontvlug, volg die vraag hoe die individu te werk kan gaan om homself te bevry van al die faktore of elemente wat hom blokkeer en sy selfverwesenliking verhoed?

In teenstelling hiermee word daar na aanleiding van die post-strukturalisme vrae gevra wat inligting sal ontbloot oor aspekte soos:

- Die rol wat kulturele kennis en praktyke speel in die samestelling en ontwikkeling van mense se lewens en "... how it is that the knowledges and practices of culture inform our modes of life and thought" (White, 1997:223).
- Wyses waarop kulturele kennis en praktyke bydra tot die toekenning van identiteite en die ontwikkeling van bepaalde subjektiwiteit en verhoudings, as kultuurprodukte.
- Die agtergrond of geskiedenis van aansprake wat gemaak word ten opsigte van die waarheid oor die menslike natuur; die lewenspraktyke wat met sodanige aannames vereenselwig word; die situasies waar hierdie aannames vir aanwending beskikbaar gestel word; die identifisering van die werklike effek wat hierdie aannames en praktyke op die samestelling van mense se lewens het.

Die post-strukturalistiese vrae is daarop ingestel om in plaas daarvan om probleme of probleemsituasies te identifiseer, eerder te let op die gebeure wat vanaf mikro tot makro vlak afspeel, en die invloed daarvan op die lewens van mense en nie soseer op hulle as mens nie. Dit gaan om 'n breër beskrywing van 'n groter moontlike geheel te bekom.

4.3.1.3 Die bevryding van die mens ("emancipation of human nature")

Vir die dilemma van die mens om van onderdrukkende kragte te ontsnap om so sy ware self te kan ontdek en te kan uitleef, het die strukturalistiese gedagtegang as oplossing, die "emancipation of human nature" (White, 1997:221). Dit hou in dat die individu in die naam van persoonlike emansipering of bevryding, die faktore of elemente wat sy ware menswees onderdruk, sal uitdaag en ontsnap ten einde die waarheid oor wie hy werklik is, te bekom. Hierdie situasie gee daartoe aanleiding dat die individu sy soeke na die waarheid oor wie hy werklik is, voortsit sodat hy tot sy reg kan kom en homself dus tot selfverwesenliking kan beweeg. Volgens White (1997:222) word hierdie poging om die self vry te stel en te laat ontwikkel, aangehelp deur sowel professionele praktyke as die populêre media. Die gereelde publisering van artikels in populêre tydskrifte oor sake soos die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld, die bepaling van persoonlikheidstipes of metodes wat gevolg kan word om 'n suksesvolle huweliksmaat te wees, is voorbeelde van pogings om die individu te help om te weet hoe hy moet optree, om homself te kan wees en/of homself te ontwikkel.

In die professionele kultuur word daar deur die ontwikkeling en benutting van meetinstrumente verder gepoog om die individu te help om te bepaal hoe ver hy van die "ideaal" is en/of as normaal beoordeel kan word. Die gedagte is dat die individu sodoende meer oor die waarheid aangaande homself te wete kan kom. Hierdie strewe tot die werklike bepaling van die waarheid omtrent spesifieke persone, het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n formele analisestelsel. Sodanige "system of analysis" word dan gebruik om interpretasies oor individue te maak na aanleiding van formele kategorieë wat die werklike waarheid oor die persoon kan openbaar (White, 1997:222 & 1998b:2).

White (1997:224) som die impak van die strukturalistiese praktyke soos volg op: "The joining of claims about nature, repression and psychological emancipation powerfully ties persons to the reproduction of our cultures' 'truths' of identity in their pursuit of liberation - persons are ever more tightly bound to their subjectivities through their efforts to liberate themselves." Dit is asof die strukturalistiese praktyke die individu die gevangene van sy eie enge waarheidsontdekkinge maak, met geen ruimte vir ander moontlikhede nie - inderdaad 'n benouende situasie. Die post-strukturalisme bied ver-

ligting vir hierdie situasie deur onder andere te besin oor die moontlike invloed van die drie momente, naamlik die soeke na waarheid, die hipotese van onderdrukking en die bevryding van die mens, op die konstituering van die individu se lewe. So het daar bekend geword dat in die naam van sielkundige bevryding, mense in der waarheid aangemoedig word "...to produce the dominant forms of individuality of contemporary culture" (White, 1997:224). Hierdie ontbloting of bekendmaking behoort nuwe, breër en meer dimensionele horisonne vir die individu te skep, waarbinne hy meer ongebonde kan deel hê aan die vorming van sy eie en ander mense se lewe, sonder die beperkinge van bepaalde identiteite wat die sogenaamde waarheid sou weerspiëel.

Die invloed van die strukturalisme op terapeutiese praktyke is veral drasties vanweë die magsposisie waarin die terapeut is, omdat hy as die kundige beoordelaar van die waarheid, beskou word. Ten einde die werkswyse van die narratiewe terapie in duideliker perspektief te kan stel, is dit nodig om die belangrikste momente betreffende die invloed van die strukturalisme op terapie, aan te dui.

4.3.1.4 Die invloed van die strukturalisme op terapeutiese praktyke

Die strukturalisme het tot gevolg dat die terapeut beperk is tot die reproduksie en bevestiging van bestaande kennis, met ander woorde die waarheid tot sy beskikking. Verder tree die terapeut ook op as die advokaat of verdediger van hierdie bestaande kennis. Die gevolg hiervan is dat hy dus nie buite die grense van dit wat bekend is, kan beweeg nie. Daar is nie werklik die geleentheid om die beperkinge van die bestaande denke uit te brei nie. Dit wat nie by die bestaande waarheid, met ander woorde kennis inpas nie, het nie bestaansreg nie en gaan eintlik verlore. Nuwe en verdere horisonne word nie verken nie en die gevolg is dat "[o]ur lives become thinly described, as does our work" (White, 1997:226).

'n Verdere gevolg van die strukturalisme is dat daar nie ruimte vir die onderlinge vorming van mekaar se lewens en wedersydse erkenning daarvoor is nie. Dit is, byvoorbeeld, nie praktyk dat die terapeut en kliënt teenoor mekaar en ander, waardering uitspreek vir hulle bydrae en rol in die onderhandelinge oor betekenisgewing in hulle lewens nie (White, 1997:226-227). Die rol van mag in die terapeutkliënt-verhouding verklaar deels hierdie toedrag van sake. Die strukturalisme bevestig as't ware dat die

terapeut oor gesaghebbende en meerdere kennis van die waarheid beskik en as sulks het hy dus die mag in die terapeutiese situasie. Verder word die teenwoordigheid en rol wat mag in die terapeutiese verhouding speel, ook nie erken nie en gevolglik kan die invloed daarvan in die terapeutiese konteks, moeilik bepaal word. Die kliënt is hieraan uitgelewer sonder dat hy of die terapeut dit doelbewus in verrekening bring. Dit kom, onder andere, daarop neer dat die terapeut as kundige, die meerdere in die situasie is, en die kliënt hom daarom by die uitsprake van die terapeut neerlê of daarby berus. (Vgl. White, 1997:229.)

In die terapeutiese konteks gaan dit primêr om die ondersteuning van die soeke na waarheid, die hipotese van onderdrukking en die emansipering van die individu, met die gevolg dat die terapeut aktief meedoen aan die reproduksie en bevestiging van kultuurgesanksioneerde identiteite, wat aan mense toegedig word. Dit verhoed enige verbreding of verdere navraag oor moontlike alternatiewe wyses van denke en lewe, wat in sulke situasies oorweeg kan word. (Vgl. White, 1997:227.) Verder het dit tot gevolg dat indien 'n persoon die identiteit van 'n alkoholis of skisofreen toegesê is, hy binne daardie raamwerk benader word, as synde die waarheid met betrekking tot wie hy is. Daar word nie geleentheid gegee vir die oorweging van ander opsies met betrekking tot sy menswees en lewenswyses nie - 'n breër en voller beskrywing van sy lewe vind dus nie plaas nie.

Welslae in terapeutiese intervensies of ingrypings word hoofsaaklik bepaal deur die mate waartoe daar by die drie momente van die soeke na die waarheid, die hipotese van onderdrukking en die bevryding van die mens, gehou word. Die terapeut is dus suksesvol as hy hou by die waarheid met betrekking tot die identiteite wat aan persone gegee word. Hy is nie werklik verantwoordelik vir die effek van die toepassing van hierdie waarhede op die kliënt se lewe nie, met ander woorde vir die invloed van sy terapeutiese werkswyses op die lewens van kliënte nie. Volgens White (1997:228) dui hierdie optrede op 'n onderskatting van die terapeut se invloed op die lewe van die kliënte wat aan hom blootgestel word, en die gepaardgaande onvoldoende aanvaarding van verantwoordelikheid in die verband, op "the marginalisation of ethics."

Die drie hoofmomente van die strukturalistiese denke, plaas die geskiedenis van die individu in probleemterme; met ander woorde die kliënt se verlede verteenwoordig vir

hom slegs problematiese gegewens. In terapie gaan dit dan hoofsaaklik oor die oplossing van probleme in die kliënt se verlede, en daardeur word voorkom dat daar 'n kragtige herbetrokkenheid ten opsigte van gebeure in sy lewe en ander mense in sy verlede, bewerkstellig kan word. Gevolglik word die kliënt se verlede nie positief in sy teenswoordige en toekomstige lewe gebruik nie. (Vgl. White, 1997:229.)

4.3.1.5 Kategorieë van identiteite ("categories of identities")

Wanneer White (1998a) die verskil tussen die strukturalisme en post-strukturalisme aantoon, verwys hy na sogenaamde "categories of identities" ten einde te toon dat aspekte rakende die individu in terme omskryf kan word, wat minder ruimte laat vir breër beskrywings van sy lewe en ervarings.

STRUKTURALISME	POST-STRUKTURALISME
Behoeftes	Voorkeure
Houding	Drome
Begeertes	Waardes
Motiewe	Oortuigings
Sterktes	Doel
Dryfvere	Vaardighede
Hulpbronne	Bydraes

Tabel: 4.1a *Uiteensetting van die verskille tussen strukturalistiese en post-strukturalitiese beskrywings*

Om byvoorbeeld na 'n mens se sterktes te verwys, impliseer dat daar geoordeel word volgens bepaalde kennis en nie juis ruimte vir omvattende beskrywings gelaat word nie. Wanneer daar egter na die doel wat 'n mens nastreef verwys word, bied dit ruimte vir verbeeldingryke of kreatiewe beskrywings sonder die element van beoordeling daarin. Deurgaans het die strukturalistiese beskrywings 'n beperkende element van beoordeling omdat dit gebruik maak van bepaalde kriteria wat verkry word van die een of ander kennisraamwerk wat gewoonlik as gesaghebbend beskou word. Daarteenoor bied die post-strukturalistiese beskrywing 'n groter openheid vir nuwe idees en meer omvattende beskrywings wat evolusionêr na vore kom. Daar word dus nie beoordelings gemaak nie, maar na steeds meer omvattende beskrywings gevorder.

Wat betref die verskillende idees en werkswyses wat binne die raamwerk van die strukturalisme en post-strukturalisme gevolg word, illustreer White (1998a) die verskille met enkele voorbeelde so:

STRUKTURALISME	POST-STRUKTURALISME
Terapeute het deskundige kennis ("expert knowledge")	Terapeute is nie die alleenkundiges ("experts") nie
Sisteme oorleef op grond van identiteitskategorieë ("categories of identity")	Die kliënt word gekonsulteer of geraadpleeg
Kliënt is ge-isoleer	Kliënt neem deel aan die gesprekvoering
Ken bepaalde identiteite toe	Kliënt word self sy eie agent
Persone fokus op die donkerkant van hulle lewens	Let op die effek van gesprekvoering op kliënt se lewe

Tabel: 4.1b *Uiteensetting van die verskille tussen strukturalistiese en post-strukturalitiese beskrywings*

'n Terapeut wat die strukturalisme aanhang, sal uit 'n posisie van gesag en meerdere kennis as deskundige op grond van bepaalde evaluerings, aan die kliënt 'n bepaalde identiteit toeken, byvoorbeeld dat hy 'n alkoholis is. Verder vul die kliënt ook die rol as ondergeskikte wat afhanklik is van die kundigheid en advies van die terapeut. In teenstelling hiermee sal die post-strukturalistiese terapeut die kliënt as die kundige van sy eie lewe beskou en hom as sodanig respekteer en aktief in die gesprek betrek ten einde nuwe moontlikhede vir sy lewe te ontwikkel.

Die verskil tussen die strukturalisme en post-strukturalisme, kan na aanleiding van White (1998:2) se uiteensetting, soos volg saamgevat word:

STRUKTURALISME	POST-STRUKTURALISME
Die lewe van mense word beskryf in terme van gedrag wat as die manifestasie van dieper elemente of kragte beskou kan word.	Die samestelling van die individu se lewe vind plaas by wyse van die uitdrukking van sy lewenservaringe - "these experiences are what it is that is 'going on'."
Diegene wat oor "expert knowledge" beskik, is in staat om enige gedrag, wat op die oppervlak verskyn, te verklaar in terme van die dieperliggende kragte of elemente wat dit tot gevolg het.	Die eksplorering van subjektiewe ervaringe en die effek daarvan, moet deur die betrokkenes verstaan word. "It is these expressions of subjective experience that contribute to 'rich' or 'thick' description" (White, 1998b:2).
Die idee dat gedrag oppervlakkig of dieperliggend kan wees, word teenoor mekaar gestel. (White, 1998b:2).	Meer omvattende en minder omvattende beskrywings ("thick and thin descriptions") word gekonstrateer.

Tabel: 4.1c *Uiteensetting van die verskille tussen strukturalistiese en post-strukturalitiese beskrywings*

Alhoewel dit duidelik is dat White (1998a) binne die konteks van die post-strukturalisme werk, en die idees van die strukturalisme onaanvaarbaar vind omdat dit nie die kliënte voldoende respekteer en die geleentheid bied om hulle lewens meer omvattend te beskryf nie, sê hy tog die volgende: "We honour structural elements, but use it in conversation to begin the conversation and ask questions to describe it more richly" (White, 1998a).

Weens die betekenisvolle verskille tussen die basiese grondslag waarop die twee denkraamwerke en gepaardgaande werkswyses berus, is versoening tussen hulle bykans onmoontlik. Wanneer die terapeut wat in die meer strukturalistiese denkskool opgelei is, probeer oorbeweeg na die post-strukturalisme, bevind hy hom in 'n moeilike posisie, want dit sou beteken dat 'n bekende omgewing waarbinne die terapeut die alleenkundige is, verruil moet word vir 'n konteks waar hy homself moet oopstel vir die kliënt se invloed op die vorming van die terapeut se lewe. Dit blyk egter nog moeiliker te wees om op twee stoele te probeer sit, met ander woorde deur twee onversoenbare gedagtegange met mekaar te probeer versoen, of om op eklektiese wyse te poog om êrens 'n kompromie te bewerkstellig. Moontlik lê die oplossing vir dié dilemma daarin, dat die terapeut sy eie werk en lewe meer omvattend begin beskryf. Dit mag dan vir hom nuwe horisonne van groter beweeglikheid oopmaak, wat onder andere 'n nuwe dimensie in sy respek vir homself en ander kan bewerkstellig. Wanneer die terapeut dan sy lewe en werk meer omvattend ("more richly") beskryf, gaan hy waarskynlik meer en meer

erkenning kan gee aan die rol wat die strukturalisme en oorkoepelende modernisme in die vorming van sy lewe gespeel het, en kan hy selfs die terugneem-aksie ("taking-it-back practices") (vgl. 5.6) in dié konteks toepas.

4.3.2 Kultuur

Binne die konteks van die narratiewe denke kan kultuur gesien word as 'n groep mense of gemeenskap van individue se interpretasie van die wêreld. Volgens Paré (1995:12) verwys kultuur, na aanleiding van hierdie omskrywing, na "... a collection of people in terms of their world-making practice, and thus gives primacy to the interpretive, constructionist, cultural, and narrative aspects of lived experience, ..." Die interpretasie van lewensgebeure en gepaardgaande betekenisgewing, vind dus altyd binne die breër kultuurmilieu waarvan die individu deel is, plaas. Dit het tot gevolg dat stories ook binne hierdie milieu gevorm en gedeel word. Daarom noem Saleebey (1994:352) dat "[i]nterpretation and story are the essence of culture."

Die individu se lewenservarings kry dus betekenis en uitdrukking binne die sosiale omgewing van die kultuurgemeenskap waartoe hy behoort. In hierdie kultuuromgewing word die taal voorsien waarin die uitdrukking van betekenis kan plaasvind, en wel by wyse van storievertelling. Die storie is dus 'n produk van die kultuurgemeenskap en tereg merk Dean (1995:294) op, dat "[s]tories are framed by the culture in which they are situated." Verskillende individue se stories word deel van die groter kultuurstories en algaande het die verskillende stories in 'n bepaalde kultuur, wedersyds 'n vormende effek op mekaar. Die verskillende lede van 'n bepaalde kultuurgemeenskap beïnvloed mekaar se lewens deur middel van die prosesse wat plaasvind tydens betekenisgewing en die interpretasie van gebeure en ervaringe, uitgedruk in verskeie stories.

Stories word nie net in 'n bepaalde kultuurkonteks gevorm en vertel nie, maar word ook in dieselfde konteks aangehoor, en sodoende gebeur dit dat, "...[c]ulture also shapes the way that stories are heard" (Dean, 1995:292). Alhoewel die individu uniek sy eie lewenservaringe interpreteer en in 'n storie uitdruk, vind daar binne die kultuurmilieu 'n dinamiese aaneenlopende proses van storievorming en omvorming plaas, by wyse van die subjektiewe gesamentlike vertelling en aanhoor van stories. Daarom gebeur dit dat 'n storie wat in die een kultuurmilieu as die waarheid geglo word, nie noodwendig in 'n

volgende kultuurgemeenskap as die waarheid geïnterpreteer gaan word nie. Geen kulturele groepering sou dus daarop kon aanspraak maak dat die werklike waarheid in die stories van sy mense teenwoordig is nie. Dit is waarskynlik waarom Saleebey (1994:352) in die verband die volgende opmerk: "The dream of discovering truth or reality apart from a people's and culture's interpretations may be just a dream!" Dit is beslis 'n opmerking wat strook met die basiese gedagtegang van die konstruktiwisme en konstruksionisme dat elke individu sy eie werklikheid skep en daar aldus nie 'n objektiewe werklikheid bestaan nie.

Ten einde die narratiewe denke te begryp en binne die terapieveld van toepassing te maak, verg 'n spesifieke kennisname van die lewende en ineengeweefde rol wat kultuur in die ontwikkeling van stories speel. Aangesien stories 'n uitdrukking van die individu se lewe is, kan gesê word dat 'n persoon se lewe beïnvloed en gevorm word binne die milieu van 'n bepaalde kultuurgemeenskap. Die vraag oor die posisie van die terapeut binne hierdie kulturele konteks, begin al sterker na vore kom. Bespiegelings kan ontstaan oor hoe die verhouding tussen die terapeut en kliënt beïnvloed word, enersyds wanneer hulle tot dieselfde kultuurgemeenskap behoort en wanneer hulle van verskillende kulture of groeperinge is. Weens die uniekheid van elke kultuurgemeenskap, kan daar seker aanvaar word dat die stories van die verskillende kulture sal verskil, en deur die verskillende groepe andersoortig geïnterpreteer sal word. Die vraag is nou of mense uit verskillende kultuurgemeenskappe noodwendig altyd buitestaanders teenoor mekaar sal wees, en of hulle ook 'n groeiende rol sal kan speel in die vorming van nuwe gesamentlike stories? Wanneer White (1997:11-14) die "Culture of the Professional Disciplines" bespreek, dui hy op 'n verdere "kultuur" waarvan die terapeut deel is en wat benewens sy "natuurlike" kultuur, 'n invloed op sy lewe uitoefen en dus ook op sy verhouding met kliënte.

White (1997:11) beskryf hierdie sogenaamde kultuur van die professionele dissiplines as "... a culture that produces particular, highly specialised, and formal knowledge that constitute systems for the analysis of persons' expressions of life, which are constructed in terms of behaviours." Professionele mense soos maatskaplike werkers en sielkundiges, het dan voorrang toegang tot hierdie kennis wat 'n weergawe van die objektiewe waarheid sou wees. Dus verkeer die professionele persoon in die bevoorregte posisie om van-

uit hierdie kennis en gepaardgaande analisesisteme, besluite te neem oor 'n individu se identiteit, die kwaliteit van sy verhoudings, asook die gehalte van die funksionering van die setsels waarvan hy deel is. Dit plaas die professionele persoon ook in die magsposisie om oor die individu of dan kliënt, assesserings, evaluerings en gevolgtrekkings te maak waarvolgens advies gegee en/of bepaalde terapeutiese intervensies geïmplementeer kan word. Dit is asof die terapeut so 'n deskundige ("expert") is, dat hy dan alleen die beste weet wat in 'n besondere situasie gedoen behoort te word. Volgens White (1997:11-14) het hierdie toedrag van sake tot gevolg dat kennis waaroor die individu beskik, na aanleiding van sy eie lewenservaringe en die diskoerse wat in sy kultuurmilieu plaasvind, verlore gaan, omdat hierdie "ways of knowing" nie binne die professionele kultuur as geldig beskou word nie. Die gevolg is dat die beskrywing van die kliënt se lewe vereng word tot dit wat binne die raamwerk van die professionele kultuur inpas. Daardeur word 'n breër of ryker ("more richly") beskrywing van die kliënt se lewe aan bande gelê, en die moontlikheid om alternatiewe stories te ontwikkel of te genereer, wat deur die kliënt meer bevredigend en hoopvoller ervaar word, bemoeilik.

Die eksklusiwiteit van die kultuur van professionele persone word verder beklemtoon deur hulle verpligte lidmaatskap kan professionele verenigings en rade, asook hulle betrokkenheid by universiteite. Hierdie lidmaatskap word gewoonlik van hoër waarde (prestige) en meer gesaghebbend beskou as gewone lidmaatskap van, byvoorbeeld, die kerk, 'n sportklub en vriendekring. Kennis wat deur hierdie deelwees van nie-professionele groepe, na vore kom, word maklik as irrelevant en dikwels ook subjektief, en dus ongeldig, beskou. Dit lei tot 'n "thin description" van beskikbare kennis en eng gevolgtrekkings wat dienooreenkomstig gemaak word. (Vgl. White, 1997:13-14.)

Wanneer White (1997:11-14) aandui dat professionele kennis te beperkend en onvoldoende is om mense se lewenservaringe omvattend te beskryf, impliseer hy eintlik dat die terapeut die besondere kennis en vaardighede, wat hy na aanleiding van sy lewenservaringe bekom het, bykomend behoort te benut ten einde 'n groeiende en ruimer beskrywing van moontlike beskikbare kennis te ontwikkel. Die siening dat die terapeut nie die alleenkundige is betreffende 'n kliënt se situasie nie, sluit aan by die sosiaal-konstruksionistiese uitgangspunt, dat die terapeut uit 'n "not-knowing" posisie behoort te werk.

Ten einde 'n breë beskrywing van individue se lewens en dus van terapeute se werk te bewerkstellig, verg dat beskikbare kennis uit die totale kultuurmilieu as waardevol beskou en as sodanig benut moet word. Wanneer daar groot verskille tussen die kultuur-omgewings van die terapeut en kliënt bestaan, is die behoefte aan 'n werkswyse waar die terapeut sterk steun op die kennis van die kliënt uit sy besondere kultuur, baie duidelik. Al is die terapeut nie bekend met die besondere ter saaklike kultuur nie, word daar as gevolg van die gesprekvoering wat plaasvind, 'n geleentheid aan die kliënt gegee om sy verworwe kennis en vaardighede, te verwoord. Dit vorm die basis vir verdere ontwikkeling van nuwe ervarings en betekenisgewing met die gevolglike herskryf van die kliënt se lewe.

4.3.3 Mag

Die indruk word gewek dat White (1993:50), veral na aanleiding van Foucault se sienings oor die rol wat mag in die vorming van mense se lewens speel, en gevolglik ook ten opsigte van hulle optredes, spesifiek aandag gee aan die "practices of power". Mag vorm deel van elke mens se lewe, hetsy in sy verhouding met homself en/of in sy verhouding met ander. White (1989:23-26 & 1993:51) verduidelik mag na aanleiding van die Panopticon[4] beginsel, 'n beginsel wat deur die Franse filosoof as vergelyking of metafoor gebruik word vir die verskynsel dat die individu homself voortdurend beoordeel en hom versoen met die wete dat hy ook voortdurend deur ander beoordeel word. Volgens Wylie (1994:49) verwys Foucault daarna as "self-subjugation". Dié beginsel behels, onder andere, die volgende:

- Die individu ervaar dat hy voortdurend onder waarneming of observasie is om te verseker dat hy volgens bepaalde riglyne optree, soos deur verskillende instansies van hom verwag word, byvoorbeeld die skool, kerk en werkgewer. Die mens is dus onderhewig aan die oordeel van die observasiesisteem. Dit gebeur dat die individu homself later kontroleer in terme van verwagtings waarvolgens hy meen dat hy behoort op te tree. Aangesien die persoon nie bewus is deur wie hy almal waargeneem en beoordeel word nie, is die bron van hierdie mag vir hom onsigbaar en ervaar hy die invloed daarvan meer intens as in gevalle waar die oorsprong daarvan bekend is.

---

[4] Die Panoptican verwys na 'n ontwerp waarvolgens tronke gebou is ten einde gevangenes te laat optree asof hulle die hele tyd dop gehou word (Wylie, 1994:49).

- Gewoonlik deel mense nie hulle belewenisse ten opsigte van hulle eie onderwerping aan hierdie praktyke van masgsuitoefening met ander nie. Dit het dikwels tot gevolg dat hulle hulleself kontroleer om seker te maak dat hulle volgens voorgeskrewe verwagtings optree. Die kontrole wat deur ander (soms sigbaar en dikwels onidentifiseerbaar) op hulle uitgeoefen word, word dus in der waarheid deur hulleself nougeset voortgesit.
- Wanneer iemand meedoen daaraan om mense aan die praktyke van magsbeoefening te onderwerp, word hyself 'n instrument of werktuig van mag. In die proses werk persone, sonder dat hulle dit moontlik so bedoel, saam aan die onderwerping van individue aan die praktyke van magsbeoefening. Dit gebeur dus dikwels dat "...many of our modes of behavior reflect our collaboration in the control or the policing of our own lives, as well as the lives of others, that is, our collusion in the specification of lives according to the dominant knowledges of our culture" (White, 1993:52).

Mag vorm 'n essensiële deel van die konstituering van elke mens se lewe en het so, 'n direkte invloed op die optredes van individue. 'n Persoon gaan, byvoorbeeld by 'n rooi verkeerslig stilhou al sou daar ook nie aankomende verkeer wees nie, want miskien sien iemand hom. Dieselfde mens kan ook besluit dat hy elke aand voordat hy gaan slaap eers alle vuil skottelgoed gaan was, want miskien kom iemand te wete dat hy dit nie gedoen het nie, of dalk word hy deur die nag siek en ander sien dat hy nie sy skottelgoed gewas het nie en mag dan dink dat hy onnet en lui is. Dit mag selfs wees dat 'n persoon sy kamer voor hy werk toe gaan opruim, omdat hy bewus is wat sy moeder sou sê indien sy moet weet dat hy dit nie gedoen het nie. (Vgl. White, 1993:50 & Saleebey, 1994:358.)

Volgens White en Epston (1990:22) is daar 'n noue verband of verweefdheid tussen mag en kennis, en hulle meen dat "...[I]t can be seen that a domain of knowledge is a domain of power, and a domain of power is a domain of knowledge." Die waarheid, soos deur 'n bepaalde kultuurmilieu aanvaar is, gee mag, en mag bevestig weer die betrokke waarhede. Saleebey (1994:358) bevestig hierdie noue verbintenis tussen mag en kennis of dan die waarhede wat kennis verteenwoordig, wanneer hy sê dat "... it is through the institutions of power that truth is delivered to us, and it is usually a truth that specifies a

form of identity or being." Die mensdom is dus onderhewig aan die mag wat voortspruit uit bepaalde kennis. Kennis wat binne die kultuurmilieu van 'n professionele dissipline ontwikkel is, het gewoonlik 'n nog sterker magseffek, veral as die besondere waarhede ook deur die populêre kultuur onderskryf word. Indien die familie en vriende van 'n gesin meen dat hulle vyfjarige seuntjie wat baie woelig is, hiperaktief is en die bewering deur 'n professionele persoon bevestig word, kan die betrokkenes as't ware nie anders nie as om aan die voorskrifte wat met sodanige identiteit saamgaan, uitvoering te gee nie. Die bevestiging van dié spesifieke waarheid oor hulle kind oefen sodanig mag uit, dat die ouers noodgedwonge die situasie so moet aanvaar en daarvolgens verdere optredes beplan.

In die lig van die integrale deel wat godsdiens in kultuurgemeenskappe en dus ook in die lewens van individue speel, wat betref die vorming van kennis en waarhede, kan aanvaar word dat daar vanuit hierdie bron bepaalde mag uitgeoefen word. Soms sou hierdie waarhede ook in botsing kan wees met kennis wat in die professionele kultuurmilieu gevorm word. So sou 'n bepaalde godsdienstige groep byvoorbeeld 'n situasie wat deur professionele mense as onbeheerbaarheid en 'n gebrek aan ouerskapsvaardighede getipeer word, bloot as ongehoorsaamheid kan sien, met die toepassing van strenger dissipline as oplossing vir die probleem.

Wanneer daar 'n groot verskil tussen die populêre kultuurmilieu en die professionele dissiplines is, kan verwag word dat die waarhede tussen die groepe grootliks kan verskil en selfs moeilik versoenbaar mag wees. In so 'n situasie word die individu as't ware gedwing om 'n keuse te maak tussen die bronne wat mag op hom uitoefen. So word daar, byvoorbeeld, dikwels in die Afrikakultuurgemeenskappe gerapporteer dat mense die diagnoses of menings van professionele persone sterk betwyfel in die lig van die kennis van onder andere, tradisionele genesers. In sodanige gevalle gebeur dit dan dat die voorskrifte van die tradisionele geneser eerder gevolg word. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die kennis van die tradisionele geneser meer mag het as die van die professionele persoon.

Die praktyk van magsuitoefening manifesteer binne die konteks van interpersoonlike verhoudings. Afhangende van die onderhawige situasie en kennis in die verband, kan

mense in ongelyke magsposisies tot mekaar beland. Freedman en Combs (1996b:34) noem, byvoorbeeld, in die verband dat die man in die Westerse kultuur oor die algemeen meer mag het as die vrou omdat sy idees en menings van groter waarde as die van die vrou, geag word. In 'n hulpverleningsituasie kan dit weer gebeur dat die maatskaplike werker oor meer mag beskik as die kliënt, aangesien daar gemeen word dat hy oor meerdere kennis aangaande die betrokke situasie van die kliënt, beskik. Sodanige situasies, waar een persoon oor meer mag as 'n ander beskik, bied die moontlikheid tot negatiewe manifestering van mag, waar die een persoon deur die ander oorheers en selfs onderdruk kan word. Die vraag ontstaan in hoe 'n mate dit eties regverdigbaar is dat een mens deur 'n ander mens in 'n bepaalde magsverhouding onderdruk mag word. Die dilemma in die beantwoording van so 'n vraag, is dat die persoon wat oor die etiese kennis in die verband beskik, reeds in sy opklaring van die dilemma, in 'n hoër magsposisie verkeer, aangesien hy oor sogenaamde meerdere kennis beskik as diegene vir wie hy antwoord. Ongelyke magsposisies blyk byna onafwendbaar. Die volgende vraag wat gevra sou kon word, is watter omstandighede kan daarop dui dat 'n persoon sy magsposisie misbruik? Waarskynlik sou dit wees wanneer die persoon in die magsposisie se optrede so vertolk en ervaar word, dat diegene wat daaraan blootgestel is, negatiewe lewenservarings in hulle verhouding tot die betrokke persoon rapporteer.

Die indruk word gekry dat ons daagliks, byna sonder keuse, voortdurend uit 'n domein van mag en kennis optree. Dit kom daarop neer dat "[s]ince we are all caught up in a net or web of power/knowledge, it is not possible to act apart from this domain, and we are simultaneously undergoing the effects of power and exercising this power in relation to others" (White & Epston, 1990:22). Die individu kan dus nooit los staan van bepaalde kultuurmilieus en die kennis wat binne hierdie omgewings ontwikkel en bestaan nie, en is dus onderwerp aan die mag wat deur dié kennis en waarhede gegenereer word. Binne hierdie omgewings waar daar 'n voortdurende wisselwerking tussen verskillende individue, in die konteks van besondere kennis en waarhede, plaasvind, vorm en slyp hulle mekaar se lewens onderling.

4.3.4 Kennis

In die konteks van narratiewe terapie word kennis gesien as die produk van 'n voortdurende interaksieproses, waartydens ervaringe gedeel word, en dan word daar deur middel van taal uitdrukking gegee aan hierdie kennis. Anderson laat haar in die verband teenoor Holmes (1994:160) soos volg uit: "Knowledge is constructed through the interaction of the participants and is contextual". Kennis word dus nie ontdek nie, maar binne 'n bepaalde konteks deur mense wat in interaksie met mekaar verkeer, geskep. Daar kan aanvaar word dat bepaalde kennis dus nie konstant in alle situasies dieselfde gaan bly nie, maar voortdurend in 'n proses van vervorming en uitbreiding verkeer. Die gevolg is dat mense in verskillende tydperke en omstandighede hulle eie unieke kennis daarstel. Daar bestaan dus nie een objektiewe universele en konstante domein van kennis wat vir alle mense in alle situasies geldig is nie. Telkens gee mense hulle eie interpretasie aan gebeure en formuleer by wyse van 'n voortdurende interaksieproses, nuwe kennisraamwerke wat binne 'n gegewe milieu ter sake is. Wanneer White (1993:55-57 & 1997:11-21 & 119- 120) na kennis verwys, onderskei hy twee breë kategorieë, naamlik populêre of algemene kennis en dan professionele kennis.

Die populêre kennis verwys na die kennis wat elke mens bekom na aanleiding van sy eie unieke lewenservaringe en interaksieprosesse waarin hy hom oor die loop van sy geskiedenis bevind het. Kennis kan dus nie bekom word buite die ervaringswêreld van elke individu nie. Hierdie gedagtegang word deur Epston, *et al.* (1992:96) bevestig en verduidelik wanneer hulle sê dat "...our experience of the world is all that we have, and that is all that we can know." Een mens weet of begryp ook nie 'n ander se ervaring van die wêreld nie. Dit sou kon impliseer dat die maatskaplike werker ook nie bekend is met die ervaring van die mense aan wie hy hulp verleen nie. Gevolglik is dit eintlik onmoontlik om werklik empatie teenoor 'n kliënt te toon, want die werklike kennis van sy belewinge ontbreek. "The most that we can do is to 'identify' our own experience of the experience as expressed by others" (Epston, *et al.*, 1992:96).

Dit blyk dat kennis slegs binne 'n bepaalde kulturele konteks waarvan die individu deel is, gevorm word. (Vgl. 4.3.2.) In die raamwerk van die narratiewe terapie word hierdie kennis gesien as deel van die individu se unieke subjektiewe werklikheid. Daar is dus

nie objektiewe kennis wat buite die subjektiewe omgewing van 'n kultuurmilieu staan nie. Kennis oor menslike gedrag, is dus, byvoorbeeld, altyd onderhewig aan die subjektiewe kulturele omgewing waarbinne dit ontstaan en in stand gehou word.

Kennis wat in die kultuurmilieu van die professionele dissiplines ontwikkel het en nog steeds ontwikkel, maak aanspraak op bepaalde waarhede oor die menslike bestaan en figureer as "... claims that are ascribed an objective reality status and that are considered to be universal, speaking to 'facts' about the nature of life that can be discovered in all persons, regardless of culture, circumstance, place, era, and so on" (White, 1997:119). Dié professionele kennis vind uitdrukking by wyse van professionele diskoerse en word volgens White (1997:119-120) gekenmerk deur verskillende kennisvlakke met bepaalde aansprake op die waarheid met betrekking tot die menslike bestaan. Die volgende is voorbeelde van sodanige kennisvlakke:

- Aansprake op die waarheid, met betrekking tot die self as die middelpunt van die menslike bestaan en identiteit en wat die basis vorm van persoonlike kennis en betekenisgewing.
- Kennis oor die aard en wese van die self, menslike ontwikkeling, identiteitsvorming en die funksionering van die psige van die mens.
- Bepaalde kennis met betrekking tot psigopatologie ten opsigte van die sogenaamde "disorders" en "dysfunctions".
- 'n Vierde kennisvlak handel oor die waarheid wat nagehou word aangaande verskillende psigopatologieë en die moontlike oplossings van probleme waarmee die mens worstel.

Tydens die praktykbeoefening van narratiewe terapie sou nie een van bogenoemde kenniskategorieë geïgnoreer word nie, maar op gelyke vlak benut word, met ander woorde, die kennis waaroor die kliënt na aanleiding van sy lewenservaringe beskik, word net so belangrik beskou as die professionele kennis van die terapeut. Verder word die terapeut ook nie beperk tot sy beskikbare professionele kennis nie, maar word die benutting van eie persoonlike kennis, na aanleiding van sy lewenservaringe, as essensieel beskou.

Die terapeut en kliënt vorm mekaar se lewens en kom tot breër beskrywings van hulle lewens, juis deur die blootstelling aan mekaar se totale menswees en dus ook mekaar se totale beskikbare kennis. White (1998a) het, byvoorbeeld, genoem dat sy kennis wat hy bekom het in sy verhouding met sy jonger suster en eie dogter 'n baie belangrike rol in sy werk met kinders speel. Dit is bepaald 'n siening wat waarskynlik vreemd en selfs onaanvaarbaar gevind mag word in die tradisionele professionele kultuurmilieu. In die beskrywing van die hulpverleningsverhouding sal die implikasie van hierdie gedagtegang verder geïllustreer word.

4.3.5 Die verhouding tussen terapeut en kliënt

Na aanleiding van strukturalistiese en post-strukturalistiese werkswyses kontrasteer White (1997:127-132) die aard en wese van die terapeutiese of hulpverleningsverhouding soos dit in die praktyk van terapie manifesteer. Hy verwys na die hulpverleningsverhouding binne die raamwerk van die strukturalisme as "[t]he one-way account of therapy" en binne die konteks van narratiewe terapie beskryf hy dié verhouding, as "[a] two-way account of therapy" (White, 1997:127 & 130). Ten einde die terapeutiese verhouding in die konteks van narratiewe terapie en die denke wat dit motiveer, te begryp, is dit nuttig om dié verhouding teenoor die tradisionele sienings van die terapeutiese verhouding te kontrasteer.

Binne die raamwerk van die strukturalisme word die verhouding tussen die terapeut en kliënt, onder andere, deur die volgende elemente gekenmerk:

- Die veronderstelling is dat die terapeut objektief tot die terapeutiese proses staan, wat impliseer dat hy nie deur die kliënt beïnvloed behoort te word nie. Indien die kliënt wel 'n effek op die terapeut se lewe het, word dit as 'n tekortkoming in die terapeutiese mondering van die terapeut beskou. Daar word dan gewoonlik beweer dat oordrag en teenoordrag plaasgevind het, en/of dat die terapeut emosioneel oorbetrokke geraak het, en/of dat hy met onopgeloste knelpunte vanuit sy gesin-van-oorsprong, worstel. Professionele optrede sou dus beteken dat die terapeut 'n beduidende invloed op die lewe van die kliënt sal hê, maar weens die objektiewe posisie wat hy inneem nie sou toelaat dat hy emosioneel betekenisvol geraak word nie. Daar is nie erkenning vir 'n moontlike bydrae wat die kliënt mag lewer ten opsigte van die terapeut se lewenservaring of gepaardgaande vaardighede nie.

- Verder neem die terapeut ook die rol van deskundige ("expert") in en het gevolglik die mag om die kliënt te evalueer, te beoordeel en gegewens oor hom te dokumenteer. As gevolg van hierdie meerdere kennis van die terapeut, is hy in staat om die kliënt se lewe doelbewus te beïnvloed, terwyl die omgekeerde nie deel van professionele praktykbeoefening behoort te wees nie. Die gevolg van hierdie posisie van die alleenkundige wat die terapeut inneem, plaas dit hom in 'n magposisie en dus in 'n magsverhouding tot die kliënt. Laasgenoemde is die ondergeskikte in hierdie verhouding waarbinne die terapeut as meerdere, doelbewus die verhouding rig asook die gebeure binne die terapeutiese proses, orkestreer. Die kliënt is in 'n sekere sin slegs die volgeling en ontvanger en neem as sulks 'n passiewe rol in. Hierdie situasie lei daartoe dat daar eng ("thin") gevolgtrekkings oor die kliënt, sy lewe en identiteit gemaak word.
- Binne hierdie verhouding kom die kliënt tot die besef dat hy nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die probleme in sy lewe te hanteer nie. Met verwysing na hierdie gebeure in die terapeutiese verhouding, dui White (1997:129) in 'n sekere sin die ironie van sodanige praktykbeoefening aan wanneer hy sê: "They [clients] 'appreciate' the fact that they lack the personal wisdom to know what might be good for their lives."
- Die kliënt kom al meer tot die besef dat hy nie oor die kwaliteite beskik om uit sy haglike omstandighede te kom nie, en daarom misluk het en moontlik 'n las vir ander mense geword het. Sy enigste hoop is om hom tot die professionele persone met die deskundige kennis te wend vir hulp en sodoende te poog om weer 'n aanvaarbare lewe te voer. Die bereiking van hierdie doel is dus afhanklik van blootstelling aan die besondere professionele kennis en kundigheid van die terapeut.
- 'n Terapeutiese verhouding soos hierbo beskryf, dra nie net alleen by tot eng beskrywings van die kliënt se lewe nie, maar lei ook tot eng beskrywings van die terapeut se terapeutiese identiteit en die aard van sy praktykbeoefening. Die aard van hierdie wyse van praktykbeoefening, waar die werk van die terapeut nie werklik iets vir sy lewe beteken nie en as't ware ook nie deel van sy totale lewe mag vorm nie, gee aanleiding tot beroepsmatheid ("burn out"). (Vgl. White, 1997:127-129.) Eng beskrywings van die terapeut se lewe beperk hom tot die rol om as alleenkundige finaal verantwoordelikheid vir die terapeutiese aktiwiteite en die lewe van die kliënt te aanvaar. Dit weerhou hom om met groter vryheid homself oop te

stel vir die insette wat die kliënt op sy lewe kan maak en/of vir die subjektiewe kennis wat hy vanuit sy eie sosiale milieu bekom het. Die terapeut is as't ware die gevangene van professionele kennis wat hy vanuit die professionele kultuur bekom het. Hy voel hom verplig om daaraan getrou te bly en dus objektief op te tree, terwyl dit eintlik nie vir hom moontlik is nie. 'n Situasie kan nou ontwikkel waar die terapeut hom voortdurend as onbekwaam beoordeel, met die gevolg dat hy al harder probeer om volgens die sogenaamde professionele kulturele voorskrifte terapeutiese handelinge te rig. Die resultaat hiervan kan inhou dat die terapeut beroepsmatheid en 'n ervaring van ontoereikendheid beleef.

In die konteks van narratiewe terapie word 'n terapeutiese verhouding voorgestel wat die volgende eienskappe toon, naamlik:

- Volgens White (1997:130) fokus die "two-account of therapy" op "... the life-shaping nature of this work in respect to the therapist's life." Die terapeut herken en erken dat sy werk en spesifiek die terapeutiese verhouding, 'n bydrae tot sy lewe maak. Binne die terapeutiese verhouding slyp en vorm die terapeut en kliënt wedersyds mekaar se lewe.
- Die rigiditeit van die magsverhouding tussen terapeut en kliënt word gesaboteer. Aangesien die terapeut nie die alleenkundige in die vorming van die kliënt se lewe is nie, maar die kliënt ook oor bepaalde kennis beskik en die werk en lewe van die terapeut beïnvloed, staan die terapeut nie meer in 'n meerderwaardige of superieure en magsposisie tot die kliënt nie.
- Kliënte word nie geëvalueer, beoordeel en gegewens oor hulle gedokumenteer nie, en tegnieke van herstel en korreksie ("remediation and correction") word vermy. Die kennis en vaardighede van die kliënt asook die bydrae wat hy lewer tot die lewe en werk van die terapeut, word eerbiedig. Verder word die siening dat die kliënt 'anders' as die terapeut is, bevraagteken en vermy, byvoorbeeld dat die kliënt 'n persoon is wat nie volgens bepaalde standaarde sy lewe kan rig nie.
- In die verhouding word daar beweeg na breër beskrywings van die kliënt se lewe, en waardering ontwikkel vir die bydrae wat die kliënt tot die lewe en werk van die terapeut maak.
- Sodoende word nuwe betekenis gegee aan die werk en lewe van die terapeut, met verdere generering van meer omvattende beskrywings in die verband.

Betekenisvolle gebeure in die terapeutiese konteks word deel van die terapeut se lewensverhaal en hy ervaar toenemend dat sy werk vorder en sinvol ontwikkel. Dit lei tot verdere uitdrukking of verkenning van moontlike opsies van optrede en dit bring verder mee dat die afgebakende grens tussen werk en die sogenaamde private lewe, oorgesteek word. Die terapeut is nie meer objektief in die terapeutiese praktykbeoefening nie, maar neem subjektief deel aan 'n wedersydse proses van beïnvloeding en vorming. In die proses ontwikkel daar wedersyds breër beskrywings van die lewens en werk van sowel kliënt as terapeut. (Vgl. White, 1997:130-132.) Dit kom dus daarop neer dat die terapeutiese gesprekke en prosesse ook vir die terapeut persoonlik van besondere betekenis is. Elke terapiesessie bied dus 'n geleentheid vir die terapeut om sy eie lewe en werk te verryk. Hy erken en waardeer die invloed wat die kliënt op hom uitoefen, met ander woorde daar word bewustelik kennis geneem van die kliënt se bydrae tot die verryking van die terapeut se lewe.

4.3.6 Die terapeutiese gesprek ("conversation")

Die dialoog of wissel van woorde wat tussen die terapeut en kliënt plaasvind, noem White (1997:x) 'n "therapeutic conversation" en sê dat hy die term van die werk van Anderson en Goolishian geleen het. Anderson en Goolishian (1988:372) beskryf terapie as 'n "...linguistic event that takes place in what we call a therapeutic conversation." Dit gaan dus oor die benutting van taal wat die vorm van 'n gesprek aanneem. In die geval van gesprekvoering met kinders, vind kommunikasie nie net via die gesproke woord plaas nie, maar veral ook by wyse van simboliese uitdrukking, byvoorbeeld in die vorm van spel en kuns (Larner, 1996:427).

Dié gesprek of "conversation" vorm die gebeurlikheid waarbinne terapeutiese aktiwiteite plaasvind. Volgens Anderson en Goolishian (1992:29) verwys die terapeutiese gesprek na "... an endeavor in which there is a mutual search for understanding and exploration through dialogue of 'problems' ." Die terapeut en kliënt neem gelyke aandeel in die soeke na nuwe moontlike betekenis van situasies en gevolglike nuwe narratiewe. 'n Goeie terapeutiese gesprek sou vergelyk kon word met "... a river that smoothly finds its course" (Reichelt & Sveaas, 1994:249). Vanuit 'n "not-knowing" posisie beweeg die terapeut saam met die kliënt deur sy lewe en wêreld,

op soek na breër beskrywings van sy lewe om sodoende kennis en vaardighede te herken wat die kliënt kan benut in die daarstelling van 'n nuwe narratief. Dit sou ook beteken dat die kliënt na nuwe identiteite wat oor hom nagehou kan word, beweeg.

Tydens die terapeutiese gesprek word die inhoud en aard van die gesprek bepaal deur die sake waarmee die kliënt na die terapeut kom, asook die teoretiese perspektiewe en lewenservaringe waaroor die terapeut in die verband beskik. Elke terapeutiese gesprek vorm 'n unieke diskoers na aanleiding van die interaksie wat tussen die kliënt en terapeut plaasvind. Die terapeutiese gesprek neem die vorm van 'n sosiale proses aan, waartydens deelnemers menings deel en mekaar se denke en lewens vorm. Dit is nie 'n weergawe van die werklikheid nie, maar 'n dinamiese proses van vorming en skepping. Die relevansie van die diskoers wat gevoer word, word deur die deelnemers bepaal. Alhoewel 'n bepaalde diskoers vir 'n buitestaander irrelevant mag lyk, kan dit heel moontlik besonder relevant vir die deelnemers wees (Lax, 1992:75 & 79). So kan dit maklik gebeur dat 'n supervisor nie noodwendig 'n bepaalde terapeutiese gesprek so ter sake sal beskou as die betrokke terapeut en kliënt nie. 'n Maatskaplike werker mag dit soms moeilik vind om bepaalde gemeenskapsdiskoerse, waaraan hy nie 'n deelnemer is nie, met dieselfde relevansie te beskou as die gemeenskap self. Hy is dan 'n buitestaander en is nie deel van die vormingsproses wat tydens gesprekvoering plaasgevind het nie.

Die terapeut handhaaf ook die uitgangspunt, dat daar nie noodwendig 'n bepaalde volg-orde van gebeure in die terapeutiese gesprek nagevolg hoef te word nie. Daar is ook nie 'n bepaalde prosedure wat gevolg of vrae wat gevra word, waarvolgens die sogenaamde ware feite bepaal word nie, want die terapeutiese gesprek "...is not an 'onion-skin" approach to therapy with conversations striated in concentric circles with the therapist having the job of traversing the layers until the 'real' material is reached" (Lax, 1992:79). Dit gaan eerder om die lewe en omstandighede van die kliënt breër te beskryf, as om te bepaal watter feite hy nog wegsteek of dalk doelbewus verdraai.

In die terapeutiese gesprek vorm die maatskaplike werker en kliënt mekaar se lewens en neem kennis van beskikbare vaardighede en kennis, wat in die huidige situasie benut kan word. Die wêreld en lewe van die kliënt word breër beskryf, nuwe narratiewe word

ontwikkel en in die proses word nuwe betekenis aan ervarings gegee. Die "conversation" skep geleenthede vir die kliënt om homself te bemagtig.

4.3.7 Probleem

Volgens White en Epston (1990:14) ervaar 'n persoon 'n probleem en gaan vir terapie, "... when the narratives in which they are 'storying' their experience, and/or in which they are having their experience 'storied' by others, do not sufficiently represent their lived experience, and that, in these circumstances will be significant aspects of their lived experience that contradict these dominant narratives." Die persoon ervaar dus ongemak met die narratiewe en toegekende identiteite wat oor hom daarop nagehou word en beskik nie oor genoeg ruimte om die stories van sy voorkeur uit te leef nie. 'n Verdere dimensie van die probleem is dat die persoon volgens stories optree wat vir hom onbevredigend en sonder moontlikhede is, dus 'n storie sonder hoop. Die storie omsluit nie die persoon se lewenservaringe bevredigend nie en is teenstrydig tot belangrike aspekte van sy lewenservaringe, met ander woorde die narratiewe waarvolgens die persoon lewe, is benouend en beperk hom tot die uitlewing van sy volledige lewe.

'n Mens wat drank misbruik en deur sy sosiale groep en die breër gemeenskap as 'n alkoholis beskryf word, kan hom in 'n situasie bevind waar hyself en sy gedrag, by verskillende geleenthede in die lig van sy alkoholisme gestel word. Alhoewel hy, byvoorbeeld, nog nooit onder die invloed van alkohol 'n motor bestuur het nie en 'n vaardige bestuurder is, is bekendes nie bereid om saam met hom te ry of hulle motor aan hom toe te vertrou nie. Hy word dus beperk tot 'n bepaalde identiteit en storie, en gevolglik vind hy dit moeilik om mense te oortuig dat hy wel 'n veilige bestuurder is.

In teenstelling hiermee word daar volgens die narratiewe denke nie op tekortkominge, onbevoegdhede en afwykings gelet nie. Die kliënt is dus nie onderhewig aan assesserings of die toekenning van "spoiled identities" nie, maar word gesien as 'n mens wie se lewe eng en beperkend beskryf word. Die mens is nie die probleem nie, maar die probleem is die probleem. Deur die persoon se lewe omvangryker te beskryf, word daar gevorder na 'n skeiding tussen die persoon en die probleem waarmee geworstel word. Areas in sy lewe wat die potensiaal toon om hom in groter beheer van die probleem te

stel, tree na vore. Die kliënt raak bewus van strategieë en vaardighede waarmee hy die probleem sodanig beheer dat hy 'n nuwe lewensverhaal ontwikkel waarin die probleem nie meer figureer nie. So sou die kliënt wat as 'n alkoholis bestempel word deur middel van meer omvattende beskrywings van sy lewe groeiende beheer oor die gebruik van alkohol kon bekom. In die proses ontwikkel hy 'n nuwe storie van sy lewe, naamlik dat alkohol nie meer sy lewe beheer nie, maar hyself en dat aangename ervaringe volgens sy voorkeur, toenemend deel van sy lewe vorm.

4.3.8 Beginsels grondliggend aan die narratiewe werkswyse

Alhoewel White en ander skrywers in die veld van narratiewe terapie nie beginsels ten grondslag van dié werkswyse per se bespreek nie, kan enkele beginsels wat rigtinggewend tot dié terapie is, aangedui word.

4.3.8.1 Die nie-kundige of nie-ken posisie ("not-knowing position")

In ooreenstemming met die siening van die sosiaal-konstruksionisme (vgl. 3.2.4), huldig narratiewe terapeute soos White (1995:66), Freedman en Combs (1996a:44) en Larner (1996:426), die mening dat die terapeut nie die alleen-kundige in die terapeutiese situasie is nie en dus vanuit 'n nie-kundige posisie saam met die kliënt na oplossings soek. White (1995:74) noem dat die denke met betrekking tot die rol van die terapeut as die alleen-kundige verander het en verduidelik dat die terapeut "...can't know, in advance, what's 'right' for people - can't even know how the family 'should' look at the end of therapy" (White 1995:66). Die kennis waaroor die kliënt beskik, word eerbiedig en as 'n belangrike komponent gesien in die oplossing van probleme, of dan in die ontwikkeling van nuwe narratiewe. Die kundigheid van die terapeut lê nie op die vlak van evaluering, beoordeling, die maak van gevolgtrekkings oor die kliënt se lewe en omstandighede, of die bepaling van die pad wat gevolg moet word om probleme op te los, of aksies wat gevolg kan word om die gedrag van die kliënt te verander nie. Die terapeut is wel kundig om 'n bespreking te inisieer, waartydens daar saam met die kliënt beweeg word in die soeke na kennis en vaardighede waaroor die kliënt beskik en wat hy kan aanwend om sy situasie te hanteer. (Vgl. Holmes, 1994:156.) Alhoewel die indruk mag ontstaan dat die terapeut rigtingloos voortbeweeg en nie enige waardes of norme in ag neem ten opsigte van wat aanvaarbaar is binne 'n bepaalde geloofsoortuiging of professionele etiek nie, is dit nie wat bedoel word nie. Selfs ten opsigte van die waardes

wat deel vorm van die kliënt se lewe en dus ook sy narratiewe, word daar vanuit 'n nie-kundige posisie beweeg. Dit beteken nie dat die terapeut nie waardes aanhang nie of alles onder die son aanvaarbaar vind nie so lank as wat die kliënt die kundige in die situasie is. 'n Terapeut wat Christelike waardes aanhang, gaan nie sy waardes ignoreer of op die kliënt afdwing nie, maar fasiliteer juis 'n proses waartydens die lewe van die kliënt so omvattend beskryf word dat die hele kwessie van waardes ook ondersoek word. Vir Christene sou dit kon beteken dat Jesus Christus as Verlosser sentraal staan in die wyer omskrywings van die kliënt se lewe waaruit weer nuwe narratiewe kan ontwikkel.

Alhoewel die beginsel om vanuit 'n nie-kundige posisie te beweeg, sterk herinner aan die beginsels van selfwerksaamheid en selfbeskikking soos algemeen in die konteks van maatskaplike werk aanvaar word, behels dit veel meer. Dit demonstreer besondere respek vir die kliënt as mens, maar ook vir sy besondere kennis en vaardighede. Verder stel dit ook die kliënt en terapeut op gelyke vlak, met ander woorde die terapeut is nie die meerdere of iemand wat beter weet nie. Dit onthef die terapeut ook uit die posisie om as rolmodel vir die kliënt te dien. Verder voorkom dit ook dat die terapeut in 'n oorheersende magsverhouding tot die kliënt staan. Die kliënt neem ook verantwoordelikheid vir homself en is nie primêr van die terapeut afhanklik vir die verandering of vordering in sy totale situasie nie.

4.3.8.2 Deursigtigheid

Respek vir die kliënt word verder bevestig deur die mate waarin daar tydens narratiewe terapie deursigtig te werk gegaan word. Deurgaans is die kliënt so aktief deel van die terapeutiese proses dat hy insae het en saam werk aan alle aktiwiteite. Die terapeut het dus nie 'n eie afsonderlike agenda waarvolgens hy werk nie, maar is vennoot van die kliënt, en sodoende is al sy aksies deursigtig. Dit impliseer onder andere die volgende:

- Wanneer ander persone in verband met die kliënt geraadpleeg word, vind dit plaas in die teenwoordigheid van die kliënt en met sy toestemming. Gewoonlik word sulke mense deel van die terapeutiese gesprek. (Vgl. Lax, 1992:80 & Freeman & Lobovits, 1993:195.)
- Rekordhouding en die dokumentering van inligting aangaande kliënte geskied in samewerking met hulle. Geen verslae word oor 'n kliënt geskryf sonder sy

medewerking nie. Soms hou 'n kliënt verslae en ander dokumentasie by hom aan huis of dan ten minste afskrifte daarvan. (Vgl. White, 1995:47 & 1998a.)

- Wanneer 'n kliënt na 'n ander professionele persoon verwys word, geskied dit verkieslik by wyse van 'n persoonlike bekendstelling van die kliënt aan sodanige persoon. Indien dit egter nie moontlik is nie, kan die voorstelling telefonies in die teenwoordigheid van die kliënt gedoen word. Tydens so 'n voorstellingsgeleentheid val die klem veral op die sake waaroor die terapeut begaan is, asook enkele nodige indentifiserende besonderhede. Die kliënt behoort nooit te ervaar dat hy die hulpelose hulpsoeker is wat deur die professionele kundiges bespreek en beoordeel word nie, maar eerder dat hy medeverantwoordelik is vir sodanige verwysing en bekendstelling aan 'n volgende terapeut. (Vgl. White, 1998a.)
- Volgens White (1995:47 &1998a) poog die terapeut om deursigtig te wees ten opsigte van die emosies wat hy saam met die kliënt beleef. So sal hy, byvoorbeeld, saam met die kliënt huil en lag. Sy totale mens is dus tot beskikking van die kliënt, wetende dat die kliënt ook sy lewe op 'n bepaalde wyse raak. Hy probeer dus nie sy emosies vir die kliënt wegsteek, deur uiters beheersd te wees nie. Alhoewel dit die indruk mag laat dat die terapeut onbeheersd uiting gee aan sy ervaringe, kom dit net daarop neer dat hy eerlik en openlik met die kliënt omgaan.

'n Deursigtige werkswyse betrek nie net alleen die kliënt aktief by die terapeutiese proses nie, maar impliseer dat hy ook medeverantwoordelikheid daarvoor aanvaar. In die proses word veel meer kennis en vaardighede beskikbaar as net die professionele kennis waaroor die terapeut beskik.

4.3.8.3 Medewerking of samewerking ("collaboration")

Die terapeut en kliënt tree as medewerkers in die terapeutiese proses op. Dit behels dat die terapeut nie uit 'n magsposisie tot die kliënt staan nie, maar dat hy as vennoot, nie die alleen-kundige in die situasie is nie. Die kennis en vaardighede waaroor die kliënt beskik, vorm die middelpunt van die terapeutiese aktiwiteite. Voorts hou dit in dat die kliënt aktief meedoen aan alle aktiwiteite wat daarop gerig is om die knelpunte of probleme waarmee hy worstel, uit die weg te ruim. (Vgl. White, 1997:198-202.)

Enkele belangrike implikasies van hierdie beginsel is, onder andere, die volgende:

- Die kliënt ontsnap aan die moontlike magsverhouding wat terapie impliseer en beklee 'n gelyke posisie saam met die terapeut, in 'n poging om sy lewe en totale situasie breër te omskryf en sodoende nuwe identiteite te vorm, asook knelpunte uit die weg te ruim.
- Kennis en vaardighede wat deel vorm van die kliënt se lewe word tot sy beskikking gestel. Die kliënt word dus nie tot die kennis van die terapeut beperk nie.
- Die kliënt openbaar medeverantwoordelikheid vir sy lewe en situasie, asook die verkryging van beheer daaroor. Gevolglik word die terapeut van dié verantwoordelikheid vrygestel en aanvaar hy hoofsaaklik verantwoordelikheid vir die effek wat hy op die lewe en omstandighede van die kliënt het.
- Wanneer die terapeut en kliënt as mede-werkers aan die terapeutiese proses deelneem, bly die lewe van die terapeut nie onaangeraak nie en word dus ook beïnvloed. Die terapeut ontwikkel voortdurend nuwe kennis uit sy ervaringe as terapeut. Dit het 'n invloed op sy eie lewe en aldus op sy werk, met ander woorde op sy terapeutiese aktiwiteite en gevolglik ook op die lewe van ander mense aan wie hy dienste lewer of blootgestel is. (Vgl. 4.3.4.)

Medewerking of samewerking beteken dus dat die terapeut en kliënt as gelyke vennote tydens die terapeutiese proses met hulle totale menswees deel neem aan die ontwikkeling van nuwe moontlikhede wat deel vorm van die kliënt se lewe. Saam word nuwe stories ontwikkel wat nie oorheersend probleemgerig is nie.

4.3.8.4 Rekenskap/verantwoordelikheid ("accountability")

Volgens White (1997:200) gebeur dit dat terapeute, wat hulleself as die alleen-kundiges beskou, vanweë die professionele kennis waaroor hulle beskik en die waarde wat hulle daaraan heg, geneig is om 'n hoë verantwoordelikheid te aanvaar vir die getroue uitvoering van terapeutiese aktiwiteite soos deur hierdie kennis voorgeskryf word. Dit gebeur dan dat 'n terapeut meer verantwoordelik is teenoor 'n model na aanleiding van 'n bepaalde teorie, as wat hy verantwoordelik voel ten opsigte van die effek van sy werk op die lewe van die kliënt. So sou 'n terapeut wat, byvoorbeeld, 'n gedragsterapeutiese benadering volg, streng by die toepassing van bepaalde tegnieke bly ten einde die gedrag van die kliënt te verander, sonder om werklik ag te slaan op die kundigheid waaroor die kliënt beskik wat betref die moontlike hantering van sy probleem.

Dié beginsel verg spesifiek dat die terapeut rekenskap sal gee van die invloed wat sy werk/terapie op die lewe en verhoudings van die kliënt, wat hom vir hulp of konsultasie nader, het. Dit gaan dus nie primêr oor die korrekte uitvoering van terapeutiese prosedures nie, maar oor die effek wat sodanige prosedures op die lewe van die kliënt het. Die kliënt word dus in die konteks van sy totale bestaan gesien en nie net beoordeel volgens bepaalde gedrag of toegekende identiteite nie.

4.3.9 Die doel van narratiewe terapie

Die doel waarna daar in narratiewe terapie gestreef word, bevat hoofsaaklik die volgende komponente of doelstellings:

- Die eng beskrywings van die kliënt se lewe, omstandighede en identiteit word vervang met meer omvattende beskrywings. Dit hou dus in dat daar veel wyer en meer omvattend as die beskikbare professionele kennis, beweeg word. Die kliënt se besondere kennis, ervarings en vaardighede word van kennis geneem en tot beskikking van die kliënt gestel om in sy lewe doelgerig aan te wend. (Vgl. White, 1997:131-132.)
- In die proses om die lewe van die kliënt breër te beskryf, word unieke uitdrukking van ervaringe en die betekenisse wat daaraan gegee word, aangemoedig. Die kliënt se lewenservaringe word hoog aangeslaan.
- Die kliënt word as 'n deelnemer aan sy eie lewe, beklemtoon, want hy bevind hom in 'n wêreld "... in which persons participate with others in the 're-authoring', and thus in the shaping, of their lives and relationships" (White & Epston, 1990:82). Tydens gespreksgeleenthede met ander mense ontwikkel die kliënt nuwe scenario's oor sy lewe en begin sy lewensverhaal herskryf. (Vgl. 5.3.)
- Daar word gepoog om die persepsie dat die wêreld in 'n voortdurende proses van verandering is, aan te moedig. Geen situasie is dus gedoem om dieselfde te bly nie, maar kan verander. Die kliënt kan dus weet dat daar ook hoop op verandering vir sy lewe en omstandighede is.
- Deur middel van narratiewe terapie word gepoog "... [to] encourage a sense of authorship and reauthorship of one's life and relationships in the telling and retelling of one's story" (White & Epston, 1990:83). Die kliënt word dus aangemoedig om sy lewe as't ware te herskryf.

- Daar word aan die kliënt gekommunikeer dat sy bydraes tot die herskrywe en hervorming van sy lewe, waardeer word. Die terapeut en ander persone in die lewe van die kliënt neem dus met waardering kennis van die wyse waarop hy deelneem aan die vorming van sy lewe.
- Narratiewe terapie het ook ten doel dat die lewe en werk van die terapeut meer omvattend beskryf word.

Die maatskaplike werker wat dus volgens die narratiewe metode te werk gaan, streef daarna om deur middel van gesprekvoering saam met die kliënt sy lewe wyer te verken en te beskryf. So word daar algaande gepoog om 'n nuwe lewensverhaal te ontwikkel wat nie die beheer en opklaring van probleemsituasies impliseer nie. Veral omdat die terapeut uit 'n nie-kundige posisie werk, raak hy gewoonlik daarvan bewus dat sy lewe ook in die hele proses geraak is en gevolglik ook wyer beskryf is.

4.4 SAMEVATTING

Narratiewe terapie het as terapeutiese werkswyse uit die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie en spesifiek die post-strukturalisme, na vore getree. Dié werkswyse staan in vele opsigte radikaal of konstrasterend tot die meer bekende strukturalistiese modelle wat eie is aan die positivisme. In narratiewe terapie gaan dit oor die vertelling en vorming van stories. By wyse van storievertelling gee die kliënt uitdrukking aan lewensgebeure en die betekenis wat hy daaraan heg. Die kliënt se lewe bestaan uit verskillende stories wat gevorm en vervorm word, tydens 'n voortdurende interaksieproses met ander.

'n Opmerklike kenmerk van die narratiewe werkswyse is dat daar besondere respek aan die kliënt betoon word. Dit blyk, onder andere, uit die deursigtige wyse waarop aktiwiteite geskied, soos dat die kliënt nie in sy afwesigheid bespreek word nie. Daar word ook gewaak om nie 'n magsverhouding tussen die terapeut en kliënt te laat ontwikkel nie. Verder word die terapeut nie as die alleenkundige beskou nie en hy beweeg dus uit die sogenaamde nie-kundige ("not-knowing") posisie, wat impliseer dat daar nie gevolgtrekkings oor die kliënt gemaak word nie, maar op gelyke vlak, saam nuwe moontlikhede ontgin word.

Binne die konteks van die terapeutiese verhouding, word aanvaar dat die terapeut en kliënt onderling 'n vormende effek op mekaar se lewens het. Die terapeutiese situasie vorm dus 'n besondere deel van die terapeut se lewenservaringe, waaraan hy bepaalde betekenis heg en ooreenstemmende stories oor vorm. In sy interaksie met die kliënt benut die terapeut kennis wat hy na aanleiding van sy ervarings, binne die milieus van sowel die professionele as alledaagse kultuur, bekom. Hy tree dus nie objektief toe tot die terapeutiese verhouding nie.

Die terapeutiese gesprek ("conversation") word benut om 'n interaksieproses te fasiliteer waartydens die lewe van die kliënt breër omskryf word en nuwe narratiewe ontwikkel word. Daar bestaan nie vasgestelde voorskrifte vir sodanige gesprek nie en die betrokkenes bepaal in 'n gegewe unieke konteks wat relevant is. Die gedagte is egter dat sodanige gesprek in verskillende situasies kan plaasvind, met betekenisvolle gevolge vir al die deelnemers. In die konteks van die maatskaplikewerk-praktyk kan dus aanvaar word dat narratiewe werkswyses tydens hulpverlening aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe, benut kan word. Selfs tydens supervisie en navorsing sou die gedagtegang sinvol geïmplementeer kon word. Die aanvoeling is ook dat die uitgangspunte van narratiewe terapie moontlike werkswyses suggereer wat in 'n kultuurdiverse omgewing doeltreffend benut kan word.

INTERVENSIES NA AANLEIDING VAN DIE NARRATIEWE WERKSWYSE

Op grond van die uitgangspunte wat die narratiewe terapie ten grondslag lê, kan verskillende intervensies wat deel uitmaak van dié werkswyse, bespreek word. Narratiewe terapie is nie 'n tipiese terapeutiese model met bepaalde fases nie, maar verteenwoordig tog in die breë 'n aanvangsgeleentheid, daarna volg verskeie moontlike intervensies wat op 'n stadium oorgaan in die terminering van die konstante, direkte betrokkenheid van die terapeut in die lewe van die kliënt. Volgens White (1998a) benut hy vyf "micro-maps" oftewel karterings in sy inkleding van die narratiewe werkswyse. Die sogenaamde karterings is die volgende:

- "Statement of position"
- "Re-authoring conversations"
- "Definitional ceremony"
- "Re-membering conversations"
- "Taking-it-back practices".

Die karterings volg nie noodwendig kronologies tydens die terapeutiese werkswyse nie, maar word by 'n besondere kliënt se situasie en die beweging wat tydens die terapie ontvou, aangepas. Voorts realiseer die verskillende karterings ook nie noodwendig tydens alle terapeutiese intervensies nie, maar volgens die unieke behoeftes wat in elke situasie na vore kom.

Alhoewel daar nie spesifieke fases in narratiewe terapie gevolg word nie, is dit egter redelik vanselfsprekend dat elke terapeutiese gebeurlikheid aanvanklik ingelui word deur 'n vertelling van die kliënt se situasie, wat die betrokkenheid van 'n terapeut regverdig. Dit sou as die aanvangsgebeure van verdere terapeutiese aktiwiteite beskou kon word.

Aangesien White en Epston as die grondleggers van die narratiewe werkswyse beskou word, word daar met die inagneming van ander terapeute se bydraes, hoofsaaklik op eersgenoemdes se werk gekonsentreer.

Ten aanvang word eerstens gelet op die terapeutiese gesprek met spesifieke verwysing na die inisiëring van die gesprek. Vervolgens word die verskillende karterings bespreek en ten slotte word daar aandag gegee aan die narratiewe werkswyse binne die konteks van maatskaplike werk.

5.1 DIE AANVANG VAN DIE GESPREK ("CONVERSATION")

Met die aanvang van die gesprek, word gepoog om 'n atmosfeer te skep wat aan die kliënt die vrymoedigheid gee om sy storie te vertel. Dit verg, onder andere, dat die terapeut met onverdeelde aandag sal luister en nie probeer bepaal watter patologie ter sprake is nie. Daar word dus nie na diagnostiese inligting in die vertelling van die kliënt gesoek nie, maar wel gepoog om te begryp watter betekenis sy storie vir die verteller inhou. Verder word ook gepoog om vanuit die perspektief wat die kliënt handhaaf, te verstaan waarom hy vir hulp gekom het. Freedman en Combs (1996a:44) noem dat "[t]his sort of understanding requires that we listen with focused attention, patience, and curiosity while building a relationship of mutual respect and trust." Dit behels meer as om empaties te luister en hou in dat begrip ontwikkel word vir die feit dat die kliënt 'n eie unieke interpretasie en betekenis heg aan sy situasie. Omdat die terapeut 'n eie unieke wese is, met 'n eie unieke interpretasie van die kliënt se omstandighede, vorm hy sy eie betekenisgewing in die verband, en is gevolglik nie werklik in staat om aan die kliënt te kenne te gee dat hy ten volle begryp nie. Dit is egter belangrik dat die kliënt wel sal ervaar dat die terapeut 'n gesindheid van begrip openbaar. Die terapeut tree dus nie as die alleenkundige na vore wat in staat is om te weet presies hoe die kliënt sy situasie ervaar en watter betekenis dit vir hom inhou nie, maar fasiliteer 'n proses waartydens die kliënt sy storie vertel en later oorgaan tot die ontwikkleing van 'n nuwe lewensverhaal.

Wanneer White (1995:21) gevra word waar hy met die terapeutiese aktiwiteite begin indien 'n gesin hom kom sien, sê hy dat hy probeer verstaan wat die lewe vir hulle inhou en gaan voort deur te sê "I guess that the first part of my work is to try to get some appreciation of what persons have been going through." Dit is vir hom belangrik dat die

kliënte moet ervaar dat hy die punt bereik het waar hy alreeds 'n vlak van begrip ontwikkel het vir hulle as individue met 'n unieke betekenisgewing aan hulle situasie. Al sou dit moeilik wees en dikwels onmoontlik om ten volle begrip vir 'n kliënt en sy situasie te hê, behoort hy nie te twyfel oor die terapeut se bedoeling om wel sodanige begrip te ontwikkel nie.

Ten einde beter begrip te ontwikkel oor wat dit sou beteken om in die skoene van die kliënt te staan, verg dat die terapeut nie as 'n passiewe luisteraar aan die gesprek sal deel hê nie, maar dat hy beweeg na dit wat hy nie weet nie deur vrae te vra. Omdat die terapeut uit 'n nie-ken of nie-kundige ("not-knowing") posisie beweeg, gaan daar dus nie vanuit 'n "...position of preunderstanding" vrae gevra word waarop spesifieke antwoorde verwag word nie. Freedman en Combs (1996a:45) beveel eerder vrae soos die volgende aan: "Just listening and asking facilitating and clarifying questions from a position of curiosity..." Dit is belangrik dat die kliënt moet ervaar dat die terapeut werklik belangstel om na sy weergawe van sy besondere situasie te luister. Hy moet glo dat die terapeut nie probeer om vanuit 'n kundige of meerderwaardige posisie bepaalde gevolgtrekkings maak ten einde die situasie te verklaar en dienooreenkomstige aanbevelings maak nie.

Alhoewel die terapeut poog om na aanleiding van die kliënt se perspektief die interpretasie wat hy oor sy situasie vorm, te begryp, gebeur dit tog dat die terapeut sy eie interpretasie oor die aangeleentheid maak. Tydens die interaksie tussen die terapeut en kliënt gaan dit nie oor die ontdekking van waarhede nie, maar die vorming van nuwe betekenisse. Die wyse waarop die terapeut luister en reageer behoort op so 'n manier plaas te vind "...that invites them [clients] to relate to their life narratives not as passively received facts, but as actively constructed stories" (Freedman & Combs, 1996a:46). Tydens die kliënt se vertelling behoort hy dus algaande te ervaar dat sy storie nie die finale vertelling van sy situasie verteenwoordig nie, maar dat 'n vormingsproses begin het wat nuwe moontlikhede tot gevolg kan hê, met gepaardgaande hoop vir sy omstandighede. Alhoewel die terapeut dus nie met bepaalde gevolgtrekkings of advies na vore gekom het nie, het daar reeds vordering plaasgevind met betrekking tot die hantering van die kliënt se probleemsituasie en is hy meer in beheer daarvan.

Ten einde, onder andere, die kliënt se lewe breër omskryf te kry, poog die terapeut om die kliënt aan te moedig om sy storie in meer detail te vertel. Die volgende is enkele wyses waarvolgens die terapeut te werk kan gaan om dit te bewerkstellig:

- Daar word na moontlike gapings in die vertelling van die kliënt geluister en dan word hy gevra om meer detailbeskrywings in die verband te gee (Freedman & Combs, 1996a:46). Die kliënt kry dus die geleentheid om sy storie vollediger in te klee, verdere betekenisgewing aan gebeure te gee en aldus sy lewe meer omvattend te omskryf. Dit is byna of die terapeut met groeiende belangstelling stilstaan by verskillende oënskynlik onbenullighede in die vertelling.
- Die terapeut probeer moontlike dubbelsinnighede in die betekenisse wat aan stories gegee word, te bepaal en vra dan aan die kliënt om meer daaroor uit te brei en te vertel hoe hy die aangeleenthede gehanteer en opgelos het (Freedman & Combs, 1996a:47). Dit is asof daar erkenning gegee word dat die kliënt meervoudige betekenisse aan dieselfde situasie kan gee en dat dit eintlik bydra tot 'n ryker beskrywing van gebeure. Die wyse waarop die terapeut die aandag op sodanige dubbelsinnighede of teenstrydighede vestig, moet die kliënt aanmoedig om die storie in groter detail of in meer dimensies te vertel.
- Wanneer die kliënt sy vertelling onderbreek, kan die terapeut 'n opsomming gee van wat gesê is, en probeer bepaal of hy die betekenis wat die kliënt nahou, begryp (Freedman & Combs, 1996a:47). Sodoende kry die kliënt die geleentheid om aan te dui of die betekenis wat die terapeut aan die vertelling heg, ooreenstem met sy, die kliënt se, betekenisgewing. In die proses word die kliënt gestimuleer om verder uit te brei en gevolglik sy storie meer omvattend te beskryf.
- Die kliënt word ook aangemoedig om uit te brei oor moontlike karakters wat deel vorm van sy storie. Moontlike verbintenisse tussen die kliënt se vertelling en ander stories word ondersoek. Parry (1991:46) meen ook dat dit belangrik is om die kliënte te vra "...to talk about how personal experiences, family of origin, and connections to the gender, community, and ethnic background stories have contributed to where each one's story stands at present." Sodoende kry die kliënt die geleentheid om aan meer fasette van sy lewe in verskillende tydsdimensies uitdrukking te gee en met ander te deel.

Algaande begin die kliënt op 'n nuwe wyse na sy storie kyk en die ontwikkeling van nuwe betekenisgewing neem in aanvang. Dit weer, bied geleidelik 'n basis vir die vorming van nuwe stories. (Vgl. Freedman & Combs, 1996a:47.)

By die aanvang van die terapeutiese gebeure, is dit belangrik dat die kliënt dus ongestoord sy verhaal vertel. Alhoewel die terapeut soms vir vollediger beskrywings mag vra, behoort die kliënt nie in die rede geval te word nie, maar die geleentheid gegun word om volgens sy unieke styl en keuse, sy storie te vertel. In die proses van storievertelling, gee die kliënt as't ware 'n stem aan sy lewe. Soms is dit die eerste keer wat hy homself hoor en na sy eie verhaal kan luister.

Tydens die kliënt se vertelling van sy omstandighede en die interaksie wat geleidelik tussen hom en die terapeut ontwikkel, raak die terapeutiese situasie gereed vir die implementering van die verskillende karterings ("maps"). Gewoonlik vloei die gesprek spontaan oor in die dekonstruksie van die dominante storie.

5.2 DEKONSTRUKSIE VAN DIE STORIE ("STATEMENT OF POSITION MAP")

Die idees met betrekking tot dekonstruksie word, volgens Lax (1992:72) en Freedman en Combs (1996a:46), hoofsaaklik aan die filosoof Derrida se werk ontleen. Dit kom, onder andere, daarop neer dat daar tydens storievertelling sekere aspekte gesê word en ander ongesê bly. Die verskynsel word as 'n "différance" beskryf, bedoelende dat daar 'n verskil tussen die uitgespelde en onuitgespelde gegewens van 'n storie is en dat spanning tussen die twee ontwikkel. Hierdie spanning skep die moontlikheid vir nuwe betekenisse en perspektiewe wat na vore kan kom (Lax, 1992:72). Tydens terapie sou dié potensiaal tot die skepping van nuwe perspektiewe dus benut kon word ten einde 'n breër beskrywing te bewerkstellig en moontlik 'n nuwe storie te laat vorm.

Volgens Freedman en Combs (1996a:46) is daar in elke storie gapings en dubbelsinnighede wat meebring dat dit nodeloos is om die werklike ware betekenis van 'n storie te probeer bepaal. Hulle verduidelik verder dat "[d]econstructionist scholars focus on these gaps and ambiguities to show that the officially sanctioned or generally accepted meaning of given text is but one of a number of possible meanings" (Freedman & Combs, 1996a:46). Wanneer die terapeut na die vertelling van 'n kliënt luister, weet hy dus dat

daar veel meer oor die aangeleentheid te sê is en dat ander moontlike perspektiewe daaroor nagehou kan word. Gevolglik gaan die terapeut 'n proses fasiliteer, ten einde die dekonstruksieproses aan die gang te sit, in 'n poging om die dominante storie verder te ondersoek met die oog daarop om dit wat nie gesê is nie na vore te laat tree en vanuit 'n nuwe gesigshoek daarna te kyk. In dié verband verwys Parry (1991:44) na die voorbeeld waar 'n vrou tydens die terapeutiese sessie haar storie vertel het soos wat haar ouers haar lewe beskryf het. Tydens die gesprek het die terapeut deur middel van vrae die kliënt gelei om háár eie beskrywing van haar lewe te gee, met ander woorde sy het haar sienings aangaande haar lewe verwoord en sodoende 'n eie stem aan haar ervarings gegee. By die beskrywing van haar situasie volgens haar perspektief en met haar eie stem, het sy die beheer van haar eie storie oorgeneem. Sy het dus nie meer nodig gehad om haarself te onderwerp aan die alleensienings van haar ouers nie. In die proses het sy as't ware ontdek dat daar meer betekenisse oor haar lewe bestaan en dat die betekenis wat haar ouers aan haar lewe heg, nie die enigste en noodwendig geldige perspektief is, wat nagehou kan word nie.

Die proses van die dekonstruksie van die dominante storie, vind tydens narratiewe terapie plaas deur die voer van eksternaliseringsgesprekke ("externalising conversations"), met die doel "...to separate the person from the problem and its dominant narrative" (Nicholson, 1995:24). Sodoende word die mens nie meer gelykgestel aan die probleem nie, maar wel in die posisie geplaas waar hy teenoor die probleem kan staan. Die kliënt kan nou idees begin ontwikkel oor hoe sy narratief gekonstrueer is en besef dat dit nie die enigste wyse is om die bepaalde gebeure te konstrueer nie, maar dat daar ook ander moontlikhede is. Dit is asof daar reeds op hierdie stadium 'n ervaring na vore mag tree wat impliseer dat die kliënt nie vasgevang hoef te wees in die inhoud en betekenis van sy aanvanklike vertelling nie. Daar is veel meer moontlikhede beskikbaar met betrekking tot die beskrywing van sy lewe en omstandighede. Die voer van gesprekke waartydens die eksternalisering van bepaalde elemente in die stories van kliënte plaasvind, vorm dan ook 'n hoofmoment van die narratiewe werkswyse.

5.2.1 Eksternalisering

Mense wat by 'n terapeut vir hulp gaan aanklop, ervaar gewoonlik een of ander situasie wat deur hom en dikwels ook ander betekenisvolle mense in sy lewe, as problematies gedefinieer word. Hierdie gedefinieerde probleem impliseer bepaalde waarhede met betrekking tot die kliënt se karakter, gedrag en motiewe. Dit is gewoonlik waarhede wat deur die betrokke kultuurmilieu van die kliënt bevestig word asook dikwels deur professionele kennis. Sodanige waarhede met betrekking tot eienskappe van die kliënt en sy omstandighede wat sy probleem beskryf, het dikwels tot gevolg dat daar algaande 'n bepaalde identiteit aan hom toegeken word. So sou die kliënt byvoorbeeld deur sy familie, vriende en selfs 'n terapeut as 'n alkoholis of 'n werksku persoon beskryf kon word. (Vgl. White, 1995:22.)

Eksternalisering gaan daaroor om die mense wat hulleself in die situasie bevind waar bepaalde waarhede met betrekking tot die probleem wat hulle ervaar, nagehou word, te bevraagteken. Neal (1996:67) noem in die verband dat "[e]xternalizing conversations are one of the ways therapists can challenge these 'truths' that support problems and problematic selfdescriptions." Deur die waarhede met betrekking tot die kliënt se probleem te bevraagteken, word gepoog om die mens van die probleem en gepaardgaande dominante narratief te skei (Nicholson, 1995:24). Die probleem word dus ekstern tot die kliënt geposisioneer sodat die probleem nie sy identiteit bepaal nie, maar 'n afsonderlike entiteit is tot wie die kliënt in 'n bepaalde verhouding staan.

White en Epston (1990:38) beskryf eksternalisering as "...an approach to therapy that encourages persons to objectify and, at times, to personify the problems that they experience as oppressive." Deur eksternaliseringsgesprekke word daar dus gepoog om die gelykstelling van die probleem aan die persoon te beëindig en die probleem die probleem te hou. Die probleem neem as't ware 'n eie karakter aan waarmee daar gekommunikeer kan word. In plaas daarvan dat die mens nou die probleem is, word sy verhouding tot en kommunikasie met die probleem, die probleem (White & Epston, 1990:40 & Roth & Epston, 1998:212). Die proses van eksternalisering het dus bepaalde gevolge vir die kliënt, die betekenisvolle mense in sy lewe en sy groter omgewing.

5.2.1.1 Die gevolge van eksternalisering

Volgens White en Epston (1990:39-40) het eksternalisering bepaalde gevolge, byvoorbeeld:

- Die kliënt is nie meer die probleem nie, hy sowel as ander betekenisvolle mense, staan nou in 'n andersoortige verhouding tot die probleem, en dit het die afname van onproduktiewe konflik tussen betrokkenes (byvoorbeeld gesinslede) tot gevolg, in gevalle waar byvoorbeeld geargumenteer word oor wie vir die probleem verantwoordelik is.
- Die belewenis van mislukking ten opsigte van ondoeltreffende pogings wat aangewend is om die probleem op te los, word teengewerk as gevolg van die andersoortige posisionering van die probleem tydens die proses van eksternalisering.
- Mense werk nouer saam en verenig hulle in die stryd om die probleem te elimineer en om die invloed daarvan op hulle lewens en verhoudings, te ontsnap. White (1995:23) gaan voort en sê dat "[t]hrough externalizing conversations, the problem is to an extent disempowered, as it no longer speaks to persons of the truth about who they are as people, or about the very nature of their relationships."
- Nuwe moontlikhede word vir die kliënt geskep om aksies te begin, want "[o]nce a problem is seen as separate from the identity of a person or from the identity of a significant relationship, the person is in a position to take action" (White, 1998c:219). Dié aksies behoort daartoe te lei dat hy sy lewe en verhoudings terugwin van die invloed wat die probleem daarop het. Die kliënt kan begin om sy lewe as't ware van die probleem en gepaardgaande gevolge terug te eis.
- Die kliënt slaag daarin om toenemend met minder spanning ernstige probleme op 'n doeltreffende wyse te benader. Dit is asof die probleem nie meer die kliënt magteloos en ontsteld laat nie, maar eerder 'n uitdaging aan hom stel.
- Meer opsies vir die voer van 'n dialoog in pleks van 'n monoloog oor die probleem, tree na vore. 'n Gesprek waaraan al die betrokkenes op gelyke vlak deelneem, kan begin.
- Eksternalisering het ook tot gevolg dat die kliënt ervaar dat hy oor 'n identiteit beskik wat losstaan van die probleem, met ander woorde, die probleem verteenwoordig nie meer sy identiteit nie. Daar kan nou byna met die probleem as 'n afsonderlike identiteit of "persoon" gekommunikeer word.

Eksternaliseringsgesprekke verwyder die probleem van die kliënt en stel hom in staat om sy verhouding tot die probleem te manipuleer. Sodoende verkry die kliënt beheer oor die probleem en wel in so 'n mate dat hy tot aksies oorgaan wat die eliminering van die probleem tot gevolg kan hê.

5.2.1.2 Die implementering van eksternalisering

Eksternalisering verg bepaalde vaardighede, en "...requires that we separate our perceptions of problems from our perceptions of people" (Freedman & Combs, 1996a:50). Die siening dat die kliënt nie kompleks, problematies of patologies is nie, skep 'n atmosfeer wat lei tot beter begrip en het tot gevolg dat die inhoud en betekenis van die kliënt se storie nie so beperkend is nie.

Tydens eksternalisering word daar ruimskoots van vrae gebuik gemaak; vrae soos die volgende:

- Relatiewe beïnvloedingsvrae ("relative influence questioning")

Daar word alreeds tydens die eerste terapiesessie begin om beïnvloedingsvrae te vra en sodoende geleidelik struktuur aan die eksternaliseringsproses gegee. Die kliënt word reg van die begin af begelei om die probleem te eksternaliseer en algaande sy lewe en verhoudings van die probleem te onderskei en later te skei (White & Epston, 1990:42 & Freedman & Combs, 1996a:66). Daar word dus so gou as moontlik geleidelik beweeg na die punt waar die kliënt hom los van die probleem kan sien en aldus homself teenoor die probleem kan stel. Die probleem raak "iets" of "iemand" buite homself met wie hy kan kommunikeer of waarmee hy kan handel.

Relatiewe beïnvloedingsvraagstelling geskied deur twee groepe vrae wat dui op die kartering van die invloed van die probleem en die invloed van die persoon op die probleem (White & Epston, 1990:42 & Freedman & Combs,1996a:66). Die vra van hierdie vrae kan, onder andere, die volgende reaksies tot gevolg hê:

- Die kliënt is nie meer die probleem nie, maar staan in 'n verhouding tot die probleem. Dit beteken dat die kliënt wel deur die probleem beïnvloed word, maar dat hy ook invloed op die probleem kan uitoefen. Hy staan dus nie meer langer magteloos teenoor die probleem nie en die moontlikheid bestaan dat hy beheer oor die probleem kan

uitoefen. Die kliënt se verhouding tot die probleem kan verander en indien die probleem hom probeer werf, kan hy dit van die hand wys. (Vgl. O'Hanlon, 1994:26.)

- Dit bring mee dat die identiteit van die probleem nie die identiteit van die kliënt word nie, maar "...it helps keep the identity of the problem separate from any person" (Freedman & Combs, 1996a:66). Die kliënt wat na gelang van die probleem waarmee hy worstel, geëtiketteer word, kry geleentheid om die toegesegde etiket of identiteit te ontsnap.
- Algaande tree 'n groter scenario na vore waaroor vrae gevra kan word. Meer en dieper dimensie word in die storie bereik, met 'n groter moontlikheid vir die vermenigvuldiging van vrae op verskillende vlakke.
- Gesinslede en ander betekenisvolle mense in die kliënt se lewe word gemobiliseer om saam te span ten einde die gevolge en effek van die probleem teen te werk. Betrokkenes wat juis as gevolg van die probleem verwyder of vervreemd van mekaar geraak het, baat veral hierby.
- Voorts ontstaan daar toenemende moontlikhede ("unique outcomes") wat benut kan word om nuwe stories te ontwikkel. Dit skep nuwe hoop en gevolglik blyk die situasie nie meer so onoorkomelik nie. Die kliënt en betrokkenes bevind hulle ook nie meer in 'n magtelose posisie van slagoffer nie, maar verkry toenemend beheer oor die probleem en die totale situasie wat daar rondom ontstaan het. (Vgl. White & Epston, 1990:42; White, 1995:22-23; en Freedman & Combs, 1996a:66-67.)

Deur middel van die relatiewe beïnvloedingsvrae, word 'n proses aan die gang gesit wat die kartering van die invloed van die probleem op die kliënt, sy verhoudings en betekenisvolle ander persone, moontlik maak. Die vrae motiveer die kliënt om die invloed van die probleem op sy totale lewe aan te dui. Die volgende is moontlike vrae wat gevra kan word:

- Volgens Nicholson (1995:24) sou daar klem gelê kon word op die historiese verloop van die probleem deur te vra "...how the person has been recruited into this perspective of self" of "'[h]ow did fear so easily coach you to believe that ?'" (Freedman & Combs, 1996a:70). Sodoende word die kliënt aangemoedig om die gebeure wat afgespeel het aan te dui asook die kulturele praktyke wat die dominante storie ten grondslag lê, te bespreek. Dikwels word die kulturele diskoerse en die rol van mag in die tipering en diagnosering van die probleem, op hierdie wyse ontbloot. Die praktyke

wat gelei het tot die toekenning van 'n bepaalde identiteit aan die kliënt, ooreenkomstig sogenaamde identifiserende aspekte van die probleem, word algaande blootgelê.

- Die terapeut begin met die kliënt en sy gesin praat asof die probleem 'n ander persoon met 'n eie identiteit is. So kan daar byvoorbeeld aan die kliënt gevra word: "How does the Alcoholism bully push your family around?" (O'Hanlon, 1994:26). Die kliënt en sy gesin kry nou die geleentheid om na die probleem te kyk en sy "optrede" en effek op hulle lewens uit te wys. Die probleem word dus as 'n karakter geskets wat 'n integrale rol in die kliënt en sy verhoudings speel.
- Ondersoek kan ingestel word hoe die probleem die kliënt en sy gesin gedomineer en ontmoedig het. Daar sou byvoorbeeld in die geval van depressie gevra kon word: "What kind of lies has Depression been telling you about your worth as a person?" (O'Hanlon, 1994:26). Tydens die stel van vrae word die taalgebruik so gekies dat dit nooit impliseer dat die probleem tot gevolg het dat die kliënt of gesin bepaalde dinge doen nie, maar dat "...it only influences, invites, tells, tries to convince, uses tricks, tries to recruit ..." (O'Hanlon, 1994:26). Die kliënt en gesin kry dus die geleentheid om breedvoerig die rol wat die probleem in hulle lewens speel, te bespreek. Dit gaan nie om te blameer nie, maar om te toon dat die kliënt en gesin oor bepaalde keuses beskik met betrekking tot die rol van die probleem in hulle lewens en moontlike optredes in hulle verhouding tot die probleem. 'n Mate van verantwoordelikheid ten opsigte van optredes teenoor die probleem word sodoende gesuggureer. 'n Persoon wat werkloos is, sou byvoorbeeld in sy kommunikasie met die probleem na 'n punt beweeg waar hy aksies oorweeg om die probleem te saboteur soos om aan werkskeppingsprojekte te begin deelneem.

Wanneer daar gelet word op die invloed wat die kliënt en ander betekenisvolle mense op die probleem het, verkry die kliënt gewoonlik 'n duideliker visie van sy eie vermoëns wat benut kan word om die dominansie van die probleem te verwerp en groter beheer daaroor uit te oefen. Ten einde die invloed wat die kliënt op die "lewe" van die probleem mag hê aan te toon, sou daar byvoorbeeld gevra kon word wat die probleem voed en wat dit saboteer. Daar sou ook wyer beweeg kon word en gevra kon word watter persone die probleem en sy bedoelings sal teenstaan (Freedman & Combs, 1996a:68). Hierdie besprekings behoort in toenemende mate die kliënt en sy gesin onder die indruk te bring dat daar moontlikhede is om die probleem af te skud. Daar word al meer ervaar dat die probleem

perke het en dat daar dus bepaalde uitweë bestaan wat gevolg kan word om die probleem te beheer en dus te elimineer. Die kliënt en die betekenisvolle ander mense beweeg dus algaande na die ontwikkeling van 'n nuwe storie wat die dominante probleembeskrywings van die kliënt kontrasteer en uiteindelik vervang. Wanneer die dominante storie byvoorbeeld aan die kliënt die identiteit van 'n alkoholis toegesê het, sou daar nou na 'n storie beweeg kon word waar die kliënt sy lewe van alkohol terugeis en die beheer van die probleem sodoende afweer.

- Omskrywing van die probleem

Tydens gesprekvoering oor die invloed van die probleem op die lewe van die kliënt en omgekeerd, tree die omskrywing van die probleem na vore. Die kliënt se omskrywings van die probleem, wissel van 'n gedetailleerde tot algemene en soms vae omskrywings. In gesinne gebeur dit ook dikwels dat gesinslede verskil in terme van hulle definiëring van die probleem. White en Epston (1990:49-55) waarsku dat die terapeut daarteen moet waak om ten opsigte van die kliënt se omskrywing van die probleem te veralgemeen of volgens sy interpretasie as terapeut te handel. Dit is belangrik dat die kliënt begelei word om die probleem wyer en soms meer spesifiek te omskryf. Verder moet die bespreking ook tot 'n aanvaarbare omskrywing waaroor die verskillende gesinslede ooreenstem lei. Sodoende word die eksternalisering van die probleem vergemaklik en kan die betrokkenes hulle in 'n verhouding tot die probleem sien. Na aanleiding van die omskrywing van die probleem, kan dit ge-eksternaliseer word deur die probleem as 'n karakter met 'n naam voor te stel. So sou daar van Arrie Alkohol of Danie Depressie gepraat kon word. Die kliënt en sy gesin staan dan in 'n verhouding met die karakters en kan aldus met hulle kommunikeer en beheer oor hulle uitoefen.

Soos die kliënt al meer bewus word van die verhouding wat hy met die probleem het en dit beskryf, word hy gaandeweg in staat gestel om verantwoordelikheid vir die probleem te aanvaar, in die sin dat hy beheer daaroor kan uitoefen (White & Epston, 1990:65). Freedman en Combs (1996a:63) sluit hierby aan wanneer hulle sê: "When a problem is external to a person, she can take responsibility for how to interact with it." Die kliënt is dus nie meer 'n magtelose slagoffer van die probleem nie, maar kan tot die probleem respondeer en met aksies begin om van die invloed wat die probleem op sy lewe het, te ontsnap en gereed raak vir die verkenning van nuwe en/of alternatiewe stories.

5.3 DIE HERSKRYF VAN STORIES ("RE-AUTHORING CONVERSATIONS")

Tydens die dekonstruksie van die dominante storie word daar geleidelik beweeg na die skryf van 'n alternatiewe storie waarmee die kliënt kan identifiseer en wat die oplossing van die probleem impliseer. Stories word tydens gesprekvoering ontwikkel en in die terapeutiese gesprek is dit die voorreg van die kliënt en sy gesin om die storie te herskryf (Freedman & Combs, 1996a:88). Alhoewel die terapeut die kliënt begelei om 'n nuwe storie te ontwikkel, tree eersgenoemde nie as die outeur op nie. Die kliënt is self die outeur en die terapeut kan hoogstens as mede-outeur optree. Sodoende kan 'n storie ontwikkel word wat by die persoonlike situasie van die kliënt pas en waarmee hy bereid is om te identifiseer.

Volgens Epston, *et al.* (1992:108) word daar met "re-authoring therapy" gepoog om kliënte te ondersteun in die oplossing van hulle probleme en wel op die volgende wyses:

- Die kliënt word in staat gestel om sy lewe en verhoudings te skei van stories of kennis wat hom nadelig raak.
- Verder word die kliënt ondersteun om weerstand te bied teen praktyke of handelinge ten opsigte van homself en sy verhoudings wat onderdrukkend van aard is.
- Die kliënt word aangemoedig om sy lewe te herskryf na aanleiding van kennis/stories, aktiwiteite van die self en verhoudings wat voorkeur uitkomste of resultate kan bied.

Deur nuwe of dan alternatiewe stories te ontwikkel, skep die kliënt as't ware vir hom 'n nuwe lewe en as sodanig ook 'n nuwe identiteit. In die proses heg hy nuwe betekenis aan sy totale situasie en milieu, met die gevolg dat hy van andersoortige ervarings bewus word met gepaardgaande nuwe betekenisse. Dit impliseer gewoonlik stories waarmee hy by voorkeur wil assosieer en wat die opklaring van die probleem tot gevolg het.

Freedman en Combs (1996a:101-103) stel 'n praktiese riglyn voor wat gevolg kan word tydens die terapeutiese gesprekke ten einde die kliënt te begelei in die ontwikkeling van 'n nuwe storie. Die riglyn bestaan uit onderstaande nege stappe wat as raamwerk kan dien vir die verdere toeligting van die terapeutiese aktiwiteite met betrekking tot die stimulering van die ontwikkeling van alternatiewe stories. In die praktyk sou dié stappe redelik ineengevleg manifesteer en word hoofsaaklik vir teoretiese doeleindes soos volg uiteengesit:

5.3.1 *Die bepaling van 'n voorkeur of unieke uitweg/uitkoms ("unique outcome")*

'n Unieke uitkoms ("unique outcome") word deur Freedman en Combs (1996a:89) beskryf as "...anything that wouldn't have been predicted in light of a problem-saturated story." Die unieke uitkomste of geleenthede in 'n persoon se narratief vorm dus nie deel van die hoofelemente van sy vertelling nie, maar word soms terloops geïmpliseer. Unieke uitkomste bied gewoonlik die vertrekpunt van moontlike nuwe of alternatiewe narratiewe.

Ten einde 'n unieke geleentheid of uitkoms te bepaal, verg dat die terapeut bedag sal wees op ander stories benewens die dominante storie wat die kliënt vertel het. Binne die kader van die sogenaamde sub-stories word die unieke uitkomste gewoonlik gevind, veral as dit kontrasterend tot die dominante storie staan. In die verband verduidelik White (1993:40) soos volg: "...I refered to these contradictions as 'unique outcomes' ... and it is these that provide a gateway to what we might consider to be the alternative territories of a person's life." Die terapeut beweeg dus geleidelik saam met die kliënt na die areas in sy lewe wat nie primêr in die dominante storie figureer nie, met die doel om moontlike gebeure uit te lug wat as die basis ("unique outcome") vir 'n nuwe storie kan dien.

Volgens Freedman en Combs (1996a:90) is dit dikwels belangrik "... to listen very carefully if we are not to miss the mention of unique outcomes buried in people's descriptions of their problematic stories." Die terapeut is dus altyd op die uitkyk vir moontlike opmerkings of aanduidings in die vertellings van die kliënt wat 'n opening vir 'n nuwe storie bied. Sodanige openinge bied toegang na areas in die kliënt se lewe waaraan daar nog nie 'n "stem" gegee is tydens sy storievertelling nie.

Deur te let op die moontlike invloed wat die kliënt op die "lewe" van die probleem mag hê, bied ook die geleentheid om moontlike unieke uitkomste te bepaal. Die volgende is moontlike vrae wat benut kan word om unieke uitkomste in die verband te bepaal: "Was jy al ooit in staat om die probleem vir 'n paar minute te ontvlug?" "Was daar ooit 'n tyd wat die probleem die oorhand oor jou probeer kry het en wat jy daarin kon slaag om dit af te weer?" en "Is die probleem altyd met jou?"(Freedman & Combs, 1996a:91).

White en Epston (1990:56-61) beveel aan dat unieke uitkomste in gebeure oor die drie tydsdimensies, naamlik die verlede, hede en toekoms, gesoek word. Die kliënt kan gevra word om oor gebeure in die verlede uit te brei en veral dan gebeure wat kontrasterende betekenis inhou ten opsigte van die dominante storie. Indien 'n kliënt byvoorbeeld daarmee worstel dat hy 'n mislukking is en dat niemand enige vertroue in hom stel nie, sou daar na moontlike insidente gesoek word waar hy wel sukses behaal het en erkenning daarvoor ontvang het, al sou dit dan ook net wees dat sy opstel in die skool by geleentheid aan die klas voorgelees is omdat dit van 'n hoë gehalte was. Sodanige insident kan die beginpunt vorm van 'n alternatiewe storie wat insidente verteenwoordig waartydens die kliënt wel goed presteer het en dienooreenkomstige waardering ontvang het.

Soms doen 'n unieke uitweg hom in die hede voor en wel tydens die terapiesessie. Tydens die terapeutiese gesprek kan insidente na vore tree wat die dominante storie kontrasteer en kan dan die begin van 'n nuwe storie wees. Ouers en hulle kind kan byvoorbeeld die terapeut om hulp nader aangesien die kind weier om na hulle te luister en opdragte uit te voer. Tydens die terapiesessie gebeur dit dat die vader die seun vra om gou sy dagboek in die motor te gaan haal ten einde 'n tyd vir 'n volgende afspraak te reël. Die seun staan sonder teenspraak en gaan haal die dagboek. Dié situasie sou deur die terapeut gebruik kon word om die aandag daarop te vestig dat die seun wel 'n opdrag uitgevoer het. Daar sou byvoorbeeld aan hom gevra kon word hoe hy dit reggekry het en hoe hy te werk gegaan het om nie teë te praat nie. Op grond van hierdie gebeure sou die bespreking verder gevoer kan word totdat die unieke geleentheid tot 'n alternatiewe storie gegroei het.

Ten opsigte van toekomsgebeure sou daar by wyse van antisipasie moontlikhede voorsien word wat teenstrydig tot die dominante storie staan. 'n Kliënt kan byvoorbeeld tydens die terapeutiese gesprek duidelik te kenne gee dat hy vasberade is om iets aan die probleem te doen. Die terapeut sou die kliënt se voornemens kon uitlug en op so 'n wyse daaroor vrae vra dat hy as't ware alreeds betekenis heg aan die voorsiene gebeure. Die unieke uitweg lê dus in gebeure wat vir die toekoms voorsien word.

In die soeke en ontwikkeling van unieke uitkomste, speel fantasie 'n belangrike rol. Die terapeut behoort in staat te wees om te kan voorsien watter insidente in die kliënt se lewe moontlik as 'n uitweg na vore kan tree. Dit verg dat hy nie net vanuit sy eie raamwerk sal

beweeg nie, maar dat daar met 'n oop gemoed na moontlikhede gesoek word. Benewens die terapeut is dit ook belangrik dat die persone wat hulp kom soek het, die vermoë sal ontwikkel en openbaar om situasies te voorsien en te fantaseer oor moontlike betekenisse wat aan gebeure geheg kan word wat van die dominante storie verskil (White & Epston, 1990:61).

Ten einde 'n unieke uitkoms doeltreffend te kan benut, moet dit deur die kliënt en ander betrokkenes as sodanig beskou en ervaar word. Enige gebeurlikheid gaan dus nie noodwendig as 'n unieke uitweg aanvaar word nie, maar slegs as dit sodanige betekenis vir die kliënt inhou. White en Epston (1990:40) verduidelik dat "[f]or an event to comprise a unique outcome, it must be qualified as such by the person to whose life the event relates." Die terapeut sou dus nie sonder meer 'n moontlike uitweg aan die kliënt kan voorhou nie of hom oortuig of forseer om 'n bepaalde gebeurlikheid as 'n unieke uitweg te sien nie. Die kliënt behoort self tydens die bespreking meer en meer oorweging aan bepaalde gebeure te gee, andersoortige betekenis daaraan te heg en bereid te wees om daarmee te identifiseer. Freedman en Combs (1996a:102) beveel dan ook aan dat daar vasgestel moet word of die unieke uitweg wel die voorkeur ervaring verteenwoordig, met ander woorde dat die kliënt dit aanvaarbaar vind.

5.3.2 Maak seker dat die unieke uitweg aanvaarbaar is

Ten einde te verseker dat 'n kliënt wel 'n unieke uitkoms gaan benut om 'n alternatiewe storie te begin ontwikkel, is dit nodig om te bepaal of die bepaalde uitkoms vir hom aanvaarbaar is. Die kliënt moet dus daarmee kan identifiseer en gereed wees om sy narratief sodanig uit te brei en soms selfs te wysig. Met betrekking tot die aanvaarbaarheid van 'n betrokke unieke uitkoms is dit belangrik om die waardes wat die kliënt handhaaf in ag te neem. Indien 'n unieke uitkoms in botsing is met dit wat vir die kliënt belangrik is en nie deel is van sy waardestelsel nie, kan verwag word dat die uitkoms vir hom onaanvaarbaar sal wees en dit nie doeltreffend as die begin van 'n alternatiewe storie benut sal word nie. (Vgl. White, 1992:127 & Freedman & Combs, 1996a:92.)

Nadat 'n unieke uitweg geïdentifiseer is, kan die kliënt verder ook gevra word om dit te evalueer ten einde te bepaal of dit die gewensde ervaring ontlok. Daar sou byvoorbeeld aan die kliënt gevra kon word of dit 'n aangename of onaangename belewenis is. 'n Verdere

vraag kan wees of die kliënt meer van die besondere wyse van interaksie in sy verhoudings sou wou ervaar. Die positiewe ervaring van die nuwe storie het gewoonlik tot gevolg dat die kliënt aan sodanige storie voorkeur verleen en daarmee kan identifiseer. Hy kan dus die ou dominante storie wat sy probleem uitspel en 'n negatiewe identiteit aan hom toedig, agterlaat en volgens die nuwe of alternatiewe storie sy lewe rig. Die nuwe storie word nou uitdrukking van sy ervarings en die nuwe betekenisse wat hy daaraan gegee het, word dus bo die aanvanklike dominante storie verkies. (Vgl. Freedman & Combs, 1996a:102.)

5.3.3 Uiteensetting van die storie ten opsigte van die feitelike gebeure ("landscape of action")

Die feitelike gebeure van 'n storie (vgl. 4.2.2) kan benut word om die nuwe storie na aanleiding van die unieke uitkoms verder saam te stel, met ander woorde bepaalde gebeure kan uiteengesit word ten einde die alternatiewe of nuwe storie te vorm. Hierdie uiteensetting word gedoen by wyse van vrae aangaande moontlike gebeure of aksies wat deel van die storie kan vorm. White (1993:40) noem in die verband dat "[l]andscape-of-action questions can be referenced to the past, present, and future, and are effective in bringing forth alternative landscapes that stretch through these temporal domains." Dié vrae behoort daartoe by te dra dat die nuwe storie algaande meer breedvoerig beskryf word en aldus bydra tot 'n meer omvattende beskrywing van die kliënt se lewe.

Sodanige vrae sou tot die kliënt direk gerig kon word asook tot ander betekenisvolle persone. Verder sou die vrae ook so gerig kon word dat al drie tydsdimensies ingesluit word. Die volgende is moontlike vrae wat gevra sou kon word:

- Hoe het jy jouself voorberei om die stap te neem? In die geval van 'n werklose persoon sou daar gevra kon word waaruit sy voorbereiding bestaan het om tot die stap oor te gaan om met 'n werkskeppingsprojek te begin.
- Wat dink jy was die keerpunt in jou situasie wat dit vir jou moontlik gemaak het om die stap te neem?
- Wat het jy werklik gedoen?
- Wat was die omstandighede wat daartoe gelei het dat jy sukses behaal het?
- Het enigeiemand 'n bydrae gelewer tot dit wat jy bereik het? Vertel my meer daarvan.
- Het jy vooraf 'n plan gehad wat hiertoe gelei het? Wat het jou gerig in jou optrede?
- Was dit 'n besluit wat jyself geneem het of het ander mense ook 'n rol gespeel?

- Watter ontwikkelinge het in ander areas van jou lewe plaasgevind wat hiermee in verband staan?
- Wat kan jy my van jou geskiedenis vertel wat vir my kan help om te verstaan waarom jy die stap geneem het?
- Is daar enige suksesse wat jy in die verlede behaal het wat tot die huidige ontwikkeling bygedra het?

  (Vgl. White, 1992:128-129 & 1993:41-43 & Freedman & Combs, 1996a:102.)

Na aanleiding van die bespreking wat deur hierdie vrae ontlok word, vind die kliënt dit gewoonlik maklik om spontaan die nuwe uiteensetting van die storie eksplisiet te noem. White (1993:43) meen dat dit belangrik is dat die kliënt die intrige ("plot") en alternatiewe intrige of samestelling ("counterplot") van die storie moet uitspel omdat dit daartoe bydra dat die kliënt ervaar sy lewe gaan volgens voorkeurwyses voort. Indien die scenario van werkloosheid die intrige van 'n individu se verhaal is en die alternatiewe feitelike gebeure, naamlik dat hy reeds besig is met 'n werkskeppingsaksie, mag dit daarop dui dat die persoon op pad is na 'n alternatiewe samestelling van sy storie. (Vgl. White, 1992:130.) In die proses word die rol wat die gee van nuwe betekenis aan ervaringe speel, erken en na waarde geag, en sodoende word die invloed daarvan in die kliënt se lewe positief benut. Die stelselmatige uitbouing van gebeure tydens die verloop van die terapie dra daartoe by dat verdere stappe in die proses al duideliker word en die kliënt as't ware weet wat gaan volg. Dit is asof die kliënt in 'n proses beland waartydens voorkeurgebeure en -optredes toenemend eskaleer met 'n steeds groeiende nuwe alternatiewe storie wat die oplossing of eliminering van die probleme inhou.

5.3.4 Uiteensetting van die storie ten opsigte van betekenisgewing ("landscape of consciousness")

Saam met die uiteensetting van nuwe gebeure wat 'n nuwe storie vorm, volg die interpretasies wat aan sodanige gebeure geheg word. 'n Volgende faset van die nuwe storie word dus verken. Vrae wat gevra kan word met betrekking tot die betekenis wat aan gebeure geheg word, moedig volgens White (1993:43) die kliënt aan om die ontwikkelinge wat na vore getree het deur die uiteensetting van die alternatiewe feitelike gebeure te hersien, en te bepaal wat dit ten opsigte van die volgende aspekte openbaar: die aard van sy voorkeure en strewes; die aard en kwaliteit van persoonlike verhoudings; sy samestelling van voorkeur-

waardes en dit waarin hy glo en dít waartoe hy hom verbind in die lewe. Daar word dus besin oor die betekenis van die alternatiewe gebeure ("landscape of action") en gepaardgaande ontwikkelings.

Die volgende is voorbeelde van vrae wat benut kan word ten einde die terapeutiese gesprek so te rig dat die kliënt toenemend sy alternatiewe storie breër omskryf deur die betekenis wat hy aan gebeure heg, vollediger uit te spel.

- Wat sê dit van jou as 'n mens dat jy self met die werkskeppingspoging begin het? Van watter persoonlikheidseienskappe getuig dit?
- Wat sê dit vir jou van jouself dat jy dit kon regkry om met 'n projek te begin?
- Is daar iets wat jy sover geleer het wat in ander areas van jou lewe van belang mag wees?
- Wat het dit van jou geverg om nou met die projek te begin?
- Wat sê dit in verband met die doelstellings wat jy in die lewe nastreef?
- Vir ander betekenisvolle persone wat deel vorm van die gesprek, kan byvoorbeeld gevra word wat hulle van die kliënt dink na aanleiding van die nuwe aksie wat hy in sy lewe geneem het.
- Hoe ervaar jy jou gesin se optrede teenoor jou nadat jy met die projek begin het?
- Wat openbaar jou aksie wat jy geneem het om self 'n inkomste te probeer genereer, van jou motiewe en mikpunte wat jy in jou lewe nastreef?
  (Vgl. White, 1992:131.)

Sowel White (1995:32) as Freedman en Combs (1996a:102-103) noem dat die vrae wat gebaseer is op sowel die feitelike gebeure as die betekenis wat daaraan gegee word, gekombineerd gevra word sodat dit dikwels 'n soort "zig-zagging" proses vorm. Die terapeut sal byvoorbeeld begin om twee vrae te vra met betrekking tot die feitelike gebeure en dan weer enkele vrae rakende die betekenis wat daaraan geheg word vra en weer terugbeweeg na eersgenoemde vrae. In die proses ontwikkel die kliënt na aanleiding van die unieke uitweg, 'n groeiende alternatiewe storie waarin sy waardes, strewes en kwaliteite vollediger na vore tree.

5.3.5 *Bring insidente van die verlede in verband met die unieke uitweg/uitkoms*

Deur vrae te vra wat die kliënt noop om gebeure in die verlede te herroep wat met die unieke uitweg en die betekenis daarvan in verband gebring kan word, word die nuwe gebeurlikheid stewiger as basis van die alternatiewe storie gevestig, aangesien die verlede dit as't ware bevestig. Voorbeelde van sulke vrae is onder andere die volgende:

- Was daar tye in jou verlede wat jy 'n soortgelyke aksie geneem het? Aan watter voorbeelde kan jy dink?
- Wie almal sou die gebeurlikheid verkies het? Wat het hulle jou te vore sien doen wat tot gevolg sou hê dat hulle kan glo dat jy die betrokke aksie nou geneem het?
- Watter gebeure in die verlede demonstreer jou vermoë om te volhard, die beste? (Vgl. Freedman & Combs, 1996a:103.)

Vervolgens sou hierdie gebeure van die verlede binne die konteks van die feitelike gebeure en die betekenis wat daaraan gegee word, verder uiteengesit kon word. Die optredes van die kliënt bied dus die geleentheid om huidige voorkeurinsidente en optredes as't ware te versterk en uit te brei met soortgelyke gebeure in die verlede. Gaandeweg begryp die kliënt ook dat hy alreeds in die verlede insidente beleef het wat hom toegerus het vir sy huidige optrede, maar dat die kennis en vaardighede wat hy tydens vorige episodes geleer het, nou verder bevestig dat hy wel oor die nodige kwaliteite beskik om nuwe aksies te neem. Die kliënt kry ook die geleentheid om vanuit insidente in die verlede andersoortige betekenis aan huidige gebeurlikhede te heg.

5.3.6 *Plaas die storie van die verlede in die konteks van feitelike gebeure*

Op dieselfde wyse as wat die huidige storie in die konteks van feitelike gebeure geplaas word, word die gebeure van die verlede ook in dieselfde konteks uiteengesit en word soortgelyke vrae gevra ten einde die bespreking te rig (Freedman & Combs, 1996a:103 en vgl. 5.3.3).

5.3.7 *Plaas die storie van die verlede in die konteks van die betekenis wat aan gebeure gegee word*

In opvolging op die uiteensetting van die storie volgens die verskillende aspekte van die gebeurlikhede in die verlede, volg die plasing van die storie in die konteks van die betekenis wat aan die verskillende fasette van die gebeure geheg word. Die klem val dus nou op betekenisgewing wat in die verlede plaasgevind het (Freedman & Combs, 1996a:103 & vgl. 5.3.4).

5.3.8 *Benut vrae om die verlede met die hede te koppel*

Ten einde die storie en dus die lewe van die kliënt nog meer omvattend te beskryf, word die gebeure van die verlede aan die hede gekoppel. Voorbeelde van sodanige vrae, is onder andere, die volgende:

- Kan jy insien waarom die huidige ontwikkeling in jou verhouding met Anne meer sin vir my maak in die lig van die agtergrond kennis waaroor ek nou beskik?
- As jy oor die verlede dink, plaas dit die gebeure van verlede week vir jou in 'n ander lig? (Vgl. Freedman & Combs, 1996a:103.)

Die kliënt se verhaal raak nou meer omvattend. Sodoende ontvou meer moontlike unieke uitkomste en dus die geleentheid om sy nuwe of alternatiewe storie vollediger uit te bou. So word 'n nuwe lewensverhaal ontwikkel wat nie deur probleemtemas gedomineer word nie.

5.3.9 *Uitbreiding van die storie na die toekoms*

In die lig van die verlede en die hede sou die kliënt sy nuwe storie verder kon bevestig deur oor toekomstige insidente te besin. Daar sou byvoorbeeld aan die kliënt gevra kon word om in die lig van die nuwe wending wat hy ingeslaan het, aan te dui wat hy dink die volgende stap sal wees wat hy in die toekoms gaan neem, of watter aktiwiteite hy, by voorkeur, gedurende die komende jaar sou wou neem. (Vgl. Freedman & Combs, 1996a:103.)

Benewens bogenoemde riglyn wat gevolg kan word ten einde die kliënt by wyse van fasilitering te lei tot die skryf van 'n nuwe storie, bespreek White (1992:132-134 & 1993:45-46) 'n aantal ervaring-van-ervaring vrae ("experience-of-experience questions") wat benut kan word in die herskryf van 'n storie. Die indruk word verkry dat hierdie vrae

lei tot 'n groter openbaring van ander betekenisvolle persone se siening en ervaring van die kliënt. Dit is asof die kliënt algaande beter en duideliker besef dat ander mense bepaalde visies of sienings oor hom nahou wat die suksesse wat hy behaal het en besondere kwaliteite wat hy openbaar, waardeer. 'n Voorbeeld van sodanige vraag sou wees: Hoe dink jy watter mense wat jou goed ken, sal die minste verras wees met die aksies wat jy geneem het om die probleem, wat jou lewe so beduidend beïnvloed, teen te werk?

Tydens die herskryf van 'n mens se storie en aldus van sy lewe, word daar dus hoofsaaklik van vrae gebruik gemaak om die proses te fasiliteer. Die vrae is veral daarop ingestel om nuwe moontlikhede wat kontrasterend tot die aanvanklike dominante storie staan, na vore te bring. Dan word daar gepoog om hierdie unieke moontlikhede verder uit te bou en betekenis daaraan te gee, sodat die kliënt in 'n voortdurende proses beweeg waartydens die nuwe storie groei en bevestig word. Dit impliseer ook dat die kliënt 'n nuwe identiteit ontwikkel en vestig met die bevestiging daarvan deur ander betekenisvolle persone in die kliënt se lewe.

5.4 SEREMONIES TER BEVESTIGING VAN 'N NUWE IDENTITEIT ("DEFINITIONAL CEREMONIES")

Wanneer White (1995:178 & 179; 1997:93 & 94) die begrip "Definitional Ceremonies" gebruik, verwys hy na die werk van Barbara Myerhoff wat in 'n Joodse gemeenskap in Venice, Los Angelos, geleenthede geskep het waartydens die gemeenskap geleentheid gekry het om by wyse van seremonies, toeskouers te laat deel in hulle nuwe storie. White (1995:178) haal Myerhoff soos volg aan: "*Definitional ceremonies deal with the problems of invisibility and marginality; they are strategies that provide opportunities for being seen and in one's own terms, garnering witnesses to one's worth, vitality and being*". Deur middel van bevestigingseremonies word 'n andersoortige status aan die individu of gemeenskap toegeken, die onderhawige omstandighede word meer omvattend beskryf en daar vind 'n hervertelling van die storie plaas. Dié seremonies kan op verskillende wyses plaasvind, byvoorbeeld deur van 'n reflekterende span gebruik te maak, dokumente soos sertifikate kan uitgereik word en klubs kan gestig word. Dit is egter belangrik dat daar altyd 'n buitestaander of onafhanklike getuiegroep ("outsider witness group") sal wees wat kan meedoen aan die bevestiging van 'n nuwe storie en die nuwe betekenis wat oor situasies ontwikkel word.

5.4.1 Die doel van die bevestigingseremonies

Persone wat hulp soek, leef gewoonlik volgens 'n narratief en gepaardgaande toegekende identiteite wat ongemak tot gevolg het en ervaar 'n behoefte aan die verruiming van sy narratief. (Vgl. 4.3.6.) Na die dekonstruksie van die kliënt se dominante storie en die ontwikkeling van nuwe stories, volg daar byna spontaan 'n behoefte dat hierdie nuwe betekenis wat aan gebeure en situasies gegee is met ander gedeel sal word. Op die wyse word daar as't ware bevestig dat die kliënt volgens 'n nuwe narratief leef en 'n nuwe identiteit ontwikkel het. Die volgende doelstellings word nagestreef met seremonies ten einde die nuwe storie en identiteit van die kliënt te bevestig:

- Die nuwe status of identiteit wat die kliënt bereik het, word erken en bevestig deur buitestaanders wat as getuies aan die seremonie deelneem. (Vgl. White & Epston, 1990:191.)
- Daar word voortgegaan met die proses om die stories of dan omstandighede van die kliënt meer omvattend te beskryf. (Vgl. White, 1997:93 & 95.)
- Die kliënt kry die geleentheid om na die hervertelling van sy storie te luister en daaraan mee te doen om dit verder oor te vertel en sodoende vollediger beskrywings van sy stories te laat realiseer. (Vgl. White, 1997:95.)

Die seremonies bevestig dus aan die kliënt dat hy oor 'n nuwe identiteit beskik en daarmee saam besig is om 'n nuwe lewensverhaal te ontwikkel.

5.4.2 Die waarde en invloed van bevestigingseremonies

Bevestigingseremonies het onder andere tot gevolg dat die kliënt se narratief meer omvattend beskryf word en dat daar met gesag kennis geneem word van die nuwe identiteit wat deur die nuwe storie aan die kliënt toegeken word. Die kliënt betree as't ware 'n nuwe lewe en dit word bevestig deur die aktiewe deelname daaraan deur 'n getuiegroep buitestaanders ("outsider-witness group"). Dié proses impliseer onder andere die volgende:

- Die hervertellings van die kliënt se storie gedurende die herdefineringseremonies dra daartoe by dat aspekte wat nie volledig met die aanvanklike narratief uitgespel is nie, wel nou onder aandag kom. White (1997:94) verduidelik dat "[i]n these re-tellings, many of the significant expressions of life that would otherwise pass like a blip across a person's screen of consciousness, and disappear off the edge into a vacuum, are pulled down into the story-lines of their life." Tydens die oor en weer vertellings van

die kliënt se storie kry hy dus die geleentheid om bewus te word van aspekte in sy lewe wat nou in plaas van om dit te ignoreer en te "verloor", eerder deel van sy lewensverhaal, met ander woorde, van sy lewe te maak. Die kliënt se lewe word dus verryk deur temas of stories wat potensieel nog altyd deel van sy lewe was, maar net nooit so pertinent en bewustelik uitgespel is nie.

- 'n Verdere gevolg van die hervertelling van stories, is dat die storie steeds die grense van die aanvanklike storie so vergroot dat die storie, solank as wat die proses van hervertelling voortduur, voortdurend groei. Dit lei tot die "... generation of rich descriptions of the stories told and of the knowledges and skills expressed" (White, 1997:95). Die interaksie tussen die kliënt en die groep van buitestaanders skep 'n nuwe wêreld vir die kliënt waarbinne sy nuwe storie, kennis en vaardighede op breedvoerige wyse toenemend erken en bevestig word. Dit dra daartoe by dat die kliënt se lewensverhaal dus nie meer probleemgedomineerd is nie.
- Die feit dat die kliënt se toeëiening van 'n nuwe identiteit en dit wat hy van sy lewe uit die verlede terugeis, deur die groep van getuies aangehoor en bevestig word, "... gives 'greater public and factual' character to these claims, serving to amplify them and to authorise them" (White, 1995: 178). Die kliënt kry bevestiging van sy nuwe identiteit en die groep van getuies bevestig dit ook aan die breër gemeenskap deur die wyse van hulle optrede teenoor hom in die teenwoordigheid van ander in die sosiale omgewing waarvan die kliënt deel is.
- 'n Verdere belangrike gevolg van die getuiegroep is dat hulle 'n konteks skep vir "reflexive self-consciousness" waardeur kliënte meer bewus word van hoe hulle hulleself sien en van hulle deelname "... in the production of their productions of their lives" (White, 1995:178). Die kliënt raak dus toenemend bewus van die bydrae wat hy kan maak in die vorming van sy lewe. 'n Kliënt aan wie 'n getuiegroep bevestig het dat hy sy lewe van alkohol teruggeëis het, mag besef dat hy oor bepaalde kwaliteite beskik wat hom in staat kan stel om sy lewe sterker te beheer volgens sy eie nagestrewe doelwitte. Hy kan nou toenemend op verskillende areas van sy lewe bepaalde doelwitte bereik en algaande sy lewensverhaal uitbou tot steeds groter bevrediging.

5.4.3 Vorme of wyses van bevestigingseremonies

Seremonies waaraan die kliënt kan deelneem ten einde bevestiging te verkry vir die nuwe betekenisse wat hy aan sy lewensgebeure heg, asook die nuwe identiteit wat oor hom nagehou word, kan verskillende vorme aanneem. Die algemeenste konteks waarbinne die seremonies kan plaasvind, is in die teenwoordigheid van 'n groep mense wat as getuies kan deelneem in die ontwikkeling en bevestiging van nuwe betekenisse aangaande lewensomstandighede. Saam hiermee kan daar ook van verskillende vorme van dokumentasie gebruik gemaak word om die nuwe werklikheid as't ware swart op wit te bevestig. Soms vorm kliënte met soortgelyke lewensomstandighede groepe of klubs (byvoorbeeld anti-anoreksiegroep of 'n reik-na-lewe-groep) wat deur middel van die aktiwiteite wat beoefen word verder nuwe betekenisse oor hulle lewe skep en bevestig.

White (1997:94) dui aan dat hierdie seremonies plaasvind "... in structured forums which provide a space for persons to engage in expressions of the stories of their lives..." Die seremonies vind dus onder gekontroleerde omstandighede plaas wat tot voordeel van die betrokkenes gerig word. Binne hierdie konteks word die geleentheid gebied om uitdrukking te gee aan die "...knowledge of life and skills of living" wat met die stories wat vertel is, geassosieer word (White, 1997:94). Verder word die gebeurlikheid deur 'n gehoor wat spesifiek vir die doel byeengekom het, bevestig. Hulle is die getuies van die nuwe kennis en vaardighede wat die kliënt bekom het en nou in sy lewe toepas. Die nuwe werklikheid waarin die kliënt hom bevind met betrekking tot sy lewe, lewensomstandighede en dus ook sy identiteit, word deur die teenwoordigers, met hulle reaksie op sy vertellinge, erken en bevestig.

5.4.3.1 Getuiegroep ("outsider-witness group")

Sowel White (1995 & 1997) as Freedman en Combs (1996a) verwys na die reflekterende span en die buitestaander getuiegroep ("outsider-witness group") op so 'n wyse dat die indruk verkry word dat dit in 'n sekere sin as sinonieme begrippe verstaan kan word. Alhoewel Freedman en Combs (1996a:172-193) in hulle bespreking van die benutting van die reflekterende span, die spanlede hoofsaaklik as professionele mense beskryf, verwys hulle later na 'n "professional audience" in 'n bespreking oor die gehoor van getuies (Freedman & Combs, 1996a:257). Al sou die reflekterende span gewoonlik uit professionele mense saamgestel word wat nie noodwendig goed met die kliënt bekend is nie,

en die gehoor van getuies die kliënt wel ken en dikwels intens deel is van sy lewensomstandighede, word beide groepe benut as getuies wat deelneem aan die kliënt se vorming van nuwe betekenisse aangaande homself en sy lewe. Hulle vorm dus deel van die ontwikkeling en bevestiging van nuwe voorkeur narratiewe wat die kliënt se lewe rig.

- *Samestelling van die getuiegroep*

Mede-terapeute en ander professionele persone wat bekend of onbekend vir die betrokke kliënt of gesin mag wees, kan deel vorm van die getuiegroep. Ook nie-professionele persone soos gesinslede, ander familielede, vriende, bekendes, portuurgroeplede en kollegas kan deel van die groep uitmaak (White, 1995:197). Freedman en Combs (1996a:237) noem dat hierdie groepe as "subcultures" dien, met ander woorde hulle word aktief deel van die interaksieproses waartydens die skepping van nuwe narratiewe plaasvind. Wanneer White (1995:105-106) 'n bespreking voer oor sy werk met mense wat mishandel is, verwys hy na die samestelling van 'n "nurturing team" wat as getuiegroep benut word, maar wat sterk na vore tree in die rol van ondersteuner vir die kliënt. Dit blyk dat verskeie persone afhangende van die besondere konteks en behoefte van die kliënt, deel sou kon wees van die getuiegroep.

Met betrekking tot die hoeveelheid persone wat deel uitmaak van die getuiegroep, is daar ook nie spesifieke voorskrifte nie. Freedman en Combs (1996a:180) noem dat hulle spanne gewoonlik uit drie tot ses mense bestaan, terwyl White (1995:105) meld dat hy in die sogenaamde "nurturing team" genoeg mense opneem ten einde die hoeveelheid mense wat deelgeneem het aan die mishandeling van die kliënt, uit te balanseer. Die unieke omstandighede van 'n besondere kliënt asook die beskikbaarheid van geskikte persone, sou bepaal hoeveel mense deel vorm van die getuiegroep.

Alhoewel die terapeut mag oordeel dat die benutting van 'n getuiegroep noodsaaklik is, is dit nog altyd onderhewig aan die goedkeuring en samewerking van die betrokke kliënt en/of gesin. Die terapeut bespreek reeds aan die begin van die terapiesessies die moontlikheid daarvan dat 'n reflekterende span benut kan word. Freedman en Combs (1996a:237) meen dat kliënte wat volgens die narratiewe werkswyse hanteer word, oor die algemeen nie omgee dat 'n getuiegroep deel van die terapeutiese proses word nie, want

"[w]hen therapy becomes a context in which people constitute preferred selves, they have nothing to hide and much to show."

Die indruk word verkry dat White (1995:179) reflekterende spanne onder andere saamstel uit belangstellende terapeute wat van sy werkseminare bywoon. Dit is dus professionele persone wat bekend is met die narratiewe werkswyse, maar nie noodwendig die betrokke kliënt of gesin ken nie. Daar word verkieslik aan die kliënt en sy gesin die geleentheid gegee om saam met die terapeut, professionele persone te identifiseer wat genader kan word om 'n getuiegroep te vorm. Freedman en Combs (1996a:257-261) verwys na gevalle waartydens hulle professionele persone wat aan die kliënt of gesin bekend is, gewerf het om deel van die reflekterende span of dan getuiegroep te wees. So byvoorbeeld sou die skoolsielkundige, skoolhoof en huisdokter deel van 'n professionele groep kon wees wat nou betrokke is by die betrokke kliënt en sy gesin. In gevalle waar dit tydsgewys en geografies onmoontlik is om die betrokke professionele persone fisies teenwoordig te hê, word van telefoongesprekke, fakse en briewe gebruik gemaak.

In gevalle waar 'n groep getuies uit nie-professionele mense saamgestel word, word die kliënte gevra om sodanige mense te identifiseer. Freedman en Combs (1996a:238-239) vermeld 'n aantal vrae wat benut kan word ten einde 'n bespreking te inisieer met betrekking tot die identifisering en werwing van potensiële lede van 'n getuiegroep. Voorbeelde van sodanige vrae is, onder andere, die volgende:

- Wie sal die meeste geïnteresseerd wees om van die stap wat jy geneem het te weet, en hoe sou jy hulle daarvan in kennis kan stel?
- Wie in jou lewe sou verkies dat jy die onderneming aangaan wat jy aangegaan het? Wat weet hulle van jou wat tot gevolg het dat hulle dit verkies? In watter mate sal dit vir jou tot nut wees indien hulle hiervan weet en hoe sou hulle daaromtrent ingelig kon word?
- Wie sou die meeste waardering hê vir die gebeure wat ons nou bespreek het? Wat sou hulle van jou kon leer as hulle hieromtrent inglig kon word? Wat sal hulle vir jou in die verband sê en hoe sou hulle kon deel raak van so 'n bespreking?

Na die identifisering van persone wat deel van die getuiegroep kan wees, kry die kliënt die geleentheid om hulle na die terapiesessies te nooi. Die terapeut sou die kliënt hierin

behulpsaam kon wees, maar dit is belangrik dat dit in samewerking met die kliënt gebeur, want sodoende neem die kliënt indirek en direk aktief deel aan die bevestiging van sy nuwe lewensverhaal.

'n Getuiegroep sou ook saamgestel kon word uit mense wat soortgelyke ervaringe as die kliënt meegemaak het. Sodanige persone is nie noodwendig aan die kliënt en sy gesin bekend nie, maar is bekend met soortgelyke lewensomstandighede as dit waarmee die kliënt te doen het. Mense wat self met 'n dieetprobleem soos bulimie te doen gehad het of self daaraan gely het, sou as lede van 'n getuiegroep gewerf kon word in die geval van 'n kliënt wat met dieselfde probleem worstel. (Vgl. White, 1998a.)

Alhoewel die terapeut kreatief te werk kan gaan om 'n groep van getuies by terapiesessies te betrek, behoort die kliënt altyd aktief mee te werk in die samestelling van die groep, want "[t]he final choice about who should attend therapy meetings is, of course, always in the hands of the people who consult us" (Freedman & Combs, 1996a:240).

Die terapeut stel dus in samewerking met die kliënt 'n getuiegroep saam volgens sy besondere unieke omstandighede. Dit is belangrik dat die kliënt gemaklik is met die keuse van die getuiegroep en hulle teenwoordigheid as 'n bydrae sien tot die ontwikkeling van nuwe narratiewe.

- *Oriëntering van die reflekterende span*

Na die samestelling van die reflekterende span word lede eers ge-oriënteer ten opsigte van hulle deelname aan die terapiesessies. White (1995:179-178) en Freedman en Combs (1996a:173, 176-179) beskou die deeglike oriëntering van die reflekterende span veral in die geval van professionele persone, as van baie groot belang ten einde veral te voorkom dat die span in 'n ongewensde magsposisie tot die kliënt en sy gesin beland. Dit onderstreep die belangrikheid daarvan dat die kliënt gerespekteer behoort te word en dat die terapeute nie die alleenkundiges is nie. Dit is ook insiggewend om op te merk dat White (1995:172-197) nie die term "kliënt" gebruik nie, of verwys na mense wat "hulp soek" nie, maar eerder praat van "persone wat vir konsultasie" gekom het. Waarskynlik is dit 'n verdere poging om te bevestig dat die kliënt nie in 'n ondergeskikte posisie verkeer nie en om seker te maak dat daar ook nie geïmpliseer word dat die kliënt hulpeloos is nie.

Die volgende is van die belangrikste aspekte waarop White (1995:179-181) tydens die oriëntering van spanlede let:

- Spanlede behoort nie oor die waarheid aangaande die kliënt se situasie te teoretiseer nie, maar moet eerder sonder vooropgestelde idees of bepaalde kennisraamwerke, bloot let op wat in die bespreking gebeur. Daar word dus nie van spanlede verwag om met "slim" verklarings na vore te kom nie.
- Daar word nie van spanlede verwag om advies te gee, bepaalde intervensies in die lewens van die kliënt te doen nie, strategiese insette te lewer nie, 'n rolmodel te probeer wees nie of poog om met probleemoplossings na vore te kom nie.
- Verder behoort die groep duidelik daarvan bewus te wees dat hulle bevoorreg is, en wel in die sin dat:
  - Ander mense gewillig is om hulle lewens aan hulle te openbaar;
  - die span het dikwels blootstelling in hulle eie lewens aan verskillende situasies gehad wat die mense wat hulle konsulteer nie gehad het nie;
  - spanlede wat professies beklee staan in 'n bepaalde magsposisie tot die mense wat hulle konsulteer.
  - Dit kom eintlik daarop neer dat die spanlede besondere begrip aan die kliënt sal toon en altyd daarop bedag sal wees om nie in 'n meerderwaardige magsposisie te beland nie. Anders sou die span by die kliënt die belewenis kon skep dat hy ondergeskik is, nie oor die vermoë van die spanlede beskik nie en dat die spanlede dus met verklarings en oplossings na vore moet kom. 'n Situasie wat juis in stryd is met die uitgangspunte van die narratiewe werkswyse waartydens die kliënt as die kundige van sy lewe en sy situasie gerespekteer word, en aldus as die mens wat self nuwe betekenisse daaraan kan gee, beskou word.
- Tydens spanlede se deelname aan die bespreking, behoort die kliënte deurgaans te ervaar dat die span dit as 'n voorreg sien om deel van die bespreking te mag wees. Freedman en Combs (1996a:173) voeg hierby dat die span besondere begrip moet toon ten einde gemaklik by die kliënt en sy gesin te kan aansluit veral tydens die aanvang van die bespreking.
- Dit is belangrik dat die span op so 'n wyse aan die bespreking deelneem, dat hulle erkenning ("acknowledging") gee aan die kliënt se ervaring wat hy bekom het ten opsigte van die probleem waarmee hy worstel, asook die pogings wat hy alreeds aange-

wend het om dit wat hy graag in sy lewe wil verander, te probeer verander het. In die verband waarsku White (1997:97-98) dat die "practices of applause" of gelukwensing versigtig aangewend kan word, maar liefs vermy moet word. Hy verduidelik dat dit tot voordeel van die kliënt kan wees indien die spanlede positiewe aspekte met betrekking tot die kliënt se lewe uitlig, maar dit kan ook tot gevolg hê dat die span as die bevoorregtes beskou word in die sin dat hulle byvoorbeeld, tot 'n bepaalde rassegroep of geslag behoort. Die kliënt mag dan ervaar dat hy moontlik nie aan hulle verwagtings sal kan voldoen nie. Om positiewe aspekte in 'n kliënt se lewe te beklemtoon, kan as 'n vorm van evaluering gesien word, met ander woorde die persoon se lewe word nog steeds beoordeel, wat kan impliseer dat die span die kundiges is en dus in 'n besondere magsposisie is. Daar is dus 'n verskil tussen die toon van waardering en om vir die kliënt "hande te klap." Waardering vir die kliënt se ervaring ten opsigte van probleemhantering, beteken dat daar met agting en respek kennis geneem word van die kliënt se optredes, maar dat hy nie "geprys" word nie.

- Die interaksie moet so gerig word dat kliënte aangemoedig word om gefassineerd te raak "... with certain of the more neglected aspects of their lives, aspects that might provide a point of entry for the generation and/or resurrection of the alternative stories of their lives" (White, 1995:180). Volgens Freedman en Combs (1996a:173) kan die span 'n verdere bydrae lewer tot die ontginning van nuwe narratiewe deur te let op verskille in die vertellings van die kliënt en gebeure wat nie by die dominante storie inpas nie. In hierdie areas sou daar 'n beginpunt vir die ontwikkeling van nuwe stories gevind kon word.
- Verder behoort spanlede hulle response of reaksies in die konteks van hulle eie persoonlike lewenservarings, eie doelstellings en verbeelding te plaas. Spanlede raak dus as medemense en nie net as professionele mense nie by die bespreking betrokke. Hulle uitsprake is dus nie die korrekte waarheid nie, maar slegs hulle subjektiewe belewenisse. White (1997:99 & 200) beskryf dié wyse van deelname deur die span as "decentred sharing", met ander woorde die deelnemers aan die gesprek demonstreer aan mekaar hulle waardering om deel te kan hê aan 'n proses waartydens subjektiewe ervaringe gedeel word en mekaar se lewens onderling gevorm word. Hy sien dit as 'n manier om te voorkom dat die reflekterende span in 'n ongewensde magsposisie tot die persone wat in konsultasie is, beland. Die kliënt en sy gesin ervaar die span as gelyke vennote met soortgelyke ervaringe met wie hulle saam nuwe moontlikhede kan ontgin.

Freedman en Combs (1996a:173) lê ook sterk klem daarop dat die span moet meehelp om die "problem-saturated" beskrywings verder te dekonstrueer ten einde by te dra tot die realisering van vollediger beskrywings van die kliënt se lewe en situasie.

Na aanleiding van reflekterende besprekings tussen die span, betrokke terapeut, supervisor en kliënte met betrekking tot die verloop van terapiesessies waartydens 'n reflekterende span aktief was, het Freedman en Combs (1996a:177-179) 'n aantal riglyne ontwikkel ten opsigte waarvan spanne ge-oriënteer kan word.

- Spanlede neem almal deel aan die bespreking en kom dus nie net met enkele opmerkings of menings na vore nie. Sodanige bespreking vind in die teenwoordigheid van die kliënt en sy gesin plaas. Die gesin kry dus die geleentheid om te luister na die span se bespreking. Spanlede kry die geleentheid om saam nuwe idees te ontwikkel en hoef nie met "slim" reaksies kommentaar te lewer nie. Almal word deel van die groter proses van die skepping van nuwe betekenis en voortvloeiende nuwe stories.
- Terwyl spanlede van agter 'n eenrigting spieël die bespreking volg, word van hulle verwag om stil te wees en nie met mekaar te praat nie. Dit voorkom dat spanlede mekaar tot slegs enkele moontlikhede beïnvloed en die kliënt en sy gesin dus nie die geleentheid bied om die ontwikkeling van nuwe gedagtes mee te maak nie. Verder voorkom dit ook dat daar sonder respek teenoor die kliënt opgetree word of dat besprekings ontwikkel waartydens spanlede bepaalde diagnostiese gevolgtrekkings oor die betrokkenes maak.
- Die span probeer nie tydens hulle bespreking, instruksies aan die kliënt en sy gesin te gee nie of om evaluerende opmerkings te maak nie. Vrae kan gevra word en/of idees word tentatief genoem, maar die gesin word die geleentheid gebied om te besluit waarop hulle wil reageer en watter gedagtes hulle interesseer. Die spanlede gaan maar net "... wonder about differences or new occurences around which family members might choose to perform meaning" (Freedman & Combs, 1996a:178).
- Spanlede maak slegs opmerkings na aanleiding van dit wat tydens die bespreking in die terapielokaal gebeur het. Selfs nuwe idees word gekoppel aan gebeure tydens die aanvanklike bespreking tussen die terapeut en die kliënt en sy gesin.
- Nuwe idees word bespreek teen die agtergrond van die spanlede se eie lewenservarings in die konteks van sowel hulle persoonlike lewe as professionele lewe. "Team

members speak as individuals, not as representatives of 'knowledge' or 'authority' "(Freedman & Combs, 1996a:179).

- Dit is belangrik dat spanlede teenoor alle gesinslede sal reageer. Nie een van die persone wat deel vorm van die groep wat in konsultasie is, mag dus uitgesluit word tydens die spanlede se reflekterende of besinnende bespreking nie.
- Opmerkings moet kort en bondig wees. Spanlede moet dus daarteen waak om te lank aan die woord te wees. Verder moet bydraes ook in verstaanbare taal geskied sodat volwassenes van verskillende agtergronde en kinders in staat kan wees om die betekenis te verstaan.

Nie White (1992, 1993, 1995,1997 & 1998a) of Freedman en Combs (1996a) verwys na situasies waar die moedertaal van die kliënt en die spanlede verskil nie of waar daar van tolke gebruik gemaak word nie. In die kultuurdiverse Suid-Afrikaanse situasie sou sodanige omstandighede heel waarskynlik kan realiseer met moontlike interessante gevolge vir die verloop van die bespreking. Dit is gewis 'n aangeleentheid wat met groot vrug verder nagevors kan word.

Aangesien die reflekterende span se deelname aan die terapiesessie ook bydra tot die ryker beskrywing van hulle eie lewens, is dit belangrik dat hulle dit erken ("acknowledge") en waardering daarvoor uitspreek. Dit is 'n verdere illustrasie dat die reflekterende span nie in 'n meerderwaardige posisie tot die mense wat in konsultasie is, staan nie.

- *Strukturering van die sessie*

Wanneer White (1995:181-195) van 'n reflekterende span gebruik maak, struktureer hy die terapiesessie in vier fases en rig elke fase as 'n onderhoud op sy eie in. Oorkoepelend behels die vier fases die volgende hoofmomente:

- ONTMOETING - Terwyl die terapeut die kliënt en ander moontlike betrokkenes soos sy gesin ontmoet, neem die reflekterende span hulle posisie as die toeskouers tot die gesprek ("audience to this conversation") in agter die eenrigting glas of in dieselfde lokaal as die mense wat in terapie is. Alhoewel die persone wat vir terapie gekom het die spanlede ook aan die begin kan ontmoet, is dit verkieslik dat die ontmoeting plaasvind by die aanvang van die span se reaksie op die sessie. In gevalle waar hulle in dieselfde lokaal is, is dit gemakliker om aanvanklik die bekendstelling te doen, indien

spanlede onbekend aan die kliënt en sy gesin is. Aan die einde van die sessie kan die naamlys van die reflekterende span aan die kliënte beskikbaar gestel word om saam met hulle te neem. Nadat die spanlede en die persone in terapie hulle sitplekke ingeneem het en aan mekaar voorgestel is, kry die kliënt die geleentheid om sy storie te vertel, met ander woorde hy deel sy narratief met almal teenwoordig.

- REFLEKTERING - 'n Volgende hoofmoment in die sessie is wanneer die spanlede met die kliënt en terapeut plekke ruil. Die kliënt en terapeut kry nou die geleentheid om die gehoor te vorm en die span voer bespreking oor hulle ervaring van die eerste deel van die sessie. Tydens dié fase word daar veral aan die volgende sake aandag gegee:
  - Die persone wat in terapie is, kry nou die geleentheid om die spanlede te ervaar in terme van hulle reaksie op die voorafgaande fase, maar ook in terme van hulle menswees. Dit is belangrik dat die spanlede sal poog om op 'n gemaklike wyse by die kliënte aan te sluit. Spanlede sou die bespreking kon inlui deur voordat hulle reflekterende opmerkings maak aangaande die voorafgaande bespreking, hulleself eers aan die kliënte bekend te stel by wyse van die mededeling van enkele persoonlike besonderhede soos hulle werkplek, belangstellings en projekte waarby hulle betrokke is. Sodoende kan die kliënte die spanlede met 'n bepaalde konteks assosieer tydens hulle verdere deelname aan die bespreking.
  - Ten aanvang is dit ook belangrik dat die spanlede sorg sal dra dat hulle van elke persoon wat in terapie is, kennis neem en erkenning gee vir sy besondere omstandighede en ervaring in die verband. Die mense in terapie behoort dus te ervaar dat die spanlede hulle respekteer en belangstelling toon in hulle lewensomstandighede. In die verband verduidelik White (1995:183) dat "... the people seeking consultation develop an understanding of the understandings that team members have about their predicaments, and about this they can give feedback to the team members at a later stage in the meeting."
  - Spanlede begin om te fokus op die verwikkelinge wat deur die kliënt as belangrik beskou word. Dit impliseer "... those sparkling moments, exceptions, unique outcomes, or contradictions that were identified during the first part of the meeting" (White, 1995: 183). Benewens die verwikkelinge wat deur die kliënt as belangrik beskou word, kan spanlede ook respondeer ten opsigte van ontwikkelinge wat hulle as ter sake sien. Sodanige response behoort tentatief gestel te word sodat die kliënt

die geleentheid kan kry om ongebonde daarop te reageer deur dit te aanvaar of te verwerp, afhangende van sy ervaring in die verband. Die kliënt moet dus nooit ervaar dat hy in 'n bepaalde rigting gedwing word nie, al sou dit ook baie subtiel geskied. White (1995:183) stel voor dat spanlede moet reageer "... as one might respond to a mystery – one that an outsider can be curious about, but one that only those people with the inside knowledge can satisfactorily unravel." Daar word dus aan die kliënt gekommunikeer dat hy oor die vermoëns beskik om hierdie onontginde areas in sy lewe te ontrafel en tot sy beskikking te stel. Hierdie areas van 'n mens se lewe bied dan ook gewoonlik die beginpunt van alternatiewe stories van sy lewe.

Die reflekterende span het dus 'n belangrike rol om te speel in die inisiëring van alternatiewe stories. Dit is asof hulle met hulle belangstelling en gefassineerdheid in betekenisvolle en "verwaarloosde" ervaringe van die kliënt, die aspekte wat meestal oor die hoof gesien is, toelig, en die beskikbaarstelling daarvan vir die ontwikkeling van alternatiewe stories stimuleer.

- Alternatiewe stories bied toegang tot "... alternative knowledges about ways of being and thinking in the world" (White, 1995:184). Dit lei tot nuwe interpretasies en betekenisgewing en ervaringe van die lewe. Die beskrywing van die kliënt se lewe word nie alleen verruim nie, maar daar ontwikkel as't ware 'n nuwe lewe. Dit impliseer weer dat die kliënt volgens nuwe voorkeur-narratiewe kan leef wat opklaring van die situasie wat daartoe gelei het dat hy terapie aangevra het, beteken. Ten einde tot by dié punt te kan vorder, ondersteun die reflekterende span die kliënt deur van "land-scape of action" en "landscape of consciousness" vrae gebruik te maak.

Die volgende voorbeeld behoort die oor-en-weer gebruik van die twee vorme van vrae weer te gee:

Spanlid A: *Die pogings wat Anton aangewend het om die ou dominante aspekte in sy verhouding met Anne aan te spreek, het my getref. Interesseer dit dalk iemand anders ook, want ek sou graag verder hieroor gedagtes wou wissel.*

Spanlid B: *Ek het ook die aanvoeling dat dit belangrike stappe was wat hy geneem het. Ek wonder net hoe het hy hom voorberei vir die aksies wat hy geneem het, want ek glo nie dit het sommer uit die bloute gebeur nie. Het enigiemand hier iets opgemerk wat ons 'n aanduiding in dié verband kan gee?*

Spanlid C: *Vroeër in die bespreking het Anne opgemerk dat Anton 'n boek oor kommunikasie gekoop het. Moontlik het dit bygedra om hom voor te berei vir die stappe wat hy begin neem het.*

Spanlid D: *Ja, ek was geïnteresseerd in die feit dat Anne dit vandag onder ons aandag gebring het. Hierdie wete is waarskynlik belangrik vir Anton en dit gee my 'n idee wat Anne se bydrae tot hierdie verwikkelinge mag wees.*

Spanlid B: *Wat dink julle sou hierdie verwikkelinge reflekteer aangaande wat Anton vir sy lewe be-oog, en wat dink julle sou dit van sy verhouding tot sy vrou sê.*

Spanlid A: *Dalk wil Anton in staat wees om na sy huwelik om te sien.*

Spanlid B: *Wat van die kwaliteite in sy verhouding tot Anne?*

Spanlid D: *Dis 'n goeie vraag. Anton en Anne luister na ons bespreking en ek wonder wat sal hulle antwoord op dié vraag wees. Ek raai dat hulle interessante stories kan vertel oor die geskiedenis van hulle verhouding wat hierdie kwaliteite sal illustreer.*

Spanlid C: *Ek het enkele gedagtes oor wat die kwaliteite mag wees.*

Tydens die bespreking deur die reflekterende span is dit baie belangrik dat hulle nie sal probeer om positiewe terugvoering met hulle reaksies of response te gee nie. Dit is van die uiterste belang dat die kliënt nooit 'n belewenis mag kry dat die span geoordeel het en op grond daarvan besluit het dat 'n bepaalde gedagte of optrede van die kliënt "geprys" word nie. Indien dit gebeur word die kliënt in 'n onewe magsposisie geplaas en bring dit eng beskrywings na vore sonder die moontlikhede van alternatiewe stories. (Vgl. White, 1997:97-98.)

- 'n Verdere belangrike faset van die reflekterende span se deelname, is die maak van response wat die dekonstruksie van die kliënt se storie tot gevolg het. Dit beteken dat die spanlede hulle response binne die konteks van hulle eie lewensgeskiedenis en –ervaring sal plaas. Spanlede behoort mekaar hierin te ondersteun deur, byvoorbeeld, soos volg te reageer:

Spanlid A: *Waarom sou die bepaalde aspek juis vir jou van soveel belang wees?*
Spanlid B: *Ek is nie presies seker nie, maar ek het daarvan bewus geword dat ek soortgelyke kwessies met my ouers gehad het toe ek so oud soos Marie (kliënt) was. Op 'n manier kom ons almal daarby verby, maar ek kon nog nie bepaal hoe nie. Ek meen my ma het nogal gehelp dat ons sekere dinge uitgesorteer het, maar hoe meer ek daaroor dink, besef ek dat my pa my veral op emosionele vlak gehelp het.*

Sodanige response behoort nie te uitgebreid of omvangryk te wees nie, maar wel toepaslik in die gegewe situasie. Verder behoort dit ook nie die gee van advies of die fel van 'n oordeel, te impliseer nie.

Response van dekonstruksie het gewoonlik tot gevolg dat die persone wat in terapie is nie in 'n onewe magsposisie tot die span staan nie en die response van die span as deursigtig ervaar. Die feit dat die response outentiek en deursigtig is, het verder tot gevolg dat die span se belangstelling nie deur die kliënte as akademies of diagnosties ervaar word nie.

Die maak van sodanige response het ook 'n bepaalde invloed op die span. White (1995:191) noem in die verband dat "[a]t times, team members find themselves talking about or thinking about their own lives in different ways, ways that contribute to an entirely new appreciation of some of the events of their lives." Selfs spanlede ontwikkel in die proses alternatiewe stories oor hulle lewens wat weer tot nuwe moontlike optredes kan lei. Spanlede word dus ook beïnvloed en gaan nie onaangeraak deur die sessie nie.

- KLIËNT SE REAKSIE - In die derde fase van die sessie neem die span weer hulle plekke as die gehoor in. Die terapeut en die persone in terapie bespreek nou laasgenoemde se ervaring van die eerste twee fases van die sessie. Beide die terapeut en die kliënt voer 'n bespreking oor die span se opmerkings en vrae wat gevra is. Die kliënt kry dan die geleentheid om die vrae en opmerkings wat in die besonder hulle aandag geniet het en wat vir hulle relevant en tot hulp kan wees, te selekteer. Hierna word die relevante en betekenisvolle aspekte verder bespreek. Die terapeut kan geleidelik met

toekomsgerigte vrae na vore kom en aandui wat hy meen tydens die volgende sessie aandag behoort te geniet.

Dit is belangrik dat daar gelet sal word op die besef ("realisation") waartoe die kliënt gekom het na aanleiding van die bespreking. Persone in terapie kry nou die geleentheid om te besin oor sy voorkeure met betrekking tot die effek wat hierdie besef mag hê en "[h]ow might this shape their responses to the sort of events for which they sought consultation?" (White, 1995:193). Hulle bespreek wyses hoe hulle te werk kan gaan om die besef waartoe hulle gekom het "byderhand" te hou en 'n rol in hulle lewe te laat speel.

- DEKONSTRUKSIE EN AFSLUITING - Tydens die vierde fase van die sessie gaan die terapeut, die mense in terapie en die span saam in 'n bespreking "... to debrief and to engage in a deconstruction of the therapy" (White, 1995:182). Bespreking word gevoer oor die verloop van die sessie en onderling kan daar aan mekaar vrae gevra word waarom sekere aspekte beklemtoon is. Die groep sou byvoorbeeld aan die terapeut kon vra watter rol het persoonlike ervaring gespeel in die bepaling van sy reaksie of response. Verder is dit ook belangrik dat die kliënt genooi sal word om vrae te vra en kommentaar te lewer op die span se response. Weens die deursigtigheid wat tydens die sessie gehandhaaf is, word daar tydens die vierde fase 'n punt bereik waar daar aan die kliënt die geleentheid gebied word "... to 'come behind the scenes and join in on the ground floor' so that they might have access to the workings of the therapy" (White, 1995:194). Almal in die terapielokaal beweeg op dieselfde magsvlak en alle partye sluit die sessie af as gelyke deelnemers aan die proses om hulle lewens omvangryker te beskryf en alternatiewe stories te vorm en te bevestig.

  Aan die einde van die sessie het die kliënt die geleentheid om die terapeut en span in te lig oor die idees wat vir hulle van die grootste belang en die vrae wat die betekenisvolste was, asook die moontlikhede wat tydens die volgende sessie opgevolg kan word.

Die benutting van die reflekterende span het tot gevolg dat die kliënt se nuwe lewensverhaal bevestig word en dat die proses van die verdere vorming daarvan gestimuleer word. Tydens die besprekings is die lewens van die span ook geraak en ontwikkel daar 'n

groeiende erkenning vir die rol wat die kliënt ook in die lewens van die spanlede speel. Dit dra by tot 'n voortgaande proses van bevestiging van die nuwe storie van die kliënt en die meer omvattende beskrywing van die spanlede se lewens.

5.4.3.2 Benutting van dokumentasie as "definitional ceremony"

Volgens Freedman en Combs (1996a:250) kan kassetbande, briewe en ander dokumente gebruik word om 'n gehoor van getuies daar te stel. Dit kom daarop neer dat die alternatiewe storie van die kliënt se lewe in die vorm van 'n verklaring gestel word. So byvoorbeeld, sou 'n kliënt wat met 'n verslawingsprobleem te kampe het, saam met die terapeut 'n sertifikaat saamstel waarop aangedui word dat hy sy lewe van die verslawingsmiddel teruggeëis het en dus nie meer onder beheer van sodanige middel optree nie. Sodoende word bevestig dat die kliënt 'n nuwe identiteit bekom het en 'n alternatiewe narratief oor sy lewe nahou.

Die dokumentasie word in samewerking met die kliënt saamgestel en daarna word besluit watter vorm dit gaan aanneem, byvoorbeeld 'n sertifikaat wat geraam kan word. Daarna word bespreking gevoer oor wat die kliënt beoog om met die dokument te doen, waar dit geplaas gaan word en aan wie hy meen dit getoon behoort te word. So sou 'n kliënt byvoorbeeld kan besluit dat hy 'n bepaalde dokument aan sy gesinslede of werkgewer gaan wys. Die gedagte is dat die persone waaraan die dokument gewys word deel van 'n groep getuies word wat kan getuig van die alternatiewe storie wat ontwikkel het, maar sou ook die nuwe identiteit van die kliënt sodoende bevestig. (Vgl. White, 1995:199-212.)

SERTIFIKAAT - OORWINNING OOR SKULDGEVOELENS

Hierdie sertifikaat word uitgereik aan
_____ om erkenning te gee aan
haar oorwinning oor skuldgevoelens.

Nou dat sy nie meer so oorverantwoordelik teenoor ander voel nie en skuldgevoelens oorwin het, is sy in staat om aan haarself voorkeur in haar lewe te gee en is sy vry om haarself te wees.

Hierdie sertifikaat het ten doel om
_____ en ander daaraan te
herinner dat sy nie meer oormatige verantwoordelikheid vir die lewens van ander gaan aanvaar nie, maar dat sy aan hulle en haarself die geleentheid gaan gee om 'n eie lewe te lei

Toegeken op _____dag van
_____

Geteken:_____

MAATSKAPLIKE WERKER:
_____

Figuur 5.1: *Voorbeeld van 'n sertifikaat as 'n "definitional ceremony"* (Vgl. White & Epston, 1990:199.)

In figuur 5.1 word geïllustreer hoe 'n sertifikaat die bevestiging van die kliënt se nuwe lewensverhaal kan word. In dié geval kan die sertifikaat die betrokkene telkens daaraan herinner dat sy "skuldgevoelens" oorwin het en sodoende meehelp dat sy nie weer aan "skuldgevoelens" 'n plek in haar lewe gaan gee nie.

5.4.3.3 Die benutting van groepe of klubs as getuie

Terapeutiese groepe vir mense met soortgelyke probleme en/of lewensomstandighede sou benut kon word om as gehoor te dien. Groeplede vorm as't ware 'n "ondersteuningsgemeenskap" wat elke persoon in sy poging tot die ontwikkeling van alternatiewe narratiewe en in hulle persoonlike reis van verandering, ondersteun. Freedman en Combs (1996a:255) haal Westcott en Isenbart in die verband soos volg aan: "This 'community' provides an audience for members to: (1) develop their own self-knowledge, (2) practice more validating stories about self and (3) incorporate preferred narratives into their lived experience." Binne so 'n relatiewe homogene groep, kry groeplede dus die geleentheid om in 'n milieu van begrip en veiligheid hulle stories te deel en te hervertel ten einde omvangryker beskrywings van hulle lewens te bereik. Sodoende bevestig hulle mekaar se nuwe narratiewe en gepaardgaande nuwe identiteit.

Klubs of verenigings kan gestig word ten einde as 'n gehoor op te tree. Freedman en Combs (1996a:252-254) verwys na sodanige organisasies byvoorbeeld die "Anti-Anorexia/AntiBulimia League." Dit is organisasies wat hulleself op selfstandige wyse organiseer, vergaderings belê, inligtingsessies aanbied en 'n nuusbrief versprei. Sommige van hierdie organisasies het in verskillende lande lede. Hierdie organisasies bied nie net voordele aan terapeute, kliënte en hulle gesinne en vriende nie, maar verskaf ook konsultasie en opleidingsgeleenthede aan die breër gemeenskap en professionele groepe. "They intend not only to create a subculture, but to change the dominant culture as well" (Freedman & Combs, 1996a:254). Die breër gemeenskap word dus ingelig en blootgestel aan alternatiewe narratiewe wat oor die bepaalde probleemsituasie nagehou word en bevestig die nuwe identiteit van die lede van die klub. Dit hou verder in dat die persone wat met bepaalde probleme geworstel het nie meer as persone met 'n spesifieke patologie of gerehabiliteerde van die patologie gesien word nie, maar as mense met 'n nuwe identiteit.

5.5 HERINNERINGBESPREKINGS ("RE-MEMBERING CONVERSATIONS")

Oor die verloop van elke mens se lewe speel verskillende mense 'n belangrike rol in sy bestaan. Daar sou gesê kon word dat elke mens se lewe uit 'n versameling van mense bestaan waarna Myerhoff volgens White (1997:22) verwys as 'n klub met 'n groot aantal lede. Hierdie mense het oor die leeftyd van 'n persoon van tyd tot tyd in 'n mindere of meerdere mate 'n groot rol in die individu se lewe gespeel. So sou mense in die lewe van

'n individu kon bydra tot die ontwikkeling van bepaalde kennis en vaardighede asook die bevestiging van 'n bepaalde identiteit van die persoon.

Volgens White (1997:22) sou daar ten opsigte van elke individu bepaal kon word "... how this club of life is constituted through its membership, and of how the membership of this club is arranged in terms of rank or status." Daar sou ook besin kon word oor die bydrae en volle betekenis van elke lidmaatskap, met ander woorde daar word bepaal wat die aard en betekenis van elke persoon se rol is, en was, in die lewe van die individu. Die gesprekke waar daar hieroor besin word, word deur White (1997:22) as "re-membering conversations" beskryf. Dit kom kortliks daarop neer dat elke mens die lede van sy lewe se lidmaatskap in heroorweging kan bring en aan sommige 'n belangriker rol toeken en aan ander weer 'n minder prominente posisie toestaan. Sodoende kan die invloed wat sodanige "lewenslede" uitgeoefen het, gemanipuleer word. Die wat 'n negatiewe invloed uitoefen word beperk en die ander word meer ruimte gebied om die persoon se lewe te beïnvloed.

5.5.1 Die effek van herinneringsgesprekke ("re-membering conversations").

Tydens die terapeutiese gesprekke kry die kliënt die geleentheid om self te besluit oor die lidmaatskap van mense in sy lewe, asook die aard van sodanige lidmaatskap, met ander woorde die invloed wat lede van sy lewe op hom uitoefen. "It is in this way, through re-membering practices, that persons can have more to say about whose voices are to be recognised on matters of their identity, and about who might be authorised to speak on such matters" (White, 1997:23). Deur middel van herinneringsgeprekke kan die kliënt dus besluit om sekere stemme in sy lewe oor bepaalde aspekte te stil en ander stemme duideliker hoorbaar te maak. Dit is amper asof die volume van sommige stemme afgedraai word en die van ander weer harder gestel word.

In die proses van "re-membering practices" besef die kliënt dat ander mense 'n belangrike rol in sy lewe gespeel het en nog steeds speel. Deur aan hierdie mense daarvoor erkenning te gee, word die ryker beskrywing van die kliënt se lewe verder in die hand gewerk. Besprekings oor die betekenis van die rol wat die mense in sy lewe speel, lei tot breedvoeriger vertellings van sy lewe.

Mense uit die kliënt se verlede word deur middel van hierdie besprekings weer prominent in sy lewe betrokke. Dit sou ook persone kon insluit wat alreeds afgesterf het. Sodanige persone bied herinneringe van ervarings wat positief bydra tot die ontwikkeling van alternatiewe verhale. Die kliënt kan nou sy stories met die van dié betrokke betekenisvolle mense in sy lewe koppel met betrekking tot bepaalde temas, waardes en ondernemings. Al is hierdie mense nie fisies teenwoordig nie word hulle teenwoordigheid al sterker deur die kliënt beleef en oefen dus nog steeds 'n invloed op sy lewe uit. White (1997:23) voeg verder by dat "[t]he sense of being joined in this way, and of experiencing one's life more richly described, contributes to new possiblities for action in the world." Nuwe moontlikhede ontvou en die ontwikkeling en uitbreiding van alternatiewe narratiewe tree na vore.

Die ervaring dat daar 'n verskeidenheid van mense is wat lidmaatskap van sy lewe het en aldus stemme in sy lewe verteenwoordig, bring mee dat die kliënt nie alleen voel nie, maar beleef dat ander mense by hom is en deel in sy bestaan.

Verder sou 'n kliënt benewens die herrangskikking van persone in sy lewe ook persone kon nooi om lidmaatskap in sy lewe te hê. Mense wat deur die kliënt as minder betekenisvol tot sy lewe ervaar word, sou in 'n laer posisie in sy lewe geplaas kon word, terwyl daar aan diegene wat hy kies om betekenisvoller te wees, 'n prominenter rol toegeken sou kon word. Dit sou ook kon gebeur dat mense wat vergete geraak het, as't ware herontdek word en 'n belangrike lid van die kliënt se "lewensklub" word. en/of dat hy doelbewus nuwe mense leer ken en deel maak van sy lewensklub.

Die kliënt kan dus deur die herrangskikking van die mense wat deel vorm van sy lewe, vir hom 'n lewensklub skep wat meehelp aan die ryker beskrywing van sy nuwe lewensverhaal, met ander woorde wat sy nuwe lewe help vorm en bevestig.

5.5.2 Die inkleding van die "re-membering" bespreking

Die terapeut benut "re-membering questions" ten einde te bepaal watter mense uit die verlede, se stemme in die huidige situasie tot nut kan wees. Sodanige stemme word dan deel van die bespreking al sou hulle selfs nie meer lewe nie. Dit is asof hierdie mense werklik weer met die kliënt begin praat. Hierdie persone uit die verlede word in herinnering geroep en 'n bepaalde posisie van lidmaatskap in die lewe van die kliënt

toegeken. Die kliënt skep opnuut bepaalde ondersteuning en betekenis uit die persoon se rol en invloed in sy lewe.

Die volgende is 'n voorbeeld wat illustreer hoe dat daar by wyse van herinnering ("remembering") te werk gegaan kan word om mense wat minder prominent in 'n persoon se lewe gefigureer het, meer prominensie te gee.

> *Mariaan is 18 jaar oud en besoek die terapeut omdat sy deur die hoof van 'n nywerheidskool verwys is. Hy meen dat sy onbeheerbaar optree en waarskynlik dwelms misbruik. Uit Mariaan se narratief blyk dit dat sy as jong dogter deur haar ma se vriend seksueel gemolesteer is, dat haar ma haar dikwels in die aande alleen by die huis gelaat het en meestal te kenne gegee het dat sy tot niks in staat is nie. Haar vader het op daardie stadium selde kontak met die gesin gemaak. Sy het gevoel die lewe is nie die moeite werd nie en dat volwassenes almal vals is. Jy kan hulle nie vertrou nie. Verder dink almal sy is 'n moeilikheidmaker. Tydens die gesprekvoering het dit na vore gekom dat Mariaan se ouma wat reeds vyf jaar gelede oorlede is, graag met haar gespeel het en altyd gesê het dat sy vir haar die liefste is van al die kleinkinders. Sy het dikwels vakansietye by haar ouma gaan kuier en dan het hulle 'n baie aangename tyd saam gehad. Tydens die verdere besprekings, het Mariaan die geleentheid gekry om nuwe betekenis aan haar verhouding met haar ouma te heg. Sy kon aan haar ouma 'n meer prominente plek in haar lewe gee. Haar ervarings van haar ouma het hoër prioriteit begin geniet en algaande het Mariaan se identiteit begin verander. Sy kon 'n alternatiewe storie oor haarself en haar lewe begin ontwikkel.*

Bogenoemde voorbeeld illustreer hoe die gee van groter prominensie aan sommige mense in 'n persoon se lewe, kan bydra tot die ontwikkeling van 'n proses waartydens nuwe lewensverhale na vore tree. Sodoende kry die betrokkene die geleentheid om sy ou identiteit te ontsnap en 'n nuwe een te ontwikkel en daarmee saam 'n nuwe lewe te begin leef.

5.6 DIE TERUGNEEM-AKSIE ("TAKING-IT-BACK PRACTICE")

Na aanleiding van die uitgangspunt dat daar 'n twee-rigting verkeer tussen terapeut en kliënt plaasvind, met ander woorde die terapeut oefen nie alleen invloed op die lewe van

die kliënt uit nie, maar dit vind ook omgekeerd plaas, het White (1997:132-146; 1998a) die "taking-it-back practice" ontwikkel. Hy sê dan ook "... bringing forth the two-way nature of therapeutic interaction has a priority in narrative therapy" (White, 1997:143). Dit gaan dan juis in narratiewe terapie daarom dat die interaksie wat tussen die kliënt en terapeut plaasvind, nuwe moontlikhede daarstel. Volgens die sosiale-konstruksionisme sou gesê kon word dat die terapeut en kliënt deur middel van 'n interaksieproses 'n nuwe werklikheid skep.

Die volgende redes word aangevoer waarom die twee-rigting interaksie 'n belangrike prioriteit in die beoefening van narratiewe terapie is, naamlik:

- Dit is 'n etiese onderneming ("commitment") wat aangegaan word dat die kliënt eintlik net so 'n belangrike rol in die terapeutiese gesprek speel as die terapeut self. Die terapeut staan dus nie in 'n meerderwaardige magsposisie tot die kliënt nie, maar is onderhewig aan 'n wedersydse proses van onderlinge beïnvloeding.
- Sodoende word 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot 'n omvangryker beskrywing van die kliënt se lewe.
- Wanneer die terapeut die bydrae wat die kliënt tot sy lewe maak, identifiseer en erken, dra dit op 'n betekenisvolle wyse by tot die brëer en ryker beskrywing van sy lewe en werk. Dit dra verder by tot die herskryf van die terapeut se eie lewe en werk (White, 1997:143).

Die terugneem-praktyk impliseer dat die terapeut sensitief is vir die bydrae wat die kliënt tot sy lewe maak en dit as't ware na die kliënt toe terugneem deur dit te waardeer en te erken. Dit gaan nie daaroor dat die terapeut dank of gelukwensing teenoor die kliënt uitspreek nie, want dan sou dit vertolk kon word dat die terapeut homself in 'n hoër posisie bevind en vanweë sy meerdere kennis kan oordeel dat die kliënt gelukgewens en bedank behoort te word. Die terapeut is op gelyke vlak beïnvloed deur die terapeutiese gesprek en toon waardering en dui aan dat hy kennis neem van die verskeie wyses wat sy lewe geraak word deur die kliënt se deelname aan die gesprek en spesifiek dan ook deur die lewe van die kliënt. Carr (1998:496) ondersteun dié gedagte en stel dit duidelik dat "[t]herapy changes both clients and therapists". White (1997:132-142) dui 'n aantal aspekte aan wat verreken kan word wanneer die terugneem-aksie plaasvind.

- Wanneer 'n persoon vir terapie gaan, stel hy 'n besondere vertroue in die terapeut en laat hom kennis neem van intiem persoonlike aangeleenthede. Deur dit ernstig in ag te neem en waardering daarvoor te toon, meen White (1997:133) dat "... it becomes possible for therapists to embrace the significance of these steps to their own lives as well."
- Die nuwe betekenisse wat kliënte aan gebeure heg, beïnvloed ook die terapeut se lewe en kan tot gevolg hê dat hy ook na gebeure in sy eie lewe vanuit 'n nuwe perspektief begin kyk. Daar sou dus met reg in die verband waardering aan die kliënt betoon kon word vir die bydrae wat hy lewer in die lewe van die terapeut.
- In die proses wat die kliënt sy lewe herskryf, met ander woorde nuwe alternatiewe stories ontwikkel, bly die terapeut nie onaangeraak nie, maar raak ook by die vorming van nuwe stories ten opsigte van sy eie lewe betrokke. Deur vir die kliënt hiervoor erkenning te gee, mag hy ervaar dat hy met sy pogings tot die herskryf van sy lewe 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die lewe van, onder andere, die terapeut.
- Dieselfde situasie gebeur ook wanneer die kliënt besig is om oor bepaalde mense se lidmaatskap van sy lewe te besluit. Die terapeut word in die proses ook gestimuleer om na mense se lidmaatskap in sy eie lewe te kyk.
- Tydens die gesprekke wat tussen die kliënt en terapeut plaasvind, bekom laasgenoemde bepaalde kennis en vaardighede wat hy in sy betrokkendheid by volgende kliënte sinvol sou kon gebruik. Die kliënt lewer dus 'n bydrae tot die lewe van ander kliënte en behoort dienooreenkomstig erkenning te ontvang. Hierdie besef dat hy 'n bydrae te maak het in die lewens van ander mense, kan verder bydra tot die bevestiging van die alternatiewe storie en identiteit. Die kliënt is nie meer net 'n persoon wat hulpeloos die hulp van ander nodig het om sy lewe te beheer nie, maar lewer kragdadig 'n bydrae tot die lewens van ander persone. In die proses lewer die kliënt ook 'n betekenisvolle bydrae in die terapeut se lewe en werk.
- As gevolg van die kennis en vaardighede wat die terapeut in sy werk met 'n bepaalde kliënt bekom, word hy in staat gestel om oneffektiewe werkswyses te identifiseer en te elimineer in sy verdere werk. Die kliënt help as't ware die terapeut om beter werkswyses aan te leer en toe te pas.
- Deur die kliënt se pogings om weerstand teen sy ongunstige omstandighede te bied, te waardeer, bring 'n nuwe motivering by die terapeut om dieselfde te doen in sy eie lewe en werk.

- Indien die terapeut voortdurend daarvan bewus is dat die kliënt vanweë die terapeutiese situasie in 'n minderbevoorregte posisie verkeer as die terapeut, kan daar voorkom word dat die terapeut sodanige ongelykhede uit die oog verloor en nie sensitief daarmee omgaan nie.
- Ten slotte kan die terapeut ook deel in die "... acts that contradict the problem-saturated stories of persons' lives..." (White,1997:142), en die vreugde hiermee gepaardgaande, het weer 'n invloed op die terapeut se werk en lewe.

Ten opsigte van al bogenoemde aspekte kan die terapeut waardering teenoor die kliënt toon deur dit vir hom in 'n gespreksituasie te noem, of hy sou ook by wyse van briefwisseling dit kon doen. Die kliënt word uitgenooi "...to allow the therapist to share their new personal narratives, knowledges, skills or literacy records of these with other clients facing similar difficulties" (Carr, 1998:496). So sou die terapeut aan 'n seun wat met aanpassing in 'n skoolsituasie geworstel het en by hom terapie ontvang het, kon skryf en vermeld dat hy die kennis en vaardighede wat hy by hom geleer het op die oomblik in sy betrokkenheid by 'n seun met soortgelyke omstandighede, benut.

Alhoewel die terugneem-aksie soos White (1997:132-146) dit beskryf, waarskynlik nie algemeen deur terapeute toegepas word nie, bied dit 'n nuwe horison vir professionele persone om as medemens deel te word van die proses om lewens ryker te beskryf. In die proses behoort hulle werk nuwe betekenis te kry met waarskynlike groter beroepsbevrediging as resultaat. Die kliënt behoort weer te beleef dat daar 'n besondere waardering vir sy lewe is en sodoende toenemend gestimuleer word tot die breër beskrywing van sy nuwe lewensverhaal.

5.7 DIE TOEPASBAARHEID VAN DIE NARRATIEWE WERKSWYSE IN DIE KONTEKS VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-PRAKTYK

Na aanleiding van White (1998a) se optrede tydens 'n werkseminaar te Pretoria, word die indruk verkry dat narratiewe terapie benut kan word tydens dienslewering aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe. In die konteks van die tipiese maatskaplikewerk-praktyk, behoort dit ook toepasbaar te wees. Tog is daar enkele praktyksituasies wat verdere besinning verg met betrekking tot die toepasbaarheid van die narratiewe werkswyse binne

bepaalde praktyksituasies. Daarmee word nie beoog om narratiewe terapie as sulks te evalueer of te beoordeel nie, maar slegs om enkele situasies in oorweging te bring.

Die vraag sou bespreek kon word of narratiewe terapie reeds vanaf die aanmeldingsgeleentheid behoort te figureer, met ander woorde sou die kliënt tydens die eerste ontmoeting met die welsynsinstansie alreeds toegelaat word om sy storie te vertel met die oog op eksternalisering en die dekonstruksie van die storie. Dit sou waarskynlik impliseer dat een werker nie slegs vir aanmeldings afgesonder word nie. Die vraag ontstaan ook of die aanmeldingswerker nie net enkele ter sake gegewens hoef in te win nie en dan die kliënt na 'n kollega te verwys wat voortgaan met die terapeutiese proses. Indien kliënte so hanteer word, sou daar seker verdere vrae gevra kon word oor die mate van respek wat daar aan die kliënt betoon word deur hom oënskynlik onnodig aan meer as een terapeut bloot te stel.

In gevalle waar statutêre optredes ter sake is en die feite, of dan die waarheid, met betrekking tot gebeure van belang is, kan die narratiewe werkswyse wat nie juis in die sogenaamde "waarheid" belangstel nie, belemmer word. Tog kan daar na aanleiding van White (1995:155-177) en Jenkins (1990) se werk met persone wat vroue en kinders mishandel het, die afleiding gemaak word dat sodanige persone gelei word om verantwoordelikheid vir hulle gedrag te aanvaar, met ander woorde hulle verstaan dat hulle gedrag geopenbaar het wat hulle vrouens en kinders in gevaar gestel het. Daar is nie ruimte om deur middel van storievertelling die situasie te omseil nie. Die narratief gaan dan juis oor die tema van mishandeling met die oog op meer omvattende beskrywings wat die dominante storie kan vervang.

Selfs konkrete probleme soos finansiële knellinge, sou ook met 'n breër omskrywing van die betrokkenes se lewe as dominante storie, deur alternatiewe narratiewe vervang kon word, wat tot gevolg mag hê dat die kliënt bevredigend in beheer van sy finansiële situasie gekom het. Veral in gevalle van ernstige armoede sou dieselfde redenasie kon geld, alhoewel verdere navorsing in dié verband waarskynlik die argument sal moet bevestig.

Na aanleiding van Kraner en Ingram (1998:91-115), Cheshire en Lewis (1998:117-137) en White (1998a) se uiteensetting van groepsessies wat hulle onderskeidelik gehou het met jongvroue wat dieetprobleme ervaar, skoolgaande kinders en persone met die psigiatriese

diagnose van skisofrenie, blyk dit dat narratiewe terapie sinvol in groepsverband benut kan word. Maatskaplike werkers sou dus waarskynlik dié werkswyse met groot vrug tydens groepwerk kon benut.

Binne die breër konteks van 'n gemeenskap is die werk wat Sliep (1997 & 1998:141-154) in gemeenskappe in Malawi gedoen het, 'n duidelike illustrasie van hoe die narratiewe werkswyse met 'n gemeenskap gedoen kan word. (Vgl. 7.5.) Sy en 'n groep gesondheidsberaders het 'n hele gemeenskap by 'n gespreksgeleentheid betrek waartydens daar bespreking gevoer is oor wyses om VIGS te voorkom. In hoofstuk sewe word 'n volledige uiteensetting gegee van hoe die narratiewe werkswyse in gemeenskapswerk en spesifiek gemeenskapsontwikkeling geïmplementeer kan word.

Veral tydens die benutting van kwalitatiewe navorsing tree fasette van die narratiewe werkswyse na vore. By die implementering van deelnemende-aksienavorsing, vorm storievertelling 'n belangrike faset van die navorsingsaktiwiteite. (Vgl. Bartunek, 1993:1230.) Die kenmerkende beginsel van die narratiewe werkswyse, naamlik om vanuit 'n niekundige posisie te werk (vgl. 4.3.7.1), word ook tydens deelnemende-aksienavorsing as basiese uitgangspunt gehandhaaf. (Vgl. Wetmore & Theron, 1998:30.)

Supervisie sou ook volgens die narratiewe metode kan geskied. White (1997:148-171 & 1998a) bespreek en illustreer die wyse waarvolgens daar narratiewe supervisie gedoen word. Hy vestig die aandag daarop dat die term supervisie impliseer dat daar 'n ongelyke magsverhouding is tussen die persoon wat supervisie gee en die een wat dit ontvang. Daarom verkies hy om die begrip konsultasie of oorlegpleging te gebruik. Die supervisieproses word dan sodanig gefasiliteer dat die persoon wat in konsultasie is die geleentheid kry om sy werk omvattender te omskryf, te eksternaliseer en 'n alternatiewe "werksverhaal" te ontwikkel. In die proses van supervisie word daar ook gelet op die invloed wat die persoon se werk op sy lewe het. Uiteindelik beteken die ontwikkeling van 'n nuwe werksverhaal in der waarheid ook die skryf van 'n alternatiewe lewenstorie.

Dit is dus duidelik dat die narratiewe werkswyse binne die raamwerk van die drie primêre metodes sowel as die sekondêre metodes in maatskaplike werk toepasbaar behoort te wees.

Gevolglik blyk dit 'n werkswyse te wees wat met groot vrug deur maatskaplike werkers in verskillende werksomgewings benut kan word.

5.8 SAMEVATTING

Die narratiewe werkswyses soos deur White en Epston ontwikkel is, gee aan die kliënt die geleentheid om teenoor sy probleem 'n bepaalde posisie in te neem, daarmee te kommunikeer en beheer daaroor uit te oefen. Ten einde dit te bewerkstellig, fasiliteer die terapeut 'n proses waartydens die kliënt sy storie vertel en aldus 'n "stem" aan sy lewe gee. Geleidelik word die dominante storie bepaal, met ander woorde die vertellings wat vir die kliënt op die oomblik verteenwoordigend van sy lewe is. Daarna word die probleem wat in die dominante storie na vore getree het, geëksternaliseer. Die probleem word dus los van die kliënt as 'n "onafhanklike karakter" geskets met wie daar gekommunikeer kan word.

Tydens die vertelling van die dominante storie word daar reeds gelet op moontlike unieke uitkomste wat as die begin van 'n alternatiewe storie kan dien. Algaande word die kliënt veral by wyse van vrae, begelei om 'n alternatiewe storie tot die dominante storie te ontwikkel. Die alternatiewe storie verteenwoordig dan aspekte in die kliënt se lewe wat impliseer dat sy lewe nie meer langer deur die probleem of gepaardgaande problematiese situasies beheer word nie.

Saam met die skryf van 'n nuwe of alternatiewe storie verkry die kliënt ook 'n nuwe identiteit. Hy word byvoorbeeld nie meer as 'n alkoholis getipeer nie, maar as 'n mens wat sy lewe van alkohol teruggeëis het en dus 'n nuwe lewe het waar alkohol nie 'n rol speel nie. Die sogenaamde "definitional ceremonies" kan nou benut word om die nuwe identiteit van die kliënt te bevestig. Dit kan geskied deur die benutting van 'n groep getuies en/of dokumentasie wat die nuwe identiteit van die kliënt erken en bevestig. Aangesien daar dus deur omstaanders getuig word dat die kliënt 'n nuwe lewe voer en 'n nuwe identiteit bekom het, behoort daar nie by die kliënt verdere twyfel hieroor te bestaan nie en kan aanvaar word dat hy en sy nuwe storie reeds geïntegreer is.

Dikwels gebeur dit ook dat die kliënt tydens die ontwikkeling van alternatiewe stories aan mense uit sy verlede groter prominensie in sy lewe gee en moontlik ander se lidmaatskap in heroorweging bring ten einde aan hulle 'n mindere posisie toe te ken. Aan mense wat 'n

betekenisvolle rol in die kliënt se nuwe storie kan speel sal gewoonlik 'n belangriker posisie toegeken word, terwyl diegene wat 'n belangrike rol in die probleemstorie gespeel het, gewoonlik 'n minder prominente plek gaan hê.

Redelik uniek aan White se werkswyse is die sogenaamde "taking-it-back practice" waartydens die terapeut aan die kliënt toon dat hy met waardering kennisneem van die bydrae wat laasgenoemde in die lewens van ander kliënte asook in die lewe van die terapeut maak. Dit kommunikeer, onder andere, aan die kliënt dat hy as persoon as gelyke van die terapeut en ander individue gerespekteer word.

Ten slotte kan opgemerk word dat die narratiewe werkswyse daarin slaag om die lewe van die kliënt en terapeut meer omvattend te beskryf en sodoende die ontwikkeling van nuwe stories in die hand werk, wat impliseer dat die kliënt beheer oor sy eie lewe verkry en 'n lewe voer met die potensiaal tot steeds ryker beskrywings, en aldus in 'n voortdurende proses van groei verkeer. Aangesien die kleinste, maar ook belangrikste komponent van die gemeenskap die individu is, word aanvaar dat die narratiewe werkswyse ook in die breër konteks van 'n gemeenskap geïmplementeer kan word met, onder andere, 'n narratief van ontwikkeling en selfonderhoudendheid as resultaat.

DIE STRUKTUUR EN DINAMIKA VAN 'N GEMEENSKAP

Met die oog daarop om werkswyses te bepaal wat benut kan word in die praktyk van gemeenskapsontwikkeling, is dit nodig om te let op die dinamika van 'n gemeenskap aangesien gemeenskapsontwikkeling juis binne die raamwerk daarvan plaasvind. Na aanleiding van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese denke, en die uitgangspunte van die narratiewe werkswyse, word gelet op die belangrikste komponente van die dinamika van 'n gemeenskap. Dit sou, onder andere, dui op die proses van werklikheidskepping binne die konteks van 'n gemeenskap. 'n Gemeenskap bestaan in 'n bepaalde strukturele, geografiese en sosiale omgewing waarbinne die dinamika van so 'n gemeenskap gebeur. (Vgl. Hawtin, *et al.*, 1995:33.)

Volgens die konstruktiwisme geskied die konstruering van die werklikheid na aanleiding van die strukturele samestelling van die mens (sisteem) (Maturana), die verskillende konstrukte waaroor die persoon beskik (Kelly) en die kognitiewe prosesse waarmee daar aan ervaringe betekenis gegee word (Von Glasersfeld). (Vgl. hoofstuk 3.). Die konstruksionisme beskryf die interaksieproses tussen mense as die wyse hoe werklikhede geskep en voortdurend vervorm word tot nuwe werklikhede (Gergen). (Vgl. hoofstuk 3.) Aangesien 'n gemeenskap ook as 'n funksionele sisteem of stelsel met 'n bepaalde strukturele samestelling (sowel mense as konkrete elemente) beskou word wat in 'n bepaalde omgewing bestaan, sou geredeneer kon word dat dieselfde beginsels wat vir die individu ten opsigte van werklikheidskonstruering geld vir 'n gemeenskap ter sake is. Voorts is die mense in 'n gemeenskap in 'n voortdurende interaksieproses wat lei tot 'n verdere dimensie van werklikheidskepping. (Vgl. Ferrinho, 1980:1-7.) Gemeenskappe is dus vanweë die interaksie wat plaasvind, in 'n voortdurende proses van die konstruering van werklikhede wat gemeenskapslede se lewe rig.

6.1 DIE STRUKTUUR VAN DIE GEMEENSKAP

Die struktuur van 'n gemeenskap verwys na die komponente waaruit 'n gemeenskap bestaan en wat wel visueel waarneembaar is. Dit sou in drie hoof kategorieë onderskei kon word, naamlik mense, instansies/organisasies en infra-struktuur. Die struktuurelemente van

'n gemeenskap word binne 'n omgewing gevestig met bepaalde ekologiese kenmerke soos, onder andere, bepaal deur geografiese en klimaatsfaktore. (Vgl. Edwards & Jones, 1976:15.)

MENSE	INSTANSIES	INFRA-STRUKTUUR
➢ Individue ➢ Gesinne ➢ Informele groepe, byvoorbeeld vriende ➢ Formele groepe, by-voorbeeld werksgroepe	➢ Skole ➢ Kerke ➢ Hospitale ➢ Besighede ➢ Welsynsorganisasies ➢ Vakbonde ➢ Howe ➢ Polisie	➢ Geboue ➢ Vervoerstelsel, byvoorbeeld paaie, spoorlyne, lughawens, hawens ➢ Water en elektrisiteitsvoorsiening-stelsel ➢ Telekommunikasienet-werke & ander tegnolo-giese hulpmiddels

Tabel: 6.1 *Die struktuur van 'n gemeenskap*
(Voorbeelde van struktuurelemente)

Tabel 6.1 bied 'n moontlike uiteensetting van die struktuur van 'n gemeenskap bestaande uit mense, instansies en die infrastruktuur. Mense organiseer hulleself op informele en formele wyses. Voorbeelde van informele strukture kan, byvoorbeeld, 'n leserskring en 'n groep vriende wees. Sulke strukture ontstaan spontaan volgens die behoefte van en inisiatief wat die individu of groepe neem. Formele groeperings toon gewoonlik 'n meer gestruktureerde vorm van funksionering deur, onder andere, hulleself te organiseer volgens 'n konstitusie of bepaalde huishoudelike reëls.

Die instansies en infra-struktuur van 'n gemeenskap word deur die staat of ander groter groeperings daargestel, en verg gewoonlik redelike tot groot finansiële insette. In die meeste gevalle word die instansies en infra-struktuur deur beheerliggame, maatskappye of staatsdepartemente bestuur. Sowel die instansies as infra-struktuur van 'n gemeenskap speel 'n belangrike rol in die totale gemeenskap se funksionering.

Na aanleiding van die strukturele samestelling van die gemeenskap kan werklikheidskonstruering vanaf mikro- tot makro-vlak plaasvind, met ander woorde dit kan binne die individu, maar ook in instansies en in die kader van die telekommunikasienetwerke plaasvind. Wanneer Efran en Lukens (1985:24) verduidelik dat Maturana se struktuur-determinisme impliseer dat die mens sy werklikheid skep na aanleiding van sy interne "bou", sou dit ook vir gemeenskappe kon geld. Die werklikhede wat in 'n gemeenskap geld sou dus afhanklik wees van elke individuele lid in die gemeenskap se unieke werklikheidskonstruerings en die werklikhede wat in die groter groepe en instansies van die gemeenskap na vore tree as gevolg van hulle unieke samestelling en onderlinge reaksies op mekaar.

In 'n gemeenskap waar daar nie 'n skool en hospitaal is nie, kan die betekenis wat aan die werklikheid gegee word met betrekking tot aspekte rakende onderwys en gesondheid heel waarskynlik verskil van gemeenskappe waar sulke komponente deel vorm van die struktuur van daardie gemeenskappe. Eersgenoemde gemeenskap sal byvoorbeeld ten opsigte van die onderrig van kinders, die werklikheid kon nahou dat alles moontlik gedoen moet word ten einde 'n skool te bekom, of hulle sou pogings aanwend om hulle kinders elders in 'n skool te plaas. Dit mag egter ook wees dat formele onderrig van hulle kinders nie as belangrik beskou word nie.

Benewens die blote strukturele samestelling van 'n gemeenskap is daar ook ander faktore wat 'n rol kan speel by werklikheidskepping soos die geografiese en sosiale omgewing waarin 'n gemeenskap bestaan.

6.2 DIE GEOGRAFIESE OMGEWING VAN 'N GEMEENSKAP

Elke gemeenskap bestaan in 'n bepaalde geografiese omgewing met 'n unieke ligging en klimaatsomstandighede wat in 'n voortdurende wisselwerking met die gemeenskap is en aldus 'n rol speel in die vorming van werklikhede. Dit sluit aan by Maturana se uiteensetting van die proses van autopoiesis, naamlik dat elke lewende stelsel of sisteem reageer op stimuli in sy omgewing deur 'n interne proses van waarneming, verwerking, interpretasie, werklikheidsvorming en aksie (Leyland, 1988:359 &. 3.2.1.1).

'n Gemeenskap se reaksie op bepaalde klimaatsomstandighede sou byvoorbeeld tot die ontwikkeling van 'n bepaalde werklikheid kon lei. In streke waar die klimaatsomstandighede tot gevolg het dat dit baie selde reën, sou dit waarskynlik deur die gemeenskappe wat daar gevestig is, as droog beskryf word en die verdere werklikheid wat in die verband geskep kan word is dat saaiboerdery nie lewensvatbaar is nie, maar wel veeboerdery indien met 'n geharde skaapras geboer sou word.

Weens die unieke samestelling van elke gemeenskap word aanvaar dat alhoewel die klimaat- en geografiese omstandighede identies sou wees, sou verskillende gemeenskappe onder dieselfde omstandighede nie noodwendig dieselfde werklikheid daarop nahou nie. Daar word byvoorbeeld voorsien dat 'n gemeenskap wat oor bepaalde tegnologiese hulpmiddels beskik, dieselfde geografiese omgewing andersoortig sal interpreteer en daarop sal reageer, as 'n gemeenskap wat nie oor sodanige tegnologie beskik nie. 'n Gemeenskap wat in 'n baie bergagtige omgewing woon, maar oor goeie paaie en telekommunikasiemiddele beskik, sou hulleself nie as 'n gemeenskap in 'n afgeleë gebied beskou nie.Terwyl 'n gemeenskap in soortgelyke omstandighede wat nie oor behoorlike padverbindings en kommunikasiemiddele beskik nie, se werklikheid heel moontlik sou wees dat hulle afgeleë en onbereikbaar is, en dat dit onmoontlik is om uitvoerprodukte te probeer produseer.

6.3 DIE SOSIALE OMGEWING

Elke gemeenskap bestaan ook voorts in 'n sosiale omgewing wat byvoorbeeld dui op die nywerheidsaktiwiteite wat teenwoordig is, sosiale stelsels van die breër samelewing, soos die politieke stelsel, en kultuurmilieus. Na aanleiding van 'n gemeenskap se eiesoortige samestelling sal unieke interpretasies en voortspruitende werklikheidskepping plaasvind as gevolg van die gemeenskap se reaksie op die stimuli wat van die sosiale omgewing ontvang word. Verder geskied werklikheidskepping ook as gevolg van die betekenis wat 'n bepaalde gemeenskap aan gebeure gee. (Vgl. Von Glasersfeld, 1984:29 & 3.2.3.2.)

In Suid-Afrika is daar baie voorbeelde waar gemeenskappe se werklikheid met betrekking tot hulle toekoms ten opsigte van werksgeleenthede, politieke mag en veiligheid drasties verander het nadat 'n andersoortige politieke bestel in 1994 tot stand gekom het. Tydens 'n kwalitatiewe opname by 'n plattelandse boeregemeenskap gedurende 1997, het die betrokke gemeenskap 'n werklikheid uitgespel wat, onder andere, inhou dat gemeen-

skapslede meen dat die polisie nie meer in staat is om aan hulle beskerming te bied nie en dat hulle veiligheid na die verkiesing van 1994, ernstig bedreig word. Voorts was hulle ook van mening dat die ekonomiese onsekerheid en bepaalde wette met betrekking tot arbeid en grondbesit wat bestaan, tot gevolg het dat hulle liefs nie hulle boerdery gaan uitbrei nie (Ferreira & Du Plessis, 1999). Die betrokke gemeenskap het 'n eie unieke betekenis aan gebeure in hulle sosiale omgewing gegee en dienooreenkomstig werklikhede ontwikkel wat hulle verdere aksies rig.

Die dinamika van 'n gemeenskap oefen 'n betekenisvolle invloed uit op werklikheid-skepping en verdien om afsonderlik en meer volledig bespreek te word.

6.4 DIE OMSKRYWING VAN DIE DINAMIKA VAN 'N GEMEENSKAP

Volgens die HAT (1992:157) verwys die begrip dinamika na die "[l]eer van die kragte wat beweging veroorsaak." Binne die konteks van 'n gemeenskap sou dus gesê kon word dat dinamika na die kragte in 'n gemeenskap verwys wat beweging, aksie, verandering en selfs aanpassing tot gevolg het. Na aanleiding van die sistemiese konsep ekwilibrium, sou gemeenskapsdinamika dus kon dui op die voortdurende proses van beweging wat ontstaan as gevolg van verandering op alle vlakke en in verskillende sektore van 'n gemeenskap. Die gemeenskap beweeg dus voortdurend van 'n posisie van ekwilibrium na disekwilibrium met die noodwendige meegaande aksies om telkens die ekwilibrium te herstel. Dit sou ten laaste 'n aktiewe dinamika tot gevolg kan hê. Ferrinho (1980:1) sluit hierby aan as hy na 'n gemeenskap verwys as "...a living system of action whose parts interact in a process of energy exchange." Die dinamika van 'n gemeenskap dui op verskeie komponente wat onderling in interaksie tot mekaar verkeer en in die proses bepaalde beweging in die sosiale milieu van die gemeenskap tot gevolg het waaraan alle gemeenskapslede deelneem en waardeur almal se bestaan beïnvloed word.

6.5 KOMPONENTE VAN DIE DINAMIKA VAN 'N GEMEENSKAP

Daar is verskillende komponente wat deel vorm van die beweging in 'n gemeenskap of wat 'n krag tot beweging is. Die verskillende komponente manifesteer interafhanklik en aanvullend tot mekaar. Van die verskillende elemente in 'n gemeenskap is die volgende van die belangrikste:

6.5.1 Mag

Ten einde die dinamika van 'n gemeenskap beter te begryp en uiteindelik te betree met die oog op gemeenskapsontwikkeling, is begrip van die rol en posisie van mag binne die gemeenskap belangrik. Martinez-Brawley (1995:544) bevestig hierdie siening wanneer hy sê dat "[p]ower, influence, and leadership are important concepts in understanding communities..."

Mag word deur Olsen (1970:3) beskryf as "...the ability to affect social activities" en deur Martinez-Brawley (1995:544) as "...the abstract potential to affect the course of events in particular communities." Dit gaan dus oor invloed wat uitgeoefen word ten einde die gang van sake te affekteer, met ander woorde dit te rig of te bepaal. Gebeure in 'n gemeenskap ontwikkel en neem 'n bepaalde verloop na aanleiding van die uitoefening van mag in verskillende vorme en milieus. Mag manifesteer egter in die konteks van sosiale verhoudings. Olsen (1970:2) noem dat "...power does not exist until social actors begin relating to one another in some manner." Volgens Speer, *et al.* (1995:58) kan mag as 'n "relational phenomenon" beskou word en ontwikkel as gevolg van die verhoudings wat tussen individue, organisasies en instansies ontstaan. Magsuitoefening vorm deel van die dinamika van sosiale verhoudings en vorm as sulks 'n belangrike komponent van die dinamika van enige gemeenskap.

Alhoewel mag binne die konteks van sosiale verhoudings ontwikkel, kan aanvaar word dat verskillende faktore 'n rol speel in die ontwikkeling en uitoefening daarvan. Sommige persone beklee magsposisies vanweë die formele gesagsposisie waarin hulle hulle bevind as gevolg van 'n bepaalde werksituasie of verkose posisie. Die persoon wat byvoorbeeld die landdros in 'n bepaalde gemeenskap is, is met mag beklee vanweë sy amp en nie noodwendig as gevolg van persoonlike vermoëns nie. Dit kan ook gebeur dat so 'n persoon mag uitoefen nie net vanweë sy ampsposisie nie, maar dat hy ook andersins oor vermoëns beskik wat tot gevolg het dat hy deur die gemeenskap as 'n persoon met mag beskou word.

Persone en groepe kan ook oor mag beskik in 'n meer informele konteks, met ander woorde die mag waaroor hy/hulle beskik word nie deur 'n formele gesagsposisie in die hand gewerk nie. Daar is dan gewoonlik ander faktore teenwoordig wat tot gevolg het dat die gemeenskap meen sodanige persone beskik oor mag. Volgens Martinez-Brawley

(1995:544) sou die volgende faktore 'n rol kon speel waarom gemeen word dat 'n persoon of 'n groep mag het, naamlik:

- kwalifikasies of opvoedingsvlak;
- reputasie of bekendheid ten opsigte van mag waaroor beskik word;
- bevoegdheid om wapens te dra;
- beheer van 'n politieke organisasie;
- beheer/kontrole oor die massamedia;
- rykdom en die besit van eiendom.

Daar word aanvaar dat gemeenskappe na aanleiding van hulle unieke werklikheidskepping en gevolglike betekenisse wat aan verskillende ervaringe en aspekte geheg word, gaan verskil in hulle persepsie van mag en dat bogenoemde faktore nie noodwendig universeel toepaslik sal wees nie, maar slegs 'n aanduiding is van aspekte wat 'n rol kan speel by die bepaling van mag. Martinez-Brawley (1995:544) voeg dan ook by dat mag beïnvloed word deur die openbare mening. In dieselfde gemeenskap sal daar ook vanweë individuele verskille, verskil van mening wees met betrekking tot wie oor mag beskik en hoe omvangryk sodanige persoon of groep se mag is. Daar word aanvaar dat in 'n kultuur-diverse land soos Suid-Afrika, groter individuele verskille mag bestaan in persepsies oor openbare mag as in samelewings waar hoofsaaklik een kultuurgroep teenwoordig is.

Volgens skrywers soos Olsen (1970:5-7) en Speer, *et al.* (1995:58) kan mag, oftewel magsuitoefening, verskillende vorme aanneem. Olsen (1970:5) noem dat mag by wyse van dwang ("force"), dominansie ("dominance") en gesag ("authority") uitgeoefen kan word.

Magsuitoefening deur middel van dwang ("force") kan, onder andere, op die volgende wyses manifesteer, naamlik:

- Kompensasie: - Mense word beloon in ruil vir hulle samewerking en ondersteuning. Daar word aan mense dít verskaf wat hulle graag wil hê, soos bepaalde geriewe en verhoging van inkomste. Dié vorm van magsuitoefening is gewoonlik effektief omdat die persone wat daaraan onderworpe is, meen dat hulle ook baat en gevolglik gewillig is om die magsverhouding in stand te hou (Olsen, 1970:6).
- Ontneming/weerhouding: - Die weerhouding van verwagte voordele en die toepassing van straf word benut om persone te dwing tot samewerking. Sodanige wyse van mags-

uitoefening kom daarop neer dat mense gedreig word en dus onder dwang hulle samewerking gee met die gevolg dat dit gewoonlik oneffektief en nie standhoudend is nie (Olsen, 1970:6).

- Oorreding: - Die persoon wat mag uitoefen, manipuleer die inligting, emosies, persepsies, norme en waardes van ander in so 'n mate dat hulle met sy sienings saam stem en gemotiveerd is om hom te ondersteun. Gewoonlik is dié vorm van magsuitoefening baie effektief en standhoudend (Olsen, 1970:6).

Daar kan aanvaar word dat magsuitoefening deur middel van dwang, daagliks in verskillende sfere van die samelewing in gemeenskappe van mikrovlak (die gesin) tot makrovlak (owerhede) voorkom. Die ondersteuning van 'n bepaalde politieke party of groot besigheid kan byvoorbeeld tot gevolg hê dat sportgeriewe aan 'n bepaalde gemeenskap voorsien word en die reëling dat elektrisiteitvoorsiening opgehef word in gevalle waar rekeninge nie betaal word nie, kan meebring dat verbruikers wel instem om sodanige betalings te doen. Indien mense byvoorbeeld deur middel van die verskaffing van geselekteerde inligting, oortuig kan word dat die oprigting van 'n groot nywerheid tot voordeel van die gemeenskap sal wees, ongeag die effek daarvan op die ekologiese hulpbronne, kan sodanige magsuitoefenaars seker wees van die ondersteuning van die gemeenskap, terwyl die manipulering van inligting met betrekking tot dieselfde ontwikkeling ook tot gevolg kan hê dat die gemeenskap hulle steun gee aan die voorkoming van sodanige ontwikkeling. Magsuitoefenaars kan dus op verskillende wyses te werk gaan om mense te oorreed om hulle ondersteuning en samewerking te bied.

'n Persoon of groep kan mag deur middel van dominansie ("dominance") uitvoer deur doodgewoon sy rol binne 'n bepaalde organisasie of gemeenskap te vertolk. Sy magsuitoefening lê in sy besondere deskundigheid, onafhanklikheid, vermoëns en deelname aan besluitneming. Sodanige persone is gewoonlik aan die hoof van 'n organisasie en ander is van hulle afhanklik ten opsigte van hulle meerdere kennis en vermoëns (Olsen, 1970:6).

Magsuitoefening uit 'n posisie van outoriteit beteken, onder andere, dat 'n persoon die wetlike bevoegdheid het om besluite te neem en mag uit te oefen. Sodanige persone bevind hulle gewoonlik in 'n formele magsposisie en is die basis van hulle mag nie noodwendig in

persoonlike vermoëns of beskikbare hulpbronne geleë nie, maar berus dit, onder andere, op:

- tradisionele waardes, norme en gewoontes;
- wetlike prerogatiewe;
- spesiale kundigheid of kennis relevant tot 'n besondere situasie (Olsen, 1970:6).

'n Voorbeeld van sodanige magsuitoefening, is byvoorbeeld, wanneer 'n persoon vir die toetsing van sy rybewys moet gaan. Die besondere beampte in die outoriteitsposisie tot die onderhawige situasie beskik oor die geleentheid om mag uit te oefen en, onder andere, te besluit of 'n lisensie uitgereik mag word al dan nie.

Speer, *et al.* (1995:58) identifiseer hoofsaaklik die volgende drie vlakke waarop mag uitgeoefen kan word, naamlik:

- Deur middel van "...superior bargaining resources that can be used to reward and punish various targets" (Speer, *et al*, 1995:58). Dit kom daarop neer dat mense met die meeste hulpbronne en geld tot hulle beskikking ook oor die meeste mag beskik.
- Die daarstelling of verwydering van hindernisse om mense te help of te belemmer in hulle aktiwiteite of pogings om 'n bepaalde doel te bereik. Tydens 'n televisie-onderhoud sou die onderhoudvoerder die spreker kon beperk ten opsigte van sy deelname aan 'n openbare debat.
- Beklemtoning en benutting van mites, ideologieë en die beheer van die vrystelling van inligting oor bepaalde aangeleenthede.

Waarskynlik sou aanvaar kan word dat magsuitoefening 'n verskeidenheid vorme kan aanneem en in 'n evolusieproses, verkeer wat inhou dat die wyses hoe mag manifesteer steeds gaan vervorm, afhangende van faktore soos die uniekheid van 'n bepaalde gemeenskap, hulpbronne, kennis en tegnologiese moontlikhede wat na vore kan kom. Dat mag altyd deel van 'n gemeenskap se verhoudingsnetwerke sal wees, kan seker sonder enige twyfel aanvaar word.

Skrywers soos Edwards en Jones (1976:51-52) en Martinez-Brawley (1995:545) beskryf verskillende magsmodelle wat op 'n kontinuum voorgestel kan word. Op die een punt van die kontinuum is die sogenaamde magselite wat die piramide model voorstel en op die

ander punt die pluralistiese model. Volgens Martinez-Brawley (1995:545) word die elitisme aangetref wanneer "[p]ower resides in the hands of a few individuals or groups who are directly or indirectly involved in decision simply because the scope of their personal or group interest is so pervasive that it is almost impossible for them to be indifferent to any decision." Edwards en Jones (1976:51) meen dat hierdie klein elite groepie, mense is van die boonste sosio-ekonomiese hiërargie van die gemeenskap. Die grootste deel van die gemeenskap word dus uitgesluit by die neem van besluite, alhoewel hulle daardeur geaffekteer word en hulle daarby moet neerlê. Dit herinner sterk aan 'n outo- en burokratiese stelsel van besluitneming en magsuitoefening.

Binne die pluralistiese model vind magsuitoefening meer gedesentraliseerd plaas. Verskillende kleiner groepe in die gemeenskap ("centers of power") neem deel aan besluitneming met die gevolg dat die meerderheid van die gemeenskap aktief deelneem aan die besluitnemingsproses. Die verskillende groepe skakel dan weer met mekaar om besluite te deel en verder te vervorm (Edwards & Jones, 1976:52 & Martinez-Brawley, 1995:545). Die pluralistiese model dui sterk op 'n demokratiese wyse van besluitneming en magsuitoefening aangesien almal in die gemeenskap ongeag van stand of status, inspraak in die besluitnemingsproses het.

Daar kan aanvaar word dat verskillende gemeenskappe na gelang van hulle unieke samestelling en ligging in verskillende tydperke en ten opsigte van verskillende aangeleenthede, sal varieer tussen die twee pole van elitisme en pluralisme. Magsuitoefening hoef dus nie net binne een van die twee modelle te gebeur nie, maar kan varieer ten opsigte van stelsels waar daar minder of meer kenmerke van die demokrasie en burokrasie teenwoordig is. Die wyse hoe magsuitoefening in 'n gemeenskap plaasvind, sal vanweë die verweefdheid daarvan met ander komponente van die dinamika soos leierskap, besluitneming en konflik, 'n bepaalde invloed daarop hê.

6.5.2 Leierskap

Leiers en leierskap speel 'n belangrike rol in die dinamika of beweging wat in gemeenskappe teenwoordig is, en is as sulks 'n essensiële komponent om in gedagte te hou in enige gesprek of aksie met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling. Edwards en Jones (1976:166) verwys na 'n leier as "...someone who makes things happen that would not

happen otherwise" en beklemtoon daarmee dat 'n leier dus 'n persoon is wat 'n bepaalde invloed uitoefen en aldus oor mag beskik. Aansluitend hierby beskryf Robinson (1994:44) leierskap as "...the behavioural process of influencing the activities of an individual or group to accomplish goals in a given situation." Hiervolgens word leierskap positief gedefinieer in terme van die invloed wat die leier op die res van die groep het. Martinez-Brawley (1995:544) dui verder aan dat 'n leier nie noodwendig net positiewe invloed met betrekking tot die realisering van moontlike aksies uitoefen nie, maar kan ook sodanige aksies voorkom. Sy noem dan ook dat "...leadership refers to a complex process whereby a relatively small number of individuals in a collectivity behave in such a way that they effect (or effectively prevent) a change in the lives of a relatively large number" (Martinez-Brawley, 1995:544).

Leierskap dui op gedrag wat aksie rig in die bestaan van sowel die individu as die groep en groter gemeenskap. 'n Leier is dus 'n persoon wat 'n groep of gemeenskap tot bepaalde aksie kan laat oorgaan met die oog op die bereiking van bepaalde doelstellings.

Die manifestering van leierskap kan volgens Edwards en Jones (1976:167), onder andere, op die volgende wyses voorkom of plaasvind:

- 'n Persoon wat betrokke is by die neem van 'n veelheid van besluite oor verskeie aspekte wat vir die breër gemeenskap relevant is, sou as 'n leier geïdentifiseer kon word. Hy is dus 'n persoon wat soveel mag en invloed het dat hy by verskeie besluitnemingsaksies betrek word.
- Die bekleding van 'n amptelike posisie in die gemeenskap soos skoolhoof of landdros, het gewoonlik tot gevolg dat sodanige persoon in bepaalde situasies leiding neem. Indien so 'n persoon ook op informele vlak as 'n leier deur die gemeenskap beskou word, kan verwag word dat sy beoefening van leierskap vanuit sy amptelik posisie deur sy informele status versterk sal word. So sou 'n skoolhoof wat, byvoorbeeld, ook as burgemeester en hoofouderling verkies is, sterker as leier na vore tree in sy hoedanigheid as skoolhoof, as 'n skoolhoof wat andersins nie werklik as leier deur die gemeenskap beskou word nie.
- 'n Persoon se betrokkenheid by 'n verskeidenheid vrywillige organisasie asook die rol wat hy in die uitvoering van aktiwiteite speel, soos om leiding in besluitnemingsprosesse te neem, kan op leierskap dui.

- Wanneer die mense op grondvlak 'n persoon as 'n leier beskou, kan aanvaar word dat so 'n persoon 'n groot mate van leierskap openbaar.

Afhangende van die unieke samestelling van 'n gemeenskap, gebeure in 'n gemeenskap op 'n bepaalde tyd en die betekenis van sodanige gebeure vir die gemeenskapslede, kan verskillende persone in verskillende situasies op 'n gegewe tydstip as leiers na vore tree. In die verband noem Edwards en Jones (1976:167) dat "...different leadership structures develop around different community issues."

Leierskap in 'n gegewe gemeenskap op 'n bepaalde tydstip, kan uit een van die volgende bronne of situasies ontwikkel (Edwards & Jones 1976:167-174):

- 'n Leier is 'n mens wat bepaalde mag en invloed kan uitoefen, en dus kan aanvaar word dat die magstruktuur in 'n gemeenskap 'n bron van leiers kan wees, met ander woorde die leiers in 'n gemeenskap vorm gewoonlik die magstruktuur in die bepaalde gemeenskap.
- Leiers word dikwels geposisioneer volgens die sosiale klassestruktuur van 'n gemeenskap, want dit is veral mense in die hoër sosio-ekonomiese klas wat oor bepaalde mag beskik en aldus leierskap demonstreer. Mense uit 'n laer sosio-ekonomiese groep kan egter ook sterk as leiers na vore tree, veral in situasies waar hulle aksies inisieer om hulle volgelinge vanuit dieselfde groep se saak te probeer stel, of in sommige gevalle selfs aksies kan neem in die vorm van opstande. Dit sou waarskynlik manifesteer in 'n gemeenskap waar die een groep 'n ander onderdruk of te na kom, volgens die betekenis wat deur die gemeenskapslede aan die situasie geheg word.
- Die verskillende organisasies binne elke gemeenskap beskik oor 'n eie hiërargie waarvolgens die leiers in die betrokke gemeenskap of organisasie geïdentifiseer word. Sulke mense tree gewoonlik ook as leiers in die breër gemeenskap na vore. So gebeur dit dikwels dat die voorsitter van die skoolkomitee ook op die bestuur van die boerevereniging en die dagbestuur van die kerkraad dien.
- Leierskap kom dikwels na vore vanweë 'n persoon se besondere vermoëns. Edwards en Jones (1976:167-168) verduidelik in die verband dat "...a reservoir of individuals whose personal qualities give them potential for exercising influence, regardless of what positions or ranks they have in the community." Die moontlikheid bestaan dat sodanige mense maklik oor die hoof gesien kan word omdat hulle nie bepaalde

posisies beklee nie en sodoende word hulle nie tot beskikking van die gemeenskap aangewend nie. In die konteks van gemeenskapsontwikkeling waarsku Robinson (1994:45) teen die tendens "...to underestimate the potential leadership contributions of the unexperienced, uneducated or novice."

- Leierskap kan aangeleer word, onder andere "...by copying role models, by trial, error and experience, and by study" (Robinson, 1994:45). Wanneer daar 'n krisissituasie in 'n gemeenskap ontwikkel, is die atmosfeer gereed om nuwe leiers na vore te laat tree, dikwels mense wat nie juis van te vore as leiers geïdentifiseer is nie, maar oor bepaalde kennis en vaardighede beskik om met bruikbare oplossings vorendag te kom (Robinson, 1994:45).

Dit blyk dat leierskap verskillende ontstaansomstandighede mag hê en dus op 'n dinamiese proses in die gemeenskap dui. Leierskap wat aan amptelike posisies gekoppel is, mag moontlik meer stagnant wees as dié wat byvoorbeeld op informele vlak na aanleiding van bepaalde behoeftes of omstandighede ontwikkel.

Soortgelyk aan die kontinuum van magsmodelle wat strek van 'n piramidestelsel tot die pluralistiese model, manifesteer leierskap op 'n kontinuum wat wissel van demokrasie tot outokrasie. Daar kan aanvaar word dat leierskap in gemeenskappe kan wissel ten opsigte van dié kontinuum afhangende van die unieke samestelling van die gemeenskap, bepaalde behoeftes en gebeure wat in die gemeenskap na vore mag kom in verskillende tydperke.

'n Demokratiese leier beoefen 'n leierskapstyl wat nie tot gevolg het dat mense gemanipuleer of gedwing word om bepaalde dinge te doen nie, maar "[w]hat he makes happen that would not happen otherwise is the motivation of the people to participate in collaborative action that they believe will promote their community's well-being" (Edwards & Jones, 1976:166). Hy respekteer en neem die idees, wense en gevoelens van die mense in ag wat deur sy besluitnemingsaktiwiteite geraak word. Alhoewel demokratiese leierskap meer buigsaam is, is dit nie noodwendig ongestruktureerd nie. Dit verg egter meer tyd en besondere vaardighede om 'n verskeidenheid idees in ag te neem in die beplanning van aksies. In die geval van 'n erge krisis soos 'n natuurramp, is demokratiese leierskap nie altyd, so effektief nie, want optrede word onmiddellik gevra en daar is dus nie altyd tyd om

by wyse van 'n komiteevergadering eers die saak te bespreek en almal se idees in ag te neem nie (Robinson, 1994:46).

In teenstelling met 'n demokratiese leier, neem 'n outokratiese leier nie juis die idees en wense van die gemeenskap in ag nie, maar "...neglect consideration of people's ideas, wishes, and feelings and proceed in their decision-making activities in a controlling, managing, directive, and task-orientated manner" (Edwards & Jones, 19976:166). Die leier neem dus besluite volgens sy goeddenke en verwag van die res van die betrokkenes om dit uit te voer sonder dat hulle enige insette gelewer het. Volgens Robinson (1994:46) is dit dikwels 'n effektiewe leierskapstyl in situasies waar die betrokkenes onvolwasse, onverantwoordelik en dislojaal is. Soms sou 'n outokratiese styl benut word ten einde groepe te dwing om byeen te kom en aan belangrike sake aandag te gee en geleidelik te ontwikkel tot 'n vlak van gereedheid vir 'n meer demokratiese werkswyse. 'n Outokratiese leierskapstyl sou die aanvaarding van eienaarskap deur al die gemeenskapslede ten opsigte van gemeenskapsaangeleenthede en –aksies ernstig kan bedreig, omdat lede weinig, indien enige, inspraak in besluite het.

6.5.3 Besluitneming

Daar is 'n noue verband tussen die proses van besluitneming, mag, leierskap en konflik in die gemeenskap. Die leiers in 'n gemeenskap word, onder andere, as leiers geïdentifiseer vanweë die veelheid van besluite wat deur hulle geneem word (Edwards & Jones, 1976:167). Gewoonlik is die leiers in 'n gemeenskap ook die mense met besondere mag wat hulle dikwels uitoefen deur middel van besluitneming. Voorts meen Edwards en Jones (1976:194 & 197) dat die uitsluiting van gemeenskapslede by die proses van besluitneming, tot konflik, aanleiding kan gee. Die dinamika wat opgesluit lê in die proses van besluitneming kan dus nie onderskat word wanneer die sosiale beweging in 'n gemeenskap bestudeer word nie, en sal as sulks 'n betekenisvolle invloed hê in aksies van gemeenskapsontwikkeling.

Daar kan aanvaar word dat besluitneming in 'n gemeenskap 'n belangrike rol kan speel in interne magsuitoefening en leierskap, maar dit sou vanselfsprekend ook 'n baie belangrike rol speel met betrekking tot die toekoms van 'n gemeenskap. Besluitneming lei gewoonlik tot die ontwikkeling van beleidsformulering en verdere aksies wat mag volg. Selfs wetge-

wing spruit voort uit bepaalde besluite wat op 'n gegewe tyd oor sekere aangeleenthede geneem is. Die besluit deur die destydse Suid-Afrikaanse regering om die eerste demokratiese verkiesing in 1994 te laat plaasvind, het nie net 'n groot invloed op die totale samelewing van Suid-Afrika gehad nie, maar het ook 'n belangrike uitwerking gehad op die wyses hoe die besluitnemingsproses daarna in verskillende instansies geskied het. Druk is al meer uitgeoefen dat daar op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing aan alle mense die geleentheid gegee moes word om aan die besluitnemingsproses deel te neem.

Olsen (1970:378) dui aan dat besluitneming en beleidsformulering veral op die volgende twee wyses kan plaasvind:

- In gevalle waar die probleem wat aandag geniet so tegnies van aard is dat spesialis kennis benodig word om 'n besluit te neem oor moontlike optredes, gaan dit hoofsaaklik mense wees met spesialis kennis in die verband, wat die besluit gaan neem. Indien daar byvoorbeeld 'n probleem ervaar word in 'n gemeenskap ten opsigte van sy watersuiwering, is dit te verstane dat besluite om die probleem op te los deur kundiges op die terrein geneem sal word.
- Indien die probleem egter op 'n ander vlak lê, sou dit hanteer kon word "...through formal public decision-making procedures" (Olsen, 1970:378). Die prosedure wat gevolg gaan word, sal heel waarskynlik van gemeenskap tot gemeenskap verskil. So sou daar byvoorbeeld in een gemeenskap 'n stemming gehou word en in 'n ander dalk 'n raad van verteenwoordigers saamgestel word om verdere ondersoek in te stel en die nodige besluite ten opsigte van verdere aksie te neem.

Net soos magsuitoefening en leierskap op 'n kontinuum wat wissel van demokrasie (deelname deur alle betrokkenes) tot outokrasie (deelname deur slegs enkele persone wat tot 'n elite groep behoort) voorgestel kan word, kan aanvaar word dat deelname aan besluitneming ook op dieselfde kontinuum voorgestel sou kon word. In gevalle waar daar spesialis kennis nodig is, sou die beperktheid van deelname dus nie primêr die betekenis van uitsluiting hê nie, maar dit gaan eerder oor die insluiting van kundiges. Daar sou seker ook 'n saak uitgemaak kon word dat die kundiges dikwels dan in so 'n geval die elite groep vorm, maar hopelik besluite sal neem wat in die eerste plek tot voordeel van alle mense in die gemeenskap sal strek.

Olsen (1970:379) meen dat dit vir 'n individu moontlik is om op effektiewe wyse aan besluitneming deel te neem deur :

- Deel te wees van organisasies waar hy 'n bydrae kan maak tot besluitneming, onder andere, deur middel van hulle spesialis kennis.
- Die individu kan meewerk om verteenwoordigers uit sy eie gemeenskap aan te wys om op rade of komitees te dien wat besluite oor ter saaklike aangeleenthede neem.
- Deur middel van stemming kan die individu ook aktief deel hê aan die besluitnemingsproses.

Op indirekte en direkte wyse is dit dus vir elke lid van 'n gemeenskap moontlik om aan die besluitnemingsprosesse in sy gemeenskap deel te neem. Binne die meer demokratiese stelsel van besluitneming is dit dus moontlik vir elke mens om aktief deel te hê aan die beplanning van aksies in sy gemeenskap en is aldus mede-verantwoordelik vir die wel en weë van sy gemeenskap.

Ongeag of besluite op 'n demokratiese of outokratiese wyse plaasvind, meen Muller (1994:8) dat rasionele en dus behoorlike besluite volgens die volgende stappe geneem behoort te word:

- Eerstens is dit vir die besluitnemers nodig om alle moontlike alternatiewe wyses van aksies in ag te neem in die lig van die besondere situasie, en wat beoog word om bereik te word.
- Daarna word gelet op die moontlike gevolge van elke alternatiewe aksie en hoe die hele situasie as gevolg van 'n bepaalde optrede kan verander.
- Die alternatief met die moontlikste gunstigste gevolg op die totale situasie word dan gekies.

Die neem van besluite is dus 'n verantwoordelike proses met betrekking tot die verreikende gevolge wat dit vir 'n betrokke gemeenskap, maar selfs ook vir 'n totale samelewing kan inhou. Besluitnemingsprosesse oefen nie net 'n invloed uit op die onderlinge dinamika in 'n gemeenskap nie, maar kan ook 'n verreikende effek op die wel en weë van 'n gemeenskap hê, afhangende watter aangeleentheid ter sprake is.

6.5.4 Konflik

Konflik is altyd deel van 'n gemeenskap se dinamika (Edwards & Jones, 1976:191) en wissel ten opsigte van intensiteit, omvang en herhaling of frekwensie, afhangende van die oorsake en funksie daarvan, asook die verskeidenheid van groepe of individue wat daaraan deelneem. Dit kan in kleiner groepe van 'n gemeenskap voorkom, of tussen verskillende lande in die wêreld. Konflik kan soos die ander elemente van gemeenskapsdinamika, aangewend word om bepaalde doelwitte te bereik.

6.5.4.1 Omskrywing van konflik

Volgens Edwards en Jones (1976:191) verwys konflik in 'n gemeenskap "...to a process of interaction in which two or more groups are so engaged in thwarting each other's purposes that their opposition makes itself felt throughout the community." Verskillende groepe of individue is dus betrokke by 'n proses waartydens eie doelwitte nagestreef word en indien dit deur 'n ander groep gedwarsboom of bedreig word, kan konflik 'n logiese uitvloeisel word. Dit kom dus daarop neer dat elke groep of individu sy eie belang probeer bevorder en indien dit teengewerk word, kan konflik gebruik word om die doel te bereik.

Kompetisie vorm volgens Odetola, *et al.* (1983:133) dikwels die grondslag vir konflik en noem in die verband dat konflik "...can be defined as the process of seeking to obtain scarce rewards by eliminating or weakening competitors." Wanneer groepe of individue dus in 'n situasie beland waar hulle ter wille van eie belang of doelwitte meeding, kan konflik ontwikkel en daarin manifesteer dat die betrokkenes mekaar byvoorbeeld saboteer of weerhou van die bereiking van sodanige doelwitte. Konflik kan op verskillende wyses manifesteer, byvoorbeeld, deur middel van aksies van geweld soos moord, aanranding moedswillige beskadiging van eiendom, dreigemente en "...as well as swearing an opponent's reputation" (Odetola, *et al.*, 1983:133).

6.5.4.2 Faktore wat konflik in die hand werk

'n Verskeidenheid faktore kan gesamentlik en afsonderlik tot konfliksituasies aanleiding gee. Die volgende situasies sou tot konflik in 'n gemeenskap kon aanleiding gee:

- Voortslepende konfliksituasies kan tot verdere konflik aanleiding gee. Konflik tussen bepaalde groepe wat nie bevredigend opgelos is nie, kan met die geringste verwikkelinge wat deur een of beide partye as bedreigend ervaar word, oorgaan tot intense kon-

flik. So, byvoorbeeld, sou die boerevereniging en sokkerklub in 'n bepaalde gemeenskap hulle beywer om dieselfde grond te bekom vir, onder andere, 'n skouterrein en sokkerveld. Die konflik kon tydelik bygelê word deurdat die owerhede aan nie een van die twee partye die grond beskikbaar gestel het nie. Indien die besluit later herroep word en een van die partye wel die geleentheid gebied word om sodanige grond te bekom, kan die konflik weer opvlam en deur die benadeelde party op die opponente, maar ook op die owerheid, gerig word. Sodanige konflik kan ook oor jare heen tussen families in dieselfde gemeenskap heers. Die konflikverhaal word dikwels in families van geslag tot geslag oorgedra en die nasate sou, byvoorbeeld, met die minste ervaring van wedersydse bedreiging oorgaan tot volwaardige konflik. (Vgl. Edwards & Jones, 1976:194.)

- Kompetisie tussen verskillende beroeps- en etniese groepe in die gemeenskap kan konflik in die hand werk. Indien die een groep deur owerheidsinstellings of stelsels bo die van hulle opponente bevoordeel of begeregtig word, kan 'n konfliksituasie geaktiveer of vererger word. In 'n poging om mag te bekom, kan hierdie situasie tot polarisasie in die gemeenskap lei, wat weer die potensiaal tot geweld het. (Vgl. Visser, *et al.*, 1991:24.)
- Wanneer groepe of individue in 'n gemeenskap in vergelyking met ander groepe of persone, verwaarloos word, ontstaan ideale omstandighede vir die ontwikkeling van konflik. Volgens Edwards en Jones (1976:194) en Visser, *et al.*, (1991:24) word konflik en selfs geweld, in die hand gewerk in situasies waar daar groepe is wat oor geen behuising beskik nie en as't ware deur die owerhede geïgnoreer word ten opsigte van hulle besondere behoeftes. Sodanige groepe kan later tot ernstige vorme van konflik oorgaan ten einde te probeer om iets aan hulle situasie te doen.
- Sowel Edwards en Jones (1976:194) en Visser, *et al.* (1991:24) is dit eens dat die uitsluiting van sekere groepe by die besluitnemingsproses en weerhouding van toegang tot hulpbronne, 'n belangrike aanleidende faktor tot konflik is. Na aanleiding van geweldsituasies in Suid-Afrikaanse woonbuurtes noem Visser, *et al.*, (1991:24) dat "...exclusion from being recognised as people, and as part of a society, is a recipe for conflict." Alhoewel dié opmerking in die konteks van die apartheidstelsel gemaak is, blyk dit tog ook die geval te wees in situasies waar sommige groepe of mense uitgesluit word van bepaalde gemeenskapsaktiwiteite wat hulle raak.

- Wanneer 'n groep ervaar dat daar nie na hulle geluister word nie, of dat daar nie aan hulle die geleentheid gegee word om hulle saak te stel nie, terwyl die opposisie wel aangehoor word, kan potensiële konflik maklik oorgaan in aksies wat selfs gewelddadig kan wees. Sodanige groep kan ervaar dat daar teen hulle gediskrimineer word en dat die opponente doelbewus bevoordeel word. (Vgl. Edwards & Jones, 19976:199-200.)
- Die verspreiding van gerugte by wyse van, byvoorbeeld, nuusberigte en brosjures wat die vrese of agterdog wat een groep van 'n ander het, bevestig, kan as belangrike stimulant tot konflik dien (Edwards & Jones, 1976:200). Groepe kan mekaar sodoende as vyandig en bedreigend ervaar met die gevolg dat hulle hulleself gaan verdedig en probeer beveilig deur, onder andere, die ander groep te probeer onderdruk of van mag te ontneem. Dit kan weer lei tot die ontketening van verdere akute konflik en geweld.
- Soms kan konflik ook aangevuur word deurdat 'n lid van die een groep wetend of onwetend, 'n beledigende opmerking of aantuiging teen lede van die ander groep maak. Dit gebeur dan soms dat 'n onbenulligheid tot ernstige konflik en selfs geweldsituasies kan aanleiding gee.

6.5.4.3 Verspreiding en verloop van konflik

Konflik kan op verskillende wyses verloop. Die faktore wat tot konflik aanleiding gee, tree in interaksie en sodoende ontwikkel unieke prosesse wat konflik genereer. Volgens Edwards en Jones (1976:201) het die hoeveelheid mense wat betrokke is by 'n bepaalde aangeleentheid, 'n belangrike invloed op die ontplooiing van konflik. Die verloop van die konflik gaan verskil van 'n situasie waar daar net enkele leiers van sekere organisasies by betrokke is en wanneer die totale bevolking betrek word, soos in die geval van 'n verkiesing. Daar is dan waarskynlik meer leiers van verskeie belangegroepe wat na vore kom en dus kan 'n groter aantal mense aangemoedig word tot deelname aan potensiële konfliksituasies.

Norme kan 'n belangrike rol speel ten opsigte van hoeveel mense by 'n konfliksituasie betrokke gaan raak. Indien norme ter sake is wat vir die breër gemeenskap van groot belang is, kan verwag word dat meer mense aan die konflik gaan deelneem. Meer mense gaan dan ervaar dat dit sake of waardes wat vir hulle van belang is, wat bedreig word.

Die wyses wat benut word om die konflik te hanteer en op te klaar, gaan 'n belangrike rol speel ten opsigte van die verdere verloop daarvan. In die geval van 'n positiewe skikking tussen groepe, ervaar beide partye dat hulle die geleentheid gehad het om hulle saak te stel en dat "...they have increased their understanding of the opposing point of view, and they are relatively satisfied with the terms to which they have acceded" (Edwards & Jones, 1976:205). In so 'n situasie het leiers aan beide kante wyses ontdek om met die ander party te handel en het hulle posisie by hulle ondersteuners sodanig versterk dat hulle met onderhandelinge kan voortgaan om die situasie op te los.

In die geval waar partye nie tot 'n bevredigende skikking kon kom nie kan dit tot gevolg hê dat die "...settlement of particular issues may involve such capitulation of one side to the other or such compromises on the part of both sides that the consequent dissatisfactions decrease the community's capability for resolving other issues" (Edwards & Jones, 1976:206). Dit kan tot gevolg hê dat leiers aan een of albei kante soveel aansien verloor dat hulle nie meer as bekwaam genoeg beskou word om met die proses voort te gaan nie. Gewoonlik word hulle dan deur meer militante leiers vervang wat onwillig is om kopromieë aan te gaan, met die gevolg dat die konflik dus eerder intensifiseer in pleks van om op te klaar.

6.5.4.4 Die gevolge en invloed van konflik

Konflik kan tot gevolg hê dat mense in posisies geplaas word waar daar bepaalde optredes van hulle vereis word wat nie noodwendig normaalweg met hulle vereenselwig word nie. Odetola, *et al.* (1983:134) meen dat "...the conflict process often places people in roles where they must be brutal." Dit is amper asof persone gedwing word om op gewelddadige wyse op te tree, alhoewel dit nie werklik eie aan hulle is nie.

Wanneer 'n groep bedreig word en konflik na vore tree, kan dit tot gevolg hê dat individue of groepe saamgebind word en 'n hoë mate van groepskohesie ontstaan. Verhoudings tussen individue onderling is dan gewoonlik ondergeskik aan die belange van die groep. Dit is die tipiese verskynsel dat onderlinge verskille ter syde geplaas word wanneer die groep in geheel bedreig word en daar 'n sterk appél op alle groepslede gemaak word om die bedreiging af te weer. (Vgl. Odetola, *et al.*, 1983:134.)

In uiterse vorme van konflik soos oorlogsituasies, kan groepe byna uitgewis word of baie lede aan die dood afgestaan word. Verder kan konflik ook in 'n kleiner gemeenskap tot ernstige skeurings aanleiding gee wat die vooruitgang en voorspoed van die totale gemeenskap in die wiele ry. (Vgl. Odetola, *et al.*, 1983:134.)

Konfliksituasies kan egter ook daartoe lei dat daar aan bepaalde groepe in gemeenskappe sekere voorregte toegestaan word, of dat daar aan groepe bepaalde dienste gelewer word wat voorheen nie die geval was nie. In die bedryfsopset is dit dikwels 'n wyse om salaris-aanpassings te bekom.

6.5.5 Kommunikasie

Kommunikasie bied die gedrag waardeur al die ander elemente van die dinamika van die gemeenskap uiting of vergestalting vind. Die mens kan nooit nie kommunikeer nie (Levant, 1984:2; Barker, 1992:45 & Sigman, 1993:126). Alle gedrag sou dus as 'n vorm van kommunikasie beskou kon word. Daar word egter aanvaar dat lede van 'n gemeenskap deur middel van kommunikasie op verskeie wyses in verskillende interaksieprosesse mag verkeer. Wanneer daar op kommunikasie gefokus word ten einde 'n aanduiding te gee van die rol wat dit in die dinamika van gemeenskappe speel, word slegs enkele fasette van dié omvattende onderwerp aangedui binne die konteks van gemeenskapsdinamika.

6.5.5.1 Omskrywing van kommunikasie

Indien alle gedrag as 'n vorm van kommunikasie gesien word, word die pogings om dit te omskryf in 'n sekere sin vereenvoudig, maar in 'n ander sin byna onmoontlik. Afhangende van die invalshoek van 'n bepaalde skrywer, sal sekere komponente van kommunikasie sterker beklemtoon word. So, byvoorbeeld, meld Sypher, Applegate en Sypher (1985:17) vanuit 'n kultuuroriëntasie dat "...culture is communication..." Dit kom daarop neer dat alle kultuuraktiwiteite by wyse van kommunikasie plaasvind. Carbaugh (1985:37) omskryf kommunikasie in die konteks van kultuur, meer spesifiek wanneer hy sê dat "[c]ommunication is an intersubjectively generated and regulated symbolic activity that is largely verbal". Dit is 'n aktiwiteit wat dus binne 'n subjektiewe konteks gebeur by wyse van die gebruik van simbole in die vorm van woorde.

Sigman (1993:125) dui ook aan dat kommunikasie 'n bepaalde aktiwiteit is, maar voeg by dat dit in 'n proses na vore tree, waartydens inligting hanteer word binne 'n sosiale omgewing. Hy voeg verder by dat kommunikasie 'n wyse is om werklikheidskepping te laat plaasvind wanneer hy sê dat "[c]omunication is the means by which social reality is created, lived through, sustained, and/or altered" (Sigman, 1993:125). Hy sluit dus aan by die uitgangspunt van die konstruksionisme dat werklikhede by wyse van onderlinge gesprekvoering geskied. Met ander woorde, by wyse van kommunikasie kry individue die geleentheid om deur middel van taalgebruik uitdrukking te gee aan hulle betekenisgewing aan gebeure in hulle leefomgewings. (Vgl. Anderson & Goolishan, 1988:372 en. 3.2.4.3.)

Ten einde die rol en funksie van kommunikasie beter te begryp, is dit nodig om enkele aspekte rakende die aard daarvan, kortliks aan te dui. Eerstens is dit belangrik om die mees basiese kenmerk van kommunikasie uit te wys, naamlik dat dit op verbale en nie-verbale wyse kan geskied. Wanneer daar aan kommunikasie gedink word is verbale kommunikasie waarskynlik dié vorm van kommunikasie wat eerste by 'n mens opkom. "Verbal communication is communication by symbolic language – that is, language that uses symbols to refer to actualities of the real world" (Levant 1984,:2). Taal is dus die medium waardeur verbale kommunikasie geskied. Volgens Barker (1992:44-45) het Watzlawick, Beavin en Jackson ten opsigte van verbale kommunikasie twee aspekte geïdentifiseer, naamlik die sintaks ("syntax") en semantiek ("semantics"). Eersgenoemde verwys na die wyses of reëls wat in 'n bepaalde taal geld om woorde in sinne saam te voeg, ten einde uitdrukking te kan gee aan bepaalde betekenisse. Dit dui dus op die taal- of grammatikale reëls wat vir 'n bepaalde taal geld. Die "semantics" dui weer op die betekenis van die woorde wat gebruik word, met ander woorde "...it deals with the principles that govern the relationship between words or sentences and their meaning, the clarity of language and its use in particular situations" (Barker, 1992:45). Alhoewel die betekenis van woorde in woordeboeke opgeteken word, kan verskillende groepe binne 'n bepaalde kultuur- of leefkonteks, eiesoortige betekenisse aan sekere woorde heg. Barker (1992:45) noem dan ook dat daar in baie gesinne of ander groepe "private languages" mag wees. Levant (1984:3) bespreek, onder andere, die volgende fasette van nie-verbale kommunikasie:

- Die "paralinguistic" verskynsel dui op "...vocal sounds that are not part of the language" (Levant, 1984:3). Dit sluit aspekte in soos stemtoon, hoe hard of sag gepraat word, emosionele klanke soos om te sug, te huil of te lag.

- Liggaamshouding ("kinesic communication") wat, onder andere, verwys na gesigsuitdrukkings en bewegings van al die liggaamsdele.
- Die wyse hoe 'n individu homself aanbied wat betref kleredrag en voorkoms, vorm ook deel van nie-verbale kommunikasie.
- 'n Verdere faset van nie-verbale kommunikasie vind uiting in die wyse van hoe 'n groep individue, wanneer hulle in 'n groepsituasie kom, hulleself posisioneer ten opsigte van, byvoorbeeld, persoonlike ruimte en of hulle mekaar in die oë kyk en of sommige hulle rug na mekaar toe draai.

Alhoewel nie-verbale kommunikasie nie so seer direk feitelike inligting oordra nie, kwalifiseer dit die verbale boodskap. Die bedoeling van die verbale boodskap word dus deur die nie-verbale boodskap oorgedra. So, byvoorbeeld, sou die nie-verbale aanduidings wat 'n verbale boodskap vergesel, aandui of iets as 'n grap, 'n dreigement of 'n apologie bedoel is. Wanneer daar egter 'n verskil tussen die verbale en nie-verbale boodskap is, kan aanvaar word dat die nie-verbale boodskap die ware gevoelens en bedoeling van die persoon weergee (Barker, 1992:45 & 46).

Die volgende eienskappe van kommunikasie word deur Barker (1992:45-47) geïdentifiseer en kan verder lig werp op die implikasies wat dit mag inhou op die interaksie wat tussen verskillende persone of groepe plaasvind:

- 'n Mens kan nooit nie kommunikeer nie, met ander woorde "[a]ll behaviour occurring when one person is in the presence of another carries some sort of message" (Barker, 1992:45). Al sou 'n persoon ook doodstil sit sonder om 'n woord te sê, is hy ook besig om te kommunikeer. Afhangende van die konteks waarin dit plaasvind, sal die betekenis van sodanige kommunikasie geïnterpreteer kan word.
- Kommunikasie het ook verhoudingskomponente en dit gaan nie net oor inhoudelike aspekte wat oorgedra word nie. "Communications do not just give information; they also define the relationship between those communicating" (Barker, 1992:45). Dieselfde sin kan op verskillende maniere gesê word en sodoende verskillende aanduidings gee van die aard van die verhouding. Dit is dus veral die nie-verbale faset van die kommunikasie wat dit wat verbaal gesê word, kwalifiseer ten opsigte van die betekenis wat dit op verhoudingsvlak kan inhou.

- In 'n reeks interaksies is dit soms moeilik om te bepaal watter sin of sinne wat gesê is of reaksie wat gegee word, die stimulus of respons is tot 'n opmerking of kommunikasie wat plaasgevind het. In die geval van 'n konfliksituasie is dit dus moeilik om te bepaal watter opmerking van die betrokkenes die stimulus tot die konflik was.
- Kommunikasie kan simmetries of komplimentêr wees en dit is ook tipies van die verhouding tussen mense. Wanneer kommunikasie as simmetries beskryf word, dui dit daarop dat die betrokkenes op gelyke vlak in die verhouding verkeer, maar as dit komplimentêr is, is daar gewoonlik 'n ongelykheid. So is die verhouding tussen 'n geneesheer en pasiënt of onderwyser en kind voorbeelde van komplimentêre verhoudings. Kulturele waardes en gewoontes speel gewoonlik 'n rol in die bepaling of 'n verhouding simmetries of komplimentêr is.
- In die konteks van 'n gemeenskap kan kommunikasie of interaksie volgens Edwards en Jones (1976:16) die volgende vorme aanneem:
  - Dit kan samewerkend of kompeterend wees, met ander woorde mense kan mekaar in die kommunikasieproses ondersteun of opponeer.
  - Mense kan deur middel van hulle onderlinge interaksie 'n gesindheid van welwillendheid en ondersteuning openbaar of vyandigheid en antagonisme wys.
  - Kommunikasie kan 'n konteks van onderhandeling daarstel of 'n situasie van wetlike eise skep.
  - Dit kan op burokratiese of spontane wyse geskied, met ander woorde persone in 'n magsposisie kan die situasie dikteer of alle betrokkenes kan spontaan en ongebonde aan die interaksieproses deelneem.
  - Kommunikasie kan op 'n spontane en gemaklike wyse plaasvind, byna soos 'n roetine, met ander woorde dit word nie vooraf beplan nie, terwyl dit ook soms op 'n beplande wyse kan geskied wanneer deelnemers vooraf doelbewus beplan en die interaksie berekend reguleer.

In die lig van die vele fasette van kommunikasie, dat alle gedrag as't ware 'n vorm van kommunikasie is en dat verskeie tale binne verskillende kultuurkontekse gebruik word om te kommunikeer, kan aanvaar word dat dit 'n ingewikkelde sosiale verskynsel is, wat nodig is om te kan oorleef op fisiese, emosionele en sosiale gebied. Kommunikasie het aldus 'n

verskeidenheid funksies waarvan in die bestek van hierdie bespreking slegs enkeles aangeraak is.

6.5.5.2 Wyse hoe kommunikasie in die gemeenskap kan plaasvind

Verbale en nie-verbale kommunikasie kan op verskillende wyses of deur middel van verskeie kanale plaasvind. Die algemeenste wyse van kommunikasie is wanneer twee of selfs meer mense van aangesig tot aangesig kommunikeer (Edwards & Jones, 1976:16). Hulle kry dus die geleentheid om mekaar in die oë te kyk en sowel die verbale as nie-verbale komponente van die onderlinge kommunikasie waar te neem. Daar kan ook onmiddellik op mekaar se reaksies gereageer word en sodoende kan die kommunikasieproses vinnig ontwikkel.

Kommunikasie vind toenemend met behulp van tegnologiese hulpmiddels soos die telefoon, radio, rekenaar en televisie plaas. Telefoniese gesprekke bied die geleentheid vir verbale kommunikasie en 'n beperkte mate van nie-verbale kommunikasie. Aspekte soos stemtoon en die driftigheid of sagtheid wat tydens die gesprek na vore kom kan aan die deelnemers 'n aanduiding gee van die bedoeling wat met reaksies of response be-oog word.

Volgens Horton en Wohl (1993:156) kan kommunikasiemedia soos die radio, en veral televisie, 'n "para-social relationship" tussen die aanbieder en toeskouer of aanhoorder, skep. 'n Eienskap van dié massamedia "...is that they give the illusion of face-to-face relationship with the performer" (Horton & Wohl, 1993:156). Vir die televisiekyker is dit asof die verskillende karakters deel van sy onmiddellike omgewing is - as't ware deel van sy vriende is, tog kan hy enige tyd sonder waarskuwing homself van die kommunikasieproses onttrek deur bloot die televisie af te skakel. Deelname aan inbelprogramme bring egter 'n nuwe dimensie in die kommunikasieprosesse wat via die massamedia plaasvind, en veral, in die opsig dat deelnemers sodanig in direkte interaksie geplaas word dat idees en gevoelens onmiddellik wedersyds gedeel kan word.

Die geskrewe woord by wyse van nuusblaaie, tydskrifte, boeke, internet, briefwisseling en vonkpos (e-pos), is verdere kanale waardeur kommunikasie kan geskied. Alhoewel dit net aan verbale kommunikasie uitdrukking kan gee, vorm dit tog 'n belangrike vorm van

interaksie in gemeenskappe, maar ook in die konteks van die breë samelewing. Briefwisseling en e-pos bied geleentheid vir 'n een-tot-een situasie met 'n groot mate van privaatheid. Die mag van die geskrewe woord in die interaksieprosesse in gemeenskappe kan seker nooit onderskat word nie.

6.5.5.3 Die rol en funksie van kommunikasie

Deur middel van kommunikasie kry individue die geleentheid om uitdrukking te gee aan hulle eie betekenisgewing, maar skep ook sodoende by wyse van onderlinge interaksie, nuwe betekenis. Anderson en Goolishian (1988:372) verduidelik dat "[w]e do not arrive at or have meaning and understanding until we take communicative action, that is, in some meaning-generating discourse or dialogue within a system for which the communication has relevance." Kommunikasie is dus onontbeerlik vir betekenisgewing en vir die voortdurende evolusie van werklikhede. Werklikheidskonstruering kan nie sonder interaksie plaasvind nie.

Sosiale stelsels is vir hulle ontstaan en voortbestaan afhanklik van kommunikasie. Anderson en Goolishian (1988:372) bevestig dat "...a sociocultural system is the product of social communication..." Die gedagte word verder deur Sigman (1993:126) uitgebrei wat meen dat "...communication processes are considered societal phenomena, prerequisites for the continuity, integration and adaptation of the social system." Sonder kommunikasie kan daar dus nie sosiale sisteme of organisasies wees nie, met ander woorde dit is deur middel van kommunikasie dat individue onderling hulleself in verhoudinge organiseer ten einde verskeie sosiale sisteme te vorm. Daar kan dus gesê word dat alle sosiale groeperinge produkte van kommunikasie is. Die gesin, gemeenskap en breër samelewing is dus produkte van sosiale interaksieprosesse. Kommunikasie is dus nie net die voedingsbron van interpersoonlike verhoudings en verskillende vorme van sosiale lewe binne gemeenskapskonteks nie, maar is ook die skepper en instandhouer daarvan. Dit beteken verder dat die beoefenaar van kommunikasie dus sy eie sosiale omgewing skep, rig en in stand hou. Dit is waarskynlik waarom Sypher, *et al.* (1985:17), onder andere, tot die gevolgtrekking kom dat [c]ommunication behaviour is the primary vehicle for the active creation and maintenance of cultures."

Deur middel van kommunikasie skep individue, groepe en gemeenskappe dus hulle eie interne struktuur in terme van hiërargiese patrone, waardes, reëls, rolle, magstrukture en gevolglik hulle totale dinamika. (Vgl. Sigman, 1993:129.) Die dinamika van 'n gemeenskap is dus die produk van die kommunikasieprosesse wat voortdurend binne sodanige gemeenskap plaasvind. Kommunikasie behels dus veel meer as net die uitruil van inligting – dit is 'n totale skeppingsproses wat waarskynlik sal voortduur solank as daar mense is wat met mekaar in interaksie kan tree.

6.6 SAMEVATTING

Binne die konteks van die struktuur, geografiese en sosiale omgewing van 'n bepaalde gemeenskap, neem die betrokke gemeenskap se dinamika vorm aan en speel 'n bepalende rol in die konstruering van hulle werklikheid. Dit lei verder tot bepaalde gedragspatrone en gewoontes binne die gemeenskap en het as sulks 'n prominente invloed op enige vorm van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe.

Die struktuur van 'n gemeenskap kan lei tot die ervaring van besondere behoeftes byvoorbeeld die afwesigheid van opvoedkundige instellings kan 'n ernstige gevolg hê, veral vir die kinders in so 'n gemeenskap. Die aanwesigheid van groot nywerhede kan weer lei tot werksgeleenthede, maar weens besoedeling, gesondheidsgevare vir die gemeenskap inhou. Sodanige gemeenskap se werklikheidskonstruering met betrekking tot, byvoorbeeld, plattelandse gemeenskappe waar weinig indien enige besoedeling plaasvind, sal radikaal verskil. Inisiatiewe met betrekking tot ontwikkeling sal gevolglik ook verskil na aanleiding van die verskillende werklikheidskonstruerings.

Elke gemeenskap beskik ook oor 'n unieke dinamika, met ander woorde die leierskapstyle, magspatrone, kommunikasiewyses en beluitnemingsprosesse verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Daar kan gestel word dat die "lewe" van elke gemeenskap uniek is en deur verkeie faktore soos die besondere kultuurwaardes, gewoontes, sosiale omgewing en geografiese omstandighede bepaal word. Die dinamika en struktuur van die gemeenskap verander oor tydperke heen en is soos die term dinamika aandui, nie stagnant nie, maar in 'n voortdurende evolusieproses. Weens die belangrike rol wat die dinamika, struktuur en omgewing van 'n gemeenskap speel in die dag tot dag lewe binne 'n gemeenskap, sou dit

belangrike komponente wees om in ag te neem by die loodsing en implementering van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe.

'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL WAT VOLGENS DIE NARRATIEWE WERKSWYSE ONTWERP IS: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

Die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel na aanleiding van die narratiewe metode word gerugsteun deur die basiese uitgangspunte van die konstruktiwisme en konstruksionisme en (vgl. hoofstuk 3) is gegrond op die siening dat daar in elke gemeenskap 'n verskeidenheid sosiale prosesse aan die gang is wat lei tot die konstruering van werklikhede in sodanige gemeenskap. Daar word aan hierdie werklikhede uitdrukking gegee deur middel van taal in die vorm van verskeie narratiewe. (Vgl. Trickett, *et al.*, 1993:268-269; Doan, 1997:130 en Van der Berg, O'Neil & Collins, 1999:113-114.) Binne die Suid-Afrikaanse konteks waar gemeenskappe deur kultuurdiversiteit gekenmerk word, behoort die konstruktiwsitiese en konstruksionistiese epistomologie 'n handige raamwerk te bied wat voorsiening maak vir sensitiwiteit en onderlinge begrip ten opsigte van werklikhede, wat juis as gevolg van, onder andere, historiese gebeure en kulturele waardes, grootliks mag verskil. (Vgl. Trickett, 1994:585; Saleebey, 1994:352-353 & Lee, 1996:187-189.)

Met die oog daarop dat die gemeenskap eienaarskap vir sy eie ontwikkeling behoort te aanvaar, en in die lig van die konstruksionistiese uitgangspunt dat gemeenskapswerklikhede deur 'n voortdurende proses van interaksie gekonstrueer word (Trickett, *et.al.*, 1993:268-269), word daar sterk gefokus op die deelname van gemeenskapslede vanaf grondvlak ten opsigte van alle aktiwiteite. Dié deelname behoort verder by te dra tot 'n bemagtigingsproses van individue en groepe binne die gemeenskap met ontwikkeling van die totale gemeenskap as resultaat. (Vgl. Groenewald, 1989:260-264; Rich, *et al.*, 1995:659-660 en Wetmore & Theron, 1998:30, 41-43.)

Aangesien die struktuur en dinamika van die gemeenskap die sosiale milieu en prosesse verteenwoordig waarbinne ontwikkeling gestalte vind, is dit nodig om dit tydens die inisiëring van enige ontwikkelingsaksie te verreken en sensitief daarby aan te sluit. (Vgl. Hoofstuk 6.)

Alhoewel verskeie professies aan gemeenskapsontwikkeling kan deelneem, word daar in hierdie model uitgegaan van die veronderstelling dat die maatskaplike werker die hoofrolspeler met betrekking tot die fasilitering van die ontwikkelingsproses is. Gevolglik word daar sterk gesteun op die beginsels en werkswyses van dié professie. Daar word ook die standpunt gehuldig dat die geïntegreerde benutting van al die metodes in maatskaplike werk onontbeerlik is wanneer gemeenskapsontwikkeling gedoen word.

7.1 BASIESE UITGANGSPUNTE TEN GRONDSLAG VAN DIE ONTWERP VAN 'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL VOLGENS DIE NARRATIEWE WERKSWYSE

Volgens die uiteensetting van die konstruktiwisme en konstruksionisme in hoofstuk 3 en die narratiewe werkswyse in hoofstukke 4 en 5, kan die volgende uitgangspunte, in die konteks van 'n gemeenskap en gemeenskapsontwikkeling, bespreek word:

- Na aanleiding van die uitgangspunt van die konstruktiwisme en konstruksionisme dat elke mens sy eie werklikheid konstrueer deur sy reaksie en die betekenis wat hy aan persoonlike ervaring gee, kan daar gestel word dat elke gemeenskap dus uit mense met unieke werklikheidskonstruksies bestaan. Daaglikse ervarings van gemeenskapslede in hulle betrokke gemeenskap ten opsigte van alle fasette van menswees, lei verder tot die gee van betekenis aan hierdie ervarings, met ander woorde tot die konstruering van unieke werklikhede. Die voortdurende interaksieprosesse wat daar in die verskillende groeperings van 'n gemeenskap plaasvind, bring 'n verdere uitbreiding van betekenisgewing na vore, met resultaat verdere konstruerings van die werklikheid van die betrokke deelnemers. Foster-Fishman, *et al.* (1998:513) sluit hierby aan en noem dat "...because knowledge is contextually and historically bound by space and time, the reality seen or understood at one particular point may shift significantly across settings and across time." Daar moet dus in ag geneem word dat die werklikhede in 'n bepaalde gemeenskap in 'n voortdurende proses van evolusie is. Die proses van gemeenskapsontwikkeling gaan vanweë veral die voortdurende interaksie wat daarmee gepaard gaan, bydra tot die voortdurende proses van die konstruering van nuwe, gewysigde of alternatiewe werklikhede.

In 'n gemeenskap kan daar 'n groot verskeidenheid van unieke en deels ooreenstemmende werklikhede aangetref word. Daar word deur middel van taal uitdrukking aan dié werklikhede gegee binne 'n bepaalde sosiale, historiese en kulturele konteks (Lee, 1996:188). Taal kan nooit los van 'n kultuurmilieu bestaan nie, want "...language inevitably originates from culture milieu, and it is typically construed as the feature that most clearly differentiates cultures" (Paré, 1995:6). Volgens Saleebey (1994:352) is kultuur juis die medium waardeur die individu betekenis gee aan sy besondere ervaringe in die wêreld. Die konstruering van werklikhede deur gemeenskapslede word dus sterk beïnvloed deur hulle kulturele omgewing en historiese oorsprong. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks is sekere gemeenskappe se omstandighede as agtergeblewe geïnterpreteer veral na aanleiding van hulle ervaringe van die historiese gebeure in die apartheidstydperk. Die werklikheid wat in die verband ontstaan het, huisves, onder andere, die siening dat die inwoners van sodanige gemeenskappe in die verlede van sekere ontwikkelingsgeleenthede weerhou is en aldus nou agtergeblewe is. Alhoewel dit nie noodwendig die enigste werklikheidskonstruerings is wat oor die betrokke gemeenskappe bestaan nie, word hulle redelik algemeen beskou as die teiken van verskeie ontwikkelingsinisiatiewe.

Daar kan aanvaar word dat die konstruering van eie unieke werklikhede deur gemeenskapslede individueel en deur groepe in die gemeenskap 'n betekenisvolle effek op enige ontwikkelingsinisiatief sal hê. Wat die situasie nog meer kompleks maak, is dat die persone wat as ontwikkelaars by gemeenskappe betrokke raak, ook eie unieke werklikhede het wat gevorm is teen die agtergrond van hulle eiesoortige breër kultuurmilieu en spesfieke professionele kultuurkonteks. In die verband noem Lee (1996:188) dat "...the racially dissimilar social worker and client often approach each other with little understanding of each other's social realities and with unfounded assumptions which impede professional helping." Verder behoort ook in ag geneem te word dat die verskillende mense betrokke by ontwikkelingswerk, naamlik die individuele gemeenskapslede, groepe in die gemeenskap en ontwikkelaars, vanaf die eerste ontmoeting bepaalde ervaringe van mekaar beleef en outomaties oorgaan om betekenis aan sodanige ervaringe te gee. Die gevolg is dat daar tydens die hele fase van gemeenskapsontwikkeling voortdurende vervorming en ontwikkeling van nuwe werklikheidskonstruktuerings plaasvind. (Vgl. 3.2.4.3.) Alhoewel daar

ooreenstemming mag wees tussen die verskillende konstruksies, handhaaf elke individu steeds 'n eie unieke werklikheid. Die kultuurdiversiteit wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe aangetref word, het tot gevolg dat daar 'n nog groter variasie van werklikhede teenwoordig is en gevolglik kan ontwikkelingswerk nog meer kompleks raak.

- Omdat daar verskillende konstruksies van die werklikheid in 'n gemeenskap bestaan, is dit onmoontlik om situasies objektief met mekaar te vergelyk en tot bepaalde gevolgtrekkings te kom. Daar bestaan dus nie die moontlikheid om objektiewe beoordelings of evaluerings, byvoorbeeld, ten opsigte van 'n gemeenskap se behoeftes of funksionering te maak nie. (Vgl. 3.3.2 & 3.3.3.) Om na 'n gemeenskap as 'n agtergeblewe gemeenskap te verwys sou as 'n vorm van evaluering gesien kon word, aangesien die betrokke gemeenskap met ander vergelyk moes word om sodanige besluit te neem. Sodanige gevolgtrekking is maar net nog 'n konstruksie van die werklikheid en hoef nie noodwendig deur 'n gemeenskap aanvaar te word nie.
- Die gemeenskapswerker of –ontwikkelaar tree nie as die alleen-kundige na vore nie, maar tree uit 'n "nie-kundige" posisie op "... [that] requires believing in and honouring the client's [community's] expertise on their lives and talking with them about it in a manner that is unique to the client [community]..." (Holmes, 1994:156). Die gemeenskap as geheel, maar ook die verskillende indivuele lede van die gemeenskap, word as kundiges beskou ten opsigte van hulle besondere omstandighede, behoeftes en probleme. Daar word aanvaar dat die gemeenskap oor bepaalde waardevolle kennis beskik wat aangewend kan word om probleemsituasies te hanteer en/of ontwikkelingsaksies te inisieer. Die kundigheid van die maatskaplike werker sal wees om 'n proses te fasiliteer waaraan die gemeenskap deelneem en wat tot ontwikkeling lei, of dan tot aksies wat die problematiek in die gemeenskap kan oplos en/of in bepaalde behoeftes van die gemeenskap voorsien. (Vgl. 4.3.7.1.)

In die fasilitering van die proses van ontwikkeling, tree die maatskaplike werker dus vanuit 'n nie-kundige ("not-knowing") posisie op en is gevolglik nie die persoon met meerdere kennis van die situasie of moontlike oplossings nie. Sy beklee ook nie 'n hoër magsposisie as die gemeenskapslede self nie. Indien sy wel uit 'n magsposisie sou optree, kan dit 'n belangrike doelwit van ontwikkeling, naamlik bemagtiging van die gemeenskap en dus van elke gemeenskapslid, bedreig. Die gemeenskap as geheel,

maar ook elke lid behoort te ervaar dat hulle oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die problematiek waarmee die gemeenskap worstel, te hanteer, met oplossings vorendag te kan kom en die ontwikkelingsaksies self te kan loods.

- 'n Gemeenskap gee uitdrukking aan sy werklikheid deur middel van taal. Dit sou die unieke werklikheidskonstruksies van die verskillende individuele gemeenskapslede insluit. Deur middel van taal word daar as't ware geboorte geskenk aan die betekenisse wat aan die ervarings binne 'n gemeenskap gegee word. (Vgl. Von Glasersfeld, 1995:3 & .3.2.3.2.) Hierdie uitdrukking van die werklikheid vind plaas in die vorm van storievertelling of narratiewe wat binne die gemeenskap ontwikkel. Binne die raamwerk van 'n storie gee die lede van 'n gemeenskap dus uitdrukking aan sy belewenisse en meegaande interpretasies. In die redaksionele kommentaar van die April 1997 uitgawe van *Social Work in Education* se omskrywing van 'n storie word aangedui dat 'n storie beskryf kan word "...as people's expressions of their ideas, feelings, lived experiences, and meanings, as well as events and people of significance to them" (Editorial comments, 1997:67). 'n Storie bied dus aan die gemeenskapslede die geleentheid om uitdrukking te gee aan dit wat met hulle gebeur, hulle belewenisse en die interpretasies daarvan. Deur middel van storievertelling word daar 'n stem aan die lewe van gemeenskapslede en dus van die gemeenskap as geheel, gegee.

Die narratiewe wat in 'n gemeenskap ontstaan, is die gemeenskap se samevoeging van verskillende stories van die individuele gemeenskapslede en kan beskryf word "...as prototypical discourses that are grounded in and essential to the culture, in contrast to people's more "idosyncratic stories" (Editorial comments, 1997:67-68). In 'n gemeenskap is daar dus 'n groot verskeidenheid unieke individuele stories asook narratiewe, wat deur groter groeperinge in die gemeenskap nagehou word. Daar kan aanvaar word dat die verskillende narratiewe dus veral sou dui op ervarings en interpretasies wat die gemeenskap gesamentlik beleef, en te midde van onderlinge unieke interpretasies tog 'n groot mate van ooreenkoms openbaar. Rappaport (1995:796) dui ook aan dat "...there is a mutual influence process between these community, organizational, and personal stories." Dit strook met die siening van die konstruksionisme, naamlik dat nuwe werklikhede, met ander woorde, nuwe stories en narratiewe gevorm word deur 'n proses van onderlinge interaksie in die gemeenskap. (Vgl. 3.2.4.) In sy verwysing na 'n gemeenskapsnarratief, omskryf Rappaport (1995:803) dit soos volg: "A

community narrative is a story that is common among a group of people. It may be shared by the group through social interaction, texts (although texts are not necessary), and other forms of communication including pictures, performances, and rituals." In gemeenskappe kan daar dus deur prosesse van onderlinge interaksie voortdurend nuwe stories ontwikkel word, met ander woorde nuwe werklikhede word gekonstrueer.

Rappaport (1995:803)gaan ook verder deur te sê dat "[a] group of people with a shared narrative may constitute a community." Dit is dus duidelik dat die narratief 'n spesifieke funksie in 'n gemeenskap speel ten einde die gemeenskap as't ware te laat realiseer met 'n eie identiteit. Weens die gesamentlike narratiewe wat in 'n gemeenskap teenwoordig is, word die bepaalde groepering van mense dus as 'n gemeenskap geïdentifiseer.

Die narratiewe in 'n gemeenskap ontwikkel of skep betekenis, emosies, herinneringe en identiteit (Rappaport, 1995:796). Sowel die identiteit van individuele gemeenskapslede as die gemeenskap in geheel, word dus deur die narratiewe wat in die gemeenskap leef, bepaal. So sou narratiewe van armoede, werkloosheid en onvoldoende basiese geriewe, byvoorbeeld, daartoe kan lei dat die gemeenskap die identiteit van armoedig, agtergeblewe of selfs agterlikheid mag hê. In gemeenskappe soos die meeste Suid-Afrikaanse gemeenskappe waar misdaad hoogty vier ontwikkel 'n identiteit van 'n misdadige en gevaarlike gemeenskap. So kan dit gebeur dat mense sekere gemeenskappe liefs vermy in 'n poging om te voorkom dat hulle 'n slagoffer van misdaad word.

Benewens die stories en narratiewe wat spontaan in 'n gemeenskap ontstaan na aanleiding van hulle unieke ervarings, meen Saleebey (1994:356) dat narratiewe ook van buite die gemeenskap mag kom. Soms kom dit sterk uit politieke geledere en word byna op die gemeenskap afgedwing. Rappaport (1995:796) sluit hierby aan en noem dat "[f]or many people, particularly those who lack social, political, or economic power, the community, neighborhood, or cultural narratives that are available are negative, narrow, "written" by others for them,..." Sodoende word die gemeenskap deel van narratiewe wat losstaan van hulle eie ervaring en betekenisgewing. Die

narratief is eerder 'n saampratery as wat dit werklik die realiteitskonstruksie van die betrokke gemeenskap weergee.

Die stories en narratiewe in 'n gemeenskap het 'n betekenisvolle invloed op gedrag en volgens Rappaport (1995:796) vertel stories "...not only who we are but who we have been and who we can be." Die betekenis wat gemeenskapslede of 'n gemeenskap aan hulle ervaringe gee en die meegaande narratiewe kan tot gevolg hê dat hulle in bepaalde dilemmas of krisisse beland (Saleebey, 1994:356). Gemeenskapslede se interpretasie van, byvoorbeeld, werksmoontlikhede kan so negatief wees dat hulle daardeur lam gelê word en dus nie in staat is om inisiatief aan die dag te lê ten opsigte van pogings om werk te skep nie. Die teenoorgestelde kan egter ook gebeur, naamlik dat gemeenskappe narratiewe kan ontwikkel wat die betekenis van hoop het. In sulke gevalle kan verwag word dat gemeenskapslede hulle omstandighede herinterpreteer en mag eindig met 'n interpretasie van hoop. Die gevolg hiervan kan wees dat werklose gemeenskapslede aktief begin aksie neem om werk te skep. Dit blyk dus dat die ontwikkeling van 'n gemeenskap sterk beïnvloed kan word deur die narratiewe wat in die betrokke gemeenskap heers. Rappaport (1995:796) stel dit dan ook dat "[t]he goals of empowerment are enhanced when people discover, or create and give voice to, a collective narrative that sustains their personal life story in positive ways." Gemeenskapsontwikkeling sou dus die ontwikkeling van nuwe of alternatiewe stories en narratiewe in die gemeenskap beteken.

- Aangesien individue die basiese boustene van 'n gemeenskap vorm, sou geredeneer kon word dat 'n gemeenskapsontwikkeling ten diepste die ontwikkeling van elke individuele lid beteken. 'n Gemeenskap kan alleen bemagtig word indien elke individuele lid tot 'n mindere of meerdere mate bemagtig word. (Vgl. Roux, 1995:40 en Wetmore & Theron, 1998:30.) Wanneer die individuele gemeenskapslede by 'n proses van hulle eie ontwikkeling betrokke raak, raak hulle gewoonlik gemotiveer om aktief deel te neem aan die ontwikkeling van die totale gemeenskap. Roux (1995:40) noem in die verband dat gemeenskapslede "...become motivated to solve their common problems and thus participate in their own development instead of being passive beneficiaries of developmental aid." Die ontwikkeling van die self in alle fasette van die lewe is dus essensieel om motivering te kweek vir die identifisering, loodsing en instandhouding van ontwikkelingsprogramme in 'n gemeenskap.

7.2 DIE BEGINSELS GRONDLIGGEND AAN DIE ONTWERP VAN 'N NARRATIEWE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL: 'N MAATSKAPLIKEWERK-PERSPEKTIEF

Alhoewel die basiese beginsels van die professie maatskaplike werk grondliggend aan alle maatskaplikewerk-aksies lê, en gevolglik ook in gemeenskapsontwikkeling ter sake is, is dit wel nodig om dit in die lig van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie en die narratiewe strategie te stel. Die volgende beginsels is veral ter sake by die implementering van die ontwikkelingsmodel onder bespreking:

7.2.1 Respek

Die HAT (1992:899) omskryf respek met drie verdere begrippe, naamlik eerbied, ontsag en agting. In die konteks van gemeenskapsontwikkeling sou dit beteken dat die maatskaplike werker die gemeenskap en alle individuele gemeenskapslede respekteer indien sy hulle met eerbied en agting behandel en toon dat sy in alle situasies vir hulle ontsag het. Dit sluit aan by White (1997:200-203 & 1998a) se siening dat die maatskaplike werker altyd daarteen moet waak om nie sogenaamde magspraktyke ("power practices") te beoefen nie. Die maatskaplike werker moet dus altyd deurgaans poog om nie in 'n magsposisie tot die individuele kliënt of 'n totale gemeenskap te staan nie. In plaas daarvan behoort die gemeenskap te ervaar dat die maatskaplike werker hulle ag, vertrou en besondere eerbied vir hulle menswees en kennis het. Schenck en Louw (1995:9) noem dan ook dat "[p]eople simultaneously need to gain self confidence and know that what they think is important and valued." Dit sluit aan by die gedagtegang dat die maatskaplike werker nie die kundige in die situasie is nie, maar uit 'n "nie-kundige" posisie behoort te opereer.

'n Verdere aspek van die betoning van respek teenoor die gemeenskap is dat die maatskaplike werker sensitief sal wees vir die verskeidenheid/diversiteit wat in 'n gemeenskap teenwoordig is. Dit sou, onder andere, beteken dat daar in ag geneem word dat daar binne elke gemeenskap verskille mag wees ten opsigte van kultuur, godsdiens, ras, taal, geslag, ouderdom, inkomste en kwalifikasies. (Vgl. Trickett, *et al.*, 1993:264-265.) Die verskillende groepe behoort dan met dieselfde agting en eerbied gehanteer te word, met ander woorde die een groep mag nie ervaar dat die maatskaplike werker 'n ander groep hoër ag of probeer bevoordeel nie.

7.2.2 Deursigtigheid

Die beginsel om die gemeenskap te respekteer, word verder ondersteun deur 'n deursigtige werkswyse deur die maatskaplike werker. Dit kom daarop neer dat alle aksies en werksaamhede van die maatskaplike werker aan die gemeenskap bekend sal wees en met hulle medewete en samewerking sal geskied. (Vgl. 4.3.7.2.) Daar word dus nie besluite geneem of beplanning gedoen sonder dat die gemeenskap nie daaroor geraadpleeg is of direk by die uitvoering van bepaalde aksies betrokke is nie. Die gemeenskap behoort die ervaring te hê dat hulle insette van kardinale belang is en dat die hele ontwikkelingsaksie eintlik in hulle hande is.

Buite persone beweeg dus nie sonder meer in 'n gemeenskap in en onderneem na aanleiding van eie agendas bepaalde aksies sonder die inspraak en deelname van die gemeenskapslede nie. Dit is ook belangrik dat soveel gemeenskapslede as moontlik oor alle gebeure ingelig sal word. Daarom is die kommunikasienetwerke wat benut word tydens ontwikkelingswerk, van groot belang. Alle lede behoort dus die ervaring te hê dat hulle belangrik genoeg geag word om by alle fasette van die ontwikklingsinisiatief betrek te word. Daar is dus nie plek vir geheime agendas in gemeenskapsontwikkelingswerk nie. 'n Deursigtige werkswyse bevestig nie net alleen die respek wat aan die gemeenskap betoon word nie, maar skep vertroue en vorm die basis vir verdere selfwerksaamheid.

7.2.3 Selfbeskikking

Die gemeenskap en dus elke individuele gemeenskapslid behoort te ervaar dat hy die reg en verantwoordelikheid het om besluite oor sy gemeenskap en gemeenskapslewe te kan neem. Die insluiting van die totale gemeenskap by die neem van alle besluite gee hulle nie alleenlik inspraak in hulle eie omstandighede nie, maar vorm ook die basis vir aktiewe deelname en bemagtiging. (Vgl.Rich, *et.al.*, 1995:659; Fawcett, *et al.*, 1995:681 en De Beer, 1996:70.)

Selfbeskikking beteken, onder andere, dat die gemeenskap self sy behoeftes op alle vlakke van die gemeenskapslewe sal identifiseer (Roux, 1995:40) en dat "[c]ommunities identify their own proximal goals and specific changes to be sought, tailoring efforts to the local context" (Fawcett, *et.al.*, 1995:681). Die gemeenskap behoort dus nooit te ervaar dat buite-

staanders alleen besluite oor hulle wel en weë neem nie. Veral wanneer daar vanaf 'n niekundige posisie beweeg word, is dit nodig om die gemeenskap voortdurend te raadpleeg en inspraak in alle aspekte van die ontwikkelingsaksie te gee. Die gemeenskap in geheel, maar ook elke individu behoort dus die ervaring te hê dat sy besondere mening van belang is en dat sy betrokkenheid, kennis en vaardighede hoog geag word. Sodoende word daar aan die gemeenskap respek betoon, hulle word aktief by deelname aan die ontwikkelingsproses betrek, en hulle ontvang 'n boodskap dat hulle wel by magte is om iets aan hulle omstandighede te doen. Daar is dus hoop en hulle, die gemeenskapslede, behoort die hoofspelers in die ontwikkeling van hulleself en hulle gemeenskap te wees. Groenewald (1989:262) stel dit dan ook dat "[c]ommunity development, in this sense, is a self-help exercise." Die gemeenskap aanvaar dus verantwoordelikheid vir homself en sy eie ontwikkeling. Dit sou al, byvoorbeeld, die eerste betekenisvolle beweging vanaf 'n geëttiketeerde agtergeblewe gemeenskap na 'n self-ontwikkellende gemeenskap kon wees.

7.2.4 Aanvaarding

In die lig van die konstruktiwistiese paradigma sou aanvaarding van die gemeenskap beteken dat geen oordele, waardebepalings, tiperings of diagnoses gemaak word nie. Volgens Van der Berg, *et al.* (1999:119) is daar vir die gemeenskapswerkers "...nie 'n reg of verkeerd in dit wat die gemeenskap sê nie, hulle soek eerder saam na nuwe idees." 'n Konteks word dus daargestel waarin die gemeenskap vry kan voel om hulle menings te gee oor alle aangeleenthede wat vir hulle van belang is, met die ervaring dat wat hulle sê van belang is, nie oor die hoof gesien of beoordeel word nie. Dit beteken ook dat die gemeenskap byvoorbeeld, nie as agtergeblewe of derdewêrelds getipeer sal word nie.

Die gemeenskap se ervaring van aanvaarding en dat hulle menings van belang is, skep 'n atmosfeer van respek en bied 'n verdere basis vir deelname en bemagtiging van gemeenskapslede. Aanvaarding en 'n nie-veroordelende houding, impliseer ook dat die maatskaplike werker nie uit 'n magsposisie probeer optree nie, maar die gemeenskap met al sy mense as 'n gelyke vennoot betrek. Dit behoort by te dra tot die bevestiging van selfwaarde en selfvertroue in die algemeen, maar spesifiek ook ten opsigte van die gemeenskap se insette met betrekking tot gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Dit is belewenisse wat behoort by te dra tot die motivering en ontwikkeling van elke indivuduele gemeenskapslid.

7.2.5 Uniekheid

Die siening dat elke individu, maar ook elke gemeenskap uniek is, korreleer met die gedagtegang van die konstruktiwisme, naamlik dat elke individu en dus ook elke gemeenskap, unieke realiteite konstrueer juis weens hulle eie uniekheid. Die verskillende lede van 'n gemeenskap is nie vergelykbaar nie en gemeenskappe is ook nie vergelykbaar nie. Respek teenoor die uniekheid van gemeenskappe sou in die Suid-Afrikaanse konteks beteken dat daar 'n besondere sensitiwiteit vir, onder andere, kultuur-, taal- en rasseverskille sal wees. Binne die groter verskeidenheid is daar nog steeds kleiner verskille en bly elke gemeenskap nog steeds uniek. So kan daar, byvoorbeeld, nie geredeneer word dat die Sotho-sprekende gemeenskap in Qwaqwa soortgelyk is aan die Sotho-sprekende gemeenskap by Welkom nie. Welkom is nie net alleen 'n ander geografiese gebied nie, maar alle Sotho-sprekende mense is uniek te midde van ooreenkomste soos hulle moedertaal. Dit mag selfs wees dat die Sotho-sprekendes ten opsigte van taalgebruik nuansverskille toon van gemeenskap tot gemeenskap.

'n Belangrike komponent van die beginsel van uniekheid in die konteks van 'n gemeenskap is om die diversiteit van sodanige gemeenskap te respekteer. Serrano-García en Bond (1994:438) meen dan ook dat "[m]ore in-depth exploration of groups' unique strenghts, traditions and challenges is important to move us further in our understanding of diversity." Hulle waarsku ook dat kleiner groepe in 'n gemeenskap nie sonder meer as homogeen beskryf kan word nie, maar dat in ag geneem behoort te word dat daar binne subgroepe, 'n bepaalde mate van diversiteit voorkom, alhoewel dit nie altyd ooglopend sigbaar is nie. Dieselfde skrywers kom dan tot die slotsom dat "[t]o recognize the vast and varied ways people are all different from one another can move us toward accepting variations as 'the norm' and part of the accepted fabric of life" (Serrano-García & Bond, 1994:442). Deur te fokus op die uniekheid van die verskillende individue wat 'n gemeenskap vorm, beteken aan die anderkant ook nie dat ooreenkomste geïgnoreer word nie, maar slegs dat te midde van ooreenkomste individue of gemeenskappe nooit gelyk aan mekaar gestel kan word nie.

Op grond van die uitgangspunte en beginsels grondliggend aan die ontwikkelingsmodel onder bespreking, kan 'n aantal doelstellings geïdentifiseer word wat met die implementering van genoemde model nagestreef word.

7.3 DOELSTELLINGS VAN DIE ONTWERP VAN 'N NARRATIEWE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL

In aansluiting met die doel van maatskaplike werk soos deur Venter in 1973 omskryf is, en deur Hugo (1976:13) soos volg aangehaal word, naamlik: "Maatskaplike werk is gerig op die ontdekking en aanwending van kragte in die hulpbehoewende en gemeenskap waarmee hy homself kan help om sy leefwêreld betekenisvol te verander sodat hy sy maatskaplike nood kan oorkom", kan doelstellings vir gemeenskapsontwikkeling in die konteks van die professie maatskaplike werk geïdentifiseer word. Die doelstellings staan in die lig van die algemene doelstellings van maatskaplike werk, maar word ook teen die agtergrond van die narratiewe werkswyse gestel.

7.3.1 Bemagtiging ("Empowerment")

Alhoewel Rothmund (1994:22) meld dat die woord bemagtiging 'n "buzz" woord aan die einde van die 1980s geword het (vgl. 1.7.1), is dit nog steeds relevant en ter sake in die praktyk van gemeenskapsontwikkeling. Algaande het bemagtiging toenemend in die praktyk van gemeenskapsontwikkeling gerealiseer en het die Wêreld Bank in die negentigerjare navorsingsprojekte oor dié onderwerp gefinansier en is bemagtiging algemeen as 'n langtermyndoelstelling van gemeenskapsontwikkeling gesien (Perkins, 1995:771).

Die konsep bemagtiging kan na aanleiding van 'n bepaalde konteks en individuele betekenis wat daaraan geheg word, verskillend gedefinieer word (Foster-Fishman, *et al.*, 1998:508). In die Suid-Afrikaanse konteks bied die *White Paper for Social Welfare* van 1997 (1997:68) 'n omskrywing wat in die lig van die post-apartheidsera duidelik die invloed van 'n politieke demokratiese ideaal toon, en word die begrip bemagtiging soos volg gestel: "The process of increasing personal, interpersonal and political power to enable individuals or collectives to improve their life situation. It requires the full participation of people in the formulation, implementation and evaluation of decisions

determining the functioning and well-being of the society." Die individu se deelname aan besluitneming en uitvoering van besluite wat geneem is en spesifiek die besit van politieke mag, word sterk beklemtoon.

Rappaport (1995:802) verwys na 'n omskrywing van bemagtiging deur die Cornell University Empowerment Group wat die klem sterker plaas op aspekte soos toegang en beheer van hulpbronne in die gemeenskap deur middel van onderlinge respek en ondersteuning tussen groepe en die deelname van gemeenskapslede aan pogings tot die beheer van hulpbronne. In Rich, *et al.* (1995:659) se bespreking van Rappaport se idees met betrekking tot die begrip bemagtiging, word genoem dat "...empowerment is a mechanism by which people, organizations, and communities gain mastery over their affairs, suggesting that empowerment occurs at the individual, group, and community levels." Dié omskrywing maak dus voorsiening dat bemagtiging op drie vlakke, naamlik individuele-, groep- en gemeenskapsvlak, plaasvind. Dit impliseer dat gemeenskapsontwikkeling dus afhanklik is van die ontwikkeling van die individu en groepe, byvoorbeeld die gesin.

Fawcett, *et al.* (1995:679) formuleer 'n breër en minder spesifieke omskrywing van bemagtiging deur daarna te verwys as "...the process of gaining influence over conditions that matter to people who share neighborhoods, workplaces, experiences, or concerns". In Foster-Fishman, *et al.* (1998:508) se kommentaar op Fawcett se omskrywing, meld hy dat so 'n omskrywing daarvoor voorsiening maak dat verskillende sake of situasies verskillende betekenis vir verskillende persone mag inhou. Dit is 'n siening wat strook met die konstruktiwistiese uitgangspunt dat verskillende mense mag verskil in die betekenis wat hulle aan 'n bepaalde situasie gee. Dit kom dus daarop neer dat die wyse waarop bemagtiging in gemeenskappe gestalte gaan kry, onder andere, bepaal word deur die uniekheid van elke gemeenskap in 'n bepaalde tydsfeer.

Bemagtiging dui dus op 'n proses van groei en ontwikkeling van die individu, gesin en gemeenskap binne 'n gegewe konteks waarbinne unieke werklikheidskonstruerings plaasvind. Dit stel die individu, gesin en gemeenskap in staat om voldoende mag en gesag te bekom, sodat aktiewe besluite op alle vlakke kan volg en dat effektiewe en doeltreffende funksionering, ooreenkomstig die unieke behoeftes van die individu, intern tot die breër sosiale gemeenskap ten opsigte van alle fasette van menswees, kan plaasvind. (Vgl. 1.7.1.)

Ten einde bemagtiging vollediger te begryp is dit volgens De Beer (1996:70-73) raadsaam om die omskrywings daarvan verder toe te lig deur te let op die kenmerke of eienskappe van bemagtiging. Die volgende kenmerke word geïdentifiseer:

- Beide konkrete en abstrakte behoeftes van die individu kan deur middel van bemagtiging aandag geniet. Deur aan konkrete behoeftes aandag te skenk, word die abstrakte behoeftes ook bereik. Abstrakte behoeftes soos selfbeeld, waardering vir die self en outonomie vorm die basis van bemagtiging (De Beer, 1996:71). Alhoewel bemagtiging kan dui op die ontginning of eksploitering, beheer en aanwending van hulpbronne, byvoorbeeld werkskeppingsprojekte wat in konkrete behoeftes voorsien, is daar 'n verskeidenheid abstrakte behoeftes ook ter sake. 'n Mens wat lank werkloos was en nou by wyse van 'n projek sy eie bedryf op die been kan bring, baat nie net finansieel nie, maar ervaar ook 'n gevoel van sukses en selfwaarde.
- Bemagtiging is 'n leerproses, met ander woorde gemeenskapslede leer met die implementering van elke projek nuwe vaardighede aan waarmee probleemsituasies hanteer kan word. Die verskillende gemeenskapslede leer dus deur te doen.
- Verder dui bemagtiging op 'n gesamentlike aksie. 'n Groep mense werk saam omdat hulle dieselfde belange het en dieselfde doel nastreef (De Beer, 1996:72). 'n Groep vroue kan byvoorbeeld, saam werk aan 'n naaldwerkprojek, of die jeug in 'n bepaalde gemeenskap, kan hulle saam beywer om fondse in te samel met die oog op die finansiering van ontspanningsgeriewe.
- Bemagtiging is 'n aksie wat op voetsoolvlak ("grassroots level") plaasvind (De Beer, 1996:72). Dit beteken dat nie net die leiers van 'n gemeenskap betrek word nie, maar dat elke man op straat deel sal hê aan die totale aksie. Die gemeenskapsontwikkelaar sou dus letterlik in die strate van die gemeenskap van huis-tot-huis beweeg ten einde aan alle gemeenskapslede die geleentheid te gee om inspraak en deelname aan die ontwikkelingsaksies te hê. Die inisiatief vir bepaalde projekte moet vanaf die persoon op grondvlak kom.
- Die proses van bemagtiging lei tot groeiende selfbewustheid en die skenk van aandag aan ander meer abstrakte behoeftes. In dié proses groei daar 'n positiewe siening en ervaring van die individue in 'n gemeenskap van hulle gemeenskap. In plaas daarvan om hulleself as agtergeblewe te tipeer, beskou hulle hulleself meer en meer as 'n ontwikkelende gemeenskap wat in staat is tot hoër prestasies. (Vgl. De Beer, 1996:72.)

- 'n Verdere kenmerk van bemagtiging is dat dit as 'n proses beskryf kan word, met ander woorde dit dui op 'n opeenvolging van gebeure volgens 'n bepaalde patroon of fases. As proses kan bemagtiging vir 'n onbepaalde tyd voortduur. Volgens Zimmerman (1995:584) beteken bemagtiging as proses dat
  - gemeenskapslede betrek word by die ontwikkeling, implementering en evaluering van intervensies;
  - 'n "eco-identity" ontwikkel word wat beteken dat die professionele persone betrokke by die ontwikkelingsaksie, in 'n sekere sin lede van die betrokke gemeenskap word;
  - gemeenskapslede as gelyke vennote betrek word;
  - geleenthede geskep word vir gemeenskapslede om vaardighede te ontwikkel, sodat hulle nie afhanklik van professionele mense (ontwikkelaars, maatskaplike werkers) hoef te wees nie. Sodanige geleenthede kan, onder andere, die volgende insluit, naamlik die ontwikkeling van vaardighede wat prakties toegepas word; die verkryging van kennis en die aanleer van vaardighede om hulpbronne te ontwikkel en te bestuur; om saam met ander aan die bereiking van 'n gesamentlike doel te werk; om sosiale ondersteuningsnetwerke uit te brei en leierskapsvaardighede aan te leer. Dit sou ook beteken dat die gemeenskap of groepe en individue self met moontlike borge onderhandel en hulle projek self bemark.
- Bemagting kan op verskillende vlakke plaasvind, naamlik by individue, groepe of organisasies en gemeenskappe (Zimmerman, 1995:584). Op individuele vlak kan individue, byvoorbeeld, vir adolessente die rol van 'n volwassene aanleer of 'n individuele vakman kan 'n ander persoon leer om skrynwerk te doen. Bemagtiging kan op groepsvlak plaasvind wanneer 'n klein groep soos, 'n selfhelpgroep mekaar, byvoorbeeld, bestuurs- en leierskapsvaardighede aanleer, of onderrig in aspekte soos kinderopvoeding of die maak van klere. Dan meen Zimmerman (1995:584) dat "[e]mpowering communities might include organizational coalitions that enable citizens to have a voice in local decisions." Die gemeenskap word dus bemagtig deur hulleself sodanig te organiseer dat hulle op verskillende vlakke van beleidsformulering inspraak het.

Verder kan bemagtiging ook verskillende vorme aanneem. In dié verband ondersteun Foster-Fishman, *et al.* (1998:509) Zimmerman (1995:584) se siening dat "[e]mpowerment takes different forms in different contexts." Bemagtiging word dus verskillend geïnterpre-

teer, gerig en bestuur na aanleiding van die unieke omstandighede van 'n bepaalde gemeenskap in bepaalde tydperke. So sal die vorm van bemagtiging waarskynlik aansienlik verskillend wees tussen 'n stedelike gemeenskap in die VSA en 'n tipiese plattelandse gemeenskap in Suid-Afrika. Selfs in Suid-Afrika kan verwag word dat 'n plattelandse gemeenskap in die Noord-Kaap se interpretasie en implementering van bemagtigingsprogramme, aansienlik sal verskil van 'n tradisionele gemeenskap in die Transkei-omgewing van die Oos-Kaap. Dit kan, onder andere, aan die unieke kultuur, maar ook klimaatsomstandighede toegeskryf word. In die Noord-Kaap is die spreektaal hoofsaaklik Afrikaans en verg die droë klimaatsomstandighede besondere kennis en vaardighede om te oorleef. Aan die anderkant is die Oos-Kaap weer onderworpe aan 'n hoër reënval, maar daar moet weer kundigheid aan die dag gelê word om die soms baie stormagtige weersomstandighede te trotseer. Die taalgebruik is hoofsaaklik Xhosa en Engels en die tradisionele gebruike is, onder andere, eie aan die van die Xhosa's. Dit is te begrype dat hulle interpretasie en inkleding van bemagtiging dus grootliks gaan verskil van hulle mede-landgenote in die Noord-Kaap.

Te midde van die verskille wat daar tussen gemeenskappe kan wees ten opsigte van die betekenis wat daar aan bemagtiging geheg word, kan sekere vorme van bemagtiging wel geïdentifiseer word, wetende dat dit verskillend in verskillende gemeenskappe ingeklee mag word en volgens unieke behoeftes sal manifesteer.

Die volgende vorme van bemagtiging word deur Rich, *et al.* (1995:665-668) en Zimmerman (1995:584) aangedui:

- *Formele bemagtiging* – Formele bemagtiging vind plaas wanneer owerhede aan alle lede van die gemeenskap die geleentheid gee om deel te hê aan die besluitnemingsproses, of ten minste invloed uit te oefen op die besluite wat geneem word. 'n Referendum en ander formele meningsopnames sou benut kon word om die totale gemeenskap te bemagtig ten opsigte van hulle vermoë om die owerhede te beïnvloed met betrekking tot besluitneming en voortspruitende aksies. Alhoewel sodanige bemagtiging nog steeds nie noodwendig alle mag in die individuele gemeenskapslid se hand plaas nie, verleen dit tog wel erkenning aan sy mening en impliseer dit dat die individu gerespekteer word vir sy siening. Die individu kan dus ervaar dat hy van belang is en dat die owerhede hom nodig het vir die uitvoering van hulle aksies. Dit

kan bydra tot sy verdere betrokkenheid by sy gemeenskap se belange en moontlike projekte wat geloods word.

- *Sielkundige bemagtiging ("psychological empowerment")* – Volgens Zimmerman (1995:588) behoort sielkundige bemagtiging die volgende in te sluit, naamlik "...a sense of and motivation to control; decision-making and problem-solving skills and a critical awareness of one's sociopolitical environment; and participatory behaviors." Hierdie eienskappe van sielkundige bemagtiging dui op 'n intrapersoonlike-, interaksionele- en gedragskomponent.
  - Intrapersoonlike bemagtiging "...is a feeling of personal competence in a given situation" (Rich, *et al.*, 1995:666). Die persoon ervaar dus dat hy /sy oor die nodige kontrole of beheer van sake beskik. Dit sou onder andere die aktiewe deelname aan besluitneming insluit asook die motivering en inisiatief om doelwitte te bereik. Hierdie komponent van bemagtiging beteken dat die individu in homself en in sy vermoë om bepaalde doelwitte te bereik, glo. Die persepsies wat oor die self in die situasie bestaan, motiveer die individu dus om betrokke te raak of self inisiatief te neem ten einde nagestrewe doelwitte te bereik. Zimmerman (1995:589) noem dan ook dat "[i]t is unlikely that individuals who do not believe that they have the capability to achieve goals would either learn about what it takes to achieve those goals, or do what it takes to accomplish them." Die gemeenskapslede en dus ook die totale gemeenskap se bemagtiging lê juis daarin dat hulle persepsie en ervaring van hulleself vir hulle op 'n werklikheidskonstruering dui, naamlik dat hulle hulle besondere situasie beheer en by magte is om dit te verander en verlangde doelwitte te bereik. Die gemeenskap leef dus met 'n werklikheid dat hulle in staat is om hulle eie ontwikkeling te laat plaasvind.
  - Die interaksionele komponent van bemagtiging dui op die gemeenskapslede se begrip van hulle gemeenskap en verwante sosio-politieke aangeleenthede. Zimmerman (1995:589) verduidelik dat dié komponent daarop dui dat "...people are aware of behavioral options or choices to act as they believe appropriate to achieve goals they set for themselves." Ten einde beheer in die situasie te bekom en te behou, is dit nodig dat gemeenskapslede die konteks waarin hulle hulle bevind, sal begryp. Hulle behoort, byvoorbeeld, kennis te dra van die reëls en norme wat geld ten opsigte van die ontginning van hulpbronne,

onderhandelingswyses en persone of instansies met wie daar oor bepaalde sake onderhandel kan word. Dit beteken ook dat gemeenskapslede sensitief sal wees vir die besondere struktuur, geografiese en klimaatsomstandighede asook dinamika van die gemeenskap ten einde doeltreffende aksies te kan neem met die oog op die bereiking van vooropgestelde doelwitte. Verder impliseer dit ook die teenwoordigheid van besluitnemings,- probleemoplossende- en leierskapsvaardighede. (Vgl. Zimmerman, 1995:589.) In 'n bepaalde gemeenskap sou dit kon gebeur dat die politieke klimaat en kultuurverskille met gepaardgaande persepsies sodanig is dat 'n spesifieke groep in die gemeenskap, byvoorbeeld, 'n kerkleier sal benut om met sekere owerheidsamptenare te onderhandel vir, byvoorbeeld, die huur van 'n saal wat aan die munisipaliteit behoort. Die betrokke gemeenskapslede begryp dat sodanige onderhandelinge bepaalde vaardighede verg. Die kennis en vaardighede wat in die voorbeeld bespreek is, illustreer wat Zimmerman (1995:589) bedoel wanneer hy sê dat "[i]t is these skills that help individuals become independent, enable them to control events in their lives, and lead them to become their own advocates."

- Die gedragskomponent van bemagtiging dui op aksies wat direk geneem word om doelwitte te bereik. Dit sou kon verwys na gedrag wat 'n skoolverlater in 'n werklose omgewing openbaar ten einde vir homself werk te skep deur, byvoorbeeld, sy kennis en vaardighede om houtwerk te doen, aanwend om doodskiste te vervaardig in die lig van die toenemende sterftes in sy gemeenskap weens VIGS.

Zimmerman (1995:590) kom tot die gevolgtrekking dat dié drie komponente van sielkundige bemagtiging 'n mens skets wat glo dat hy of sy oor die vermoë beskik om 'n bepaalde konteks te beïnvloed (intrapersoonlike komponent), begryp hoe die sisteem funksioneer in die onderhawige konteks (interaksionele komponent) en gedrag kan openbaar om beheer in die konteks uit te oefen (gedragskomponent). Ten einde die persoon volwaardig te bemagtig, verg dat al drie die komponente teenwoordig sal wees. So 'n persoon sou, byvoorbeeld, weet hy beskik oor die vaardighede om met die plaaslike owerhede in gesprek te tree en hulle te oortuig dat hy en sy sokkerspan sportgeriewe kan ontwikkel en bestuur. Hy openbaar ook besondere insig om die invloedryke mense

te identifiseer wat 'n aktiewe belangstelling in sport het en wat glo jeugdiges wat besig is, sal nie so maklik by misdaad betrokke raak nie.

'n Mens wat bemagtig is, het deur die proses van persoonlike ontwikkeling gevorder tot die bemeestering van toepaslike vaardighede en ontwikkeling van vermoëns wat hom in staat stel om probleemsituasies in sy eie lewe en in die van sy gemeenskap, te hanteer en tot 'n nuwe werklikheidskonstruksie te groei wat dui op 'n positiewe selfwaardering, vertroue in die self en in die gemeenskap. Die resultaat hiervan is 'n aktiewe deelname aan verdere ontwikkelingsinisiatiewe.

- *Instrumentele bemagtiging* – Aansluitend by sielkundige bemagtiging, identifiseer Rich, *et al.* (1995:667) 'n verdere vorm van bemagtiging wat dui op die gemeenskapslede se werklike vermoëns om deel te neem en invloed uit te oefen op die besluitnemingsprosesse in die gemeenskap. Dit word, onder andere, bepaal deur die interaksie tussen faktore soos die relevante kennis, konkrete hulpbronne, die bestaan van formele geleenthede en wetlike toegang tot deelname. Daar moet dus geleenthede wees vir deelname deur gemeenskapslede, maar dan behoort die lede oor die nodige kennis te beskik ten einde wel sinvol aan die besluitnemingsproses te kan deelneem. Indien daar nie op formele vlak bemagtiging plaasvind nie, met ander woorde as gemeenskapslede dus nie almal formeel bemagtig word om aan alle prosesse van besluitneming deel te hê nie, word die effektiwiteit van instrumentele deelname erg in die wiele gery. Gemeenskapslede kan, byvoorbeeld, aan verskillende samesprekings deelneem, maar weens 'n gebrek aan toegang tot alle vlakke van besluitneming, oefen hulle nie 'n beduidende invloed uit nie. So sou gemeenskapslede, byvoorbeeld, verskeie vergaderings en optogte kon hou aangaande die toekenning van 'n hospitaal in hulle omgewing, maar as die owerhede hulle nie in totaal laat deelneem aan die besluitnemingsaksie nie, sou hulle 'n geringe invloed kon uitoefen.
- *Selfstandige/onafhanklike bemagtiging* – Volgens Rich, *et al.* (1995:668) verwys hierdie vorm van bemagtiging na die vermoë om besluite te neem wat lei tot die oplossing van probleme en die bereiking van verlangde resultate. Dit dui daarop dat daar op voetsoolvlak tussen formele instansies en die gemeenskap saamgewerk word aan oplossings vir knellings wat in die gemeenskap ervaar word. Indien sodanige formele organisasies die probleme van die gemeenskap probeer oplos sonder die behoorlike inspraak en deelname van die gemeenskap, demonstreer sulke instansies slegs hulle

instrumentele mag en die gemeenskap word geensins bemagtig nie. Indien 'n staatsdepartement, byvoorbeeld, sou besluit dat daar in 'n bepaalde gemeenskap werkskeppingsprojekte begin moet word, soos om klere te maak en spinasie te verbou en nie die gemeenskap vooraf raadpleeg nie, kan selfstandige bemagtiging benadeel word. Dit kan, byvoorbeeld, tot gevolg hê dat die gemeenskap traag is om daaraan deel te neem of dat bepaalde kennis met betrekking tot die lewensvatbaarheid van sodanige projekte nie aan die beskikbare kennis van die gemeenskap getoets is nie. Die gemeenskap mag dalk weet dat daar nie 'n mark vir klere is nie, of dat die klimaatsomstandighede en bemarkingsmoontlikhede ongunstig is vir spinansieverbouing. Moontlik sou enkele gemeenskapslede wel kon baat, maar dan ervaar hulle waarskynlik dat hulle in diens van die ontwikkelaar staan en nie eienaarskap bekom het nie.

- *Gemeenskapsbemagtiging* – Wanneer gemeenskappe die vermoë openbaar om doeltreffend te reageer op gesamentlike probleme, met ander woorde toon dat hulle selfstandig aksies kan neem om tersaaklike problematiese aangeleenthede op te klaar, kan daar van die bemagtiging van 'n gemeenskap gepraat word. Rich, *et al.* (1995:668) is van mening dat dit sal gebeur "...only when both individuals and institutions have been empowered to achieve substantively satisfactory outcomes." Al die vorme van bemagtiging, naamlik formele, sielkundige en instrumentele bemagtiging is dus nodig om 'n gemeenskap te bemagtig.

Die totale proses van bemagtiging impliseer verdere doelstellings soos deelname en aanvaarding van eienaarskap deur die totale gemeenskap en die volhoubaarheid van ontwikkelingsprogramme.

7.3.2 Deelname en eienaarskap

Na aanleiding van verskeie gemeenskapsprojekte waartydens die professionele mense hoofsaaklik alle inisiatief geneem het en met onbevredigende resultate geëindig het, is daar na nuwe metodes gesoek om groter sukses te probeer bereik. Algaande is nuwe benaderings ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling gevolg wat al sterker op die deelname van gemeensklapslede gefokus het. Die belangrikheid van gemeenskapsdeelname het spoedig geblyk, en benewens benaderings soos die geïntegreerde plattelandse ontwikkelingsmodel, die basiese behoefte-benadering en leerprosesbenadering, het die deelnemende ont-

wikkelingsmodel ("participatory model") ontstaan (Groenewald, 1989:260). Gemeenskapsontwikkelaars het besef dat die gemeenskapslede met hulle besondere kennis van hulle betrokke omstandighede, meer en meer by die inisiëring en loodsing van ontwikkelingsprojekte betrek behoort te word. Die belangrikheid van deelname deur gemeenskapslede word dus as 'n voorkeurdoelstelling nagestreef in die implementering van alle gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Daar word aanvaar dat verskillende gemeenskapsontwikkelaars mag verskil in hulle konstruering van wat deelname in 'n praktyksituasie mag beteken, maar dat dit allerweë as 'n belangrike komponent van gemeenskapsontwikkeling beskou word of beskou behoort te word. Wetmore en Theron (1998:39) stel dit dan ook duidelik dat deelname deur gemeenskapslede strook met die hele filosofie van die huidige Suid-Afrikaanse regering se beleidstuk soos uiteengesit in die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP). Volgens Hagg (1996:12) het die ontwikkelingsprogram wat by Mandela Village gevolg is, bewys dat gemeenskapsdeelname die sleutel tot sukses was en Moss (1996:19) stel dit baie duidelik dat na aanleiding van 'n opname wat in die Zakhelegemeenskap gedoen is, hulle geleer het dat "...participation of community members themselves is the cornerstone to successful development."

Alhoewel verskeie skrywers (Oakley & Marsden, 1984:18; Groenewald, 1989:261; Rothmund, 1994:234; Roux, 1995:40; Perkins, 1995:768 en Servaes, 1995:45) wat gemeenskapsdeelname omskryf het, verskillende elemente daarvan beklemtoon het, is daar grootliks ooreenkomste, veral ten opsigte van die siening dat gemeenskapsdeelname 'n proses is en dat dit beteken dat gemeenskapslede by besluitnemingsaksies betrek behoort te word. Oakley en Marsden (1984:18) het reeds in 1984 al gesê dat "[p]articipation is, however, generally understood as a process and not as some kind of static end product of development." Deelname deur gemeenskapslede impliseer dus 'n voortdurende proses wat met die tyd kan vervorm volgens die besondere behoeftes van 'n gemeenskap in 'n bepaalde tyd, maar dit behoort voort te duur solank as wat die gemeenskap bestaan. Die intensiteit en wyse van deelname sal waarskynlik verskillende vorme kan aanneem, maar daar kan byna gestel word dat die voortbestaan van 'n gemeenskap afhanklik is van die mate waartoe gemeenskapslede deelneem aan aksies ter bevrediging van die gemeenskap se behoeftes.

Die Verenigde Volke se omskrywing van gemeenskapsdeelname lê veral klem daarop dat "...participation requires the voluntary and democratic involvement of people..." (Groenewald, 1989:260). Mense kan dus ook nie gedwing word tot deelname nie, maar behoort deur 'n demokratiese proses betrokke gemaak te word by besluitnemingsaksies met betrekking tot beleidsformulering, bepaling van doelwitte, die beplanning en uitvoering van sosiale en ekonomiese ontwikkelingsprojekte waarby almal sal baat.

Rothmund (1994:233-234) dui aan dat gemeenskapslede nie net moet deelneem aan besluitnemings- en beplanningsaksies nie, maar behoort ook die meganismes of vaardighede te ontwikkel om daaraan uitvoering te gee. Die omskrywing van Roux (1995:40) spel dit nog duideliker uit, naamlik dat "[c]ommunity participation is the process by which individuals and families assume responsibility for their own health and welfare as well as for those of the community and develop the capacity to contribute to their own development as to that of the community." Deelname is dus nie net 'n demokratiese reg nie, maar dit is ook 'n besondere verantwoordelikheid wat nagekom behoort te word. Gemeenskapslede ontwikkel dus bepaalde vaardighede by wyse van deelname aan aksies ter bevrediging van hulle gemeenskaplike behoeftes en aanvaar besondere verantwoordelikheid om ontwikkelingsprojekte te beplan en te implementeer. Dit dui op die bemagtiging van gemeenskapslede soos deur Perkins (1995:768) bevestig word wanneer hy sê dat "[c]itizen participation in local CD [community development] and other grass-roots organizations can be viewed as an integral component or important behavioral exemplar of individual empowerment." Sowel 'n individu as 'n gemeenskap kan dus nie bemagtig word nie sonder dat hulle deelneem aan ontwikkelingsprojekte nie.

'n Verdere dimensie van deelname aan gemeenskapsontwikkelingsaksies is die gelyke verdeling van mag wat daarmee gepaard gaan. Volgens Servaes (1995:45) se siening van deelname beteken dit "...the more equitable sharing of both political and economic power..." Wanneer gemeenskapslede aktief aan ontwikkelingsinisiatiewe deelneem, het dit tot gevolg dat owerhede of nie-regeringinstansies nie alleen oor mag beskik nie of die meeste mag in die situasie het nie. Die gemeenskap, ontwikkelaars, owerhede en organisasies beskik dan oor gelyke mag, met ander woorde hulle het ewe veel invloed ten opsigte van besluitneming, beplanning en implementering van ontwikkelingsprojekte.

Gemeenskapsdeelname kan ook bewerkstellig word deur aan gemeenskapslede die geleentheid te gee om self borge te werf vir die finansiëring van projekte. Hulle kry dan die geleentheid om direk met voornemende of potensiële borge te onderhandel en hulle projekte te bemark.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat gemeenskapsdeelname op 'n proses dui waartydens alle gemeenskapslede op gelyke vlak deelneem aan besluitneming met betrekking tot die betrokke gemeenskap se behoeftes, en verantwoordelikheid aanvaar vir die ontwikkeling van moontlike wyses om sodanige behoeftes aan te spreek. In die uitvoering van hierdie verantwoordelikhede benut en bekom gemeenskapslede besondere kennis en vaardighede wat hulle bemagtig om toenemend beheer oor hulle totale situasie uit te oefen.

Alhoewel die noodsaak vir gemeenskapsdeelname met die oog op die loodsing, implementering en instandhouding van gemeenskapsontwikkelingsprogramme duidelik blyk, kan die volgende redes bygevoeg word vir verdere toeligting en motivering hiervan.

- Aangesien elke gemeenskap sy eie werklihede skep (Wetmore & Theron, 1998:40), kan daar alleen duidelikheid verkry word wat die werklike behoeftes van die gemeenskap is, indien hulle dit self by wyse van deelname uitspel. Verder sou dit ook tot gevolg hê dat die gemeenskap die beste toegerus is om wyses te bepaal vir die hantering van sodanige behoeftes. Die gemeenskapslede beskik oor die kundigheid om hulle eie behoeftes te identifiseer, te bepaal hoe daaraan aandag gegee behoort te word en om die nodige aksies te loods in die verband (Wetmore & Theron, 1998:39).
- Deur gemeenskapslede aan alle fasette van die ontwikkelingsinisiatief te laat deelneem, word die gemeenskap se eie potensiaal ontwikkel en benut (Roux, 1995:41). Die individu en die totale gemeenskap word dus bemagtig aangesien hulle hulle eie potensiaal in die proses ontdek, ontwikkel en tot beskikking van die gemeenskap stel.
- In die proses van deelname en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir ontwikkelingsinisiatiewe, groei gemeenskappe na groter onafhanklikheid en selfonderhoudenheid. (Vgl. Roux, 1995:41.)
- Deelname op alle vlakke van gemeenskapsontwikkeling deur gemeenskapslede bevorder hulle selfwaarde en selfvertroue, "[i]t instills the community with a sense of pride in their own knowledge and skills, develops their potential, builds human dignity

and self image and helps them gain control over their lives (Schenk & Louw, 1995:17). Deur middel van deelname, ontwikkel die individu en gevolglik ook die gemeenskap. Dit behoort as resultaat te hê, volhoubare programme met toenemende onafhanklikheid en latere onttrekking van formele professionele ontwikkelaars uit die gebied.

Wanneer 'n gemeenskap verantwoordelikheid aanvaar het om na sy eie behoeftes om te sien en aldus beheer oor ontwikkelingsprojekte uitoefen, kan gesê word dat so 'n gemeenskap eienaarskap vir homself en moontlike ontwikkelingsinisiatiewe aanvaar het.

7.3.3 Volhoubaarheid of volhoubare ontwikkeling

Die begrip volhoubaarheid of volhoubare ontwikkeling dui volgens die Brundtland verslag, op die volhoubaarheid van ontwikkelingsprogramme in die konteks van die totale ekologie waarbinne die ontwikkeling plaasvind, en omskryf dit soos volg: "...proponents of sustainable development urge that all development activities seek to meet current human needs without compromising the ability of future generations to meet their needs" (Midgley, 1995:137 & Woods, 1998:239). Ontwikkeling behoort dus so te geskied dat die omgewing met al sy hulpbronne behoue bly vir die nageslag. Die ekologie van gemeenskappe behoort dus deur middel van ontwikkelingsprojekte beskerm te word ten einde die volhoubaarheid van sulke projekte te waarborg. Daar behoort gewaak te word teen projekte wat op die kort termyn bepaalde finansiële voordele vir 'n gemeenskap kan inhou, maar op die lang termyn die omgewing besoedel en sodanig beskadig dat die volgende geslagte ernstig daardeur benadeel word.

Volgens Midgley (1995:137) behels volhoubare ontwikkeling dat daar, onder andere, aan die volgende aspekte aandag gegee sal word, naamlik

- die welsyn van die mense,
- bewaring van die omgewing,
- bevolkingsaanwas,
- bekamping van armoede en
- die bevordering van nodige welsynsprogramme.

Volhoubare ontwikkeling strook dus met die holistiese siening dat die gemeenskap in sy totaliteit benader moet word tydens ontwikkelingsprogramme. Weil (1996:483) noem in dié verband dat die wêreld op die oomblik 'n "Environmental Age" betree "...which will

focus on 'holism' of mind and body, of individual and community, of humanity and nature." Dit gaan dus nie net oor die individu of gemeenskap se onmiddellike materiële nood nie, maar sluit alle fasette van menswees in, insluitend die fisiese omgewing waarin hy hom bevind. Die inagneming van die plantegroei, dierelewe, klimaatsomstandighede, met ander woorde die totale biosfeer, is belangrik. Woods (1998:240) stel dit duidelik dat volhoubare ontwikkeling "...is about improving the life quality for present and future generations of people through acceptance of, and adjusting to, the limitations to life imposed on human beings by the biosphere." Tydens die inisiëring van gemeenskaps-ontwikkelingsprogramme is dit dus essensieel om voortdurend in berekening te bring hoe bepaalde aksies kan bydra tot die bewaring van die totale ekologiese omgewing ten einde die volhoubaarheid van die betrokke program oor geslagte heen te waarborg. Dié benaderingswyse tot gemeenskapsontwikkeling sou waarskynlik tot gevolg hê dat die multidissiplinêre span wat by ontwikkelingsprojekte betrokke is ook kenners sal insluit ten opsigte van, byvoorbeeld, natuur- en omgewingsbewaring.

In die lig van die siening dat volhoubare programme beteken dat die gemeenskap ten opsigte van sy totale bestaan in 'n bepaalde biosfeer benader behoort te word, blyk dit dat die Witskrif op Welsyn (1997:169) se omskrywing van volgehoue ontwikkeling en volhoubaarheid nie voldoende voorsiening vir hierdie gedagtegang maak nie. Volgehoue ontwikkeling word beskryf as "'n [p]roses waardeur daar onmiddellik in die basiese behoeftes voorsien word, terwyl die vermoë van toekomstige geslagte om in hulle eie behoeftes te voorsien terselfdertyd vemeerder word." Alhoewel daar gesuggereer word dat voorsiening vir die volgende geslagte gemaak behoort te word, sou dit meer eksplisiet uitgespel kon word. Die term volhoubaarheid verwys volgens die Witskrif (1997:169) "...na dit wat beskostigbaar, finansieel lewensvatbaar en doeltreffend is. Erkenning word verleen aan die feit dat sekere welsynsprogramme volle Staatsondersteuning sal vereis aangesien dit gerig is op die armes en persone wat beskermende dienste benodig in die lig van hulle spesiale behoeftes." Daar word baie sterk klem geplaas op die voorsiening van finansiële hulp, sonder enige aanduiding wat die langtermyn-volhoubaarheid van 'n totale program suggereer. Aangesien die Witskrif op Welsyn 'n belangrike beleidsdokument is, ontstaan kommer oor die staat se erkenning van die rol wat die totale ekologie van gemeenskappe speel met betrekking tot die volhoubaarheid van gemeenskaps-ontwikkelingsprogramme oor geslagte heen. Woods (1998:240) waarsku dan ook dat daar

gewaak moet word om die volhoubaarheid van programme hoofsaaklik net in finansiële terme te meet, terwyl "... it is the sustainability of the biosphere that is the issue at hand."

Ten einde die volhoubaarheid van die ontwikkeling van die mens en gemeenskappe te bewerkstellig, verg dus dat daar altyd na die mens binne sy totale sosiale en fisiese ekologiese perspektief gekyk moet word. Aan die een kant behoort die kwaliteit van die mens as sosiale wese verhoog te word, maar aan die ander kant is dit belangrik om in ag te neem dat daar 'n besondere intense wisselwerking tussen die mens se lewenskwaliteit en die gehalte van die bewaring van sy omgewing bestaan. Daar kan gestel word dat 'n persoon wat in 'n proses van ontwikkeling is, toenemend die belangrike rol van die biosfeer in sy welsyn en die welsyn van sy nageslag sal besef, en dus alle moontlike pogings sal aanwend om dit te bewaar en waar dit reeds beskadig is, sover moontlik herstellende stappe te neem.

'n Verdere dimensie van volhoubaarheid sou wees dat gemeenskappe eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling op alle gebiede sal aanvaar. Dit sou ook impliseer dat hulle verantwoordelikheid vir hulle eie voortbestaan aanvaar. Die proses van deelname en bemagtiging sou hiertoe kon bydra.

Volhoubaarheid dui dus op 'n proses waartydens gemeenskapslede toenemend eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling aanvaar en op so 'n wyse daaraan uiting gee, dat die gemeenskap op alle lewensterreine in 'n voortdurende proses van ontwikkeling beweeg sodat die sosiale en ekologiese omgewing progressief bewaar word

7.3.4 Ontwikkeling van gemeenskapsdialoog

Volgens die HAT (1965:152) verwys die begrip dialoog na 'n "... samespraak tussen twee of meer persone" en 'n gesprek word beskryf as 'n "... onbelemmerde uitruiling van idees en opvattings om tot 'n oplossing te geraak van 'n vraagstuk" (HAT, 1965:279). In 'n gemeenskap vind dialoog en gesprekvoering daagliks op 'n spontane wyse plaas as deel van die normale sosiale aktiwiteite tussen mense. Dialoog en gesprekvoering kan egter ook doelbewus oor bepaalde aangeleenthede gevoer word en geleenthede kan ook doelbewus daarvoor geskep word.

In die konteks van gemeeskapsontwikkeling streef die maatskaplike werker daarna om soveel moontlike gespreksgeleenthede daar te stel om aan alle lede van die gemeenskap die geleentheid te bied om oor sake wat vir hulle van belang is, te praat. Op die wyse word daar na aanleiding van die uitgangspunt van die konstruksionisme, gepoog om nuwe konstruksies met betrekking tot die werklikheid te ontwikkel in 'n poging om oplossings vir probleemaangeleenthede te probeer vind. (Vgl. Greene, *et al.*, 1996b:225 en 3.2.4.3.) Van der Berg, *et al.* (1999:114) stel dit dan ook duidelik dat "...geen mens alles of niks weet nie, en dat alle mense die intrinsieke vermoë het om kennis te skep deur middel van dialoog." Deur middel van gesprekvoering ontwikkel nuwe idees met betrekking tot huidige omstandighede en hoe probleme moontlik hanteer en opgelos kan word. (Vgl. 4.3.5.) 'n Gemeenskap beskik oor 'n groot verskeidenheid idees en word deur Oosthuizen (1995:283) beskryf as 'n groep mense "...sharing an ecology of ideas." Ten einde van die kundigheid van die gemeenskapslede gebruik te maak om probleme in die gemeenskap te hanteer en ontwikkeling te laat plaasvind, is dit essensieel dat daar voldoende geleenthede vir gesprekvoering geskep sal word.

Rappaport (1995:802) is van mening dat "[t]he ability to tell one's story, and to have access to and influence over collective stories, is a powerful resource." In die proses van gemeenskapsontwikkeling lê die oplossing vir verskillende probleemsituasies dus daarin dat gemeenskapslede die geleentheid kry om deur middel van storievertelling, met ander woorde deur met mekaar in interaksie te tree, nuwe werklikhede te konstrueer. Sodoende word daar stem aan die probleemstories of narratiewe gegee en kan nuwe alternatiewe stories ontwikkel wat die oplossing van probleme bevat.

Volgens Servaes (1995:45) en Van der Berg, *et al.* (1999:114) is dit 'n basiese reg van elke gemeenskapslid om vir homself te praat en deel te hê aan die interaksiegeleenthede en –prosesse wat in gemeenskappe plaasvind. Daar behoort dus geleenthede geskep te word waartydens gesprekvoering kan plaasvind (Fawcett, *et al.*, 1995:681). Sulke geleenthede kan verskillende vorme aanneem, byvoorbeeld 'n groot gemeenskapsvergadering, samesprekings met kleiner belangegroepe en/of instansies en aangesig-tot-aangesig gesprekvoering tussen individue.

Deur gemeenskapslede by gesprekvoering te betrek, word gemeenskapsdeelname in die hand gewerk en bied dit toenemend aan lede die ervaring dat hulle beheer oor hull situasie kry en self in staat is om probleemoplossend op te tree. Bemagtiging vind dus plaas en voortgesette ontwikkeling behoort te volg. Probleemgeörienteerde narratiewe word dus met narratiewe van hoop, groei, bemagtiging en ontwikkeling vervang.

7.4 DIE FASES EN IMPLEMENTERING VAN 'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL: 'N ONTWERP

By die implementering van dié gemeenskapsontwikkelingsmodel in wording, word al die metodes in maatskaplike werk op 'n geïntegreerde wyse benut. Die inkleding daarvan word hoofsaaklik bepaal deur die unieke omstandighede van 'n bepaalde gemeenskap. Alhoewel die beginsels, doelstellings en werkswyses dus algemeen geldig is, is die benutting en inkleding daarvan afhanklik van die uniekheid van die betrokke gemeenskap, die instansie wat die ontwikkelingsprogramme inisieer en die betrokke professionele persone wat as gemeenskapsontwikkelaars gaan optree. Dit het dus as't ware tot gevolg dat elke ontwikkelingsproses uniek is ten opsigte van die wyse van hoe verskillende aksies uitgevoer word, asook die tempo waarmee dit gebeur. Alhoewel daar vervolgens riglyne aangedui word met betrekking tot die implementering van 'n gemeenskapsontwikkelings-model, moet in ag geneem word dat die praktiese toepassing daarvan telkens uniek sal wees.

7.4.1 Die betreding van 'n gemeenskap

Die betreding van 'n gemeenskap verwys na die beginfase van die doelgerigte bestuur en inisiëring van 'n gemeenskapsontwikkelingsaksie. Tydens dié fase vind die eerste kontak tussen die gemeenskap en die maatskaplike werker plaas. Dit is 'n fase wat oor 'n baie lang tydperk kan duur, afhangende van faktore soos die grootte en dinamika van die gemeenskap, asook die persoon van die maatskaplike werker en sy of haar unieke werkstyl. Die aanloop tot die inisiëring van 'n ontwikkelingsaksie speel 'n verdere rol ten opsigte van die verloop en inkleding van hierdie fase. (Vgl. 8.6.1.)

Daar is hoofsaaklik drie wyses van hoe 'n maatskaplike werker by die inisiëring en implementering van gemeenskapsontwikkeling binne 'n bepaalde gemeenskap, betrokke

kan raak. Dit kan gebeur dat 'n maatskaplike werker alreeds vir 'n geruime tyd by dienslewering in 'n gemeenskap betrokke is, in die vorm van veral gevallewerk, en dat die behoeftes in die gemeenskap sodanig ontwikkel en/of dat die maatskaplike werker die moontlikheid van gemeenskapsontwikkeling sterk oorweeg. In sodanige situasie is die maatskaplike werker alreeds aan die gemeenskap bekend. Die gemeenskap het dus reeds bepaalde ervarings van haar en staan in 'n verhouding tot haar.

Dit kan ook gebeur dat 'n gemeenskap spontaan 'n versoek tot 'n bepaalde instansie en maatskaplike werker(s) rig om gemeenskapsontwikkelingsprogramme binne die bepaalde gemeenskap te loods. In so 'n geval kan aanvaar word dat die gemeenskap 'n bepaalde vlak van gereedheid met betrekking tot ontwikkeling bereik het en sodanige aksies waarskynlik goedgesind sal wees. Die maatskaplike werker wat sodanige gemeenskap gaan betree, is dus "welkom" en gaan moontlik aanvanklik dit nie so moeilik vind om 'n verhouding met die gemeenskap daar te stel nie, as in gevalle waar daar sonder die uitnodiging van die gemeenskap inbeweeg word.

Veral na die publisering van die White Paper on Welfare (1997) en die HOP beleids-dokument (ANC, 1994) verwag owerheidsinstansies toenemend dat hoofsaaklik die sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe in die Suid-Afrikaanse samelewing dringend betrek sal word by ontwikkelingsinisiatiewe. Die gevolg is dat daar veral van welsyns-instansies verwag word om gemeenskapsontwikkelingsprogramme te loods. Dit kan en het tot gevolg dat gemeenskappe deur maatskaplike werkers betree word met die doel om ontwikkelingswerk te doen sonder dat die gemeenskap noodwendig amptelik sodanige uitnodiging gerig het. In sulke situasies kan verwag word dat dit veel moeiliker gaan wees om die gemeenskap suksesvol te betree, met ander woorde om die gemeenskap se vertroue en samewerking te verkry.

Die fondament waarop alle ontwikkelingsinisiatiewe in 'n gemeenskap gebou word, is die wyse waarop die maatskaplike werker die gemeenskap betree en daarmee saam, die aard van die verhouding wat hy/sy met die gemeenskap opbou en in stand hou. Hoffman en Sallee (1994:116) stel dit duidelik dat "[r]elationships are at the heart of social work, and the change process is dependent on the quality of relationships that social workers are able to form." Ten einde gemeenskapsontwikkeling te laat realiseer en veranderinge by sowel

individue as die gemeenskap in geheel te bewerkstellig, is 'n vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en gemeenskap onontbeerlik. Die doelstellings van gemeenskapsontwikkeling kan dus alleenlik bereik word indien die maatskaplike werker daarin slaag om 'n bepaalde kwaliteit verhouding met die gemeenskap te handhaaf. Daar moet 'n vennootskap tussen die gemeenskap en maatskaplike werker realiseer wat gebou is op onderlinge vertroue en lojaliteit.

Om 'n vertrouensverhouding met 'n gemeenskap daar te stel, verg besondere kundigheid en vermoëns van die maatskaplike werker. Volgens Mehr (1986:188) kan die vermoë om 'n doeltreffende interpersoonlike verhouding daar te stel in twee breë kategorieë verdeel word, naamlik "...being and doing." Die maatskaplike werker se menswees of wie sy is, ("being") verwys na aspekte soos houdings, waardes en gevoelens wat haar aksies kleur, terwyl optredes ("doing") dui op vaardighede wat benut word ten einde verhoudings te bou. In die daarstelling van 'n vertrouensverhouding met 'n gemeenskap speel die persoon van die maatskaplike werker net so 'n belangrike rol as die vaardighede wat benut word. Oosthuizen (1995:282) is van mening dat die maatskaplike werker se vermoë om 'n gemeenskap te begryp, beïnvloed word deur haar "...personal value systems, which means that her personhood plays a crucial role in establishing patterns of connectedness or disconnectedness with a particular community." Dit blyk dus van belang te wees dat die maatskaplike werker bewus sal wees van haar waardes en die betekenis wat sy aan 'n gemeenskap en die gebeure binne so 'n gemeenskap gee.

Ten einde 'n gemeenskap suksesvol te betree, met ander woorde om 'n vertrouensverhouding te vestig, verg dat die maatskaplike werker sensitief sal wees vir die wyse warop hy/sy en die gemeenskap mekaar onderling ervaar, definieer en werklikheidskonstruksies oor mekaar ontwikkel. Die bepaalde onderlinge sienings wat oor mekaar nagehou word en ervaringe onderling, sal waarskynlik 'n groot invloed hê op die moontlike ontwikkeling van vertroue. Aspekte wat 'n belangrike rol kan speel, is, byvoorbeeld, die kulturele en historiese agtergrond van die maatskaplike werker en gemeenskap asook die rassegroep waartoe hulle behoort. (Vgl. Lee, 1996:188.) In die Suid-Afrikaanse konteks behoort 'n maatskaplike werker wat tot die blanke Afrikaanssprekende kultuurgroep behoort, sensitief te wees vir die historiese gebeure met betrekking tot apartheid en moontlike betekenisgewing wat na aanleiding daarvan deur, byvoorbeeld, 'n oorwegend swart Sothosprekende

gemeenskap aan haar geheg kan word en omgekeerd. Daar mag, byvoorbeeld, persepsies bestaan dat die maatskaplike werker deel is van 'n sisteem wat outoritêr optree en mense onderdruk, of dat sy uit 'n bevoorregte posisie kom en nie hulle problematiek sal begryp nie, of dat sy juis vanweë haar bevoorregte posisie oor meerdere kennis beskik en hulle dus sal kan help. Die maatskaplike werker sou weer moontlik persepsies van die gemeenskap kan nahou, soos dat hulle agtergeblewe is en dus nie oor die vermoë beskik om vir hulle self te dink nie en dat hy/sy beter sal weet, of dat die gemeenskap vyandiggesind sal wees, of moontlik mag die siening bestaan dat dié gemeenskap oor waardevolle inheemse kennis beskik wat tot voordeel van hulle eie ontwikkeling aangewend kan word. Watter persepsies ook al mag bestaan, dit gaan 'n belangrike invloed op die hele proses van gemeenskaps-ontwikkeling hê en daarom behoort dit baie duidelik in ag geneem te word, veral tydens die betreding van die gemeenskap. Dit is waarom dit aan te beveel is dat daar vanuit 'n nie-kundige posisie beweeg sal word en daar saam met die gemeenskap die pad van ontwik-keling aangedurf word.

'n Gemeenskap kan nouliks betree word en 'n vertrouensverhouding daargestel word, son-der om noukeurig te let op die struktuur en dinamika van die betrokke gemeenskap. (Vgl. Fawcett, *et al.*, 1995:680 en hoofstuk 6.) Dit is, byvoorbeeld, nodig om te let op betrokke formele instansies asook informele organisasies wat in 'n betrokke gemeenskap aktief is, want sodanige instansies speel 'n belangrike rol in die werklikheidskonstruerings van 'n gemeenskap en gevolglik ook in die dag-tot-dag aktiwiteite. Selfs weer- en klimaats-omstandighede behoort in ag geneem te word. In 'n tipiese boerderygemeenskap behoort die gemeenskapslede gerespekteer te word ten opsigte van hulle aktiwiteite weens weers- en klimaatsomstandighede. So sal 'n gemeenskapsvergadering onprakties wees wanneer dit oestyd is of indien daar baie ongure weer is.

Die leierskaps- en magspatrone sou ook 'n belangrike komponent wees om te verreken wanneer 'n gemeenskap betree word. Dikwels beskik die leiers van 'n bepaalde gemeen-skap oor soveel mag dat daar eers as't ware by hulle toestemming verkry moet word om enigsins met enige ander lid van die gemeenskap kontak te maak. Verder behoort daar ook groot sensitiwiteit te wees vir die heersende magstryd en konflik wat in 'n bepaalde gemeenskap teenwoordig is, want die verskillende belangegroepe sou kon poog om die maatskaplike werker se simpatie te bekom of dit kan ook gebeur dat opponerende groepe

kan meen dat hy/sy met 'n bepaalde groep nouer saamwerk of in koalisie is en dus nie vertrou kan word nie. (Vgl. St. Lawrence & Ndiaye,1997:554-555.)

Na aanleiding van Freedman en Combs (1996b:33-34) se aanduiding wat die rol van stories met betrekking tot die rol van die man en vrou ("gender stories") speel in verskillende kulturele milieus, kan aanvaar word dat dit in die konteks van gemeenskapsontwikkeling ook 'n belangrike rol kan speel. Die maatskaplike werker behoort by die betreding van die gemeenskap sensitief te wees vir die waardes en persepsies wat in die verband bestaan, want so sou dit, onder andere, 'n invloed kon hê op die gemeenskap se ervaring van hom/ haar bloot na aanleiding van sy/haar geslag. Verder kan dit ook 'n invloed hê op die wyse waarop die gemeenskap hanteer word in die opsig dat daar in sekere situasies liefs eers met van die manlike persone in die gemeenskap kontak gemaak word ten einde nie met die heersende status quo te bots wat in die gemeenskap gehandhaaf word ten opsigte van die rol, plek en mag van die verskillende geslagte nie.

Die eerste kontak wat met die gemeenskap gemaak word deur die maatskaplike werker is baie belangrik, want dit kan die fondament vir verdere betreding vorm of dit kan juis 'n struikelblok word vir die inboeseming van enige verdere vertroue. Daarom is dit belangrik dat die persone en/of groepe met wie aanvanklik kontak gemaak word, baie versigtig geselekteer word. Dit is belangrik dat veral die leierskap- en magstruktuur in die verband gerespekteer word, asook die teenwoordigheid van mede-kollegas of ander professionele persone wat heel waarskynlik 'n prominente posisie het, veral in die formele leierskapstrukture. So behoort daar spoedig met persone soos skoolhoofde, die landdros, medici en kerkleiers kontak gemaak word.

In gevalle waar die maatskaplike werker alreeds 'n geruime tyd in die gemeenskap werksaam is, het die betreding van die gemeenskap reeds plaasgevind en sou dit nou gaan om die verdere verkenning van die gemeenskap. In die geval waar die gemeenskap die maatskaplike werker of bepaalde instansie waar sy werksaam is, uitgenooi het om ontwikkelingswerk te kom doen, is dit logies dat die mense wat die uitnodiging gerig het waarskynlik die mense sou wees met wie eerste kontak gemaak sou kon word. Hulle is immers diegene wat toestemming verleen het dat die gemeenskap betree kan word. Omdat hulle

nie noodwendig die totale gemeenskap verteenwoordig nie, sou daar stelselmatig na die res van die gemeenskap beweeg word.

Wanneer die maatskaplike werker in 'n gemeenskap inbeweeg sonder 'n formele uitnodiging van die gemeenskap sou die aanvanklike kontak waarskynlik met formele leiers in ampsposisies geskied, soos die stadsklerk, burgemeester, predikante, skoolhoofde, hoof van die polisie en die hoof mediese beampte. Na aanleiding van die aanvanklike gesprekke met dié leiers sal verdere persone en groepe geïdentifiseer kan word wat by verdere gesprekke betrek kan word.

Ten einde die gemeenskap se vertroue te wen en te behou, behoort al die beginsels van maatskaplike werk en wat dié model ten grondslag lê, gerespekteer te word. Die gemeenskap word dus met die nodige respek benader, en verder word daar op 'n deursigtige wyse te werk gegaan en volgens die tempo van die gemeenskap beweeg. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker soveel as moontlike een-tot-een gesprekke met soveel gemeenskapslede as moontlik probeer voer ten einde aan elke lid die ervaring te gee dat sy belangrik is en dat elke individu ook die geleentheid kry om die betrokke maatskaplike werker te ervaar. Alhoewel dit selde moontlik is om met elke individuele lid 'n gesprek te voer, behoort gepoog te word om ten minste met verteenwoordigers van alle belangegroepe kontak te maak. (Vgl. Servaes, 1995:46.) Hierdie uitreiking na die totale gemeenskap kan oor 'n geruime tyd plaasvind. Dit is egter belangrik dat dit wel plaasvind en teen die tempo wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is. Die gemeenskap moet as't ware ryp word vir die toenemende akkommodering van die maatskaplike werker. Daar sal al in sekere areas van die gemeenskap ontwikkelingsprojekte geïnisieer word terwyl ander nog in die betredingsfase is. Dit mag selfs wees dat die verloop van bepaalde kleiner ontwikklingsaktiwiteite sekere dele van 'n gemeenskap gereed maak vir betreding en toetreding tot die totale ontwikkelingsinisiatief.

Tydens die aanvanklike kontak met gemeenskapslede poog die maatskaplike werker hoofsaaklik om 'n atmosfeer van vertroue te skep waarbinne sy en die gemeenskap mekaar kan leer ken en 'n interaksieproses begin wat geleidelik kan lei tot meer spesifieke verkenning en mededeling van werklikheidskonstruksies ten einde nuwe konstruksies te ontwikkel. Die ontwikkelingsaksies realiseer dan by wyse van die vertelling van stories en narratiewe,

die eksternalisering daarvan en die verdere ontwikkleing van nuwe narratiewe wat die hantering van probleemsituasies sou impliseer.

7.4.2 Die uitdrukking van die gemeenskap se werklikheid of narratiewe

By wyse van taal en spesifiek deur die vertelling van stories of narratiewe kan gemeenskapslede die geleentheid kry om hulle konstruksies oor hulle werklikheid uit te druk. Die gemeenskap kry dus die geleentheid om sy ervaringe en die betekenisse wat daaraan geheg word, te verwoord. Van der Berg, *et al.* (1999:114) noem dat die gemeenskap op dié wyse 'n geleentheid vind om 'n spieëlbeeld van hulle lewe te gee. Deur die uitdrukking van die gemeenskap se narratiewe word die lewe van sodanige gemeenskap geskets.

Die uitdrukking of verwoording van die gemeenskap se werklikheid, bied aan die maatskaplike werker die geleentheid om 'n proses te fasiliteer wat die gemeenskap in staat stel om sy dominante stories te vertel met die doel voor oë om die proses van eksternalisering van probleemgedomineerde stories te laat plaasvind. Volgens Van der Berg, *et al.* (1999: 118) dui die stories van die gemeenskap gewoonlik op bepaalde groeipotensiaal wat later as 'n unieke uitkoms ("unique outcomes") kan dien vir die ontwikkeling van nuwe stories. In die proses van storievertelling ontwikkel die gemeenskap 'n gevoel van eie identiteit en geskied daar 'n ontwikkelingsproses as gevolg van die storievertelling wat plaasvind (Van der Berg, *et al.* 1999:119). Rappaport (1995:796) sluit hierby aan en noem dat die gemeenskap gehelp word "...to discover their own stories, create new ones,..." en beweeg sodoende na die bereiking van die doelstellings van bemagtiging. Die te woord stel van die gemeenskap se stories blyk 'n onontbeerlike gebeurtenis te wees in die hele proses van gemeenskapsontwikkeling. Dit is die wyse waarop 'n gemeenskap nie net sy behoeftes bekendmaak nie, maar betekenis gee aan sy totale wêreld en in 'n proses van ontwikkeling beweeg waartydens nuwe konstruksies van die werklikheid ontstaan as gevolg van die voortdurende interaksie wat plaasvind. Nuwe narratiewe ontwikkel wat die ou probleemgedomineerde stories vervang en dus die oplossing en effektiewe hantering van probleemsituasies impliseer.

Soos die maatskaplike werker die gemeenskap geleidelik betree en met verskillende mense en groepe kennismaak, word van die gemeenskap self 'n aanduiding gekry oor die wyses

waarvolgens geleenthede geskep kan word om aan die gemeenskap geleentheid te gee om hulle narratiewe te deel (Van der Berg, *et al.*, 1999:117). Sommige van die gespreksgeleenthede mag 'n een-tot-een situasie wees, ander mag weer in klein informele groepe of met gesinne plaasvind. Formele instansies soos skole, sou besoek kon word waartydens gesprekke met individue, groepe en selfs met die totale skool gevoer kan word. Hierdie gespreksgeleenthede sou oor 'n onbepaalde tyd kon voortduur en telkens volgens die behoeftes van die gemeenskap ingeklee word. Daar kan gestel word dat gemeenskapsontwikkeling nie kan voortgaan en voortduur sonder dat daar gereelde gesprekvoering in die gemeenskap plaasvind nie, want sodoende word nuwe werklikhede voortdurend gekonstrueer wat telkens die hantering van nuwe porbleemsituasies inhou.

Alhoewel die gespreksgeleenthede volgens die styl en behoefte van die gemeenskap ingeklee word, is daar tog bepaalde insette wat die maatskaplike werker maak ten einde die bepaling van die dominante stories te bewerkstellig asook die eksternalisering daarvan, en die ontwikkeling van nuwe stories. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker uit 'n posisie beweeg waarin hy nie weet nie en dus luister in pleks van om te praat. Daar word gepoog om te verstaan wat die betekenis van die gemeenskap se storie vir hulle self inhou. Die vorm van begrip vra dat daar geluister sal word "...with focused attention, patience, and curiosity while building a relationship of mutual respect and trust" (Freedman & Combs, 1996a:45). Van der Berg,. *et al.* (1999:119) sluit by Freedman en Combs aan wanneer hy sê dat om die dominante storie te bepaal, met ander woorde om 'n proses te fasiliteer sodat die gemeenskap hulle storie kan vertel, behoort die maatskaplike werker 'n goeie luisteraar te wees "...wat daarteen waak om die gemeenskap nie te gou te verstaan nie – indien ooit." Hy meen dan ook dat "[h]oe vinniger die werker die gemeenskap verstaan, hoe minder geleentheid is daar vir dialoog, en hoe meer geleentheid is daar vir misverstand" (Van der Berg, *et al.*, 1999:119). Tydens gespreksgeleenthede kry die gemeenskap dus vrylik die geleentheid om in hulle idioom aan die maatskaplike werker te verduidelik wat hulle belewenis van hulle situasie is. Die "landscape of action" en "landscape of consciousness" (White, 1993:36-37) dimensies in die stories van die gemeenskap word dus verwoord of uitdrukking aan gegee.

Die maatskaplike werker maak veral van vrae gebruik om die gemeenskap aan te help in hulle storievertelling. Daar word vrae gevra wat tot antwoorde lei wat weer nuwe vrae ver-

eis (Van der Berg, *et al.*, 1999:119). Dit gaan dus daaroor om die gemeenskap aan te moedig om hulle stories in al groter detail te beskryf. Die vrae spreek van opregte belangstelling en help die vertellers om die areas in hulle lewens en omstandighede waaroor hulle bepaalde belewenisse het, maar nog nie behoorlik verwoord het nie, nou te verwoord, en in die proses hulle lewe al breër te omskryf. Dit vorm die basis vir die bepaling van sentrale temas of dominante stories en die verdere eksternalisering daarvan.

7.4.3 Eksternalisering van die gemeenskap se narratiewe

Eksternalisering van die dominante storie of probleem is 'n erkende werkswyse eie aan narratiewe terapie en word deur White en Denborough (1998:3) verduidelik as 'n gesprek "...that create space for people to see themselves as separate from the problems that are affecting their lives." In die konteks van 'n gemeenskap sou dit beteken dat individue, groepe en die totale gemeenskap deur middel van eksternalisering van hulle probleemomstandighede geskei word en daar 'n verhouding tussen die betrokkenes en die problematiek geskep word. So, byvoorbeeld, sou probleme soos armoede, werkloosheid, verslawing, VIGS en geweld van die gemeenskap geskei word en sou die gemeenskap in 'n verhouding tot die probleme staan asof dit persone is. Die probleme word as karakters beskou met wie daar in gesprek getree kan word. Eksternalisering vind deur middel van gesprekvoering plaas en taal speel 'n belangrike rol in die bewerkstelliging daarvan. "It is a language practice that shows, invites, and evokes generative and respectful ways of thinking about and being with people struggling to develop the kinds of relationships they would prefer to have with the problems that discomfort them" (Roth & Epston, 1998:211). Deur middel van eksternaliseringsgesprekke kan die maatskaplike werker die gemeenskap vanaf 'n posisie waar hulle probleme hulle lam lê, beweeg na 'n situasie waar hulle beheer oor die proleme kan uitoefen – 'n situasie van bemagtiging.

Sodra die gemeenskap in 'n verhouding met die probleem staan, met ander woorde hulle ervaar dat hulle geskei is van die probleem en dat die probleem die probleem is, raak die gemeenskap gereed om tot aksie oor te gaan. Epston (1998:51) meen dat die skeiding met die probleem daartoe lei dat "...they are creative, enlivened, enthusiastic, and can call upon problemsolving capabilities that are surprising even to them." Die gemeenskapslede raak individueel en gesamentlik gereed om inisiatief te neem ten opsigte van gemeen-

skapsontwikkelingsprojekte wat tot probleemoplossing en die verbetering van die totale leefomstandighede binne die gemeenskap kan lei.

Eksternalisering het verder tot gevolg dat die gemeenskapslede nie langer voortgaan met selfbeskuldiging, die slinger van onderlinge verwyte of om ander groepe, instansies of beleidmaatrëels te blameer vir hulle besondere probleemsituasie nie (O'Hanlon, 1998:58). Die gemeenskap ervaar toenemend dat hulle in beheer van hulle lewe en lewensomstandighede kom en aldus verandering kan bewerkstellig. Opsommend kan gestel word dat eksternalisering die gemeenskap bemagtig, 'n ervaring van trots, selfrespek en selfwaardering te weeg bring, met die gevolg dat daar voldoende energie, motivering en inisiatief na vore tree sodat die gemeenskap sy probleme hanteer en nuwe narratiewe ontwikkel

Reeds vanaf die eerste kontak en gesprekke wat tussen die maatskaplike werker en die gemeenskap plaasvind, neem die vertelling van gemeenskapsnarratiewe 'n aanvang. So sou 'n individu teenoor die maatskaplike werker kan opmerk dat dit baie droog is en dat dit al moeiliker word om werk te kry, want die boere kry te swaar, of 'n groep onderwysers kan vertel dat hulle baie bekommerd is omdat die kinders nie gemotiveerd is om hulle skoolloopbaan te voltooi nie, want hulle gaan in elk geval nie werk kry nie. Ten einde aan die gemeenskap die geleentheid te gee om sy narratiewe in meer detail te deel, sou sodanige spontane gesprekvoering voortgesit kan word, maar daar sou ook formele geleenthede soos vergaderings gereël kan word sodat die vertellings kan voortgaan.

In die konteks van 'n gemeenskap sou daar dus met baie mense gepraat kon word en verskillende narratiewe sal waarskynlik na vore tree met hulle eie uniekheid, asook ooreenstemmigheid. Die vraag is nou of die maatskaplike werker elke storie met sy probleemelemente gaan eksternaliseer, of sal daar aan sekere stories voorkeur verleen word. Elke gemeenskap met sy unieke dinamika sal waarskynlik volgens hulle eie styl en tempo van gereedheid, deelneem aan die eksternaliseringsproses. Vanweë praktiese omstandighede, soos die tydsfaktor, beskikbaarheid van alle betrokkenes en grootte van die gemeenskap, kan verwag word dat binne die verskillende segmente van die gemeenskap subgroepe kan vorm volgens hulle betrokkenheid en belange by bepaalde omstandighede. Daarvolgens sal waarskynlik voorkeur aan sekere gemeenskapsnarratiewe bo die van ander gegee word. Die groep werklose mense in 'n gemeenskap sal waarskynlik baie meer

gemotiveerd wees om stories in die verband te vertel en bereid wees tot deelname aan eksternaliseringsgesprekke ten opsigte van sodanige stories, terwyl die groep bejaardes wat 'n storie deel van gebrekkige versorging en beveiliging, weer eerstens, daaraan sou wou aandag skenk. Alhoewel daar dus met kleiner groepe volgens hulle besondere omstandighede in gesprek getree word, blyk dit tog van belang te wees om die gesprek met die groter gemeenskap nie te verwaarloos nie en op daardie vlak ook aan die verskillende subgroepe se stories aandag te gee, asook meer algemene narratiewe waarby almal gesamentlik belang het. Dit blyk egter duidelik dat daar nie net op een van die vlakke gesprek gevoer kan word nie. Gewoonlik is die individuele gesprek tussen die maatskaplike werker en individue in die gemeenskap net so belangrik ten opsigte van die vertelling van stories en die eksternalisering daarvan, omdat die individu se verhaal deel vorm van die groter geheel en dus onontbeerlik is met die oog op die latere ontwikkeling van nuwe nie-probleemgeoriënteerde stories.

Tydens die verskillende gespreksgeleenthede waartydens die gemeenskap se narratiewe gedeel word, is dit belangrik dat die maatskaplike werker sal let op sentrale temas en dan spesifiek probleemgeoriënteerde temas. Na aanleiding van hierdie temas kan die proses van eksternalisering begin vorm aanneem deur relatiewe beïnvloedingsvrae te vra en die probleem algaande in meer detail te omskryf. (Vgl. White & Epston, 1990:42 en Freedman & Combs, 1996a:66.) Die relatiewe beïnvloedingsvrae lei daartoe dat die invloed wat die probleem op die gemeenskap het in toenemende volledigheid beskryf word. Die probleem word beskryf ten opsigte van die aard van die probleem, met ander woorde die verskillende gesigte wat dit kan aanneem, asook die rol wat dit in die gemeenskap speel. Dit kom daarop neer dat die "gedrag" van die probleem omskryf word. Verder word daar ook gelet op die kommunikasie tussen die probleem en die gemeenskap, met ander woorde wat is die boodskappe wat die probleem aan die gemeenskap kommunikeer. Die probleem van werkloosheid sou, byvoorbeeld, aan die gemeenskap kon kommunikeer dat daar nie hoop is nie en dat die gemeenskap en spesifiek die werkloses, nie in staat is om iets aan die situasie te doen nie en dat gesinne nie meer vir kinders kan sorg nie. Met vraagstelling word daar gepoog om al die feitlike gebeure ("landscape of action") en die betekenis wat daaraan gegee word ("landscape of counsciousness") uit te spel.

Voorbeelde van relatiewe beïnvloedingsvrae wat tydens gesprekvoering met die gemeenskap gevra kan word, is, onder andere, die volgende: (Vgl. 5.2.1.2.)

- Ten einde die rol van die probleem in die lewe van 'n gemeenskap te bepaal, is dit nuttig om te let op die historiese ontwikkeling en verloop van die probleem se "lewe" of "bestaan". Daar word dus gelet waar die probleem vandaan kom en hoe dit gegroei het tot die vorm wat dit vandag aanneem, asook die verhouding wat tussen die gemeenskap en die probleem ontstaan het. White en Denborough (1998:6) noem dat "[c]ommunity members have often been recruited into powerfully negative stories about themselves and their lives" en deur aan die gemeenskap te vra hoe hulle gewerf is om op 'n bepaalde wyse te dink, met ander woorde hoe die probleem die bepaalde rol in hulle bestaan begin speel het, laat die besef ontwikkel dat die probleem 'n historiese verloop het. Dit het tot gevolg dat die gemeenskap kan sien hoe die probleem 'n toenemende mag oor hulle bekom het en 'n groeiende invloed op hulle lewens begin uitoefen het. Die verhouding tussen die gemeenskap en die probleem begin al duideliker blyk en die gemeenskap kry toenemend die ervaring dat hulle in 'n verhouding met die probleem staan en dat die probleem nie deel van hulle is nie, maar iets op sy eie is. Volgens White en Denborough (1998:6) is 'n belangrike gevolg van historiese eksplorasie dat "...community members are able to identify times in their lives when they have acted in ways that do not fit their views of themselves." Daar ontstaan geleidelik die besef by die gemeenskap dat hulle weens die feit dat hulle los staan van die probleem daarmee kan begin handel.
- Soos wat die gemeenskap toenemend ervaar dat daar 'n skeiding tussen hulle en die probleem moontlik is, word die eksternalisering van die probleem verder gevoer deur met die gemeenskap te kommunikeer asof die probleem 'n persoon is (O'Hanlon, 1994:26). Die verpersoonliking van die probleem kan selfs inhou dat daar 'n naam aan die probleem gegee word, byvoorbeeld Willie Werkloos of Arrie Armoede. Daar kan nou gevra word wat Arrie Armoede aan hulle kommunikeer met betrekking tot die toekoms, of wat doen Willie Werkloos dat hy soveel volgelinge kry. Die gemeenskap beweeg dus geleidelik na 'n posisie waar hulle so verwyderd van die probleem raak dat hulle daarmee kan kommunikeer en aandui watter effek dit op hulle het, met ander woorde hulle kan die verhouding tussen hulle en die probleem bespreek.
- Vervolgens sou die rol wat die probleem in die gemeenskap se bestaan speel, bespreek kon word sodat die gemeenskapslede bewus word van die effek van die probleem op

elke individu asook op die totale gemeenskap het. So sou die gemeenskap kon gesels oor die wyse hoe Willie Werkloos hulle byvoorbeeld angstig maak en sodanig ontmoedig dat hulle alle hoop laat vaar het en nou oormatig alkohol gebruik om te probeer beter voel. (Vgl. O'Hanlon, 1994:26.) Dit is asof die gemeenskap die geleentheid kry om die probleem as't ware aan die kaak te stel.

Tydens die eksternalisering van die probleemtemas in die narratiewe van die gemeenskap word daar reeds 'n basis gelê vir die volgende stap waar daar in die gesprek met die gemeenskap gelet word op die moontlike invloed wat die gemeenskap op die probleem kan hê. Die gesprek ontwikkel sodanig dat moontlike unieke uitkomste wat gevolg kan word om die probleem te manipuleer, na vore kom. Daar kan dus begin word met die ontwikkeling van nuwe alternatiewe narratiewe.

7.4.4 Die herskryf van die gemeenskap se narratiewe

Die herskryf van die gemeenskap se narratiewe beteken dat daar tydens gesprekvoering geleidelik beweeg word na aspekte in die ervaringswêreld van die gemeenskap wat die probleemgedomineerde stories konstrueer en dus die teenoorgestelde verhaal tot gevolg het (Nicholson, 1995:24). Die gemeenskap beweeg, byvoorbeeld, van 'n storie van wanhoop na stories van hoop. Dit sou dan situasies wees waar die gemeenskap beheer oor die probleem geneem het en dus die probleem beïnvloed en nie langer toelaat dat die probleem alleen invloed op hulle uitoefen nie. Willie Werkloos word, byvoorbeeld, vervang met Hester Hoop as alternatiewe/nuwe storie. Alhoewel die maatskaplike werker die gesprek-situasie fasiliteer, word die gemeenskap die hoofskrywer van die nuwe of alternatiewe stories wat die vorige narratiewe vervang. Die ontwikkeling van sodanige stories beteken ook dat die gemeenskap dus probleemsituasies in die gemeenskap self begin hanteer. Hulle neem dus aktief aan, onder andere, gemeenskapsontwikkelingsprogramme deel as wyse om die nuwe stories tiperend van hulle lewe te maak.

Na aanleiding van die narratiewe werkswyse soos deur White ontwikkel, vorm die bepaling en uitbouing van unieke uitkomste ("unique outcomes") die basis van die fasiliterings-proses ten einde nuwe stories te ontwikkel. 'n Unieke uitkoms sou kon verwys na stadiums in die gemeenskap se hede of verlede wanneer hulle in staat was om samewerking met die

probleem te weier, of om op ervarings in hulle lewe te fokus wat deur die probleem verswelg is en om nuwe betekenis aan hulle situasie te gee (Carlson, 1997:273).

Unieke uitkomste kan bepaal word deur binne verskillende tydsdimensies na moontlike geleenthede te soek waar die gemeenskap getoon het dat hulle beheer oor die probleem kan uitoefen. Ten opsigte van die verlede noem White (1989:16) dat "...persons can be encouraged to recall 'facts' or events that contradict the problem's effects in their lives and in their relationships." Gemeenskapslede sou, byvoorbeeld, gevra kon word om uit te brei oor geleenthede in die verlede waar van hulle daarin kon slaag om 'n werk te bekom, of om op 'n wyse vir hulle 'n inkomste te genereer. Die detail omstandighede van so 'n situasie word bespreek sodat die betrokkenes kan ervaar dat daar al wel momente was waar hulle beheer oor werkloosheid kon uitoefen. Benewens die verlede sou daar ook op situasies in die hede gefokus kon word waar gemeenskapslede die probleem teengestaan het. Dit kan, byvoorbeeld, wees toe van die gemeenskapslede met moontlike nuwe idees na vore gekom het oor hoe werkloosheid moontlik hokgeslaan kan word. So sou 'n paar vrouens, byvoorbeeld, 'n bespreking begin voer oor die moontlikheid om gebak te verkoop ten einde 'n inkomste te genereer. Sodanige idees kan dan verder verken word ten opsigte van hoe dit kan gebeur en in hoe 'n mate dit vir hulle beheer oor die probleem van werkloosheid kan gee. Die verdere uitbouing van sodanige idees sou ook die effek kon hê dat gemeenskapslede die belewing kry dat daar in die toekoms nog meer moontlikhede kan realiseer wat die huidige probleem kan verdring. (Vgl. White, 1989:18-19; O'Hanlon, 1994: 26 en Nicholson, 1995:24.)

Relatiewe beïnvloedingsvrae asook die vra van feitelike of gebeurlikheidsvrae ("landscape of action questions") en vrae met betrekking tot die betekenis wat aan gebeure geheg word ("landscape of counsciousness questions") kan benut word om 'n proses te fasiliteer ten einde unieke uitkomste te bepaal en te laat ontwikkel tot nuwe narratiewe. Tydens verskillende gespreksgeleenthede poog die maatskaplike werker dus om deur middel van vrae die storievertelling van die gemeenskap sodanig te laat ontwikkel dat dit daarop neerkom dat hulle hulle lewe meer omvattend beskryf en stelselmatig nuwe betekenis met betrekking tot hulle totale bestaan en leefomstandighede laat realiseer. (Vgl. 5.3.)

Volgens Freedman en Combs (1996a:66-67) het die vra van relatiewe beïnvloedingsvrae tot gevolg dat die betrokkenes besef dat die probleem nie net alleen 'n invloed op hulle het

nie, maar dat hulle ook op die lewe van die probleem 'n invloed kan hê, met ander woorde hulle verhouding met die probleem het die potensiaal dat hulle in die beheerposisie kan beland. Verder het dit ook tot gevolg dat "...it mobilizes people to join together in working to oppose the effects of the problem" (Freedman & Combs, 1996a:67).

Die gebeurlikheidsvrae kan nuttig gebruik word om gebeure wat in die verlede en hede plaasgevind het en mekaar ondersteun het, te identifiseer. Voorbeelde van sulke vrae is, onder andere: Wat het gebeur dat jy daaraan begin dink het om ander mense se stukkende klere te herstel in 'n poging om 'n inkomste te genereer? Wat het in die gemeenskap gebeur dat julle vandag hier saam is om planne te maak om die beheer wat werkloosheid oor julle het, te bestry? Wat kan julle my van die geskiedenis van julle gemeenskap vertel sodat ek beter kan verstaan waarom julle soveel moed aan die dag lê om werkloosheid te bekamp?

Aanvullend en bykomend tot die gebeurlikheidsvrae word die vrae met betrekking tot die betekenis wat aan die gebeure gegee word, gevra en sodoende kry die gemeenskap die geleentheid om die betekenis wat hy aan die gebeure wat die probleemgedomineerde storie saboteer, uit te spel en verder te bespreek. Alternatiewe belewenisse, oortuigings en begeertes word bespreek wat kontrasterend tot die betekenis staan wat aan die probleemsituasie geheg word. Voorbeelde van sulke vrae is, onder andere: Tot watter nuwe gevolgtrekkings kom jy met betrekking tot wat vir jou belangrik is? Wat het dit van jou geverg om die inisiatief te neem om skoene te begin herstel ten einde 'n inkomste te genereer? Wat sê dit vir jou van jouself? Wat sê die aksies wat jy besig is om te neem vir jou van dit wat vir jou belangrik is in die lewe of wat jou doel in die lewe is? Die effek van die vra van bogenoemde vrae word deur White (1993:45) soos volg opgesom: "As persons respond to landscape-of-action and landscape-of-consciousness questions, they engage in reliving of experience and their lives are 'retold'."

Ervaring-van-ervaringsvrae ("experience-of-experience questions") kan volgens White (1993:45-46) ook nuttig gebruik word. Dit gaan daaroor dat die persoon se aandag gevestig word op hoe hy deur ander ervaar is ten opsigte van aksies wat geneem is om die probleem te saboteer en 'n nuwe storie te ontwikkel. In die konteks van 'n gemeenskap sou, byvoorbeeld, gevra kon word: Wat meen julle is die ander groepe of aangrensende gemeenskap se

siening van julle poging om werk te skep? Wat dink jy vertel hierdie inisiatief wat jy geneem het aan ander mense van jou vermoëns? Wat dink jy kan hierdie optrede van jou aan die res van die gemeenskap openbaar ten opsigte van die leefwyse wat jy nastreef? (Vgl. 5.3.)

Freedman en Combs (1996a:133) verwys ook na vrae wat die verlede, hede en selfs toekomsverwagtinge van die probleemgedomineerde storie kontrasteer. In die proses word die gemeenskap gehelp om veranderinge wat alreeds plaasgevind het, duidelik te identifiseer. Daar sou, byvoorbeeld, die volgende vrae gevra kon word: Hoe verskil hierdie optrede van wat julle voorheen sou doen? Jy is trots op die geld wat jy gemaak het met die verkoop van lekkergoed wat jy gemaak het. Hoe verskil dit van die kere wat jy gedink het niemand sal dit koop nie? Daar sou ook konteksgebonde vrae gevra kan word en sodoende 'n nuwe storie aan bepaalde plek en situasie verbind, ten einde die ontwikkeling en vestiging van so 'n storie te waarborg (Freedman & Combs, 1996a:134). So sou daar die volgende gevra kon word: Is daar moontlik 'n instansie of persone wat jou/julle vordering in die ontwikkeling van jou/julle eie bakkery sou kon ondersteun? Waar het dit gebeur? Wat anders het toe gebeur? (Vgl. 5.3.)

Die rol van ander mense, groepe of instansies in die vordering wat bepaalde mense, of die gemeenskap in geheel kan ook deur vrae bepaal word. (Vgl. Freedman & Combs, 1996a:135.) Op die vraag wie het 'n belangrike rol gespeel om jou/julle lewe terug te win van werkloosheid, sou daar, byvoorbeeld, geantwoord kon word dat sekere persone was wat met opleiding behulpsaam was of selfs 'n borg wat geld beskikbaar gestel het om die projek aanvanklik te finansier.

Geleidelik behoort die gemeenskap oor te gaan om toenemend nuwe stories te ontwikkel wat al die probleemtemas in hulle narratiewe te kontrasteer en uiteindelik te vervang. Alhoewel daar aanvaar kan word dat dit 'n lang proses mag wees, kan dit die gemeenskap in 'n onomkeerbare proses van ontwikkeling plaas. Hierdie proses van ontwikkeling wat geleidelik aan die gemeenskap en al sy lede 'n nuwe identiteit besorg, behoort voortdurend bevestig te word ten einde die onomkeerbaarheid daarvan in die hand te werk.

7.4.5 Seremonies ter bevestiging van die nuwe narratiewe van die gemeenskap

Seremonies ter bevestiging van die gemeenskap se nuwe stories, met ander woorde die verandering of ontwikkeling wat daar plaasgevind het, dui op geleenthede of rituele waar die nuwe narratiewe van die gemeenskap met ander gedeel word en sodoende bevestig word. Dit kan geskied deurdat 'n groep buitestaanders as getuie optree of dat dokumente uitgereik word ter bevestiging van die nuwe narratiewe. (Vgl. White, 1995:178 &179; 1997:93 & 54.) Daar word dus met hierdie seremonies gepoog om nuwe ontwikkelinge wat in die gemeenskap plaasvind, op verskillende vlakke te erken en sodoende mee te help om dit verder uit te bou en die gemeenskap se beheer oor probleme in hulle midde, verder te versterk.

In die konteks van gemeenskapsontwikkeling sou die maatskaplike werker op kreatiewe of verbeeldingryke wyse te werk kon gaan om binne die betrokke kultuurmilieu van die gemeenskap seremonies te skep ter bevestiging van die nuwe narratiewe en meegaande identiteit van die gemeenskap. 'n Gemeenskapsvergadering of byeenkoms, soos 'n kerkdiens, sou benut kon word om die vordering wat met bepaalde projekte gemaak word, aan te kondig. Tydens so 'n geleentheid sou daar buitestaanders en ander professionele persone genooi kon word om ook getuie te wees van wat binne die gemeenskap besig is om te gebeur. Gesprekke kan geïnisieer word waartydens die hervertelling van die nuwe stories kan plaasvind. So sou daar, byvoorbeeld, gesprek gevoer kan word oor al die pogings wat tans aangewend word om werkloosheid teen te werk, met klem op die suksesse wat bereik is.

Die hou van kompetisies sou in sekere situasies ook kon bydra tot die bevestiging van nuwe stories. In 'n gemeenskap waar daar met 'n tuinbouprojek begin is, sou 'n prys uitgeloof kon word vir die beste tuin. Wanneer 'n gemeenskap projekte loods om die omgewing te verfraai en skoon te hou, sou pryse toegeken kon word vir die mooiste straat. Dit sou rituele wees om die nuwe situasie wat in die gemeenskap ontwikkel, te bevestig en verder te stimuleer.

Daar sou ook dokumente aan individue, groepe en die totale gemeenskap gegee word om die suksesse wat met bepaalde projekte bereik is, te bevestig. (Vgl. 5.4.3.2.) Indien vrouens

in 'n gemeenskap, byvoorbeeld, begin het met 'n lekkergoedbedryf, sou 'n sertifikaat van voortreflikheid of suksesvolle entrepreneurskap aan hulle uitgereik kon word. Selfs aan 'n skool wat bepaalde nuwe doelwitte van prestasie nastrewe en sukses behaal het, sou sodanige optrede kon lei tot die verdere bevestiging van die nuwe "lewe" wat by die betrokke skool na vore tree.

Daar behoort altyd toegesien te word dat die seremonies ter bevestiging van die nuwe stories in 'n gemeenskap, eg is en met die nodige respek geskied. Dit behoort nooit uit 'n outoritêre posisie van mag te geskied nie, met ander woorde die persone wat as getuies optree toon hulle waardering, maar evalueer geensins nie. Die gemeenskap kan self hulle eie vordering evalueer, maar nie 'n buitestaander nie, want dit sou kon dui op die applous ("applause") praktyk waarteen White (1997:97-98) waarsku. Die gemeenskap word dus nie gelukgewens en dan vir hulle "hande geklap" nie, so asof hulle volgens sekere kundiges nou 'n bepaalde prestasie bereik het nie. Daar kan slegs getoon word dat daar besondere waardering en erkenning ("acknowledgement") bestaan vir dit wat in die gemeenskap besig is om te gebeur.

7.4.6 Herinneringsgesprekke

Na aanleiding van White (1997:22-24) se uiteensetting van die sogenaamde "remembering practices" sou daar in die konteks van gemeenskapsontwikkeling op dieselfde beginsel en werkswyse te werk gegaan kon word. (Vgl. 5.5.) In plaas van om net op persone in die gemeenskap se lewe of bestaan te let wat 'n besondere betekenis vir die totale gemeenskap het, hetsy positief of negatief, sou daar, byvoorbeeld, ook aan aspekte soos ideologieë, stelsels en wette aandag gegee kon word. In die Suid-Afrikaanse opset sou daar in sekere gemeenskappe met groot vrug aan vroeëre apartheidswetgewing aandag gegee kon word, mits dit 'n prominente invloed op die stories in die gemeenskap het.

Herinneringsgesprekke sou inhou dat die gemeenskap die geleentheid kry om die bepaalde persone of wette wat hulle baie negatief geraak het, te bespreek en dan na 'n punt te beweeg wat die stemme van sodanige persone of wette as't ware gedoof word en vervang word met stemme van persone, gebeure, wette wat hulle nuwe narratiewe positief bevorder.

7.4.7 Die terugneempraktyk ("taking-it-back practice")

Die terugneempraktyk is 'n werkswyse wat deur White (1997:132-147) ontwikkel is en benut word tydens sy implementering van narratiewe terapie. (Vgl. 5.6.) Dit sou egter ook in die konteks van gemeenskapsontwikkeling benut kan word, aangesien dit in ontwikkelingswerk ook gaan oor 'n bepaalde wisselwerking wat tussen die gemeenskap en maatskaplike werker plaasvind. Die wisselwerking vind ook tussen verskeie groepe in die gemeenskap plaas. Almal betrokke se lewe word dus deur die betrokkenes geraak.

By die implementering van die sogenaamde terugneempraktyk, gaan dit primêr daaroor dat die maatskaplike werker die invloed wat haar/sy werk met die gemeenskap op haar het, erken word en hierdie erkenning aan die gemeenskap teruggekommunikeer word. (Vgl. White, 1997:143 en 5.6.) Die maatskaplike werker sou dit op verskillende wyses kon doen. Daar sou, byvoorbeeld, tydens 'n gemeenskapsvergadering of die byeenkoms van kleiner groepe of in gesprekke met individue gemeld kon word dat sy self beïnvloed is deur dit wat in die gemeenskap gebeur. So sou bepaalde kennis en vaardighede wat by die gemeenskap geleer is, aangedui kon word asook nuwe betekenisse wat oor verskeie situasies ontwikkel is, uitgewys kon word. Die gemeenskap behoort die ervaring te hê dat deel van hulle nuwe identiteit juis inhou dat ander, selfs professionele persone, by hulle veel geleer het.

Deur middel van die media sou daar ook aan die gemeenskap gekommunikeer kon word dat hulle 'n besondere bydrae tot die lewe van die maatskaplike werker gemaak het en dat hulle bydra tot sy/haar werk in ander gemeenskappe. Benewens die maatskaplike werker sou ander groepe en instansies onderling ook aan mekaar waardering kon toon vir die invloed wat hulle op mekaar se lewens gehad het. Die praktyk van die toon van waardering onderling ten opsigte van dit wat die verskillende persone in die gemeenskap vir mekaar beteken en wat die gemeenskap vir die maatskaplike werker beteken, kan daartoe bydra dat alle betrokkens se lewens ryker beskryf word en die voortsetting van die uitbreiding van probleemoplossende stories en stories van hoop, bevorder. (Vgl. White, 1997:147.)

7.5 PRAKTIESE ASPEKTE MET BETREKKING TOT DIE IMPLEMENTERING VAN DIE ONTWERP VAN DIÉ ONTWIKKELINGSMODEL

Ten opsigte van die praktiese implementering van die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel vanuit 'n konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie binne die raamwerk van die narratiewe werkswyse, kan enkele praktiese komponente aangestip word ten einde die uitvoerbaarheid daarvan verder toe te lig.

Met verwysing na Yvonne Sliep (White, 1998a & Sliep, 1997 & 1998:141-154) en 'n groep gesondheidswerkers se werk in Malawi ten opsigte van die VIGS-probleem, blyk dit dat die eksternalisering van die probleem en die ontwikkeling van 'n nuwe storie binne die kultuurgebruike van die betrokke gemeenskap op kreatiewe wyse geïmplementeer kan word. Nadat toestemming van die hoofmanne verkry is, is die betrokke gemeenskap deur hulle vir 'n vergadering byeengeroep. Tydens die vergadering het die groep gesondheidswerkers, 'n groepbespreking ten aanskoue van die gemeenskap gehou. Een van die groeplede het as meneer VIGS ("Mr AIDS") opgetree en 'n ander groeplid as mevrou Sorgsaam ("Mrs Care"). Die groep het geleentheid gehad om met die twee mense wat die probleem en die alternatiewe storie voorstel, gesprek te voer. Tydens die gesprek is die eienskappe en werkswyse van beide uitgespel. Daarna het die totale gemeenskap aan 'n oorlogsdans deelgeneem en meneer VIGS simbolies doodgemaak, terwyl mevrou Sorgsaam in die gemeenskap verwelkom is. Dié voorbeeld illustreer duidelik hoedat die gewoontes en gebruike binne 'n bepaalde gemeenskap verbeeldingryk benut kan word om probleemgedomineerde narratiewe met probleemoplossende verhale te vervang.

Carlson (1997:277-282) gee 'n uiteensetting hoedat sketse gebruik sou kon word om die probleem te eksternaliseer en later die nuwe storie uit te beeld. Waarskynlik sou ander kunsvorme ook gebruik kon word, byvoorbeeld beeldhouwerk of werk met klei. Moontlik sou poësie en musiek ook gebruik kon word. Liedjies kan gekies of selfs gekomponeer word wat die probleem voorstel, asook die storie wat die probleemgedomineerde temas vervang. By die seremonies ter bevestiging van die nuwe narratiewe wat ontwikkel is, sou 'n gedig, 'n kreet en/of selfs 'n oorwinningslied voorgedra kon word om te bevestig dat die gemeenskap op 'n wenpad is. 'n Gemeenskap of groepe in die gemeenskap kan ook T-hemde laat druk met hulle embleem van oorwinning, met ander woorde van hulle nuwe narratief, daarop. (Vgl. White, 1998a en Brigette, *et al.*, 1998: 209 & 211.)

'n Verskeidenheid van praktiese hulpmiddels kan gebruik word, soos 'n blaaibord, oudio-visuele hulpmiddels en alle materiaal waarmee kunsvorme beoefen kan word. Die maatskaplike werker kan hom dus vry voel om onbeperk kreatief te werk te gaan en in die proses altyd sensitief te wees vir die kreatiwiteit van die gemeenskap, maar ook vir die gebruike en waardes van 'n bepaalde gemeenskap. Sodoende kan verseker word dat dit wat binne die raamwerk van 'n gemeenskap op 'n bepaalde tyd aanvaarbaar is, gerespekteer word.

7.6 MOONTLIKE STRUIKELBLOKKE

Van die belangrikste struikelblokke waarmee die maatskaplike werker te make kan kry tydens die inisiëring en implementering van gemeenskapsontwikkeling is, onder andere, die volgende:

- Veral in 'n kultuur- en taaldiverse gemeenskap, kan taal 'n struikelblok wees tydens geprekvoering met die gemeenskap. Alhoewel 'n tweede taal of 'n tolk gebruik kan word, kan die spontane verloop van 'n gesprek ernstig daardeur belemmer word. Dit kan ook tot onnodige misverstande lei wat die verhouding tussen die maatskaplike werker en gemeenskap kan benadeel.
- Dit kan gebeur dat staatsdepartemente wat by gemeenskapsontwikkeling betrokke is, ten opsigte van hulle beleid met betrekking tot ontwikkelingswerk, mag verskil van die werkswyse van die maatskaplike werker. Dit kan verwarring by die gemeenskap skep en die proses van ontwikkeling nadelig beïnvloed.
- Wanneer daar 'n verskeidenheid van instansies en mense is wat ontwikkelingswerk in 'n bepaalde gemeenskap doen, kan dit tot oorvleueling en wedywering lei, indien daar nie behoorlik gekoördineer word nie. So 'n situasie kan die inisiëring van ontwikkelingsprojekte ernstig benadeel en selfs kelder.
- Voorskriftelike vereistes van die verskaffers van fondse ten einde die gemeenskaps-ontwikkelingsprogramme te finansier, kan baie stremmend vir die maatskaplike werker wees en die verloop van die proses vertraag, of die toepassing van sekere beginsels in die wiele ry.
- 'n Tekort aan die nodige fondse om projekte te inisieer, kan tot gevolg hê dat projekte gestaak word of dat daar teen 'n baie stadige tempo beweeg word.

- Ernstige politieke onrus en die voorkoms van geweld, kan ook ontwikkelingsinisiatiewe vertraag en selfs verhoed weens die hoë veiligheidsrisiko.

7.7 SAMEVATTING

Wanneer daar vanuit 'n konstruktiwistiese denkraamwerk gemeenskapsontwikkeling gedoen word, word aanvaar dat verskillende gemeenskappe en verskillende individue in dieselfde gemeenskap na aanleiding van hulle unieke ervaringe betekenis daaraan gee en sodoende eie werklikheidskonstruksies ontwikkel waarvolgens hulle optree. Dié werklikheid van gemeenskappe vind uitdrukking deur middel van taal en wel in die vorm van narratiewe.

Die maatskaplike werker gaan deur middel van die fasilitering van 'n interaksieproses die gemeenskap in staat stel om hulle probleemgedomineerde stories te vertel, te eksternaliseer en nuwe alternatiewe stories te ontwikkel. Hierdie nuwe stories verteenwoordig die oplossing van probleme en die ontwikkeling van nuwe identiteite wat impliseer dat die gemeenskap bemagtig is en dus in beheer van hulle omstandighede is.

In die proses om die gemeenskap aktief aan hulle eie ontwikkeling te laat deel neem, en trouens eienaarskap daarvoor te aanvaar om volhoubare ontwikkeling te laat gebeur, toon die maatskaplike werker besondere respek aan al die lede van die gemeenskap. Sy gaan deursigtig te werk vanuit 'n "nie-kundige" posisie om die gemeenskap as vennoot te betrek in die proses van ontwikkeling. Soos die verskillende ontwikkelingsprojekte ontwikkel, vind daarmee saam dus die vestiging van nuwe probleemoplossende stories plaas. Die vordering word deur bevestigingseremonies ondersteun deur middel van geleenthede, waar getuies die nuwe verwikkelinge in die gemeenskap, bevestig. Die ontwikkelingsproses word verder gesteun deur herinneringsgesprekke waartydens stelsels en ideologieë wat teenproduktief is se invloed op die gemeenskap beperk of selfs uitgewis word. 'n Verdere belangrike dimensie in die ontwikkelingsproses is die implementering van die terugneempraktyk, waartydens almal betrokke by die ontwikkelingsprogram aan mekaar erkenning en waardering toon vir die wyse waarop hulle mekaar se lewens onderling verryk.

Die gemeenskapsontwikkelingsmodel bied die geleentheid aan die maatskaplike werker en gemeenskap om verbeeldingryk nuwe moontlikhede te ontgin wat tot volhoubare ontwikkeling kan lei. Daar sou volgens die unieke omstandighede en gebruike van die gemeenskap, kuns en ander hulpmiddels gebruik kon word, ten einde die vertelling, hervertelling en herskryf van stories te laat plaasvind.

Getrou aan die konstruktiwisme, konstruksionisme en die beginsels grondliggend aan die narratiewe werkswyse kan aanvaar word dat sukses alleen volgens die werklikheids-konstruerings van die betrokkenes in 'n bepaalde gemeenskap op 'n gegewe tydstip bepaal kan word. Ontwikkeling sou gesien kon word as 'n proses wat voortduur solank die gemeenskap bestaan en 'n interaksieproses aan die gang hou, wat altyd lei tot nuwe stories van hoop en probleemoplossing.

EMPIRIESE GEGEWENS MET BETREKKING TOT DIE IMPLEMENTERING VAN 'N GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSMODEL: 'N ONTWERP

Vanaf Februarie 1999 is die plattelandse gemeenskap van Philippolis in die Suid -Vrystaat deur myself en 'n span van vier finale jaar maatskaplikewerk-studente betree met die doel om gemeenskapsontwikkeling in die verskillende segmente van die onderhawige gemeenskap te inisieer en te implementeer. Tot op datum (30 September 2000) is sodanige aksies voortgesit en behoort dit in die toekoms steeds voort te gaan. Die totale gemeenskapsontwikkelingsaksie is hoofsaaklik gerig deur die breër uitgangspunte van die konstruktiwisme en konstruksionisme met spesifieke benutting van die narratiewe strategie. Met die oog op die bepaling van die gemeenskap se spesifieke behoeftes en om die ontwikkelingsproses in die gemeenskap déúr die gemeenskap te laat geskied, is daar hoofsaaklik van deelnemende-aksienavorsing gebruik gemaak – 'n proses wat steeds voortduur.

Die empiriese gegewens is ingesamel volgens kwalitatiewe werkswyses en aangeteken na aanleiding van 'n kombinasie van navorsingsmetodes. Ten einde die aard en verloop van die gemeenskapsontwikkelingswerkswyse te beskryf, was aspekte van intervensie-navorsing ter sprake. Die grootste komponent van die navorsingsaksie is egter deelnemende-aksienavorsing. Daar is dus sprake van die sogenaamde "triangulation" aangesien daar nie net streng volgens een enkele navorsingmetode te werk gegaan is nie. (Vgl. De Vos, 1998:359 en Wetmore & Theron, 1998:42.)

Intervensienavorsing is slegs geïmplementeer in sover die gemeenskapsontwikkelings-intervensie homself ontvou het en die hoofmomente aangeteken is met enkele kommentaar ten opsigte van die effek wat dit op die totale ontwikkelingsinisiatief het. Daar is dus nie volgens die tipiese proses van intervensienavorsing soos, onder andere, deur De Vos (1998:384-403) uiteengesit is, te werk gegaan nie. Deelnemende-aksienavorsing vorm die hoofmoment van die navorsing veral omdat dit strook met die uitgangspunte en voortvloeiende strategieë van die konstruksionisme en narratiewe werkswyse. Verder vorm

dit 'n integrale deel van gemeenskapsontwikkeling om gemeenskapslede aktief te laat deelneem aan die soeke na oplossings vir gemeenskapskwessies en in die proses persoonlike ontwikkeling en bemagtiging tot gevolg te hê (Schurink 1998b:415). Die benutting van deelnemende-aksienavorsing dien dus die doel om sowel navorsings- as ontwikkelingsaktiwiteite te laat plaasvind.

Met betrekking tot die insameling en dokumentering daarvan, is alle insidente aangeteken. Die inhoud van gespreksgeleenthede soos die werkseminare en groep- en individuele gesprekke, is op die blaaibord of op 'n skryfblok aangeteken. Daar is sover moontlik gepoog om die juiste woorde of uitdrukkings van deelnemers aan te teken. Die gegewens is daarvandaan oorgedra na die navorsingsverslag. Verder is daar foto's van gebeure en sommige van die aksies geneem.

Die data word ge-analiseer deur alle aktiwiteite wat tydens die proses van deelnemende-aksienavorsing plaasgevind het weer te gee, asook die inhoud van alle gesprekke wat gevoer is en die verloop van aksies wat na vore getree het. Telkens word my eie ervaring van die gebeure en die betekenis wat ek daaraan gee, aangedui. Verder word daar ook gelet op dominante temas wat tydens vertellings na vore getree het en wat waarskynlik gedurende 'n verdere stadium van die navorsingsproses in eksternaliseringsgesprekke kan oorgaan met die latere ontwikkeling van nuwe narratiewe en meegaande aksies.

Ten einde die navorsingsgebeure in perspektief te plaas, is dit nodig dat die doel en beginsels van deelnemende-aksienavorsing kortliks aangedui word, asook die proses wat gevolg is om gegewens te bekom. Vir verdere begrip van die konteks waarbinne die navorsing plaasvind, is dit van belang om eerstens aspekte soos die samestelling van die betrokke gemeenskap, enkele logistieke faktore en die persoon van die navorser verder toe te lig.

8.1 DIE SAMESTELLING, STRUKTUUR EN GEOGRAFIESE LIGGING VAN DIE GEMEENSKAP VAN PHILIPPOLIS

Die betrokke gemeenskap is 'n tipiese voorbeeld van 'n Suid-Afrikaanse plattelandse gemeenskap met 'n sentrale dorpsgebied en drie afsonderlike woonbuurtes waar drie verskillende rassegroepe woonagtig is (vgl. skets 8.1). In die sentrale dorpsgebied en

omliggende woongebied is daar hoofsaaklik blanke Afrikaanssprekendes woonagtig. Die ander twee woonbuurtes, Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo, word onderskeidelik deur Afrikaanssprekende bruinmense en Sotho- en Xhosasprekende swartmense bewoon.



Skets 8.1 *Uitleg van Philippolis*

Hierdie verskynsel dat verskillende ras-, taal- en kultuurgroepe hulle in afsonderlike woonbuurtes vestig stem ooreen met die historiese ontwikkeling van gemeenskappe in die groter Suid-Afrika. (Vgl. hoofstuk 2.) Alhoewel die opheffing van alle apartheids-wetgewing sedert 1994 dit vir indivdue moontlik gemaak het om te woon waar hulle dit verkies, het die groot meerderheid inwoners van die onderhawige gemeenskap in hulle verskillende ras-, taal- en kultuurgeöriënteerde woongebiede bly woon. Volgens my waarneming het daar slegs 'n baie klein aantal (ongeveer agt) gesinne uit die oorspronklike sogenaamde Kleurling- en swart woonbuurtes, hulle in die tradisionele blanke woongebied gevestig.

Foto 8.1 *Geografiese omgewing van Philippolis*

Die dorpsgebied word omring deur 'n distrik van uitgestrekte veeplase waar die boer met sy gesin en 'n aantal plaaswerkers en hulle gesinne woonagtig is. (Vgl. foto 8.1.) Na aanleiding van die plaaslike NG Kerk se leraar (Haasbroek, 1999) is die boere op die plase oorwegend Afrikaanssprekende blankes. Daar is slegs een gesin van Joodse afkoms wat meer Engelssprekend is. Tydens werksessies met plaaswerkers (vgl. 8.6.2) het dit geblyk dat hulle bestaan uit Afrikaanssprekende bruin- en swartmense asook Sotho- en Xhosasprekende swartmense. Die Sotho- en Xhosasprekende swartmense kan meestal Afrikaans verstaan en in 'n mindere of meerdere mate praat. Volgens statistiese gegewens (Vorster, 1999) soos in figuur 8.1 uiteengesit, verteenwoordig die swartmense die grootste deel van die bevolking, naamlik 51%. Hulle word gevolg deur die Kleurlinge en dan vorm die blankes die kleinste groep in die groter gemeenskap.



Figuur 8.1 *Bevolkingsamestelling van Philippolis*

Volgens figuur 8.2 blyk dit dat die grootste deel van die blanke bevolkingsgroep bo die ouderdom van 35 jaar is terwyl dit by die bruin- en swartmense omgekeerd is. Dit toon ook dat die blanke bevolkingsgroep die grootste persentasie mense bo die ouderdom van 65 jaar het. Die indruk word dus verkry dat die blanke bevolkingsgroep die grootste aantal bejaarde mense in hulle gemeenskap het terwyl die ander twee groepe se grootste getal gemeenskapslede jonger is. Met betrekking tot die betreding van die gemeenskap en die loodsing van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe behoort dié tendens in ag geneem te word.



Figuur 8.2 *Ouderdomsverspreiding van Philippolis se inwoners*

Figuur 8.3 illustreer dat daar slegs 2% meer vroue as mans in die gemeenskap woonagtig is. Dit is nie 'n beduidende tendens nie. In alle ontwikkelingsaksies behoort beide groepe op gelyke basis betrek te word.



Figuur 8.3 *Bevolkingsamestelling van Philippolis met betrekking tot geslagsverspreiding*

Ten opsigte van die infra-struktuur van die gemeenskap van Philippolis word die volgende komponente aangetref:

- Daar is direkte padverbindings met minstens ses buurdorpe waarvan slegs twee roetes geteer is. Soos duidelik geïllustreer in skets 8.2 blyk dit dat die gemeenskap nie aan 'n hoofweg geleë is nie, maar met 'n ompad vanaf die N1 bereik kan word. Dit het 'n aansienlike implikasie vir, onder andere, die ekonomiese lewe van die gemeenskap. Relatief min verkeer beweeg deur die dorp, wat die besteding van toeristegeld baie beperk.



Skets 8.2 *Ligging van Philippolis*

- Plase in die distrik kan hoofsaaklik per gruispad bereik word. Die instandhouding van die gruispaaie en weersomstandighede, het 'n groot invloed op die gehalte van die roetes. Wanneer dit, byvoorbeeld, baie reën, is sommige roetes onbegaanbaar en/of baie gevaarlik vir motorverkeer.
- Water en elektrisiteit is in die dorpsgebied en woonbuurtes beskikbaar alhoewel nie alle huishoudings van elektrisiteit gebruik maak nie, hoofsaaklik weens finansiële redes. Op die plase is elektrisiteit meer beperk beskikbaar en wel omdat die nasionale netwerk van ESKOM nie aan alle plase krag voorsien nie. In gevalle waar ESKOM nie elektrisiteit voorsien nie, word daar meestal van eie kragopwekkers gebruik gemaak. Op sodanige plase beskik die plaaswerkers meestal nie oor elektrisiteits-geriewe nie. Dit kan bepaalde implikasies hê vir die aktiwiteite wat deur sulke huishoudings aangepak kan word. Tydens gespreksgeleenthede met plaaswerkers, is genoem dat van die skoolkinders dit moeilik vind om sonder elektrisiteit te studeer. (Vgl. 8.6.2.) Verder kan dit ook tot gevolg hê dat sekere media-hulpmiddels, soos televisie, nie benut word nie.
- Huisvestinggeriewe wissel vanaf enkele luukse huise tot tydelike sinkhuisies. (Vgl. foto's 8.2-8.4.) Na aanleiding van die werkseminare in twee van die woongebiede,

blyk dit dat daar wel 'n behoefte aan meer en beter behuising is, maar dat daar nie 'n kritieke tekort aan behuising is nie.



Foto's: 8.2 – 8.4 *Behuising in Philippolis*

- Benewens sale by die verskillende skole en een van die kerke, beskik die gemeenskap oor een goed toegeruste saal in die sentrale gedeelte van die dorpsgebied.

Die volgende instansies vorm deel van die betrokke gemeenskap se samestelling:

- Die gemeenskap beskik oor twee privaat skole, twee kleuterskole, twee laer skole en een hoër skool. Met uitsondering van die privaat skole word die res van die skole net deur lede van die sogenaamde bruin en swart gemeenskappe bygewoon. (Vgl. Friis, 1999, Jantjies, 1999 en Colbe, 1999.) 'n Groot aantal kinders veral van die tradisioneel blanke gemeenskap, woon skole in Bloemfontein by. (Vgl. Haasbroek, 2000.) Dit verg dat die betrokke ouers weekliks 'n afstand van ongeveer 800 km aflê ten einde hulle kinders by dié skole te besorg. Die ligging van die skole in Philippolis is sodanig dat die laerskoolkinders 'n skool in die woonbuurt waar hulle woonagtig is, kan bywoon. Hoërskoolkinders moet egter meestal deur die dorpsgebied en sakesentrum beweeg om by hulle skool te kom. Dit het tot gevolg dat van die kinders by die huise van bejaardes verby beweeg. Uit informele gesprekke met van die bejaardes het hulle te kenne gegee dat dit vir hulle soms 'n groot irritasie is, aangesien die kinders raas en soms hulle plante in die tuin beskadig deur van die takke of blomme af te pluk.
- Verskeie kerkgenootskappe is in die gemeenskap verteenwoordig en daar is minstens vyf verskillende kerkgeboue in die onderskeie woongebiede om die verskillende gemeentes te huisves. Dit maak dit vir inwoners moontlik om volgens taal- en rassegroep saam te groepeer in die verskillende gemeentes van hulle keuse. Na aanleiding van gespreksessies met verskillende groepe in die gemeenskap asook

informele gesprekke met individue blyk dit dat baie van die sosiale aktiwiteite om die kerke sentreer. (Vgl. 8.6.2.) Die kerke vul dus 'n belangrike rol in die gemeenskap. Dit word ook bevestig deur die leraar van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Bergmanshoogte. (Vgl. Van Schalkwyk, 1999.) Veral in die woonbuurtes van Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo word kerkgeboue gereeld vir gemeenskaps- en komiteevergaderings benut. So, byvoorbeeld, vergader die bejaardekomitees te Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo gereeld in die verskillende woonbuurtes se kerkgeboue. Tydens die besoeke van die borgwerwers van die UOVS en professor Richards van die VSA het verteenwoordigers van die genoemde woonbuurte telkens die gaste onderskeidelik ontvang in die kerkgeboue van die VGK en die NG Kerk in Afrika. (Vgl. 8.6.1.)

- Daar is slegs een kliniek wat voorsiening maak vir die lewering van gesondheidsdienste aan die totale gemeenskap. Alhoewel die kliniek redelik sentraal geleë is, is dit vir sommige bejaardes en siek mense moeilik bereikbaar. (Vgl. skets 8.3.) Mediese dienste word verder aangevul deur die praktyk van 'n algemene praktisyn. Sodanige dienslewering is egter nie gratis nie en gevolglik is dié diens beperk tot persone met mediese fondse of wat oor die nodige finansies beskik om daarvoor te betaal.



Skets 8.3 *Ligging van die kliniek*

- Die gemeenskap beskik oor basiese sakegeriewe in die vorm van 'n algemene handelaar, slaghuis, bakkery en kafees wat in die sentrale dorpsgebied geleë is. Daar is slegs een vulstasie by die noordelike ingang tot die dorp. In Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo is daar enkele wettige tavernes en verskeie onwettige sjebiens. (Vgl.

Gemeenskapspolisieforum.) Inwoners wat onwettige sjebiens bedryf, benut dit volgens sommige van die eienaars as 'n wyse om 'n inkomste te bekom. Ongelukkig lei dit tot ongekontroleerde drankverkope en het dit dikwels volgens die inwoners van die betrokke gebiede tot gevolg dat jeugdiges en selfs kinders besope raak. (Vgl. 8.6.2.)

- Met betrekking tot akkommodasiegeriewe vir veral toeriste, is daar 'n herberg en enkele gastehuise. Die herberg beskik oor 'n kroeg en buite drankverkope.
- Daar is 'n landdroskantoor in die gemeenskap wat die nodige jurïdiese dienste aan die inwoners bied.
- Die poskantoor en telekommunikasienetwerk waarmee die gemeenskap bedien word, stel hulle in staat om gemaklik met die buitewêreld te kommunikeer.
- Met betrekking tot polisiëring word die gemeenskap bedien deur 'n takkantoor van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens. Onder leiding van die polisie is 'n polisieforum gestig wat na die bekamping van misdaad in die totale gemeenskap saam met die polisie, omsien.
- Verenigings wat aktief in die gemeenskap funksioneer ten einde na verskillende belange van gemeenskapslede en die gemeenskap as geheel om te sien, is, onder andere, die plaaslike Boerevereniging, Skoukomitee, Vroue-Landbou-Unie, sportklubs en Philippolis Promosies.

Enkele geografiese aspekte wat ter sake is ten einde die struktuur en dinamika van die gemeenskap beter te begryp, is, onder andere, die volgende:

- Die ligging van die gemeenskap het tot gevolg dat groter stedelike sentra ongeveer 180-200 km ver is. Dit het verskeie implikasies vir die inwoners, byvoorbeeld dat daar relatief ver gery moet word vir spesialis mediese dienste en om saketransaksies af te handel. Volgens die bejaardes is dit soms vir hulle nodig om, byvoorbeeld, Bloemfontein te besoek en dan is dit dikwels problematies om vervoer daarheen te bekom. (Vgl. 8.6.2.)
- Weens die droë klimaatsomstandighede ervaar die gemeenskap dikwels langdurige droogtes wat 'n beduidende invloed op die ekonomiese aktiwiteite van die gemeenskap het. Droogtes het ook tot gevolg dat die watervoorsiening beperk en duur is. Dit beperk die aanleg en bedryf van moontlike bedrywe wat 'n hoë waterverbruik tot gevolg het.

Illustrasie 8.1 *Tipe boerdery*

Die droë klimaat is ook bepalend wat betref die tipe boerdery wat op 'n ekonomies lewensvatbare wyse bedryf kan word. Daar word hoofsaaklik met skape, wild en olywe geboer. (Vgl. 8.6.1 en illustrasie 8.1.) Tydens my besoeke aan die gemeenskap die afgelope 22 maande is 'n erge droogte beleef. Verder het ek ook tydens my verblyf te Philippolis gedurende die sestigerjare soortgelyke ervarings gehad van droogtes, waterbeperkings en ongekende blydskap as dit begin reën na 'n lang droogte.

8.2 DIE PERSOON VAN DIE NAVORSER

As navorser in die gemeenskap van Philippolis het ek die voordeel dat ek aan 'n groot deel van die gemeenskap bekend is aangesien ek 30 jaar gelede aan die plaaslike hoër skool gematrikuleer het. Verder stem my sosiale en kultuuragtergrond grootliks ooreen met veral die Afrikaanssprekende blanke segment van die gemeenskap. Ek is dus nie 'n totale buitestaander vir die gemeenskap nie. Dit het bepaalde voordele met die oog op deelnemende-aksienavorsing soos sal blyk uit verdere beskrywing van die navorsingsproses en in aansluiting by St. Lawrence en Ndiaye (1997:554) wat sê dat "[d]ue to the conservatism of most small rural communities, it is preferable that the social background and personal characteristics of field staff be similar to the community".

Aangesien ek self vroeër op 'n veeplaas gewoon het, soortgelyk aan die plase wat in die Philippolisdistrik aangetref word, is dit vir my maklik om aansluiting by die besondere leefwêreld van die plaasgemeenskap te vind. Die proses om die vertroue van sowel die

boere as die plaaswerkers te wen, is vergemaklik deur my vader se vroeëre betrokkenheid by 'n groot aantal van die boere, die betrokkenheid van my broer by die boere op die huidige stadium. Weens sy betrokkenheid by die wolbedryf, besoek my broer tans gereeld van die wolboere in die distrik.

Die feit dat ek my hele lewe in 'n multi-kulturele omgewing geleef het en steeds leef, dra daartoe by dat alhoewel ek tot 'n ander kultuur- en rassegroep as die grootste deel van die bevolking van Philippolis behoort, ek wel geleidelik die vertroue van die swart- en bruinmense wen. Tydens 1999 het onderskeidelik twee blanke en twee bruin Afrikaans-sprekende-studente in die gemeenskap gewerk. Dit het meegehelp om veral die bruin- en blanke woonbuurte te betree, en geleidelik die betrokke gemeenskappe se vertroue te wen. Alhoewel ons ook dienste aan enkele persone in die swart woonbuurt gelewer het, was dit baie beperk. Sedert die begin van 2000 het twee blanke Afrikaanssprekende studente die werk in die blanke- en bruinwoonbuurtes voortgesit en onderskeidelik 'n Sotho- en Xhosasprekende student in die swartwoonbuurt begin werk. Hulle lewer 'n bydrae om 'n vertrouensverhouding met dié gemeenskap daar te stel en sodoende ons in 'n posisie te plaas waar die totale gemeenskap se vertroue gewen kon word. Laasgenoemde studente lewer veral 'n waardevolle bydrae om aan gemeenskapslede van die Sotho- en Xhosakultuur die geleentheid te bied om in hulle moedertaal aan alle aktiwiteite deel te hê en sodoende gemakliker uitdrukking aan hulle werklikheid te gee. (Vgl. 3.2.3.2.)

Gedurende 1997 het ek en 'n kollega in 'n soortgelyke plattelandse gemeenskap kwalitatiewe navorsingsgesprekke met lede van veral die boeregemeenskap gevoer. Dit het waardevolle ervaring gebied met betrekking tot die betreding van 'n plattelandse gemeenskap en wyses om 'n vertrouensverhouding met deelnemers aan te gaan. Verder het dié betrokke navorsing ook as skolingsgeleentheid gedien wat betref die inisiëring van kwalitatiewe navorsing binne die konteks van 'n plattelandse gemeenskap. (Vgl. Ferreira & Du Plessis, 1997.)

8.3 LOGISTIEKE FAKTORE

Die loodsing van die totale navorsing- en gepaardgaande ontwikkelingsproses word direk geraak deur bepaalde logistieke faktore. Weens die afstand vanaf die universiteit na die betrokke gemeenskap, beskikbare finansies en die normale akademiese roetine van myself

en die studente, kan ons slegs twee dae per week in die gemeenskap werksaam wees. Dit het, onder andere, tot gevolg dat die tempo van alle prosesse wat geïnisieer word, in 'n groot mate vertraag word deur ons beperkte teenwoordigheid in die gemeenskap.

Weens die uitgestrektheid van die distrik en die toestand van die paaie, word besondere eise aan die navorsers gestel om veral die plaasgemeenskappe te bereik. St Lawrence en Ndiaye (1997:553) noem dan ook in hulle verwysing na navorsing in plattelandse gebiede dat navorsers "... may find it more complicated to apply rigorous scientific methods in rural settings and may need to be pragmatic and flexible in reconsidering their methodology ..." Dit is, byvoorbeeld, veral moeilik om alle plaaswerkers by elke gespreksgeleentheid te betrek en om die tydperk tussen gesprekke te beperk. Weens die werksroetine wat op plase gevolg word, is die geskikste tyd om met plaaswerkers werksessies te hê, saans vanaf 18:00. Omdat die werkers dan gewoonlik moeg is na 'n dag se werk en van hulle nog na afloop van die sessie terug na buurplase geneem moes word, kon die sessies nie veel langer as 'n uur duur nie. Dit het tot gevolg gehad dat die verskillende sake nie altyd volledig bespreek kon word nie.

8.4 DIE DOEL VAN DEELNEMENDE-AKSIENAVORSING

Die doel en doelwitte wat met deelnemende-aksienavorsing nagestreef word, bied deels 'n rasionaal waarom sodanige navorsing deel vorm van die groter aksie van gemeenskaps-ontwikkeling, en dit is ook rigtingaanduidend vir die inisiëring van die navorsing.

8.4 1 Integrasie tussen navorsing en intervensie

Met deelnemende-aksienavorsing word daar gepoog om die navorsing en intervensie gelyktydig te laat plaasvind. Volgens Nelson, *et al.* (1998:887) word daar met deel-nemende-aksienavorsing gepoog "... to integrate research and intervention so as to reduce the gap between knowledge and action". Daar word dus gepoog om beskikbare kennis dadelik tot beskikking van probleemoplossingspogings te stel. Inligting wat deur navorsing bekom is behoort dus so spoedig moontlik tot praktyk-resultate te lei (Greenwood, Whyte & Harkavy 1993:177). In 'n geval waar die probleem van werkloosheid te sprake is, sou die gemeenskap onmiddellik by vergaderings betrek kon word waartydens die hele

aangeleentheid en moontlike hanteringswyses bespreek en beplan word ten einde spoedig tot aksies oor te gaan wat tot die oplossing van die probleem kan lei.

Terwyl navorsingsaksies uitgevoer word, neem verskillende intervensies 'n aanvang aangesien deelnemende-aksienavorsing impliseer dat die deelnemers in die proses om inligting te verskaf besig is met die vorming van nuwe werklikhede (Schurink 1998a:10) wat as resultaat verskeie intervensiemoontlikhede impliseer. Tydens die voer van navorsingsgesprekke ontrafel die deelnemers die probleemsituasie en formuleer gewoonlik nuwe idees wat tot probleemoplossing kan lei. Deelnemers vorder tydens die navorsingsgesprekke tot die vorming van nuwe konstruksies van hulle werklikhede en Nelson, *et al.* (1998:888) stel dit duidelik dat "[o]ne goal of participatory action research is to understand and magnify how participants' perceptions and realities are constructed and how such constructions can build and change social interventions". Die oomblik dat daar dus deur middel van deelnemende-aksienavorsing gespreksgeleenthede geskep word, word nuwe werklikhede gekonstrueer (vgl. 3.2.4.3.) en aldus volgens die narratiewe uitgangspunt, 'n nuwe storie ontwikkel wat kontrasterend tot die aanvanklike probleemgeoriënteerde verhaal staan. Dit impliseer voortgesette verandering en probleemoplossing. Deelnemende-aksienavorsing het dus ten doel dat verandering en spesifiek probleemoplossing, moet plaasvind in mense en gemeenskappe se lewens en omstandighede.

8.4.2 Toename in deelnemers

Binne die grense van die organisasie of gemeenskap wat by die navorsing betrokke is, word daar gestreef om die aantal deelnemers voortdurend te laat toeneem. Die ideaal sou wees dat alle betrokkenes uiteindelik aan die navorsingsgesprekke sal deelneem. Greenwood, *et al.* (1993:176) stel voor dat navorsers voortdurend hulle aksies moet evalueer in die konteks van die spesifieke omstandighede waar die navorsing plaasvind ten einde te verseker dat dit bydra tot toenemende deelname deur al meer en meer deelnemers. Daar behoort dus 'n besondere sensitiwiteit vir die omstandighede en verwikkelinge in die omgewing van die deelnemers en potensiële deelnemers geopenbaar te word, ten einde sorg te dra dat alle navorsingsaktiwiteite daarop ingestel is om die getal deelnemers te laat toeneem. So sou daar na logistieke faktore soos die bereikbaarheid van vergaderlokale asook beskikbare vervoer gelet moet word. Daarom sal deelnemende-aksienavorsing in

verskillende omgewings en situasies verskillend ingeklee word. Daar word dus by die besondere omstandighede van 'n bepaalde gemeenskap aangepas.

8.4.3 Integrasie van wetenskaplike en plaaslike/inheemse kennis

Die kennis en kundigheid van die plaaslike navorsingdeelnemers is essensieel in die verloop van die navorsingsproses. Alhoewel wetenskaplike kundigheid die navorsingsproses rig, behoort daar 'n sensitiwiteit by die navorsers te wees vir kennis waaroor die deelnemers beskik. Greenwood, *et al.* (1993:178) noem dan ook dat "... that members of organisation [community] are knowlegeable and intelligent and that ignoring this is poor research practice." Ten einde deelnemende-aksienavorsing tot sy reg te laat kom, is dit nodig dat die wetenskaplike kundigheid en die plaaslike kennis sal integreer. In die praktyk sou dit kon beteken dat deelnemers geraadpleeg word oor hoe om die navorsingsproses verder te rig. Sodoende word daar nie net meer effektief by die omstandighede van die betrokke gemeenskap aangesluit nie, maar die deelnemers aanvaar bepaalde medeverantwoordelikheid vir die verloop van die proses.

8.4.4 Ontwikkeling van nuwe teorie

Volgens Greenwood, *et al.* (193:179) lei deelnemende-aksienavorsing tot die skepping van nuwe teorieë na aanleiding van gevallestudies. Die deelnemers aan die navorsing word dan eintlik mede-ontwikkelaars van nuwe teorieë. Dit word ondersteun deur die basiese uitgangspunt van die konstruksionisme, naamlik dat kennis oor die werklikheid gekonstrueer word in 'n proses van interaksie. (Vgl. 3.2.4.3.) Deelnemende-aksienavorsing behels juis dat daar 'n interaksieproses tussen die navorser en deelnemers ontwikkel.

8.4.5 Die daarstelling van 'n voortdurende proses van leer en bemagtiging

Deelnemende-aksienavorsing het verder ten doel om 'n voortgaande leerproses te laat realiseer (Nelson, *et al.*, 1998:887). Wetmore en Theron (1998:39) sluit hierby aan en stel dat die deelnemers deel het aan hulle eie "... evolving processes, with the freedom and ability to gain information, and to act upon such information, in a manner determined by them" en in die proses word die pedogogiese doelstellings van "... self-learning, self-teaching, and self-action for self-reliance" bereik. Tydens die navorsingsaktiwiteite kry die deelnemers die geleentheid om nuwe kennis te konstrueer en in die proses te leer hoe om aksie tot hulle eie vooruitgang te neem.

Tydens die proses van deelname aan die skep en benutting van nuwe kennis, vind bemagtiging plaas. Deelnemers het die reg om aktief deel te wees van die interaksieprosesse en voortspruitende beplanning vir verdere aksie. Hulle word op 'n dieper vlak bemagtig deur 'n proses van konstruering en benutting van hulle eie kennis (Halmi, 1996:371). Sodoende verkry die deelnemers toenemende beheer oor hulle lewens en omstandighede (Nelson, *et al.*, 1998:885 & Schurink, 1998a:10). Deelnemers word dus bemagtig om self verantwoordelikheid vir hulle situasie te neem en dienooreenkomstig met aksie ter bevordering van hulle totale bestaan na vore te kom.

8.4.6 Ontwikkeling van kennis wat tot aksie lei

Deelnemende-aksienavorsing behoort 'n proses daar te stel vir die generering van kennis en gepaardgaande aksie wat tot die ontwikkeling van verdere kennis lei (Wetmore & Theron, 1998:40). As gevolg van die deelname van die deelnemers aan die navorsingsproses kom nuwe kennis na vore wat tot aksies lei en laasgenoemde lei tot die verdere konstruering van kennis. Volgens Halmi (1996:371) is die doel met deelnemende-aksienavorsing "... to produce knowledge and action directly useful to a group of people – through research". 'n Aaneenlopende skeppingsproses van kennis en aksie tree dus na vore soos geïllustreer in skets 8.4. Dit sou as 'n kennisaksie-sneeubalproses beskryf kon word. Die navorsing lei dus onmiddellik tot die voordeel van die deelnemers aangesien ontwikkeling van kennis dadelik beskikbaar en benutbaar vir verdere aksies is. In 'n situasie van gemeenskapsontwikkeling sou dit kon beteken dat die hele proses van deelnemende-aksienavorsing direk ontwikklingsgebeure rig en motiveer.



Skets 8.4: *Aaneenlopende skeppingsproses van kennis en aksie*

8.5 VEREISTES GRONDLIGGEND TOT DEELNEMENDE-AKSIENAVORSING

In die uitvoering van deelnemende-aksienavorsing is daar bepaalde vereistes en beginsels wat in ag geneem behoort te word ten einde die navorsing effektief en toepaslik te laat verloop. Van die vernaamste aspekte waarop gelet behoort te word, is, onder andere, die volgende:

- Ten einde die gemeenskap suksesvol te betree en samewerking te verkry tot die implementering van deelnemende-aksienavorsing, is die daarstelling van wedersydse vertroue noodsaaklik. 'n Vertrouensverhouding behoort met alle betrokkenes opgebou en gehandhaaf te word (Nelson, *et al.*, 1998:886). Dit sou beteken dat wanneer 'n totale gemeenskap by deelnemende-aksienavorsing betrek word, daar met alle belangegroepe betekenisvolle verhoudings gehandhaaf sal word. Soms is dit ook ter sake om vennootskappe met instansies of ander professionele persone aan te gaan ten einde toegang tot alle vlakke van die gemeenskap te verkry. 'n Deursigtige werkswyse is nodig, met ander woorde alle betrokkenes is bewus van wat gebeur en waarom.

Verder is dit belangrik dat die navorser 'n hoë vlak van respek aan alle deelnemers sal betoon. Die vestiging van vennootskappe en die opbou van 'n vertrouensverhouding met die betrokkenes kan soms tydrowend wees, maar is essensieel vir die verdere suksesvolle verloop van die navorsingsproses.

- Duidelike kommunikasie is in die uitvoering van deelnemende-aksienavorsing van groot belang. Nelson, *et al.*, (1998:886) stel dit dan ook duidelik dat "... clear communication and a conscious de-emphasise on professional jargon are important in participatory action research". Navorsers en deelnemers behoort mekaar dus duidelik te begryp. Wanneer die moedertaal van die navorser en deelnemers verskil en daar van 'n tweede taal of tolk gebruik gemaak word, behoort daar op besonder sensitiewe wyse gepoog te word dat die verskillende persone mekaar onderling behoorlik begryp, en verstaan wat wedersyds gekommunikeer word. Dit sou kon beteken dat daar telkens seker gemaak word of die betrokkenes ervaar dat hulle boodskappe korrek verstaan word.
- Volgens Greenwood, *et al.*, (1993:179) is dit belangrik om in die benutting van deelnemende-aksienavorsing sensitief te wees vir die betrokke situasie waar die navorsing plaasvind ten einde sinvol daarby aan te pas. So sou daar, byvoorbeeld, in plattelandse omgewings by aspekte soos boerderyroetine, weersomstandighede en plaaslike bedrywighede soos begrafnisse, aangepas moet word ten einde werklik respek aan die deelnemers te openbaar en dit vir hulle moontlik te maak om wel aan die navorsing te kan deelneem.
- By die benutting van deelnemende-aksienavorsing is dit van groot belang om op die kennis van die deelnemers te let, want hulle beskik oor unieke kennis aangaande hulle eie omgewing, stelsels en kultuur (Bartunek, 1993:1230, Greenwood, *et al.*, 1993:178, St. Lawrence & Ndiaye, 1997:552 en Wetmore & Theron, 1998:41). Dit sluit aan by die uitgangspunt van die konstruksionisme en die narratiewe werkswyse dat daar vanuit 'n nie-kundige posisie beweeg behoort te word aangesien die navorser in dié geval nie die kundige is nie, maar wel die deelnemers. (Vgl. hoofstukke 3 & 4.) Die navorser is dus sensitief vir die inheemse kennis wat betref die wyse hoe om die navorsingproses te rig, wat praktiese en logistieke aspekte kan insluit asook die aangeleenthede waaroor die navorsing handel. Daar sou, byvoorbeeld, met die gemeenskapslede geraadpleeg word wanneer dit geskik is om watter groepe of persone op watter wyse by die navorsing te betrek.

- Volgens Schurink (1998a:413-414) word daar in die nuwe Suid-Afrikaanse opset verwag dat deelnemende-aksienavorsing so gefasiliteer behoort te word dat alle mense ongeag ras, kleur, godsdiens en geslag aan die navorsingsproses moet kan deelneem. Verder behoort die navorsing daartoe te lei dat alle betrokkenes daarby baat deurdat kapasiteitsbou sal plaasvind, deelnemers eienaarskap vir aksies sal aanvaar en dat hulle dus in staat gestel word om probleme te hanteer en hulle eie situasie te beheer. Schurink (1998a:12) sluit hierby aan en noem dat "[t]he research is not undertaken for the sake of accumulating knowledge or to satisfy the researcher, but to initiate a process of collective reflection and self-conscientisation". Die navorsing moet dus lei tot direkte voordeel van die gemeenskap waar dit plaasvind.
- In aansluiting by die uitgangspunt van die narratiewe werkswyse dat die maatskaplike werker nie vanuit 'n kundige posisie behoort op te tree nie (vgl. 4.3.7.1), meld Schurink (1998a:13) dat die navorser "...have to act as facilitator, co-learners and teambuilders, rather than as experts in charge of a project, and should constantly interact with research participants to discuss and verify findings". Die navorser en deelnemers raak as't ware vennote wat by mekaar leer en gesamentlik inligting insamel, verifieer en beplan hoe daar verder aan die projek uitvoering gegee kan word. Die deelnemers neem dus geleidelik verantwoordelikheid oor vir die verloop van die verdere navorsingsproses.

8.6 DIE PROSES VAN DEELNEMENDE-AKSIENAVORSING

Volgens Schurink (1998b:416) word die proses van deelnemende-aksienavorsing nie duidelik in die literatuur uitgespel nie. Telkens wanneer deelnemende-aksienavorsing geïmplementeer word, neem dit in 'n mate sy eie loop na gelang van die unieke situasie waarbinne die navorsing hom afspeel. Tog sou breë riglyne met betrekking tot verskillende fases of momente aangedui kon word, naamlik:

- betreding van die gemeenskap;
- werwing van deelnemers;
- storievertelling of dan die aktiewe begin van 'n voortdurende interaksieproses tussen die navorser en deelnemers asook tussen deelnemers onderling, ten einde inligting en kennis wat vir die gemeenskap ter sake is, te bepaal;
- identifisering van belangegroepe ten einde aandag te gee aan navorsingsbevindinge en om verdere aksies te beplan;

- implementering van aksieplanne, evaluering daarvan en terugvoersessies ten einde verdere aksies toenemend selfstandig te loods. (Vgl. Schurink, 1998b:417.)

Teen die agtergrond van dié fases word die verloop van die onderhawige navorsing bespreek, wetende dat die proses op die stadium wat hierdie dokumentering plaasvind, nie in alle opsigte deur al bogenoemde fases beweeg het nie en waarskynlik in 'n sikliese proses van interaksie en aksie gaan voortduur as deel van die ontwikkeling wat uit die navorsing voortspruit. Bogenoemde fases realiseer geleidelik, gelyktydig en voortdurend. So, byvoorbeeld, kan die betreding van die gemeenskap oor 'n lang periode strek terwyl storievertelling in sekere areas al ver gevorder het met gepaardgaande identifisering van belangegroepe en die implementering van aksieplanne. So het dit gebeur dat sekere komitees in van die woonbuurtes met bepaalde aksies na vore gekom het nog voordat die plaasgemeenskappe betree is. In die lig hiervan word die gebeure sover moontlik kronologies verhaal met aanduiding van die fases wat na vore tree. Daar sal ook aangedui word wanneer van hierdie aktiwiteite tot verdere aksies gelei het wat die basis vir, byvoorbeeld, gemeenskapsprojekte vorm. Die verskillende projekte en hulle ontwikkeling word afsonderlik bespreek.

Deurgaans tree die verweefdheid van deelnemende-aksienavorsing en gemeenskaps-ontwikkeling na vore. Dit bevestig die gedagtes van Schurink (1998b:405-416) wanneer hy, onder andere, noem dat bemagtiging van individue en die mobilisasie van die gemeenskap deur middel van deelnemende-aksienavorsing in die hand gewerk word.

Met die samestelling van die navorsingsverslag is die proses van deelnemende-aksienavorsing nog nie voltooi nie. Die verskillende fases het gelyktydig gemanifesteer en is nog steeds voortgaande. Alhoewel verskillende segmente van die gemeenskap reeds betree is, is daar nog ruimte vir vollediger betreding van, byvoorbeeld, die boerdery- en sakegemeenskap. Saam met die betreding van die gemeenskap het die werwing van deelnemers 'n aanvang geneem en daar tree daagliks meer en meer deelnemers na vore. Verskeie groepe en individue het gemeenskapsnarratiewe met my gedeel, maar daar is nog 'n aantal belangegroepe wat tot die fase van die proses kan toetree en die deelnemers wat reeds besig is met storievertelling gaan waarskynlik nog verder uitbrei op hulle vertellings. Bepaalde belangegroepe is geïdentifiseer, maar met die verdere ontwikkeling van die

navorsingsproses kan verwag word dat meer belangegroepe na vore sal tree. 'n Aantal aksies is reeds deur die gemeenskap geloods betreffende die ontwikkeling en bemagtiging van die gemeenskap. Daar is egter ruimte en aanduidings, byvoorbeeld, dat deelnemers verdere aksies gaan loods met die oog op die ontwikkeling van die totale gemeenskap. Alhoewel alle fases van die navorsingsproses reeds in 'n mindere of meerdere mate gerealiseer het, blyk dit dat die totale proses nog lank kan voortduur. Moontlik kan daar 'n stadium kom wat die gemeenskap mag evalueer dat 'n bevredigende vlak van ontwikkeling en bemagtiging bereik is, maar dit sal waarskynlik nog 'n geruime tyd neem voordat daar sover gevorder is. Verder blyk dit dat die proses van deelnemende-aksienavorsing en gemeenskapsontwikkeling kan voortduur solank as wat die betrokke gemeenskap bestaan.

8.6.1 Die betreding van die gemeenskap

Die betreding van die gemeenskap van Philippolis, is gedurende die tweede helfte van 1998 ingelui deur 'n versoek van dié gemeenskap via gemeenskapsleiers wat vertoë tot die Departement van Welsyn van die Vrystaatse Wetgewer gerig het om maatskaplike werkers met die oog op gemeenskapsontwikkeling aan die gemeenskap beskikbaar te stel. Dié vertoë het daartoe gelei dat 'n vennootskap gesluit is tussen die betrokke staatsdepartement, die Kerklike Maatskaplike Dienste van die NG Kerk in die Vrystaat en die Departement Maatskaplike Werk aan die Vrystaatse Universiteit se Vrystaatse Plattelandse Ontwikkelingsprogram (VPOP). In die praktyk het dit beteken dat ek en vier finale jaar maatskaplikewerkstudente by die gemeenskap van Philippolis betrokke geraak het met die doel om maatskaplikewerkdienste te lewer met spesifieke klem op gemeenskapsontwikkeling.

In ooreenstemming met die siening van Schurink (1998b:409) dat "... no development should or could take place without involving communities in planning the type of services needed by them", is die proses van gemeenskapsontwikkeling in die gemeenskap van Philippolis ingelui en gerugsteun deur deelnemende-aksienavorsing. Daar is begin om dus die proses van gemeenskapsontwikkeling en deelnemende-aksienavorsing gelyktydig en gesamentlik aan te pak. Eie aan die aard van deelnemende-aksienavorsing is dit moeilik om te onderskei wanneer is aktiwiteite meer navorsing of meer ontwikkelingsgeoriënteerd.

Die betreding van die gemeenskap het en vind steeds plaas by wyse van formele en informele aksies. Soms word daar met gemeenskapslede gesprek gevoer tydens vooraf

gereelde vergaderings of samekomste. Andersins word die gemeenskap ook betree deur informele gesprekke wat ek met bekendes (mense wat sedert my vorige verblyf aan my bekend is) voer. Ek besoek byvoorbeeld van tyd tot tyd bekendes in die woongebiede, maar ook op die plase. Dan loop ek ook dikwels bekendes in die straat of by besighede raak en gesprekke ontstaan spontaan. Alhoewel die informele gesprekke nie kronologies en volledig gedokumenteer word nie, lewer dit waarskynlik 'n beduidende bydrae tot die gemeenskap se aanvaarding van die navorsing- en ontwikkelingsproses wat geloods word. Dit behoort ook by te dra tot gemeenskapslede se gewilligheid om aan die proses deel te neem. Verder bied dit ook geleentheid om doeltreffend in voeling te wees met die dinamika van die gemeenskap.

Op 17 Desember 1998 vind die eerste vergadering tussen verteenwoordigers van die drie vennote (Departement van Welsyn, KMD en VPOP) en gemeenskapsleiers van Philippolis plaas. Die gemeenskapsleiers wat die vergadering bygewoon het, was die leraars van onderskeidelik die plaaslike Nederduitse Gereformeerde Kerk (ds B) en Verenigde Gereformeerde Kerk (ds C), die hoofouderling van laasgenoemde gemeente, die plaaslike geneesheer, die landdros en die voorsitter van die sakekamer. Tydens dié vergadering is sekere behoeftes wat in die gemeenskap ervaar word uitgewys ten einde te motiveer waarom daar nood is aan maatskaplikewerkdienste. (Vgl. 8.6.2.) Verder is logistieke aangeleenthede bespreek betreffende die huisvesting van my en die studente wanneer ons in die gemeenskap werksaam is. Die leraar van die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK) is namens die KMD as die plaaslike koördineerder en skakelpersoon aangewys. Verdere besoeke en aktiwiteite in die gemeenskap sou in noue skakeling en koördinering met haar plaasvind.

Op 11 en 21 Januarie 1999 word besoeke in die gemeenskap afgelê ten einde finale reëlings te tref met betrekking tot kantoor- en verblyfgeriewe. Aanvanklik is daar deur die skakelpersoon gereël dat 'n gedeelte van die NG Kerk se sentrum as 'n kantoor ingerig sou word. Die studente sou voorlopig in 'n plaaslike skoolkoshuis gehuisves word en ek sou by bekendes tuisgaan. Laasgenoemde reëling kon getref word omdat ek aan die gemeenskap bekend is. (Vgl. 8.2.)

Die eerste besoek van my en die studente, vind op 18 en 19 Februarie 1999 plaas. Daarna is die gemeenskap deur die studente op 'n weeklikse basis besoek tot aan die einde van Oktober 1999. Ek het op gereelde basis die studente vergesel en gedurende November tot 7 Desember 1999, het ek voortgegaan om die gemeenskap weekliks te besoek.

Tydens die eerste besoek van die studente aan die gemeenskap is alternatiewe reëlings met betrekking tot kantoorgeriewe getref, aangesien enkele lidmate van die NG Kerk bekommerd was oor die aard van dienslewering wat vanuit hulle gebouekompleks sou plaasvind en moontlik tot gevolg kan hê dat daar 'n groot aantal persone die geboue benut wat nie lidmate van die kerk is nie. 'n Enkele lidmaat het te kenne gegee dat dit daarom gaan dat hy nie daarvan sal hou dat mense van verskillende rasse die gebou benut nie. Ten einde te voorkom dat verdere toegang tot die totale gemeenskap belemmer word, is die kantoor in 'n huis ingerig wat gratis deur 'n inwoner van die gemeenskap beskikbaar gestel is. Na aanleiding van informele gesprekke met enkele bekendes in die gemeenskap het dit onder my aandag gekom dat dié betrokke inwoner en sy vrou nuwe inwoners in die gemeenskap is wat hulle ses jaar gelede hier gevestig het, en veral as gevolg van die vrou se lidmaatskap van die ANC, as liberaal en dislojaal teenoor die res van die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap ervaar word. Ek het besef dit kan ons beeld van politieke neutraliteit skaad.

Nadat ons in die betrokke huis ingetrek het, het ek bekendes in dieselfde straat gaan groet. Van hulle was baie bly om my te sien en was positief oor die feit dat ons met ontwikkelingswerk in die gemeenskap gaan begin. Een van die inwoners van die betrokke straat het egter baie ernstig te kenne gegee dat sy nie geneë is dat ons kantoor en die huis gekombineer is nie. Dit sou volgens haar tot gevolg kon hê dat die waarde van eiendom in die betrokke straat benadeel gaan word, aangesien die moontlikheid bestaan dat 'n groot klomp mense tydig en ontydig na die kantoor gaan kom en sodoende 'n onwelkome onrustigheid in die straat kan skep. Na verskeie informele "kuiertjies" wat ek aan die betrokke persoon gebring het, het sy meer en meer waardering vir ons werk uitgespreek en selfs ook wenke gegee hoe bepaalde situasies aangepak kan word. Dit was een van die situasies wat Nelson, *et al.*, (1998:886) se stelling bevestig, naamlik dat "... participatory action research involves relationship building and may foster a connectedness not only to the topic area, but often to the people involved". Tans is die betrokke persoon so positief

ingestel teenoor ons teenwoordigheid in die gemeenskap dat sy afvalmateriaal beskikbaar stel vir sekere van die projekte.

Ek het besef dat alhoewel die gemeenskap by monde van sommige van hulle leiers 'n uitnodiging gerig het dat dienste in die gemeenskap gelewer word en daarmee gepaardgaande navorsing, dit nie beteken dat alle aktiwiteite wat daarmee saamgaan, noodwendig deur die gemeenskap in totaliteit goedgekeur gaan word nie. Dit sou deurgaans belangrik wees dat daar baie sensitief te werk gegaan word om die dinamika van die gemeenskap stelselmatig te verken en pertinent te verreken in enige aksie wat geneem word.

Voorts is die gemeenskap betree deur ons skakelpersoon, ds C, te raadpleeg wat goed bekend is met die leiers en invloedryke mense in die verskillende segmente van die gemeenskap. Tydens die eerste vier tot vyf weke het sy ons aan dié mense voorgestel. Dit het, byvoorbeeld, die skoolhoofde van die verskillende skole, burgemeester, leraars van plaaslike kerke, mediese personeel by die plaaslike kliniek, die stadsklerk en landdros, ingesluit. Terselfdertyd het die studente verhoudings met verskillende individue in die gemeenskap aangeknoop deur die opvolging van aanmeldings wat met die oog op hulpverlening plaasgevind het. Verder is daar nader kennis gemaak met die inwoners van Bergmanshoogte deur elke huishouding te besoek. Sodoende is gepoog om verhoudings aan te knoop met lede van dié gemeenskap waar ons aanvanklik, volgens die versoek van gemeenskapsleiers tydens die vergadering van 17 Desember 1998, die grootste inset sou lewer. Die leraar van die NG Kerk het die studente ook aan sekere van sy lidmate, hoofsaaklik blanke bejaardes, voorgestel met die doel dat die studente hulle op 'n gereelde basis sal besoek.

Die Vroue-Landbou-Unie het my genooi om tydens hulle maandvergadering in Maart 1999 meer inligting te verskaf van ons beplande werksaamhede in die gemeenskap. Dit het aan my en die studente 'n geleentheid gebied om onsself voor te stel aan 'n groep vroue wat die blanke Afrikaanssprekende segment van die gemeenskap verteenwoordig.

Tydens samesprekings tussen my en die skakelpersoon het ons besluit om myself en die studente op 'n meer formele wyse aan die totale gemeenskap voor te stel. Die voorstelling

het daarin gerealiseer dat 'n kollega van my tydens 'n Sondagoggend-erediens op 16 Mei 1999 by beide gemeentes, naamlik die NG Kerk en VGK 'n gesinsverrykingsprogram aangebied het. Tydens dié geleentheid is ek en die studente aan die gemeentes voorgestel.

Gedurende Mei 1999, is daar by ons huis waar ons oornag, ingebreek en al die kosvoorrade is gesteel. Lede van Bergmanshoogte se gemeenskap het spontaan enkele voorrade aan ons voorsien. Hulle het ook hulle misnoë oor die voorval uitgespreek. Dit was vir ons 'n verdere aanduiding dat die gemeenskap ons teenwoordigheid aanvaar en selfs in 'n mate verantwoordelikheid vir ons neem. As gevolg van herhaalde inbrake by dié woning, het ons verhuis na 'n woning van die Departement Openbare Werke wat voorheen deur polisiebeamptes bewoon is. Dit het tot gevolg gehad dat ons met betrekking tot ons verblyfgeriewe na 'n meer neutrale posisie beweeg het.

Gemeenskapslede van Bergmanshoogte is by 'n gemeenskapsvergadering op 16 April 1999 betrek, waartydens 'n werkseminaar (vgl.8.6.2.2) aangebied is om aan die gemeenskap die geleentheid te bied om hulle gemeenskap aan ons bekend te stel. Die werkseminaar is deur 'n kollega van my aangebied om sodoende 'n bepaalde nuwe status aan die geleentheid te gee. Die betrokke kollega tree op as bestuurder van VPOP se ontwikkelingsprojekte en sy optrede tydens die werkseminaar het ook die geleentheid gebied om hom aan die gemeenskap voor te stel. Met die werkseminaar is gepoog om gemeenskapslede meer doelgerig by deelnemende-aksienavorsing te betrek met die doel om areas te identifiseer waar bepaalde aksies geneem kan word ten einde die ontwikkelingsproses verder te stimuleer en te rig. Tydens dié vergadering het alle lede die geleentheid gekry om deel te neem, maar in aansluiting by St Lawrence en Ndiaye (1997:556) wat meld dat dit soms, veral in plattelandse gemeenskappe, gebeur dat die leiers hoofsaaklik die woord voer en die res luister, is die besprekings in 'n groot mate oorheers deur veral twee van die leiers in die gemeenskap. Tog het die wyse waarop die werksessie gefasiliteer is, naamlik dat die deelnemers in kleiner belangegroepe verdeel het om die aangevoelde behoeftes verder te ontrafel, daartoe bygedra dat meer lede aktief begin deelneem het. Die interaksieproses om die storie van die gemeenskap te vertel, behoeftes te identifiseer en aksies te beplan, het met dié werksessie 'n nuwe dimensie en intensiteit betree. Gemeenskapslede kon nou met mekaar hulle sienings en betekenisse deel wat hulle oor hulle gemeenskap en algemene omstandighede huldig.

Die vergadering/werksessie is in die gemeenskapsaal gehou wat as neutrale plek beskou kan word en toeganklik en maklik bereikbaar vir al die gemeenskapslede was. Dit sluit aan by die gedagtes van St Lawrence en Ndiaye (1997:556) wat meen neutrale en toeganklike vergaderplekke is aan te beveel ten einde vrye deelname te bevorder. Die indruk is verkry dat die gemeenskap ons nie aan enige spesifieke groepering of politieke party verbind het nie, maar vanuit 'n nuwe situasie betekenis aan ons teenwoordigheid begin gee het. Dit het dan ook waarskynlik daartoe bygedra dat lede toenemend spontaan aan die werksessie deelgeneem het en aan die einde van die dag belangegroepe kon identifiseer wat kan deelneem aan die realisering of verwerkliking van die verdere ontwikkeling van die gemeenskap.

'n Verdere faset van die betreding van die gemeenskap, wat ook die potensiaal van bemagtiging en die aanvaarding van eienaarskap vir hulle eie ontwikkelingsmilieu, was om die universiteit se borgwerwers na die gemeenskap te bring. Op 21 Junie 1999 het twee dames van die UOVS-Stigting gemeenskapsleiers van Bergmanshoogte ontmoet. Sodoende het die gemeenskap die geleentheid gekry om deur hulle bekendstelling en gesprekvoering met die dames deel te hê aan die aksie om fondse te genereer wat vir die ontwikkeling van die totale gemeenskap aangewend kan word. Gemeenskapslede neem dus as't ware deel aan die proses van borgwerwing.

Aan die begin van Augustus 1999 het die dames van die Stigting 'n projek geloods om gebruikte klere in te samel en aan die betrokke gemeenskap beskikbaar te stel. Ds C en drie lede van Bergmanshoogte se gemeenskap het die UOVS in Bloemfontein besoek waartydens die oorhandiging van 'n skenking van klere plaasgevind het. Dit was 'n eerste bewys van sukses op die gemeenskap se onderhandelinge met die borgwerwers vroeër die jaar. Tydens dié besoek het ek die betrokkenes op 'n kort besigtigingstoer deur Bloemfontein geneem en sodoende gepoog om verdere respek aan hulle te betoon en ons vertrouensverhouding uit te bou.

Die aksie om die gemeenskap direk met borge in verbinding te bring, het verder gerealiseer met die oorhandiging van die eerste borggelde deur die verteenwoordiger van Liberty Life wat 'n skenking van R 40 000 gemaak het. (vgl. Foto 8.5). Tydens 'n oorhandigings-

geleentheid op 10 Oktober 1999, het een van die gemeenskaps- en kerkleiers van Bergmanshoogte gesê dat die mense die ontvangs van die borggelde as 'n direkte verhoring van hulle gebede ervaar. "Kan julle sien dat die Here ons nooit in die steek laat nie. Hy is getrou en het ons gebede van die afgelope jare verhoor. Hier is die bewys. Ons het gebid dat mense moes kom om ons te help. Eers het die Here vir ons dominee C gestuur en die studente en mevrou R en nou het hy vir ons geld gestuur om ons te help". Dié woorde was 'n duidelike aanduiding dat ons daarin geslaag het om die gemeenskap van Bergmanshoogte te betree. Dit was ook verder 'n aanduiding dat daar gemeenskapslede is wat oor 'n lang tydperk die behoefte aan ontwikkeling ervaar het, aangesien hulle gebid het dat die Here mense moes stuur om hulle te kom help.

Foto 8.5: *Oorhandiging van borggelde*

Aan die begin van November 1999 het Philips SA 'n televisie met 'n videomasjien aan die jeug van Bergmanshoogte geskenk. Die borg het egter gevra dat verteenwoordigers van die jeug die skenking in Johannesburg by hulle hoofkantoor in ontvangs moes kom neem. Ek, ds C en twee lede van die jeugkomitee het toe die skenking in ontvangs gaan neem. Dit was nie net 'n bevestiging aan die gemeenskap dat ons toetrede tot hulle voordeel kan wees nie, maar het weer eens lede van die gemeenskap direk in kontak met 'n borg gebring. 'n Aksie wat die potensiaal van bemagtiging en die aanvaarding van eienaarskap het.

Op 13 Augustus 1999 het 'n verdere betekenisvolle ontwikkeling plaasgevind toe die adjunkhoof van die hoër skool my genader het oor knellings wat die personeel ervaar. Die

bestaande hoof het redelik onverwags afgetree weens gesondheidsredes en volgens haar het dit veral tot gevolg dat daar ernstige dissiplinêre probleme by die skool ervaar word. Daar word ooreengekom om die graad 9 A en B leerlinge te ontmoet, asook die onderwysers.

Tydens 'n geleentheid op 20 Augustus 1999 is aan die graad 9 A en B leerlinge die geleentheid gegee om oorsigtelik hulle droom uit te spel en daarna is saam besluit dat hulle sake rakende hulle belange verder in kleiner groepe met die studente sal bespreek.

Op dieselfde dag is die onderwysers by 'n sessie betrek waar hulle hulle situasie kon uitspel, met ander woorde hulle kon hulle storie vertel. Dit het daarop neergekom dat die onderwysers die geleentheid gehad het om vrylik hulle ervarings en die betekenis wat hulle daaraan heg, kon deel met mekaar. Die sessie is 'n week later opgevolg met 'n verdere sessie waartydens enkele aksies oorweeg is van hoe om knellings te hanteer. Op hierdie stadium het die skool dus ook as deelnemers tot die totale ontwikkelingsproses toegetree.

'n Verdere segment van die gemeenskap is betree toe die voorsitter en nog 'n bestuurslid van die plaaslike tak van die ANC my en die plaaslike koördineerder genader het om saam met hulle te vergader rakende die ontwikkeling van die "poorest of the poor". Tydens dié samesprekings is die betrokke persone oortuig dat die gemeenskap aktief moet deelneem aan die identifisering en beplanning van projekte. Die gevolg was dat daar besluit is om alle professionele persone byeen te kry ten einde te beplan hoe die man op straat tot deelname uitgenooi en gemotiveer kan word. Sodanige vergadering het op 26 Augustus 1999 plaasgevind. 'n Verskeidenheid persone was teenwoordig wat die volgende instansies verteenwoordig het, naamlik: ANC – Youth Forum, Transgariep Development Action (TDA), plaaslike kliniek, Transitional Local Council (TLC), SAPD, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Verenigde Gereformeerde Kerk, die plaaslike hoër skool, die gekombineerde hoër en laer skool en die plaaslike landdroskantoor. Nadat die betrokkenes 'n aanduiding kon gee hoe elkeen die ontwikkelingsbehoeftes van die gemeenskap in totaliteit sien, is daar 'n taakgroep aangewys om die beoogde doelstellings verder te voer. Die taakgroep het daarna drie keer vergader en toe geleidelik getermineer. As gevolg daarvan dat 'n bepaalde politieke party sy geledere op die taakgroep versterk het, is vergaderings deur persone bygewoon wat nie tydens die aanvanklike byeenkoms aangewys

is nie. Alhoewel sake van belang bespreek is, is die aandag algaande meer gevestig op probleme wat ervaar word ten opsigte van landhervorming en die bou van huise. Die indruk is verkry dat die groep nie werklik daarin geslaag het om die man op straat by die hele proses te probeer betrek nie. Dit is asof daar sterker na politieke voordeel gesoek is. Die feit dat ons polities neutraal optree, kon ook moontlik belangstelling in die funksionering van die taakgroep laat kwyn het. Wat wel van belang is, is dat 'n verdere segment van die gemeenskap betree is.

Aangesien werkloosheid as 'n ernstige probleem uitgewys is tydens die werkseminaar op 16 April 1999 te Bergmanshoogte, het ek besluit om so gou as moontlik die betrokkenes by 'n gespreksgeleentheid te betrek. Op Sondag 22 Augustus 1999 het ek die VGK-gemeente tydens hulle oggenderediens besoek, met die doel om alle persone in die gemeenskap wat die probleem van werkloosheid wil beveg, uit te nooi na 'n gespreksgeleentheid op 26/8/99. Tydens dié gespreksgeleentheid het 13 mense opgedaag en 'n voorlopige komitee saamgestel wat onderneem het om 'n lys van alle werklose persone op te stel en 'n vergadering te reël waarop die probleem verder bespreek kan word. Na afloop van twee weke het die komitee 'n lys van 99 name van werklose persone saamgestel en reeds begin reëlings tref vir 'n samekoms op 28 September 1999. Die indruk is verkry dat die betrokkenes begin deelneem het aan 'n proses wat verdere ontwikkeling vir hulleself kan inhou.

In 'n verdere poging om veral die blanke Afrikaanssprekende gedeelte van die gemeenskap te betree, is daar uitgereik na die groep mense bo 60 jaar. Aanvanklik is daar gesprek gevoer met die persoon wat soms vrywillig funksies vir die bejaardes aanbied. Die betrokke dame is aan my goed bekend en wel omdat sy my netbalafrigter was tydens my skooljare aan die plaaslike hoër skool. Dit het tot gevolg gehad dat dit nie nodig was om eers 'n vertrouensverhouding daar te stel nie. Op haar aanbeveling is besluit om 'n teegeleentheid vir die bejaardes aan te bied waartydens daar aan hulle die geleentheid gebied word om hulle behoeftes te verbaliseer en moontlike aksies te oorweeg wat in die verband onderneem kan word. Die tee- en gespreksgeleentheid het op Vrydag 17 September 1999 plaasgevind.

In die betreding van die gemeenskap is daar deurgaans sensitief opgetree ten einde die dinamika sodanig te verreken dat toegang tot die gemeenskap behou word. Daar is ook spesifiek gewaak om nie sekere segmente van die gemeenskap van ons te vervreem nie. Veral ten opsigte van die bejaardes is hulle politieke sentimente en gewoontes met betrekking tot rassesituasies in ag geneem. Slegs die blanke Afrikaanse studente is by die uitreik na die bejaardes betrek omdat daar sterk aanduidings is dat nie almal van hulle gereed is om hulle behoeftes en ervaringe met studente van 'n ander ras- en kultuurgroep te deel nie. Tydens die eerste vergadering van die verkose komitee is daar te kenne gegee dat hulle nie werklik die betrokkenheid van maatskaplike werkers begryp nie. Tog het hulle bepaalde aksies bespreek ten einde na sake soos die sosiale behoeftes van die bejaardes, behuising, mediese sorg en veiligheidsmaatreëls om te sien. Die daaropvolgende vergadering het nie gerealiseer nie en die komitee kon nie hulleself weer vir 'n vergadering organiseer nie. Verskeie redes sou hiervoor aangevoer kon word, maar dit verg verdere gesprekvoering met die betrokkenes om te bepaal wat die werklike knelpunte is.

Gedurende September 1999 het 'n verdere interessante ontwikkeling na vore getree toe twee persone van Poding-Tse-Rolo my genader het oor die moontlike ontwikkeling van groentetuine in die verskillende gemeenskappe en by die onderskeie skole. Beide persone is werkloos, maar opgelei deur die Departement van Omgewingsake as omgewings-bewaarders. Hulle noem hulleself die "Rangers". Opvolgvergaderings is met hulle gehou en eindelik is ooreengekom dat 'n bedrag aan hulle beskikbaar gestel sal word vir die opleiding en organisering van gemeenskapslede in die aanlê van tuine asook toesighouding daaroor.

Gedurende November 1999 het ons betreding van die gemeenskap 'n verdere dimensie verkry toe die plaaslike koördineerder 'n afspraak met 'n gemeenskapslid wat internasionaal bekend is, kon reël. Weens die betrokke dame (mev E) se nasionale en internasionale affiliasies sou sy 'n belangrike deelnemer in die totale ontwikkelingsproses kon word. Sy is 'n boervrou, maar ook president van die Suid-Afrikaanse Flora en vise-president van die World Association of Flower Arrangers. Andersins is sy ook lid van die Suid-Afrikaanse Gesinstigting en die beskermvrou van 'n verskeidenheid gildes. Dus 'n persoon met besondere invloed. Tydens 'n gesprek met haar op 20 November 1999 het dit duidelik geblyk dat sy die ontwikkelingsinisiatiewe wat tans in die gemeenksap 'n aanvang

neem, tydig en noodsaaklik vind. Gaandeweg het dit duidelik geblyk dat sy op die kort- en lang termyn op verskillende wyses by verskeie moontlike projekte betrokke sou kon raak. Sy verklaar haar bereid om tydens 'n wêreld blomme-uitstalling in Kanada gedurende 2000, die totale ontwikkelingsinisiatief en die gemeenskap as geheel te bemark met die oog daarop om groter buitelandse betrokkendheid by projekte, asook finansiële ondersteuning te bewerkstellig. Hierdie gesprek sou uiteindelik tot die verdere betreding van die gemeenskap lei. Dit sou ook bydra tot die werwing van meer deelnemers en veral deelnemers wat deel vorm van die sogenaamde ekonomiese aktiewe deel van die gemeenskap en persone wat oor bepaalde kundigheid en vaardighede beskik waarby die totale gemeenskap kan baat.

Ten einde 'n bemarkingsdokument voor te berei wat deur mev E in Kanada benut kon word, is daar vanweë hulle betrokkendheid by die bemarking van die gemeenskap, uitgereik na bestuurslede van Philippolis Promosies. Hulle beskik ook oor besondere kundigheid op die gebied van bemarking. Dit het tot verdere interessante verwikkelinge gelei ten opsigte van deelname en ontwikkeling oor die grense van die verskillende segmente van die groter gemeenskap. Die drie verskillende subgemeenskappe na aanleiding van kultuur- en rasseverskille sou toenemend by mekaar begin betrokke raak.

Tydens die samesprekings tussen myself, die koördineerder, mev K en mej R van Philippolis Promosies ten einde 'n bemarkingsdokument saam te stel vir bemarking deur mev E, het dit geblyk dat daar groot entoesiasme vir so 'n aksie bestaan. Beide mev. K en mej. R beskik oor spesialis kennis en ervaring van die uitgewerbedryf en sou as sulks 'n reuse-bydrae tot die samestelling van 'n bemarkingsdokument kon lewer. Die indruk is ook verkry dat hulle mede-eienaarskap vir die projek aanvaar het en sodoende aktief betrokke geraak het by die groter ontwikkelingsinisiatief van die totale gemeenskap. Ten opsigte van die mags- en leierskapskomponent van die gemeenskapsdinamika word mev K deur die totale gemeenskap as 'n leier beskou soos blyk uit die feit dat sy vanf 1994-1999 lid van die Vrystaatse Wetgewer was. Sy het ook namens die gemeenskap met die Vrystaatse Minister van Welsyn onderhandel vir die uitbreiding van maatskaplike dienste na die betrokke gemeenskap. Persone uit verskeie segmente van die gemeenskap raadpleeg haar gereeld oor gemeenskapsaangeleenthede, maar ook oor persoonlike werkskeppings-moontlikhede.

Gemeenskapslede van Bergmanshoogte is ook uitgenooi na 'n besprekingsgeleentheid waartydens hulle 'n bydrae kon maak tot die samestelling van 'n bemarkingsdokument. Die gespreksgeleentheid het gelei tot verdere vertellinge van gemeenskapsnarratiewe en het die betrokkenes gestimuleer tot deelname aan die ontwikkeling van hulle gemeenskap. Deelname aan die samestelling van 'n bemarkingsdokument het ook die bemagtiging van die betrokkenes in die hand gewerk. Hulle is sodoende bekendgestel met die hele idee van bemarking met die oog op verdere ontwikkeling van die gemeenskap. Dit het dus die potensiaal van 'n proses wat later verder uitgebou kon word tot op 'n punt waar gemeenskapslede selfstandiger dié faset van ontwikkelingsaktiwiteite kan bestuur.

Intussen het ek gedurende November 1999 'n plaasbesoek gebring aan 'n boer en sy vrou wat aan my goed bekend is. Dit was 'n eerste poging om die plaasgemeenskap te betree. Tydens die besoek het beide die man en sy vrou getoon dat hulle die totale ontwikkelingsinisiatief goedgesind is en selfs bereid is om te help waar moontlik. So het die boer aangebied om wanneer hy skeer aan potensiële skeerders die geleentheid te bied vir opleiding. Hy het ook genoem dat weens die droë klimaatsomstandighede dit vir die boere al moeiliker word om arbeiders in diens te hou en verder werk te skep vir indiensneming van die werklose persone.Verder het hy ook te kenne gegee dat ons dalk op 'n stadium met die Boerevereniging in gesprek moet tree ten einde die boere by die ontwikkelingsinisiatief te betrek. Hy het ook wenke van verdere werkskeppingsprojekte gegee, byvoorbeeld, turksvyboerdery, grootmaak van volstruiskuikens en draadmakers. Hy maan egter dat boere nie enige persoon op sy plaas sal laat take verrig nie, maar net diegene wat goeie gedrag openbaar. Sy vrou, mev N, wat by die laer skool in Bergmanshoogte skoolhou, het opleiding en ondervinding in huishoudkunde. Sy het aangebied om 'n groepie werklose vroue op te lei en te ondersteun in die bak van beskuit. Mev N noem dat die personeel van die skool waar sy skoolhou ook behoefte aan 'n gespreksgeleentheid het soos wat vroeër die jaar by die hoër skool aangebied is.

'n Insident wat gedurende die begin van Desember 1999 in die gemeenskap plaasgevind het, het tot verwikkelinge gelei wat fasette van die totale gemeenskapsdinamika voelbaar na vore laat tree het. Die NGK met uitsluitlik blanke gemeentelede het die koor van die VGK genooi om tydens die jaarlikse Kerssangdiens op te tree. Tydens die diens het twee persone die kerkgebou verlaat uit protes omdat die koor wat uit bruinmense bestaan, aan

die erediens deel gehad het. Dit het verder daartoe gelei dat een van die persone wat die kerk verlaat het 'n petisie opgestel het, om te versoek dat die leraars van onderskeidelik die NGK en die VGK, die betrokke gemeentes moet verlaat. Die Maandag direk na die Kerssangdiens het ek en ons skakelpersoon (leraar van die VGK) saam 'n besoek by die betrokke boer gaan aflê wat bogenoemde petisie opgestel het. Ons het die besoek afgelê ten einde 'n saak wat hy met betrekking tot een van sy werkers aangemeld het, verder te ondersoek. Hy het ons vriendelik ontvang en terugverwys na die tyd toe ek daar op skool was, asook na situasies waar hy en my pa ten opsigte van boerderysake saamgewerk het. Dit het daartoe bygedra om 'n situasie wat ek en ds C gemeen het baie ongemaklik gaan wees, meer vriendelik in te klee. Gaandeweg het hy egter duidelik te kenne gegee dat ons witmense ons te veel met die swartes bemoei en dat dit is waarvandaan al die moeilikheid kom. Dit was duidelik dat daar vele pogings aangewend sou moes word ten einde die betrokkene se samewerking vir ontwikkelingsinisiatiewe te bekom. Tog was dit waardevol om die plaas te besoek en 'n verdere dimensie van die totale gemeenskap se dinamika sodoende te verken, en gevolglik in staat te wees om dit in verdere aksies sensitief te verreken.

Gedurende Januarie 2000 het een van die gemeenskapslede wat sterk betrokke is by die plaaslike ANC-tak in samewerking met een van die verpleegkundiges van die plaaslike kliniek 'n groep saamgestel wat die voorkoming van VIGS ten doel het. Alhoewel ons nie aanvanklik geraadpleeg is by dié inisiatief nie, het die groep later na ons uitgereik vir verdere hulp om fondse te bekom. Dit het gelei tot 'n gespreksgeleentheid tussen my en die groep. Die uitreik van dié groep na ons kan as 'n verdere stap gesien word in ons betreding van die gemeenskap en die bou van verhoudings met verskillende belangegroepe in die gemeenskap.

Gedurende Februarie 2000 het ons betreding van die gemeenskap 'n verdere dimensie begin aanneem met ons besoeke aan plase en die hou van werksessies met plaaswerkers. Saam met ons skakelpersoon is boere geïdentifiseer wat ons meen toeganklik sou wees vir die gedagte dat hulle en hulle plaaswerkers betrek word by die proses van deelnemende-aksienavorsing en voortvloeiende ontwikkelingsinisiatiewe. Die plase is min of meer volgens die wyksindeling van die NGK saam gegroepeer met die oog op die hou van werksessies. Gewillige boere is geïdentifiseer wat bereid was om met die res van die wyk,

die nodige reëlings te tref en dat die sessie by hulle op die plaas gehou word. Na afloop van besoeke aan ses boeregesinne en die tref van telefoniese reëlings met verdere twee boere, is ses werksessies met plaaswerkers aangebied. Die werksessies is bygewoon deur 124 persone en 18 plase was verteenwoordig.

Tydens 'n besoek aan die plaas van die voorsitter van die plaaslike boerevereniging het hy ons uitgenooi om by geleentheid 'n vergadering van die vereniging by te woon en aan die boere mee te deel wat ons aksies in die gemeenskap behels. Dit word as 'n besondere mylpaal beskou in die betreding van die plaasgemeenskappe en spesifiek die boere, wat die belangrikste werkgewers in die totale gemeenskap is.

Gedurende Augustus 2000 het 'n groepie boere wat 'n maatskappy gevorm het ten opsigte van die olyfboerdery, na ons uitgereik met die oog op samewerking met betrekking tot verdere werkskeppingsmoontlikhede rakende 'n olyfverwerkingsaanleg. Dit het verder daarop gedui dat veral die boeregemeenskap vertroue in ons ontwikkelingsinisiatiewe stel en bereid is om op betekenisvolle wyse saam te werk.

Sedert die begin van 2000 tot einde September 2000 het ek begin met 'n proses om met individuele gemeenskapslede formele gesprekke te voer. Sodoende is gepoog om gemeenskapslede as individue aan die totale proses van deelnemende-aksienavorsing te laat deelneem. Gemeenskapslede is in samewerking met ds. C op doelbewuste wyse geselekteer. Daar is gepoog om individue uit die verskillende segmente van die gemeenskap te betrek. Verder het ek ook individue betrek wat redelik goed aan my bekend is en met wie ek 'n vertrouensverhouding handhaaf.

Soos reeds genoem is die woonbuurt, Poding-Tse-Rolo meer doelgerig sedert die begin van 2000 betree. Dit het gebeur by wyse van dienslewering deur twee van die studente op individuele en gesinsvlak. Op 29 Februarie 2000 is die gemeenskapslede van dié woonbuurt by 'n werkseminaar betrek, soortgelyk aan wat die vorige jaar in Bergmanshoogte gehou is. Dieselfde kollega wat in laasgenoemde woonbuurt die seminaar aangebied het, het dit ook in Poding-Tse-Rolo gedoen. Op die wyse is daar gepoog om aan dié seminaar dieselfde status te verleen as die een wat in Bergmanshoogte aangebied is. Die werkseminaar is in die skoolsaal van die plaaslike laer skool gehou aangesien dit

maklik bereikbaar is vir die gemeenskap en ook ten opsigte van politieke en godsdiensaffiliasies neutraal is. Die seminaar is deur ongeveer 200 mense bygewoon. Gemeenskapslede kon tydens die seminaar hulle narratiewe in hulle moedertaal deel aangesien hulle in al die tale (Afrikaans, Engels, Sotho en Xhosa) wat deur die gemeenskap gebruik word, kon kommunikeer. Dit is moontlik gemaak deur die Sotho- en Xhosasprekende studente wat met die aanbieding van die seminaar behulpsaam was.

Aan die begin van Mei 2000 het 'n verdere betekenisvolle aksie plaasgevind wat die betreding van die gemeenskap bevorder het. Die borgwerwers en die hoof van hulpbronbestuur van die UOVS het die gemeenskap besoek en met verteenwoordigers van die verskillende groepe in die gemeenskap in gesprek getree. Sodoende kon die gemeenskap ook aan buitestaanders hulle narratiewe deel. 'n Soortgelyke besoek het aan die einde van Junie 2000 plaasgevind toe 'n professor in Etniese Studies van die State University of San Francisco die gemeenskap besoek het. Tydens haar besoek het lede van die verskillende segmente in die gemeenskap met haar in gesprek getree. Dit het, onder andere, daartoe gelei dat sy met lede van die VIGS-voorkomingsgroep ooreengekom het om bepaalde inligting aan hulle te verskaf. Sy het ook gemeld dat sy pogings sou aanwend om sekere medikasie as skenking vir hulle in die VSA te bekom.

Na afloop van 20 maande het ons daarin geslaag om verskillende segmente van die gemeenskap te betree, maar dit is 'n proses wat nog nie voltooi is nie en waarskynlik nog 'n geruime tyd sal duur. Die volgorde wat dié proses aangeneem het, is bepaal deur die gereedheid en openheid van die verskillende segmente van die gemeenskap. Sodanige proses is onvoorspelbaar en ontwikkel spontaan. Dit is moeilik om te bepaal watter faktore almal 'n rol in die verband speel. Dit blyk dat die betreding van die gemeenskap sodanig gevorder het dat verdere momente van die proses van deelnemende-aksienavorsing kon realiseer.

[5]*Alhoewel ek gemeen het dat die blanke Afrikaanssprekende segment van die gemeenskap die maklikste en vinnigste betree gaan word, was dit nie die tendens nie. Met die gemeenskap van Bergmanshoogte kon ek en die studente baie gou 'n vertrouensituasie*

[5] Telkens word my eie interpretasie of die betekenis wat ek aan gebeure gee in die kursief gedrukte gedeeltes weergegee.

bereik en gevolglik het die betreding van dié gemeenskap redelik maklik plaasgevind. Die situasie is waarskynlik in die hand gewerk deur ons verbintenis met die leraar van die VGK wat as skakelpersoon tussen ons en haar gemeentelede kon optree. Verder is die indruk ook verkry dat die Afrikaanssprekende blanke gemeenskap aanvanklik gemeen het dat ons hoofsaaklik ten doel het om in die gemeenskappe van Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo te werk. Die feit dat die leraar van die VGK as ons skakelpersoon aangewys is, kon verder tot die siening bygedra het. Tans is my ervaring egter dat die totale gemeenskap 'n groeiende vertroue in ons ontwikkel en algaande meer betrokke raak by die totale ontwikkelingsaksie. Ek ervaar ook dat daar steeds baie versigtig te werk gegaan moet word om alle segmente van die gemeenskap se vertroue te behou. Dit hou, onder andere, in dat al die groeperinge van die gemeenskap op gelyke vlak by die totale ontwikkelingsinisiatief betrek word. Ek en die studente moet verder ook versigtig wees dat ons nie net met sekere groeperings van die gemeenskap ge-assosieer word nie. Dit kan 'n persepsie laat ontwikkel dat ons nie onpartydig tot alle groepe staan nie of dat ons sekere mense bevoordeel.

8.6.2 Storievertelling / eksplorering van die gemeenskap se werklikheid of narratiewe

Storievertelling deur die gemeenskap het op die volgende wyses plaasgevind:

- formele geleenthede soos werkseminare en/of vergaderings waartydens daar aan die teenwoordigers spesifiek leiding gegee is in die mededeling van hulle narratiewe; (vgl.8.6.2.1, 8.6.2.2 & 8.6.2.3.)
- formele gespreksgeleenthede wat per afspraak met groter groepe gereël is en waartydens die teenwoordigers ongebonde en ongestruktureerd hulle werklikhede kon skets asook die besondere betekenis wat hulle daaraan heg; (vgl. 8.6.2.8 & 8.6.2.9.)
- formele gespreksgeleenthede met individue waartydens daar op semi-gestruktureerde wyse leiding aan die bespreking gegee is; (vgl. 8.6.2.10.)
- spontane informele gesprekke met kleiner groepe en individue waartydens narratiewe spontaan en ongebonde gedeel is. (Vgl. 8.6.1.)

Deur aan die gemeenskap op verskillende wyses die geleentheid te bied om hulle narratiewe te deel, het die werkswyses van die narratiewe metode en deelnemende-aksienavorsing ineen gevloei. Daar is nie net inligting bekom nie, maar die deelnemers het

begin deel word van 'n proses wat kan uitloop op die herskryf van stories, wat manifesteer in aksies, wat volg met ontwikkelingsinisiatiewe as resultaat.

Die verskillende gespreksgeleenthede waaraan gemeenskapslede deelgeneem het, het elkeen sy unieke verloop gehad volgens die uniekheid van die besondere groep deelnemers en die wyse waarop die fasiliteerder die proses gerig het. Soms het groepe baie spontaan hulle storie gedeel, byvoorbeeld die sessies met die onderwysers. Ander groepe moes aangemoedig word en gelei word om by hulle werklikheid betrokke te raak en dit met mekaar te deel. In sodanige situasies het die fasiliteerders spesifieke vrae benut om die vertelling aan te moedig. So het ek, byvoorbeeld, aan die plaaswerkers en individue gevra om:

- eerstens te verduidelik wie hulle is of hoe hulle hulle gemeenskap sal beskryf,
- tweedens is aan die deelnemers die geleentheid gegee om hulle droom wat hulle vir hulle gemeenskap het, uit te spel,
- daarna kon hulle aandui hoe die droom bereik kan word en watter faktore hulle meen die bereiking van die droom kan saboteer.

Met bogenoemde vrae is gepoog om die deelnemers die geleentheid te gee om spontaan en ongebonde aan hulle idees uiting te gee. Daar is verder gepoog om hulle te stimuleer om wyer te dink en die moontlikheid dat hulle situasie kan verander, in te sien. Alles hoef dus nie te bly soos wat dit is nie – hulle sou self 'n proses van verandering kan inisieer.

Vervolgens word die wyse van deelname aangedui asook die narratiewe wat gedeel is. Telkens gee ek in die kursief gedrukte gedeeltes 'n aanduiding van my eie betekenisgewing wat ek aan die verskillende gebeure en vertellings heg. Sodoende word my rol as navorser en gemeenskapsontwikkelaar in die konstruering van werklikhede in die gemeenskap verreken.

8.6.2.1 Eerste vergadering met gemeenskapslede van Philippolis – 17 Desember 1998

Tydens dié vergadering het die gemeenskapslede genoem dat die volgende probleme in die gemeenskap ervaar word;

- Drank- en dwelmmisbruik veral deur die jeugdiges en selfs kinders van Bergmanshoogte. Verskeie sjebiens word bedryf ten einde 'n inkomste te bekom. Die jeugdiges help by die sjebiens en word dan met drank betaal.
- Veral die laerskoolkinders wat vanaf die omliggende plase kom, ervaar behuisingsnood. Hierdie kinders bly by famile of bekendes en word dikwels swak versorg en beheer. Die gevolg is dat van hulle gedragsprobleme openbaar.
- Diefstal en inbrake deur kinders en jeugdiges.
- Werkloosheid en armoede.
- VIGS en ander geslagsoordraagbare siektes.

Volgens die aanwesiges by die vergadering word die volgende dienste wel in die gemeenskap gelewer en sou verder uitgebrei en aangevul kon word.

- Statutêre dienste word hoofsaaklik deur die Departement van Welsyn gelewer.
- Groepwerk word met 'n groepie jeugdiges deur die maatskaplike werker van bogenoemde departement gedoen.
- Gemeenskapsprojekte wat deur die maatskaplike werker van die Departement van Welsyn geloods word in die gemeenskap van Poding-Tse-Rolo, is, onder andere, 'n hoender- en naaldwerkprojek en 'n bakkery.
- 'n Aantal vroue van Bergmanshoogte bedryf 'n sopkombuis.

Die meerendeels formele leiers van Philippolis het in hulle aanduiding van behoeftes wat ervaar word hoofsaaklik op die gemeenskap van Bergmanshoogte gefokus. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar by die betrokke vergadering nie verteenwoordigers van die gemeenskap van Poding-Tse-Rolo was nie. Alhoewel die Philippolis dorpsgebied wel deur die leraar van die NGK en die plaaslike geneesheer verteenwoordig was, het hulle op die stadium nie behoeftes in dié segment van die gemeenskap geïdentifiseer nie. Ek het besef dat veel meer gemeenskapslede by die vertelling van die gemeenskap se narratiewe betrokke moet raak ten einde werklik die proses van ontwikkeling te laat realiseer. Dit sou ook die natuurlike verdere verloop van deelnemende-aksienavorsing wees om 'n steeds groeiende getal deelnemers te betrek. (Vgl. 8.4.2.)

Ek het ervaar dat die verteenwoordigers van die gemeenskap ernstig bekommerd is oor probleme wat in die gemeenskap voorkom en waarvoor hulle nie raad het nie. Die fokus het hoofsaaklik op die gemeenskap van Bergmanshoogte geval. Verder was dit ook duidelik dat hulle met verwagting die versoek aan ons rig. Ek het toenemend besef dat ek 'n sterk aanspraak beleef en sover moontlik sal poog om wel by die gemeenskap betrokke te raak. Die gemeenskap bied egter ook 'n besondere uitdaging vir navorsing en gemeenskapsontwikkeling. Aangesien ek vroeër as kind in die gemeenskap gebly het, was dit vir my 'n bekende en toeganklike groep mense. Verder het ek dit ook as geleentheid gesien om na al die jare weer by die gemeenskap van Philippolis betrokke te raak.

8.6.2.2 Werkseminaar te Bergmanshoogte - 16/4/99

Die werkseminaar is deur 50 mense bygewoon waarvan die meeste, naamlik 42, vroue was. Daar was verteenwoordigers van alle volwasse ouderdomsgroepe. Aangesien die seminaar tydens skooltyd plaasgevind het, was daar relatief min jeugdiges en geen kleiner kinders.

Tydens die bespreking is die gesprek deels gestruktureer tot die volgende oorhoofse temas:

Agtergrond van die gemeenskap

Die teenwoordiges het te kenne gegee dat die geografiese ligging van die gemeenskap sy ontstaan gehad het in 1975 toe 56 huise in die woongebied gebou is met die spesifieke doel dat die Kleurlinggemeenskap daar gevestig moet word. Voorheen het die Kleurlingmense ook in Poding-Tse-Rolo gewoon. Sedert die aanbouing van die eerste 50 huise is 'n verdere 50 huise gebou. In 1979 is die huidige kerkgebou van die VGK voltooi. Dan is daar ook 'n gemeenskapsaal gebou wat tans deels vir 'n kleuterskool gebruik word. Die teenwoordiges was dit egter eens dat die saal hoegenaamd nie geskik is om die kleuters te huisves nie, onder andere, omdat die saal te groot, koud en ondoeltreffend is. Vanweë die feit dat die saal nie oor 'n plafon beskik nie is die akoestiek baie swak en is dit moeilik om mekaar te hoor. Die saal word egter wel vir ander aktiwiteite soos vergaderings en sosiale geleenthede gebruik. Vroeër het die Departement van Gesondheid op sekere dae 'n kliniek in die saal aangebied, maar met die sentraliseer van dienste is die kliniek na die dorpsgebied verskuif. Die bejaardes meld dat dit baie ongerieflik is, want nou moet hulle ver stap om by die kliniek te kom. Dit is vir hulle 'n groot probleem.

Die laer skool in die gemeenskap is in 1980 opgerig en akkommodeer volgens die teenwoordiges tans 464 kinders. Hoërskoolkinders gaan in die voorheen blanke skool in die middel van die dorpsgebied skool.

Die gemeenskap beskik nie juis oor sportgronde nie. Daar is slegs 'n oop stuk grond wat as sokkerveld benut word. Die deelnemers is dit eens dat daar geen ontspanningsgeriewe is nie.

Verder is gemeld dat daar wel private en openbare telefone in die gebied beskikbaar is.

Een van die gemeenskapsleiers het genoem dat daar tydens die laaste verkiesing, 650 stemgeregtigde persone in die gemeenskap was. Die deelnemers meen verder dat daar 'n groot hoeveelheid jeugdiges in die gemeenskap is en dat die bejaardes die kleinste groep vorm.

Drome van die gemeenskap

Op die vraag wat die deelnemers vir hulle gemeenskap droom of wat hulle wens moet gebeur, is die volgende sake genoem:

- huise vir almal
- werk vir almal
- 'n kliniek met beddens
- 'n speelparkie in die gemeenskap
- poskantoor of mobiele poskantoor wat die gebied gereeld besoek
- kleuterskool met goed toegeruste geboue
- versorgingsoord vir bejaardes
- biblioteek
- bakkery en winkel
- bome om die gemeenskap te versier
- 'n vulstasie, ontspanningsgeriewe wat insluit tennis-en rolbalbane, rugby- en krieketveld en 'n swembad. Daar moet ook kleedkamers (toilette) en 'n pawiljoen wees.
- koshuis vir plaaskinders
- teerstrate

- nagklub
- polisiestasie

Vervolgens het die deelnemers belangegroepe geïdentifiseer wat in kleiner groepe die gesprek kon voortsit.

Belangegroepe en hulle besondere behoeftes

Die volgende belangegroepe is geïdentifiseer en kon in kleiner groepe hulle besondere behoeftes verder uitspel.

Bejaardes

Die bejaardes het die volgende behoeftes uitgespel:

- Voeding is onvoldoende – daar is bejaardes wat nie genoeg kos het nie en ander wat swak gehalte kos eet.
- Ten opsigte van hulle gesondheid word hulle nie voldoende versorg nie.
- Daar is nie genoeg waarmee die bejaardes hulle besig hou nie. Hulle sit die hele dag en niksdoen nie en kry sodoende ook nie genoeg oefening nie. Dit benadeel weer hulle gesondheid.
- Dikwels sukkel bejaardes met pensioenaansoeke.
- Baie van die bejaardes se kinders neem hulle geld of die kinders dwing hulle om vir hulle te sorg.
- In baie gevalle woon die bejaardes by hulle kinders omdat daar nie ander behuisingsmoontlikhede is nie. In sulke gevalle word die bejaardes heel dikwels deur die kinders misbruik.
- Omdat die bejaardes so min geld het, kan hulle nie elektrisiteit vir die hele maand bekostig nie.

Kleuters

Die ouers met kleuters en persone wat hierby belang het, het die volgende behoeftes aangedui:

- Ouers het nie geld om hulle kinders na die kleuterskool te stuur nie. Dit gee daartoe aanleiding dat daar baie kinders is wat nie kleuterskool toe gaan nie. Die onderwyseres word ook baie min betaal.

- Die gebou waar die kleuterskool is, is nie geskik nie. Daar moet beter geriewe vir die kleuterskool kom. Die swak omstandighede gee aanleiding tot siektes by die kinders.
- Die onderwyseres kan gehelp word met verdere opleiding.
- Daar is 'n behoefte aan geskikte toilette en 'n speelparkie vir die kleuters.

Vroue

Die vroue het hulle ook as 'n groep met eiesoortige behoeftes beskou en soos volg dit gestel:

- Werkloosheid en ledigheid. Daar is behoefte aan aktiwiteite wat hulle kan besighou (rekreasie).
- Leiding ten opsigte van die wyse om hulle kinders op te voed sal ook baie kan help.
- Hulle het ook nie genoeg kennis oor gesondheidsake nie.
- Hulle beskik nie oor voldoende inligting aangaande gesinsbeplanning nie.
- Daar bestaan ook 'n behoefte aan opleiding met betrekking tot gesonde voeding.

Jeugdiges

Die enkele jeugdiges wat teenwoordig was, het die volgende aspekte aangedui as behoeftes wat hulle ervaar:

- Kennis met betrekking tot VIGS en die voorkoming daarvan.
- Baie tienermeisies word swanger en daar moet iets aan gedoen word.
- Ledigheid is 'n groot probleem.
- Drankmisbruik en misdaad is verdere probleme.
- Jeugdiges wat hulle ouers se gesag verwerp is ook 'n groot probleem.
- Te veel jeugdiges woon die skool baie ongereeld by.
- Daar is geen geleentheid om jou talente te ontwikkel nie.
- Baie jeugdiges sukkel met huislike probleme.
- Werkloosheid by jeugdiges is ook 'n probleem.
- Daar is nie genoeg geld om na skool verder te studeer nie.

Werkloses

'n Groep deelnemers wat werkloos is, het gevoel dat dit ook een van die belangegroepe moes wees en het as sodanig die volgende behoeftes onder die aandag gebring:

- Daar is nie geld om kos te koop of dienstegelde te betaal nie.
- Verder is daar ook nie geld om vir die versorging van die kinders te betaal nie. Daar is nie geld om vir die skool of kleuterskool te betaal nie.
- Omdat daar nie geld is om kos te koop nie vind ondervoeding plaas.
- Misdaad vind ook plaas as gevolg van werkloosheid.

Benewens die behoeftes wat binne die konteks van bogenoemde belangegroepe uitgespreek is, het die deelnemers ook die volgende sake onder aandag gebring:

- Drankmisbruik is 'n groot probleem in die gemeenskap.
- Daar is 'n behoefte aan maatskaplike dienslewering veral ten opsigte van gesinsaangeleenthede
- Die gebrek aan ontspannings- en sportgeriewe is 'n uiters belangrike behoefte van die gemeenskap.

Hulpbronne en kragte in die gemeenskap

Deelnemers het die geleentheid gekry om te gesels oor hulpbronne in die gemeenskap en besondere kragte wat sou kon bydra om die drome wat hulle vir die gemeenskap het, waar te maak en aksies te neem om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Die volgende kragte is deur die gemeenskap geïdentifiseer:

- Die vroue van die gemeenskap is as 'n besondere krag uitgewys. Hulle is die mense wat dinge gedoen kry en op wie staat gemaak kan word. Dit is veral ook die vroue wat die ontwikkeling van hulle gemeenskap nastreef.

Hulpbronne wat aangedui is, het veral betrekking op die infra-struktuur van die groter gemeenskap, soos die kliniek, skole, sportgronde, elektrisiteit, water, paaie, besighede, geboue, rioolwerke, telefone, polisie, en dan is die mense, en veral die vroue- en bejaardeklub, as besondere kragte beskryf.

Faktore wat die bereiking van die gemeenskap se droom kan belemmer

Deelnemers het die geleentheid gekry om faktore te identifiseer wat die bereiking van hulle droom vir die gemeenskap in die wiele kan ry. Die volgende aspekte is aangedui:

- Mense meng te veel by mekaar in.
- 'n Gebrek aan motivering.

- Swak interne kommunikasie wat lei tot misverstande.
- Leiers staan soms nie saam nie en werk teen mekaar.
- Daar is te min sterk leiers in die gemeenskap.
- Mense dink net aan hulle self en sal, byvoorbeeld, nie vrywillig help om 'n kleuterskool te bou nie, maar sal daarvoor vergoed wil word.

Die seminaar het aan die gemeenskapslede die geleentheid gebied om 'n interaksieproses te begin wat die potensiaal het om narratiewe meer omvattend uit te spel en nuwe verhale te ontwikkel wat die ontwikkeling van die gemeenskap tot gevolg kan hê. Dit is dus belangrik dat die gesprek voortgesit sal word.

Tydens die aanvang van die sessie was dit amper asof die deelnemers nie kan glo dat daar buitestaanders is wat in hulle gemeenskap se wel en weë belangstel nie. Geleidelik het hulle meer spontaan aan die aksies deelgeneem. Alhoewel die behoeftes wat uitgespel is ernstig is, en dit moeilik is om oplossings te vind, was ek tog opgewonde oor die gemeenskapslede se betrokkendheid, openheid en waardering teenoor my en die studente. Vir my was dit 'n besondere deurbraak in die betreding van die gemeenskap.

8.6.2.3 Werkseminaar te Poding-Tse-Rolo – 29 Februarie 2000

Soos in die geval van die werkseminaar in Bergmanshoogte is daar begin deur aan die deelnemers die geleentheid te gee om kortliks die agtergrond van die gemeenskap te skets. Daarna is bepaalde knelpunte wat ervaar word geopper, die hulpbronne in die gemeenskap is geïdentifiseer, sterktes en swakhede in die gemeenskap is aangedui. Weens die gebruik van meer as een taal, moes die studente help om te tolk. Ten einde die gesprek so vlot as moontlik te laat verloop en nie die deelnemers onnodig te strem met 'n volledige vertaling van alles wat gesê word nie, is slegs die hoofmomente getolk. Die gevolg was dus dat die gesprek nie volledig gedokumenteer kon word nie en mededelings is slegs kernagtig aangeteken. Alhoewel die interaksieproses aan deelnemers die geleentheid gebied het om vrylik uitdrukking aan hulle werklikheid te gee, was dit nie vir my en my kollega moontlik om gesprekke volledig te volg nie.

Agtergrond van die gemeenskap

Die gemeenskap het geleidelik begin vorm aanneem. Eers is die ou lokasie gebou en later die nuwe huise. Daar was eers nie elektrisiteit nie, maar nou is daar. Daar is kerke en skole gebou.

Spesifieke probleme

- Gesondheidsprobleme en higiëne
- Te min straatligte
- Werkloosheid
- Misbruik van fondse wat vir projekte gegee is
- Gebrek aan markte
- Gebrek aan opleiding
- Gebrek aan sport- en ontspanningsgeriewe
- Nie geld om titelregistrasies te betaal nie
- Nie raadgewers nie
- Gebrekkige kommunikasie tussen die stadsraad en die gemeenskap
- Behoefte aan ouderdomspensioene
- Gebrek aan media, byvoorbeeld nuusblaaie en radiostasies
- Tiener-swangerskappe
- Kinderverwaarlosing
- Gebrekkige taakuitvoering van die polisie
- Vroue- en kindermishandeling
- Gebrekkige ouderdomsbeheer by die tavernes

Hulpbronne

- Kliniek
- Poskantoor
- Bank
- Skole
- Landdroskantoor
- Polisiekantoor
- Vulstasie
- Kerke

- Sale
- Bakkery
- Naaldwerkprojek
- Hoenderboerdery
- Sportgronde
- Hotel
- Winkels
- Oefenbaan
- Verkeersdepartement
- Maatskaplike Werkers
- Vigs-ondersteuningsgroep
- Crèche en kleuterskool
- Telefone
- Munisipaliteit
- Water en elektrisiteit
- Vervoer
- Sportklubs
- Kore
- Polisieforum

Sterktes in die gemeenskap

- Polisieforum
- Landdroshof
- Onderwysers
- Munisipaliteit
- Predikante

Swakhede

- Vergaderings word swak bygewoon
- Gebrekkige sport- en rekreasiefasiliteite
- Te min polisievroue
- Gebrekkige verhouding tussen die stadsraad en die gemeenskap
- Onbetrokkenheid van ouers by hulle kinders

- Gebrek aan goeie rolmodelle
- Alkoholisme
- Segregrasie

Teikengroepe

- Vroue wat werkloos is
- Bejaardes
- Enkelouers
- Jeug
- VIGS-slagoffers
- Gestremdes
- Kankerpasiënte
- Mense met spesifieke mediese probleme
- Mense met 'n verslawingsprobleem
- Weeskinders
- Voorskoolse kinders
- Werkloses
- Sportmense

Moontlike projekte

- Breiwerk
- Skoonheidsalon
- Sweisprojek
- Droogskoonmakers
- Steenmakery
- Houtwerk
- Rekenaaropleiding
- Bestuurskool
- Begrafnisonderneming
- Skoene herstel
- Paramediese opleiding
- Maak van sappe
- Gimnasium

Alhoewel ek as gevolg van die taalverskille nie deurgaans die gesprek woordeliks kon volg nie, kon ek egter wel ervaar dat die deelnemers gretig was om oor hulle gemeenskap en besondere omstandighede te gesels. Die teenwoordigheid van die twee studente wat met die deelnemers in hulle onderskeie moedertale kon kommunikeer, het aan my die belewenis gegee dat hulle as't ware my voertuig is om dié segment van die gemeenskap te betree. Alhoewel ek nie so naby aan dié deel van die gemeenskap op die stadium gevoel het nie, het ek wel ervaar dat daar aanvaarding en waardering vir my en veral die studente se werksaamhede in die betrokke woongebied is.

8.6.2.4 Skoolsessies

Na aanleiding van 'n versoek van die skool by name van een van die departmentshoofde, is 'n groepsgesprek met die personeel[6] van die hoër skool gereël. Die betrokke departemenshoof het genoem dat die onderwysers na die skielike aftrede van die skoolhoof ontredderd is en dat hulle dit baie moeilik vind om, byvoorbeeld, dissipline te handhaaf. Tydens 'n gesprek met die personeel van die skool is daar op ongestruktureerde wyse aan die deelnemers geleentheid gegee om hulle ervaring van die werklikheid vrylik te deel en sodoende hulle storie te vertel.

Verloop van die eerste sessie by die Hoërskool Philippolis – 20 Augustus 1999

Tydens die vertelling van hulle storie het die volgende temas as deel van die dominante storie na vore getree.

- Daar is nie dissipline nie. Die kinders daag outoriteit/gesag uit. Nadat mnr J (skoolhoof) afgetree het, is daar nie meer iemand vir wie die kinders ontsag het nie. Hulle maak net wat hulle wil.
- "Learning culture collapse". Die kinders is glad nie gemotiveer om te leer nie. Hulle is sonder motivering en stel nie belang om gereeld skool te gaan of hulle huiswerk te doen nie. Hulle woon skool swak by of gaan sommer gedurende die dag huis toe.
- Huislike omstandighede is swak en die taak van die ouer moet deur die onderwyser nagekom word. Sommige kinders se ouers stel glad nie belang in hulle kinders nie. Ander se omstandighede is so swak, hulle het nie genoeg kos nie en die huisvesting is ook swak.

[6] Die personeel by dié skool bestaan uit blanke en swart personeellede.

- Frustrasie. Die hele situasie bring geweldige frustrasie. "Ek is nou al moeg om alles net van my kant af te doen en niks verbeter nie. Dit demp ons motivering. Die swak skoolbywoning van kinders en onderwysers lei tot 'n bose kringloop. Dit help nie ons probeer die kinders motiveer om skool by te woon nie en dan bly die onderwysers sommer net weg nie".
- Druk en dreigemente van die owerheid lei tot onsekerheid, onveiligheid, bedreigdheid, magteloosheid, en laat voel 'n mens afgesluit; ons kry geen ondersteuning nie.

Tydens die vertellings het die deelnemers redelik vrymoedig aan hulle emosies uiting gegee. Dit was duidelik dat hulle 'n behoefte het om hulle werklikheid te deel en die betekenisse wat hulle daaraan heg duidelik uit te spel. Hulle het geleidelik spontaan oorgegaan om die dominante storie te eksternaliseer. Ek was geraak deur die wyse waarop die onderwysers met toewyding poog om onder baie moeilike omstandighede hulle beste te lewer. Ek het in gedagte gehou dat die meerderheid van die onderwysers tot 1994 vir blanke kinders skoolgehou het en net Afrikaans as voertaal gebruik het. Sedertdien is besondere eise aan hulle gestel om in 'n multi-kulturele milieu met hulle onderwystaak voort te gaan.

Skoolsessie laer skool in Bergmanshoogte – 7 Desember 1999

Tydens die gespreksgeleentheid met die personeel[7] van dié laer skool het die volgende sake na vore gekom:

- Kinders is rebels, soos blyk uit hulle dissipline en dit is veral te wyte aan die invloede van die groter kinders in die gemeenskap en "buite" kinders.
- Daar is nie 'n leerkultuur nie, soos blyk uit die ongemotiveerde wyse waarop hulle hulle huiswerk doen.
- Kinders kry ook nie werklik ondersteuning van hulle ouers nie. Die vaders is veral onbetrokke. Daar is nie 'n behoorlike gesagstruktuur in die gesinne nie.
- Daar is 'n gebrek aan visie. Dit is asof die kinders nie 'n toekomsvisie het wat hulle motiveer nie. Hulle redeneer dat die groter kinders wat hulle skoolloopbane voltooi het nie werk kry nie en ook nie geld het om verder te gaan studeer nie. Waarom moet hulle dus leer.

[7] Die personeel by dié skool bestaan uit Kleurling en blanke personeellede.

- Kinders glo nie in hulleself nie en hulle ervaar waarskynlik dat niemand in hulle glo nie.
- Baie kinders kom uit moeilike gesinsomstandighede. Daar is soveel probleme by die huise dat die kinders nie op hulle skoolwerk kan konsentreer nie. Van hulle kry ook nie genoeg kos om te eet nie.
- Die swak ekonomie het tot gevolg dat baie kinders se ouers werkloos is en nie oor 'n inkomste beskik nie. Hulle word nie behoorlik versorg nie en daar is niks wat hulle motiveer nie.
- Drankmisbruik deur ouers en soms ook deur die kinders, het tot gevolg dat daar nie behoorlike dissipline is nie. Die kinders woon dan ongereeld skool by en hulle word nie behoorlik versorg nie. Dit gee ook dikwels aanleiding tot bakleiery.
- Die sedelik-morele lewe van die gesinne is baie negatief. Ouers handhaaf dubbele standaarde. Hulle sê vir kinders die een ding, maar dan doen hulle die ander. Hulle stel nie 'n voorbeeld aan die kinders nie.
- Groot klasse is moeilik. Dit is moeilik om individuele aandag aan die kinders te gee as die klasse so groot is.
- Intimidasie vind ook plaas. Dikwels gebeur dit dat groter kinders die kleiner kinders beïnvloed om nie skool te gaan nie en saam kwaad te doen – selfs om misdaad te pleeg, soos om te steel.

Nadat die deelnemers redelik spontaan hulle ervaring van hulle werklikheid met betrekking tot die omstandighede by die skool gedeel het, het hulle tot fasette van eksternalisering oorgegaan deur te fokus op die invloed wat hulle omstandighede op hulle het. Die spontaneïteit waarmee die onderwysers aan die bespreking deelgeneem het, was vir my 'n aanduiding dat hulle my vertrou en dat hulle bereid is om onderling teenoor mekaar vrymoedig hulle ervarings en idees te deel. Dit is egter jammer dat die skoolhoof op 'n stadium die proses ietwat gedemp het toe hy opgemerk het dat alles darem nie net negatief is nie. Te midde hiervan het die groep egter vryelik by moontlike nuwe temas uitgekom wat minder probleemgedomineerd was.

8.6.2.5 Vergadering van professionele persone – 26 Augustus 1999

Na aanleiding van informele samesprekings tussen my, ds C, die voorsitter en 'n bestuurslid van die plaaslike ANC-tak, is 'n formele gespreksgeleentheid gereël waarheen

verskillende professionele persone uitgenooi is ten einde die ontwikkelingsinisiatief vir die totale gemeenskap verder te bespreek. Die doel met die gesprek is om professionele persone by die ontwikkelingsinisiatief te betrek en om te bepaal hoe die res van die gemeenskap betrek kan word sodat elke gemeenskapslid die geleentheid tot deelname kan hê.

Die groep se deelname het begin met 'n gesprek oor die drome of ideale wat die groep vir die totale gemeenskap het. Die volgende aspekte het na vore getree:

Drome/ideale

- Die gemeenskap moet bemagtig word.
- Daar moet pogings aangewend word om armoede te bekamp.
- Misdaad moet gestop word.
- Daar moet aan die jeug 'n visie gegee word om voor te leef.
- Beter onderlinge skakeling, begrip en respek tussen die verskillende groepe in die gemeenskap moet realiseer.
- Bevordering van die gesinslewe en die kweek van respek by kinders en jeugdiges vir gesagsfigure, byvoorbeeld hulle ouers.
- Ontsluiting van menslike potensiaal deur, byvoorbeeld, entrepreneurskap te bevorder.
- Aanbieding van sport- en ontspanningsaktiwiteite om dwelm- en drankmisbruik teen te werk.
- Die probleem van VIGS moet hanteer word.
- Daar moet omgesien word na die gestremdes en agtergeblewenes.

Moontlike wyses waarop die drome kan realiseer

- Die groep het besef dat die inisiatief alleen kan realiseer indien die totale gemeenskap daaraan deelneem. Die groep het die volgende belangegroepe geïdentifseer om deel te neem aan die verdere proses van deelnemende-aksienavorsing: bejaardes, jeug, mense met HIV, vroue, mans, ontluikende entrepreneurs, boere, plaaswerkers, onderwysers en jonger kinders.
- Gemeenskapsvergaderings kan benut word om die groepe te betrek en die gesprek met die verskillende groepe verder te voer.

Alhoewel die deelnemers gepoog het om op die belange van die gemeenskap te fokus, is die aanvoeling gekry dat daar tog onderlinge spanning tussen sommige van hulle was, waarskynlik weens verskillende politieke sentimente. Die voorsitter van die ANC het, byvoorbeeld, baie prominent tydens die bespreking na vore getree terwyl sommige ander weer versigtig hulle mening gewaag het in 'n poging om nie aanstoot te gee nie. Dit was nie deurgaans duidelik of almal teenwoordig werklik die belange van die gemeenskap op die hart dra nie en of dit nie eerder oor die belange van die groep gaan wat hulle verteenwoordig nie. Weens die sterk politieke betrokkendheid op die vergadering het ek die indruk gekry dat die groep net deels die professionele persone van die gemeenskap verteenwoordig.

8.6.2.6 Werksessie met bejaardes in die blanke woongebied – 17 September 1999

Tydens 'n teegeleentheid waarheen al die bejaardes van die oorwegend blanke woongebied uitgenooi is, is daar met hulle gesprek gevoer oor die "DROOM" wat hulle vir hulle dorp en gemeenskap het. Die volgende items is genoem:

- 'n Bekostigbare versorgingsentrum vir bejaardes.
- 'n Netjiese dorp waar toesig gehou word dat rommel nie gestrooi word nie.
- Gereelde sosiale byeenkomste vir bejaardes, byvoorbeeld 'n kuierhoekie.
- Die talente van bejaardes moet herontdek en gebruik word.
- Vervoer veral vir die diegene wat Bloemfontein toe moet gaan.
- Gereelde onderlinge kommunikasie. Daar kan meer onderlinge skakeling tussen die bejaardes plaasvind.
- Mediese sorg wat vir almal beskikbaar en bereikbaar is. Die kliniek is nie vir almal bereikbaar nie en daar moet so lank gewag word voordat jy gehelp word omdat daar so baie mense is wat wag om gehelp te word.
- 'n Eteklub waar bejaardes sekere dae van die week 'n ete kan bekom. Dit kan selfs by die bejaardes afgelewer word.
- Noodmaatrëels moet geskep word, byvoorbeeld in die nag in geval van siekte en aanvalle. Daar moet 'n stelsel ontwikkel word sodat die bejaardes maklik hulp kan ontbied indien dit benodig word.

Die groep bejaardes besluit dat 'n komitee aangewys moet word om aan bogenoemde sake aandag te gee. 'n Komitee van vyf lede word verkies.

Die meerderheid van die bejaardes was aan my goed bekend uit my vorige verblyf in Philippolis, en dit het daartoe bygedra dat ek gemaklik met hulle kon kommunikeer in 'n vertrouensituasie. Tydens die bespreking het ek die indruk gekry dat 'n sekere groep van die bejaardes besondere behoeftes ten opsigte van, byvoorbeeld, vervoer en veiligheid ervaar, terwyl dit vir die ander nie so relevant is nie. Ongelukkig is die komitee wat aangewys is, merendeels verteenwoordigend van dié bejaardes wat nie sulke knellende behoeftes ervaar nie. Dit kan tot gevolg hê dat daar nie met die nodige entoesiasme tot bepaalde aksies oorgegaan word nie.

8.6.2.7 Werksessie met werkloses van Bergmanshoogte -11 Oktober 1999.

Ses en twintig werkloses het 'n werksessie bygewoon waar hulle die geleentheid gekry het om hulle verhale met betrekking tot hulle werkloosheid te vertel. Die deelnemers het genoem dat hulle nie werk het nie en dat hulle ook nie 'n inkomste het nie. Hulle het genoem dat werkloosheid vir hulle baie swaar is en baie swaar laat kry. Soos wat die interaksieproses verder ontwikkel het, het eksternalisering vroeg in die vertelling van hulle verhale na vore gekom toe hulle dit gestel het dat werkloosheid soos 'n MONSTER is. Daarna kon die probleem vollediger geëksternaliseer word deur te let op die invloed wat die MONSTER op hulle totale lewe het.

Die eerlike wyse waarop die werkloses hulle situasie geskets het, het my geraak, asook die haglike omstandighede waarin hulle hulle bevind. Ek was verwonderd dat hulle te midde van geen inkomste nie tog oorleef.

8.6.2.8 Werksessie met vroue van Bergmanshoogte -1 Mei 2000

Tydens 'n vergadering van die bejaardekomitee het hulle versoek dat die vrouegroep wat saam met hulle funksioneer, die geleentheid moet kry om selfstandig as groep projekte aan te pak. Dit het daartoe gelei dat die vroue van die woonbuurt na 'n gespreksgeleentheid uitgenooi is waar hulle uitdrukking aan hulle narratiewe kon gee as eerste stap om tot latere aksie oor te gaan. Die sessie wat deur 42 vroue bygewoon is, is deur ds. C gefasiliteer. Sodoende is 'n lid van die gemeenskap op aktiewe wyse betrek by die

fasilitering van gespreksgeleenthede en die voortsetting van die navorsingsproses. Sy het soos volg terugvoering oor die sessie gegee:

Beskrywing van die self

Op die vraag hoe hulle hulleself sal beskryf, het die groep soos volg gereageer:
Ons is vroue, moeders, susters en gelowige mense. Hier is ouer en jonger vroue. Ons is die vroue van Bergmanshoogte.

Die vroue se droom vir hulle gemeenskap

Daar is aan die vroue die geleentheid gegee om te droom oor hulle gemeenskap en hierdie drome met mekaar te deel. Hulle het die volgende "drome" uitgespel:

- Ons wil graag 'n kleuterskool in ons eie gebou hê.
- Die kerk moet groter gebou word.
- As almal kan werk kry, sal dit baie help.
- Die Here moet die jongmense se lewens verander.
- Betreffende die kinders het hulle die volgende uitgespreek:
  - Die kinders moet tog iets word eendag.
  - Hulle moet iewers uitkom.
  - Die kinders moet gehoorsaam wees aan hulle ouers en onderwysers.
  - Die kinders moet gereeld skoolloop.
  - Die gemeenskap moet saamstaan om die kinders te help.
  - Almal moet hulle samewerking gee. Dit sal nie help as net party gaan probeer nie.
  - Ons moet liefdevol wees teenoor die kinders.
  - Ons moet mekaar bystaan.
  - Ons moet mekaar vertrou.
  - En mekaar respekteer.
- Ons wil graag 'n rustige gemeenskap hê. Daar moenie geweld en aanrandings wees nie. Verder moet daar ook nie bakleiery in die gesinne wees nie. Die nagte moet stil wees en daar moenie rumoer word nie.

Wyses waarop wel by die droom uitgekom kan word

Die interaksieproses is verder gerig deur aan die deelnemers geleentheid te gee om gedagtes uit te spreek met betrekking tot moontlike wyses om die droom te laat realiseer. Volgens hulle moet die volgende toegepas en uitgevoer word:

- Egte Christelikheid moet by die mense na vore kom en dit beteken dat:
  - Ons moet doen wat die Bybel sê.
  - Daar moet volgens die Tien Gebooie geleef word.
  - Ons moet toelaat dat die Heilige Gees ons lei.
  - Ons moet elke dag saam bid by die kerk en by die huis.
  - Ons moet mekaar respekteer.
  - Die mense moet binne en buite die kerk dieselfde leef.
- Ons moet nader aan mekaar leef en daarmee word bedoel dat:
  - Ons moet met mekaar ons probleme deel.
  - Ons moet mekaar help – verlore mense en jongmense moet gehelp word.
  - Die mense moet uitreik na buite – elkeen moet self kies hoe.
- Gebed is die kragtigste wapen en kan help om die droom te bereik.
- Jou lewe moet 'n brief vir Christenmense wees, jy moet eg wees.
- Jou lewe en dade moet ooreenstem.
- Die ma's is die kragstasie van die kerk.
- Dit wat jy aan iemand doen, gaan weer aan jou gedoen word – ons moenie mekaar seermaak nie.

Wat keer dat ons drome waar word

Tydens die gesprek oor faktore wat kan verhoed dat die drome waar word, is die volgende sake genoem:

- Ongeloof.
- As ons nie bid nie.
- Wanneer ons nie mekaar vertrou nie en ook nie die Here vertrou nie.
- As ons nie saamstaan nie.
- Ons is jaloers op mekaar en dit gaan maak dat die droom nie waar word nie.
- Geen samewerking onder mekaar nie gaan ook maak dat ons droom nie bereik word nie.

- Selfsugtigheid onder die mense.
- Drank is 'n groot probleem. Selfs kinders word dronk. Hulle wil nie luister nie en is ongehoorsaam.
- Twak en dagga is ook 'n probleem.
- Negatiewe groepsdruk onder kinders. Hulle is nie standvastige Christene nie.
- Ouers sukkel as daar probleme is. As die een vir die kind kant kies, sien hy dit en luister dan nie.
- Ouers praat lelik met mekaar en kinders hoor dit.
- Ouers gee nie om vir 'n ander se kind nie en praat nie met die kind nie. Hulle kla net en keer nie die kind nie. Die kind doen dan wat hy wil.
- Dit is soms moeilik om die kinders aan te praat, want hulle gebruik messe.
- Kinders respekteer nie die ouers wanneer hulle dissipline toepas nie. Die ouers word ondergrawe.
- Ouers verkoop drank aan mekaar se kinders.
- Ouers veroorsaak dat kinders die wêreld inslinger, want ouers drink en sorg nie vir die kinders nie. Die kinders is honger en dan steel hulle en drink self.
- As ouers drink, gee hulle nie aandag en liefde aan die kinders nie en dan soek hulle op die verkeerde plekke en maniere aandag, en dit lei tot swangerskappe.
- Ouers skel en is dronk en die kinders doen nie huiswerk nie. Die gevolg is dat hulle uitsak op skool.
- Die kinders kom saam op plekke waar hulle nie hoort nie.
- Ouers stuur kinders om drank en twak te koop en die kinders proe dan self.
- Ouers vra nie raad oor opvoeding nie.
- Ouers laat kinders toe om kwaad te doen. Dit is misplaaste liefde. Die kinders slaap saam, gaan nie skool toe nie en drink. Kinders word nie teruggestuur huis toe nie, maar word toegelaat om by die huise te bly waar hulle doen wat hulle wil.

Op navraag na afloop van die sessie, het ds C haar interpretasie daarvan soos volg verwoord:

- Dit is vir die vroue belangrik dat die kinders in die gemeenskap 'n goeie opvoeding moet kry en iets word wat hulleself nie kon wees nie.
- Hulle het 'n besondere behoefte om veilig te leef sonder gesinsgeweld en drankmisbruik.

- Hulle wil hê dat gemeenskapslede mekaar nie moet ondermyn nie.
- Daar het die afgelope tyd bepaalde ontwikkeling by die vroue plaasgevind, want hulle kon hulle tydens die gespreksituasie baie gemakliker verbaal uitdruk as wat voorheen die geval was. Hulle het oor hulle omstandighede gaan dink en kon meer gestruktureerd daaroor gesels. Hulle het daarin geslaag om die oorsake en gevolge van gebeure en gedragsoptredes uiteen te sit en oplossings te soek. Hulle kon ook hulle eie rol insien in die oplossing van probleme en toon bereidheid om verdere oplossings te soek.
- Konflik wat tydens die gespreksgeleentheid tussen deelnemers ontstaan het, is positief en vaardig hanteer en opgelos. Hulle slaag toenemend daarin om die probleem en persoon van mekaar te skei.

8.6.2.9 Plaassessies

Die gespreksessies met plaaswerkers is telkens begin deur 'n kort oordenking wat ds. C gelei het as deel van haar bedieningsbesoek aan die bepaalde wyk. Daarna is ek en die studente deur haar aan die deelnemers voorgestel en kon die gesprek voortgesit word met betrekking tot hulle narratiewe oor hulle besondere lewensomstandighede. Aangesien ek en die studente onbekend aan die plaaswerkers is, was dit belangrik dat ds.C wat hulle ken, ons aan die groepe bekend gestel het. Dit het hopelik 'n mate van vertroue daargestel aangesien hulle haar as leraar vertrou. Die studente was gewoonlik behulpsaam om die hoofmomente van die gesprek op die blaaibord neer te skryf. Dit was belangrik om die studente van die begin af aan die plaaswerkers voor te stel, want hulle gaan tydens opvolgaksies aktief deel hê aan die fasiliteringsprosesse.

- **Plaassessie – 28 Februarie 2000**

Plaaswerkers van vyf buurplase het die gespreksgeleentheid bygewoon. Die boer wat as gasheer opgetree het, het in sy motorhuis sitplekke aangebring sodat al die teenwoordigers redelik gerieflik kon sit tydens die sessie.

Beskrywing van hulleself

Op die vraag wat kan ek vir die mense sê wie is julle en wat kan ek vir hulle van julle vertel, het die groep soos volg gereageer:

- In ons omgewing is daar bruinmense, geelmense, witmense en swartmense.
- Hier is Kleurlinge, nie-blankes en blankes.
- Hier is goeie mense; ons is Christene.
- Party mense is nie goeie mense nie, want hulle drink, rook en vloek.

Droom vir hulleself

Na aanleiding van die uitnodiging dat die groep dit wat hulle vir hulleself en hulle mense droom, met ons moet deel, het die deelnemers soos volg gereageer:

- My kinders moet skool toe gaan, dan universiteit toe, dan moet hulle 'n goeie werk kry, dan trou.
- En kleinkinders hê. Hulle moet hulle self kan help.
- Ek bid vir die kinders dat dit goed gaan.
- Die kinders moet die Here liefhê.
- Hulle moet 'n voorbeeld stel om die ander na die Here te bring.
- Hulle moet 'n goeie lewe lei en dit beteken dat hulle
  - 'n Christelike lewe moet lei,
  - 'n goeie gesindheid sal hê,
  - mense lief sal hê,
  - goed met ander mense sal gesels,
  - kerkloop,
  - vrolik wees en
  - hulle naaste liefhê.
- Die kinders moet altyd aan die Here dink.
- Ek sal graag my eie boerdery wil hê en ek sal met beeste en skape wil boer.
- Ek sal graag klaar wil skoolgaan.
- Ek wil graag 'n polisieman word.
- Ek wil hier op die plaas werk.
- Ek sal graag met 'n vrou wil trou.
- Ek wil graag by my ouers bly.
- Ek sal graag wil piekniek hou en by die strand wees.
- Ek wil graag die Bybel lees.

Wyses waarop die droom kan realiseer

Volgens die deelnemers kan die volgende faktore bydra tot die verwesenliking van die droom:

- Bid tot die Here en vra vir hulp.
- Glo in die Here.
- Doen wat die Here wil hê ons moet doen.
- Harde werk.
- As ons geld spaar.
- Bybel koop om te lees.
- Daar moet 'n koshuis op die dorp vir die kinders kom sodat hulle kan skoolloop.
- 'n Skool op die plaas sal baie help.
- Die mense moet ophou om te drink.
- Ons moet goeie Christene wees.

Faktore wat die realisering van die droom bedreig

Die volgende sake is deur die deelnemers aangedui as faktore wat die verwesenliking van hulle droom kan verhoed:

- Sonde.
- Swak werksgeleenthede.
- Werkloosheid.
- Swak inkomste.
- Die ding dat ons nie almal kan lees en skryf nie.
- Daar is nie genoeg losiesplek in die dorp waar kinders kan bly om skool te gaan nie.
- Vervoer is nie beskikbaar nie - daar is nie geleenthede dorp toe nie.
- Dit is moeilik om vir ons mense te sorg.

My belewenis was dat die groepie plaaswerkers dit aanvanklik vreemd gevind het dat buitestaanders soveel belangstelling in hulle toon. Verder was dit ook vir hulle aanvanklik moeilik om te kan droom oor hulle toekoms. Veral die vrouens was baie skugter en skaam om aan die gesprek deel te neem. Aan die einde van die sessie was daar enkeles wat oor hulle persoonlike sake verder met my en veral ds C, gesels het. Na afloop van die sessie het ek besef dat die betrokke groepie plaaswerkers die behoefte aan verdere gesprekvoering

het en dat die wyse waarop ons in hulle belangstelling getoon het vir hulle die ervaring van respek en hoop kon beteken. Dit sou gevolglik belangrik wees dat die sessie spoedig opgevolg word, alhoewel dit prakties moeilik is.

- **Plaassessie: 6 Maart 2000**

Dié sessie is deur die werkers van vier plase bygewoon. Deelnemers kon hulle gerieflik tuismaak in een van die skure op die gasheer se plaas. Die boer se vrou het die deelnemers onthaal met koffie en toebroodjies.

Beskrywing van hulleself

Op die vraag wat kan ek vir die mense sê wie is julle en wat kan ek vir hulle van julle vertel, het die groep soos volg gereageer:

- Ons bly op 'n goeie plek - daar is ook 'n kerk.
- Hier is boere, swartmense, geelmense en Kleurlingmense.
- Ons het 'n klein dorpie. Die mense het nie geld nie ook nie die op dié plase nie.
- Hier is baie bome.
- In die wêreld sukkel ons met die droogtes.
- Ons maak goed en sleg met mekaar.
- Ons het nie genoeg geld nie.

Droom vir hulleself

Na aanleiding van die uitnodiging dat die groep dit wat hulle vir hulleself en hulle mense droom, met ons moet deel, het die deelnemers soos volg gereageer:

- Om die Here te sien.
- My kinders moet eendag geleerd wees sodat hulle my kan help as ek oud is.
- Die kinders moet skoolloop.
- Die kinders moet aangeneem word (by die kerk).
- Na skool moet my kind gaan leer en 'n dominee word.
- My kinders moet kan werk, hulle moet kan hard werk en sweet, soos ek.
- My kinders moet my waardeer.
- My kinders moet iets in die huis bring.
- My dogter moet 'n juffrou word en by die hoër skool op die dorp skoolhou.

- My kinders moet klaar leer en my kind moet 'n dominee word – die Here moet my help.
- Die kinders moet aangaan by die skool.
- Ek wil 'n lidmaat by die kerk word.
- My kinders moet gedoop word.
- Ek wil graag meer kan kerkloop.
- Ek moet my werk reg doen.
- Ek moet gesond word.
- Ek moet gesond word sodat ek vir my kinders kan werk.
- Dit moet goed gaan met my kinders voordat ek doodgaan.
- Ek en my kinders moet gedoop word.
- Die Here moet my spaar en bewaar en dit laat goed gaan met my familie.
- Ek wens en hoop dat my kinders veilig by die skool kom en terug. (Kinders 8-10 jaar wat daagliks skool toe stap oor 'n afstand van 8-10 km deur die veld.)
- Ek het die behoefte om kerk toe te gaan, maar het nie 'n geleentheid nie.
- Ek wil meer van die Bybel hoor.

Wyses waarop die droom kan realiseer

Volgens die deelnemers kan die volgende faktore bydra tot die verwesenliking van die droom:

- Ons moet die Here se lig kry.
- Ons moet na die Here se Woord luister.
- Ons moet bid en vra vir krag.
- Ons moet nie teen die Here in opstand kom nie.
- Die kinders moet Sondagskool toe gaan.
- Ouers moet 'n voorbeeld wees vir die kinders en aan hulle 'n goeie opvoeding gee.
- Ons moet Bybel lees en bid.
- Ek moet kan dokter toe gaan.
- Ek moet groentes eet om gesond te bly.

Faktore wat die realisering van die droom bedreig

Die volgende sake is deur die deelnemers aangedui as faktore wat die verwesenliking van hulle droom kan verhoed:

- Ons het nie vervoer na die skool en kerk nie.
- Die kinders het nie losies in die dorp nie.
- Werkstye hou ons vas.
- As ons na 'n ander plaas toe moet trek.

Die deelnemers het oor die algemeen spontaan aan die gesprek deelgeneem. Ek het die indruk gekry dat sommige van die teenwoordiges gemaklik oor hulle situasie kon gesels. Dit was verder vir my duidelik dat van die plaaswerkers spoedig minder energiek deelgeneem het, wat waarskynlik daaraan toegeskryf kan word dat hulle fisies moeg is na 'n dag se harde fisieke arbeid. Op 'n vraag of hulle moeg gewerk is, het veral die mans bevestigend geantwoord.

- **Plaassessie: 13 Maart 2000**

Die sessie is deur die werkers van drie plase bygewoon en het in die skuur op een van die plase plaasgevind waar hulle redelik gerieflik kon sit.

Beskrywing van hulleself

Op die vraag wat kan ek vir die mense sê wie is julle en wat kan ek vir hulle van julle vertel, het die groep soos volg gereageer:

- Hier is bome en volstruise.
- Ons is beskaafde mense en ons is goeie mense.
- Ons is nie bakleiers nie.
- Ons lewe saam met mekaar.
- Ons is hardwerkende mense.
- Party van ons is mense van die Kaap af.

Droom vir hulleself

Na aanleiding van die uitnodiging aan die groep om dit wat hulle vir hulleself en hulle mense droom, met ons te deel, het die deelnemers soos volg gereageer:

- My kind moet eendag vir die Here werk – hy moet 'n predikant word.
- My kinders moet skool toe gaan op die dorp en matrikuleer.
- My kind moet grootword sodat hy kan gaan werk.
- Ek wil verpleegster word by Bloemfontein.
- Ek wil ophou werk.
- Die kinders moet iets groot kan beteken. Hulle moet skoolgaan en werk na skool of gaan leer.
- Ek wil werk tot aftrede en wil genoeg bymekaarmaak.
- My kinders moet geleerdheid kry.
- Ek wil klaarmaak met my geleerdheid.
- Ek wil 'n goeie "job" doen en universiteit toe gaan.
- Ek wil 'n lekker werk hê.
- Ek wil matriek kry.
- Ek wil leer om 'n suster te wees.
- Ek wil klaarmaak met skool en los werk doen.

Wyses waarop die droom kan realiseer

Volgens die deelnemers kan die volgende faktore bydra tot die verwesenliking van die droom:

- Deur volharding – aanhou en uithou.
- 'n Blyplek op die dorp sodat ek kan klaarmaak met skool.
- Ek wil goeddoen op skool.
- Ek wil elke sent wegbêre vir die universiteit.

Faktore wat die realisering van die droom bedreig

- Die volgende sake is deur die deelnemers aangedui as faktore wat die verwesenliking van hulle droom kan verhoed:
- Te min geld.
- As ek nie 'n blyplek in die dorp kan kry nie.
- Ek het nie skooldrag en skoene vir die skool nie.

Die groep het dit besonder moeilik gevind om hulleself te beskryf. Dit was asof hulle geen identiteitsbesef het nie en dit byna onmoontlik vind om te sê wie hulle is. Afgesien van een van die vrouens wat onlangs van die Boland hierheen verhuis het, het die ander nie werklik aan die gesprek deelgeneem nie. My gewaarwording was dat hulle baie skugter en skaam is en dit blootstellend vind om deel te neem. Tydens die betrokke sessie het dit my geraak dat mense so min waarde aan hulleself heg dat hulle nie kan sê wie hulle is nie en dit moeilik vind om hulle narratiewe te deel.

- **Plaassessie: 3 April 2000**

Alhoewel slegs die werkers van drie plase die sessie bygwoon het, was daar 'n groot aantal teenwoordig, naamlik 38. Die sessie is in 'n gerieflike skuur met voldoende geriewe aangebied. Weens die teenwoordigheid van Sotho- en Xhosasprekendes was die studente behulpsaam om te tolk wanneer nodig.

Beskrywing van hulleself

Op die vraag wat kan ek vir die mense sê wie is julle en wat kan ek vir hulle van julle vertel, het die groep soos volg gereageer:

- Ons baas is baas K. K.
- Die mense wat ons gevat het, is mense met twee hande.
- Ons luister na die Woord.
- Die werk hier is ok.
- Ek is JL. 'n geel mens, 'n Griekwa.
- Hier is Xhosa's en Sotho's.
- Ons is mense van die NG Kerk, die Zionkerk, Bekkerkerk en Metodiste.
- Gee vir mense ons vanne en plase.

Droom vir hulleself (amphupho / ditoro)

Op die uitnodiging dat die groep dit wat hulle vir hulleself en hulle mense droom, met ons moet deel, het die deelnemers soos volg gereageer:

- Ek wil bly waar ek is.
- Ek wil in 'n groot huis bly.
- Ons kinders moet leer sodat hulle 'n goeie werk kan kry.

- Ek wil my eie huis hê en daar bly tot ek oud is.
- Ek wil 'n goeie klomp geld belê.
- My een kind moet goed in atletiek doen, die ander 'n prokureur word en die kleintjie 'n "nurse".
- My kinders moet klaar maak met skool.
- Die kinders moet hulle harte vir die Here gee.
- My kinders moet skool toe gaan en verder leer.
- Ek wil leer vir 'n onderwyser.
- Ek wil 'n verkeerskonstabel word.
- Ek wil plaaswerk doen.
- Ek wil die Here se Woord verkondig.
- Ek wil by die Here bly.
- Ek wil 'n verpleegster word.
- Ek wil vir my pa 'n motor koop en vir my ma 'n huis, as ek werk.

Wyses waarop die droom kan realiseer

Volgens die deelnemers kan die volgende faktore bydra tot die verwesenliking van die droom:

- Ons moet gereeld bid vir die Here.
- Ons moet bid met ons hele hart.
- Ons moet hard werk.
- Ons moet glo, ons geloof moet sterk wees.
- Ons moet die Here dien met Gees en Waarheid.
- Ek wil probeer vir 'n groter salaris en moet spaar.
- Ek moet my goed voorberei. Ek moet klaarmaak met skool.
- Ouma's, ma's en pa's moet bid vir die kinders.

Faktore wat die realisering van die droom bedreig

- Die volgende sake is deur die deelnemers aangedui as faktore wat die verwesenliking van hulle droom kan verhoed:
- As ons nie in die Here glo nie sal jy niks regkry nie.
- 'n Geld tekort.

- As jy in sonde lewe, sal drome nie waar word nie.
- As jy glo aan lieg/jok.
- Sonder die Here kan ons niks doen nie.
- As jy doodgaan voor die tyd (byvoorbeeld motorongeluk, mekaar doodskiet, drank en twak is giftig, siektes, VIGS, waterbesoedeling)

Die deelnemers het redelik spontaan aan die gesprek deelgeneem en die indruk geskep dat hulle aan die toekoms dink en vir hulle kinders bepaalde ideale koester. Oor die algemeen het die deelnemers met gemak hulle idees en gedagtes uitgespreek. Ek het ervaar dat die groep daartoe in staat is om aktief deel te neem aan verdere aksies wat tot hulle eie ontwikkeling kan lei.

- **Plaassessie: 10 April 2000**

Die werkers van drie plase is in die motorhuis van die gasheerboer ontvang. Alhoewel party op dromme gesit het, kon almal redelik gerieflik sit en kon met die gesprek voortgegaan word.

Beskrywing van hulleself

Op die vraag wat kan ek vir die mense sê wie is julle en wat kan ek vir hulle van julle vertel, het die groep soos volg gereageer:

- Ons is baie goeie mense.
- Ons hou van ander mense.
- Ons is Vrystaatse mense.
- Ons praat Afrikaans en Sotho.

Droom vir hulleself (amphupho / ditoro)

Na aanleiding van die uitnodiging dat die groep dit wat hulle vir hulleself en hulle mense droom, met ons moet deel, het die deelnemers soos volg gereageer:

- Ons moet die Here dien.
- Dat die Here almal se siele sal red.
- Ek bid vir die Here dat Hy my familie sal oppas, dat daar nie moeilikheid sal gebeur nie.
- Ons moenie ons met die dinge van Satan ophou nie.

- Ons moet verlos word van slegte dinge soos moord, drank, twak, vloek, verkrag, skel, ons moet ophou om te haat.
- My kind moet ook die Here dien.
- Die kinders moet grootword sodat hulle kan werk. My kind moet 'n predikant word, hy moet klaar skoolloop.
- Ons moet liefde vir mekaar hê sodat as ons die dag dood gaan ons by die Here kan bly.
- My kind moet skool toe gaan, daarna kollege toe gaan en leer vir 'n polisieman of "speedkop".

Wyses waarop die droom kan realiseer

Volgens die deelnemers kan die volgende faktore bydra tot die verwesenliking van die droom:

- Ons moet bid dat die Here ons krag en moed gee.
- Ons moet by die waarheid bly en dit praat.
- Ons moet bymekaarkom en kerkhou.
- Ons moet kyk dat die waarheid uitkom. Ons moet leuens uithou.
- Ons moet hard bid dat die Here ons sal krag gee.
- Ons moet net vir die Here bid, dis al.
- Ons moet die Here dien en werke van die Here doen.
- Die Here moet tevrede wees met my lewe. Die Here sal help dat kinders se lewe reg sal wees.

Faktore wat die realisering van die droom bedreig

Die volgende sake is deur die deelnemers aangedui as faktore wat die verwesenliking van hulle droom kan verhoed:

- Drank en twak.
- Drank maak jou dronk, dan kom jy in die moeilikheid. Dit hou jou van die kerk af en vat jou geld.
- Twak is 'n duiwelse ding.
- Sonde soos: drank, rook, mans wat baie vroue aanhou en andersom, drank en baklei.
- Die Duiwel.
- Ons het nie rygoed nie en ook nie geleentheid dorp toe nie.

- Ons moet werk en kan dan nie kerk toe gaan nie.

Die deelnemers het redelik spontaan aan die gesprek deelgeneem. Ek het sterk onder die indruk gekom dat vier van die mans baie sterk gevoel het dat almal hulle net tot die Here moet bekeer sodat dit met hulle beter kan gaan. Dit was asof hulle wou sê dat daar vir almal hoop is.

- **Plaassessie: 9 Mei 2000**

Die sessie is slegs deur die werkers van twee plase bygewoon. Ons is vriendelik deur die boer onvang en kon die gesprek in die motorhuis voer. Ongelukkig was die motorhuis in aanbou en het die deure nog ontbreek. Aangesien dit 'n koue aand was, het die deelnemers begin koud kry en moes die sessie vinniger afgehandel word.

Beskrywing van hulleself

Op die vraag wat kan ek vir die mense sê wie is julle en wat kan ek vir hulle van julle vertel, het die groep soos volg gereageer:

- Ons is plaasmense en is gereeld by die kerk.
- Ons hou daarvan om mense van buite te sien.
- Ons hou van kerk.
- Ons hou van wildsvleis.
- Ons hou van hase.
- Ons werk baie hard.

Droom vir hulleself (amphupho / ditoro)

Na aanleiding van die uitnodiging dat die groep dit wat hulle vir hulleself en hulle mense droom, met ons moet deel, het die deelnemers soos volg gereageer:

- Dat ons die Here aanhou sal kan dien.
- Ek wil graag nog 'n jaar saam met die kinders wees.
- My kinders moet aangaan en klaarmaak met skool.
- My siek kind moet gesond word.
- Daar moet elektrisiteit kom sodat ek elke aand kan studeer.
- Ek wil klaarmaak by skool.

- Ek wil verder leer vir 'n ingenieur.
- My kind moet goeie geleerdheid kry.
- As ons kan krag (elektrisiteit) in die huis kry sodat die kinders kan leer.
- Ek wil die Woord van God verkondig wanneer ek klaar is met skool.
- Die Here moet my net help dat ek my kinders kan groot kry.
- Die Here moet vir my krag gee sodat ek kan grootword en 'n juffrou kan word en vir my broer wat siek is kan sorg.

Wyses waarop die droom kan realiseer

Volgens die deelnemers kan die volgende faktore bydra tot die verwesenliking van die droom:

- Ons moet 'n groot geloof hê.
- Ons moet hard werk.
- Ons moet mense help wat sukkel.
- Ons moet mekaar help.
- Ons ouers moet ons mooi opvoed.
- Ons moet ons krag van die Here kry, die regte pad loop, en die Here dien.
- Ons moet die Here vra.
- Ons moet vir God dien.
- Moenie net die Here om hulp vra wanneer ons in die moeilikheid is nie, ons moet Hom altyd prys.
- Ons moet die Here dien met ons hele hart, Hom loof en prys.
- Ons harte oopmaak vir vriende.

Faktore wat die realisering van die droom bedreig

Die volgende sake is deur die deelnemers aangedui as faktore wat die verwesenliking van hulle droom kan verhoed:

- Twak.
- As ek my ouers en onderwysers verloor.
- Baie drink, rook en verkeerde dinge dink en doen.
- As jy gedrink is, dink jy verkeerde dinge en raak dan bakleierig.

Die werkers het redelik spontaan deelgeneem, maar dit was asof die vroue eerder aan die mans die geleentheid gee om aktief mee te doen. Dit was asof die groepie wel ideale vir hulle koester, maar nie spontaan daarby uitkom nie. Na afloop van die sessie het ek besef dat verdere sessies nie in die winter of dan ten minste op wintersaande gehou moet word nie, want ek wou nie graag die werkers aan die ongerief van 'n rit agter op die bakkie in die koue blootstel nie.

8.6.2.10 Individuele navorsingsgesprekke

In samewerking met ds C is daar op doelbewuste wyse en volgens die sneeubalmetode te werk gegaan om individue te kies vir deelname aan individuele navorsingsgesprekke. Daar is gepoog om verteenwoordigers van die verskillende segmente van die gemeenskap te betrek. Telkens is die gesprek uitgebou na aanleiding van die volgende vrae:

- Hoe sal jy jou gemeenskap aan my beskryf?
- Wat droom jy vir jou gemeenskap?
- Hoe meen jy sal die droom bewaarheid kan word?
- Watter faktore kan die bereiking van die droom verhinder?

Die response van die deelnemers is telkens sover moontlik volledig aangeteken en in die navorsingsverslag weergegee. Na afloop van elke gesprek word kortliks aangedui hoe ek elke gespreksituasie ervaar het asook die betekenis wat ek daaraan geheg het.

Skets 8..5: *Beroepskategorieë van deelnemers*

Die beroepskategorieë van die deelnemers het 'n verskeidenheid beroepe ingesluit soos in skets 8.5 geïllustreer word. Benewens 'n skolier, enkele werkloses en pensioenarisse is die volgende beroepe verteenwoordig, naamlik: onderwysers, huisvroue, boere, 'n grafiese kunstenaar, 'n veearts, plaaswerkers, 'n huishulp en 'n skrynwerker. Die verskeidenheid van beroepsomstandighede waarin die deelnemers hulle bevind, behoort by te gedra het tot die verkenning van 'n redelike verskeidenheid van werklikheidskonstruerings.



Figuur 8.4: *Kwalifikasies van deelnemers (N=20)*

Figuur 8.4 toon dat die grootste hoeveelheid van die deelnemers, naamlik 80%, oor hoër skoolse en/of naskoolse opleiding ondergaan het. Daar kan dus aanvaar word dat hulle in staat is om hulle verbaal bevredigend te kan uitdruk. Selfs die deelnemer wat ongeletterd

is, kon bevredigend daarin slaag om op verstaanbare wyse uitdrukking aan haar werklikheid te gee.



Figuur 8.5: *Segmente van die gemeenskap (N=20)*

Figuur 8.5 gee 'n aanduiding van die getal deelnemers van die verskillende segmente van die gemeenskap wat aan die gesprekke deelgeneem het. Alhoewel daar net met twee plaaswerkers gesprekke gevoer is en die indruk verkry kan word dat dié segment van die gemeenskap onbevredigend verteenwoordig is, moet ook in ag geneem word dat daar by wyse van die plaassessies 'n verdere 124 deelnemers betrek is.



Figuur 8.6: *Geslagsverspreiding van deelnemers (N=20)*

Na aanleiding van figuur 8.6 blyk dit dat daar byna 'n gelyke aantal mans en vrouens betrek is. Wanneer die verspreiding van die bevolkingsamestelling van die totale gemeenskap in ag geneem word, blyk dit dat die vroue die meerderheidsgroep vorm en dus in dié steekproef ook die grootste verteenwoordiging behoort te hê. (Vgl. Figuur 8.3.)



Figuur 8.7: *Ouderdomsverspreiding van deelnemers (N=20)*

Volgens figuur 8.7 blyk dit dat die verskillende ouderdomskategorieë tussen adolesenssie en bejaardheid wel in die steekproef verteenwoordig is. Die afwesigheid van jonger kinders sou as 'n leemte beskou kan word. Moontlik sou hulle ook sinvol aan die gesprekke kon deelneem, veral as daar van tegnieke gebruik gemaak kon word wat hulle makliker in staat stel om uitdrukking aan hulle werklikheid te gee.



Figuur 8.8: *Die moedertaal van deelnemers (N=20)*

Uit Figuur 8.8 blyk dit dat die meerderheid van die deelnemers en wel 60%, Afrikaans as moedertaal het. Aangesien die deelnemers redelik verteenwoordigend van die verskillende segmente van die gemeenskap is, kan aanvaar word dat Afrikaans dus die moedertaal van 'n groot aantal inwoners is en waarskynlik deur 'n groot aantal mense wat 'n ander moedertaal het in elk geval verstaan word weens die onderlinge skakeling tussen die verskillende taalgroepe. Tydens gespreksgeleenthede met die gemeenskap met die oog op verdere navorsing en gemeenskapsontwikkelingsaksies, sou Afrikaans dus waarskynlik algemeen gebruik kon word.



Figuur 8.9: *Die tydperk wat die deelnemers in Philippolis woonagtig is (N=20)*

Na aanleiding van figuur 8.9 blyk dit dat die meerderheid van die deelnemers, naamlik 17, reeds tien jaar of langer in die gemeenskap woonagtig is. Daar kan dus aanvaar word dat die deelnemers se verhale getuig van ervaringe wat oor 'n hele aantal jare strek. Van die deelnemers se ervaringe van die gemeenskap van Philippolis is werklik lewenslank. Die deelnemers wat nie vir so 'n lang periode in Philippolis woon nie, kon hulle ervaringe waarskynlik vergelyk met vorige gemeenskappe waar hulle woonagtig was.

- ***Deelnemer een***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ek sien myself as deel van die blanke gemeenskap, maar die afgelope 7 jaar was ek in die skool aan al die groepe in die gemeenskap blootgestel en sien my ook as deel van die groter gemeenskap.
- Ek voel lojaal teenoor alle groepe.

- Al die mense in die gemeenskap voel egter nog nie so nie. Die anderdag het ek, byvoorbeeld, nie kans gesien om my st 9 huishoudkundeklas na 'n VLU-vergadering te neem nie, alhoewel hulle baie daarby sou kon baat. Ek was bang hulle sou nie welkom wees nie.

Droom vir my gemeenskap

- Dat almal mekaar se hande sal vat en van mekaar sal leer. Blankes kan baie arrogant wees en dink ons kan niks van Kleurlinge leer nie. Ek het 'n ongelooflike ervaring gehad die anderdag toe ek met 'n swart taxi Bloemfontein toe moes ry, saam met die ander onderwysers. Mev S ('n swart vrou) het eers gebid dat ons veilig moet ry en by die terugkoms eers dankie vir die Here gesê dat ons veilig by die huis is. Ander groepe het baie wysheid waarby ons kan leer. Ons plaasmense is anders. Ons leef meer saam met die mense.
- Die wêreldbiddag wat verlede jaar saamgehou is, was goed. Dit pla my dat ons so elkeen op ons eie die ding doen.
- Gesindhede moet spontaan verander.
- Ek vind dit, byvoorbeeld, nie moeilik om die swart- of Kleurlingkinders 'n drukkie te gee nie.
- Ons moet weer ons kinders (blanke kinders) in die skool kan plaas dus moet die skool weer respek afdwing.

Hoe sou droom bereik kon word

- Meerderwaardigheid moet verdwyn.
- Hartsverandering deur middel van die Heilige Gees.
- Gebed.
- Meer positiewe beeld van die skool uitdra.
- Philippolis moet beter bemark word.
- Werksgeleenthede skep wat tot gevolg kan hê dat elkeen beter lewe.
- Philippolis het baie potensiaal.
- Skool moet respek van samelewing verdien.

Hindernisse

- Waardes rondom morele sake by die skool is so dat jy nie jou kind daaraan wil blootstel nie.
- Sal mense regtig glo dat dit goed gaan by die skool.
- Meerderwaardigheidshouding.
- Deur net op negatiewe aspekte van die nuwe regering te fokus en bewyse te soek vir negatiewe siening.

Die deelnemer bevind haar in 'n moeilike posisie in veral die blanke gemeenskap weens verwikkelinge in haar werksopset die afgelope dekade. Sy hou skool by 'n skool wat voor die bewindsoorname van die ANC in 1994, uitsluitlik 'n blanke skool was en nou slegs swart- en Kleurlingleerlinge het. Van haar kultuur-, taal- en volksgenote het die onderwysers wat na die transformasie van die skool steeds by die skool aangebly het, baie kritiek ontvang. Sy is lojaal aan al die groepe (blank, Kleurling en swart) in die gemeenskap en dit kan haar soms in 'n posisie plaas waar sy alleen staan. Sy sou graag haar eie mense se siening en gesindheid wou verander, maar dit is 'n moeilike proses. Dit was vir my asof die deelnemer magteloos voel en selfs hartseer oor die toedrag van sake. Waarskynlik ervaar sy gebrekkige begrip van haar eie sosiale groep vir haar lojaliteit teenoor ander groepe en vir die moeilike posisie waarin sy haar bevind. Haar eie mense verstaan haar nie meer ten volle nie en slaag waarskynlik nie om haar sinvol te ondersteun nie.

- ***Deelnemer twee***

Beskrywing van die gemeenskap

- Onderlinge gesindheid is baie positief.
- Samewerking is goed.
- Bergmanshoogte se gemeenskap is redelik gemotiveerd soos blyk uit die naaldwerkklasse en die tuinbouprojek.
- Blankes is verdeeld - 'n groep werk aktief saam en ander groep sit terug.
- Hier het dinge in die gemeenskap begin gebeur soos die projekte van die studente.
- Werksgeleenthede is beperk.

- Ek bly lekker – die plek bied uitdagings. Dit hang van jouself af of jy wil betrokke raak.
- Daar is twispunte, maar dit is normaal.

Droom vir die gemeenskap

- Die gemeenskap kan in harmonie leef. Ons kan op alle gebiede saamleef.
- Ons moet uitreik en betrokke raak bymekaar.

Hoe kan droom bereik word

- Projekte en onderlinge kontak.
- Ek het grootgeword dat 'n mens moet uitreik.
- Mense is belangriker as dinge of prestasies.
- 'n Mens maak vrede met jouself en dan kan jy vrede hê met jou omstandighede. 'n Mens kan dinge maak werk.

Hindernisse

- Sommige probeer nog aan apartheid vaskleef.
- Onkunde om te weet wat die einddoel is.
- Negatiewe gesprekke lei tot groter negatiwiteit.
- Moenie onmoontlike eise stel nie.

Die deelnemer het besondere positiewe lewenshouding. Sy sien dat die gemeenskap kan ontwikkel en dat alles beter kan word. Tog is dit nie duidelik of sy haarself as deel van die ontwikkeling sien nie, met ander woorde dit is nie noodwendig haar verantwoordelikheid om aktief daaraan deel te neem nie.

- ***Deelnemer drie***

Beskrywing van gemeenskap

- Daar is nie werklik interaksie tussen die rassegroepe nie.
- In skoolverband het die grense tussen verskillende groepe sedert 1994 vervaag.
- Onderwysers het gemeenskap by mekaar uitgebring – mense vra onderwysers oor ander groepe.

- Boere en ander werkgewers gaan laai werkers in die woongebiede af, maar raak nie verder by die gemeenskappe betrokke nie.
- Poding is hoofsaaklik swart en ANC; Bergmanshoogte praat Afrikaans en is Afrikaans. Ons blankes is op die dorp en plase woonagtig.
- Ek voel of ek in die middelpunt is en deur albei arms getrek word (swart en wit).
- Binne blanke en Poding se gemeenskap is daar onderlinge verskille – dit wissel van polities regs tot links – daar is wat tonnelvisie het en ook oop denke. Bergmanshoogte is meer vaag.

Droom

- Veral vanuit die skoolopset gesien, kan daar meer betrokkenheid tussen die verskillende kulture wees.
- Meer leiers wat in die verskillende gemeenskappe na vore kan kom, kan tot groter samewerking lei.
- Ontwikkeling moet veral in Poding en Bergmanshoogte plaasvind.
- Baie dinge het verander – die politiek – tog sit baie nog in Makoekoes – dit maak my deurmekaar.
- Kleurlinge het voorsprong – 'n mens sien dit, byvoorbeeld, in hulle skooldrag – die meeste het skooldrag.
- 'n Hartseersaak is dat baie kinders nie ouers by hulle het nie en voogde is nie verantwoordelik nie.
- Ontwikkeling kan in skoolverband plaasvind, byvoorbeeld:
  - Koshuis met huisouers kan daar gestel word – sodoende kan 'n roetine en 'n mate van gesinstruktuur geskep word.
  - Skool behoort oor alle geriewe te beskik, byvoorbeeld oorhoofse projektor en die skool kan behoorlik omhein word ten einde drostery te voorkom.
- Entrepreneurskap ontwikkeling – leiers moet die weg baan.
- Beter interaksie tussen die skool en totale gemeenskap.
- Aanbieding van volwasse geletterdheidsprogramme – 'n leerkultuur en verantwoordelikheid moet geskep word.

Wat moet gebeur dat die doel bereik kan word

- Meer gemeenskapsleiers moet na vore tree en sake deurvoer.
- Bestaande leiers moet meer aktief wees en ander leiers identifiseer – daad moet by die woord gevoeg word.
- Elke mens moet betrokke raak.
- Nuwe denke moet ontwikkel word.
- Eie ontwikkeling moet plaasvind sodat almal meer bekwaam vir die taak is.

Hindernisse

- Lae moraal – moeilik om te droom – negatiwiteit.
- Onderwysdepartement bied swak ondersteuning.
- Gebrek aan geld.
- Gemeenskap is baie afgesonderd – te ver vir onderwysdepartement om die afstand te ry.
- Gebrekkige interaksie tussen kultuurgroepe vanaf al drie die groepe.
- Veralgemenings "boere is so" "swart is almal ANC" – dit is 'n groot fout.

Die deelnemer beskou die gemeenskap uit die hoek van die skool en die onderwys. Weens die moeilike werksomstandighede – groot klasse, swak dissipline en ongemotiveerdheid by kinders en kollegas, ontstaan 'n totale moedeloosheid. Die belewing is baie sterker as wat verwag is. Ek is geraak deur die wyse waarop die deelnemer haar moedeloosheid uitgespel het en kry die belewing dat sy naby aan handdoek ingooi is. Sy ervaar baie min ondersteuning uit die gemeenskap en kan nie dink dat daar enige hoop is nie. Dit het 'n sterk aanspraak op my gemaak om die moontlikheid van projekte te ondersoek wat die onderwysers kan ondersteun in die bereiking van hulle doelwitte.

- ***Deelnemer vier***

Beskrywing van die gemeenskap

As ek die gemeenskap beskryf, doen ek dit in twee dele, eers as stadsmens dan waar ek nou is.

As stadsmens:

- Ek vergelyk dit met die diereryk. Die plattelandse mens sien dinge anders as die stadsmens – hy leef in 'n kleiner omgewing. Soos die diere in die diereryk hulle plek afmerk en ander moenie inbeweeg nie, so is dit hier. Jy bly 'n nuweling. Byvoorbeeld, toe ons by die eerste kerkbasaar ingeloop het, het die mense stilgebly en na ons gestaar, nou is dit baie anders. Eers het hulle gesê ons sal eers kyk of julle bankrot raak voor ons julle ondersteun. Nou is hulle kwaad omdat ons die gastehuis gesluit het. Vreemde wêreld wat ek nie ken nie.

Waar ek nou is:

- Ek is baie lief vir die mense, maar daar is min met wie jy kan huisvriende raak. Ons wêrelde verskil te veel. Mense kom kuier, maar omdat ek dit nie gewoond was nie, weet ek nie om met hulle te kuier nie. Die gaste wat by die gastehuis oornag het was anders. Hulle was besigheidsmense met wie jy oor alles kon praat.
- Die mense is geneig om mekaar af te kraak. Die waarheid word nie altyd vertel nie. Dit maak my hartseer dat mense sommer net goed sê van ander mense.
- Dan is hier baie honger kinders. Die mense wat kos het, dink dit is hulle reg – ander het nie.
- Mense wat tydens die Kerssangdiens uit die kerk uitgeloop het omdat die Kleurlingkoor gesing het, loop eintlik van die Here af weg.

Droom vir die gemeenskap

- Mense moet hulle met belangrike goed besighou. Hulle moet hulle prioriteite regkry. Moenie tyd mors nie – bestee tyd aan ander en sit meer in die gemeenskap in.
- Die verhouding tussen mense moet in alle opsigte beter word. Sien ander mense as mense en moenie vooropgestelde idees hê en mense in kassies sit nie. (Ek weet min van die Kleurlinge en swartmense in die gemeensskap.)
- Mense moet wyer raaksien wat om hulle gebeur

Wat kan droom waar maak

- Ons moet die Here voorop stel in alles wat jy doen. Ons moet weer die Skepper voorop stel anders kan die ander dinge nie waar word nie.

- Beter kommunikasie tussen die mense sal help. Die koerant sal 'n praktiese wyse wees om kommunikasie aan te help.
- Daar moet gesprekvoering met mense plaasvind sodat persepsies reggestel kan word.
- Mense moet hulle prioriteite regkry.
- Daar moet 'n gewilligheid wees om te werk ten einde die droom te bewaarheid.
- Swaarkry laat mense gewoonlik teruggaan na die basiese.

Hindernisse

- Die mens se natuur self.
- Die mense se ingesteldheid.

Ek kry die indruk dat die deelnemer se aanpassing in die gemeenskap veel van haar gevra het. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die verskillende leefstyle tussen die stad en platteland. Die deelnemer is baie behoudend, sy ervaar egter die passiwiteit van die gemeenskap frustrerend.

- ***Deelnemer vyf***

Beskrywing van die gemeenskap

- Die distrik en dan ons boeregemeenskap.
- Ons is versigtig optimisties oor die landboutoestande. Sedert 1994 het almal eers teruggehou en nie uitbreidings gemaak nie. Dit was 'n direkte uitvloeisel van die politiek. 'n Mens kan nou weer begin uitbrei, dinge lyk veiliger.

Droom

- 'n Misdaadvrye gemeenskap. Dan kan elkeen sy gang gaan en die ekonomie sal ook verbeter.
- Veiligheid moet verbeter, veral op die plase.

Hoe kan droom bereik word.

- Werkloosheid moet aangespreek word.

- Wetgewing soos die wette oor verblyfreg veroorsaak werkloosheid. Boere stel nie meer werkers aan nie. Wanneer werkers die plaas verlaat, word daar nie werkers in hulle plek aangestel nie.
- Polisiëring is 'n groot probleem en behoort te verbeter.
- Nasionale wetgewing kan help – die doodstraf moet weer ingestel word.

Hindernisse

- Antagonisme tussen die swart polisie en blanke boere. Dit is wedersyds. Die boere is soms beledigend en die polisie weier weer dan om die boere te help.
- Onbekwame polisiëring.
- Omdat dit met die boere finansieel nie goed gaan nie, verskaf hulle minder werk en is dit moeilik om 'n bydrae te maak of hulp te verleen. Vroeër het boere 'n ekstra sak meel gekoop wat by die koöperasie gelaat is om in die woonbuurtes aan behoeftiges te gee. Nou kan die boere dit nie meer bekostig nie. Dit het nou 'n oorlewingstryd geword.

Die deelnemer sien hom hoofsaaklik as deel van die boeregemeenskap. Die indruk is verkry dat hy slegs aan enkele sake dink wanneer hy oor sy gemeenskap se wel en weë besin. Dit gaan ook hoofsaaklik oor konkrete aangeleenthede. Verder bestaan die indruk ook dat hy nie juis aktief by die gemeenskap in die breë betrokke is nie. Dit is ook onduidelik of hy maklik by gemeenskapsaksies betrokke sal raak.

- ***Deelnemer ses***

Beskrywing van die gemeenskap

- Dit is 'n boeregemeenskap.
- Daar is verskillende groepe.
- Die boeregemeenskap is nog baie behoudend in vergelyking met die stadsgemeenskappe ten opsigte van rasseverhoudings en godsdiens.
- Ten opsigte van boerderymetodes is daar van die jonger boere wat meer progressief en van die ouer boere meer konserwatief is.
- Die plaaswerkers vorm deel van die breër gemeenskap. Hulle is 'n gemeenskap op hulle eie. Hulle leefwyse en kultuur is anders. Drank is 'n probleem by hulle veral oor

naweke. Die plase is ver van mekaar en dit is gevolglik moeilik om sport of ander vryetydsbesteding te hê. Sommige van hulle het wel televisies en van die boere het ook een televisie op 'n sentrale plek vir die werkers beskikbaar gestel.

Droom

- Plaaswerkers moet hulleself ophef. Hulle moet dit wil doen anders gaan dit nie slaag nie.
- Plaaswerkers se produktiwiteit kan verhoog deurdat hulle hulleself ophef. Dan kan salarisverhogings ook realiseer. As jy nou vir hulle ekstra geld gee, gaan dit net vir drank.
- Ons het nog nie regtig 'n probleem met plaasveiligheid hier nie, maar die ideaal sou wees soos 20-30 jaar gelede.
- Beter kommunikasienetwerke sal baie help. Ons het wel radio's, maar 'n goeie telefoonnetwerk sal baie beteken.
- Ons paaie kan verbeter.
- Insetkostes moenie buite verhouding styg nie.
- Die skool is 'n groot probleem. Deel van die laaste jare se ontwikkeling is dat daar nie goeie skole op die platteland is nie. Dit het tot gevolg dat ons die kinders stadskole toe moet neem.

Hoe kan droom bereik word.

- Beter skoling van die plaaswerkers. Sodra hy geletterd is, kan hy meer doen en kan hy beter besoldig word. Daar kan dan ook met minder werkers klaargekom word. Die geskoolde werker kan ook hoër produktiwiteit lewer.
- Dit is prakties moeilik om vir die plaaswerkers sportfasiliteite beskikbaar te stel.
- Dit is moontlik om vir hulle 'n televisie beskikbaar te stel.
- Outomatisering van telefone sal baie help.
- Plaasskole vir plaaswerkers se kinders sal help dat die kinders nie hoef dorp toe te gaan en daar aan al die negatiewe invloede blootgestel word nie. Die kinders kan benut word om groentetuine by die skole te bedryf.
- Die privaatskool op die dorp is klein en ons hoop dit groei.

Hindernisse

- Tekort aan geld en verkeerde besteding van geld veral deur staatsdepartemente.
- Die hoër besoldiging van werkers het tot gevolg dat minder mense werk het.
- Die plaaswerkers se kinders wat in die dorp skoolgaan, het 'n groot probleem met verblyf. Gesubsidieerde koshuise sou kon help. Die kos wat die boere gee vir die mense waar die kinders in die week bly, kom nie by die kinders uit nie.

Die boer is begaan oor sy gemeenskap en veral die plaaswerkers en hulle kinders. Tog is dit nie duidelik hoe hy aan aksies sal deelneem om die omstandighede van die plaaswerkers te verbeter nie. Verder is dit sy siening dat daar vir die kinders van die verskillende gemeenskappe afsonderlike skole kan wees, byvoorbeeld plaasskole en 'n privaatskool.

- ***Deelnemer sewe***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ou dorpie, 'n ou klein dorpie.
- Boeregemeenskap.
- Kerk is die belangrikste – alle bedrywighede wentel om die kerk.
- Die kerk, predikant en landbouvereniging lewer groot insette. Ek weet nie meer van die munisipaliteit nie.
- Dit is definitief net die wittes wat iets laat gebeur.
- Integrasie en samewerking tussen groepe (rasse) is net amptelik en gebeur nie spontaan nie.
- Swartes is op hulle eie.
- Skakeling is net kunsmatig tussen die groepe.
- Daar is 'n groter gewilligheid om te probeer skakel, behalwe vir die heethoofde aan alle kante.
- Ek probeer sigselwers mense met die hand groet en uit te vra.
- Ds C doen groot werk wat lankal gedoen moes word.

Droom vir gemeenskap

- Groot behoefte aan geld – hier is nie geld om te doen wat gedoen behoort te word nie. Daar is 'n gewilligheid om projekte aan te pak, maar daar is nie geld nie. 'n Mens kan nie eens meer saam vleisbraai nie. Die kerk is in die rooi. Die stadsraad, landbou en korporasie moet afskaal. As jy iets doen is dit minderwaardig.
- Hier moet leiers kom, want hier is nie leiers nie. Die leiers wat hier is, stel net in hulle eie dinge belang en wil self iets bereik – doen einge iets om vir hulleself voordeel/geld te kry.
- 'n Groot deel van die gemeenskap is eers afhanklik gehou en nou moet hulle self sien kom klaar sonder dat hulle weet hoe. Goed wat hulle sien wil hulle hê.
- Gemeenskap moet leer 'n polisieman is iemand buite die gemeenskap en dat polisiemanne nie net swartmense vang nie.
- Kerk
  - Die kerk het God gekaap – daar het 'n verdraaide Godsbeeld ontstaan wat moet verander.
  - Daar is mos geglo jy kan nie 'n Christen wees as jy nie 'n nasionalis is nie.
  - Ons het 'n nasie gebou met die kerk en God.
  - Ons het met God geploeg en maak God 'n middel om nasionalisme te dien, in plaas van andersom.
  - Vir my is God nie in die Hemel nie wat Broederbonders dan hier en daar stoot of in 'n kategorie plaas nie.
  - God is liefde. Daar word nie by ware liefde uitgekom nie. Die kerk is net 'n instansie vol van dogma wat net 'n klein groepie bedien.
- Die NP het alles oorheers, nou is daar niemand wat iets doen nie.
- Die NP het die kerk as platform gebruik – nou is die platform verdeel.
- Die gemeenskap moet 'n natuurlike stimulant kry.
- Mense voel skuldig en bang.
- Ware Christenskap kom nie ver as jy wil politiek organiseer nie.
- Christenskap kom van bo – jy kan nie sommer 'n klomp mense bekeer nie.
- Om liefde te bewys kom net van Bo.
- Die kerk self sukkel met liefde.
- Predikante doen dinge net vir hulle eie CV's.

- Nou maak hulle van God 'n afgod.
- Kerk het sy gesag verloor – kerk en NP het die gemeenskap aan die gang gehou.
- Daar is nie 'n dinamiese krag in die gemeenskap nie. Heethoofde wat geld vir die kerk gee, bind die kerk.
- Die mense soek nie 'n geïntegreerde gemeenskap nie, maar soek welwillendheid tussen gemeenskappe.
- 'n Simboliese gemeenskaplikheid is nie noodwendig prakties nie. Dit sal nie veel help om saam kerk toe te gaan of saam te eet nie.
- Die leiers moet 'n forum hê waar hulle kan ontmoet – dit kan nie na almal toe deurgetrek word nie, dan gaan daar moeilikheid wees.

Hoe kan doel bereik word

- Klein informele besigheidjies kan help, byvoorbeeld, om skoene reg te maak.
- Leiers moet gekweek word. In die onderwys kan daar 'n spesiale afdeling wees om leierskap te kweek.
- Daar moet leiers wees vir wie dit nie om eie belang gaan nie.
- Identifiseer leiers en lei hulle op – hulle hoef nie noodwendig geleerd te wees nie, maar moet net weet hoe werk 'n gemeenskap.
- Mense moet bymekaar gekry word.
- Mense se Godsbegrip sal moet regkom. Die Godsbegrip was ingestel op gehoorsaamheid aan die dominee – ons sien God as Regter, Hy is ook Liefde. As jy die Evangelie hoor sink die dinge in.
- 'n Klein groepie soos die Broederbond, ek sê nie dit moet die Broederbond wees nie, maar 'n soortgelyke groepie moet leiding begin neem.

Hindernisse

- Ons het nie leiers nie, want hulle is nie gekweek nie.
- Godsbegrip van mense en predikant is verkeerd. Hulle het nie kennis van die liefde nie.
- Die wêreld is as gevolg van mans wat dit oorheers het, opgefoeter. Te min vrouens het na vore getree. Die vrouekarakter het liefde en omdat hulle nie groter rol speel nie, is daar so 'n gebrek aan liefde en het liefdesfaktor te min na vore gekom. Mans weet nie wat liefde is nie.

- Daar is te veel mans in die kerk en daarom is dit te dogmaties en is daar nie genoeg liefde nie.
- Die mans wat wel probeer liefde wys het, was te min.

Die deelnemer het dit geniet om sy sienings en idees te deel. Hy het selfs genoem dat dit een van die min kere was wat hy spontaan kon gesels en ervaar hy word begryp. Hy opper sienings wat moontlik deur 'n groot deel van sy gemeenskap as radikaal en onaanvaarbaar beskou kan word. Die deelnemer dink in diepte oor verskillende lewensaspekte. Na die afsterwe van sy vrou vind hy dit moeilik om 'n gespreksgenoot te kry wat hom begryp. Dit was asof die deelnemer uitgehonger is vir geselskap en hy het dan ook te kenne gegee dat ek weer moet kom sodat ons verder kan gesels.

- **Deelnemer ag**

Beskrywing van die gemeenskap

- Baie verdeeld, veral polities.
- Boere, Kleurlinge en swartes.
- "Most untogether" - die mense kan nie saamwerk nie - daar is 'n lelike gees - mense trek nie saam nie en dit gaan oor die hele spektrum van ANC tot die regses.
- Ek is Anglikaans en daar is ons almal saam.
- Mense is "traumatized" - hulle is pateties. Kyk, byvoorbeeld, verlede jaar nadat die Kleurlingkoor in die kerk gesing het, het sommige 'n petisie opgestel.
- Party mense hou dit teen my omdat ek Engels is - hulle is nog steeds teen die Britte en daarom ook teen my.
- Ek sukkel om "nice" mense tussen die mense te kry.
- Ek tree op volgens my beginsels, maar dan bly ek in die moeilikheid - ek bly in die moeilikheid, want ek stem nie met alles saam nie. Omdat ek nie saam met die mense van die bende ("click") stem nie, bly ek in die moeilikheid.
- Ek is gatvol om altyd in die sop te wees met een of ander groep. Hulle kom altyd met hulle hoop bagasie.
- Ek is altyd een wat uit "freak".
- Dit is lekker vir my om met die "guys" by die "pub" te kuier.

- Die kerk is soos 'n "country club" - jy moet wit en Afrikaans wees - Jesus is uit dit. Die kerk is 'n "cohesion point" en "financial point". Dit gaan oor die behoud van die gemeenskap en nie oor Christus nie.
- "People are slow to accept one - later they start to trust you - people like to see."

Droom vir die gemeenskap

- Groter "sense of community to see" kerkbasaar waar wit en bruin langs mekaar staan. "I feel sorry for the decent black and coloured people".
- "I see that people could work together - bendes en "clicks" en Broedebond get out". Hulle het altyd 'n agenda. "Leave shit and get along".
- As mense selfvertroue het gaan hulle nie die bendes "join" nie.
- "Independent individuals with love".
- Moenie so begaan oor geld wees nie.
- "People to be more open - if people could stop talking politics".
- "Regarding children - let school have more influence than the older on the young".
- "Peace and more openess".

Wat kan help om droom te bereik

- Ek dink amper niks - die probleem is te groot.
- Wat die wit gemeenskap betref – "major" invloei van persone van buite - interest van buite - to skud mense uit konserwatisme.
- "We are like one big family but a disfunctional family and we need a family therapist".
- Nuwe perspektief - stop agter die klip poephol - los die Broederbond.
- "Get people out of" bendes en stagnante identiteite.
- As ons witmense wil oorleef in SA moet ons "start with a new language. New sense of nationalism" vir almal.
- Volwassenheid - "arising above your group".

Hindernisse

- "People make me not feel at home".
- Nuwe SA help nie.
- Te veel mense, armoede en werkloosheid.

Die deelnemer het baie spontaan deelgeneem. Hy ervaar dat hy nie werklik deel van die gemeenskap is nie. In die lig van die algemeen geldende sienings wat in die gemeenskap heers, het hy waarskynlik vreemde idees oor verskeie aangeleenthede. Hy ervaar frustrasie omdat die gemeenskap so sterk verskil van sy sienings. Hy is egter nie bang om sy mening te gee nie. Dit was nie vir my duidelik of hy vir homself 'n taak sien om die sienings van die gemeenskap te probeer verander nie. Ek het ook gewonder of hy bereid sal wees om by ontwikkelingsinisiatiewe betrokke te raak.

- ***Deelnemer nege***

Beskrywing van gemeenskap

- Nie slegte gemeenskap nie, maar swak.
- Vroeër het hulle geen inligting gekry nie – hulle het van niks geweet nie en is in die duisternis gehou. Mense dra nie kennis van wat gebeur nie.
- Mense is ywerig om êrens uit te kom.
- Ek is deel van Bergmanshoogte se mense.

Droom

- Werkskepping – as ons mense werke kry, sal daar groot verandering kom. Onnodige dinge soos dronkenskap en steel sal ophou. Dan verdien hy iets en kan vir die kinders sorg.
- Vir kinders wat opgroei, moet 'n speelplek gemaak word, soos 'n speelparkie.
- Huise moet gebou word vir die wat nie huise het nie – te veel mense bly in een huis.
- Beter gesondheidsdienste, byvoorbeeld 'n hospitaaltjie en gereelde besoek van 'n verpleegkundige en die polisie.
- Meer geriewe, soos parkies vir die jongmense.
- Ek wens dronkenskap kan tot stilstand kom.
- Dit wat jy aan ander doen, doen jy aan God en die mense moet dit besef.
- Ons mense weet nie die dinge wat nodig is om te verbeter nie.
- Baie kan bid, Hy sal gee.
- My verlange is dat mense vir hulleself moet staan.

Wat moet gebeur om droom waar te maak

- As daar besighede kan kom wat werk kan verskaf
- Projekte van die studente kan ook werk verskaf.
- As ons die grond het, kan ons self die speelpark maak – werkloses kan betrek word.
- Mense moet ingelig word oor 'n beter manier van lewe. Mense moet gemotiveer word.

Hindernisse

- Sukkel om mense in te lig.
- Mense kan nie vir hulleself staan nie – hulle is nie ywerig nie en stel nie belang nie – kom nie vergaderings toe nie.
- Mense sit met die gedagte dat die nuwe regering iets sal stuur – sit en wag op iemand wat sal kom en doen self niks nie.
- Dronkenskap wat nie ophou nie – te veel drank word verkoop.

Die deelnemer is baie betrokke by haar gemeenskap. Sy het 'n passie vir haar gemeenskap. Sy glo dat die lewe kan verbeter en is self bereid om alles te doen wat binne haar vermoë is om dit te bewerkstellig. Sy besef die nodigheid van opleiding en sê dat sy self verder sou wou leer, maar nie die geleentheid gehad het nie. Ek beleef haar as 'n karaktervolle mens wat 'n atmosfeer van sterkte uitstraal. Sy het by my 'n besondere deernis ontlok.

- ***Deelnemer tien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ek is deel van Bergmanshoogte.
- Die mense is behulpsaam en vriendelik in die hele Philippolis.
- Dit is 'n lekker plek en ook nie so baie lekker nie.

Droom

- Meer plekke waar mense byeen kan kom.
- Werksomstandighede moet verander – daar moet meer plekke waar werk is, kom.
- Meer winkels moet in die dorp en hier kom.
- Koshuis vir die plaaskinders wat hier skoolgaan.
- Beter saal wat vir funksies gebruik kan word.

- Meer huise veral vir die mense wat beknop bly.
- Strate moet geteer word.

Hoe kan die droom bereik word

- Daar moet geld kom.
- Maatskappye moet kom.
- Borge moet gekry word wat die gemeenskap kan help met die bouery.
- Ons kan 'n saal bou as die gemeenskap saamstaan.

Hindernisse

- As daar moeilikheid is.
- Geld is 'n probleem. Daar is te min fondse.
- Werkloosheid.

Die deelnemer vind dit moeilik om hindernisse te identifiseer. By die oplossings is dit asof daar 'n verwagting is dat mense van buite dit moet laat gebeur. Dit is nie duidelik of die deelnemer meen dat sy ook 'n taak het ten opsigte van die ontwikkeling van haar gemeenskap nie.

- ***Deelnemer elf***

Beskrywing van gemeenskap

- Oor die algemeen nie sleg nie – hulle moet net die regte leiding kry hoe om te reageer.
- Regte gesindheid – mense sal nie met jou interfeer nie.
- Is rustig – blank en nie-blank en swart mens – rustige plekkie om in te bly.

Droom

- Daar kan dinge verbeter word alhoewel die strate lyk tog mooi.
- Mense moet nader aan mekaar leef en mekaar beter verstaan.
- Meer aandag en liefde moet aan mekaar gee.
- Liefde en vriendskappe kan uitgebou word, dan is dit soos 'n klipgebou wat baie sterker is.
- Ek wil nie so alleen wees nie.

Hoe kan die droom bereik word

- Meer byeenkomste gehou word waar mense met mekaar kan gesels en so sal hulle mekaar later vind.
- Wanneer mense mekaar gevind het, word jy soos boom wat goeie vrugte dra.

Hindernisse

- Mense wat drink maak dat hulle weg van mekaar af leef.
- Mense wat drink gebruik woorde wat jy nie kan hou nie.

Die deelnemer se vrou is twee jaar gelede oorlede en hy verlang nog baie na haar. Hy is baie alleen en dit is asof hy moeilik op die gemeenskap fokus, maar meer van sy eie verlange en hartseer bewus is.

- ***Deelnemer twaalf***

Beskrywing van gemeenskap

(Op hierdie vraag het die deelnemer 'n geskrewe stuk gaan haal en dit vir my gegee.)

- 'n Klein en arm gemeenskap vol behoefte, probleme en onsekerheid oor die toekoms en wat dit inhou vir elkeen.
- Die grootste behoefte is werkloosheid wat armoede veroorsaak en die toekoms donker laat lyk en daarmee gaan honger gepaard.
- Baie gesinne slaap baie nagte sonder kos. En al die spanning wat dit veroorsaak bring mee dat ouers diep in die bottel begin kyk. Kinders begin uit die skool bly, want hulle is honger en het nie skoon klere nie of seep om hulleself te was nie.
- So gaan baie se gesondheid ook ten gronde as gevolg van wanvoeding, want die liggaam kry nie alles wat hy nodig het om staande te bly nie.
- In baie huise is daar selfs 'n oorbevolking wat ook meebring dat daar baie siekte ontstaan.
- Jongmense begin ook vir hulle vergryp aan die drank, want daar is nie buitemuurse aktiwiteite om hulle mee besig te hou nie. So raak jongmense betrokke by sekere misdade, soos inbraak, diefstal en dwelms, want dit is wat die leeglê en niks te doen het nie, veroorsaak. Gelukkig is dwelms nie so 'n probleem hier in ons gemeenskap nie.

- 'n Ander rede vir al hierdie gedrag van kinders is die oorsaak daarvan: Die kind kry nie die nodige aandag, liefde en 'n oor om te luister as daar 'n probleem opgeduik het nie. As hulle al hierdie dinge by die huis kry, sal hulle ook die begeerte kan afskud om in die straat en by vriende te wil wees. Soms soek hulle raad by vriende en dan kry hulle soms verkeerde raad en so dryf hulle al hoe verder.
- Baie ouers kom nie agter hoe groot skade hulle hulle eie kinders besorg nie.
- Hulle kinders skaam hulle baie keer vir hulle ouers en word soms vernederd. Dit maak van die soort kinders 'n wrak. Die kind is soms so verpletter dat hy voel dis nie die moeite werd om mens te wees nie om verder te leer of te leef nie. Dis hoekom daar selfs so baie selfmoordpogings is.
- Baie ouers kom dronk by die huis aan en nou kom vloek en skel hulle oor ou goed wat al verby is. Die gevolg is dat die kind was besig met skoolwerk en wat beteken hy sal nie meer kan konsentreer nie en dit maak dat hy pad gaan vat vriende toe. Later het hy nie meer lus om by die huis te wees nie, want hy is nou al gewoond daaraan dat ma en pa weer net kom raas as hulle kom. So dryf die kind meer en meer weg van die huis en later bly hy nie eens meer by die huis nie. Nou is daar nie meer 'n tikkie ouer en kind verhouding oor nie en die kind begin ook te praat soos hy wil met die ouers. Nou kom en gaan hy ook soos hy wil.
- As 'n ouer nie respek vir homself het nie kan hy nie 'n kind ordentlik opvoed nie.
- 'n Kind wil verseker wees. Hy wil sekuriteit hê. Hy wil geken wees. Hy wil liefde en aandag hê. Hy wil belangrik voel. Hy wil soms bietjie bederf wees.
- Die een ding wat mense baie keer nie verstaan nie is dat al is daar nie kos nie, as 'n gesin mekaar ten volle het, is niks onmoontlik nie. Julle kan saam knieë toe gaan en God aanroep wat gesê het roep My aan in die dag van benoudheid en Ek sal julle uithelp en julle moet eer.
- God wil ook nie hê ons moet ontevrede wees as ons nie kan kry wat ons begeer nie. I Tim 6:8 sê: As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees.
- Dit alles beteken dat as ons gemeenskap meer na aan God lewe sal ons alleenlik as beter mense anderkant kan uitkom. Want dan het ons iemand wat vir ons laste dra en vir ons sorg. Dit is so wonderlik om net te weet dat daar iemand is wat vir jou omgee. Iemand wat saam met jou smart deel saam met jou huil saam met jou treur en weer wanneer dit goed gaan, saam met jou kan lag.

- Omdat God ons so onherroeplik liefhet, stuur Hy iemand na ons gemeenskap met ywer, wilskrag, wysheid en liefde vir haar naaste, dominee Carin van Schalkwyk. Ek kan haar amper beskryf as 'n lig anderkant die donker.
- As jy soms loop en dit word donker gaan jy nie meer lekker loop of sien nie. Nou gaan jy struikel en soms val ook want dit is stikdonker. Jy begin nou te bid dat dit moet lig word. En groot is die vreugde wanneer daar lig uitstraal. So is dominee Carin 'n ligstraal in die donker. Sy deel in almal se smart, wit, bruin, en swart. Sy soek nie uit nie. Sy gee as dit gegee moet word. Sy help waar moet gehelp word. Sy doen wat moet gedoen word. Sy deel selfs in elkeen se nood. En van die talle mooi dinge van haar is dat sy nie sê iets moet gedoen word nie - sy doen dit. Sy maak ook nie beloftes wat sy nie by kom nie. Sy het 'n "oop" hand en hart. Haar ywer, geloof en liefde het klaar soveel verandering in die gemeenskap gebring. Daar is selfs tog lewe nadat die toekoms baie donker gelyk het. Net om na haar te kyk wat so voluit lewe vir haar naaste en doen en gee, gee jou klaar 'n hupstoot om aan te kan gaan sonder geld. Sy begin 'n sopkombuis wat weer vir baie minder gegoedes en minder bevoorregtes help. Sy bedel as't ware tussen boere vir vleis en nog meer om honger magies te vul. Baie keer is daar maar net droë pap en nou help die sop darem. Sy het soveel kinderhartjies verbly, want baie wat haweloos was, is nou deel van 'n gelukkige gesin. So baie mense het meer openlik begin raak deur haar te vertrou met hulle probleme en tekortkominge, want sy reik uit na almal selfs klein en groot. Bejaardes se gesondheid is selfs beter om die rede dat hulle meer by die kliniek uitkom vir hulle opvolgmedikasie, want hulle word gery tot daar en terug - gratis. Waar daar siekte is daar sal jy vir dominee Carin kry. Sy staan elke familie by. Dit laat my dink aan 'n onlangse geval waar iemand aan 'n dodelike siekte gely het. Sy was vir die familie 'n ware steunpilaar in tye van nood dag en nag. Soms moes sy uit haar warm bed maar altyd vol liefde en altyd behulpsaam. En ek dink dit is daardie ware liefde wat jou sterk maak en jou in staat stel om enige iets aan te kan pak. Die Bybel sê kennis maak verwaand, maar liefde bou op I Kor. 8:1. Sy het hierdie familie haar volle steun gegee tot aan die einde van haar lewe, haar afsterwe. So is 'n kruk soms twee krukke vir die gemeenskap van Bergmanshoogte.
- Die gemeenskap sukkel al jare lank vir 'n kleuterskool want die saal wat hulle tans gebruik is so onveilig in die sin dat niks daar geberg kan word nie want daar word telkemale ingebreek. Weer het ds Carin groot verligting en blydskap gebring deur dat

sy oral aangeklop het vir hulp. Stene is al gekry asook vervoer om die stene te vervoer tot in die dorp. Daar is selfs 'n argitek wat haar hulp gratis aangebied het, mevrou Weideman.

Droom

- Ek kan dit amper nie sê nie.
- Kommunikasie, vrede, liefde - die Bybel sê as jy daardie gesindheid het, het jy engele gehuisves.
- Aan die een kant word dit moeilik as jy sien ander kry swaar - ons moet dan een word sodat ons na mekaar se behoeftes omsien.
- Wanneer mens een word soos 'n huisgesin - dan dink 'n mens soos 'n tweeling saam en dieselfde. Jy weet wat het die ander nodig. Dit is dan nie nodig om te vra wat ander nodig het nie.
- Werk as daar werk kan kom sal die behoeftes minder wees.
- Daar is een groot probleem wat ek wens ek kan oplos. Daar is so baie kinders wat nie skoolloop nie. Wanneer jy ongeletterd is, is dit nog moeiliker om werk te kry - my verlange is dat almal moet kan geleerdheid hê.
- Ek wens ek het 'n huis gehad waar ek kinders kan huisves.

Hoe kan die droom bereik word

- Net geloof - as jy iets aanpak en jy het geloof sal jy anderkant uitkom.
- Samewerking.
- Jy moet self iets doen - jy moet ywer hê. Help nie net om te droom nie en niks te doen nie.

Hindernisse

- Daar is een groot ding en dit is ongeregtigheid.
- Kinders wat nie skoolloop nie. Dit is die ouers self wat veroorsaak dat die kinders nie skoolloop nie. Hulle veroorsaak die toestande. Hulle gee nie aandag en liefde aan die kinders nie en dan gaan soek hulle dit op verkeerde plekke.

- Drankmisbruik maak dat kinders rondloop. Ek weet nie hoekom mense toevlug na drank neem nie - maak net probleme meer - help nie om jou toevlug na drank te neem nie. Hulle kom nie agter wat hulle aan hulle eie kinders doen nie.

Die deelnemer is baie ernstig dat veranderings in die gemeenskap moet plaasvind. Sy motiveer haar sienings baie sterk vanuit 'n geloofsoortuiging. Dit is asof sy 'n passie het vir haar gemeenskap, veral die kinders. Sy sien vir haarself ook 'n taak in die ontwikkeling van die gemeenskap. Die deelnemer straal warmte uit en toon 'n groot mate van sorgsaamheid teenoor die mense in haar gemeenskap.

- ***Deelnemer dertien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Philippolis is 'n klein plekkie. Daar is min mense, maar so klein as Philippolis is, is daar iets wat nie mooi is nie. Daar is nie liefde hierso nie. Mense van Poding hulle wil nie hê dat ander moet kan opgaan nie. Daar is jaloersheid by die meeste mense.
- Ons is arm. Dit is arm mense se plek die, maar darem nie almal nie. Ons is arm omdat ons nie werk het nie, veral die jongmense.
- Wat baie sleg is omdat daar nie werk is nie – die jongmense gaan in die moeilikheid in, want hulle word dronk en doen slegte dinge.
- Mense wil hê hulle kinders moet geleer word, maar omdat hulle niks het nie, kan hulle nie.
- Mense probeer om werk te maak, maar besigheid is swak. Dan word mense moedeloos en kom nie vorentoe nie. Hulle word dan dronk en doen snaakse goed wat nie mooi is nie.
- Mense hou van kerk, maar raak moedeloos want hulle wil geld hê by die kerk en die mense het nie geld vir kollekte nie. Hulle het nie geld vir kos nie en gaan dan nie kerk toe nie.
- Jy moet kerk toe gaan, want Salomo het die kerk gebou sodat die Here daar geprys kan word. Hulle moet stil bly van die geld by die kerk.

Droom

- Werk vir die jongmense.

- Mense moet mekaar liefhê. Die liefde maak wonderlike dinge.
- As die jongmense goed kan doen, byvoorbeeld, op komitees wees en opleiding kry sal dit hulle uit die kwaad hou. Positiewe aktiwiteite wat hulle positief maak.
- Sokker speel.

Hoe kan die droom bereik word

- Besighede moet beter koördineer dan sal hulle beter doen. Daar is te veel klein besighede wat dieselfde goed verkoop.
- Vroue en oumense moet bymekaarkom en sosiaal goed saamdoen.
- Ons moet 'n "society" (ondersteuningsgroep) maak en dan deel ons kruideniers uit waar dit nodig is.

Hindernisse

- Plek is te klein.
- As mense honger is, bly jy kwaad vir enige iemand.

Die deelnemer is begaan oor haar gemeenskap, maar die indruk word verkry dat sy nie baie aktief by aksies betrokke is nie. Alhoewel die deelnemer te kenne gee dat ons in Afrikaans kan kommunikeer, was daar momente in die gesprek wat taal tot gebrekkige begrip en interpretasie gelei het. Ek beleef haar as 'n persoon wat respek afdwing en waardevolle bydraes tot die ontwikkeling van die gemeenskap kan maak.

- ***Deelnemer veertien***

Beskrywing van die gemeenskap

Die deelnemer beskryf haar gemeenskap soos volg:

- Dit is 'n goeie plek en ek het nog nie gesien dat mense regtig snaakse goed doen nie.
- Hier bly goeie mense.
- Hier is nie werk nie.
- Mense praat te veel onder mekaar van mekaar dit lei tot bakleiery.
- Die polisie drink saam met die mense en dan tree hulle nie eerlik en regverdig op nie.
- Soms is ek bang mense kan my verkrag.

Droom

- Die gemeenskap moet die mense wat hulle help, respekteer.
- Daar moet beter samewerking met die polisie wees.
- Die mense moet saamwerk met die mense van die kliniek en hulle respekteer.
- 'n Ouetehuis sal baie help vir ou mense wat niemand het wat na hulle kan omsien nie.
- Die polisie moet die ou mense beskerm en ophou drink.
- Die polisie moet so optree dat 'n mens hulle kan vertrou.
- Ek sal graag 'n inkomste wil hê. As ek 'n werk kan kry, sal dit baie help.
- Die mense moet beter met mekaar saamwerk.
- Die mense moet weer vir die Here 'n plek gee.

Hoe kan die droom bereik word

- Die polisie moet die waarheid praat en regverdig wees.
- Die mense moet saamwerk met die polisie.
- As ek 'n winkeltjie kan oopmaak, kan ek 'n inkomste kry.
- As die mense in die Here glo, dan sal Hy jou help met alles wat jy wil doen.

Hindernisse

- Ou mense word sleg deur hulle kinders behandel. Die kinders vat die ou mense se geld.
- Mense kan nie ooreenkom nie. Die een wil belangriker wees as die ander een.
- Polisie wat nie eerlik is nie en saam met die mense drink.
- Die baie suipery van die mense.
- Mense gaan baie dood.

Die indruk is verkry dat die deelnemer 'n groot behoefte het om oor persoonlike sake te praat. Sy waardeer egter die geleentheid om in gesprek te tree en bepaalde knelpunte in die gemeenskap uit te wys. Die deelnemer gee ook die indruk dat sy graag sou wou betrokke raak om die omstandighede in die gemeenskap te verbeter.

- ***Deelnemer vyftien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Die dorp is 'n klein, lekker, stil plekkie.
- Die mense van die swart- en bruinwoonbuurt het nie inligting om hulle te beskerm nie.
- Mense is lui en sit by die sjebiens en drink. Hulle eet dan nie gesond nie en baie word siek as gevolg daarvan.
- Mense het nie inligting oor 'n "cleaning environment" nie.
- Welsyn het gehelp dat die gemeenskap groentetuine het.

Droom

- Daar moet 'n "workshop" gehou word oor menseregte sodat die mense kan weet wat hulle regte is.
- Daar moet ook 'n "workshop" gehou word om aan die mense inligting te gee oor die omgewing.
- Die kleintjies moet geleer word om omgewingsbewaring toe te pas en om 'n gesonde lewe te hê.
- Velle van bokke kan vir die vroue gegee word wat naaldwerk doen om tradisionele klere daarvan te maak Daar kan ook tradisionele huise gebou word. So kan die kultuur aan toeriste gewys word.
- Daar moet beter kommunikasie tussen die verskillende groepe kom en beter onderlinge respek vir mekaar se kulture.
- Parke kan mooi gemaak word en die gemeenskap moet daarby betrokke raak.

Hoe kan die droom waar word

- Ouers moet betrek word en ingelig word sodat hulle weer die kinders kan leer.
- Na die biduur kan inligting aan die vroue gegee word.
- Net na die donkerskool kan die jonges ingelig word oor tradisionele dinge.
- Munisipaliteit, met ander woorde die raad, moet vergaderings hou om die kommunikasie te verbeter.

Hindernisse

- Die raad werk nie saam nie.

- Die politieke partye opponeer mekaar op so 'n manier dat al die aksies staan. Niks vorder nie.

Die deelnemer is baie begaan oor omgewingsbewaring. Hy toon 'n sterk bereidwilligheid om ontwikkelingsaksies te laat slaag en self aktief daarby betrokke te raak. Ek het hom beleef as 'n persoon wat gemotiveerd is om saam te werk ten einde die groter gemeenskap se belange te bevorder.

- ***Deelnemer sestien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ek verstaan nie eintlik mooi hoe om te sê nie.

Droom

- Dit moet altyd goed gaan.
- As ons net nader aan die skool kan bly.
- Ek sal graag wil hê my kind moet verder leer vir 'n dominee of so iets.
- Ek wil net genoeg geld kry om vir my kinders 'n goeie lewe te kan gee.

Hoe kan die droom bereik word

- Vra na God en loop gereeld kerk. As ons bid en iets vra, kan die Here ons help.
- Jy moet langer bly by die plek waar jy werk.
- Ons moet geld spaar.

Hindernisse

- As ek my werk verloor. As ek nie my werk goed doen nie en nie in die werk is nie.
- As ek nie tevrede met die geld is nie.

Die deelnemer vind dit onmoontlik om 'n beskrywing van sy gemeenskap te gee. Dit is asof hy nie begryp dat hy deel van 'n gemeenskap is nie en wie almal deel van die gemeenskap vorm nie. Gevolglik is sy drome ook hoofsaaklik op homself en sy gesin gerig. Hy dink nie ingewikkeld nie, maar baie konkreet.

- ***Deelnemer sewentien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ons is deel van al die mense van Philippolis - ons mense by Poding-Tse-Rolo.

Droom

- As ons kan netjies wees en die strate skoon hou en as die mense kan ophou drank gebruik, sal dit beter gaan.
- Dit sal goed wees as ons strate geteer kan word en as al die dele ligte kan kry, want die deel wat ek bly is donker in die aand.
- Mense van al die gebiede moet saamwerk. Ons moet mekaar respekteer. Ons kinders moenie in die strate loop en raas en die mense kwaad maak nie. Ons moet ook in die winkels eerlik wees.
- As daar tog net kan werk kom vir die mense sal dit baie help.
- Daar is te veel "tarverns" vir so 'n klein dorpie. Ons mense gebruik te veel drank en die kinders ly daaronder. Die jonges ly ook daaronder. In plaas daarvan dat hulle iets koop, gaan hulle "tarverns" toe.

Hoe kan die droom bereik word

- Die werk wat daar is soos die bakkery, naaldwerk en hoenderboerdery gee net vir 'n paar mense werk. Dit moet kan meer word.
- Daar moet 'n vergadering gehou word en papiere uitgegee word in die lokasie dat hulle 'n kompetisie hou vir die straat wat die mooiste en netjieste is. Hulle "yarde" moet ook netjies wees.
- Daar moet mooi kommunikasie tussen die mense kom.
- By die "tarverns" moet hulle op die bord skryf dat daar geen kinders en jongmense mag kom nie anders maak ons die "tarverns" toe.
- Die "tarverns" moet ook net 'n sekere tyd oop wees.
- Die mense moet betaal vir hulle water en ligte, want dan sal daar geld wees om die paaie te teer en nog ligte daar te sit.

Hindernisse

- Gebrekkige toerusting

- Mense weet nie wat hulle moet doen nie.

Die deelnemer openbaar 'n aangename, positiewe gesindheid van samewerking. Sy wil nog bepaalde waardes handhaaf en meen dat daar goeie samewerking tussen almal kan kom. Ek het die aanvoeling gekry dat sy sal deelneem aan projekte wat veral kan lei tot die behoud van goeie waardes. Sy is baie vriendelik en samewerkend en nie noodwendig onderdanig nie.

- ***Deelnemer agtien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ons is 'n klein gemeenskap en daar woon bruinmense en swartes – 'n "rainbow nation".
- Ek kyk nie na mense volgens hulle kleur nie. Ons is almal "God's creations". "When He created Adam he created him in his own image."
- Ons is 'n klein plekkie met net een sportsoort – sokker. Die meeste van die jeug neem nie aan sport deel nie. Ons is 'n "disadvantage" gemeenskap.

Droom

- Sportsoorte soos krieket en tennis kan ook in ons gemeenskap kom. Daar sal jeug wees wat daarin belangstel.
- "I would like that we leave all these negative thoughts that we are disadvantaged."
- "I would like that the youth would stick to education".
- Die kinders wat so in die lokasie rondloop, moet skool toe geneem word. Dan sal ons sukses behaal.
- "Without education there is no future."

Hoe kan die droom bereik word

- Ons moet saam staan en by die tafel gaan sit en ons probleme bespreek, dan die probleme analiseer en oplossings soek en dit uitvoer.
- As daar meer sportsoorte kan kom en die jeug kan goed presteer, sal dit hulle motiveer om deel te neem.

Hindernisse

- Wanneer jy iets goeds wil doen, is daar altyd diegene wat negatief is.
- As die persone wat negatief is die meerderheid beïnvloed, sal daar net mislukking wees.

Die deelnemer is jonk en vol entoesiasme. Hy is gemotiveerd en vasberade om iets in sy gemeenskap te laat gebeur. Dit is duidelik dat sy sienings van 'n breër visie getuig as wat by van die ander deelnemers opgemerk is. Die deelnemer sal waarskynlik 'n belangrike rol kan speel in verdere ontwikkelingsaksies veral wat die jeug betref.

- ***Deelnemer negentien***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ons bly by die plase en praat Afrikaans. Verder weet ek nou regtig nie.

Droom

- Ons moet kerk toe kan gaan.
- As die Here net die kinders se lewe langer kan maak en dat hulle minder stout sal wees.
- Ons moenie weer ver trek nie.
- Die kinders moet vorentoe gaan met die skool.
- Ek wil goed werk by die nooi.

Hoe kan die droom waar word

- Ons moet net bid vir die Here.
- Al wat my kan help is net die Here.

Hindernisse

- Ons het nie rygoed of 'n geleentheid om kerk toe te gaan nie.
- Ongehoorsaamheid aan die Here gaan moeilikheid gee.
- As ek verkeerd werk.

Vriendelike vrou wat haar ideale hoofsaaklik om haar gesin bou. In haar eenvoud beleef ek haar as opreg met die potensiaal om op sekere vlakke baie te ontwikkel, byvoorbeeld om 'n mate van geletterdheid te bekom.

- ***Deelnemer twintig***

Beskrywing van die gemeenskap

- Ek is deel van almal in Philippolis.
- Die lewe is taai, sommer heel taai. Ons sukkel met werk. Geld is skaars.
- Hier is wit- en swartmense. Ons is enerste tipe mense.
- Onse swart mense sleep hulle se voete. Dis waar swaarkry vandaan kom. Dit is mense wat graag iets wil besit, maar hulle sleep hulle voete.

Droom vir die gemeenskap

- Ek wens ons moet gelukkig lewe. Vorentoe gaan en hard werk.
- As ons kan samewerking hê tussen die mense sal ons 'n ding kan doen. As Philippolis se mense net wil saamwerk.

Hoe kan die droom bereik word

- Ons moet kan uithou.
- As die mense sukses kan hê, sal hulle kan inkom in die stroom.

Hindernisse

- As mense sien jy wil iets doen en gaan aan, dan probeer hulle teen jou werk. Dit maak dit moeilik.
- Mense hardloop vir geld, maar wil nie werk nie.
- Mense wil nie verantwoordelikheid vat nie.

Alhoewel die deelnemer reeds 'n bejaarde persoon is, toon hy entoesiasme en 'n ywer om omstandighede in die gemeenskap en spesifiek sy eie omstandighede, steeds te verbeter. Sy ywer het my geraak asook sy werksetiek dat jy alleen sukses kan behaal as jy hard werk.

8.6.3 Identifisering van belangegroepe

Tydens die betreding van die gemeenskap en verskillende gespreksgeleenthede het 'n proses ontwikkel waartydens verskillende belangegroepe algaande geïdentifiseer is. Geleidelik het die betrokkenes by die totale proses van deelnemende-aksie betrokke geraak. Aangesien daar eers sedert die begin van 2000 aktief in die woongebied, Poding-

Tse-Rolo inbeweeg is, is die belangegroepe eers daarna geïdentifiseer en het toe hulleself in komitees georganiseer. Die volgende groepe het spontaan na vore getree.

Bejaardes

In al drie segmente van die gemeenskap, naamlik Bergmanshoogte, Poding-Tse-Rolo en die dorpsgebied van Philippolis, het die bejaardes komitees gestig ten einde na hulle belange verder om te sien.

Jeug- en rekreasiegroepe

In Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo is afsonderlike jeugkomitees gestig. In Philippolis se dorpsgebied woon daar slegs enkele jongmense. Byna alle hoërskoolkinders woon skole in Bloemfontein by en vorm nie werklik 'n integrale deel van die dag tot dag gemeenskapslewe in die gebied nie.

Vroue

Alhoewel die vroue as 'n duidelike belangegroep na vore getree het, het hulle eers sedert 2000 hulleself in 'n komitee georganiseer.

Kleuterskole

Met ons inbeweeg in die gemeenskap het daar reeds onderskeidelik kleuterskoolkomitees in sowel Bergmanshoogte as Poding-Tse-Rolo bestaan.

Werkloses

In beide gemeenskappe van Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo is komitees gevorm om na die belange van werkloses om te sien. In Poding-Tse-Rolo het 'n groepie vrywilligers spontaan sonder enige insette van my of die studente, self 'n komitee gevorm.

Miv /vigs

'n Groep vrywilligers het 'n komitee gevorm om die verspreiding van MIV/VIGS te voorkom. Hulle het dit ten doel om aan alle VIGS-verwante sake aandag te gee.

Bemarkers en ondersteuners van projekte

Enkele persone van die Philippolis dorpsgebied wat lede is van Philippolis Promosies het spontaan en vrywillig betrokke geraak by die totale ontwikkelingsinisiatief. Hulle stel hulle kundigheid en vaardighede tot beskikking van gemeenskapslede wat inisiatief neem om projekte aan te pak, byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n drukkery.

Groep professionele persone

Dié groep wat veral op inisiatief van die leiers van 'n enkele politieke byeengeroep is, het geleidelik onaktief geraak.

Plaaswerkers

Na aanleiding van die gespreksgeleenthede met plaaswerkers is verskillende komitees volgens die plaaswyke gevorm. Dié komitees het nog nie werklik tot verdere aksie oorgegaan nie.

Versorgers van terminale siek mense

Na afloop van 'n kursus wat deur lede van die Kankervereniging aangebied is, het die kursusgangers spontaan 'n versorgingsgroep gevorm wat verantwoordelikheid aanvaar vir die versorging van terminale siek mense, asook die opleiding en ondersteuning van potensiële versorgers.

8.6.4 Die eksternalisering van dominante stories

Die eksternalisering van dominante stories het geleidelik begin tydens gespreksgeleenthede met kleiner belangegroepe in die gemeenskap. Dié kartering ("micro-map") van die dekonstruksie van dominante stories sal waarskynlik voortduur na gelang verskillende belangegroepe daarvoor gereed word en na aanleiding van die manifestasie van nuwe dominante probleemge-oriënteerde narratiewe. Van die gespreksituasies wat op eksternalisering uitgeloop het, is, onder andere, die volgende:

8.6.4.1 Skoolsessies – hoër skool

Tydens die skoolsessie met personeellede van die hoër skool waartydens hulle vertel het van die omstandighede by die skool wat ondraaglik geword het, is daar aan die groep die geleentheid gebied om hulle situasie te eksternaliseer deur daaraan 'n naam te gee. Hulle was dit eens dat dit as 'n BODEMLOSE SWART GAT beskryf kan word. Saam is daar

gepoog om te bepaal watter boodskappe die Bodemlose Swart Gat aan hulle sein en watter effek dit op hulle het. Die groep het die volgende boodskappe geïdentifiseer:

- Jy kan nie dissipline handhaaf nie.
- Ons/ek is nie goed genoeg nie.
- Jy is magteloos, jy kan niks daaraan doen nie.
- "No vision/hope". Daar is nie hoop nie.
- Daar is nie geld nie en dit maak dit moeilik.
- Daar kan net visie gegee word en die "self esteem" kan net gebou word as daar geld is. Sonder die nodige fondse is ons hande afgekap.

Toe daar aan die groep die geleentheid gegee is om aan te dui wat hulle meen die invloed van die Bodemlose Swart Gat se boodskappe op hulle is, het hulle die volgende genoem:

- Dit maak my ongemotiveerd.
- Dit plaas jou in 'n ongewensde posisie op die Maslow-behoefteskaal.
- Verder het dit tot gevolg dat die kinders jou misbruik.

Hierna het die bespreking ontwikkel tot die punt waar die groep geleidelik op die teenoorgestelde van die geëksternaliseerde situasie kon kyk en is daar begin om unieke uitkomste te ondersoek.

Die deelnemers het spontaan aan die eksternalisering van hulle probleemgedomineerde storie deelgeneem en op kreatiewe wyse hulle probleemsituasie geëksternaliseer. Dit was duidelik dat hulle in die proses hulle verhaal toenemend meer omvattender beskryf het. Verder is dit asof hulle besef het dat die geëksternaliseerde probleem buite hulleself staan en bepaalde invloede op hulle en die skool as geheel, uitoefen. Hulle het dus 'n mate van gereedheid getoon om meer beheer oor die Bodemlose Swart Gat te kry. Na afloop van die sessie was dit asof daar meer hoop by die deelnemers begin posvat het.

8.6.4.2 Skoolsessie – laer skool

Tydens die gesprek met die personeel van die laer skool in Bergmanshoogte het eksternalisering in 'n mate plaasgevind toe deelnemers uitdrukking gegee het aan die effek wat die knelpunte wat hulle ervaar, op hulle het. Alhoewel die skoolhoof op 'n vroeë

stadium van die bespreking te kenne gegee het dat daar nie net op die negatiewe gelet moet word nie, het die deelnemers redelik spontaan aan die interaksie deelgeneem en die volgende negatiewe invloed aangedui wat die knelpunte op hulle uitoefen.

Die negatiewe invloed van die knelpunte is soos volg deur die deelnemers beskryf:

- Dit mergel ons uit.
- Dit maak ons moedeloos – dit laat jou voel asof jy niks vermag nie. Dit is sleg vir jou selfbeeld en laat jou voel asof jy faal.
- Dit het 'n negatiewe invloed op vordering.
- Frustrasie word deur die knelpunte in die hand gewerk.
- Later raak dit moeilik om die positiewe raak te sien.
- Dit laat jou skuldig voel.
- Ons word onder baie druk geplaas.
- Dit is moeilik om die stoutes lief te hê.

Nadat die skoolhoof versoek het dat daar ook op positiewe aspekte gelet moet word, is die volgende aangedui:

- Meer begrip vir kinders se omstandighede word geskep.
- Daar word meer vir die kinders gebid en gebedsverhoring vind plaas.

Laasgenoemde positiewe aspekte sou as moontlike unieke uitkomste kan dien vir die ontwikkeling van nuwe narratiewe oor die skoolsituasie.

Alhoewel die deelnemers nie hulle probleemsituasie prominent geëksternalisser het deur, byvoorbeeld, daaraan 'n naam te gee nie, het hulle wel die invloed wat die knelpunte uitoefen, geïdentifiseer. Weens die hoof se vermaning dat daar nie net op die negatiewe gefokus moet word nie, was dit asof die deelnemers se spontane uitdrukking van hulle vertellings, gedemp is. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat die probleemsituasie nie behoorlik geëksternaliseer is nie.

8.6.4.3 Werksessie met werkloses van Bergmanshoogte

Om nie 'n werk te hê nie is deur die teenwoordiges as 'n MONSTER beskryf wat die volgende effek op hulle het:

Dit laat ons swaar kry en daarmee word bedoel:

- Ons kinders ly honger en ook ons grootmense.
- Dit maak dat jy gaan steel. Dan beland jy in die tronk. Jy kry dan kos, maar nie jou kinders nie. Hulle sit dan by die huis sonder kos en dit is vreeslik om te weet hulle het nie kos nie.
- Die kinders kan nie in die skool konsentreer nie en dit maak dat hulle swak op skool doen.
- Dit laat ons drink, want dit is 'n manier om te vergeet van al die swaarkry.
- Dit maak dat jy 'n pyn in jou hart kry.
- Mense raak maklik siek en later sterf jy.

Op die vraag wat die MONSTER vir jou van jouself sê, is daar soos volg gereageer:

- Jy voel baie seer.
- Jy voel 'n mislukking.
- Dit laat jou voel asof jy niks kan regkry nie.
- Dit maak jou baie moedeloos.
- Dit maak jou baie bekommerd.
- Jy dink verkeerde goed en later doen jy ook die verkeerde goed.
- Jy word maklik kwaad en baklei maklik.
- Jy kan ook nie slaap in die nag nie.
- Jy voel sleg teenoor die kinders.
- Jy is bang.
- Jy het nie krag om iets te doen nie.
- Die kinders breek in en steel kos.

Op die vraag wat ander mense vir jou sê as gevolg van die MONSTER, is daar soos volg gereageer:

- Hulle sê: "Wat gaan nou aan - die kinders en ouers was nie so nie."

- Daar is nie werk nie.
- Jy wil nie werk nie.
- Die ander mense verstaan my nie.

Op die vraag wat doen die MONSTER aan my gesin, het hulle soos volg gereageer:

- Die kinders raak opstandig.
- Dit maak die kinders skelm.
- Dit laat die kinders bedel.
- Die kinders wil weggaan.
- Almal is ongelukkig – daar is geen vrede nie – net hartseer.
- Jy voel jy is nie 'n goeie ma (ouer) nie.
- Die kinders gaan gou uit die skool uit en woon nie skool gereeld by nie – hulle het ook nie hoop nie.

Op die vraag wat die MONSTER aan die gemeenskap doen, het die volgende reaksies gevolg:

- Ons het nie water nie, want ons kan nie betaal nie.
- Dit maak die mense moedeloos
- Dit bring ongelukkigheid tussen die mense – dit lei tot moeilikheid tussen die mense.

Die eerlike en openlike wyse waarop die deelnemers hulle werklikheid uitgespel het betreffende die effek van werkloosheid op hule lewe, was vir my aangrypend. Hulle het spontaan die probleem van werkloosheid geëksternaliseer en kon met die MONSTER begin kommunikeer. Dit kan as 'n eerste draaipunt gesien word in die vernietigende invloed van werkloosheid op die deelnemers. Hulle het geleidelik besef dat werkloosheid iets buite hulle persoon is – iets wat hulle kan beveg.

8.6.5 Die herskryf van stories

Volgens White (1998a) kan daar vanaf eksternalisering verder beweeg word na die herskryf van stories wat inhou dat unieke uitkomste benut word om 'n nuwe storie te ontwikkel wat die probleemgedomineerde verhaal kan vervang. Slegs enkele groepe in die gemeenskap het al tot die stadium beweeg waar die ontwikkeling van nuwe stories kon

plaasvind. Die deelnemers van die hoër skool was van die eerste groepe wat ten opsigte van sekere aspekte van hulle narratief na die ontwikkeling van 'n nuwe storie kon beweeg.

8.6.5.1 Skoolsessie hoër skool

Tydens die eerste gespreksgeleentheid met die onderwysers van die skool het die bespreking gevorder tot die identifisering van unieke uitkomste en die begin van die skryf van 'n nuwe storie.

Na aanleiding van die deelnemers se verhaal waarin die probleme wat ervaar word as 'n Bodemlose Swart Gat beskryf is, kon hulle geleidelik begin fokus op 'n tema wat die teenoorgestelde impliseer. Hulle het gesê dat teenoor die boodskappe van die Bodemlose Swart Gat, die LIG staan. Die Lig sein ook andersoortige boodskappe as die Bodemlose Swart Gat. Van die boodskappe wat die Lig gee, is die volgende:

- Ons kan visie gee aan die kinders – dit is moontlik.
- Daar is geleenthede/moontlikhede om "self esteem" te bou.
- Daar is genoeg potensiaal.
- Daar is maniere om die kinders beter te verstaan.
- Kinders het potensiaal.

Die sessie is afgesluit en die onderwysers kon gaan verder dink hoe die "ligboodskappe" kan groei. Die unieke uitkomste soos verwoord in die boodskappe van die Lig kan dus nou verder uitgebou word tot 'n nuwe storie. Ek het aan die groep gesê dat ek geraak is deur hulle pogings om onder moeilike omstandighede wel hulle beste te gee ter wille van die belang van die kinders en die skool. Hulle moet oor vaardighede van deursettingsvermoë beskik waarby ander kan leer. Dit alles spel hoop uit. Ek het verder ook vir hulle vertel dat daar 'n gebedsgroep in Bloemfontein is wat spontaan vir die werk in die gemeenskap begin bid het. Dan het ek ook gesê die feit dat die onderwysers iets wil doen om die situasie te verander reeds 'n aanduiding is dat daar 'n proses aan die gang is wat daarop dui dat dinge gaan verander. Aan die einde van die gesprek het ek hulle uitgenooi om indien hulle 'n behoefte het om verder te gesels ek dit graag op hulle uitnodiging sal wil doen. Hierop het die groep te kenne gegee dat die gesprek oor 'n week voortgesit moet word.

Op 27 Augustus 1999 is die gesprek voortgesit en kon die nuwe storie verder ontwikkel word. Daar kon bepaal word in watter mate is die invloed van die geëksternaliseerde probleem beperk en vervang deur alternatiewes. Die gesprek is ingelui deur aan al die teenwoordiges die geleentheid te gee om aan te dui in watter mate is die Bodemlose Swart Gat se boodskappe gehoor is, in vergelyking met die boodskappe van die LIG.

Die onderwysers het 'n verskil gemaak tussen die boodskappe in hulle ervaring van die skool in geheel en in die klaskamer. Ten opsigte van die skool oor die algemeen het die Bodemlose Swart Gat soos volg presteer:

- Drie het aangedui dat die BSG 90% oorheers het teenoor 10% LIG
- Drie het aangedui dat die BSG 80% oorheers het teenoor 20% LIG
- Twee 70% teenoor 30%
- Een 60% teenoor 40%
- Een 50 % teenoor 50%
- Een 30% teenoor 70%

Ten opsigte van die klassituasie was die prestasies van die Bodemlose Swart Gat teenoor LIG soos volg:

- Een 5% teenoor 95%
- Twee 10% teenoor 90%
- Een 20% teenoor 80%
- Een 25% teenoor 75%
- Een 40% teenoor 60%
- Een 90% teenoor 10%.

Die groep het aangedui dat 'n gebrek aan dissipline by sowel kinders as onderwysers en 'n gebrek aan motivering, visie en erns by die kinders moontlike oorsake is waarom die Bodemlose Swart Gat nog so goed presteer.

Daarna het die groep tydens die bespreking gesels oor moontlike redes wat die swak motivering en dissipline by die kinders tot gevolg kan hê. Die aftrede van die vorige skoolhoof word as een van die vernaamste redes vir die swak dissipline gesien, want hy het

op die stoepe geloop en hulle was bang vir hom. Uit die bespreking het die groep sodanige dissipline as eksterne dissipline beskou. Die twee soorte dissipline, naamlik eksterne en interne dissipline, is toe geïdentifiseer. Dieselfde geld ook vir motivering. Hierna het die groep bespreek waarom sou die kinders nie interne dissipline en motivering hê nie. Die volgende redes is uitgewys, naamlik:

- Werkloosheid in die land – hulle het dus nie die vooruitsig dat hulle ooit 'n werk sal kan bekom nie.
- Daar is nie geld vir hulle om te gaan studeer nie.
- Daar is nie hoop nie
- Alles bly soos dit is.
- Swak huislike omstandighede – daar is geen oplossing vir hulle situasie nie.

Die bespreking is verder gevoer en die groep het besef dat dit redes is wat hulle meen moontlike redes sou kon wees, maar die vraag is wat sê die kinders self. Die volgende twee vrae is toe bespreek:

- Wat veroorsaak ongemotiveerdheid?
- Wat verhinder die kinders om hulle doel te bereik?

Die groep het besef dat die twee vrae verskillende hoeke bied vanwaar daar na die problematiek gekyk kan word. Die eerste vraag bring antwoorde wat aan die kind 'n bepaalde identiteit besorg van iets soos "stout", "onverantwoordelik", "mislukking", "onbeheerbaar", ens.

Die tweede vraag bied egter 'n ander scenario. Die kind word dan as 'n mens gesien wat wel 'n bepaalde doel het wat hy wil bereik, maar dit moeilik vind weens bepaalde faktore wat 'n rol in sy lewe speel om die verantwoordelikheid op te neem en die doel te bereik. Sodanige siening het tot gevolg dat daar respek vir die kind as mens is, alhoewel sy optredes nie noodwendig goedgekeur word nie. DAAR IS OOK NOU HOOP, WANT DIE KIND IS NIE "SLEG' OF "HOPELOOS" NIE, MAAR KAN IN STAAT GESTEL WORD OM SY DOEL TE BEREIK.

Hierna is bespreking gevoer oor hoe te werk gegaan kan word om te hoor wat die kinders self te sê het oor hulle lewe. Die groep het toe met voorstelle na vore gekom , naamlik dat 'n vraelys voltooi kan word, 'n opstel oor 'My life story" geskryf kan word en moontlik sou daar ook gesprekke met hulle gevoer kon word. Die groep het onderneem om die verskillende moontlikhede verder te gaan ondersoek. Die pogings behoort verder daartoe by te dra dat Lig die Bodemlose Swart Gat kan oorheers.

8.6.5.2. Skoolsessie van die laer skool te Bergmanshoogte

Alhoewel die personeel van die laer skool nie werklik hulle probleemgedomineerde verhaal behoorlik geëksternaliseer het nie, het hulle enkele unieke uitkomste vermeld wat tot die ontwikkeling van 'n nuwe storie kan lei. Moontlike oplossings wat hulle meen verligting kan bring vir die knelpunte wat ervaar word, is die volgende:

- Die bou van 'n koshuis waar kinders versorg en gedissiplineer word.
- Fokus op kinders met negatiewe gedrag en gee so gou as moontlik aandag aan hulle ten einde hulle te help.
- Die dag wat die bejaardes aangebied het was suksesvol en het bewys dat meer positiewe dinge kan gebeur. (Tydens 'n dag wat die bejaardes van Bergmanshoogte aangebied het, is die personeel na die middagete uitgenooi. (Vgl. 8.6.6.))

Die deelnemers het met entoesiasme moontlike oplossings aangedui wat implementeer kan word ten einde die vermelde knelpunte teen te werk. Verdere gespreksgeleenthede sou kon bydra tot die meer omvattende beskrywing van die oplossings en die gepaardgaande aksies wat daaruit kan voortspruit.

8.6.5.3 Werkloses

Tydens die gespreksgeleentheid met die werkloses het hulle werkloosheid as 'n MONSTER geëksternaliseer. Nadat die invloed wat die monster op hulle het, uitgespel is, het hulle gereed geword om unieke uitkomste te vind wat vir hulle 'n basis kan bied om 'n nuwe storie te ontwikkel. Op die vraag: Hoe kan ons die MONSTER wen? het hulle soos volg gereageer:

- Ons kan hard werk en saamwerk.
- Ons kan planne maak om 'n inkomste te bekom, met ander woorde, geld te kry.

- Ons kan probeer werk kry.
- Ons kan 'n eie besigheid begin byvoorbeeld om stene te maak.

Hulle het die volgende moontlike werke of besighede wat begin kan word, genoem:

- Breiwerk en naaldwerk
- Skoonmaak en huiswerk
- Koekbak en die maak van sap
- Kook
- Bouwerk
- Verfwerk
- Stene maak
- Droogskoonmaak
- Groentetuine maak
- Kassierswerk
- Sekretariële werk
- Wasgoed doen
- Loodgieterswerk
- Draadmaak
- Houtwerk
- Vangnette maak.

Om met bogenoemde te begin en dus die monster te wen, verg dat ons soldate sal moet wees. Op die vraag hoe is 'n goeie soldaat, het hulle soos volg gereageer:

- Ywerig, volmoed, kragtig en het 'n wil.
- Selfvertroue – Ek kan en ek wil; Ek gaan WEN. Ek kan SUKSES behaal.
- Ek kan uithou en aanhou.

Die groep het hulle self tot WENNERS verklaar en die sessie is afgesluit toe al die deelnemers in 'n koor gesê het dat hulle WENNERS gaan wees en die Monster gaan WEN!!

Dit was asof die deelnemers begin moed skep het en glo dat daar wel hoop is in die toekoms. Hulle kan dus beheer oor die MONSTER van werkloosheid kry. Vir my was dit verblydend om te ervaar dat persone wat onder sulke moeilike omstandighede verkeer wel entoesiasme begin toon en bereid is om aksies te neem.

8.6.6 Aksies

Alhoewel al die deelnemers nie tydens gespreksgeleenthede hulle dominante stories volledig uitgespel het nie, nie probleemgedomineerde verhale geëksternaliseer het nie en nie stelselmatig unieke uitkomste geïdentifiseer het en tot nuwe verhale uitgebou het nie, het 'n groot aantal deelnemers wel aksies begin oorweeg of selfs tot aksies oorgegaan. Gemeenskapslede het met leiding, maar soms ook op eie inisiatief met bepaalde aksies na vore gekom ten einde ontwikkeling in verskillende opsigte in die hand te probeer werk. Die aksies wat begin realiseer het, kan gesien word as die konkrete begin van die leef van 'n nuwe narratief. Dit vorm dus deel van die gemeenskap se ontwikkeling van nuwe en alternatiewe verhale wat kontrasterend tot die probleemgedomineerde verhale staan. Die volgende aksies het sedert ons betreding van die gemeenskap aan die begin van 1999, gerealiseer.

Na afloop van die werksessies te Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo is daar geleidelik beweeg tot die vorming van 'n jeug-, rekreasie-, en bejaardekomitee. Die kleuter-skoolkomitee is geherorganiseer en het ook weer aktief begin funksioneer. Ten einde eienaarskap by die verskillende komitees en die gemeenskap te bevorder, is die komitees nie tipies saamgestel volgens die voorskrifte soos deur Lombard, *et al.* (1991b:270-271) vir die vorming van aksiekomitees, uiteengesit is nie. Die gemeenskap kon sonder voorskrif self besluit hoe groot die komitees sal wees asook wie watter portefeuljes sal beklee. 'n Persoon het dus nie as gevolg van sy professionele hoedanigheid op die komitee gedien nie, maar omdat die gemeenskap hom demokraties aangewys het. Ek en die verantwoordelike student het slegs as konsultant vir die komitees opgetree en het as sodanig net op ad-hoc basis vergaderings bygewoon.

8.6.6.1 Projekte van die jeugkomitees

Op nasionale jeugdag die 16e Junie 1999, het die jeug-, rekreasie- en bejaardekomitee van Bergmanshoogte selfstandig saamgewerk en 'n suksesvolle jeugdag aangebied.

Verskillende sokker- en netbalwedstryde het plaasgevind. Boeresport is aangebied en die dag is met 'n sokkiejol afgesluit. Die bejaardes het spontaan lekkernye gemaak en verkoop, en soos hulle dit gestel het: "Ons moet mos die jongmense ook help". Die onafhanklike en entoesiastiese wyse waarop die betrokke komitees al die reëlings self getref het en die dag se program aangebied het, het getuig dat hulle in 'n groot mate verantwoordelikheid aanvaar het om na die behoeftes van veral die jeug om te sien.

Die jeug- en rekreasiekomitees het besluit om saam te smelt. As gesamentlike komitee het hulle oor die loop van die jaar (1999) verskeie projekte selfstandig aangepak ten einde ontspanningsgeleenthede vir die jeug te skep en terselfdertyd fondse in te samel om verdere projekte te bekostig. So, byvoorbeeld, het hulle 'n pretdraf aangebied asook sokkies en 'n dinee. Hulle het ook die tuin van die huis waar ons kantoorgeriewe gehuisves word, skoon geskoffel om verdere fondse in te samel.



Foto 8.6-8.7: *Jeugdag 2000*

Die jeugkomitee van die Poding-Tse-Rolo het in samewerking met die jeugkomitee van Bergmanshoogte en die VIGS-voorkomingsgroep op jeugdag 2000 'n program aangebied om die gemeenskap oor VIGS in te lig. 'n VIGS-voorkomingstrikkie is teen die een heuwel aan die kant van die dorp met klippe uitgepak en geverf. (Vgl. Foto's 8.6-8.7.) Die vorige aand is 'n sosiale geleentheid in die stadsaal aangebied waarheen die hele gemeenskap uitgenooi is. Dit het ook as fondsinsameling gedien om die fondse van die komitees aan te vul.

Die jeugkomitee van Bergmanshoogte het van meet af aan in 'n besondere mate verantwoordelikheid aanvaar om projekte selfstandig te organiseer en deur te voer. Hulle openbaar ook in 'n besondere mate eie inisiatief om, byvoorbeeld, fondse te genereer waarmee hulle verdere projekte kan loods. Dié komitee toon besondere potensiaal om toenemend sinvolle bydraes tot die ontwikkeling van hulle gemeenskap, maar ook die groter gemeenskap van Philippolis te lewer.

Alhoewel die jeugkomitee van Poding-Tse- Rolo eers aan die begin van 2000 saamgestel is, het hulle ook reeds deelgeneem aan die aanbieding van 'n suksesvolle jeugdag. Dié komitee toon egter nog veel behoefte aan leiding en ontwikkeling tot op die vlak waar hulle toenemend selfstandig projekte sal kan loods.

8.6.6.2 Aksies van die bejaardes

Die bejaardekomitee van Bergmanshoogte (foto 8.8) vergader op gereelde basis. As deurlopende projek, administreer lede van die bejaardekomitee die pensioengelde van bejaardes wat self nie in staat is om dit na behore te bestee nie, of wat gevaar loop om, byvoorbeeld, deur kinders uitgebuit te word.

Foto 8.8: *Bejaardekomitee*

Gedurende Oktober 1999 het dieselfde komitee 'n dag vir bejaardes aangebied waartydens verskillende sprekers die teenwoordiges toegespreek het oor relevante onderwerpe vir bejaardes, soos die korrekte gebruik van medisyne en die hantering van kleiner kinders. Laasgenoemde onderwerp is in die betrokke woonbuurt relevant, aangesien baie bejaardes

kleiner kinders versorg wat tydens skoolkwartale by hulle inwoon of wie se ouers dood is of elders werksaam is. Die onderwysers van die laer skool in die betrokke woonbuurt is na die middagete uitgenooi. Teenwoordiges was dit eens dat dit 'n baie geslaagde geleentheid was. Dit het onder andere gelei tot die uitbou van verhoudings tussen die skool en die res van die gemeenskap veral as in ag geneem word dat die onderwysers meestal deel vorm van die blanke gemeenskap. Verder kon die komitee ook beleef dat hulle in staat is om so 'n funksie met grasie en sukses aan te bied.

Dié komitee hou ook toesig oor die versorging van bejaardes in die gemeenskap. Hulle sien toe dat bejaardes wel gevoed word en nie deur kinders uitgebuit word nie. Ek was teenwoordig tydens 'n geleentheid waar die betrokke komitee dissiplinêr opgetree het in 'n geval waar twee bejaarde persone deur hulle kind ernstig verwaarloos word. Die betrokkenes se huis is besoek en die dogter wat verantwoordelik is vir die versorging van die bejaardes is ingeroep. Volgens senioriteit het die komiteelede die dogter ernstig vermaan en opdrag gegee dat sy dadelik moet begin om haar bejaarde ouers se klere te was en die huis netjies te maak. Hulle sou van nou af gereeld kom kyk of alles in orde is.

Na die werkseminaar wat in Poding-Tse-Rolo gehou is, het die bejaardes 'n komitee gestig met die doel om na die belange van die bejaardes in die betrokke gemeenskap om te sien. Die komiteelede het spoedig na die samestelling van die komitee daarop aangedring dat hulle ook wil deelneem aan die opleidingsprogram vir komiteelede. Hulle het die opleiding voltooi en dadelik begin om 'n skenking van ou klere te versorg en te verkoop ten einde fondse in te samel vir die loodsing van verdere projekte.

Die bejaardekomitee van Bergmanshoogte neem op verskeie wyses sterk leiding in die gemeenskap. Hulle beskou hulleself as die verantwoordelike persone om veral 'n ogie te hou oor die welsyn van die bejaardes van Bergmanshoogte. Verder is hulle ook gemoeid met die jeug en is veral begaan oor die kinders van die gemeenskap. Hulle sal, byvoorbeeld, nie skroom om kinders wat nie skool toe gaan nie, ernstig aan te spreek nie.

Alhoewel die bejaardes van Poding-Tse-Rolo gedurende 2000 'n komitee gevorm het om na die behoeftes van die bejaardes om te sien, het hulle reeds aktief begin funksioneer en

toon die potensiaal om 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van hulle gemeenskap te lewer.

8.6.6.3 Werksaamhede van die kleuterskoolkomitee

Die kleuterskoolkomitee van die kleuterskool te Bergmanshoogte het hulleself gedurende Augustus 2000 in samewerking met die vrouekomitee, geherorganiseer en begin om 'n grondwet saam te stel, asook 'n behoorlike boekhoustelsel aan te lê. Verder het hulle ook begin om die skoolgelde op 'n konsekwente wyse in te samel. Hulle poog ook om die kleuterskool by die Departement van Onderwys te registreer. Na aanleiding van die besoeke van borgverteenwoordigers het die kleuterskool ook 'n toekenning van R20 000 ontvang wat hulle kan gebruik om die salaris van die kleuterskoolonderwyseres aan te vul en om 'n bydrae te maak tot die boufonds van die uitbreidings by die VGK-gebou wat ook die oprigting van 'n kleuterskool insluit.

Alhoewel die kleuterskoolkomitee in Poding-Tse-Rolo reeds bestaan het tydens ons betreding van die gemeenskap, het die verantwoordelike student geleidelik begin om die komiteevergaderings by te woon. Die komitee begin stelselmatig om meer uit te reik en met ons te konsulteer. Groter samewerking in die toekoms behoort tot hulle sinvolle deelname aan die totale ontwikkelingsproses te lei.

Die kleuterskoolkomitee in Bergmanshoogte poog om te midde van beperkte geriewe die gehalte van die skoolaktiwiteite steeds te verhoog. Die nuut saamgestelde komitee toon voldoende potensiaal om 'n besonder waardevolle bydrae tot ontwikkelingsaksies met betrekking tot die kleuters van Bergmanshoogte te lewer. Soos wat ons die vertroue van Poding-Tse-Rolo se kleuterskoolkomitee wen, behoort daar sinvol saamgewerk te kan word om die betrokke kleuterskool 'n meer invloedryke rol te laat speel in die ontwikkeling van die betrokke gemeenskap.

8.6.6.4 KANSA-groep vir die versorging van terminale siek pasiënte

Na die afloop van die aanbieding van 'n opleidingsprogram deur KANSA aan belangstellendes in die gemeenskap, het die kursusgangers ons genader vir nouer samewerking. Gedurende Julie en September 2000 het ek saam met die groep vergader. Hulle doelstellings is, onder andere, om vrywilligers in die gemeenskap op te lei om

terminale siek pasiënte in die gemeenskap te versorg, bejaardes te ondersteun en 'n voedselprogram daar te stel ten einde toe te sien dat siek en bejaarde mense goeie voeding ontvang.
Die groep het ook op 15 September hulle beplanning en begroting aan besoekende borgverteenwoordigers van ANGLO-GOLD voorgelê vir moontlike finansiële ondersteuning. Die groep is reeds geborg deur Hydromedhospitaal in Bloemfontein met linne, bedpanne en -kassies, wat benut kan word by die versorging van pasiënte, asook die gratis aanbieding van opleidingsprogramme met die oog op die versorging van VIGS-pasiënte.

Verder het die groep 'n versoek gerig dat ons hulle moet ondersteun ten opsigte van die aanbieding van 'n kursus in lewensvaardighede en groepsessies met betrekking tot die hantering van dood en rousmart. Dit blyk dat kundiges in die gemeenskap moontlik behulpsaam kan wees in die verband.

Die KANSA-groep skep die indruk dat hulle werklik gemotiveerd is om 'n betekenisvolle bydrae tot die versorging van siekes en bejaardes te lewer. Ek is geraak deur die opofferings wat die betrokkenes bereid is om te maak sonder dat hulle enigsins daarvoor vergoeding gaan ontvang. Hulle behoort 'n merkwaardige bydrae te lewer tot die verhoging van die lewenstandaard van terminale pasiënte en bejaardes van die totale gemeenskap.

8.6.6.5 Skakeling en bemarking

Op 1 September 1999 het ek, die direkteur van die KMD en verteenwoordigers van die gemeenskap 'n besoek aan die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Welsyn van die Vrystaatse Wetgewer gebring. Een van die verteenwoordigers van die gemeenskap wat self vroeër lid van die Wetgewer was, het 'n versoek tot die LUR gerig om die ontwikkelingsinisiatief in die betrokke gemeenskap te steun en as beskermer vir die totale projek op te tree. Laasgenoemde het haar steun aan die projek toegesê. Op hierdie wyse het lede van die gemeenskap spontaan tot aksie oorgegaan om verhoudings met gesaghebbendes buite die gemeenskap aan te gaan ten einde ontwikkelingsinisiatiewe te bevorder.

Ten einde mev E te voorsien van 'n bemarkingsdokument met die oog op die bemarking van die gemeenskap en die ontwikkelingsinisiatiewe, het verskeie samesprekings plaasgevind tussen my, ons koördineerder, ds C en lede van Philippolis Promosies. (Vgl. 8.6.1) Twee van die lede van laasgenoemde instansie het ervaring van die uitgewersbedryf en kon besondere waardevolle bydraes lewer tot die daarstelling van 'n bemarkings dokument. 'n Bemarkingsdokument is voorberei wat ook op die internet beskikbaar gestel is. Na mev E se terugkeer uit Kanada het sy rapporteer dat die dokument aan 'n groot verskeidenheid persone beskikbaar gestel is en dat die indruk verkry is dat verskeie persone met belangstelling navrae gerig het en eksemplare van die dokument saam met hulle geneem het.

Die toewyding en besondere kundigheid wat dié groep openbaar behoort as besondere hulpbron te dien vir verskeie projekte. Dit is buitengewoon dat daar uit die geledere van 'n gemeenskap soveel moeite gedoen word om die gemeenskap, maar ook die betrokke projekte op so 'n vlak te bemark. Dit getuig onteenseglik daarvan dat die betrokkenes op 'n besondere wyse verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van hulle gemeenskap aanvaar.

8.6.6.6 Werkskeppingsprojekte

Die beplande vergadering om oor werkloosheid te praat het op 11 Oktober 1999 plaasgevind. Daar is breedvoerig bespreking gevoer oor wat werkloosheid is, en watter invloed dit op hulle uitoefen. Sodoende kon die probleem geëksternaliseer word. Die groep het ook verder gevorder en begin om 'n nuwe verhaal te ontwikkel ten einde die monster van werkloosheid te wen. Drie-en-twintig mense het die geleentheid bygewoon. Na afloop van die bespreking het hulle persoonlike inligting gestel met betrekking tot werkservaring, kwalifikasies en vaardighede asook wat hulle graag sou wou doen. Die groep onderneem om self moontlikhede te ondersoek om 'n inkomste te genereer. (Vgl. 8.6.1; 8.6.2; 8.6.4 & 8.6.5.)

Gedurende November 1999 het 12 vroue ons genader en gevra of ons hulle op 'n manier kan help om koekies en/of beskuit te bak ten einde hulle inkomste aan te vul. Na samesprekings met die groep het hulle 'n onderwyser van die laer skool in Bergmans-hoogte geïdentifiseer wat hulle as kundig beskou en meen dat sy hulle kan oplei en ondersteun in so 'n projek. Onderhandelinge is met die betrokke onderwyser aangegaan en

sy het aan die begin van 2000 met opeleiding van die groep begin. Die aksie het daarin ontwikkel dat 9 vroue in drie groepe op 'n gereelde basis begin beskuit bak het. Die beskuit is met redelike sukses in die breër gemeenskap bemark. Die projek genereer reeds 'n beperkte inkomste aan die deelnemers en toon potensiaal vir verdere uitbreiding. Daar is egter behoefte aan verdere opleiding in bak- en entrepreneursvaardighede.

Gedurende Januarie 2000 het een van die gemeenskapslede van Poding-Tse-Rolo na my gekom en gesê dat hy 'n groep skeerders byeengebring het. Spoedig het ek saam met die betrokkene en die groep skeerders vergader. Sommige van hulle het ervaring van die skeer van skape, maar hulle sou graag verder opgelei wou word sodat hulle as volwaardige skeerspan kan funksioneer. Reëlings is met die Nasionale Wolkwekservereniging (NWKV) en 'n plaaslike boer aangegaan vir die opleiding van die skeerders. Weens die skeer-program van die boer en die opleidingsprogramme van die NWKV kan die opleiding eers aan die einde van 2000 geskied. Dit is egter voordat die meeste boere begin skeer en dus bestaan die moontlikheid dat tussen agt en tien mense as skeerders vir hulleself 'n in-komste kan genereer.

In April 2000 het 'n verdere twaalf werkloses, hoofsaaklik van Poding-Tse-Rolo, my kom spreek oor die moontlikheid van opleiding en hulp sodat hulle hulle eie inkomste kan genereer. Die verskillende moontlikhede wat hulle in gedagte gehad het, is bespreek en hulle is gevra om met spesifieke voorstelle terug te kom sodat moontlike projekte sodoende bepaal kan word.

Tydens samesprekings wat betref die bemarking van die projek met die oog op mev E se besoek aan Kanada, het die moontlikheid om 'n drukpers as werkskeppingsprojek te begin, na vore gekom. Van die werkloses in die gemeenskap is hieroor genader en daar was 17 persone wat te kenne gegee het dat hulle graag aan so 'n projek sou wou deelneem. Die borgwerwers is van 'n voorlegging voorsien en 'n verteenwoordiger van die Britse Hoë Kommissaris het die gemeenskap by twee geleenthede besoek en te kenne gegee dat hulle waarskynlik sodanige projek finansieel sal ondersteun.

Daar is reeds verskeie instansies wat ons genader het om drukwerk vir hulle te doen sodra die drukkery in bedryf is. Dit is, onder andere, toe te skryf aan die groot behoefte aan 'n

drukkery in die omgewing en die teenwoordigheid van besondere kundigheid in die groep wat by die insiëring van die projek betrokke is met betrekking tot grafiese bladuitleg en -ontwerp, asook taalversorging. Dieselfde persone wat behulpsaam was met die opstel van die bemarkingsdokument het hulle dienste tot beskikking van die drukkery-projek gestel.

Geïnspireer deur die spin- en weefskole wat Emily Hobhouse 'n eeu gelede in die Vrystaat en spesifiek in die betrokke gemeenskap opgerig het, het een van die gemeenskapslede van die blanke gemeenskap na vore gekom en aangebied om die moontlikheid van 'n spin- en weefprojek as inkomste-genererende projek te ondersoek. Tydens gespreksgeleenthede met werkloses het van hulle te kenne gegee dat hulle graag aan so 'n projek sou wou deelneem.

Aan die einde van 1999 het die plaaslike landdros die voorstel gemaak dat indien ons 'n werkskeppingsprojek kan loods om doodskiste te maak, hy bereid is om kiste vir alle staatsbegrafnisse by sodanige projek te koop. Dit het daartoe gelei dat werkloses by gesprekke betrek is waartydens dié moontlikheid bespreek is. Vyf persone wat ervaring van skrynwerk het, het te kenne gegee dat hulle graag deel van so 'n projek sou wou wees. 'n Projekvoorlegging is aan die borgwerwers verskaf, maar daar kon nog nie 'n belangstellende borg gewerf word nie. Intussen het 'n persoon van die blanke gemeenskap aangebied om in vennootskap met persone van die swart en bruingemeenskap aan te gaan en sodanige projek te vestig met die doel om aan minstens vyf verdere persone werk te voorsien.

Die betrokkenes is tans in bedryf en het reeds 20 kiste vervaardig.

Na die opleiding van 27 mense in toerisme het hulle onder leiding van een van die lede van Philippolis Promosies met 'n aanvanklike projek begin met die oog daarop om fondse te genereer sodat verdere projekte wat meer inkomstegenerend van aard is, te inisieer. Van die jonger meisies en mans het 'n tradisionele dansgroep begin. Hulle oefen gereeld en tree op as daar toeristegroepe die dorp besoek. Verder besoek hulle ook omliggende dorpe om deel te neem aan toerismeprogramme.



Foto 8.9: *Tradisionele dansers van toerismegroep*

Die groep beplan verdere gespesialiseerde opleiding in, byvoorbeeld, gidswerk en wyses om besienswaardighede in die gemeenskap in toerisme-aantreklikhede te omskep. Verder is die eienaars van wilds- en gasteplase ook by 'n vergadering betrek ten einde verdere moontlikhede met betrekking tot die uitbreiding van die toerismebedryf te ondersoek.

'n Verdere interessante ontwikkeling wat plaasgevind het, is die spontane stigting van 'n werkskeppingskomitee in Poding-Tse-Rolo. 'n Groep van vyf persone het spontaan sonder enige inset van my of die studente, 'n komitee gevorm met die doel om werkskepping te bevorder. Dit was 'n positiewe aanduiding van aksie deur die gemeenskap ten einde ontwikkeling te laat plaasvind. Die aksie kan ook as 'n aanduiding gesien word van groeiende aanvaarding van verantwoordelikheid en eienaarskap van die ontwikkelingsinisiatief.

Die verskillende werkskeppingsprojekte het stadig ontwikkel, maar toon almal die potensiaal van volhoubaarheid. Daar is egter nog 'n baie groot behoefte aan verdere opleiding in veral sake- en lewensvaardighede by die verskillende persone wat met een of ander vorm van werkskepping besig is. Verder is daar baie moontlike projekte wat reeds deur die gemeenskap geïdentifiseer is en verder ontwikkel kan word. Die verkryging van fondse om projekte aanvanklik te finanseer, is tydsaam en lei ongelukkig tot die vertraging van baie van die beoogde projekte

8.6.6.7 Opleidingsaksies

Met die oog op die bemagtiging van bestaande gemeenskapskomitees ten einde hulle die geleentheid te bied om as komitee doeltreffend te funksioneer, is daar met die opleiding van komitees begin. 'n Professionele persoon is daarvoor benut. Die opleiding het oor ses weke gestrek en daar is aan die volgende sake aandag gegee: kommunikasie, skryf van notules, basiese boekhouding, vergaderingsprosedures, basiese metodes van dokumentering en rekenaarvaardighede. Tydens dié sessies het die komiteelede tot verdere aksies oorgegaan en doelwitte vir hulleself gestel.

Foto 8.10: *Oorhandiging van sertifikate*

Op 12 September 2000 is sertifikate aan kursusgangers oorhandig tydens 'n oorhandigingseremonie. (Vgl. foto 8.10.) Die direkteur van die KMD het die oorhandiging gedoen en ook as gasspreker opgetree.

Met die oog op werkskepping is daar in samewerking met Philippolis Promosies 'n inleidende kursus in toerisme aan 27 gekeurde persone tussen die ouderdomme van 16- en 35-jaar aangebied. Die verdere beplanning in die verband hou in dat kursusgangers gekeur word vir verdere meer spesialisopleiding met die oog daarop om projekte ter bevordering van toerisme aan te pak.

Die opleidingsaksie het verskeie voordele vir die totale ontwikkelingsinisiatief. Dit lei nie net alleen tot die bemagtiging van mense nie, maar het ook in 'n besondere mate bygedra tot die uitbou van 'n vertrouensverhouding met die gemeenskap. Dit het ook aan

gemeenskapslede 'n verdere geleentheid gebied om met mekaar onderling in interaksie te tree wat spesifiek op volhoubare ontwikkeling gerig is.

8.6.6.8 Die aanlê van groentetuine

Aan die begin van Desember 1999 tydens my laaste besoek aan die gemeenskap vir 1999 is daar pas begin met die aanlê van groentetuine. (Vgl. foto 8.11.) Met my volgende besoek op 13 Januarie 2000 was die groentetuine in Bergmanshoogte so goed gevestig dat die dames van Philippolis Promosies, wat 'n prys uitgeloof het, vir die mooiste tuin, reeds besig was met die eerste rondte beoordeling van die tuine.

Foto 8.11: *Voorbeeld van 'n groentetuin*

Dit was opmerklik dat die meeste van die inwoners wat groentetuine aangelê het, mense was wat die werkseminaar oor werkskepping bygewoon het. Die gemeenskap het getoon dat hulle ten volle eienaarskap vir dié projek aanvaar het met die minimum direkte insette van die ontwikkelaars. Die betrokkenheid van Philippolis Promosies het waarskynlik 'n betekenisvolle bydrae hiertoe gelewer en was 'n demonstrasie van die betrokkenheid van die sogenaamde ekonomies onafhanklike of meer ontwikkelde groep van die gemeenskap by die groep wat nog 'n veel groter behoefte aan ontwikkeling ervaar veral op ekonomiese gebied.

Die entoesiasme waarmee die gemeenskap aan die groentetuinprojek deelgeneem het, het my totaal verras. Dit is 'n duidelike bewys van die besondere potensiaal waaroor die gemeenskap beskik en dat hulle in staat is om selfstandig deel te neem aan hulle eie ontwikkeling.

8.6.6.9 Die bouprojek

Na aanleiding van gesprekke met die kleuterskool-, bejaarde- en vrouekomitee van Bergmanshoogte, het dit duidelik geblyk dat daar 'n ernstige behoefte aan 'n gebou bestaan waar die kleuterskool gehuisves kan word. Verder is ook te kenne gegee dat 'n ontspanningsaal baie sal bydra tot sinvolle vryetydsaktiwiteite. Onderhandelinge is met mev M, 'n argitek wat in die distrik woon is, aangegaan. Sy was bereid om met die gemeenskap van Bergmanshoogte in gesprek te tree met die oog op 'n moontlike bouprojek. Dié vergadering het op 21 Februarie 2000 plaasgevind.

Belanghebbendes het die volgende idees uitgespreek met betrekking tot 'n moontlike bouplan:

- 'n Kleuterskool is dringend nodig en daar word aanbeveel dat 'n eie gebou van die gemeenskap by die huidige kerkgebou van die VGK gebou word. Die kleuterskool kan dan in samewerking met die kerk bedryf word. Daar moet vir ongeveer 100 kinders voorsiening gemaak word. 'n Eie speelplek en badkamergeriewe moet deel van die bouplan vorm.
- Daar moet 'n kombuis gebou word waar daar vir die kinders sop gemaak kan word, maar wat ook vir ander funksies benut kan word.
- 'n Groentetuin moet ook by die kompleks aangelê word sodat groentes vir die maak van sop gekweek kan word.
- Daar is ook behoefte vir 'n lokaal waar handwerk gedoen kan word. Die handwerkklasse wat tans aangebied word in die gemeenskapsaal wat aan die skool toegeken is, sou in so 'n lokaal gehuisves kon word.
- Dan is daar 'n baie groot behoefte aan 'n ontspanningsentrum waar veral die kinders en jongmense ontspanningsaktiwiteite kan aanbied.
- Verder is daar 'n behoefte aan 'n lokaal waar 'n biblioteek ingerig kan word.
- Deelnemers was dit ook eens dat die huidige kerkgebou te klein is en vergroot behoort te word.

Vervolgens is saam besin wat benodig word om die bouprojek te laat realiseer. Eerstens is die noodsaaklikheid van bouplanne aangedui. Mev M het aangebied om daarmee behulpsaam te wees. Sommige van die deelnemers het voorgestel dat daar met eienaars van bouvalle op van die plase onderhandel word ten einde die stene van sulke geboue te probeer herwin. Verder is sement en ander boumateriaal nodig. Die deelnemers het te kenne gegee dat as almal saamwerk kan die nodige materiaal bekom word. Verder was hulle dit ook eens dat almal in die gemeenskap kan help met die bouery en sodoende kan hulle ideaal waar word.

Gedurende die VGK se een-en-twintigste herdenkingsfees van die huidige kerkgebou, het mev M die voorgestelde bouplanne tydens die erediens op 27 Augustus 2000 aan die gemeenskap voorgelê. Tydens dieselfde geleentheid het een van die boere in die distrik wat die NGK by die geleentheid verteenwoordig het, gesê: "Ek sal vir die sand sorg wat julle vir die bouery nodig het". Die gemeente was ooglopend baie opgewonde oor die beplande bouprojek en na afloop van die kerkdiens het van die vroue besluit om te begin om elke week koekies te bak en te verkoop met die oog op die opbou van 'n boufonds. Mev. M se dogter en 'n vriendin wat die diens bygewoon het, het te kenne gegee dat hulle by die skool waar hulle in Bloemfontein skoolgaan, met 'n fondsinsamelingsprojek vir die boufonds gaan begin.

Die bouprojek is vir my 'n goeie voorbeeld van waar mense uit die verskillende segmente van die gemeenskap saam kan onderhandel ten einde kragte saam te snoer om 'n oënskynlike onmoontlike projek te laat realiseer. In die proses word daar ook verdere bande tussen die verskillende groepe in die gemeenskap gelê. Ten einde die projek te laat slaag, sal ook van die mense van Bergmanshoogte verg om op 'n besondere wyse hande te vat en gesamentlik hulle doel na te jaag.

8.7 BEVESTIGINGSEREMONIES

Alhoewel die bevestigingseremonies nog nie tot volle potensiaal uitgebou is nie, het daar 'n aantal gebeure plaasgevind wat dien as sodanige seremonies.

- Die besoeke van borgverteenwoordigers en borgwerwers het telkens aan die gemeenskap die geleentheid gebied om van hulle verhale aan die besoekers te vertel. Dit het die hervertelling van stories tot gevolg gehad en die besoekers het in 'n sekere

sin as 'n gehoor van getuies gefunksioneer. Hulle is getuie van die nuwe verhale wat in die gemeenskap ontwikkel en wat in verskeie aksies begin manifesteer het.

- Op 5 September 2000 het die SABC 'n program van die gemeenskap van Philippolis op "South Africa Today" gebeeldsend. Tydens die program is daar, onder andere, gefokus op werkskeppingsprojekte soos die beskuitprojek, die maak van doodskiste en toerisme. Daar is ook deur die aanbieder gemeld dat die gemeenskap van Philippolis ondanks armoede en werkloosheid daarin slaag om oplossings vir hulle probleme te vind. Die gemeenskap is as "vibrant" beskryf met die belofte van nog vele aksies in die toekoms. Deur middel van dié program is die totale Suid-Afrika as't ware getuie van die nuwe narratiewe van die gemeenskap en daarmee gepaargaande nuwe identiteit. Die gemeenskap is nie meer arm en agtergeblewe nie, maar dinamies besig om te ontwikkel.

Soos die projekte vorder en die totale ontwikkelingsproses verdere dimensies begin aanneem, behoort daar meer geleenthede na vore te tree wat die nuwe verhale van die gemeenskap kan bevestig. Die bemarkingsaksies, sal waarskynlik betekenisvol bydra tot verdere bevestigingseremonies. Alhoewel ek en die studente as fasiliteerders van die totale proses optree, het ek die seremonies wat reeds plaasgevind het, beleef as bevestigend van ons werk in die gemeenskap. Dit het verder by my die ervaring gelaat dat ons een is met die gemeenskap en saam met hulle trots is op die nuwe ontwikkelinge wat plaasvind. In 'n sekere sin het ons deel van die nuwe narratief van Philippolis geword, maar het Philippolis en sy mense ook deel van ons persoonlike lewenstorie geword

8.8 HERINNERINGSGESPREKKE

Alhoewel herinneringsgesprekke tot op datum nie behoorlik gefigureer het nie, blyk dit dat daar 'n behoefte daarvoor bestaan. Dit het veral geblyk uit die gesprekke wat by die hoër skool plaasgevind het. (Vgl. 8.6.2, 8.6.4 & 8.6.5.) Die rol van die Departement van Onderwys asook die optrede van gemeenskapslede na 1994 teenoor die onderwysers wat voortgegaan het om by die bestaande skool skool te hou, sou tydens herinneringsgesprekke aandag kan geniet. Sodoende sou daar nuwe betekenis gegee kan word aan die invloed wat van dié instansies en mense op die bepaalde groep het.

Soos wat die ontwikkeling- en navorsingsproses vorder, sou daar waarskynlik toenemend geleenthede ontstaan om herinneringsgesprekke te implementeer.

8.9 TERUGNEEM AKSIES

Daar is tydens die verskillende gespreksgeleenthede met groepe van die gemeenskap gepoog om aan hulle waardering te toon vir dit wat ek en die studente van hulle leer en die invloed wat hulle op ons lewens uitoefen. Ek het by verskeie geleenthede gemeld dat ek nie meer dieselfde is as die dag toe ek vir die eerste keer die gemeenskap betree het nie. "Julle word al meer deel van my lewe en eie ontwikkeling." (Vgl. 8.6.3 & 8.6.4.) Dit is egter 'n proses wat steeds sal vorder soos die ontwikkelingsaskie verder ontvou.

Alhoewel daar by geleenthede aan die gemeenskap te kenne gegee is dat hulle 'n bydrae tot my lewe gemaak het, is dit 'n kartering van die narratiewe werkswyse wat met groot vrug meer doelgerig uitgebou kan word

8.10 BESPREKING VAN DATA

Tydens die verskillende gespreksgeleenthede het deelnemers bepaalde data verskaf met betrekking tot hulle konstruering van hulle werklikhede ten opsigte van hulle gemeenskap en die omstandighede waarin hulle leef. Die analisering en bespreking van die data behoort 'n aanduiding te wees van hoe die ontwikkelingsproses verder gerig kan word. In die opsig bied dit aan my die geleentheid om my eie konstruering van die werklikheid met betrekking tot die gemeenskap van Philippolis verder te verwoord.

In die bespreking van die verhale van deelnemers word daar op hooftemas en tendense gelet. Elke unieke mededeling word dus nie in detail bespreek nie, maar wel wetend dat elke deelnemer se unieke vertelling belangrik is en in ag geneem behoort te word in die verdere verloop van die ontwikkelingsproses. Dit sou kon beteken dat verdere gesprekke met deelnemers gevoer word ten einde hulle dominante stories te eksternaliseer en later nuwe narratiewe te ontwikkel wat die loodsing van verdere ontwikkelingsaksies mag inhou. Die plaaswerkers sou 'n voorbeeld wees van een van die groepe wat by sodanige verdere gesprekke betrek kon word.

8.10.1 Beskrywing van die gemeenskap

Tydens die verskillende gespreksgeleenthede met sowel individue as groepe het die deelnemers telkens in hulle beskrywing van die gemeenskap hoofsaaklik na die segment van die gemeenskap verwys waarvan hulle deel is. Daar is dus telkens na 'n spesifieke gemeenskap verwys wat deur aspekte soos taal, kultuur, ras en geografiese ligging bepaal word. So, byvoorbeeld, het die deelnemers van Bergmanshoogte telkens in die beskrywing van hule gemeenskap na die geografiese gebied verwys met die betrokke inwoners wat almal tot diedelfde ras-, taal- en kultuurgroep behoort.

Die plaaswerkers kon nie werklik te kenne gee tot watter gemeenskap hulle behoort nie. Hulle het wel verwys na die ras-, taal- en kultuurgroep waarvan hulle deel is. Sommige het genoem dat hulle die mense van 'n bepaalde plaas of van 'n betrokke "baas" is. Die indruk is gelaat dat hulle nie werklik die konsep gemeenskap as deel van hulle werklikheidskonstruerings het nie. Alhoewel hulle deel van 'n gemeenskap is, definieer hulle dit nie so nie en gevolglik kan aanvaar word dat dit ook nie deel van hulle ervaringswêreld is om hulleself as gemeenskapslede van 'n bepaalde gemeenskap te sien nie.

Tydens die individuele gesprekke het enkele deelnemers wel na die groter gemeenskap verwys wat uit die groter geografiese omgewing bestaan, maar dan vanuit die perspektief van ons en hulle. Dit kom daarop neer dat die deelnemers se definisies van hulle gemeenskap daarop dui dat die totale geografiese gebied van Philippolis uit verskillende kleiner gemeenskappe bestaan.

8.10.2 Sentrale temas na aanleiding van die storievertelling wat plaasgevind het

Gedurende die verskillende gespreksgeleenthede het gemeenskapslede tot storievertelling oorgegaan na aanleiding van die vrae vir 'n beskrywing van hulle gemeenskap, die droom wat hulle vir hulle gemeenskap koester, die wyses hoe dit bereik kan word en moontlike hindernisse wat die bereiking daarvan kan belemmer. Alhoewel die proses van storievertelling steeds voortduur, kan sekere sentrale temas in die verhale geïdentifiseer word wat later geëksternaliseer behoort te word met die oog daarop om nuwe narratiewe te vorm wat gemeenskapsontwikkelingsaksies as resultaat kan hê. 'n Verskil is opgemerk in die dominante temas wat die oorwegend Afrikaanssprekende blanke deelnemers vermeld

het, en die res van die deelnemers. Eergenoemde groep sou, byvoorbeeld, ook na die probleem van werkloosheid verwys, maar dan as 'n knelling waarmee die ander groepe te kampe het. Die volgende temas het in die vertellings van verskeie deelnemers na vore gekom.

8.10.2.1 Die verhaal van werkloosheid

Benewens die plaaswerkers het al die ander deelnemers in 'n mindere of meerdere mate hulle kommer uitgespreek oor die omvang van werkloosheid in die gemeenskap. Die werkloses het die verhaal van werkloosheid verder gevoer deur by meer as een geleentheid daaroor te praat. Werkloosheid is deur een groep geëksternaliseer ten einde meer beheer daaroor te verkry en 'n basis te vorm vir die ontwikkeling van nuwe verhale waar werkloosheid gewen word.

Alhoewel armoede 'n noodwendige gevolg van werkloosheid is, is dit nie deur deelnemers spesifiek beklemtoon nie. Daar was wel aangedui deur die groep werkloses dat werkloosheid tot gevolg het dat jy nie na jou basiese lewensbehoeftes behoorlik kan omsien nie. Niemand het egter die konsep armoede gebruik nie.

Deelnemers het ooreengestem in hulle mening dat werkskepping tot die verbetering van die lewens van baie gemeenskapslede sal lei. As ons net kan werk kry sal dit beter gaan, was die meeste se wens.

Deelnemers wat hulle verhaal met betrekking tot werkloosheid meer omvattend kon beskryf, het idees begin oorweeg van hoe om wel werk te skep en 'n inkomste te genereer. Daar het ook aksies begin ontwikkel in die gemeenskap wat tot werkskepping gelei het, byvoorbeeld die vrouens wat beskuit begin bak het. (Vgl. 8.6.6.)

8.10.2.2 Die opvoeding van kinders

Deurgaans was die deelnemers besorg oor die opvoeding van die kinders in die gemeenskap. Die behoefte aan verblyfplek vir kinders wat vanaf die plase of elders kom, is deur verskeie deelnemers genoem. Enkele deelnemers het die droom dat hulle kinders naskoolse opleiding sal ontvang. Sommige van die skoolgaande deelnemers het ook te kenne gegee dat hulle graag naskoolse opleiding sou wou ontvang. Alhoewel die praktiese

uitvoering van so 'n wens nog onduidelik is, blyk dit dat hierdie ideaal deel van 'n nuwe narratief vir die gemeenskap kan word, naamlik dat aksies geloods word om dit vir kinders moontlik te maak om wel vir tersiêre opleiding te gaan.

Veral die onderwysers wat aan die gespreksgeleenthede deelgeneem het, was baie bekommerd oor die gebrekkige leerkultuur wat by die kinders bestaan. Selfs in informele gesprekke het hulle hulle kommer uitgespreek. Sommige van die ouers van skoolgaande kinders het ook te kenne gegee dat dit jammer is dat die kinders nie gemotiveerd is om gereeld skool by te woon en harder te leer nie.

Veral die vrouegroep het hulle kommer uitgespreek oor die ouers wat nie 'n poging aanwend om hulle kinders behoorlik op te voed nie. Tydens die sessie met die vroue van Bergmanshoogte het hulle sterk menings gehad oor die swak voorbeeld wat sommige ouers en ander volwassenes vir die kinders stel. Met verdere gesprekvoering sal hulle waarskynlik nuwe alternatiewes ontwikkel om aan die situasie aandag te gee.

8.10.2.3 Die daarstelling en ontwikkeling van geriewe / infrastruktuur

Verskeie deelnemers het aangedui dat daar 'n groot behoefte aan sport- en ontspanningsgeriewe bestaan. Sommige droom van 'n swembad, sokkerveld, tennisbane, 'n parkie en ontspanningsentrum. Enkele deelnemers het ook te kenne gegee dat die strate geteer kan word en nog huise gebou word. Van die deelnemers het ook gemeld dat die basiese dienste soos die kliniek en poskantoor ver van Bergmanshoogte en Poding-Tse-Rolo geleë is en dit veral vir die bejaardes moeilik bereikbaar is. Daarom hoop hulle dat sodanige dienspunte in die betrokke woongebiede geskep kan word.

Enkele deelnemers was ook bekommerd oor die bewaring en versorging van die fisiese omgewing van die verskillende woongebiede. Die een deelnemer het dit duidelik gestel dat as die gemeenskap toeriste wil lok en vooruitgang nastreef, behoort daar meer aandag aan die fisiese versorging van die gemeenskap gegee te word. Dit dui op 'n visie van vooruitgang op 'n breër vlak waarby die gemeenskap in totaliteit kan baat.

8.10.2.4 Die verhaal van drank- en dwelmmisbruik

Tydens verskeie gespreksgeleenthede is daar groot kommer uitgespreek oor die mate van drankmisbruik wat voorkom. Sekere deelnemers, soos die vrouegroep het verwys na die kinders wat volwassens se voorbeeld volg en ook hullself te buite gaan met die gebruik van drank. Daar was ook verwysings na die sjebiens wat by sommige huise bedryf word. Selfs die groepie werkloses het tydens hulle vertellings gemeld dat die MONSTER van werkloosheid tot gevolg het dat hulle te veel drink in 'n poging om beter te voel.

Daar is ook 'n verband tussen drankmisbruik en bakleiery gestel. Deelnemers meen dit is dikwels die oorsaak van onmin en erge bakleiery. Verder was die deelnemers wat by die administrasie van sommige van die bejaardes se pensioene betrokke is, ontsteld oor die wyse waarop sommige volwasse kinders hulle ouers se pensioengelde misbruik deur drank daarmee aan te koop.

Veral die plaaswerkers het telkens te kenne gegee dat drankmisbruik een van die groot hindernisse is in die bereiking van hulle ideale. Sommige deelnemers het genoem dat twak ook hulle droom kan verydel.

8.10.2.5 Die verhaal van miv-vigs

Sommige deelnemers het die toename van VIGS in die gemeenskap aangedui as 'n saak waaroor daar baie kommer bestaan. Veral die leiers en professionele persone in die gemeenskap is bekommerd oor die gebrek aan versorgingsgeriewe vir VIGS-pasiënte. Hulle het verduidelik dat pasiënte tans tuis versorg word deur familielede en vriende wat nie opgelei is om terminaal-siek pasiënte te versorg nie. Daar bestaan ook onkunde met betrekking tot die oordraagbaarheid van die siekte.

Ek het self 'n situasie beleef waar 'n VIGS-pasiënt wat baie ernstig siek was op 'n dun matrassie in die koelte langs haar huis gelaat is. Sy was te swak om haarself om te draai of 'n beker water te neem en te drink. Ek en ds C het haar so aangetref tydens 'n tuisbesoek. Daar was nie 'n volwassene in die namiddag wat haar kon versorg nie en slegs haar vierjarige dogtertjie het na haar omgesien. Sy het erge pyn en ongemak verduur en daar was nie behoorlike versorging vir haar nie.

'n Volgende pasiënt wat ons besoek het, is deur haar bejaarde ouers versorg. Alhoewel die ouers haar met toewyding probeer versorg het, beskik hulle nie oor toerusting soos mediese handskoene of 'n bedpan nie. Die gevolg is dat hulle en haar driejarige kind blootgestel was aan die oordrag van die siekte.

Volgens ds. C volg families andersoortige begrafnisrituele in 'n geval van die dood van 'n VIGS-pasiënt. Die gebruiklike troosdienste word dikwels nie gehou nie en in sommige gevalle het geestelike leiers van die betrokke pasiënte hulle ook onttrek en moes die persoon na sy afsterwe vanuit sy huis begrawe word.

Die indruk is verkry dat alhoewel deelnemers na die probleme met betrekking tot VIGS verwys, die omvang en implikasies van die probleem nie ten volle begryp word nie. Alhoewel daar 'n groep gestig is wat die voorkoming van VIGS ten doel het, asook die versorging van pasiënte is dit asof die probleem in 'n mate ontken word.

8.10.2.6 Voorkoming van misdaad en die rol van die polisie

Enkele deelnemers het gemeld dat pogings aangewend behoort te word om misdaad soos inbrake en bakleiery te bekamp. Verder het dit ook na vore gekom dat daar kommer is oor sekere polisiebeamptes wat saam met lede van die gemeenskap drank misbruik. Sodoende stel hulle 'n verkeerde voorbeeld en is nie in staat om hulle taak doeltreffend te verrig nie. Verder het deelnemers van die boeregemeenskap ook vertel dat daar antagonisme tussen van die swart polisiebeamptes en van die wit boere bestaan. Dit bemoeilik doeltreffende polisiëring en dra nie by tot die behoorlike bekamping van misdaad nie.

Alhoewel die voorkoming van misdaad deel van die gemeenskap se verhale is, blyk dit asof dit nie algemeen as 'n ernstige probleem ervaar word nie.

8.10.2.7 Kerk en godsdiens

Veral die plaaswerkers het sterk gefokus op die belangrike rol wat godsdienstige waardes behoort te speel. Hulle het, byvoorbeeld, genoem dat om die Here te dien, gereeld Bybel te lees en te bid hulle droom is, maar ook faktore is wat kan meehelp in die verwesenliking van hulle droom. Verder is die wens ook uitgespreek dat hulle meer gereeld kerkdienste kan bywoon.

Tydens die gepreksgeleentheid met die vroue is daar ook sterk gefokus op die rol van godsdienstige waardes in die opvoeding van die kinders van die gemeenskap. Die indruk is verkry dat alle deelnemers in 'n mindere of meerdere mate op die belangrikheid van die uitlewing van die Christelike godsdiens gefokus het. Baie deelnemers sien die oplossing van probleme en hoop vir hulle toekoms juis in 'n toegewyde lewe aan die drie-enige God.

8.10.2.8 Groter samewerking tussen groepe en die uitbouing van vriendskappe

Daar is hoofsaaklik deur deelnemers wat tot die blanke groep behoort beklemtoon dat groter samewerking tussen die verskillende rasse- en kultuurgroepe noodsaaklik is en meer aandag behoort te geniet. Verder het dit ook in die verhale van dié groep na vore gekom dat daar 'n behoefte is aan meer betrokkenheid by vriende. Veral die persone wat alleenlopers is, het te kenne gegee dat hulle 'n behoefte ervaar dat gemeenskapslede onderling meer na mekaar behoort om te sien. Een deelnemer het dit sterk beklemtoon dat die gemeenskap nood daaraan het dat gemeenskapslede die sogenaamde "bendes" moet vermy en 'n groter openheid vir buitestaanders behoort te hê. Persone wat hulleself meer onlangs (byvoorbeeld 8 jaar gelede) in die gemeenskap gevestig het, het te kenne gegee dat die gemeenskap geneig is om steeds teenoor hulle soos buitestaanders op te tree.

Dié verhaal wat meer op emosionele en verhoudingsbehoeftes dui was nie soseer deel van die stories van die plaaswerkers en die inwoners van Poding-Tse-Rolo of Bergmanshoogte nie. Enkele bejaardes van die betrokke woongebiede het egter wel daarna verwys dat die mense van hulle onderskeie gemeenskappe meer na mekaar behoort uit te reik en dat daar groter samewerking tussen die inwoners moet kom.

8.10.2.9 Leierskap

Enkele deelnemers, hoofsaaklik van die blanke gemeenskap, het te kenne gegee dat daar 'n behoefte aan sterker leiers in Philippolis is. Een deelnemer het genoem dat daar nie op die oomblik leiers in die gemeenskap is nie, want daar is nie leiers gekweek nie. Daar is veral nood aan leiers vir wie dit nie om eie belang gaan nie.

8.10.2.10 Die verhaal van groter visie.

Dit is veral die onderwysers wat gemeld het dat daar 'n groot behoefte aan visie by die leerlinge van die onderskeie skole bestaan. Die kinders van die gemeenskap en waarskynlik ook sommige van die ouers, het nie 'n toekomsvisie nie. Met ander woorde daar word nie ideale vir die toekoms gekoester nie. Die gevolg is dat die kinders ongemotiveerd is om hulle vir die toekoms voor te berei. 'n Leerkultuur ontbreek en het tot gevolg dat kinders nie belangstel om hulle skoolloopbaan suksesvol te voltooi nie. Die kinders redeneer blykbaar dat dit in elk geval nie baat nie, want na skool gaan hulle in elk geval nie 'n werk kan bekom nie en daar is nie geld vir tersiêre opleiding nie. Dit dui op 'n siening dat die toekoms sonder hoop is.

8.10.2.11 Versorging van die bejaardes

Verskeie deelnemers het te kenne gegee dat daar bejaardes is wat nood het aan beter versorging. Sommige bejaardes se kinders buit hulle uit en ander het weer nie mense wat na hulle kan omsien nie. Dan is daar ook bejaardes wat nie in staat is om vir hulleself behoorlik kos te maak nie. Enkele bejaardes wanbestee ook hulle pensioengelde en het dan nie voldoende fondse om na hulle basiese behoeftes om te sien nie. Daar is ook bejaardes wat as gevolg van afstand dit baie moeilik vind om die kliniek gereeld te besoek en die nodige mediese sorg te ontvang. Die gevolg is dat van hulle nie noodsaaklike medikasie gebruik nie.

8.10.2.12 Verhaal van veiligheid

Alhoewel die boere wat aan die gesprekke deelgeneem het, gemeld het dat dit nog redelik veilig op die plase is, was hulle tog besorg oor veiligheid. Hulle meen dan ook dat 'n groter mate van veiligheid op plase nagestreef behoort te word. In die omgewing van Philippolis was daar nog nie plaasaanvalle nie, maar die boere is bewus van wat in ander dele van die land gebeur en sou dit graag in hulle gemeenskap wou voorkom.

8.11 SAMEVATTING

Sedert die begin van 1999 is die gemeenskap van Philippolis betree met die doel om gemeenskapsontwikkelingsaksies te inisieer. In tandem is 'n navorsingsproses volgens die metodologie van deelnemende-aksienavorsing gefasiliteer. Die gemeenskap is geleidelik

betree en algaande is daar by wyse van werkseminare, groepbesprekings en formele en informele individuele gesprekke met die gemeenskap in gesprek getree.

Tydens die gespreksgeleenthede het gemeenskapslede spontaan deelgeneem aan die navorsingsproses deur aan hulle narratiewe uitdrukking te gee. Die narratiewe werkswyse is benut om die navorsingsproses te laat realiseer en terselfdertyd die ontwikkelingsproses te fasiliteer.

Alhoewel die gemeenskap aan die einde van September 2000 nog nie volledig betree is nie, is die vernaamste groeperinge reeds betrokke by die navorsingsproses. Verder is daar met 20 individuele lede wat die verskillende segmente van die gemeenskap verteenwoordig gesprekke gevoer. Tans blyk dit dat daar 'n tendens is wat daarop dui dat gemeenskapslede uit verskillende groeperinge van die groter gemeenskap toenemend by die navorsings- en gepaardgaande ontwikkelingsproses betrokke raak.

Verskillende mense en belangegroepe wat geïdentifiseer is, het reeds tot aksies oorgegaan. So het van die werkloses, byvoorbeeld, met 'n beskuitprojek en die maak van doodskiste begin. Die jeug- en bejaardekomitees het suksesvolle geleenthede aangebied wat die ontwikkeling van die gemeenskap in die hand werk. 'n Aantal gemeenskapslede het sertifikate ontvang na aanleiding van 'n kursus wat hulle bygewoon het met betrekking tot die funksionering van komitees. Gemeenskapslede het dus op verskillende wyses by die totale navorsingsproses en voortspruitende ontwikkelingsaksies betrokke geraak.

Sowel die navorsings- as ontwikkelingsproses is steeds besig om verder te ontvou en sal waarskynlik onbeperk kan voortduur so lank as wat die gemeenskap 'n behoefte aan ontwikkeling ervaar. In die proses sal die mense van Philippolis voortgaan om hulle narratiewe te deel en in die verskillende interaksieprosesse nuwe verhale te ontwikkel wat waarskynlik in die praktyk daarop sal dui dat die gemeenskap in 'n proses van volhoubare ontwikkeling hulleself bevind.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van die ondersoek na die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel volgens die konstruktiwistiese en konstruksionistiese kennisleer wat by wyse van die narratiewe strategie die gemeenskap plaas in 'n proses van deelname aan en die bewerkstelliging van hulle eie volhoubare ontwikkeling op alle terreine, word daar tot bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings gekom. Sowel die literatuurstudie as empiriese werk dien as basis vir die maak van gevolgtrekkings.

Weens die aard van die navorsingsmetodologie wat benut is, naamlik deelnemende-aksienavorsing word aanvaar dat die gevolgtrekkings in die lig staan van die navorser se eie subjektiewe betekenisgewing aan die navorsingsproses en ingesamelde data. Verder word ook in gedagte gehou dat die navorsingsproses ten tye van die samestelling van die navorsingsverslag nie afgehandel is nie, maar slegs 'n bepaalde stadium bereik het. Gevolgtrekkings kan dus net gebaseer word op gegewens wat tot op die huidige tydstip gedokumenteer is. Die verdere verloop van die navorsingsproses en gepaardgaande ontwikkelingsproses sal noodwendig op 'n later stadium tot verdere uitbreiding van die huidige gevolgtrekkings kan lei. Die onderstaande gevolgtrekkings is dus nie die laaste woord wat oor die voortgaande navorsingsgebeure gesê kan word nie. Die dinamiese proses van deelnemende-aksienavorsing en gepaardgaande gemeenskapsontwikkeling, impliseer 'n voortdurende proses van betekenisgewing, gepaardgaande werklikheidskonstruering en voortvloeiende aksies. Dit is waarskynlik 'n proses wat kan voortduur totdat die gemeenskap se behoefte aan ontwikkeling op alle lewensvlakke bevredig is. Die tergende vraag is seker of 'n gemeenskap ooit so 'n moment in sy bestaan kan bereik.

In samehang met die doel van die studie, naamlik die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel volgens die konstruktiwistiese en konstruksionisitiese epistemologie, wat by wyse van die narratiewe strategie, die gemeenskap in 'n proses plaas van deelname aan en die bewerkstelliging van hulle eie volhoubare ontwikkeling op alle

lewensterreine, dien die volgende navorsingsvrae as riglyn vir die formulering van die gevolgtrekkings waartoe gekom word:

- Op watter wyse het historiese gebeure bygedra tot die vorming en dinamika van Suid-Afrikaanse gemeenskappe?
- Hoe kan hierdie inligting bydra tot die betreding van 'n gemeenskap en die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling?
- Watter hoofmomente kenmerk die historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika en hoe kan dit bydra tot die verdere loodsing van volhoubare ontwikkeling?
- Wat behels die uitgangspunte en konseptuele raamwerk van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie?
- Watter implikasies hou die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie vir maatskaplike werk en spesifiek gemeenskapsontwikkeling in?
- Wat behels die uitgangspunte van die narratiewe strategie en die praktiese toepassing daarvan binne die konteks van maatskaplike werk en gemeenskapsontwikkeling?
- Watter aspekte rakende 'n gemeenskap is belangrik om in ag te neem ten einde 'n gemeenskap te betree en gemeenskapsontwikkeling te inisieer?
- Op watter wyse kan deelnemende-aksienavorsing as metode tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling benut word?
- Hoe kan die narratiewe werkswyse benut word om deelnemende-aksienavorsing te implementeer in 'n plattelandse kultuur-diverse gemeenskap?
- Op watter wyse kan 'n plattelandse kultuur-diverse gemeenskap betree word ten einde deelnemende-aksienavorsing en gemeenskapsontwikkleing te implementeer?
- Hoe kan gemeenskapslede by gemeenskapsontwikkeling betrek word sodat hulle eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling aanvaar?

9.1 GEVOLGTREKKINGS

Na aanleiding van die literatuurstudie, empiriese verloop van die studie en die betekenisgewing wat ek aan die verskillende momente van die navorsingsaktiwiteite gegee het, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

9.1.1 Die bydrae van historiese gebeure tot die vorming en dinamika van Suid-Afrikaanse gemeenskappe

Die vestiging van Europeërs in Suid-Afrika vanaf 1652 het gelei tot die vestiging van die Westerse kultuur in dié deel van die wêreld. Dit het verder gelei tot die vestiging van die wit etniese groep in die suide van Afrika. Dié groep wat aanvanklik as die koloniste bekend gestaan het, het hulle hoofsaaklik as boere gevestig. Skakeling tussen die koloniste en inboorlinge van Suid-Afrika het daartoe gelei dat gemeenskapvorming 'n nuwe dimensie begin aanneem het (2.1.1 – 2.1.5). Die inboorlinge wat 'n ander etniese groep verteenwoordig het met eie andersoortige kultuurgebruike, het nie werklik met die koloniste ten volle vermeng geraak nie. Alhoewel daar waarskynlik 'n mate van vermenging plaasgevind het en die verskillende groepe onderling 'n invloed op mekaar uitgeoefen het, het die verskillende etniese en kultuurgroepe naas mekaar bly voortbestaan. Dit het waarskynlik tot die volgende ontwikkeling in die gemeenskapslewe van Suid-Afrika gelei:

- Alhoewel die verskillende groepe interafhanlik tot mekaar gestaan het, het die onderlinge verskille daartoe gelei dat die verskillende groepe hulleself afsonderlik gegroepeer het volgens taal en ras. Vele misverstande, onderlinge wantroue en konflik het hierdie proses waarskynlik verder in die hand gewerk.
- Op plase en in dorpsgebiede het die verskillende groepe volgens ras en taal saam gegroepeer. Dit was asof 'n spontane segregrasie plaasgevind het tussen die groepe. Hierdie tendens is egter later met apartheidswetgewing wetlik gesanksioneer. Die gevolg is dat gemeenskappe na die opheffing van apartheid steeds voortgaan om hulleself in afsonderlike omgewings te groepeer. Die inwoners van Philippolis wat aan die navorsing deelgeneem het, het dit verder bevestig deur die wyse waarop hulle hulle gemeenskap beskryf het. Sonder uitsondering het die verskillende groepe en individue hulle gemeenskap gedefineer na aanleiding van die geografiese omgewing en die ras- en taalgroep waaraan hulle behoort. (Vgl. 8.6.2.) Dit blyk dus dat gemeenskappe en spesifiek die betrokke gemeenskap van Philippolis toon dat gemeenskapslede hulleself eerstens identifiseer met hulle eie ras-, kultuur- en taalgroep. Hierdie tendens dui waarskynlik daarop dat die ANC se ideaal van die ontwikkeling van 'n reënboognasie tans nog net 'n ideaal is en skynbaar nie doelgerig deur die man op straat nagestreef word nie.
- Alhoewel daar tydens die inisiëring van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe vanuit die beginsel gewerk word dat die verskillende groepe in 'n gemeenskap gelyk en

onderling interafhanklik is, kan die verskeidenheid van groeperinge nie geïgnoreer word nie. Daar kan gesamentlike aksies tussen die verskillende groepe geloods word, maar die verskeidenheid en afsonderlike definiëring van hulle gemeenskappe en identiteit kan nooit uit die oog verloor word nie. Op die manier sou daar respek aan gemeenskapslede betoon word en die beginsel dat hulle die kundiges van hulle omstandighede is, nagekom word. (Vgl. 4.3.7.1.)

- Die spontane mate van segregrasie wat in Suid-Afrikaanse gemeenskappe en spesifiek in die gemeenskap van Philippolis teenwoordig is, sluit integrasie nie totaal uit nie, maar dit blyk dat gemeenskappe se dinamika eerstens binne die eie groepering realiseer. Daarna vorm 'n verdere oorhoofse dinamika van die groter gemeenskap waar verskillende groepe noodgedwonge integreer op bestuurs- en owerheidsvlak.

9.1.2 Die verrekening van historiese gebeure by die betreding van 'n gemeenskap en die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling

By die betreding van 'n gemeenskap is dit belangrik om te let op die historiese gebeure ten einde die hede te begryp. Historiese gebeure verduidelik bepaalde situasies in die gemeenskap en kan as verdere riglyn dien vir die betreding van die gemeenskap. Weens die politieke geskiedenis van die land asook gepaardgaande sosiale gebeure, sou dit onwys wees om die oorwegend blanke Afrikaanssprekende boerderygemeenskap sonder meer deur 'n Engels- of Sothosprekende maatskaplike werker te laat betree. Die historiese situasie van apartheid en die perspektiewe wat verder deur groepe onderling van mekaar gehuldig word, deels as gevolg van gebeure in die verlede en oorleweringe, het waarskynlik tot gevolg dat gemeenskappe meer tuis voel om hulle narratiewe te deel met persone soortgelyk aan hulle ras, taal en kultuur.

Volgens my ervaring by die betreding van die gemeenskap van Philippolis het ek veral uit informele gesprekke met bekendes in die blanke gemeenskap daarvan bewus geword dat hulle vriendelik teenoor die Sotho- en Xhosasprekende studente sal optree, maar nie bereid is om op hierdie stadium hulle narratiewe met hulle te deel nie. Alhoewel die oorwegend swart gemeenskap van Poding-Tse-Rolo met minder voorbehoud hulle verhale met my gedeel het, het ek tog die belewenis gehad dat die Sotho- en Xhosasprekende studente veel makliker deur die gemeenskap in hulle vertroue geneem is. Die betrokke studente dien as't

ware as my voertuig waarmee ek die betrokke gemeenskap op 'n dieper en meer betekenisvolle vlak kan betree.

Alhoewel 'n gemeenskap waarskynlik op multi-kulturele vlak suksesvol betree kan word, blyk dit dat gemeenskappe hulleself makliker oopstel vir mense wat tot dieselfde ras-, taal- en kultuurgroep behoort as die betrokke gemeenskap. Wedersydse vertroue ontwikkel makliker en meer spontaan met die gevolg dat die gemeenskap doeltreffender by gemeenskapsontwikkeling betrokke raak, aan ontwikkelingsinisiatiewe deelneem en self eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling aanvaar.

9.1.3 Historiese tendense met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika

Met betrekking tot die historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika, kan die volgende tendense geïdentifiseer word wat tydens die beplanning en loodsing van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe in ag geneem behoort te word:

- Die historiese verloop van maatskaplike werk en spesifiek gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika dui daarop dat vroue 'n belangrike rol gespeel het en dikwels die inisiatief geneem het om bepaalde aksies te loods. So, byvoorbeeld, het Emily Hobhouse na die Tweede Vryheidsoorlog 'n besondere bydrae gelewer tot die opheffing van die Afrikanergemeenskappe wat as gevolg van die oorlog sodanig verarm het dat daar nood aan basiese bestaansmiddele was. Met die stigting van spin- en weefskole in die Vrystaat en Transvaal, is daar aan die Afrikanervrou die geleentheid gebied om konstruktief betrokke te raak by die opheffing van eie gesinne en die gemeenskap as geheel. (Vgl. 2.2.3.)

  Dit is ook vroue wat die inisiatief geneem het om aan die begin van die vorige eeu welsynorganisasies te stig toe daar groot nood in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe hoofsaaklik as gevolg van die Tweede Vryheidsoorlog, ontstaan het. Die vier vroue-organisasies, naamlik die SAVF, ACVV, OVV en NCVV is vandag steeds aktief besig met die uitvoering van welsynsprogramme wat die ontwikkeling van gemeenskappe ten doel het. (Vgl. 2.2.3.) Die gemeenskapsontwikkelingsinisatiewe te Philippolis wat deel vorm van dié studie se empiriese werk, is ook deur vroue geïnisieer. Onder leiding van mev K is die Departement van Welsyn genader om groter insette in die

gemeenskap van Philippolis te lewer met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling. In Bergmanshoogte het van die vroue die afgelope sestien jaar konstant gebid dat daar mense moet kom wat hulle kan help. Met ons betreding van die gemeenskap van Bergmanshoogte was dit veral die vroue wat dadelik betrokke geraak het by die vorming van gemeenskapskomitees. Die komitee vir bejaardes en vroue is voorbeelde hiervan. Alhoewel die jeugkomitee uit mans/seuns en vroue/dogters bestaan het, is 'n vrou tot voorsitter verkies. Verder tree ds C wat ook 'n vrou is, tans op as ons koördineerder van die ontwikkelingsinisiatief in die totale gemeenskap. (Vgl. 8.6.1 & 8.6.6.)

- Nie-regeringsinstansies (NRIs/NGOs) het betekenisvolle bydraes tot die ontwikkeling van gemeenskappe gelewer. Die indruk word verkry dat die NRIs gewoonlik eerste met ontwikkelingsinisiatiewe begin het en dan later deur staatsdepartemente in hulle pogings ondersteun en/of aangevul is. Omdat NRIs deur mense op voetsoolvlak gevorm word, sluit hulle gemeenskapsontwikkelingsaksies waarskynlik nouer aan by die behoeftes van die betrokke gemeenskap en gaan gemeenskapslede gouer in 'n posisie wees om verantwoordelikheid vir hulle eie ontwikkeling te aanvaar. Daar word dus gouer self hand aan die ploeg geslaan en nie gewag vir buitestaanders om ontwikkeling te laat gebeur nie. (Vgl. 2.2.4.)

Alhoewel staatsdepartemente en veral die Departement van Welsyn veral sedert 1994 hoë voorkeur aan gemeenskapsontwikkeling gegee het, kan die belangrike rol wat NRIs in die verband speel, nie vervang word nie. Dit blyk dat doeltreffende gemeenskapsontwikkeling in die hand gewerk kan word deur noue samewerking tussen NRIs en staatsdepartemente. Daar is 'n onderlinge afhanklikheid wat nie geïgnoreer kan word nie. So beskik die staatsdepartemente, byvoorbeeld, oor meer fondse en die NRIs is weer meer verteenwoordigend van die gemeenskap en kan as sulks meer doeltreffend by gemeenskapsbehoeftes aansluit en die gemeenskap betrokke maak by sy eie ontwikkeling.

- Alhoewel verskillende ras- en kultuurgroepe sedert die stigtingsjare van Suid-Afrika direk of indirek by gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe gebaat het, is daar veral sedert 1994 baie sterk klem gelê op die ontwikkeling van veral die arm of agtergeblewe gemeenskappe. (Vgl. Rothmund, 1994:111 & 2.2.4.) Die gevaar bestaan waarskynlik dat daar tydens die beplanning en loodsing van gemeenskaps-

ontwikkelingsaksies so sterk op die agtergeblewe gemeenskappe gefokus word, dat die rol wat die sogenaamde bevoorregte groepe in die totale ontwikkelingstrategie kan speel, maklik uit die oog verloor kan word. Dit sou tot gevolg kan hê dat hulpbronne en kundigheid in 'n spesifieke gemeenskap nie doeltreffend benut word nie, met die gevolg dat gemeenskapslede as't ware beroof word van 'n meer effektiewe ontwikkelingstrategie.

9.1.4 Die implikasies van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie vir gemeenskapsontwikkeling

Volgens die konstruktiwisme en konstruksionisme se uitgangspunte en die implikasie daarvan vir gemeenskapsontwikkeling sou die volgende gevolgtrekkings geformuleer kon word:

- Volgens dié epistemologie is objektiwiteit nie moontlik nie en gevolglik kan die maatskaplike werker ook nie objektiwiteit handhaaf nie. Tydens die maatskaplike werker se betrokkenheid by 'n gemeenskap raak hy dus subjektief deel van die gemeenskap in hulle konstruering van werklikhede. Deur middel van interaksieprosesse is die maatskaplike werker mede-deelnemer aan die gemeenskap se proses van werklikheidskonstruering. Verder gee die maatskaplike werker weens sy blootstelling aan 'n bepaalde gemeenskap en gebeure binne die gemeenskap, eie unieke betekenis aan sy ervaring van die betrokke gemeenskap. Hy vorm eie werklikheidskonstruerings met betrekking tot die spesifieke gemeenskap en gaan sy verdere reaksies en optredes daarvolgens rig. Die wyse waarop hy dus die gemeenskapsontwikkelingsproses gaan bestuur, word grootliks deur sy eie subjektiewe werklikheidskonstruerings gerig. (Vgl. 3.3.1 & 3.3.2.)
- Weens die gesamentlike proses van die vorming van werklikheidskonstruksies wat tussen die maatskaplike werker en die gemeenskap plaasvind, is hy nie in 'n posisie om van buite bepaalde besluite vir die gemeenskap te neem nie. Dit laat hom in die nie-kundige posisie waar hy saam met die gemeenskap na antwoorde vir vraagstukke soek. Die ideale en doelstellings wat die gemeenskap nastreef en wat deur middel van gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe bereik kan word, word gesamentlik deur die maatskaplike werker en gemeenskap bepaal, asook die wyse waarop sodanige inisiatiewe tot uitvoer gebring kan word. Met betrekking tot die loodsing van aksies om werkloosheid te bekamp, het van die gemeenskapslede van Philippolis tydens

gespreksgeleenthede self besluit om byvoorbeeld met 'n beskuitbakprojek en die maak van doodskiste te begin. Hulle het die wyse waarop hulle die projek gaan aanpak en wie hulle kan oplei en met raad bystaan, ook self geïdentifiseer. Omdat hulle die kundiges ten opsigte van hulle omstandighede en gemeenskap is, kon hulle meer doeltreffend besluite neem en suksesvoller aksies uitvoer as wat ek sou kon doen. (Vgl.3.3.1 & 8.6.6.)

- Weens die afwesigheid van objektiwiteit en die proses waarvolgens werklikheids-konstruerings plaasvind, is dit nie moontlik om assesserings of evaluerings van gemeenskappe te doen nie. Selfs situasie-analises deur die maatskaplike werker sou nie moontlik wees nie. Die maatskaplike werker sou, byvoorbeeld, nie 'n assessering van 'n gemeenskap kon doen en daarvolgens bepaalde aksies beplan nie. Sy sou dan met haar werklikheidskonstruering werk en die gemeenskap sou nie daarvan deel wees nie. Dit kan tot gevolg hê dat die gemeenskap mag beleef dat die maatskaplike werker vir hulle besluite neem, hulle nie noodwendig begryp nie, en dus is dit ook nie hulle verantwoordelikheid om sodanige aksies tot uitvoer te bring nie. Ten einde die gemeenskap aan gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe te laat deelneem en dus eienaarskap van hulle eie ontwikkeling te aanvaar, verg dat die gemeenskap van meet af self hulle behoefte aan ontwikkeling sal bepaal, asook hoe dit moet geskied. Die maatskaplike werker word dus net 'n fasiliteerder wat die gemeenskap in staat stel om hulle behoefte aan ontwikkeling te verken en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar. (Vgl. 3.3.3.)

Tydens werksessies met verskillende groepe in die gemeenskap en individuele gesprekke met gemeenskapslede, het hulle op die vraag wat hulle vir hulle gemeenskap droom, 'n verskeidenheid areas geïdentifiseer waar daar behoefte aan ontwikkeling is. Die opvolgende vraag, naamlik hoe die droom bewaarheid kon word, het verskeie idees na vore gekom wat dui op ontwikkelingsinisiatiewe wat later in die verskillende belangegroepe tot aksies verpraktiseer word. Alhoewel die proses nog nie voltooi is nie, is daar wel bepaalde aksies wat besig is om te realiseer na aanleiding van die gemeenskap se eie inisiatief. Die jeugkomitees bied, byvoorbeeld, van tyd tot tyd programme vir die jeug aan met die oog op konstruktiewe vryetydsbesteding, voorkoming van drankmisbruik en fondsinsameling vir verdere projekte. (Vgl. 8.6.1.1.) Die beplanning van die bou van 'n kompleks wat voorsiening maak vir

studielokale, kleuterskool-klaskamers en 'n ontspanningsaal, is 'n verdere voorbeeld van waar die gemeenskap self 'n behoefte geïdentifiseer het en toe konstruktief saam beplan het. Hulle het met 'n argitek onderhandel en die praktiese bouaktiwiteite begin beplan. (Vgl. 8.6.6.)

In die proses van die aanvaarding van verantwoordelikheid vir ontwikkelingsprojekte, word die gemeenskap ook sy eie veranderingsagent en nie die maatskaplike werker nie. Die maatskaplike werker is slegs die fasiliteerder wat die proses van ontwikkeling deur middel van interaksie met die gemeenskap, stimuleer.

- In die lig daarvan dat individue elk hulle eie unieke werklikheidskonstruksies vorm na aanleiding van hulle ervaringe van hulle omgewing kan aanvaar word dat gemeenskapslede onderling, maar ook van die maatskaplike werker as persoon en sy optredes, bepaalde konstruerings vorm. Dit is dus vir die maatskaplike werker van besondere belang om tydens sy betreding van die gemeenskap en die fasilitering van die gemeenskapsontwikkelingsproses, in ag te neem dat die betrokke gemeenskap voortdurend werklikheidskonstruksies vorm oor hom en sy optredes.
- In aansluiting by die mening van Von Glasersfeld (1995:3) dat 'n mens hom gemakliker in sy moedertaal uitdruk, is bevind dat alhoewel die meeste Sotho- en Xhosasprekende gemeenskapslede ook Afrikaans kan verstaan en praat, tog verkies het om hulle moedertaal te gebruik tydens gespreksgeleenthede. (Vgl. 8.6.2.) Ten einde aan gemeenskapslede dus die geleentheid te bied om hulleself vollediger te kan uitdruk en gevolglik in 'n groter mate verantwoordelikheid vir die ontwikkelings-inisiatief te laat aanvaar, sou die gebruik van moedertaal belangrik wees.

Tydens my werk in Philippolis het ek veral deur middel van informele gesprekke, bewus geword van persepsies wat daar tussen gemeenskapslede onderling en van my self bestaan. Tydens die gesprek met lede van die KANSA en VIGS-versorgingskomitee is die behoefte aan behoorlike voeding van die siek en bejaarde persone bespreek. Toe ek opmerk dat die groep wat die groentetuine in die gemeenskap aanlê, moontlik geraadpleeg kan word om groentes vir dié doel te kweek, het een van die komiteelede gemeld dat die betrokkenes net vir eie gewin werk. Ek het dadelik besef dat sodanige voorstel, weens die perspektief wat bestaan ten opsigte van die tuinmakers, nie aanvaarbaar is nie. Alhoewel my ervaring van die betrokke tuinmakers is dat hulle wel

gewillig sou wees om te help, moes die werklikheidskonstruering van die bepaalde persoon egter gerespekteer word ten einde sensitief die aangeleentheid te rig en sorg te dra dat die betrokke persoon nie onttrek of ander mense ontmoedig om saam te werk nie.

Die indruk is verkry dat dit juis die verskillende unieke werklikheidskonstruerings van gemeenskapslede is wat die dinamika van die gemeenskap inklee en rig. Ten einde die dinamika van 'n gemeenskap behoorlik te verreken tydens die inisiëring van gemeenskapsontwikkelingsaksies, is dit dus raadsaam om veral sensitief te wees vir die dinamiese proses van unieke werklikheidskonstruerings wat in 'n gemeenskap plaasvind.

9.1.5 Die implikasies van die narratiewe werkswyse vir gemeenskapsontwikkeling

Na aanleiding van die literatuurstudie en praktiese toepassing van die narratiewe werkswyse, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Alhoewel White (1998a) homself nie as 'n konstruktiwis of konstruksionis sien nie, blyk dit dat sy werkswyse wel uit dié epistemologie spruit. Veral die beginsel om vanuit 'n nie-kundige posisie tydens terapie te beweeg, en die siening dat die individu deur middel van taal uitdrukking gee aan sy werklikheidskonstruering, bevestig die noue verwantskap tussen die narratiewe werkswyse en veral die konstruksionisme. (Vgl. 3.3.1 & 4.3.7.1.)
- Die uitgangspunte, beginsels en doelstellings van die narratiewe werkswyse bied 'n strategie waarvolgens gemeenskapsontwikkeling gerig kan word en bied praktiese werkswyses vir die implementering van die ontwikkelingsproses in 'n kultuur-diverse gemeenskap. Dit bied ook 'n handige werkswyse vir die benutting van deelnemende-aksienavorsing.
  - Deur vanuit 'n nie-kundige posisie te beweeg, was ek aangewese op die gemeenskap se aanduidings van wanneer watter groepe gereed is om aan die navorsing en daarmee gepaardgaande ontwikkelingsinisiatiewe deel te neem. Verder het die gemeenskap, as die kundiges van hulle eie omstandighede, die geleentheid gekry om hulle narratiewe aan my te vertel volgens hulle eie voorkeur. Die enkele aksies wat reeds begin plaasvind het, soos die vorming van komitees, die groentetuin- en beskuitprojek en die maak van doodskiste, het spontaan vanuit die gemeenskap na vore gekom.

Dit kan gesien word as die aanvaarding van eie verantwoordelikheid vir die betrokke projekte, maar ook ten opsigte van hulle eie ontwikkeling. (Vgl. 8.6.6.)

- Die verdere beginsel van deursigtigheid het sodanig gerealiseer dat daar spontaan die behoefte aan 'n gemeenskapskoerant uitgespreek is ten einde almal ingelig te hou oor die verskillende aksies wat in die gemeenskap plaasvind. Selfs die ontvangs van borggelde vir projekte word aan die gemeenskap bekend gemaak. (Vgl. 8.6.1.) Die wyse waarop die gemeenskap my en die studente vertrou en toelaat in die gemeenskap, sou waarskynlik deels toegeskryf kan word aan die deursigtige wyse waarop te werk gegaan word.
- Na aanleiding van White (1993:50-51 & 1997:97-201) se beskrywing van mag en sy waarskuwing teen sogenaamde beoefening van "magspraktyke", is daar deurgaans gepoog om nie vanuit 'n posisie van mag op te tree nie. Aanmoediging van die gemeenskap om vanuit hulle kundigheid aksies te beplan en die mate van respek wat ons vir gemeenskapslede se omstandighede en pogings openbaar, dra waarskynlik verder by tot hulle gemotiveerde deelname aan ontwikkelingsinisiatiewe. Weens die verweefdheid tussen deelnemende-aksienavorsing en ontwikkeling, geld dieselfde dus vir die deelname aan die navorsingsaktiwiteite. Die feit dat gemeenskapslede by verskillende geleenthede spontaan na ons gekom het om samesprekings te hou oor moontlike werkskeppingsprojekte, getuig van hulle bereidheid tot aktiewe deelname en die aanvaarding van verantwoordelikheid om projekte self aan te pak. Daar kan tot die slotsom gekom word dat wanneer 'n gemeenskap ervaar dat hy as die kundige van sy wêreld en unieke omstandighede gerespekteer word, en dat daar vertroue en afwagting bestaan vir die oplossings waarmee hulle vorendag kan kom, die betrokke gemeenskap in 'n groot mate bemagtig is om na hulleself om te sien.
- Dit blyk dat die vyf karterings wat White (1998a) benut om aan narratiewe terapie uitvoering te gee, ook benut kan word by die implementering van gemeenskapsontwikkeling. Verskillende groepe en individue het reeds tydens gesprekke betreffende tot hulle droom vir die gemeenskap en hoe sodanige droom bereik kan word, begin om fasette van hulle verhale in 'n mate te eksternaliseer, al sou dit net wees om verbaal uitdrukking daaraan te gee. Die twee groepe onderwysers en werkloses van Bergmanshoogte het reeds die probleme in hulle verhale verpersonaliseer deur name daaraan te gee. (Vgl. 8.6.4.) Dieselfde groepe het ook reeds begin met die ontwikkeling van nuwe verhale soos afgelei kan word van die besprekings oor wyses om

probleme te oorwin. (Vgl. 8.6.5.) Veral die groep werkloses het verder beweeg en met aksies begin wat hulle nuwe narratief laat vorm aanneem het. (Vgl. 8.6.6.) Herinneringsgesprekke het nog nie ten volle ontplooi nie, maar sal waarskynlik tydens verdere gespreksgeleenthede met die gemeenskap na vore tree. Veral as daar gefokus word op mense en gebeure wat 'n belangrike posisie inneem in die gemeenskap se lewe, of invloedryk deel vorm van hulle herinneringe. Die verskeie besoekers van buite die gemeenskap, wat hulle projekte kom besigtig het, asook die televisie-uitsending op SABC 2, dien in 'n groot mate as bevestigingseremonies ten opsigte van die nuwe storie wat ontwikkel. (Vgl. 8.8.) Die uitdeling van sertifikate aan persone wat opgelei is om in gemeenskapskomitees te dien, was 'n verdere geleentheid waar die gemeenskapslede onderling mekaar se getuienisse kon wees van hulle uitlewing van 'n nuwe narratief. Die direkteur van die KMD wat die sertifikate oorhandig het, was 'n verdere getuie van buite die gemeenskap van dit wat nou deel vorm van hulle lewensverhaal. 'n Groepie van die vrouens, meestal bejaardes wat sertifikate ontvang het, het met hulle dans en sang van vreugde en dankbaarheid, verder met 'n tipiese kulturele ritueel hulle nuwe narratief bevestig, naamlik dat hulle bemagtig is om doeltreffend as komiteelede te funksioneer en as sodanig in staat is om by te dra tot verdere aksies wat kan lei tot die ontwikkeling van hulle gemeenskap. (Vgl. 8.6.6.5.) Alhoewel die terugneem-aksie nog nie formeel sterk na vore gekom het nie, noem ek gewoonlik tydens al die gespreksgeleenthede dat ek waardering het vir dit wat ek by die gemeenskap van Philippolis leer en hoe dat hulle my lewe beïnvloed. (Vgl. 8.9.)

Alhoewel die proses van gemeenskapsontwikkeling en deelnemende-aksienavorsing steeds voortduur, het die hoofmomente van die narratiewe werkswyse reeds gerealiseer. Dit blyk dat dié metode dus wel toepasbaar is en meer prominent in die konteks van gemeenskapsontwikkeling uitgebou kan word.

9.1.6 Aspekte wat in ag geneem behoort te word tydens die betreding van die gemeenskap

Die aspekte wat in hoofstuk 7, paragraaf 7.4.1 aangedui word as belangrik met die oog op die suksesvolle betreding van 'n gemeenskap, is grootliks deur die empiriese werk bevestig. (Vgl. 8.6.1.)

- Die daarstelling van 'n vertrouensverhouding is van kritiese belang. Verder moet ook in ag geneem word dat dit 'n proses is wat oor 'n lang tydperk kan strek. Daar behoort ook groot sensitiwiteit vir die gemeenskap se tempo en gereedheid te wees. Verder is die indruk verkry dat die proses om die gemeenskap te betree algaande 'n sneeubaleffek kan hê. Met ander woorde, die een gespreksgeleentheid of gebeurlikheid gee aanleiding tot voortvloeiende gesprekke. Aanvanklik het ons vermoed dat die boeregemeenskap moontlik nie so maklik betree gaan word nie. Na afloop van ongeveer 1½ jaar het die boeregemeenskap spontaan na ons uitgereik vir groter betrokkenheid by die totale ontwikkelingsinisiatief. Waarskynlik moes daar eers 'n proses verloop waartydens ons aksies bewys kon lewer dat ons vertrou kan word. Die indruk word egter verder verkry dat wanneer sodanige vertroue geskep is, daar sprake is van 'n vertrouensverhouding wat tot volhoubare samewerking kan lei.
- By die betreding van die gemeenskap is die persoon van die ontwikkelaar of navorser en die waardes wat sy handhaaf, 'n verdere bepalende faktor met betrekking tot die suksesvolle betreding van die gemeenskap. Weens my vroeëre verbintenisse met die gemeenskap en my begrip vir plattelandse omstandighede as gevolg van eie ervaring, ervaar ek dat ek in 'n groot mate dieselfde "taal" as die gemeenskap kan praat. (Vgl.8.2.) Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat ek en die studente die gemeenskap redelik gemaklik kon betree. My ervaring was dat ons dit nie moeilik gevind het om die verskillende groepe se vertroue te wen nie.
- Die inagneming van gemeenskapslede se onderlinge persepsies van mekaar, blyk 'n belangrike faktor te wees om te verreken by die samestelling van vergaderings of ander gespreksgeleenthede. Die inwoners van Bergmanshoogte verkies, byvoorbeeld, om hulle eie komitees te hê en nie saam met Poding-Tse-Rolo komitees te vorm nie. Dit kan toegeskryf word aan hulle onderlinge ervaringe en sienings van mekaar, maar ook as gevolg van hulle werklikheidskonstruerings met betrekking tot behoeftes en moontlike oplossings. By geleentheid waar van die jeugkomitees wel gepoog het om projekte saam aan te pak, soos jeugdag 2000, het die een komitee van Bergmanshoogte slegs passief meegedoen alhoewel hulle die vorige jaar op hulle eie 'n suksesvolle jeugdag aangebied het. (Vgl. 8.6.6.) Dit was asof die komitees mekaar nie geopponeer het nie, maar ook nie doeltreffend saamgewerk het nie.
- Verder blyk politieke neutraliteit van die maatskaplike werker/gemeenskapsontwikkelaar van die uiterste belang by die betreding van 'n gemeenskap. Sommige inwoners

van Poding-Tse-Rolo is nog steeds besig om telkens te monitor watter politieke party in beheer van 'n gespreksgeleentheid of ontwikkelingsaksie is. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat bepaalde politieke partye aktief in die gemeenskap werksaam is en/of poog om politieke punte te probeer wen deur ontwikkelingsaksies te inisieer. (Vgl.8.6.1.) Indien die gemeenskapsontwikkelaar polities neutraal optree, bestaan daar waarskynlik 'n groter moontlikheid dat meer gemeenskapslede aan die inisiatiewe sal deelneem en word voorkom dat die werklike motiewe van die totale aksie bevraagteken word.

- Alhoewel die dinamika van 'n gemeenskap 'n dinamiese vorm aanneem en nie altyd so sigbaar bepaalbaar is nie, behoort dit egter sensitief verreken te word. Ten opsigte van die boeregemeenskap, het ons eers werklik toegang verkry nadat die leiers ons uitgenooi het tot samesprekings. Dit is veral deur middel van informele gesprekke dat bepaalde onderliggende strominge geïdentifiseer kan word. In 'n informele gesprek met bekendes met wie 'n bepaalde lojaliteitsituasie bestaan, word sensitiewe aangeleenthede gewoonlik makliker onder bespreking gebring. (Vgl. 8.6.1.)
- Alhoewel daar toenemend mans aan die ontwikkelingsinisiatiewe deelneem, het die aanvanklike betreding van die gemeenskap hoofsaaklik plaasgevind tydens gespreksgeleenthede met vroue. Waarskynlik is dit daaraan toe te skryf dat ek, die studente en die koördineerder van die KMD, vroue is. (Vgl. 8.6.1.) Alhoewel geslagsverskille nie noodwendig 'n beperkende rol met betrekking tot die betreding van 'n gemeenskap hoef te speel nie, is dit 'n faktor wat nie geïgnoreer behoort te word nie.
- Die inagneming van kulturele verskille is 'n verdere faktor wat noodsaaklik is by die betreding van 'n gemeenskap. Daarom is dit so belangrik om vanuit 'n nie-kundige posisie te beweeg. Die respekteer van kulturele verskille hou ook in dat die ontwikkelaar sensitief sal wees vir die gemeenskap se belewing van sy (ontwikkelaar) kultuur. Die werkseminaar in Poding-Tse-Rolo het, byvoorbeeld, geïllustreer dat gemeenskapslede dit makliker vind om hulle stories aan 'n kultuur- en taalgenoot te vertel as aan iemand wat nie deel van hulle kultuur is nie. (Vgl. 8.6.2.3.) Dit hoef nie 'n belemmering vir die implementering van ontwikkelingsaksies en/of deelnemende-aksienavorsing te wees nie, maar moet beslis gerespekteer word.

9.1.7 Die bydrae van deelnemende-aksienavorsing tot die daarstelling van volhoubare gemeenskapsontwikkeling

Alhoewel die volhoubaarheid van die ontwikkelingsaksies wat, onder andere, deur die werkswyse van deelnemende-aksienavorsing gefasiliteer is, weens die kort tydsverloop nog nie ten volle bepaal is nie, kan enkele tendense egter aangetoon word.

- Daar kan aanvaar word dat deelnemende-aksienavorsing wel tot volhoubare ontwikkeling kan lei weens die volgende redes:
  - Deelnemende-aksienavorsing het tot gevolg dat die deelnemers nie net inligting verskaf nie, maar aktief deel raak van 'n proses waartydens daar uitdrukking aan hulle werklikheidskepping gegee kan word.
  - Op grond hiervan volg verdere beplanning om wyses te vind waarop geïdentifiseerde behoeftes aandag kan geniet.
  - Gevolglik begin gemeenskapslede op so 'n vlak deelneem aan die daarstelling van aksies om hulle situasie te verander dat hulle nie anders kan as om 'n groot mate van verantwoordelikheid of eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling te aanvaar nie.
  - Gemeenskapslede het dus op verskillende vlakke aktief aan besluitnemingsprosesse begin deelneem en gevolglik word die beplande aksies gerig volgens die besluite van die gemeenskap.
- Wanneer gemeenskapslede resultate volgens hulle eie besluite begin bereik, behoort die bemagtiging van gemeenskapslede toenemend te groei, met die gevolg dat 'n positiewe suksessiklus ontstaan. Volhoubaarheid van bestaande projekte sou sodoende gewaarborg kon word. Die proses kan sou waarskynlik verder kon inhou dat gemeenskapslede vanweë hulle eie bemagtiging, voortdurende aanpassing maak om aan nuwe behoeftes te voorsien en sodoende volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig. Omdat dit 'n proses is wat oor jare kan strek en die kriteria vir volhoubaarheid verkieslik deur 'n bepaalde gemeenskap binne 'n gegewe konteks bepaal behoort te word, sal die evaluering van ontwikkeling met betrekking tot volhoubaarheid afhanklik wees van die betrokke gemeenskap se subjektiewe betekenisgewing daaraan.
- Weens die tyd wat nodig is om 'n gemeenskap tot groter gereedheid vir deelname aan ontwikkelingsaksies te laat groei, kan aanvaar word dat die bewerkstelligging van volhoubare ontwikkleing 'n proses is wat geleidelik ontwikkel. Dit kan dus selfs jare

neem voordat 'n gemeenskap sy eie ontwikkelingsprogramme as volhoubaar sal definieer.

- Aangesien kundigheid van verskeie aspekte, soos bestuurs- en entrepreneurskapsvaardighede noodsaaklik is vir die daarstelling van volhoubare ontwikkelingsprogramme, sou die proses om sulke programme te vestig, positief bevorder kon word indien sodanige kundigheid reeds in die gemeenskap teenwoordig is. Selfs kennis en vaardighede met betrekking tot die aard van die bedryf wat deel vorm van 'n projek, sou in die gemeenskap beskikbaar kon wees. Indien die kundiges dus by bepaalde projekte betrek kan word waar hulle kundigheid toepaslik is, kan die volhoubaarheid van die betrokke projek meer bevredigend in die hand gewerk word. Dit kom dus daarop neer dat gemeenskapslede met bepaalde kundigheid aktief betrokke raak by mense in die gemeenskap wat nood aan sodanige kundigheid het ten einde beoogde projekte suksesvol aan te pak. Sodanige onderlinge betrokkenheid kan bydra tot groter interafhanklikheid binne die gemeenskap, die uitbou van onderlinge verhoudings en vinniger groei na die selfstandigheid van 'n gemeenskap. Alhoewel kundiges van buite die gemeenskap ook waardevolle bydraes kan lewer, is dit verkiesliker om plaaslike kundiges te gebruik.

Alhoewel daar tot die slotsom gekom kan word dat deelnemende-aksienavorsing wel bydra tot volhoubare ontwikkeling, moet egter ook in gedagte gehou word dat daar meer faktore is wat die volhoubaarheid van projekte bepaal, byvoorbeeld, die vaardighede waarmee ontwikkelaars die proses van ontwikkeling fasiliteer.

9.1.8 Die benutting van die narratiewe werkswyse by die implementering van deelnemende-aksienavorsing

Die narratiewe werkswyse bied 'n sinvolle raamwerk waarbinne deelnemende-aksienavorsing kan gebeur.

- Dit is juis deur middel van storievertelling dat inligting wat vir die gemeenskap ter sake is, bekom word. (Vgl. 8.6.) Die eksternalisering van die verhale wat vertel word, bied 'n waardevolle vertrekpunt vir die beplanning van verdere aksies ten einde aan die behoeftes van die gemeenskap aandag te gee. Die herskryf van narratiewe sou die beplanning en uitvoering van aksies kon inhou. Die werklose groep het, byvoorbeeld,

na aanleiding van die eksternalisering van werkloosheid besluit hulle gaan die "monster van werkloosheid" vernietig deur bepaalde aksies te neem. (Vgl.8.6.4.3.)

- Tydens individuele gesprekke met gemeenskapslede asook met belangegroepe, is waardevolle inligting bekom wat op bepaalde verhale dui wat die omstandighede en behoeftes van die verskillende segmente van die gemeenskap beskryf. (Vgl. 8.6.1.) Die toepassing van die beginsels van die narratiewe werkswyse, byvoorbeeld, respek en om vanuit 'n nie-kundige posisie te beweeg, het daartoe bygedra dat deelnemers redelik gemaklik hulle narratiewe gedeel het. Dit het ook gesprekvoering in 'n kultuur-diverse situasie vergemaklik omdat die deelnemer onbevange sy verhaal volgens sy eie unieke werklikheidskonstruering kon weergee. Die fasilitering van 'n proses waartydens gemeenskapslede hulle narratiewe deel, vorm spontaan 'n geleentheid waartydens deelnemende-aksienavorsing realiseer. Gemeenskapslede word deelnemers in die verkenning van hulle eie omstandighede. Die verdere aktiwiteite van die narratiewe werkswyse bied aan die deelnemers die geleentheid om die proses van deelnemende-aksienavorsing en gemeenskapsontwikkeling gesamentlik te laat realiseer.

Daar kon tot die gevolgtrekking gekom word dat deelnemende-aksienavorsing meer doeltreffend geïmplementeer kan word indien die narratiewe werkswyse benut word. Dit sal egter verg dat navorsers wat deelnemende-aksienavorsing effektief wil benut, verkieslik in die narratiewe metode geskool sal wees.

9.1.9 Die bewerkstelligging van eienaarskap by 'n gemeenskap ten opsigte van sy ontwikkeling

Die proses van ontwikkeling in die gemeenskap van Philippolis is nog nie op so 'n stadium dat daar sinvol bepaal kan word of die gemeenskap volledig eienaarskap ten opsigte van hulle eie ontwikkeling aanvaar het nie. Tog sou enkele afleidings wel gemaak kan word met betrekking tot tendense wat daarop dui dat eienaarskap toenemend realiseer, en watter insette dit moontlik in die hand kan werk.

- Die wyse waarop die gemeenskap betree word en veral hoe ons die doel van ons teenwoordigheid verduidelik het, het waarskynlik reeds die grondslag gelê vir 'n konteks van die aanvaarding van eienaarskap. Ons het, byvoorbeeld, nooit te kenne gegee dat ons oplossings vir probleme het of bepaalde projekte in gedagte het wat uitgevoer

moes word nie. Omdat ons deurgaans die gemeenskapslede aan die woord gestel het met betrekking tot wat hulle vir hulle gemeenskap droom, is daar gepoog om sterker op hulle en hulle omstandighede te fokus. Deurgaans het ons gepoog om die gemeenskap te respekteer wat betref hulle uniekheid en kundigheid met betrekking tot hulle eie situasie. (Vgl. 8.6.1, 8.6.2, 8.6.4 & 8.6.6.)

- Daar is dus deurentyd vanuit 'n nie-kundige posisie gewerk. Omdat die gemeenskap die kundiges betreffende hulle omstandighede en die wyses waarop daar aan besondere behoeftes aandag geskenk behoort te word, het daar waarskynlik 'n sterk boodskap uitgegaan dat hulle weet. Aangesien hulle die mense is wat weet, behoort hulle dus die beste oplossings vir probleme te hê, met ander woorde hulle is eintlik diegene wat in die posisie is om aksies te neem. Hulle is dus eerstens verantwoordelik vir hulle eie ontwikkeling.
- Alhoewel daar in 'n mate aangedui is waaroor gespreksgeleenthede sou gaan, kon gemeenskapslede deurgaans self besluit hoe hulle dit wil inklee en wat hulle met ons wil deel. Hulle het ook self besluit watter aksies in bepaalde situasies geneem kan word. Selfs ten opsigte van die plek en tyd van gespreksgeleenthede en wie teenwoordig moes wees, is deur hulle bepaal. (Vgl. 8.6.1 & 8.6.2.) Gemeenskapslede het dus self besluite geneem met betrekking tot hulle eie ontwikkeling. Dit het waarskynlik bygedra tot die belewing dat hulle hulle eie ontwikkeling beheer, bestuur en besit.
- Gespreksessies is gewoonlik ingelui deur aan die deelnemers geleentheid te gee om hulleself te identifiseer en hulle gemeenskap te beskrywe. (Vgl. 8.6.2.) Dit het waarskynlik aan hulle die geleentheid gebied om oor hulleself te dink as 'n gemeenskap met 'n bepaalde identiteit. Moontlik kon dit meehelp tot die skep van samehorigheid, 'n gevoel van trots en dat hulle êrens behoort. By geleentheid het 'n gemeenskapslid, byvoorbeeld, opgemerk dat hulle die mense van Bergmanshoogte is. Dié ervaring dat die deelnemers aan 'n gemeenskap met 'n eie identiteit behoort, kon waarskynlik verder bydra tot die gereedmaking om eienaarskap vir hulle eie ontwikkeling te aanvaar. (Vgl. 8.6.1.)
- Die bemagtiging van gemeenskapslede deur hulle, onder andere, self besluite te laat neem en om hulle aan opleiding bloot te stel wat hulle kan benut om projekte selfstandig te bedryf, het waarskynlik ook bygedra tot die aanvaarding van eienaarskap. Die "Rangers" wat gemoeid is met die aanlê van groentetuine in die gemeenskap het,

onder andere, hulle aanvaarding van eienaarskap in die verband geïllustreer deur self 'n borgvoorlegging aan ANGLO-GOLD en TELKOM te stuur.

Daar kan tot die slotsom gekom word dat eienaarskap by gemeenskapslede ten opsigte van hulle eie ontwikkeling op verskeie wyses in die hand gewerk word, maar dat dit veral geskied deur die gemeenskap respekvol te betree, besluite aan hulle oor te laat en 'n proses te fasiliteer waartydens hulle toenemend as die kundiges van hulle eie situasie na vore tree.

9.1.10 Die bereiking van die doelstellings van deelnemende-aksienavorsing

Alhoewel die proses van deelnemende-aksienavorsing nie tydens dié studie voltooi is nie, blyk dit wel dat die doelstellings wat met dié vorm van navorsing nagestreef is, gedeeltelik bereik is.

9.1.10.1 Integrasie tussen navorsing en intervensie (vgl. 8.1.1)

Terwyl gemeenskapslede van Philippolis as deelnemers aan die proses van deelnemende-aksienavorsing deelgeneem het, het verskeie aksies spontaan ontwikkel en kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat navorsing en intervensies wel geïntergreer het. Die verskillende gespreksgeleenthede waaraan gemeenskapslede deelgeneem het, het telkens daartoe gelei dat stories vertel is en sodoende behoeftes na vore gekom het. Dit het, onder andere, gelei tot die vorming van komitees en belanggegroepe wat verdere gesprekke geïniseer het. Dit het weer tot die ontwikkeling van verskillende aksies gelei wat dui op die begin van 'n proses van volhoubare ontwikkeling.

9.1.10.2 Die toename van deelnemers (vgl. 8.1.2)

Sedert my en die studente se betreding van die gemeenskap van Philippolis aan die begin van 1999, groei die aantal deelnemers steeds. Aanvanklik was dit hoofsaaklik inwoners van Bergmanshoogte wat aan die navorsing en ontwikkeling deelgeneem het. Geleidelik het lede van die ander segmente van die groter gemeenskap van Philippolis ook betrokke geraak. Alhoewel daar nog baie gemeenskapslede is wat nie aktief deelneem aan die navorsingsproses nie, is daar verteenwoordigers uit alle groeperinge van die gemeenskap wat wel op verskeie maniere by die inisiatief betrokke is. Die huidige tendens dui daarop dat gemeenskapslede toenemend betrokke raak. Daar kan aanvaar word dat indien ek en die

studente vir langer tye in die gemeenskap werksaam kan wees, hierdie proses van toename in deelnemers aansienlik vinniger sal ontwikkel.

9.1.10.3 Integrasie van wetenskaplike en plaaslike kennis (vgl. 8.1.3)

Alhoewel ek en die studente volgens wetenskaplike kennis die navorsingsproses rig, raadpleeg ons voortdurend die gemeenskap en wel deur met hulle in gesprek te bly en hulle te laat deel in alle vorme van besluitneming. 'n Goeie voorbeeld waar inheemse en wetenskaplike kennis kon integreer, is die gesprek met betrekking tot die aanbouings by die kerk in Bergmanshoogte. Deelnemers kon aan die argitek duidelik leiding gee oor hoe daar deur die oprigting van geboue in bepaalde behoeftes van die gemeenskap voorsien kan word. Die opleiding wat aan gemeenskapslede gebied word, word ook telkens binne hulle besondere unieke omstandighede van toepassing gemaak. Die advies van kundiges in die gemeenskap vul verder ons kennis aan ten einde ontwikkelingsinisiatiewe meer doeltreffend te laat verloop.

9.1.10.4 Die ontwikkeling van nuwe teorie (vgl. 8.1.4)

Die doel van dié studie, naamlik om 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel te ontwerp, behels terselfdertyd die ontwikkeling van nuwe teorie. In die proses het die navorsing alreeds bygedra tot die ontwikkeling van teorie. Aangesien die navorsingsproses en gepaardgaande ontwikkelingsproses, nog nie voltooi is nie, sou daar nie aanspraak gemaak kan word dat die ontwikkeling van teorie na aanleiding van dié navorsing reeds afgehandel is nie. Waarskynlik is daar tog wel tot op hierdie stadium waardevolle bydraes gelewer tot die bestaande teorieë met betrekking tot gemeenskapsontwikkeling.

9.1.10.5 Die daarstelling van 'n voortdurende proses van leer en bemagtiging (vgl. 8.1.5)

Alle ontwikkelingsaksies het behels dat deelnemers aktief deelgeneem het aan die beplanning en loodsing van projekte. Deelnemers het op alle vlakke self besluite geneem oor die verskillende fasette van 'n projek. (Vgl. beskuit, -groentetuin en doodskisteprojekte.) Verder het deelnemers aan opleidingsessies deelgeneem wat hulle verder toegerus het om aan die beoogde aksies uitvoering te gee. Die mate waartoe gemeenskapslede toenemend selfstandig aan projekte deelneem, dui daarop dat hulle hulleself in 'n proses van leer en bemagtiging bevind.

9.1.10.6 Ontwikkeling van kennis wat tot aksie lei (vgl. 8.1.6)

Die kennis wat gemeenskapslede deur middel van opleiding en blootstelling aan kundiges in die gemeenskap kry, het tot aksies gelei. Weer eens is die beskuitbakprojek 'n voorbeeld hiervan. Die betrokkenes is opgelei in basiese besigheidsvaardighede en hoe om kwaliteit beskuit te bak. Die gevolg hiervan is dat hulle tot aksie kon oorgaan en reeds getuig van kennis wat hulle bekom het tydens hulle praktiese bedryf van die projek. Sodanige kennis met betrekking tot, byvoorbeeld, die aankoop van geskikte suurdeeg, kon hulle dadelik tot voordeel van die projek implementeer. Hulle het ook spoedig geleer dat die bemarking van swak gehalte beskuit daartoe lei dat die verbruikers vertroue in jou produk kan verloor. Die gevolg was dat hulle noukeurig begin toesig hou het oor die kwaliteit van die beskuit wat hulle te koop aanbied.

Ek en die studente kan daarvan getuig dat ons baie kennis bekom het tydens ons betrokkenheid by die gemeenskap. Benewens inheemse kennis wat ons bekom het met betrekking tot, byvoorbeeld, die mees doeltreffende wyse om gemeenskapslede by 'n vergadering te betrek, het ons ook die praktiese ervaring van die toepassing van gemeenskapsontwikkeling en deelnemende-aksienavorsing volgens die narratiewe werkswyse bekom. My ervaring is dat ek en die studente net soveel, indien nie veel meer as die deelnemers nie, leer. Dit is asof ons net soos die gemeenskapslede, ook deelnemers van die totale ontwikkelings- en navorsingsproses geword het. Ons is lank nie meer buitestaanders wat objektief probeer waarnemings maak nie, maar is subjektief deel van die deelnemers. As sulks ervaar ons ook 'n groot mate van lojaliteit teenoor Philippolis en sy mense. 'n Belewenis wat ons tot verdere aksie aanspoor ongeag wat dit van ons vra.

9.1.11 Bereiking van nagestrewe doelstellings met die studie

Na aanleiding van die doelstellings wat in hoofstuk een uiteengesit is, kan daar vervolgens 'n aantal gevolgtrekkings in die verband gedoen word.

- Na aanleiding van Efran en Lukens (1985:24) se uiteensetting van Maturana se struktuur-determinisme, Hjelle en Ziegler (1983:321-323) en Feixas (1990:2-3) se verduideliking van Kelly se persoonlikheidskonstrukte-teorie en veral Von Glassersfeld (1984:16-39 & 1995) se bespreking van die radikaal konstruktiwisme, is die konstruktiwistiese epistemologie sodanig bespreek, dat die implikasies vir maatskaplike werk

en gemeenskapsontwikkeling bepaal kon word. Skrywers soos, onder andere, Anderson en Goolishian (1988 & 1995), McNamee en Gergen (1992) en Shaw (1996) het 'n uiteensetting van die konstruksionisme gebied. Dit het as grondslag gedien om die rol van interaksieprosese in die konstruering van werklikhede uit te spel. Dié inligting het 'n waardevolle basis gebied vir die latere ontwikkeling van 'n strategie vir gemeenskapsontwikkeling.

- White (1993, 1995, 1997 & 1998a), White en Epston (1990) en Freedman en Combs (1996a) bied 'n breedvoerige uiteensetting van die uitgangspunte van die narratiewe metode, asook hoe dit as strategie geïmplementeer kan word. Dit het as basis gedien vir die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel wat in 'n kultuur-diverse, plattelandse gemeenskap benut kan word. (Vgl. hoofstukke 4, 5 & 7.)
- Die bestudering van 'n verskeidenheid bronne het tot die integrering van 'n bespreking aangaande verskillende komponente van die dinamika van 'n gemeenskap gelei. Dit het as agtergrond gedien vir die ontwikkeling van 'n gemeenskapsontwikkelings-model, asook die betreding van die gemeenskap en die implementering van die proses van deelnemende-aksienavorsing en gepaardgaande gemeenskapsontwikkeling.
- Na aanleiding van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese kennisleer en die narratiewe metode kon die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel daar-gestel word (hoofstuk 7) wat in die kultuur-diverse, plattelandse gemeenskap van Philippolis gebruik is en nog steeds geïmplementeer word. Te oordeel aan die deelname van die gemeenskap aan ontwikkelingsinisiatiewe kan die gevolgtrekking gemaak word dat die implementering van dié model tot gevolg het dat gemeenskapslede geleidelik verantwoordelikheid vir hulle eie ontwikkeling aanvaar.
- Verder blyk dit ook dat dié ontwerp prakties toepasbaar is. Dit verg egter dat die ontwikkelaar in die narratiewe werkswyse geskool sal wees en die praktiese implikasies van die beginsels wat uit die konstruktiwisme en konstruksionisme voortspruit, sal begryp. Eie aan die beginsels van dié epistemologie en die uitgangspunte van die narratiewe metode kan evaluering eintlik nie plaasvind nie. Daar kan slegs op die subjektiewe belewing en oordeel van die waarnemer gesteun word. Volgens my ervaring en betekenisgewing aan my eie waarnemings, kom ek tot die gevolgtrekking dat die model wel toepasbaar is binne die konteks van 'n kultuur-diverse, plattelandse gemeenskap. Aangesien die voltooiing van die ont-

wikkelingsproses wat deur die model in die hand gewerk word, oor jare kan duur, is dit moeilik om die werklike impak daarvan na slegs 22 maande te bepaal.

- Deelnemende-aksienavorsing kon sinvol deur middel van die benutting van die narratiewe metode geïmplementeer word. Die narratiewe werkswyse dien as't ware as 'n natuurlike voertuig vir die implementering van deelnemende-aksienavorsing. Die graad van volhoubaarheid wat met gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe bereik is, kan weens die kort tydsverloop nog nie volledig bepaal word nie. Die verdere vraag is ook watter kriteria kan vir sodanige evaluering benut word aangesien buitewaarnemers en gemeenskapslede heel waarskynlik uit verskillende werklikheidskonstruerings na die situasie gaan kyk. Die gevolg is dat daar soveel kriteria as evalueerders mag wees. Tog sou daar seker saam met gemeenskapslede deur middel van interaksieprosesse saam geëvalueer kan word.
- Ten opsigte van die dinamika van 'n gemeenskap is daar waarskynlik nie noodwendig nuwe kennis tot die bestaande kennissiteem bygevoeg nie, maar inligting in die verband is gehergroepeer en geïnterpreteer in die konteks van gemeenskapsontwikkeling. Met betrekking tot die uitbouing van die maatskaplikewerk-professie se kennis aangaande gemeenskapsontwikkeling is daar bepaald 'n bydrae gelewer. Die verpraktisering van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie tot 'n toepasbare strategie wat tydens gemeenskapsontwikkeling benut kan word, behoort by te dra tot die uitbouing van die professie se kennis, aangesien die betrokke kennisleer nog nie juis in dié konteks toepasbaar gemaak is nie. Alhoewel die narratiewe werkswyse nie onbekend in die maatskaplikewerk-professie is nie, bied die toepassing daarvan binne die raamwerk van gemeenskapsontwikkeling, wel 'n nuwe uitdaging aan maatskaplike werkers.
- Die publisering van artikels, asook die onderrig en begeleiding van studente in die implementering van die wyse van gemeenskapsontwikkelings is bereik, aangesien dit reeds deel vorm van die UOVS se kurrikulum. In vanjaar se Apriluitgawe van *Koers* is reeds 'n artikel gepubliseer onder die titel "Konstruktivisme, konstruksionisme en maatskaplike werk". Twee verdere artikels voortspruitend uit dié studie is deur die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* met die oog op publikasie aanvaar.
- Waarskynlik sal die toenemende bekendstelling en toepassing van dié wyse van gemeenskapsontwikkeling daartoe lei dat welsynsinstansies die modelle wat hulle tans benut in heroorweging neem. Plaaslike welsynsinstansies wat by die opleiding van

studente betrokke is, het reeds navraag gedoen oor die moontlike benutting van daarvan.

Ten slotte kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat daar wel in geslaag is om 'n ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel daat te stel na aanleiding van die konstruktiwistiese en konstruksionistiese kennisleer wat by wyse van die narratiewe werkswyse verpraktiseer kan word. Alhoewel die bewerkstelliging van volhoubare ontwikkeling na aanleiding van die toepassing van die ontwerp nog nie volledig bepaal kon word nie, blyk dit egter wel dat die gemeenskap van Philippolis waar dié ontwerp tans toegepas word, in 'n proses geplaas is van deelname aan en die bereiking van hulle eie volhoubare ontwikkeling op alle lewensterreine.

9.2 AANBEVELINGS

Aanbevelings word gemaak na aanleiding van die gevolgtrekkings en in die lig van my eie betekenisgewing aan ervaringe wat ek tydens die navorsing beleef het. Verder word in ag geneem dat daar steeds 'n soeke sal wees na metodes om doeltreffende gemeenskapsontwikkeling toenemend in die hand te werk ten einde veral diegene wat die grootste behoefte daaraan het, die geleentheid te bied om aan 'n proses deel te neem wat werklik tot hulle volhoubare ontwikkeling sal lei. Ontwikkelingspogings wat op die kort termyn ten duurste aan enkeles verligting bied sonder die vooruitsig van werklike bemagtiging en volhoubaarheid, moet vervang word met meer effektiewe werkswyses.

9.2.1 Teorie

Ten opsigte van die teoretiese vakkennis van maatskaplike werk kan die volgende aan die hand gedoen word:

- Die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie kan binne die raamwerk van maatskaplike werk geplaas word. Sodoende kan die implikasie van dié kennisleer vir die basiese teoretiese fundering van maatskaplike werk geanaliseer, geëvalueer en geïntegreer word. Hulpverleningstrategieë wat uit dié epistemologie voortspruit, byvoorbeeld die narratiewe metode, kan binne die konteks van maatskaplike werk en die hulpverleningsproses in die breë geïntegreer en verpraktiseer word.

- Spesifiek ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling binne die konteks van maatskaplike werk, sou die kennisleer van die konstruktiwisme en konstruksionisme benut kon word om deel te vorm van 'n teoretiese fundering vir ontwikkelingswerk binne 'n kultuur-diverse gemeenskap. Die narratiewe werkswyse sou as bruikbare strategie binne die raamwerk van gemeenskapsontwikkeling beskryf en benut kon word.
- Verder is daar ook 'n behoefte om die proses en metode van deelnemende-aksienavorsing as werkswyse van gemeenskapsontwikkeling te verken en vollediger te beskryf. Die integrasie tussen deelnemende-aksienavorsing en die narratiewe metode as 'n strategie wat tydens gemeenskapsontwikkeling benut kan word, behoort vollediger verken en beskryf te word.
- Dit is ook belangrik om die historiese verloop van gemeenskapsontwikkeling noukeurig te boekstaaf, aangesien dit waardevolle materiaal bied wat die verdere verloop van gemeenskapsontwikkeling sodanig kan beïnvloed dat daar toenemend na meer bevredigende teoreties-gefundeerde raamwerke gesoek word en doeltreffende metodes van aksie ontwikkel word.
- Na aanleiding van die narratiewe metode behoort die volgende proses wat tydens die implementering van gemeenskapsontwikkeling gevolg kan word (vgl. hoofstuk 7), tot die vakkennis van maatskaplike werk gevoeg te word. Selfs ander vakdissiplines wat met gemeenskapsontwikkeling gemoeid is, kan dit tot hulle kennisraamwerke toevoeg.
  - Eerstens behoort die verskillende wyses waarop 'n gemeenskap betree behoort te word, volledig beskryf te word en na aanleiding van verdere navorsing steeds aangevul word. Dit kan as basis dien vir die implementering van maatskaplikewerk-dienslewering in die algemeen. Met ander woorde, 'n maatskaplike werker sou telkens wanneer hy 'n nuwe gemeenskap betree met die oog op verskillende vorme van dienslewering, dié besondere werkswyse kon volg om die gemeenskap se vertroue te wen en hulle samewerking te bewerkstellig.
  - Die wyse hoe om 'n proses te fasiliteer ten einde 'n gemeenskap in staat te stel om aan hulle werklikheid of narratiewe uitdrukking te gee, kan as verdere stap in die inisiëring van gemeenskapsontwikkelingsaksies beskryf word. Verder sou die stap ook van toepassing gemaak kan word in die ander primêre metodes van maatskaplike werk.

- Verskillende wyses waarop daar te werk gegaan kan word om die gemeenskap se probleemgedomineerde narratiewe te eksternaliseer, behoort sodanig beskryf te word dat maatskaplike werkers dit as riglyn kan benut tydens gemeenskapsontwikkeling en ander vorme van intervensies.
- Die herskryf van die gemeenskap se narratiewe wat, onder andere, die ontwikkeling van aksies kan impliseer, behoort so beskryf te word dat maatskaplike werkers 'n duidelike begrip sal ontwikkel van die wyse waarop dié stap in 'n praktyksituasie geïmplementeer kan word.
- Ten einde seremonies ter bevestiging van die nuwe narratiewe van die gemeenskap kreatief te kan implementeer, is dit nodig om die beginsel onderliggend aan die werkswyse, asook die praktiese implementering daarvan, volledig te bespreek en te verduidelik.
- Die toepassing en rasionaal vir die implementering van herinneringsgesprekke, in die konteks van gemeenskapsontwikkeling, behoort volledig geboekstaaf te word sodat maatskaplike werkers by die bestudering van dié werkswyse duidelik sal begryp hoe en waarom behoort die stap te realiseer.
- Voorts is dit ook belangrik dat die terugneempraktyk duidelik uiteengesit sal word sodat beoefenaars van die professie sal begryp waarom dit tydens gemeenskapsontwikkeling ter sake is, asook vir hulle eie lewens as professionele mense.

9.2.2 Praktyk

Met betrekking tot die maatskaplikewerk-praktyk en spesifiek gemeenskapsontwikkeling sou die volgende aanbevelings oorweeg kan word:

- By die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling behoort daar sensitief te werk gegaan te word wanneer 'n betrokke gemeenskap betree word. Die maatskaplike werkers of gemeenskapsontwikkelaars wat in die gemeenskap gaan werk, behoort gekeur te word ten opsigte van kundigheid, maar veral met betrekking tot hulle sienings van die betrokke gemeenskap en die persepsies wat die gemeenskap oor hulle mag hê. Daar behoort 'n groot mate van sensitiwiteit vir ras-, taal- en kultuurverskille geopenbaar te word. In die verband sal dat nodig wees om te let op historiese gebeure in die gemeenskap sodat met groter begrip hulle sienings begryp kan word.

- Tydens die loodsing van gemeenskapsontwikkelinsinisiatiewe is dit raadsaam om altyd teen die tempo van 'n gemeenskap en die verskillende subgroepe in 'n gemeenskap te beweeg. Mense kan nooit geforseer word om gesindhede of persepsies te verander nie – dit is 'n groeiproses wat soms lank kan duur.
- Vanaf die aanvanklike betreding van die gemeenskap tot die inisiëring van die verskillende ontwikkelingsaksies is dit nodig om deurgaans te let op die dinamika van die gemeenskap en dit sensitief te verreken in die beplanning van die detail van elke optrede. Sodoende kan voorkom word dat daar weerstand in die gemeenskap teenoor ontwikkelingsinisiatiewe ontwikkel. Die gemeenskap se dinamika kan dan tot voordeel van die doeltreffende implementering van gemeenskapsontwikkelingsaksies benut word.
- Wanneer meer as een welsynsinstansie of ontwikkelaar in 'n betrokke gemeenskap werksaam is, behoort hulle aktiwiteite baie deeglik gekoördineer te word. Sodoende kan verwarring en wantroue by gemeenskapslede oor die rol van die verskillende instansies en hulle verteenwoordigers, voorkom word. Ondoeltreffende samewerking kan daartoe lei dat alle ontwikkelingspogings misluk en die gemeenskap ernstig benadeel word. Die sluit van vennootskappe tussen die belanghebbende instansies is gewoonlik aan te beveel.
- Verder is dit uiters belangrik dat maatskaplike werkers en/of gemeenskaps-ontwikkelaars altyd polities neutraal sal optree. Alhoewel daar met politieke partye saamgewerk kan word, behoort dit so te geskied dat die neutraliteit van die maatskaplike werker altyd duidelik sal wees.
- Ten einde doeltreffende gemeenskapsontwikkeling te laat plaasvind, is dit noodsaaklik om so gou en soveel as moontlik met die mense op voetsoolvlak in gesprek te tree en hulle by aktiwiteite te betrek. Alhoewel daar ook met die leiers van die gemeenskap geskakel word, moet daar gewaak word om nie die spreekwoordelike man in die straat te ignoreer nie.
- Sover moontlik behoort daar altyd gepoog te word om aan gemeenskapslede die geleentheid te bied om aan hulle narratiewe uitdrukking te gee in hulle moedertaal. Indien die maatskaplike werker nie die betrokkenes se moedertaal kan praat nie, kan daarvan tolke gebruik gemaak word.
- Die primêre metodes in maatskaplike werk vorm as't ware die boustene vir gemeenskapsontwikkeling en daarom behoort dié metodes ook te realiseer. Dit is juis dikwels

as gevolg van 'n maatskaplike werker se dienslewering op die vlak van gevallewerk wat daartoe bydra dat sy die gemeenskap beter begryp en dat hulle haar gouer vertrou.

- Alhoewel die metode van gemeenskapsontwikkeling bepaalde riglyne mag hê, behoort die maatskaplike werker altyd te poog om kreatief te werk te gaan. Dit sou ook beteken dat sy dikwels op aanvoeling aksies neem en in bepaalde situasies haar optredes rig. Doeltreffende gemeenskapsontwikkelingsaksies is afhanklik van die kreatiewe optrede van die maatskaplike werker.
- Tydens die inisiëring van gemeenskapsontwikkeling behoort daar gepoog te word om soveel gemeenskapslede as moontlik te betrek by die verskillende fasette van die aksie. Hoe meer mense betrokke is, hoe meer kundigheid is gewoonlik beskikbaar. Verder is dit ook aan te beveel dat daar uit 'n nie-kundige posisie beweeg word en dat alle gemeenskapslede sover moontlik aan besluitneming deelneem. Die loodsing van spesifieke projekte moet verkieslik volgens die besluite van die gemeenskap bepaal word. Die gemeenskap moet ervaar dat dit hulle projek is en nie 'n projek van 'n bepaalde instansie of borg nie.
- Poog om sover moontlik kundiges in die gemeenskap te benut om ander gemeenskapslede te help bemagtig en sodoende by te dra tot volhoubare ontwikkeling.
- Die gemeenskapsontwikkelingsproses wat in die gemeenskap van Philippolis geïnisieer is, behoort met toewyding voortgesit te word. Alhoewel die studie afgehandel is, is die ontwikkelingsproses steeds besig om te ontvou en vereis die voortsetting daarvan. Dit is ook eties belangrik dat dié proses voortgesit sal voort. Verkieslik moet die ontwikkelingswerk deur die persoon wat met die proses begin het, voortgesit word. Indien dit nie moontlik sou wees nie, behoort die opvolger deur die bestaande navorser aan die gemeenskap bekend gestel word. Sodoende kan voorkom word dat die gemeenskap se vertroue geskaad word of dat daar te veel aan kontinuïteit ingeboet word.

9.2.3 Opleiding

Die volgende aanbevelings kan ten opsigte van die opleiding van veral maatskaplikewerk-studente en praktiserende maatskaplike werkers gedoen word:

- Weens die toenemende eise wat daar aan welsynsinstansies gestel word om gemeenskapsontwikkeling te inisieer en in die lig van die nood van gemeenskappe in die Suid-Afrikaanse samelewing, raak dit noodsaaklik om maatskaplikewerk-studente reeds op

voorgraadse vlak deeglik te skool in gemeenskapsontwikkeling. Dit sou dan die konseptuele raamwerk asook vaardighede wat dié metode ten grondslag lê, insluit. Studente sou dus benewens blootstelling aan teoretiese kennis, ook die geleentheid kry om as deel van hulle opleiding prakties in gemeenskappe te werk.

- As gevolg van die noue band tussen deelnemende- aksienavorsing en gemeenskapsontwikkeling, behoort studente op voorgraadse vlak geleentheid te kry om dié wyse van navorsing te bestudeer.
- Aangesien die narratiewe werkswyse 'n nuttige strategie is vir die uitvoering van sowel deelnemende-aksienavorsing as gemeenskapsontwikkeling, behoort studente die geleentheid te kry om dié werkswyse volledig te bestudeer en prakties toe te pas.
- Opleidingsinstansies behoort toenemend op nagraadse vlak aan studente die geleentheid te bied om in deelnemende-aksienavorsing, gemeenskapsontwikkeling en die narratiewe metode te spesialiseer.
- Verder sou opleidingsinstansies oorweging kan gee om kort kursusse vir praktiserende maatskaplike werkers aan te bied ten einde aan hulle die geleentheid te bied om gereeld nuwer tendense op die veld van gemeenskapsontwikkeling te bestudeer.

9.2.4 Navorsing

Daar kan aanbeveel word dat die volgende aksies geneem word met betrekking tot verdere navorsing:

- Die voorgestelde gemeenskapsontwikkelingsmodel wat in hoofstuk sewe uiteengesit is en tydens die empiriese studie geïmplementeer is, sou verder nagevors kon word ten einde, onder andere, die doeltreffende toepasbaarheid daarvan in verskillende soorte gemeenskappe te bepaal. Daar sou selfs oorweging gegee kan word tydens sodanige studies om ook van kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik te maak.
- Die deelnemende-aksienavorsing wat in die gemeenskap van Philippolis begin is, behoort verder gevoer te word. Dit sou beteken dat verdere navorsingsverslae oor tydperke van, byvoorbeeld, 'n jaar saamgestel word. Saam hiermee behoort die noukeurige dokumentering en monitering van die gemeenskapsontwikkelingsproses ook te geskied.
- Enkele hipoteses wat na aanleiding van dié studie verder nagevors kan word, is, onder andere, die volgende:

- Die doeltreffendheid van die implementering van gemeenskapsontwikkeling in 'n kultuur-diverse, plattelandse gemeenskap word bepaal deur die mate waartoe 'n soortgelyke kultuur-diverse span as ontwikkelaars optree.
- Doeltreffende gemeenskapsontwikkeling is afhanklik van die geïntegreede benutting van die primêre en sekondêre metodes van maatskaplike werk.
- Volhoubare gemeenskapsontwikkeling is afhanklik van die mate waartoe die totale gemeenskap by ontwikkelingsinisiatiewe betrokke raak, met ander woorde, die betrokkenheid van die sogenaamde agtergeblewendes en bevoorregtes is ewe belangrik. Vennootskappe tussen dié twee groepe is nodig om volhoubare ontwikkeling van die gemeenskap te laat plaasvind.
- Bemagtiging en volhoubare gemeenskapsontwikkeling is interafhanklik.

9.2.5 Beleid

Na aanleiding van dié studie sou die volgende aanbevelings oorweeg kan word ten opsigte van beleidsaspekte.

- Donateurs, staatsinstellings en welsynsinstansies behoort nie geld beskikbaar te stel vir gemeenskapsontwikkelingsprogramme wat nie 'n model of werkswyse benut wat gemeenskapslede behoorlik bemagtig en in 'n proses van volhoubare ontwikkeling plaas nie.
- Die wyse en voorskrifte waarvolgens fondse beskikbaar gestel word, behoort so te geskied dat daar voldoende geleentheid vir opleiding en ander bemagtigings-programme sal wees. Verder behoort dit ook daarop ingestel te wees om gemeen-skapslede finansieel so gou as moontlik selfstandig te laat. Met ander woorde, daar behoort 'n kultuur geskep te word waar gemeenskapslede so gou as moontlik die geld wat hulle ontvang het om 'n projek te loods, omskep in 'n fondsgenerende bedryf.
- Die betrokke staatsdepartemente en by name die Departement van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling behoort daarteen te waak om nie te voorskriftelik te wees ten opsigte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte nie. Daar sou eerder groter klem geplaas kon word op die deelname van gemeenskapslede op voetsoolvlak ten einde sodoende eienaarskap en volhoubare ontwikkeling in die hand te probeer werk.

9.3 TEN SLOTTE

In Suid-Afrika word daar steeds 'n hoë voorkeur op die daarstelling van volhoubare gemeenskapsontwikkeling geplaas ten einde op 'n koste effektiewe wyse gemeenskappe in staat te stel om selfstandig op 'n bevredigende wyse na die welsyn van hulle lede om te sien. Weens die kultuur-diverse samestelling van Suid-Afrikaanse gemeenskappe, is daar behoefte aan die implementering van gemeenskapsontwikkelingsmodelle wat doeltreffend tot volhoubare ontwikkeling kan lei.

Die implementering van die ontwerp van 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel wat op die konstruktiwistiese en konstruksionistiese epistemologie gebaseer is en toegepas word volgens die narratiewe werkswyse, het getoon dat dit moontlik is om volhoubare ontwikkeling te fasiliteer. Die benutting van deelnemende-aksienavorsing het die proses verder ondersteun en veral daartoe bygedra dat 'n groeiende aantal gemeenskapslede as deelnemers na vore gekom het en in die proses begin het om verantwoordelikheid vir hulle gemeenskap se ontwikkeling te aanvaar. Gemeenskapslede se deelname aan die uitspel van hulle omstandighede en besluitnemingsprosesse, het bygedra tot 'n bemagtigingsproses wat verder gestimuleer is deur opleidingsprogramme wat hulle gevolg het.

Aangesien die proses van gemeenskapsontwikkeling oor jare, dekades en selfs leeftye kan voortduur, is dit moeilik om die doeltreffendheid van die gemeenskapsontwikkelingsmodel wat ontwerp en geïmplementeer is te bepaal. Tog dui die vordering wat in die gemeenskap van Philippolis oor 'n tydperk van 22 maande opgemerk is daarop, dat die betrokke model werd is om verder nagevors te word.

1. AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC). 1994. *The Reconstruction and Development Programme – a policy framework.* Johannesburg: Umanyano.

2. ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process,* 27(4):371-393.

3. ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H.A. 1992. The client is the expert: a not-knowing approach to therapy. McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

4. AVIS, P. 1990. *Strategic family therapy, structural family therapy and constructivism.* Unpublished M.A.-essay, Department of Psychology, Rand Afrikaans University, Johannesburg.

5. BARKER, P. 1992. *Basic family therapy.* London: Blackwell.

6. BARTUNEK, J.M. 1993. Scholarly dialogues and participatory action research. *Human Relations,* 46(10):1221-1233.

7. BERLIN, S.B. 1996. Constructivism and the environment: A cognitive-integrative perspective for social work practice. *Families in Society: The Journal of Contemporary human Services,* 77(4): 326-335.

8. BÖESEKEN, A.J. s.a. Jan van Riebeeck en sy stigtingswerk, 1652-1662. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

9. BOSCH, J.A. 1962. *Eeufeesgedenkboek van die NG-gemeente Philippolis: 1862-1962.* Philippolis: Eeufeesreëlingskomitee.

10. BOYD, R. 1991. Confirmation, semantics, and the interpretation of scientific theories. Boyd, R., Casper, P. & Trout, J.D. (eds.) *The philosophy of science.* London: MIT.

11. BRIGETTE, SUE, MEM & VERONIKA, 1998. Power to our journeys. White, C. & Denborough, D. (eds.) *Introducing narrative therapy: a collection of practice-based writings.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

12. CARBAUGH, D. 1985. Cultural communication and organizing. Gudykunst, W.B., Stewart, L.P. & Ting-Toomey, S. (eds.) *Communication, culture, and organizational processes,* London :SAGE.

13. CARLSON, T.D. 1997. Using art in narrative therapy: enhancing therapeutic possibilities. *The American Journal of Family Therapy,* 25(3):271-283.

14. CARR, A. 1998. Michael White's narrative therapy. *Contemporary Family Therapy,* 20(4):485-500.

15. CHESHIRE, A. & LEWIS, D. 1998. The journey: a narrative approach to adventure-based therapy. White, C. & Denborough, D. (eds.). *Introducing narrative therapy: a collection of practice-based writings.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

16. CLARK, J. 1991. *Democratizing development: The role of voluntary organizations:* London: Earthscan.

17. COLAPINTO, J. 1985. Maturana and the ideology of conformity. *The Family Therapy Networker,* 9(3):29-30.

18. COLBE, J. 1999. Onderhoud gevoer met die skoolhoof van die laer skool in Bergmanshoogte. Philippolis: 26 Februarie.

19. DAVENPORT, T.R.H. 1978. *South Africa: a modern history.* Second edition. London: MacMillan

20. DE BEER, F. 1996. Reconstruction and development as people-centred development: challenges facing development administration. *Africanus,* 26(1):65-79.

21. DE KOCK, W.J. 1969. Ontdekkers en omseilers van die Kaap. Muller, C.F.J. (red.) *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

22. DE VOS, A.S. 1998. Intervention research. De Vos, A.S. (ed.) *Research at grass roots: a primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik.

23. DEAN, R.G. 1995. Stories of aids: the use of narrative as an approach to understanding in an aids support group. *Clinical Social Work Journal,* 23(3):287-304.

24. DICKERSON, V.C. & ZIMMERMAN, J.L. 1996. Myths, misconceptions, and a word or two about politics. *Journal of Systemic Therapies,* 15(1):79-88.

25. DILL, J. 1996. *'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Departement Diakoniologie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

26. DOAN, R.E. 1997. Narrative therapy, postmodernism, social constructionism, and constructivism: discussion and distinctions. *Transactional Analysis Journal,* 27(2):128-132.

27. DU PLESSIS, J.S. 1969. Die Suid-Afrikaanse Republiek. Muller, C.F.J. (red.) *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

28. DUBHASHI, P.R. 1987. Development: an overveiw. Shukla, K.S. (ed.) *The other side of development, social pscyhological implications.* London: Earthscan.

29. EDITORIAL. 1996. *Social Work Practice,* 1(1):1.

30. EDITORAL COMMENTS. 1997. Alternative stories and narratives for transforming schools, families, communities, and policymakers. *Social Work in Education,* 19(2):67-71.

31. EDWARDS, A.D. & JONES, D.G., 1976. *Community and community development.* Paris: Mouton.

32. EFRAN, J. & LUKENS, M.D. 1985. The world according to Humberto Maturana. *The Family Therapy Networker,* 9(3): 23-25; 27-28 & 72-75.

33. ENGELBRECHT, S.P., BOSMAN, D.D. & BOSMAN, I.D. s.a. Federasie en anneksasie. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

34. EPSTON, D., 1998. Internalising discourses versus externalising discourses. Epston, D. (ed.). *Catching up with David Epston: a collection of narrative practice-based papers.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

35. EPSTON, D. 1999. *Narrative therapy workshop (19-21 July),* Pretoria: Institute for Therapeutic Development.

36. EPSTON, D., WHITE, M. & MURRAY, K. 1992. A proposal for re-authoring therapy: Rose's revisioning of her life and a commentary. McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

37. FAWCETT, S.B., PAINE-ANDREWS, A., FRANCISCO, V.T., SCHULTZ, J.A., RICHTER, K.P., LEWIS, R.K., WILLIAMS, E.L., HARRIS, K.J., BERKLEY, J.Y., FISHER, L. & LOPEZ, C.M. 1995. Using empowerment theory in collaborative partnerships for community health and development. *American Journal of Community Pscychology,* 23(5):677-697.

38. FEIXAS, G. 1990. Personal construct theory and systemic therapies: Parallel or convergent trends? *Journal of Marital and Family Therapy,* 16(1):1-20.

39. FERREIRA, S.B. & DU PLESSIS, M.J.M. 1999. 'n Vrystaatse plattelandse gemeenskap as betekenisgewing aan hulle werklikheid: 'n kwalitatiewe studie. Ongepubliseerde artikel.

40. FERRINHO, H. 1980. *Towards a theory of community development.* Cape Town: Juta.

41. FOSTER-FISHMAN, P.G., SALEM,D.A., CHIBNALL, S., LEGLER, R. & YAPCHAI, C. 1998. Empirical support for the critical assumptions of empowerment theory. *American Journal of Community Pscyhology,* 26(4):507-536.

42. FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996a. *Narrative therapy: the social construction of preferred realities.* New York: Norton.

43. FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996b. Gender stories. *Journal of Systemic Therapies,* 15(1):31-44.

44. FREEMAN, J.C. & LOBOVITS, D. 1993. The turtle with wings. Friedman, S. (ed.) *The new language of change.* New York: Guilford.

45. FRIEDMAN, J. 1992. *Empowerment - The politics of alternative development.* Cambridge: Blackwell.

46. FRIIS, J. 1999. Onderhoud gevoer met die skoolhoof van die Philippolis hoërskool. Philippolis: 26 Februarie.

47. FRUGGERI, L. 1992. Therapeutic process as the social construction of change. McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

48. GEMEENSKAPSPOLISIEFORUM. 1999. Vergadering gehou op 26 Februarie, SAPD-kantore, Philippolis.

49. GERGEN, K.J. 1994. *Realities and relationships: soundings in social construction.* Cambridge: Harvard University Press.

50. GRAY, M. 1996. Towards an understanding of developmental social work. *Social Work Practice,* 1(1): 9-13.

51. GREENE, G.J., JENSEN, C. & JONES, D.H. 1996a. A constructivist perspective on clinical social work practice with ethnically diverse clients. *Social Work,* 41(2): 172-180.

52. GREENE, G.J., JONES, D.H., FRAPPIER, C., KLEIN, B. & CULTON, B. 1996b. School social workers as family therapists: A dialectical-systemic-constructivist model. *Social Work in Education,* 18(4):222-236.

53. GREENWOOD, D.J., WHYTE, W.F. & HARKAVY, I. 1993. Participatory action research as a process and as a goal. *Human Relations,* 46(2):175-192.

54. GROENEWALD, C.J. 1989. Community development. Coetzee, J.K. (ed.). *Development is for people.* Halfway House: Southern Book.

55. HAASBROEK, B. 1999. Onderhoud gevoer met die leraar van die NG Kerk van Philippolis. Philippolis: 19 Februarie.

56. HAASBROEK, B. 2000. Onderhoud gevoer met die leraar van die NG Kerk van Philippolis. Philippolis: 10 Mei.

57. HAGG, G. 1996. Real people-driven development is possible. *In Focus,* 4(1):9-12.

58. HALMI, A. 1996. The qualitive approach to social work: an epistemological basis. *International Social Work,* 39(4):363-375.

59. HANDELINGE 17:27. 1983. *Die Bybel - nuwe vertaling.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

60. HART, B. 1995. Re-authoring the stories we work by situating the narrative approach in the presence of the family of therapists. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy,* 16(4):181-189.

61. HAT (*Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal).* 1992. Odendaal,F.F., Schonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. en Booysen, C.M. Johannesburg: Perskor.

62. HAVILAND, W.A. 1987. *Cultural anthropology.* 5th Edition. New York: Rinehart and Winston.

63. HAWKINS, D. 1994. Constructivism: Some history. Fensham, P.J., Gunstone, R.F. & White, R.T. (eds.) *The content of science: A constructivist approach to its teaching and learning.* London: Falmer.

64. HAWTIN, M., HUGHES, G., PERCY-SMITH, J. & FOREMAN, A. 1995. *Community profiling.* Philadelphia: Open University Press.

65. HELD, B.S. 1990. What's in a name? Some confusions and concerns about constructivism. *Journal of Marital and Family Therapy,* 16(2): 179-186.

66. HJELLE, L.A. & ZIEGLER, D.J. 1983. *Personality theories: Basic assumptions, research, and applications.* 2nd edition. Johannesburg: McGraw-Hill.

67. HOFFMAN, K.S. & SALLEE, A.L. 1994. *Social work practice: bridges to change.* Boston: Allyn & Bacon.

68. HOFFMAN, L. 1990. Constructing realities: an art of lenses. *Family Process,* 29(1):1-12.

69. HOFFMAN, L. 1992. A reflexive stance for family therapy. McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

70. HOLMES, S. 1994. A philosophic stance, ethics and therapy an interview with Harlene Anderson. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy,* 15(3):155-161.

71. HORTON, D. & WOHL, R.R. 1993. Mass communication and para-social interaction. Corner, J. & Hawthorn, J. (eds.) *Communication studies: an introductory reader.* London: Edward Arnold.

72. HUGHES, D., SEIDMAN, E. & WILLIAMS, N. 1993. Cultural phenomena and the research enterprise: toward a culturally anchored methodology. *American Journal of Community Psychology,* 21(6): 687-703.

73. HUGO, E.A.K., 1976. Die aard, doel, taak en beginsels van maatskaplike werk. Pieterse, J.E. (red.) *Maatskaplike Werk – 'n Algemene Inleiding.* Pretoria: Academica.

74. JANTJIES, S. 1999. Onderhoud gevoer met die skoolhoof van die laer skool in Poding-Tse-Rolo. Philippolis: 26 Februarie

75. JENKINS, A. 1990. *Invitations to responsibility: The therapeutic engagement of men who are violent and abusive.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

76. JEPPE, W.J.O. 1985. *Community development an African rural approach.* Pretoria: African Institute of South Africa.

77. JEPPE, W.J.O. 1992. *Die ontwikkelingsrol van nie-regeringsorganisasies (NGOs).* Stellenbosch: Departement Ontwikkelingsadminisstrasie.

78. JOHANNES 1:14 & 14: 6 & 17. 1983. *Die Bybel - nuwe vertaling.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

79. KAFAI, Y. B. & RESNICK, M. 1996. Introduction. Kafai, Y.B. & Resnick, M. (eds.) *Constructionism in practice - designing, thinking, and learning in a digital world.* New Jersey: Lawrence Erblaum.

80. KENNY, V. 1988. Autopoiesis and alternativism in psychotherapy: fluctuatuions and reconstructions. Fransella, F. & Thomas, L. (eds.) *Experimenting with personal construct psychology.* London: Routledge & Kegan Paul.

81. KITCHENER, R.F. 1986. *Piaget's theory of knowledge: Genetic epistemology & scientific reason.* London: Yale University Press.

82. KONSEPWITSKRIF
kyk SUID-AFRIKA (Republiek)

83. KRANER, M. & INGRAM, K. 1998. Busting out – breaking free: a group program for young women wanting to reclaim their lives from anorexia nervosa. White, C. & Denborough, D. (eds.). *Introducing narrative therapy: a collection of practice-based writings.* Adelaide: Dulwich Centre.

84. KRUGER, D.W. [s.a.]a. Britse Kolonies en Boererepublieke, 1854-1872. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

85. KRUGER, D.W. [s.a.]b. Die bondgenootskap tussen nasionalisme en arbeid, 1924-1933. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

86. KRUGER, D.W. [s.a.]c. Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek, 1948-1961. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

87. LACOUR-GAYET, R. 1977. *A history of South Africa.* London: Casell.

88. LARNER, G.L. 1996. Narrative child family therapy. *Family Process,* 35(4):423-440.

89. LAX, W.D. 1992. Postmodern thinking in a clinical practice. McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

90. LEE, M.Y. 1996. A constructivist approach to the help-seeking process of clients: a response to cultural diversity. *Clinical Social Work Journal,* 24(2):187-202.

91. LEVANT, R.F. 1984. *Family therapy: a comprehensive overview.* New Jersey: Prentice-Hall.

92. LEYLAND, M.L. 1988. An introduction to some of the ideas of Humberto Maturana. *Journal of Family Therapy,* 10(4):357-374.

93. LICHTENSTEIN, T. & BARUCH, R. 1996. "I was born from the earth": reconstructing the adoption self-narrative in the treatment of a preadolescent girl. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services,* 77(2):90-97.

94. LIEBENBERG, B.J. 1969. Van die statuut van Westminister tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961. Muller, C.F.J. (red.) *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

95. LOMBARD, A., WEYERS, M.L. & SCHOEMAN, J.H. 1991a. *Community work and community development – perspectives on social development.* Pretoria: H.A.U.M.

96. LOMBARD, A., WEYERS, M.L. & SCHOEMAN, J.H. 1991b. *Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling – perspektiewe op mensontwikkeling.* Pretoria: HAUM.

97. MARTINEZ-BRAWLEY, E.E. 1995. Community. *Encyclopedia of Social Work.* (19th edition, nr. 1) Washington: NASW.

98. McNAMEE, C. & GERGEN, K.J. 1992. Introduction. McNamee, C. & Gergen, K.L. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

99. McNAMEE, S. 1992. Reconstructing identity: the communal construction of crisis. McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.) *Therapy as social construction.* London: SAGE.

100. MEHR, J. 1986. *Human services: concepts and intervention strategies.* Third edition. Boston: Allyn & Bacon.

101. MIDGLEY, J. 1995. *Social development: The developmental perspective in social welfare.* London: SAGE.

102. MAKOFANE, M.D.M. 1997. The problem of women abuse - and empowerment approach. *Social Work Practice,* 1(2): 6-10.

103. MOSS, K. 1996. Case study : the Schutte scale method – HSRC technology paves the way to better quality of life. *In Focus,* 4(1):18-19.

104. MULLER, J. 1994. Community development and decision-making. *Urban Forum,* 5(1): 3-22.

105. NEAL, J.H. 1996. Narrative therapy training and supervision. *Journal of Systemic Therapies,* 15(1):63-77.

106. NEIMEYER, R.A. 1993. An appraisal of constructivist pscyhotherapies. *Journal of Consulting and Clinical Psychology,* 61(2):221-234.

107. NELSON, G., OCHOCKA, J., GRIFFIN, K. & LORD, J. 1998. "Nothing about me, without me": participatory action research with self-help/mutual aid organizations for psychiatric consumer/survivors. *American Journal of Psychology,* 26(6):881-912.

108. NICHOLSON, S. 1995. The narrative dance – a practice map for White's therapy. *Australian and New Zealand Journal for Family Therapy,* 16(1):23-28.

109. NUTTALL'S STANDARD DICTIONARY. 1906. Wood, J. London: Frederik Warne.

110. OAKLEY, P. & MARSDEN, D. 1984. *Approaches to participation in rural development.* Geneva: International Labour Office.

111. ODETOLA, T.O., OLORUNTIMEHIN, O. & AWEDA, D.A. 1983. *Man and society in Africa - an introduction to Sociology.* London: Longman.

112. O'HANLON, B. 1994 The third wave. *The Family Therapy Networker,* 18(6):19-29.

113. O'HANLON, W.H. 1998. Commentary. Epston, D. (ed.). *Catching up with David Epston: a collection of narrative practice-based papers.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

114. OLIVIER, S.J. 1994. *Addressing poverty in South Africa: a strategy for social welfare development.* Unpublished D.Phil. – thesis, Faculty of Arts, University of Pretoria, Pretoria.

115. OLSEN, M.E. 1970. Power as a social process. Olsen, M.E. (ed.). *Power in societies.* London: Macmillan.

116. OOSTHUIZEN, C.J. 1995. From visiting to co-creating communities: a conceptual map. *Maatskaplikewerk – Navorser – Praktisyn,* 8(4):279-288.

117. PARÉ, D.A. 1995. Of families and cultures: the shifting paradigm of family therapy. *Family Process*, 34(1):1-19.

118. PARRY, A. 1991. A universe of stories. *Family Process*, 30(1):30-37.

119. PERKINS, D.D., 1995. Speaking truth to power: empowerment ideology as social intervention and policy. *American Journal of Community Psychology*, 23(5):765-793.

120. PIETERSE, J.E. 1975. Die ontwikkeling van maatskaplike sorg en maatskaplike werk in Suid-Afrika. Pieterse, J.E. (ed.) *Maatskaplike Werk – 'n Algemene inleiding.* Pretoria: Academica.

121. POTGIETER, M.C. 1973. *Maatskaplike sorg in Suid-Afrika.* Stellenbosch: Universiteits-uitgewers.

122. RAATH, A.W.G. & LOUW, R.M. 1991. *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlig 1899-1902.* Bloemfontein: Oorlogmuseum van die Boererepublieke.

123. RAATH, A.W.G. 1997. *Vesting in die Transgariep: Die vroeë geskiedenis en historiese geboue van Philippolis.* Philippolis: N.G. Gemeente.

124. RAPPAPORT, J., 1995. Empowerment meets narrative: listening to stories and creating settings. *American Journal of Community pscyhology*, 23(5):795-807.

125. REICHELT, S. & SVEAAS, N. 1994. Therapy with refugee families: what is a "good" conversation? *Family Process*, 33(3):247-262.

126. RICH, R.C., EDELSTEIN, M., HALLMAN, W.K. & WANDERSMAN, A.H. 1995. Citizen participation and empowerment: the case of local environmental hazards. *American Journal of Community Pscyhology*, 23(5):657-675.

127. ROBINSON, J.W. 1994. Ten basic principles of leadership in community development organizations. *Journal of the Community Development Society*, 25(1): 44-48.

128. ROSENHAN, D.L. 1984. Self-fulfilling prophecies. Watzlawick, P. (eds.) *The invented reality.* London: Norton.

129. ROTH, S. & EPSTON, D. 1998. Consulting the problem about the problematic relationship: an exercise for expierencing a relationship with an externalised problem. Epston, D. (ed.) *'Cathing up' with David Epston: a collective of narrative practice-based papers published between 1991 & 1996.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

130. ROTHMUND, G.H. 1994. *Community development in South Africa: An indigenous social work approach.* Unpublished PH.D.-thesis, Faculty of the Social Sciences, University of the Orange Free State, Bloemfontein.

131. ROUX, J.P. 1995. The growing importance of community development in addressing health problems relating to urbanisation. *CHASA Journal of Comprehensive Health,* 6(1):39-42.

132. SALEEBEY, D. 1994. Culture, theory, and narrative: the intersection of meanings in practice. *Social Work,* 39(4):351-359.

133. SCHENCK; C.J. & LOUW, H. 1995. Participatory learning: a people centered way of working in community development. *Die Maatskaplikewerk – Navorser – Praktisyn,* 8(1):8-17.

134. SCHURINK, E. 1998a. Participatory action research tool for sustainable development. *In Focus Forum,* 6(3):9-14.

135. SCHURINK. E.M. 1998b. Participatory action research as a tool for sustainable social development and reconstruction. De Vos, A.S.(ed.)*Research at grass roots: a primer for the caring professions.*. Pretoria: Van Schaik.

136. SERRANO-GARCíA, I. & BOND, M.A. 1994. Empowering the silent ranks: introduction. *American Journal of Community Psychology,* 22(4):433-445.

137. SERVAES, J. 1995. Development communication – for whom and for what? *Communicatio,* 21(1):39-49.

138. SHAW, A. 1996. Social constructionism and the inner city: Designing environments for social development and urban renewal. Kafai, Y. & Resnick, M. (eds.) *Constructionism in practice - designing, thinking, and learning in a digital world.* New Jersey: Lawrence Erlbaum.

139. SHEINBERG, M. 1992. Navigating treatment impasses at the disclosure of incest: Combining ideas from feminism and social constructionism. *Family Process,* 31(5):201-216.

140. SIGMAN, S. 1993. Social communication. Corner, J. & Hawthorn, J. (eds.) *Communication studies: an introductory reader.* London: Edward Arnold.

141. SIMON, R. 1985. Structure is destiny: An interview with Humberto Maturana. *The Family Therapy Networker,* 9(3):32-46.

142. SLIEP, Y. 1997. *The Sixth International Conference: Re-authoring the (Hi)stories we Live and Work by.* 30 July-2 August 1997, South African Association of Marital and Family Therapy: Helderfontein.

143. SLIEP, Y. 1998. Pang'ono pang'ono ndi mtolo – little by little we make a bundle. White, C. & Denborough, D. (eds.) *Introducing narrative therapy: a collection of practice-based writings.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

144. SLUZKI, C.E. 1992. Transformations: a blueprint for narrative changes in therapy. *Family Process,* 31(3):217-230.

145. SOUTH AFRICA (Republic). Department of Welfare. 1997. *White Paper for Welfare.* Pretoria: Staatsdrukker.

146. SPEER, P.W.; HUGHEY, J., GENSHEIMER, L.K. & ADAMS-LEAVITT, W. 1995. Organizing for power: a comparitive study. *Journal of Community Psychology,* 23(1):57-73.

147. ST. LAWRENCE, J.S. & NDIAYE, M. 1997. Prevention research in rural communities: overview and concluding comments. *American Journal of Community Psychology,* 25(4):545-562.

148. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Welsyn. 1995. *Konsepwitskrif vir Welsyn.* Pretoria: Staatsdrukker.

149. SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Welsyn. 1997. *Witskrif vir Welsyn.* Pretoria: Staatsdrukker.

150. SWIL, I. 1982. *Community work theory and case studies - a primer.* Cape Town: Juta.

151. SYPHER, B.D., APPLEGATE, J.L. & SYPHER, H.E. 1985. Culture and communication in organizational contexts. Gudykunst, B., Stewart, L.P. & Ting-Toomey, S. (eds.). *Communication, culture and organizational processes.* London: SAGE.

152. TOMM, K. 1990. Foreword. White, M. & Epston, D. (eds.) *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.

153. TRICKETT, E.J. 1994. Human diversity and community pschology: where ecology and empowerment meet. *American Journal of Community Pscyhology,* 22(4):583-592.

154. TRICKETT, E.J., WATTS, R. & BIRMAN, D. 1993. Human diversity and community psychology: still hazy after all these years. *Journal of Community Psychology,* 21(4): 264-279.

155. VAN DER BERG, C., O'NEIL, M.A. & COLLINS, K.J. 1999. Die gemeenskapswerker en taalkonstruktivisme in die fase van behoeftebepaling. *Social Work/Maatskaplike Werk,* 35(2):113-123.

156. VAN DER MERWE, P.J. s.a. Van verversingspos tot landbou-kolonie, 1662-1707. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

157. VAN DER WALT, A.J.H. s.a. Die eeu van die veeboerpioneer, 1707-1779. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

158. VAN DER WATT, D. 1993. *Constructions of constructivism.* Unpublished M.A.-essay, Department of Psychology, University of South Africa, Pretoria.

159. VAN JAARSVELD, F.A. 1976. *Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974.* Tweede Uitgawe. Johannesburg: Perskor.

160. VAN JAARSVELD, F.A. 1982. *Van Riebeeck tot P.W. Botha: 'n inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika.* Derde uitgawe. Johannesburg: Perskor.

161. VAN REENEN, R. 1999. *Emily Hobhouse – heldin uit die vreemde.* Tweede uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

162. VAN REENEN, R.1984. *Emily Hobhouse – Boer War Letters.* Kaapstad: Human & Rousseau.

163. VAN RENSBURG, J.J. 2000. *The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for theology.* Pretoria: Van Schaik.

164. VAN SCHALKWYK, C. 1999. Onderhoud gevoer met die leraar van die VGK van Bergmanshoogte. Philippolis: 25 Februarie.

165. VAN SCHOOR, M.C.E. 1969. Die Oranje-Vrystaat. Muller, C.F.J. (ed.) *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

166. VENTER, C. 1985. *Die Groot Trek.* Kaapstad: Don Nelson.

167. VISSER, P., DOUWES-DEKKER, L., MAJOLA, A. & BREMMER, D. 1991. Community conflict and violence: a human needs perspective. *IPM Journal,* 10(2):22-26.

168. VON GLASERSFELD, E. 1984. An introduction to radical constructivism. Watzlawick, P. (ed.) *The invented reality.* New York: Norton.

169. VON GLASERSFELD, E. 1995. *Radical constructivism: A way of knowing and learning.* London: Falmer.

170. VORSTER, L. 1999. Onderhoud gevoer met die stadsklerk van Philippolis. Philippolis: 26 Februarie.

171. WALKER, E.A. 1938. *The great trek.* Second edition. London: Adam and Charles Black.

172. WALKER, E.A. 1965. *A history of Southern Africa.* London: Longmans.

173. WARING, E.M. 1990. Self-disclosure of personal constructs. *Family Process,* 29(4):399-413.

174. WARREN, R.L. 1983. A community model. Kramer, R.M. & Specht, H. (eds.) *Readings in community organization practice.* (Third edition) New Jersey: Prentice-Hall.

175. WATTS, M. 1994. Constructivism, re-constructivism and task-oriented problemsolving. Fensham, P.J., Gustone, R.F. & White, R.T. (eds.) *The content of science: A constructivist approach to its teaching and learning.* London: Falmer.

176. WATZLAWICK, P. 1984a. Introduction. Watzlawick, P. (ed.) *The invented reality.* London: Norton.

177. WATZLAWICK, P. 1984b. Self-fulfilling prophecies. Watzlawick, P. (ed.) *The invented reality.* London: Norton.

178. WEIL, M.O. 1996. Community building: building community practice. *Social Work,* 41(5):481-499.

179. WETMORE, M. & THERON, F. 1998. Community development and research: participatory learning and action – a development strategy in itself. *Development Southern Africa,* 15(1):29-54.

180. WHITE PAPER FOR WELFARE
kyk SOUTH AFRICA (Republic).

181. WHITE, C. & DENBOROUGH, D. 1998. Companions on a journey: the work of the Dulwich Centre community mental health project. White, C. & Denborough, D. (eds.) *Introducing narrative therapy: a collection of practice-based writings.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

182. WHITE, L.A. 1975. *The concept of cultural systems.* New York: Columbia.

183. WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.

184. WHITE, M. 1989. The externalizing of the problem and the re-authoring of lives and relationships. *Selected papers.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

185. WHITE, M. 1992. Deconstruction and therapy. White, M. & Epston, D. (eds.). *Experience, contradiction, narrative & imagination: selected papers of David Epston & Michael White 1989-1991.* Adelaide: Dulwich Centre Publications

186. WHITE, M. 1993. Deconstruction and therapy. Gillingan, S. & Price, R. (eds.) *Therapeutic conversations.* New York: Norton.

187. WHITE, M. 1995. *Re-Authoring lives: interviews & essays.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

188. WHITE, M. 1997. *Narratives of therapists' lives.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

189. WHITE, M. 1998a. *Narrative therapy workshop* (27-31 July), Pretoria: Institute for Therapeutic Development.

190. WHITE, M. 1998b. *Narrative therapy.* Notes. 11 February. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

191. WHITE, M. 1998c. Notes on externalizing problems. White, C & Denborough, D. (eds.). *Introducing narrative therapy.* Adelaide: Dulwich Centre.

192. WIID, J.A. s.a. Die ontdekking van Suid-Afrika. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L., & Kruger, D.W. (reds.) *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Vierde druk. Kaapstad: Nasou.

193. WITSKRIF VIR WELSYN
kyk SUID-AFRIKA (Republiek).

194. WOODS, R. 1998. A humans-in-natural environment perspective for developmental social welfare. *Social Work/Maatskaplike Werk,* 34(3):236-245.

195. WYLIE, M.S. 1994. Policing our lives. *The Family Therapy Networker,* 18(6):48-49.

196. ZIERVOGEL, D. 1969. Bylae I – Die inboorlinge van Suid-Afrika. Muller, C.F.J. (red.) *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

197. ZIMMERMAN, J.L. & DICKERSON, V.C. 1994. Using a narrative metaphor: implications for theory and clinical practice. *Family Process,* 33(3):233-245.

198. ZIMMERMAN J.L. & DICKERSON, V.C. 1996. Situating this special issue on narrative. *Journal of Systemic Therapies,* 15(1):1-4.

199. ZIMMERMAN, M.A. 1995. Psychological empowerment: issues and illustrations. *American Journal of Community Psychology,* 23(5):581-599.

OPSOMMING

Alhoewel gemeenskapsontwikkeling tans hoë voorkeur geniet in Suid-Afrika met die doel om veral die sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe te ontwikkel, het die opheffing van gemeenskappe reeds sedert die vroeë ontstaansjare van die huidige Suid-Afrikaanse gemeenskappe plaasgevind. Die ANC wat sedert 1994 die meerderheidsregering vorm, het in 'n belangrike beleidsdokument die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram uiteengesit wat daarop neerkom dat alle sektore, maar veral die welsynsektor hoë voorkeur aan die ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe moet gee. Verskillende welsyn- en staatsinstansies het aktief tot dié aksie toegetree en verskeie gemeenskapsontwikkelingsaksies is van stapel gestuur. Geleidelik is die volhoubaarheid van dié programme toenemend bevraagteken. Die behoefte aan 'n wetenskaplik-gefundeerde gemeenskapsontwikkelingsmodel, het al sterker na vore getree.

Teen die agtergrond van die konstruktivistiese en konstruksionistiese epistemolgie is daar met die studie gepoog om 'n strategie te vind wat as basis kan dien vir 'n gemeenskapsontwikkelingsmodel. Die narratiewe werkswyse blyk 'n nuttige strategie te wees waarvolgens gemeenskappe doeltreffend betree kan word en by die proses van gemeenskapsontwikkeling betrek kan word. Deur vanuit 'n nie-kundige posisie te werk te gaan, word kultuur-diverse gemeenskappe as die kundiges omtrent hulle besondere omstandighede benader. Dit skep 'n milieu waarbinne gemeenskapslede toenemend bemagtig word tot die aanvaarding van verantwoordelikheid vir hulle eie volhoubare ontwikkeling.

By wyse van die narratiewe metode kry gemeenskapslede die geleentheid om aan hulle narratiewe uitdrukking te gee en dan die probleemgedomineerde temas te eksternaliseer en verkry sodoende groter beheer daaroor. Geleidelik word unieke uitkomste in die verhale van gemeenskapslede geïdentifiseer wat as basis dien vir die ontwikkeling van nuwe narratiewe. Die nuwe verhale impliseer gewoonlik bepaalde aksies wat die oplossing van die probleem in die hand werk. Deur middel van bevestigingseremonies word nuwe verhale deur getuies bevestig. Dit behoort daartoe te lei dat gemeenskapslede toenemend

volgens die nuwe narratiewe lewe en hulle lewensverhale algaande ryker omskryf. Verder kry gemeenskapslede ook deur middel van herinneringsgesprekke die geleentheid om persone, instansies of selfs gebeure te herrangskik ten einde diegene en gebeure wat die uitbouing van die nuwe narratiewe steun, meer prominent in hulle lewens te maak. In die proses van gemeenskapsontwikkeling ontwikkel die maatskaplike werker ook nuwe narratiewe; haar lewe word geraak deur die omstandighede en aksies van die gemeenskap. Deur middel van terugneem-aksies word die bydrae wat die gemeenskap tot die maatskaplike werker se lewe maak, erken en waardering voor getoon. Die gevolg is dat die lewe van die maatskaplike werker ook ryker omskryf word.

Deur middel van deelnemende-aksienavorsing word gemeenskapslede toenemend as deelnemers gewerf en sodoende raak hulle betrokke by die totale proses van gemeenskapsontwikkeling. Deelnemende-aksienavorsing word 'n nuttige werkswyse om gemeenskapslede aan navorsing ten opsigte van hulle eie omstandighede te laat deelneem. Die proses van deelnemende-aksienavorsing raak so vervleg met die proses van gemeenskapsontwikkeling dat dié vorm van navorsing as't ware 'n werkswyse van volhoubare ontwikkeling word.

Dit blyk dat die narratiewe metode 'n bruikbare werkswyse vir die implementering van deelnemende-aksienavorsing bied. Ten einde deelnemende-aksienavorsing doeltreffend te gebruik, behoort die navorser in staat te wees om die narratiewe metode toe te pas.

Die insiëring van gemeenskapsontwikkeling in 'n kultuur-diverse gemeenskap verg besondere sensitiwiteit vir die dinamika van die gemeenskap en behoort met groot omsigtigheid gedoen te word. Dit blyk ook dat indien die span navorsers en/of gemeenskapsontwikkelaars verteenwoordigend is van die kultuur- en taalgroepering wat in die gemeenskap aangetref word, die doeltreffende betreding van die gemeenskap vergemaklik word. Die gevolg is die suksesvolle loodsing en implementering van volhoubare gemeenskapsontwikkeling.

SUMMARY

Although at present community development enjoys high priority in South Africa for the purpose of developing especially disadvantaged communities, upliftment of communities has occurred since the early years of origin of the present South African communities. In an important policy document the ANC, which has formed the majority government since 1994, drafted the RDP, a programme that amounts to all sectors, but especially the welfare sector, having to give high priority to the development of disadvantaged communities Various welfare and government organisations joined the action actively and several community development actions were launched. Gradually the sustainability of the programme came to be doubted increasingly. The need for a scientifically well-founded community development model came tot the fore increasingly.

Against the background of the constructivist and constructionist epistemolgy, this study attempted to find a strategy that can serve as a basis for a community development model. The narrative method proved to be a useful strategy for entering (accessing) communities efficiently and involving them in the process of community development. By proceeding from a position of not knowing, one can approach culturally divers communities as experts on their own particular circumstances. This creates a milieu in which the members of communities are increasingly empowered to accept responsibility for their own sustainable development.

By means of the narrative method, the members of a community are afforded an opportunity to expression to their narratives and then externalise the problem-dominated themes, thus obtaining greater control over them. Gradually unique outcomes are identified in the stories of community members, which serve as a basis for the development of new narratives. The new stories usually imply specific actions that promote the solution of the problem. By means of definitional ceremonies, new narratives are confirmed by witnesses. This should lead to community members increasingly living according to the new narratives, thus rewriting and gradually enriching the stories of their lives. In addition community members are also afforded an opportunity, by means of remembering

conversations, to rearrange persons, organisations or even events in order to bestow greater prominence in their lives on those persons and events that support the rounding out of the new narratives. In the process of community development, the social worker also develops new narratives; her life is affected by the circumstances and actions of the community. By means of repossession actions (taking-it-back practices), the contribution made by the community to the life of the social worker is acknowledged and appreciated. The result is that the life of the social worker is also defined in a richer manner.

By means of participatory action research members of the community are increasingly recruited as participants and thus they become involved in the total process of community development. Participatory action research becomes a useful method for involving members of the community as participants in research concerning their own circumstances. The process of participatory action research becomes so entwined with the process of community development that this form of research becomes, as it were, a method of sustainable development.

It appears that the narrative method offers a usable working method for the implementation of participatory action research. In order to use participatory action research efficiently, the researcher should be able to apply the narrative method.

The initiation of community development in a culturally divers community demands special sensitivity to the dynamics of the community and should be implemented with great care. It also appears that if researchers and/or community developers, as team, are representative of the culture and language groupings, this facilitates efficient access to the community. The result is the successful launching and implementation of sustainable community development.

KEYWORDS

Community

Community development

Community dynamics

Constructivism

Constructionism

Cultural diversity

Empowerment

Narrative method

Participatory action research

Sustainable development